

**'N NARRATIEF-PASTORALE BENADERING IN  
MAATSKAPLIKE WERK**

**Deur**

**ANNA GESINA MOORE**

**Voorgelê om te voldoen aan die vereistes vir die Graad**

*Philosophiae Doctor*

**In die**

**Fakulteit Geesteswetenskappe**

**(Departement Maatskaplike Werk)**

**Universiteit**

**Van die Vrystaat**

**Mei 2004**

**STUDIELEIERS: DR. H. J. DE JAGER D.Phil. Sc.  
PROF. DR. J. JANSE VAN RENSBURG Doc. Th.**

## **ERKENNING**

By voltooiing van die navorsing wil ek graag die volgende persone bedank wat my in een of ander opsig behulpsaam was:

- My studieleiers Dr. H.J. de Jager en Prof. Dr. J. Janse van Rensburg vir hul bekwame leiding.
- Prof. D. Strauss vir sy leiding met betrekking tot die antropologiese fundering van pastorale perspektiewe in maatskaplike werk.
- My gesin vir hul geduld, liefde en behulpsaamheid.
- Mnr. Daan Mouton, Petro Ebhershohn en Anna Bredell vir die proeflees van die tesis.
- Annelie Sloan vir die finale taalversorging van die tesis.
- Elsabè Rossouw vir die tegniese afronding van die tesis.
- Dr. Willem Schurink vir sy bekwame leiding met betrekking tot die afhandeling van die fenomenologiese ondersoek.
- Die deelnemers aan die fokusgroeibespreking vir hul besondere bydraes
- Anna Bredell vir haar hulp as medemoderator tydens die fokusgroeponderhoude
- My vriendinne wat belangstelling in die studie getoon het.

Bo alles my opregte dank aan my hemelse Vader wat my bewus gemaak het van die geestelike nood wat vra om verrekening as deel van die aangebode maatskaplike nood. Dit is my opregte begeerte dat die inhoudelike van die studie deur maatskaplike werkers gebruik sal word om die pastorale boodskap van hoop en heil aan Sy kinders met maatskaplike en geestelike probleme te verkondig.

# VERKLARING

Ek verklaar dat die proefskrif wat hierby vir die graad *Philosophiae Doctor* aan die Universiteit van die Vrystaat deur my ingedien word, my selfstandige werk is en nie voorheen deur my vir 'n graad aan 'n ander Universiteit/Fakulteit ingedien is nie. Ek doen voorts afstand van outeursreg op die proefskrif ten gunste van die Universiteit van die Vrystaat.

**Geteken:** .....

**Datum:** .....

# VERKLARING

## TAALVERSORGING

Ek Annalie Sloan verklaar hiermee dat die onderstaande proefskrif wat vir die graad *Philosophiae Doctor* aan die Universiteit van die Vrystaat deur A..G. Moore ingedien word, deur my taalversorg is en dat ek oor die nodige kwalifikasie beskik vir die uitvoering van die taak.

**Geteken:** .....

**Datum:** .....

## OPSOMMING

Die aanbreek van die nuwe millennium is met groot opgewondenheid begroet, maar die bewuste aanvoeling wat 'n mens kry as jy om jou kyk is dié van negatiwiteit, pessimisme, trauma en wanhoop. Baie mense voel verdwaal, gepaardgaande met diep persoonlike onsekerhede en gevoelens van hartseer, pyn en totale mislukking. Die oorsaak vir hierdie toedrag van sake hou verband met die huidige politieke en sosiale strukture omdat dit geen persoonlike stabiliteit bied nie. Dit blyk noodsaaklik dat die meedoënlose moedeloosheidsindroom wat baie Suid-Afrikaners beetgepak het, omskep moet word in geloofs- en toekomsvertroue. 'n Mens kan tereg vra hoe leer 'n mens om te oorleef as jou hele leefwêreld in duie gestort het. Die soeke na antwoorde op hierdie kardinale vrae is die navorsingsveld van hierdie studie.

Die ondersoek is uitgevoer in vier logiese fases. Die eerste fase bestaan uit die beplanning van die navorsing en dien as 'n oriënterende opsomming wat 'n aanduiding gee waarom en hoe die ondersoek beplan word en hoe die stof aangebied word.

In die tweede fase word die ondersoekvrae waardeur die studie gerig word, benut om die probleemstelling waardeur die studie gerig word, te verken. Vir dié doel is die implikasies van antropologiese paradigmas, postmoderne narratiewe en pastoraal teologiese narratiewe beginsels en die ontstaangeskiedenis van maatskaplike werk met spesiale aandag aan die rol wat godsdienstige beginsels in die ontwikkeling van die beroep gespeel het, verken. In aansluiting daarby is ondersoek na metodes wat in pastorale terapie benut word, gedoen vir die verrekening van die geestelike dimensie.

Voortvloeiend uit hierdie verkenning volg 'n derde fase waarin aandag aan 'n bespreking van 'n diakonologiesgefundeerde basis- en praktykteorie vir narratief-pastorale maatskaplike werk perspektiewe gegee is. In die bespreking van die basisteoretiese perspektiewe word gebruik gemaak van die teorie van narratiewe terapie en Bybelse beginsels. Die volgende temas is as deel van die ondersoek bespreek: 'n Perspektiwistiese narratief-pastorale basisteoretiese epistemologie, die oorsprong van Bybelsgefundeerde narratiewe perspektiewe, 'n bespreking van die begrippe *narratief* en *verhaal*, en die gebruik van stories en storievorme ooreenkomstig Bybelse beginsels, betekenisgewing aan 'n storie as 'n terapeutiese konsep, die

kulturele waarde wat aan stories binne 'n narratief-pastorale perspektief gegee word, perspektiwistiese diakonologiesgefundeerde narratief-pastorale beginsels vir maatskaplike werk, narratief-pastorale terapeutiese gespreksperspektiewe soos die aanvang van die gesprek, dekonstruksie, eksternalisering, herskryf van die storie, seremonies, herinneringsgesprekke en die terug-neem-aksie.

In die laaste fase van die ondersoek is uitvoering gegee aan 'n beperkte fenomenologiese ondersoek. Vir die doel is gebruik gemaak van 'n fokusgroepbespreking. Die data wat tydens die fokusgroepbespreking ingesamel is, is op 'n hermeneuties-interpreterende wyse benut om aanvullend tot die teoretiese literatuurstudie narratief-pastorale praktykteoretiese perspektiewe vir maatskaplike werk daar te stel. As afhandeling van hierdie fase is die gevolgtrekkings wat in die voorafgaande ondersoek gemaak is, met toepaslike aanbevelings vir praktyk implementering beskryf. In hoofsaak kom die gevolgtrekkings en aanbevelings op die volgende neer:

Die mens leef tans in 'n postmoderne era. Die wetenskap kan nie die invloed van postmoderne denke ontvlug nie. Die essensie waarom dit in onderhoudvoering ooreenkomstig postmodernistiese denke gaan, is die wegbeweeg van vaste waardes en vaste interpretasies. Taal word verhef tot die norm waarvolgens uitdrukking aan gebeure gegee word. Die bestaan van Bybelse waarhede en dat dit 'n Transendente karakter het, word deur postmoderniste verwerp. Teenoor postmodernistiese narratiewe perspektiewe bied 'n diakonologiese gefundeerde epistemologie 'n aansluitingsmoontlikheid vir die gebruik van Bybelsgebaseerde pastoraal-narratiewe terapie in Christelike maatskaplike werk.

Met betrekking tot die huidige manifesterende maatskaplikewerkprobleme in die samelewing, te wete maatskaplike verval (normatief-etiese ontwikkelingsvlak), materiële nood (armoede, trauma, pyn) en geestelike nood (pastoraal-eskatologies) is bevind dat Christelike maatskaplike werk gefundeer in 'n pastorale ontwerp, 'n bydrae kan maak tot die verligting van neerdrukkende maatskaplike omstandighede, wat aanleiding tot wanhoop gee. Die verrekening van die geestelike dimensie vind aansluiting by die mens se geloof in God. Hierdie geloofsversterkende gebeure maak die mens-in-nood opnuut bewus van 'n eskatologiese dimensie en Christelike hoop.

## SUMMARY

The arrival of the new millennium was greeted with great excitement, but the concerned feeling one gets when looking around, is one of negativity, pessimism, trauma and despair. Many people feel lost, accompanied by deep personal insecurities, pain, sadness and a feeling of total failure. The reason for this state of affairs has relevance to the current political and social structures because it offers no personal stability. It is thus deemed necessary that the dejectedness that got hold of many South Africans has to be transformed into faith and trust in the future. One may justly ask how does one learn to survive if one's whole world has come to nothing. The search for answers to this cardinal question is the research field that has been investigated through an explorative and descriptive study.

The investigation was done in four logical phases. The first phase consists of the planning of the research and serves as a determining summary giving an indication of why and how the investigation is planned and how the subject-matter will be presented.

In the second phase attention is given to problem-formulation and the development of a theoretical framework for a pastoral-social layout. To achieve this, attention is given to the implications of anthropological paradigms, post modern narrative principles, and pastoral theological narrative principles. Furthermore the history of social work is explored with emphasis on the role that religion plays. In addition methods utilized in pastoral therapy to acknowledge the existence of a spiritual dimension has been attended to.

In the third phase follows a discussion on a diaconologically based narrative pastoral perspective for social work. In addition to that a theoretical and practical based framework comprising of narrative principles and techniques is attended to. In the discussion of perspectives on a basis theory for social work, reference is made to: a narrative pastoral epistemology, the development of Biblical based narrative perspectives, narratives, stories, the utilization of stories based on Biblical principles, the use of stories in a therapeutic context, cultural values and stories, and diaconologically based narrative-therapeutic principles for social work. Based on the aforementioned theory, attention is given to narrative therapeutic perspectives such as: the beginning of a therapeutic interview, deconstruction theories, externalising, re-authoring of stories, ceremonies, remembering discussions and taking it back

actions. In the last phase of the study attention is given to the execution of a limited phenomenological investigation. For this purpose a focus group has been used. The data gathered from the focus group discussion is interpreted in a hermeneutical manner to draw certain conclusions to support the literature review. To complete this phase, conclusions are made of the preliminary investigation in an explorative way with applicable recommendations to be implemented in practice. In substance the conclusions and recommendations are the following:

At this point of time we live in an era of postmodernism. Science cannot escape the influence of post modern thought. The essence that has to be noted in an interview, is the moving away from firm values and firm interpretations. Language is allocated with the status of a regulatory norm that counts. It denies the existence of any truth or principles. All attempts to create truth are deconstructed by using language. The existence of the Bible, that it is God's Word and that it has a transcendent character, is rejected. In reaction to post modernistic narrative approaches and current social problems such as social decline (ethical development), material needs (poverty) and spiritual needs (pastoral eschatology) it has been found that Christian social work grounded in a pastoral design can make a contribution to change the current decline in society. It can be done by using Christian narrative principles. In this way man is made aware of Transcendent Hope as well as a lifestyle with an immortality view.

# INHOUDSOPGAWE

## **HOOFSTUK 1..... 1**

### **METODOLOGIESE INLEIDING EN ORIËTERING..... 1**

1.1	Aanleidende redes tot die keuse van die studie onderwerp .....	4
1.1.1	Verval van waardes.....	4
1.1.2	Die invloed van die postmodernisme.....	5
1.1.3	Die invloed van wetenskapsmetodologie, lewens- en wêreldbeskouings op die maatskaplikewerkpraktyk .....	6
1.1.4	Sosio-ekonomiese konteks.....	7
1.1.5	Maatskaplikewerkprobleme .....	9
1.2	Navorsingsprobleem en -vrae .....	9
1.3	Navorsingsdoelstelling.....	11
1.3.1	Oorkoepelende doelstelling .....	11
1.3.2	Doelwitte.....	11
1.4	Navorsingsmetode en -prosedures .....	12
1.4.1	Intra- en Interdisiplinêre Navorsingsmetodes .....	12
1.4.2	Literatuurstudie .....	15
1.4.3	Fenomenologiese Verkenning .....	16
1.4.4	Fokusgroepe.....	18
1.5	Begrensing van die studie .....	21
1.6	Konseptualisering .....	23
1.6.1	Pastorale en teologiese konsepte.....	23
1.6.1.1	Die rol van subjek (pastor) en objek (kliënt) binne ‘n diakonologiese perspektief.....	25
1.6.1.2	Teologiese basis- en praktykteorieë.....	26
1.6.1.3	Geestelike Dimensie .....	28
1.6.1.4	Narratief-Pastorale .....	29
1.6.2	Maatskaplike werkswyses.....	30
1.6.2.1	Christelike maatskaplike werk.....	30
1.6.2.2	Pastorale maatskaplike werk.....	33
1.6.2.3	Raamwerk .....	33
1.6.2.4	Model .....	34
1.6.2.5	Geheel/holistiese mensbeskouing .....	35
1.6.2.6	Maatskaplikewerkmetodes.....	35
1.6.3	Algemene konsepte.....	35
1.6.3.1	Kliënt.....	35
1.6.3.2	Geslag .....	35
1.6.3.3	Bybelse aanhalings en verwysings.....	36
1.7	Indeling van die navorsingsverslag.....	36

## **HOOFSTUK 2..... 38**

### **DIE ROL VAN TEOLOGIESE ANTROPOLOGIE IN NARRATIEF-PASTORALE MAATSKAPLIKE WERK..... 38**

2.1	Die oorsprong van antropologiese beskouings .....	40
2.2	Begroning en normering van ‘n teologiese antropologie.....	46
2.2.1	Teologiese antropologie en Skrifgebondenheid.....	46
2.2.2	Sedelikheid en die normatiewe keusevermoë van die mens .....	48
2.2.3	‘n Antropologiese fundering in die Godsleer.....	51

2.3	Die skepping van die mens .....	52
2.3.1	Die mens geskape na die beeld van God .....	53
2.3.2	Die mens as verbondswese .....	55
2.3.2.1	Die aard van die verbond en die implikasies daarvan vir die mens .....	56
2.3.2.2	Verrekening van die verbond in narratief-pastorale maatskaplike werk ..	60
2.3.3	Die mens as verhoudingswese .....	64
2.3.3.1	Verhouding tot God .....	66
2.3.3.2	Verhouding tot die medemens .....	67
2.3.3.3	Verhouding tot die self.....	70
2.3.3.4	Verhouding tot die omgewing .....	72
2.4	Aktualiteit van die sonde .....	73
2.4.1	Liefdeloosheid en selfliefde .....	75
2.4.2	Ongeloof en ongehoorsaamheid .....	76
2.5	Verlossing .....	78
2.6	‘n Perspektiwistiese benadering ten opsigte van die mens in narratief-pastorale maatskaplike werk .....	82
2.7	Samevatting.....	83
<b>HOOFSTUK 3.....</b>		<b>85</b>
<b>INTER- EN INTRADISSIPLINÊRE SAMEWERKINGSMOONTLIKHEDE TUSSEN MAATSKAPLIKE WERK EN PASTORALE BENADERINGS .....</b>		<b>85</b>
3.1	Oorsigtelike ontwikkelingsgeskiedenis van maatskaplike werk.....	86
3.1.1	Die Antieke Tydvak 4000 v.C tot 500 n.C .....	87
3.1.2	Die duisendjarige tydperk van die Middeleeue (500 n.C - 1500 n.C) .....	87
3.1.3	Die ontdekkingsperiode (1500 -1750 n.C).....	87
3.1.4	Die oorgangsperiode (1750 - 1900) .....	88
3.1.5	Die moderne tyd (1900 – 1960).....	89
3.1.6	Die postmoderne era .....	93
3.1.6.1	Rolspelende faktore in die verandering wat Godsdienste tot gevolg kan hê in 'n gemeenskap in 'n postmoderne era .....	95
3.1.6.2	Leidinggewende funderingsbeginsels van postmodernisme .....	97
3.1.6.3	Die verband tussen postmodernisme en die ontwikkeling van wetenskap vorming .....	101
3.2	Begrensing van Maatskaplike werkteorie deur nasionale kwalifikasies .....	114
3.2.1	Staatsbeheerde welsynstate .....	116
3.2.2	Ontwikkelingsgerigte strategieë.....	117
3.2.3	Globaliseringsmodelle .....	120
3.3	Benaderings in maatskaplike werk .....	123
3.3.1	Intervensiemodelle .....	123
3.3.2	Sistematiese denkraamwerke .....	126
3.3.3	Postmodernistiese narratiewe raamwerke.....	130
3.3.4	Leidinggewende praktykteoretiese perspektiewe in maatskaplike werk ..	131
3.3.4.1	Wegbeweging van godsdienstige oriëntering na ‘n wetenskaplike kennisbasis .....	132
3.3.4.2	‘n Christelike benadering versus ‘n pastorale benadering .....	134
3.3.4.3	Die gebruik van die Bybel in geesteswetenskappe .....	135
3.3.4.4	Die soeke deur maatskaplike werkers na ‘n werkswyse waarvolgens die geestelike dimensie verreken kan word .....	137
3.3.4.5	Die invloed van politieke dogma .....	140

3.4	Die domein van pastorale benaderings .....	142
3.4.1	Rolspelers in pastorale werk .....	142
3.4.1.1	Onderlinge sorg .....	142
3.4.1.2	Pastorale sorg .....	143
3.4.1.3	Pastorale beraad en terapie .....	145
3.5	‘n Verkenning van die ontwikkeling van pastorale modelle .....	148
3.5.1	Kerugmatiese model .....	148
3.5.1.1	Die inhoudelike betekenis van die kerugmatiese gesprek .....	149
3.5.1.2	Die toepasbaarheid van die kerugmatiese model in maatskaplike-werkintervensies .....	150
3.5.2	Eduktiewe ervaringsmodel .....	151
3.5.2.1	Ontstaan van die eduktiewe model .....	152
3.5.2.2	Inhoudelike van die eduktiewe model .....	153
3.5.2.3	Toepasbaarheid van die eduktiewe model in maatskaplike-werkintervensies .....	154
3.5.3	Die Noutetiese model .....	155
3.5.3.1	Konsepte waaruit die noutetiese konfrontasie saamgestel is .....	157
3.5.3.2	Kenmerke van die noutetiese konfrontasie .....	158
3.5.3.3	Toepasbaarheid van die noutetiese model in maatskaplike-werkintervensies .....	159
3.5.4	Bipolêre model .....	160
3.5.4.1	Grondstruktuur van die bipolêre model .....	161
3.5.4.2	Wesenskenmerke van die bipolêre model .....	162
3.5.4.3	Voordele en nadele van ‘n bipolêre benadering vir Christelike maatskaplike werk .....	165
3.5.5	Pneumatologiese Model .....	167
3.5.5.1	Die gevaar van pastorale antropologie wat hoofsaaklik op ‘n Christologie gebaseer is .....	167
3.5.5.2	Die verskil wat ‘n pneumatologiese perspektief aan ‘n pastorale strategie bring .....	169
3.5.5.3	Die praktiese toepassingsimplikasies van die model in die maatskaplike werkprofessie .....	169
3.5.6	Konvergensiemodel .....	170
3.5.6.1	Die God-mens-ontmoeting .....	171
3.5.6.2	Eskatologiese perspektief .....	172
3.5.6.3	Promissioterapie - heil en die aspek van heling in die pastorale bediening .....	174
3.5.6.4	Die gemeentelike konteks van pastorale ontmoeting (koinonia) en die uitwerking daarvan (verandering) .....	177
3.5.6.5	Toepassingsvoordele van die konvergensiemodel in pastorale maatskaplike werk .....	178
3.5.7	‘n Narratiewe model .....	183
3.6	Inter- en intradissiplinêre samewerking tussen pastorale beraders en Christelike maatskaplike werkers .....	184
3.6.1	Historiese ontwikkeling as redes vir die gebrek aan interaksie .....	184
3.6.2	Moontlikhede tot interaksie tussen praktiese teologie en maatskaplike werk .....	185
3.6.2.1	Implementering van ‘n teologiese antropologie in maatskaplike werk .....	186
3.6.2.2	‘n Ekologies-sistemiese benadering .....	187
3.6.2.3	‘n Holistiese benadering .....	187

3.6.3	Voordele verbonde aan interaksie.....	188
3.6.3.1	Aanvullende opleiding.....	189
3.6.3.2	Doelbewuste keuse ten opsigte van Christelike benaderings.....	189
3.6.3.3	Identiteit van die pastorale hulpverlening en praktiese teologie moet behoue bly.....	190
3.6.3.4	Moontlikhede wat 'n perspektiwistiese benadering bied.....	190
3.7	Samevatting.....	193
<b>HOOFSTUK 4.....</b>		<b>195</b>
<b>NARRATIEF-PASTORALE BASISTEORETIESE PERSPEKTIEWE VIR MAATSKAPLIKE WERK.....</b>		<b>195</b>
4.1	Beskrywing van 'n perspektiwistiese narratief-pastorale basisteoretiese epistemologie.....	199
4.1.1.	Die Normatief-Etiese Prinsipe.....	200
4.1.2	Basis- en praktykteoretiese omskrywing.....	201
4.2	Die oorsprong van Bybelsgefundeerde narratiewe perspektiewe.....	204
4.2.1	Bespreking van die begrippe narratief, storie en verhaal uit 'n Bybelse perspektief.....	207
4.2.2	Betekenisgewing aan 'n storie as 'n terapeutiese konsep.....	212
4.2.2.1	Uiteensetting van die storie met betrekking tot feitelike gebeure.....	213
4.2.2.2	Uiteensetting van die storie met betrekking tot betekenisgewing.....	216
4.2.2.3	Waarneming van narratiewe temas.....	217
4.2.2.4	Die rol van kulturele waardes as 'n narratiewe tema.....	217
4.3	Perspektiwistiese, diakonologiesgefundeerde narratief-pastorale beginsels vir maatskaplike werk.....	220
4.3.1	Hermeneutiek.....	220
4.3.1.1	Die gebruik van hermeneutiek in pastorale benaderings.....	223
4.3.1.2	Asimmetrie en hermeneutiek as 'n basisteorie.....	223
4.3.1.3	Voordele van 'n hermeneutiese aanpak vir narratief-pastorale maatskaplike werk.....	225
4.3.1.4	Die gebruik van metafore binne 'n diakonologiese epistemologie.....	227
4.3.1.5.	Metafore in 'n postmodernistiese epistemologie.....	237
4.3.2	Waarheid as 'n beginsel.....	237
4.3.3	Die rol van die verbond in 'n basisteorie vir narratief-pastorale maatskaplike werk.....	238
4.3.3.1	God se handeling met die mens.....	239
4.3.3.2	Die koninkryk van God.....	239
4.3.3.3	Kommunikering van die heil.....	240
4.3.3.4	Koinonia.....	240
4.3.3.5	Soteriologie.....	241
4.3.3.6	Pneumatologie.....	242
4.3.4	Teologiese Antropologie.....	242
4.3.4.1	Kognitiewe dimensie.....	243
4.3.4.2	Die self as 'n konsep binne die God-mens-relasie.....	245
4.3.5	Nie-kundige posisie van die terapeut.....	247
4.3.5.1	Die kliënt as 'n ekspert.....	248
4.3.5.2	Rol van 'n magsposisie.....	251
4.3.6	Eskatologiese perspektiewe vir narratief-pastorale benaderings in maatskaplike werk.....	253

4.3.6.1	Narratiewe teorie en eskatologiese perspektiewe .....	254
4.3.6.2	Eskatologiese hoop en promissioeterapie .....	255
4.3.7	Die verhoudingsaard van narratief-pastoraal terapeutiese gesprekke.....	256
4.4	‘n Diakonologiese narratief-pastoraal-terapeutiese omskrywing vir maatskaplike werk.....	258
4.4.1	Omskrywing van ‘n diakonologiesgefundeerde narratiewe perspektief.....	263
4.4.2	Die verloop van ‘n narratief-pastorale gesprek volgens ‘n diakonologiese perspektief.....	264
4.4.3	Aanvang van die gesprek .....	264
4.4.4	Dekonstruksie .....	267
4.4.4.1	Kritiese bespreking van dekonstruksie uit ‘n diakonologiese waardebepaling .....	269
4.4.4.2	Eksternalisering.....	271
4.4.4.3	Herskryf van die storie.....	277
4.4.4.4	Bevestigingsereonies .....	279
4.4.4.5	Herinneringsgesprekke .....	282
4.4.4.6	Die terugneemaksie.....	283
4.5	Samevatting.....	284
<b>HOOFSTUK 5.....</b>		<b>286</b>
<b>PRAKTYKTEORETIESE PERSPEKTIEWE VIR NARRATIEF-PASTORALE MAATSKAPLIKEWERKINTERVENSIES .....</b>		<b>286</b>
5.1	Praktykteoretiese begrensing .....	287
5.2	Aanvang van die gesprek .....	288
5.2.1	Vertrouensverhouding.....	289
5.2.2	Luisterende atmosfeer.....	290
5.2.3	Sirkulêre wat- en wie- vrae .....	291
5.3	Dekonstruksie van die storie .....	293
5.4	Eksternalisering.....	294
5.4.1	Gevallestudie.....	294
5.4.1.1	Agtergrondinligting van die gevallestudie.....	294
5.4.1.2	Die aanvang van die gesprek .....	295
5.4.1.3	Hernoeming van die probleem.....	295
5.4.1.4	Eksternalisering van die probleem.....	295
5.4.1.5	Eksplorering van die invloed van die probleem .....	296
5.4.1.6	Soeke na hoopverwante uitkomstevir die probleem .....	296
5.4.1.7	Voorkeurkeuse van die pasiënt .....	297
5.4.1.8	Benutting van ‘n ritueel .....	297
5.4.1.9	Bevestigingsereonies .....	297
5.4.2	Eksternalisering: Diakonologiesgefundeerd .....	298
5.4.2.1	Die aanvang van die gesprek .....	298
5.4.2.2	Dekonstruksie .....	298
5.4.2.3	Hernoeming van die probleem.....	300
5.4.2.4	Eksternalisering van die probleem.....	300
5.4.2.5	Eksplorering van die invloed van die probleem .....	300
5.4.2.6	Soeke na hoop verwante uitkomstevir die probleem .....	301
5.4.2.7	Voorkeurkeuse van die pasiënt .....	301
5.4.2.8	Benutting van ‘n ritueel .....	302
5.4.2.9	Bevestigingsereonies .....	302

5.5	Die herskryf van stories .....	302
5.5.1	Unieke uitkomste .....	303
5.5.2	Landskap van aksie (Uiteensetting van die storie ten opsigte van feitelike gebeure).....	309
5.5.2.1	Spirituele Genogramme .....	310
5.5.2.2	Verhale uit die kinderjare.....	312
5.5.2.3	Gelykenisse .....	316
5.5.2.4	Dubbelstories en scenarios.....	315
5.5.2.5	Tekeninge.....	317
5.5.2.6	Asof – besprekings.....	317
5.5.2.7	Dagdrome.....	319
5.5.2.8	Vrye Assosiasie .....	320
5.5.2.9	Toekomsvisioene .....	321
5.5.2.10	Metafoorgebruike en besluitneming uit ‘n diakonologiese praktykteoretiese perspektief .....	321
5.5.3	Uiteensetting van betekenisgewing aan stories.....	323
5.5.4	Verbind die verlede met die hede .....	326
5.5.5	Toekomsgerigte stories .....	327
5.5.5.1	Eskatologiese praktykteoretiese perspektiewe.....	330
5.6	Bevestigingseremonies en rituele ter bevestiging van ‘n nuwe identiteit.....	331
5.6.1	Die doel van seremonies en rituele .....	332
5.6.2	Die taak van die getuiesgroep.....	333
5.6.3	Respons van die getuiesgroep.....	333
5.6.4	Die benutting van erkenningssertifikate .....	334
5.6.5	Liturgiese handelings .....	336
5.6.6	Rituele .....	337
5.7	Herinneringsgesprekke .....	338
5.8	Die terug-neem-aksie .....	343
5.9	Samevatting.....	343
<b>HOOFSTUK 6.....</b>		<b>346</b>
<b>FENOMENOLOGIESE VERKENNING .....</b>		<b>346</b>
6.1	Navorsingdoelstelling en -vrae .....	348
6.2	‘n Kwalitatiewe navorsingsbenadering.....	349
6.2.1	Fenomenologie.....	350
6.2.2	Navorsingsparadigma .....	351
6.2.3	Inter- en intradissiplinêre samewerking.....	351
6.3	Die fokusgroep as kwalitatiewe data-insamelingstegniek .....	352
6.3.1	Omskrywing van 'n fokusgroep .....	
6.4	Bepanning vir die uitvoering van die fokusgroeponderhoude.....	354
6.4.1	Ontwikkeling van ‘n teoretiese raamwerk .....	354
6.4.2	Data-analise.....	359
6.4.3	Samestelling van ‘n verslag waarin die fenomenologiese ondersoek beskryf word .....	359
6.5	‘n Hermeneuties kwalitatiewe interpretering van die fokusgroep-resultate .....	360
6.5.1	Data verifieerbaarheid in narratiewe metodes .....	363
6.6	Navorsingsbevindings.....	364
6.6.1	Beskrywing van deelnemers en getal fokusgroeponderhoude wat gehou is .....	365

6.6.2	Hoof-, subtemas en konstruksionele datapatrone .....	367
6.7	Hooftema: Getraumatiseerde samelewing .....	368
6.7.1	Subtemas voortspruitend uit ‘n getraumatiseerde samelewing.....	369
6.7.2	Konstruksionele datapatrone.....	372
6.7.3	Hermeneutiese interpretasie van ‘n getraumatiseerde samelewing .....	372
6.8	Hooftema: Die rol van die maatskaplike werker in ‘n getraumatiseerde samelewing .....	373
6.8.1	‘n Subtema voortspruitend uit die rol van die maatskaplike werker in ‘n getraumatiseerde samelewing .....	373
6.8.2	Konstruksionele datapatrone in die rol van die maatskaplike werker in ‘n getraumatiseerde samelewing .....	374
6.8.3	Hermeneutiese interpretasie van die maatskaplike werker se rol in ‘n getraumatiseerde samelewing .....	375
6.9	Hooftema: Die invloed van opleiding in Christelike maatskaplike werk en die hantering van godsdienstige dimensies.....	376
6.9.1	Subtemas .....	380
6.9.2	Konstruksionele datapatrone voortspruitend uit die gesprek oor opleiding in Christelike maatskaplike werk en die hantering van Godsdienstige dimensies ...	381
6.9.3	Hermeneuties interpretatiewe bespreking van die hooftema: opleiding in Christelike maatskaplike werk en die hantering van godsdienstige dimensies	383
6.10	Hooftema: Die kliënt as ekspert van sy geestelike- en bo-verhaal .....	386
6.10.1	Subtemas .....	387
6.10.2	Konstruksionele datapatrone.....	388
6.10.3	Hermeneuties interpretatiewe bespreking van die hooftema “geestelike verhaal” .....	389
6.11	Hooftema: Die rol wat die Heilige Gees in Christelike berading vervul .....	391
6.11.1	Subtemas .....	394
6.11.2	Konstruksionele datapatrone.....	394
6.11.3	Hermeneuties-interpretatiewe bespreking van die hooftema die rol wat die Heilige Gees in berading speel .....	395
6.12	Hooftema: Hantering van die ongelowige kliënt .....	396
6.12.1	Subtemas .....	399
6.12.2	Konstruksionele datapatrone.....	399
6.12.3	Hermeneuties-interpretatiewe bespreking van die hooftema hantering van die ongelowige kliënt .....	400
6.13	Hooftema: Christelike hoop .....	402
6.13.1	Subtemas .....	405
6.13.2	Konstruksionele datapatrone .....	405
6.13.3	Hermeneuties-interpretatiewe bespreking van die hooftema Christelike hoop.....	406
6.14	Hooftema: Geskiktheid van narratiewe terapie as ‘n pastorale benadering in maatskaplike werk .....	406
6.14.1	Subtemas .....	410
6.14.2	Konstruksionele datapatrone.....	411
6.14.3	Hermeneuties interpretatiewe bespreking van die hooftema narratiewe terapie.....	412
6.15	Voorkoms van konstruksionele datapatrone in die hooftemas .....	413

6.16	Bespreking van die resultaat van die fenomenologiese verkenning .....	416
6.17	Samevatting .....	418
<b>HOOFSTUK 7.....</b>		<b>419</b>
<b>GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS .....</b>		<b>419</b>
7.1	Navorsingsprobleem, -vrae en die doel van die studie .....	420
7.2	Gevolgtrekkings.....	421
7.2.1	Pastoraal antropologiese funderingsbeginsels in maatskaplike werk .....	421
7.2.1.1	Die verrekeningsvereistes van die geestelike dimensie in ‘n pastoraal teologiesefundeerde antropologie in maatskaplike werk .....	422
7.2.1.2	Die mens as verbondswese .....	422
7.2.1.3	‘n Eskatologiese toekomsdimensie .....	422
7.2.1.4	Die kommunisering van God se verhaal vir die mens as ‘n boodskap van hoop.....	423
7.2.1.5	Geloof .....	423
7.2.1.6	Die verrekening van Christelike normatief-etiese prinsipe in maatskaplike werk.....	423
7.2.2	Die gevaar van postmodernistiesefundeerde benaderings vir maatskaplike werk .....	424
7.2.3	Die gebruikswaarde van ‘n narratief-pastorale basisteoretiese perspektief in maatskaplike werk .....	425
7.2.4	Die gebruikswaarde van ‘n narratief-pastorale praktykteoretiese perspektief in maatskaplike werk.....	428
7.2.5	Inter- en intradissiplinêre samewerkingsooreenkomste tussen pastorale terapie en maatskaplike werk .....	43028
7.2.6	Die geskiktheid van narratief-pastorale perspektiewe as ‘n geheelbenadering in maatskaplike werk .....	4319
7.2.7	Die geskiktheid van narratiewe terapie in samehang met ‘n diakonologiesefundeerde pastorale perspektief vir die verrekening van die geestelike dimensie in maatskaplike werk .....	
7.2.8	Beskikbaarheid van literatuurbronne vir die uitvoering van die studie .....	
7.2.9	Geslaagdheid en doelbereiking .....	4311
7.3	Aanbevelings.....	433
7.3.1	Praktyk .....	433
7.3.2	Teorie .....	434
7.3.3	Opleiding.....	434
7.3.4	Navorsing.....	434
7.3.5	Beleid .....	435
7.4	Slot .....	436
<b>BRONNELYS.....</b>		<b>437</b>
<b>Woordeboeke.....</b>		<b>466</b>
<b>Onderhoude .....</b>		<b>467</b>
<b>BYLAE A .....</b>		<b>468</b>
<b>VRAELYSGIDS GEBRUIK TYDENS FOKUSGROEPONDERHOUDE .....</b>		<b>468</b>
<b>Doel van sessie .....</b>		<b>468</b>
	Vraagtipe.....	468
	Gespreksvrae.....	468

<b><i>Doel van die sessie</i></b> .....	<b>469</b>
Vraag tipe .....	469
Gesprek vrae .....	469
Inleidende vraag .....	469
<b><i>Sleutelvrae</i></b> .....	<b>469</b>
<b><i>BYLAE B</i></b> .....	<b>470</b>
<b>AANTEKENINGE VAN DIE MEDEMODERATOR VAN DIE VERLOOP VAN DIE FOKUSGROEPSESSIES</b> .....	<b>470</b>
<b><i>BYLAE - C</i></b> .....	<b>481</b>
<b>VERBATIMVERSLAG VAN DIE FOKUSGROEPONDERHOUDE</b>	
<b>FOKUSGROEPONDERHOUD NO. 1</b> .....	<b>481</b>
<b>FOKUSGROEPONDERHOUD NO. 2</b> .....	<b>497</b>
<b><i>BYLAE D - EPOS UITNODIGINGBRIEF AAN DEELNEMERS VAN DIE FOKUSGROEPONDERHOUDE</i></b> .....	<b>505</b>
<b><i>TERMINOLOGIE</i></b> .....	<b>506</b>

## LYS VAN TABELLE

Tabel 1.1	Die voorkoms van misdadisyfers met implikasies vir maatskaplike-werkdienslewering .....	8
Tabel 1.2	Beplanningsfases vir die implementering van fokusgroepe .....	20
Tabel 3.1	Die verskil tussen pastoraat en psigologie binne ‘n perspektiwistiese benadering ..	191
Tabel 4.1(a)	Negatiewe Godsvoorstellings .....	234
Tabel 4.1(b)	Positiewe Godsvoorstellings .....	235
Tabel 4.2	‘n Raamwerk vir Metafore vir God .....	236
Tabel 4.3	Verskille tussen sisteemteorie en narratiewe analises .....	262
Tabel 4.4	Verskille tussen strukturalisme en poststrukturalisme .....	262
Tabel 4.5	Kartering van die invloed van die probleem tydens eksternalisering in aansluiting by ‘n diakonologiese narratief-pastorale benadering .....	277
Tabel 5.1	Voorbeelde van Narratiewe Vrae .....	292
Tabel 6.1	Deelnemersprofiel .....	365
Tabel 6.2	Omvang van die kwalitatiewe data wat ingesamel is .....	367
Tabel 6.3	Voorkoms van konstruksionele datapatrone in die hoofemas .....	414
Tabel 6.4	Voorkoms van konstruksionele datapatrone uit die verhale wat vertel is in die tweede fokusgroeponderhoud .....	415

## LYS VAN FIGURE

Figuur 1.1	Implementeringsraamwerk van die fokusgroeponderhoud.....	21
Figuur 1.2	Die Hermeneutiese wisselwerking in prakties-teologiese teorievorming.....	27
Figuur 3.1	Die benutting van psigoterapie as ‘n basiese boublok in beradingsprofessies .	90
Figuur 3.2	Wisselwerkende invloed van teoretiese kennisraamwerke in maatskaplike werk .....	120
Figuur 3.3	Rolspelende teorie in kennisraamwerke vir maatskaplike werk.....	125
Figuur 3.4	Rolspelende veranderlikes in sisteemteoretiese raamwerke.....	128
Figuur 4.1	Hermeneutiese interpretasie.....	222
Figuur 4.2	Die invloed van geloof in God op die verhaal van die mens.....	246
Figuur 5.1	Die benutting van spirituele intelligensie vir die herskryf van ‘n storie.....	306
Figuur 6.1	Rolspelende konstruksionele datapatrone by Christelike maatskaplike werkers in ‘n getraumatiseerde samelewing.....	375
Figuur 6.2	Die rol van ‘n Christelike epistemologiese keuse in maatskaplike- werkopleiding.....	382
Figuur 6.3	Die kliënt as ekspert van sy geestelike verhaal.....	389
Figuur 6.4	Die rol van die Heilige Gees tydens maatskaplikewerkintervensies.....	395
Figuur 6.5	Die hantering van die ongelowige kliënt.....	400
Figuur 6.6	Christelike hoop.....	405
Figuur 6.7	Die geskiktheid van ‘n narratief-pastorale benadering vir die verrekening van die geestelike dimensie in maatskaplike werk.....	412
Figuur. 6.8	Gebruik van ‘n narratief-pastorale benadering in maatskaplike werk.....	416

## HOOFSTUK 1

### METODOLOGIESE INLEIDING EN ORIËTERING

In hierdie hoofstuk word die keuse van die onderwerp, die navorsingsprobleem, die navorsingsvrae en die navorsingsmetodologie wat in die studie gevolg is, uiteengesit.

Die aanbreek van die nuwe millennium in Suid-Afrika is met groot opgewondenheid begroet, maar uit 'n maatskaplikewerkperspektief word tekens van negatiewiteit, pessimisme, wanhoop en 'n toenemende verval van Christelike waardesisteme in die samelewing waargeneem in teenstelling met positiewiteit, hoop en optimisme (Bingle 2000:5; de Beer 2004:13). Die oorsaak vir hierdie toedrag van sake word deur Bingle (2000:5) en Van der Watt (2000:20) toegeskryf aan onder meer onsekerhede rakende werksekuriteit, politieke en ekonomiese toekomsmoontlikhede wat moontlik verband hou met die politieke en sosiale transformasieproses wat in 1994 in Suid-Afrika met die aanvang van 'n nuwe politieke bedeling ontstaan het. Aanvullend tot die genoemde onsekerhede speel die hoë omvang van armoede, misdaad en die Vigs-pandemie ook 'n bydraende rol tot wanhoop in Suid-Afrika (Burger 2004:12; Vgl. 1.1.1). Die huidige onsekerheid in Suid-Afrika is nie uniek tot die land nie aangesien ander lande ook die genoemde probleme in die gesig staar. Dwarsdeur die wêreldgeskiedenis is bewyse dat verandering meestal twyfel en onsekerheid meebring en dat die hantering daarvan met maatskaplike aanpassings gepaard gaan (Bingle 2000:4; Buys 2004:13).

Navorsers in die Geesteswetenskappe meen dat verandering deur 'n basiese proses van vier opeenvolgende fases gaan naamlik: ignorering, verset, oorweging en deelname (Bingle 2000:4; Smale, Tuson, Statham 2000:5). Wanneer die onsekerheid wat deur verandering teweeggebring word, nie met kundigheid bestuur word nie, kan dit tot angs, paniek en anargie aanleiding gee (Bingle 2000:4). Maatskaplike werkers kan as professionele persone nie die eise van verandering, transformasie, paradigmaskuiwe, uitdagings, onsekerheid en chaos ontsnap nie (Ryke 1998:22). Soeke na moontlike bydraes wat deur maatskaplike werkers aan mense-in-nood, voortspruitend uit die transformasieproses gemaak kan word, blyk meervoudig van aard te wees omdat maatskaplikewerkintervensies op individuele-, groeps-, gemeenskaps-, navorsing- en beleidsvlak plaasvind (Smale et al. 2000:2).

Liniêre werkswyses bied as gevolg van die meervoudigheid van probleme soos armoede en wantroue in die toekoms nie voldoende antwoorde in die soeke na moontlike oplossings vir probleme van hierdie aard nie (Sheridan 2002:567; Paul, Hussey & Arnsberger 2002:224; Gilbert 2000:67; Bowpitt 2000: 349; Cascio 1998:523; Canda 1988:238). Van Hook, Hugen en Aguilar (2001:ix) huldig in hierdie verband die mening dat 'n holistiese benadering die fisiese, psigiese en geestelike synsdimensies van die mens in nood behels en dat dit tydens maatskaplikewerkberading verreken kan word deur *interdissiplinêre* maatskaplikewerkbenaderings aan te wend omdat die voorkoms en aard van die fenomeen oor meer as een studieterrein strek (Vgl. 1.5.1).

Volgens die Suid-Afrikaanse Feite Jaarboek (2002:2003) behoort 80% van alle Suid-Afrikaners aan een of ander vorm van Christelike geloof. Hindoes, Moslems en Jode vorm naas die Christelike geloofsgroep 'n eie selfstandige geloofskader. 'n Derde geloofsgroep word geïdentifiseer naamlik: tradisionele gelowe. Die Suid-Afrikaanse Feite Jaarboek meld verder dat daar baie min Suid-Afrikaners is wat geen religieuse affiliasie het nie. In die lig van die feit dat die meerderheid Suid-Afrikaners in een of ander vorm van religieuse bepaaldheid glo, is dit redelik om te argumenteer dat die vraag na 'n benadering waarvolgens die geestelike dimensie in maatskaplike werk verreken kan word, gebruikswaarde inhou.

By wyse van 'n internasionale vergelyking kan na die Amerikaanse situasie gekyk word. In 1984 is bevind dat 75% van alle Amerikaners aan religieuse aktiwiteite deelneem. Die verrekening van die geestelike dimensie deur die maatskaplikewerkprofessie in Amerika het deurlopend min of geen aandag geniet nie. Maatskaplike werkers het egter in die jongste tyd toenemend besef dat die Amerikaanse samelewing 'n behoefte het om tydens berading te gesels oor die rol wat die religieuse en/of geestelike dimensie speel (Gilbert 2000:67). Die gevolgtrekking waartoe Christelike maatskaplike werkers in Amerika gekom het, is die volgende: Maatskaplike werkers kan nie langer voortgaan om die toenemende vraag na die verrekening van die geestelike dimensie te ignoreer nie omdat religieuse vrae die dryfkrag van die meeste mense se lewens vorm. Verder is aanbeveel dat volledige empiriese ondersoeke gedoen behoort te word ten einde 'n teoretiese en praktykbegroning te ontwikkel waarvolgens maatskaplike werkers die geestelike dimensie kan verreken (Gilbert 2000:82). In aansluiting by Gilbert (2000) is Bisman (2004:1) van mening dat maatskaplike werkers opnuut moet besef dat die kern waarom dit in maatskaplikewerkdienslewering gaan altyd ooreenkomstig morele waardes behoort te geskied. Bisman (2004:1) verwys ter herinnering

aan die oorsprong van maatskaplike werk na Richmond (1899) wat die volgende mening gehuldig het: "... to work with forces that make for progress to forward the advance of the common people". Healy en Meager (2004:2) waarsku dat in die verprofessionalisering van die maatskaplikewerkprofessie opnuut na 'n balans tussen die politiese eise van vakbonde, professionele verenigings en die erkenning aan kulturele en industriële behoeftes van die mens-in-nood gesoek behoort te word .

Uit die navorsing van Gilbert (2000:67, 82) blyk dat professionele maatskaplike werkers van mening is dat hulle nie oor voldoende vakkennis beskik om aan religieuse probleme voortspruitend uit die verrekening van die geestelike dimensie soos wanhoop, aandag te gee nie en vra gevolglik nie *of* maatskaplike werkers religieuse probleme van dié aard behoort te verreken nie, maar eerder *hoe* daarby aansluiting gevind kan word.

Die vraag na hoe so 'n benadering vertolk behoort te word, is die fokuspunt van hierdie studie. Gevolglik word gebruik gemaak van 'n verkennende en beskrywende ondersoek na 'n moontlike inter- en intradissiplinêre geheelbenadering waarvolgens maatskaplike werkers op 'n wetenskaplike verantwoordbare manier aan die verrekening van maatskaplike-werkprobleme met 'n geestelike oorsprong, aandag kan gee. Die doel is om 'n bydrae te lewer tot die skep van hoop en toekomsverwagtings vir mense wat vasgevang is in 'n uitsiglose, moedlose lewenswyse wat in wanhoop manifesteer. Terselfdertyd open so 'n gesprek die deel van Christus se liefde met die ongelowige kliënt asook met gelowiges uit ander kultuurgroepe omdat God se genade vir alle mense en alle kulture geld (de Beer 2004:13; Buys 2004:12; Burger 2004:12; Hoffman 2004:12). Volle erkenning word aan verskillende geloofsvorme en hul bestaansrealiteit verleen. In hierdie studie word hoofsaaklik gefokus op die hantering van religieuse vrae van Christengelowiges as 'n regulerende lewensprinsipe deur die gebruikmaking van 'n pastorale benadering (Vgl.1.6.1 vir 'n bespreking in die verband).

Vervolgens word die redes vir die keuse van die onderwerp van die studie bespreek.

## **1.1 Aanleidende redes tot die keuse van die studie onderwerp**

Die waarneming of bewuswording van 'n maatskaplike probleem vorm die eerste stap in enige navorsing (Grinnell & Siegel 1988:14). Vir die doeleindes van hierdie studie is die probleem die gevoelens van wanhoop waarmee die deursnee mens sy dagtaak aanpak en die gepaardgaande uitdaging wat dit aan die maatskaplikewerkprofessie stel. Hierdie probleem kom volgens Bingle (2000:7) en Buys (2004:13) op drie vlakke voor, naamlik maatskaplike verval (etiese ontwikkelingsvlak), materiële nood (armoede) en geestelike nood (pastoraal-eskatologies). In hierdie studie word hoofsaaklik aandag gegee aan die rol wat die verrekening van die geestelike dimensie in maatskaplike probleme speel en die hantering daarvan deur maatskaplike werkers tydens maatskaplikewerkintervensies.

Die keuse van die onderwerp kan verder gemotiveer word deur kortliks te let op die voorkoms van verval van waardes, die invloed van die postmodernisme, die invloed van wetenskapsmetodologie, lewens- en wêreldbeskouings op praktykimplémentering, die sosio-ekonomiese konteks en maatskaplikewerkprobleme.

Vervolgens word die verskillende aspekte bespreek. Die verval van waardes word eerste bespreek.

### **1.1.1 Verval van waardes**

Wanhoopgevoelens wat die afgelope tyd oor 'n wye spektrum van die samelewing waargeneem word, is ook deur kerkleiers opgemerk (Naude 2001:1). So het die moderatuur van die Nederduits Gereformeerde Kerk gedurende 2001 indringend aandag aan die probleem gegee deur middel van 'n Jaar van Hoop-projek waarin armoede, wanhoop en 'n verval in morele standaarde aangespreek is (Naude 2001:1). Gedurende 2004 huldig kerkleiers van verskillende plaaslike Gereformeerde Kerke steeds die standpunt dat die verval in waardes en die algemeen geldende kwaliteit van maatskaplike verhoudings verswak en is van mening dat die rede daarvoor met Christelike hoop, die heropbou van waardesisteme en geloofsversterking verband hou (Burger 2004:12; Hoffman 2004:12; van Wyk 2004:12; Burger 2004:13; Buys 2004:13). De Beer (2004:13) stel dit soos volg: “Die kerk van Jesus Christus moet liefdevolle berading en leiding bied aan diegene met maatskaplike probleme op grond

van hoop en verlossing in Christus. Die hart van die kerk is die hoop van redding in Christus vir almal wat na Hom toe kom. Verloor die kerk dit, dan is hy sy reg tot bestaan kwyt”.

Die regering van die dag in Suid-Afrika beseft ook dat waardes ‘n belangrike rol in die opheffing van die mens in nood speel en ondersteun sodoende humanisties-kultureelgebaseerde morele projekte deur die stigting van “Moral Generation Committees” in gemeenskappe (Zkweyiya 2000:9).

Vervolgens word die invloed van die postmodernisme bespreek.

### **1.1.2 Die invloed van die postmodernisme**

Om kennis te neem van die denke wat die hedendaagse mens se gedagtes oorheers is belangrik, want met die aanbreek van die derde millennium is dit duidelik dat ‘n nuwe wêreldbeskouing naamlik, postmodernisme besig is om te ontwaak. Kenmerkend van ‘n postmoderne (post-strukturalistiese) tydperk is dat daar onder andere geglo word dat die waarheid geen vaste betekenis of strukture kan hê nie. Selfs die huidige kennisbasis word bevraagteken (Janse van Rensburg 2000:7a). As voorbeeld hiervan dien die talle uitsprake van die nuwe hervormers wat beweer dat dele van die Bybel onwaar is (Van der Watt 2000:20). In een van die uitsprake word selfs na God drie-enig as ‘n mensgemaakte konsep verwys deur die Bybelse skeppingsverhaal as ‘n mite te verklaar (Gouws 2003).

Die invloed van humanistiesgedrewe denke geskied dikwels op ‘n subtile wyse. Die wettiging van abortie deur die Suid-Afrikaanse regering en die verkoop van pornografiese tydskrifte hier te lande is voorbeelde van sulke denke (Van der Watt 2000:29). ‘n Waarskuwing word deur Atwood (1998:2) tot maatskaplike werkers gerig om daarop bedag te wees om nie sonder meer aansluiting by psigologiese en sosiologiese benaderings te vind waarin nie-Christelike waardes onderskryf word nie. Die vervanging van ‘n Christelikgebaseerde waardebenadering met ‘n meer humanistiese een, vind so subtiel plaas dat dit dikwels nie opgemerk word nie (Atwood 1998:2). ‘n Verdere verkenning van die probleem dui aan dat nie-Christelike wetenskapsbeskouings in maatskaplikewerknavorsing en onderrigmetodes

aangetref word (Delanty 2000:3). 'n Tipiese voorbeeld hiervan word in postmodernistiesgebaseerde terapeutiese benaderings gevind (Delanty 2000:3). Hugen (1998: 9) ondersteun die standpunt van Atwood (1998) en voeg by dat die Bybelse beginsels waarop maatskaplike werk oorspronklik gebaseer is, eenvoudig geïgnoreer en met sekularistiese benaderings vervang word. Aspekte soos menseregte, humanistiese ideologieë en utilitarisme word beklemtoon. Die oorspronklike gedagte dat maatskaplike werk 'n Goddelike roeping is, het volgens navorsing algaande verdwyn (Hugen 1998:10; Gilbert 2000:69; Canda 2002:1). Die wegbeweeg van Christelike waardes het tot gevolg dat die vaardigheid om etiese besluite te neem, nie sterk genoeg ontwikkel word nie. Indien maatskaplike werkers kennis dra van die verskillende beginsels en oortuigings waarop hul benaderings gegrond is, kan die gevolge wat hul keuses vir die kliënte en gemeenskap wat hulle dien, inhou, verreken word (Ryke 1998:33; Bowpitt 2000:357).

Vervolgens word die invloed van wetenskapsmetodologie, lewens- en wêreldbeskouings op die maatskaplikewerkpraktyk bespreek.

### **1.1.3 Die invloed van wetenskapsmetodologie, lewens- en wêreldbeskouings op die maatskaplikewerkpraktyk**

Deur die eeue heen het Westerse denkers die taak aan die wetenskap opgedra om die maatskaplike werklikheid beter te verstaan. Ten einde hierdie doel te bereik, was die strukturele taakstelling van filosofie en ander vakwetenskappe, die ondersoek en ontleding van die skepping en sy skepsele. Die keersy van hierdie benadering hou met 'n wêreldoriëntasie verband naamlik: "Hoe moet die tyd waarin daar geleef word, verstaan word?" Die kontras waarom dit in hierdie argument gaan, hou verband met vaste vorme van samelewingstrukture soos die staat, 'n atoom, 'n mens en 'n wordingsproses. Met wordingsproses word verwys na tydraamwerke soos die 18de en die 19de eeu. Die mens leef volgens hierdie perspektief binne 'n vaste struktuur en 'n altyd veranderende wordingsproses na aanleiding van veranderende tydraamwerke wat bepaalde nuwe perspektiewe na vore bring (Strauss 1994:1).

Maatskaplike werkers funksioneer nie in isolasie nie. Hul denkraamwerke word deur eksterne faktore van die wordingsproses of tyd waarin hul leef beïnvloed. Verder is

persoonlike waardevoorkeure en -afkeure in professionele besluitnemingsprosesse, beginsels, metodes en assesserings rigtinggewend. Venter (1970:4) verduidelik die rol van wetenskapsverrekening soos volg: “Geen vakwetenskap kan ooit losgemaak word van die filosofie wat sy grondslag vorm nie, daar moet ook verder gegaan word. Vakwetenskappe berus nie slegs op bepaalde wysgerige sieninge van die werklikheid nie, maar elke wysbegeerte is op sy beurt religieus bepaald.” “*Religieus*” dui op die uiterlike vertolking van die inherente etiese kodes en waardes wat epistemologies deur die mens as gevolg van ‘n doelbewuste hartskeuse ondersteun word (Gilbert 2000:68; Vgl. 2.1.1 vir ‘n bespreking in die verband).

Maatskaplike werkers wat byvoorbeeld ‘n postmodernistiese vakwetenskaplike filosofie as deel van die wordingsproses kies, fundeer hul wetenskaplike uitgangspunte in ‘n postmodernistiese religie. Daarteenoor dui ‘n keuse ten gunste van ‘n diakonologiese epistemologie daarop dat voorkeur aan ‘n skriftuurlike uitgangspunt gegee word. Janse van Rensburg (2000:65a) wys daarop dat postmoderne ondersteuners as deel van die wordingsproses Kananitiese en Christelike waardes as ‘n vaste morele en transendente waardesisteem verwerp, terwyl ‘n diakonologiese uitgangspunt die gesag van die Bybel erken. Die waardesisteem van ‘n terapeut is daarom bepalend in die toepassing en uitkomstes van terapeutiese beginsels wat tydens hulpverlening toegepas word.

Die wegbeweeg van ‘n fundamenteel religieuse waardestelsel na ‘n meer liberale postmodernisties-gedomineerde benadering verskraal die kommunisering van Christelike hoop gebaseer op Bybelse beginsels.

Vervolgens word aandag aan die rol wat sosio-ekonomiese faktore in die maatskaplikewerkpraktyk speel, gegee.

#### **1.1.4 Sosio-ekonomiese konteks**

‘n Statistiese voorstelling van heersende maatskaplike probleme soos armoede en werkloosheid beklemtoon die relevansie van die navorsing omdat dit meestal direk met die manifesterende gevoelens van wanhoop verband hou. Demografies beskou, is die Suid-Afrikaanse bevolking baie jonk. Dit blyk dat 40% van Suid-Afrikaners

jonger as 15 jaar is en dat 36% van alle kinders in armoede verkeer. Betreffende armoede, blyk dat 48% van die totale bevolking in hierdie kategorie geplaas kan word. Voorts is daar aanduidings dat 3 000 000 inwoners van die land met MIV/Vigs besmet is. Ten slotte is nie minder nie as 37% van die beskikbare mannekrag in die land werkloos (Statistieke S.A 2001). Die volgende syfers reflekteer die voorkoms van misdaadpatrone wat 'n direkte impak op maatskaplikewerkdienslewering het.

**Tabel 1.1 Die voorkoms van misdaadsyfers met implikasies vir maatskaplike-werkdienslewering**

<b>Tipe Misdaad</b>	<b>Voorkoms in 1995</b>	<b>Voorkoms in 2003</b>
Roof met verswarende omstandighede	84 785	126 905
Verkragting	44 751	52 425
Kindermishandeling	3 070	4 798
Winkeldiestal	66 302	69 005
Dwelmverwante oortredings	45 928	53 810
Bestuur onder invloed van drank	25 699	22 144
Huisinbrake	231 355	319 984
Aanranding met die opset van ernstige besering	215 671	266 321

(Bron: Statistiek Buro: Suid-Afrikaanse Polisie diens 2003).

Die syfers in Tabel 1.1 toon 'n geleidelike toename in misdaad hier te lande. Die hardnekkige voortbestaan van misdaad in die land impliseer 'n toename in die vraag na maatskaplikewerkdienslewering.

Bogenoemde sosio-ekonomiese faktore dui daarop dat die grootste gedeelte van die Suid-Afrikaanse samelewing tans met ernstige maatskaplike probleme gekonfronteer word. Neerdrukkende maatskaplike omstandighede soos werkloosheid, chroniese siektetoestande en lae inkomste gee dikwels aanleiding tot 'n algehele gevoel van moedeloosheid wat in wanhoop manifesteer. Dit gee op sy beurt weer aanleiding tot 'n groter behoefte aan maatskaplikewerk-dienslewering.

### **1.1.5 Maatskaplikewerkprobleme**

Talle mense is ongelukkig omdat hulle nie die trauma wat met maatskaplikewerkprobleme soos egskeiding gepaard gaan, sinvol kan verwerk nie. Volgens Statistiek SA (2001) is 35 792 egskeidings gedurende 1998 in Suid-Afrika voltrek. Die komplekse resultaat van verbrokkelde huwelike gee dikwels aanleiding tot wanhoop (Blow & Daniel 2002:87). Hierteenoor besef kliënte moontlik nie of ontken en verdring bloot die bestaan van 'n dieperliggende hoopgewende geestelike ervaringswêreld wat die mens se denke en gedagtes rig as 'n sentraal kraggewende religie in die soeke na moontlike antwoorde vir hulle gevoelens van wanhoop (Lester 1995:3). In aansluiting by die wanhoopgevoelens wat getraumatiseerde kliënte beleef as gevolg van die gebeure rondom egskeidings kan maatskaplike werkers deur die gebruikmaking van 'n geheelbenadering moontlik bydra tot die skep van nuwe hoop en geloofsversterking. (Vgl. 1.1.4 vir 'n verwysing na enkele statistiese syfers met betrekking tot die voorkoms van aanverwante sosio-ekonomiese probleme).

Samevattend: Dit blyk dat die samelewing tans deur invloede wat 'n negatiewe uitwerking op die mens het oorheers word. Daar die samelewing die daaglikse werksterrein van die maatskaplike werker op individuele, groep- en gemeenskapsverband is, word hy gekonfronteer met die mens se soeke na hoop en oplossings vir sy probleme. Die onderhawige studie hou ten nouste verband met maatskaplike werkers se soeke na moontlike bydraes wat die maatskaplikewerkprofessie deur middel van inter- en intradissiplinêre toetredes kan lewer om wanhoop by mense-in-nood deur middel van 'n geheelbenadering te behandel.

Voorts volg 'n meer breedvoerige bespreking van die navorsingsprobleem en die navorsingsvrae waardeur die studie gerig word.

### **1.2 Navorsingsprobleem en -vrae**

Die sentrale uitgangspunt van die studie is dat wanhoopgevoelens wat in die hedendaagse samelewing voorkom 'n fisiese, psigiese en geestelike dimensie besit. Die hantering daarvan verg gevolglik 'n geheelbenadering sodat alle syndimensies van die mens behandel kan

word. Bevestiging van hierdie vertrekpunt word onder meer gevind in die toenemende besef onder maatskaplike werkers dat menslike gedragswyses deur bepaalde geestelike oortuigings en keuses gerig word en dat dit by maatskaplikewerkintervensies in berekening gebring moet word (Canda 1988:238; Cascio 1998:523; Bowpitt 2000:349; Gilbert 2000:67; Sheridan 2002:567; Paul et al. 2002:224). Voorts dui omvattende navorsing wat Gilbert (2000:67) onderneem het daarop dat die maatskaplikewerkprofessie tans nie genoegsaam voorsiening maak vir die verrekening van die geestelike dimensie tydens maatskaplikewerkintervensies nie.

Aangesien die hoofdoel van verkennende navorsing die formulering van nuwe vrae is wat gebruik kan word om die onderwerp van die studie te verken en te beskryf (Babbie & Mouton 2001:73; Schoeman 2000:4) is die volgende vrae geformuleer om die navorsingsprobleem verder te ontsluit:

- Wat is die aard van die relevante literatuur oor 'n narratief-pastorale benadering in maatskaplike werk?
- Wat is die relevansie van 'n teologiese antropologie vir intervensies in pastorale maatskaplike werk?
- Wat is die implikasies van inter- en intra dissiplinêre samewerking tussen maatskaplike werk en teologie vir die doeleindes van pastorale maatskaplike werk?
- Wat behels die aard en inhoud van perspektiewe op 'n teoreties gefundeerde basisteorie vir narratief-pastorale maatskaplike werk?
- Wat behels die aard en inhoud van praktykteoretiese perspektiewe vir narratief-pastorale maatskaplike werk?
- Wat is die mening van praktiserende maatskaplike werkers oor die verrekening van die geestelike dimensie tydens intervensies in maatskaplike werk ten einde 'n bydrae tot hoop te lewer?

Na aanleiding van bogenoemde vrae kan die volgende navorsingsdoelstelling gestel word.

### **1.3 Navorsingsdoelstelling**

Met die voorafgaande vrae as vertrekpunt kan sekere doelstellings vir die ondersoek van die navorsingsprobleem vervolgens geformuleer word. Eerstens word 'n oorkoepelende doelstelling gestel, gevolg deur 'n aantal doelwitte.

#### **1.3.1 Oorkoepelende doelstelling**

Die oorkoepelende doelstelling van hierdie studie sluit aan by 'n verkennende-beskrywende ondersoek van basis- en praktykteoretiese pastorale en narratiewe maatskaplikewerkteorieë ten einde inter- en intradissiplinêre narratief-pastorale praktykteoretiese perspektiewe te formuleer wat tot 'n perspektiwistiese geheelbenadering kan lei waarvolgens die geestelike dimensie in maatskaplikewerkintervensies verreken kan word.

#### **1.3.2 Doelwitte**

Die volgende doelwitte word ter bereiking van die gestelde doelstelling soos volg geformuleer:

- Die verkenning van literatuur van die volgende basis- en praktykteoretiese onderwerpe: (a) pastoraal-teologiese antropologie, (b) maatskaplikewerk-geskiedenis, (c) pastorale gespreksmodelle, (d) samewerkingsmoontlikhede vanuit 'n inter- en intradissiplinêre wetenskapsbeskouing tussen maatskaplike werk en pastorale benaderings, en (e) narratiewe-teorie en terapie.
- 'n Fenomenologiese verkenning om die verband tussen die literatuurbeskouings en die ervaring van maatskaplikewerkpraktisyns te beskryf.
- Die daarstelling van 'n navorsingsverslag van die bevindings met die doel om 'n bydrae tot die bestaande kennisvoorraad van maatskaplikewerkteorie te lewer.

Vervolgens word aandag aan die navorsingsmetodes en -prosedures wat in hierdie studie gevolg is geskenk.

## **1.4 Navorsingsmetode en -prosedures**

Vir die doeleindes van die navorsing word 'n kwalitatiewe metodologie gebruik. Soos reeds aangedui, is die navorsing verkennend en beskrywend van aard. Dit behels 'n literatuurstudie en 'n fenomenologiese ondersoek om na te gaan of standpunte wat in die literatuurstudie beskryf word, aansluiting by die praktyk vind.

Die data-insamelingstegniek wat vir die fenomenologiese ondersoek benut is, was fokusgroeponderhoude. Na voltooiing van die literatuurstudie en die fenomenologiese ondersoek is 'n navorsingsverslag saamgestel waarin die bevindings van die studie weergegee is.

Aangesien die navorsing oor twee studieterreine naamlik Maatskaplike Werk en Teologie strek, is dit intra- en interdisiplinêr van aard. Vervolgens word die gebruik van intra- en interdisiplinêre metodes bespreek.

### **1.4.1 Intra- en Interdisiplinêre Navorsingsmetodes**

In die bespreking van die twee vakterreine waaroor die studie strek is dit belangrik om daarop te let dat indelings van vakdisiplines insluitende maatskaplike werk en teologie van universiteitsfakulteit tot universiteitsfakulteit verskil.

In die huidige studie word die volgende indeling gebruik: maatskaplike werk word in die breë kategorie 'sosiale wetenskappe' met psigologiese, sosiologiese, antropologiese en politieke studies saamgevoeg, terwyl geskiedenis, teologie, filosofie, taalwetenskap, argeologie en kunste onder die geesteswetenskappe sorteer (De Vos, Schurink & Strydom 1998:5). Maatskaplike werk word binne die domein van sosiale wetenskappe geplaas, terwyl teologie onder geesteswetenskappe geplaas word.

De Vos et al. (1998:5) stel die onderskeid tussen die objek van die navorsingsterrein tussen die twee betrokke fakulteite soos volg: in die geesteswetenskappe word die navorsingsobjek meestal by wyse van indirekte metodes naamlik literatuurstudies bestudeer. Besondere waarde word aan dokumente en historiese gebeure geheg. In

die sosiale wetenskappe word meer praktykgerigte navorsing rakende die fenomenologiese situasie van die hier en nou van elke dag onderneem. Aangesien die hoofdoelstellings van sosiale wetenskappe tradisioneel as ondersoekend, beskrywend en verklarend beskou word, stel Louw (1999:563) die vraag hoe die sosiale wetenskappe met die geesteswetenskappe skakel. Verder wonder hy (Louw 1999) of teologie aan hierdie wetenskapsvereistes voldoen. Hy (Louw 1999:564) verskaf die antwoord deur na die nuutste tendense in navorsing en kennisname van nuwe paradigmas op die terreine van maatskaplike werk en teologie te verwys. Die paradigmaskuif impliseer 'n vorm van rasionaliteit wat ruimte vir konteks, normatiwiteit en metateoretiese dimensies van *verstaan* bied. Dit open nuwe weë vir die teologiese en maatskaplikewerkwetenskaps- metodiek (Louw 1999:564).

Die studie vind aansluiting by die voorafgaande verwysing na paradigmaskuiwe en nuwe moontlikhede vir maatskaplikewerkwetenskapsmetodiek omdat die pastoraal narratiewe epistemologiese fundering van die studie daarmee in verband gebring kan word. Die narratiewe navorsingsmetodiek vind aansluiting by induktiewe interpretatiewe kwalitatiewe navorsingsmetodes (Alvermann 2002:1; Ollerenshaw 2002:1). Sosiaal- wetenskaplikes wat vanuit 'n narratiewe epistemologie aan ondersoek deelneem, fokus op die stories- en lewenservarings wat mense vertel. Tydens kwalitatiewe navorsing waarin byvoorbeeld fokusgroep-onderhoude, gevallestudies, etnografieë en erkende teoretiese funderings gebruik word, word data by wyse van storievertelling ingesamel (Ollerenshaw 2002:1). Op hierdie wyse bied die kwalitatiewe navorsingsproses 'n konteks waarbinne betekenis vir individue sosiaal gekonstrueer word; die navorser word deel van die leefwêreld wat nagevors word en deel as medeskepper in die daarstel van 'n nuwe verhaal (Burr 1995:181; Schurink 2000: 408). Deurdadig daar 'n gesamentlike betekenis aan die stories wat vertel word geheg word, word die navorser en die deelnemers toegelaat om tydens gesprekke hul eie verstaan, interpretasie en toepassing van die praktyk te ontwikkel (Gardiner 1999: 13; Ollerenshaw 2002:3). Die primêre uitkoms van die ondersoek lê opgesluit in die unieke uitkoms wat uit die vertel van die stories gekonstrueer word (Ganzevoort 2001:4; Ollerenshaw 2002:4).

Die voorafgaande sluit by inter- en intradissiplinêre wetenskaplike benaderings aan wat deur skrywers soos Louw (1999: 515, 562); Janse van Rensburg (2000:79,80);

Peterson en Martin (2000:7); Tarcy (2000:2); Memmot, Kevin & Both (2001:8) en Van Dyk (2001:292) beklemtoon word. Hoewel inter- en intradissiplinêre benaderings vir die huidige praktyk-situasie van besondere betekenis is, is daar 'n duidelike voorbehoud naamlik, dat die oorspronklike basisteorie van teologie as wetenskap vanweë die triologiese dimensie van God drie-enig onaangeraak bly.

Intradissiplinêre benaderings dui op 'n indiepte ondersoek in 'n spesifieke navorsingsterrein soos maatskaplike werk. Nogtans word hierdie studie binne beide inter- en intradissiplinêre benaderings geposisioneer omdat die pastoraal-teologiese domein tradisioneel 'n onbekende studieveld vir maatskaplike werkers is. Die terrein van pastorale-teologie word op die manier intradissiplinêr verken terwyl interdissiplinêr op die terrein van maatskaplike werk gehandel word. Die doel met dié benadering is om uit die intradissiplinêre verkenning van pastoraal-teologiese benaderings tot die vorming van 'n interdissiplinêre perspektief te beweeg waarvolgens maatskaplike werkers die geestelike dimensie tydens maatskaplikewerk-intervensies kan verreken.

Louw (1999:568) en Janse van Rensburg (2000:80a) is van mening dat die volgende vir 'n teologiese wetenskapsmetodologie binne 'n interdissiplinêre wetenskapsmetodologie geld:

- Differensiasie sonder vermenging. Teologie en die menswetenskappe besit elkeen 'n eiesoortige identiteit waaraan die nodige erkenning verleen behoort te word.
- Die ontmoeting tussen God en mens verteenwoordig 'n onskeibare eenheid. 'n Interdissiplinêre benadering bied 'n groter moontlikheid as 'n intradissiplinêre benadering om die teologiese karakter van navorsing suiwer te hou. Dié karakter word in Bybelse waarhede vasgelê en kan nie verander word nie. Saamwony dien as voorbeeld: indien maatskaplike werkers sou argumenteer dat jong ongetroude persone van die teenoorgestelde geslag wat as egpare saamwoon maatskaplik aanvaarbaar is, sou dit Skriftuurlik onaanvaarbaar wees.

Vervolgens word die rol wat die literatuurstudie in hierdie ondersoek vervul, bespreek.

## 1.4.2 Literatuurstudie

Ten einde die verband tussen maatskaplike werk en pastorale werkswyses na te gaan, sal 'n betreklik uitgebreide literatuurstudie van bestaande bronne onderneem word. Volgens Creswell (1994:24) het 'n literatuurstudie vier belangrike oogmerke naamlik:

- 'n Aanduiding dat bestaande en relevante literatuur bemeester is.
- Die identifisering van ooreenkomste en verskille tussen vorige navorsing en dié besondere ondersoek.
- Die bydrae wat die bepaalde ondersoek tot die bestaande kennisbasis lewer.
- Die ondersteuning en verryking van 'n konseptuele raamwerk vir 'n beplande ondersoek.

Met die voorgaande oogmerke ten doel word die volgende temas in die studie bestudeer:

- Die rol van postmoderne denke in 'n hedendaagse samelewing, ten einde die invloed van wêreld- en lewensbeskouings in normatiewe keuses aan te dui.
- Die rol van mensbeskouings in die wetenskap met spesiale verwysing na maatskaplike werk.
- Die bepaling van samewerkingsooreenkomste tussen maatskaplike werk en teologie deur van 'n narratief-pastoraal teoretiese metodiek gebruik te maak.
- Narratiewe gespreksraamwerke met die doel om gespreksperspektiewe te formuleer waarvolgens die mens se verhaal in ooreenstemming met God se verhaal vir die mens gebring kan word.

Die doelwitte van hierdie studie kan na aanleiding van Grinnell (1993:399) soos volg saamgevat word: 'n literatuurstudie van maatskaplikewerk-navorsing sal onderneem word ten einde die volgende geleenthede te benut: die identifisering van homogene interdisiplinêre temas, die uitkenning en dokumentering van hoof-konseptuele relasies tussen bestaande navorsing, 'n kritiese bespreking van vorige navorsing, die bepaling van 'n geskikte navorsingsmetodologie, 'n aanduiding van leemtes in bestaande literatuur asook 'n aanduiding van behoeftes wat deur aanvullende navorsing aangespreek behoort te word.

Vervolgens word die fenomenologiese verkenning wat gevolg word bespreek.

### **1.4.3 Fenomenologiese Verkenning**

Babbie en Mouton (2001:33) omskryf fenomenologiese navorsing soos volg: "For the phenomenologist and other similar viewpoints (hermeneutics, symbolic interactionism, ethnomethodology) the aim of social sciences is primarily directed towards the understanding of individuals in terms of their own interpretations of reality and understanding of society in terms of the meanings which people ascribe to the social practices of society". Stanford (2003:3) konstateer dat fenomenologie die letterlike bestudering van 'n persoon is, wat poog om sy eie ervarings van die werklikheid en die fenomeen wat bestudeer word op 'n interpretatiewe manier weer te gee. Na aanleiding van die uitgangspunt waarvolgens ervarings van 'n fenomeen binne 'n bepaalde konteks waargeneem, geïnterpreteer en beskryf kan word, bied 'n fenomenologiese benadering 'n geskikte metodologie vir die onderhawige empiriese studie (Vgl. 6.2 vir 'n verdere bespreking oor fenomenologie as 'n kwalitatiewe navorsingsmetode).

Eerstens is die doel van fenomenologiese verkenning in hierdie studie om teoretiese beskouings oor die rol wat die geestelike dimensie in die ervaringswêreld van die mens-in-nood speel aan die hand van maatskaplikewerkpraktisyns se ervarings na te gaan.

Tweedens word met die fenomenologiese verkenning getrag om te bepaal of maatskaplike werkers meen dat hulle oor voldoende praktykkennis beskik om religieuse vrae wat uit die geestelike dimensie spruit, te kan verreken.

Derdens word met die fenomenologiese verkenning ten doel gestel om te bepaal of diakonologies gefundeerde narratiewe teorie 'n geskikte metodiek vir die formulering van narratief-pastorale perspektiewe bied wat deur maatskaplike werkers in die maatskaplikewerkpraktyk vir die verrekening van die geestelike dimensie benut kan word.

Metodologies beskou, is 'n fenomenologiese ondersoek kwalitatief, dialekties en interpretatief van aard. Die ingesamelde data word dan ook benut om 'n beter begrip van die praktyk te vorm. Voortvloeiend uit hierdie verstaanproses kan in aansluiting by Babbie en Mouton (2001:33), geredeneer word dat die nuwe insigte tot meningvormende interpretasies lei wat tydens interaksies tussen die navorser en die deelnemers gemaak word (Schurink 2000: 246). Hierdie proses is moontlik omdat die kennis wat die deelnemers met mekaar deel, uit individuele denkraamwerke en bepaalde praktykervarings saamgestel word.

In hierdie studie is op fokusgroeponderhoudvoering as data-insamelingsproses besluit, omdat dit by die voorafgaande fenomenologiese uitgangspunte naamlik kwalitatief en interpretatief, aansluit (Schurink, Schurink & Poggenpoel 1998: 313). Fokusgroepe as 'n data-insamelingstegniek het gedurende 1946 ontstaan en is aanvanklik deur bemarkers benut. Sosiaal-wetenskaplikes het fokusgroepe eers gedurende die negentientagties vir verkennende navorsingdoeleindes begin aanwend (Suter 2000:3).

Die gebruik van fokusgroepe as data-insamelingsmetode in die sosiale wetenskappe het meegebring dat sekere aanpassings van die metode se marknavorsingsgebruike gemaak moes word. Marknavorsers fokus hoofsaaklik op die *hier en nou-kennis* wat met die aankoop- en gebruiksvoorkeure van verbruikers verband hou. Wanneer in ag geneem word dat sosiaal-wetenskaplikes in die invloed wat bepaalde kulturele en filosofiese funderings op menslike gedrag het, belangstel (Suter 2000:4; Gibbs 1997:3), kan begryp word dat hulle addisionele inligting benodig.

Verskeie skrywers (Vgl. Caterall & Maclaran 1997:1; Suter 2000:3) is van mening dat die navorsingswaarde van fokusgroepe opgesluit lê in die kennisbydrae wat uit die interaksie en kommunikasie tussen die groeplede oor die onderwerp van bespreking gegenereer word. Behalwe die vrystelling van kennis in die vorm van bydraende menings oor die onderwerp van bespreking, bied fokusgroepe ook 'n bydrae tot kennisvorming. Die data word naamlik deur die navorser vergelyk en geïnterpreteer ten einde homogene temas te identifiseer (Shafritz & Roberts 1994:83).

Vir die doel van hierdie studie word gepoog om met behulp van fokusgroeponderhoude bepaalde narratief-pastorale perspektiewe aan te toon wat as

deel van 'n geheelbenadering deur maatskaplike werkers op 'n intradissiplinêre werkswyse benut kan word. In aansluiting by die intra- en interdissiplinêre aard van die studie, bied 'n fokusgroepbespreking met maatskaplikewerkpraktisyns, die geleentheid om by die praktyksituasie van die dag aan te sluit.

Verder word van die veronderstelling uitgegaan dat daar nie in narratiewe benaderings van kwantitatiewe metingsprosedures gebruik gemaak kan word nie omdat die fenomenologies waargenome resultate hermeneuties geïnterpreteer behoort te word (McNamee 1992:191; Parry 1991:39). Sodoende word logiese gevolgtrekkings wat uit die fokusgroepbesprekings voortvloei, verantwoord deur die resultate interpretatief te beskryf.

Ten einde die gebruik van fokusgroepe binne die konteks van hierdie studie behoorlik te verstaan is dit nodig dat die fokusgroep as 'n navorsingsdata-insamelingstegniek verder toegelig word.

#### **1.4.4 Fokusgroepe**

'n Fokusgroep kan omskryf word as 'n beplande onderhoud deur middel waarvan persepsies van 'n bepaalde gedefinieerde onderwerp bekom kan word (Gibbs 2000:3). Schurink et al. (1998:314) voeg die bestaan van 'n onderlinge onderskeibare interaksiepatroon tussen deelnemende lede aan 'n fokusgroepbespreking by. "*Onderhoud*" dui op die teenwoordigheid van 'n opgeleide moderator (navorsers) wat die groepbespreking tot so 'n mate fasiliteer dat inligting rakende die onderwerp van bespreking bekom kan word. "*Fokus*" impliseer dat die klem in 'n fokusgroep op die bespreking van een sentrale tema wat ondersoek word geplaas word (Schurink et al. 1998:314).

Maatskaplikewerkpraktisyns kan as 'n homogene groep bestaande uit vier tot agt lede, vir onderhoudvoering saamgegroepeer word om op 'n spesifieke navorsingsonderwerp te fokus. Die groeps gesprek word deur middel van groepwerkbeginsels en groepwerksgesprekstegnieke geaktiveer, en spesiale aandag word gegee aan kennis (data) wat uit interaksiepatrone, verbale en nie-verbale kommunikasie gegenereer word en as meningvormende bydraes vir antwoorde op bestaande

maatskaplikewerkprobleme kan dien (Schurink et al. 1998:315; Gibbs 2000:3; Shafritz & Roberts 1993:1).

Meningvormende bydraes verwys na die praktiese ervaringskennis wat maatskaplikewerk-praktisyns tydens die fokusgroeponderhoud met mekaar deel. Die navorser poog tydens die fasilitering van die fokusgroeponderhoud om by meningvormende bydraes van die deelnemers aan te sluit ten einde meer agtergrondkennis van die onderwerp onder bespreking te bekom en/of om nuwe idees en konsepte te verifieer. 'n Verdere voordeel van fokusgroepe is die identifisering van potensiële probleme wat in die voorgestelde benadering kan voorkom asook die toetsing van geskikte vrae waardeur die studie gerig word (Stewart & Shamdasani 1990:15).

In die studie is slegs op fokusgroeponderhoudvoering besluit en nie (ook) op ander kwalitatiewe metodes om inligting van ervare maatskaplikewerkpraktisyns in te samel nie. Die redes hiervoor kan soos volg saamgevat word: (a) in teenstelling met deelnemende waarneming en ander kwalitatiewe metodes het fokusonderhoude 'n relatief vinnige metode van data-insameling vir die huidige ondersoek gebied, (b) fokusgroepe het die kanaal vir 'n diakonologiesgefundeerde narratief-pastorale benadering gebied waar die navorser saam met mede Christelike maatskaplikewerkpraktisyns na moontlike wyses kon soek oor hoe kliënte se stories van die mens in ooreenstemming met dié van God gebring kan word, en (c) fokusonderhoude het die moontlikheid gebied om na aanleiding van maatskaplikewerkpraktisyns se vakkundige menings oor 'n narratief-pastoraal perspektiwistiese benadering nuwe teoretiese kennis te genereer wat saam met reeds bestaande maatskaplikewerkintervensiemodelle benut kon word. (d) Die video-opname van die verloop van die fokusgroeponderhoude word maklik gemaak omdat die fokusonderhoude op een plek en in een lokaal plaas vind. (e) Die transkribering van 'n video-opname plaas die navorser onmiddelik voor die realiteit van die fenomeen wat bestudeer word. (Schurink et al. 1998:328). (f) Verder kan die navorser se subjektiewe betrokkenheid as deel van 'n kwalitatiewe navorsingsproses verreken word; erkenning van die navorser se subjektiwiteit tydens die navorsingsproses vorm deel van die nutste denke in sekere kwalitatiewe navorsingskringe (Schurink 2004:8; Cohen & Daniels 2001:13). Hierdie benadering in fokusonderhoude bring

mee dat die navorser sinsnedes soos die volgende kan gebruik: “Kom ons gesels saam oor hierdie aspek” (Vgl. Bylae C vir ‘n verbatim verslag van die verloop van die fokusonderhoude).


Normaalweg word vier hoofbeplanningsfasies met subafdelings in die uitvoering van ‘n fenomenologiese studie, waar van fokusgroepe gebruik gemaak word onderskei, naamlik: die voorbereiding van die onderhoude, die uitvoer daarvan, analise van die data, en ten slotte, die gevolgtrekkings en aanbevelings wat gemaak word (Shafritz & Roberts 1994:3). Tabel 1.2 gee ‘n geheeloorsig van die proses wat gevolg word.

**Tabel 1.2 Beplanningsfasies vir die implementering van fokusgroepe**

<b>BEPLANNINGSFASIES VIR DIE IMPLEMENTERING VAN FOKUSGROEPE</b>	
<b>HOOFFASIES</b>	<b>AKSIESTAPPE</b>
<b>Voorbereiding</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>- Ontwikkeling van ‘n teoretiese raamwerk om die uitvoer van die navorsingsproses te rig.</li> <li>- Opsporing en werwing van moontlike deelnemers.</li> <li>- Die vasstelling van ‘n bepaalde tyd, dag en lokaal vir die fokusgroeponderhoude.</li> <li>- Stuur van amptelike kennisgewing van groepsessies aan deelnemers per e-pos.</li> <li>- Aanwysing van ‘n hulpmoderator.</li> </ul>
<b>Fokusgroepebyeenkomste</b>	<p>Sessie 1:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>- Oriëntering t.o.v. navorsingsprobleem en ondersoekvrae wat die studie rig</li> </ul> <p>Sessie 2:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>- Die bruikbaarheid van narratiewe terapie binne ‘n diakonologiese konteks in maatskaplike werk</li> </ul>
<b>Data-analise</b>	Dokumentering van groepsessies - transkribering van kassetbande, hermeneutiese interpretasies.
<b>Gevolgtrekkings en aanbevelings</b>	Beskrywing van die navorsingsresultate vir die doeleindes van die navorsingsverslag.

Vervolgens bied Figuur 1.1 'n samevattende oorsig van die konseptuele raamwerk wat gebruik is om te bepaal wat met die fokusgroeponderhoude ten doel gestel word.

**Figuur 1.1 Implementeringsraamwerk van die fokusgroeponderhoud**



'n Meer volledige bespreking van die onderskeie fases in die verloop van die fokusgroep-onderhoude soos genoem in Tabel 1.2 en Figuur 1.1 word in Hoofstuk 6.4 as deel van die fenomenologiese verkenning aangebied.

Die begrensing van die studie word vervolgens bespreek.

## 1.5 Begrensing van die studie

Die doel van hierdie studie behels nie die ontwikkeling van 'n volledige narratief-pastorale praktykmodel vir gebruik deur maatskaplike werkers nie. Die ondersoek is hoofsaaklik beperk tot (a) 'n teoretiese verkenning en beskrywing oor die gebruiksmoontlikhede van narratief-pastorale perspektiewe in maatskaplike werk en (b) die daarstelling van

praktykteoretiese perspektiewe waarvolgens maatskaplike werkers deur middel van inter- en intradissiplinêre werkswyses narratief-pastorale teorieë vir die verrekening van die geestelike dimensie tydens maatskaplikewerkhulpverlening kan benut.

Met die oog op die literatuurstudie is bronne rakende narratiewe werkswyses, pastorale- en maatskaplikewerkteorieë verken. Die literatuur is meestal vanaf die Universiteit van die Vrystaat Sasol-biblioteek, die biblioteek van die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing en die Interdepartementele Staatsdiens-Biblioteekdienste bekom. Verder is relevante vaktydskrifte, tydskrifartikels en resente boeke bestudeer. Ten einde resente internasionale standpunte oor die onderwerp van die studie te bekom is Internetfasiliteite benut. Ook referate wat tydens opleidingsgeleentheid oor narratiewe terapie en pastoraal-narratiewe epistemologieë aangebied is, is gebruik.

‘n Beperkte fenomenologiese ondersoek is met behulp van ‘n fokusgroep onderneem. Die doel was hoofsaaklik om vas te stel wat die situasie met die verrekening van die geestelike dimensie deur maatskaplike werkers in die praktyk is. Die rasionaal hiervoor is die beskikbaarheid van sekondêre inligtingsbronne in pastorale benaderings vir navorsingsdoeleindes (Dobson 2000:65; Müller 2000:88a; Brandt & Skinner 1999:52; Lucado 1998:50; Hindson & Eyrich 1997:208; Lester 1995:113; Switzer 1990:223; Nouwen 1969:59).

Die doel van die fenomenologiese ondersoek is hoofsaaklik om met behulp van fokusgroepe saam met maatskaplikewerkpraktisyns oor die verrekening van die geestelike dimensie in maatskaplike werk te besin. Die uitgangspunt is dat die perspektiewe wat tydens die fokusgroep na vore kom tot die daarstelling van ‘n geheelbenadering kan bydra waarin van narratief-pastorale perspektiewe in maatskaplike werk gebruik gemaak kan word om die geestelike dimensie te verreken.

Beskrywende narratiewe van kliënte wat deur die navosingsdeelnemers vertel word, bied waardevolle data vir Christelike maatskaplike werkers om meer insig oor die rol van die geestelike dimensie as 'n hoopgewende bron te bekom.

Die fenomenologiese ondersoek waarin fokusgroepe gebruik word, vul die literatuurstudie op ‘n interdissiplinêre manier aan.

## 1.6 Konseptualisering

Aangesien konsepte tipies meer as een betekenis het, is dit nodig dat die konsepte wat herhaaldelik in die onderhawige studie voorkom, bespreek word sodat onduidelikhede sover moontlik uitgeskakel kan word. Verder is dit noodsaaklik om die epistemologie waarvolgens die konsepte betekenis kry, te verduidelik. Janse van Rensburg (2000:2a) verduidelik epistemologie aan die hand van 'n metafoor: wanneer 'n skildery geverf word besluit die skilder of die voorstelling abstrak of realisties van aard moet wees; dié voorstellingsbesluit beïnvloed die eindresultaat van die skildery. “The frame of mind (paradigm) determines the painting, while the epistemology is the theory of how the paint should be organised on the canvas to fit the paradigm: that is, how the knowledge should be gathered and organised in order to come to a conclusion. From this metaphor we can see that the epistemological premise indeed co-determines the manifestation of a foundational theory” (Janse van Rensburg 2000:2a).

In die onderhawige studie impliseer epistemologie dat die basiese vertrekpunt (of keuse) waarvolgens kennisuitsprake gemaak word, diakonologies van aard is. 'n Diakonologiese uitgangspunt word op Bybelse beginsels gebaseer. (Vgl. 1.6.1.1).

Die hoofkonsepte soos in die navorsingstitel, *'n Narratief-pastorale benadering in Maatskaplike Werk* aangetref, word vervolgens in navolging van Grinnell (1993:25) soos volg gegroepeer ten einde 'n geheelbeeld van die studie te vorm: pastorale en teologiese konsepte, narratief-pastorale werkswyses en relevante verbandhoudende maatskaplikewerkbegrippe.

Vervolgens word aandag aan pastorale en teologiese konsepte gegee.

### 1.6.1 Pastorale en teologiese konsepte

'n Verkenning van die begrip pastoraat dui daarop dat dit by implikasie met twee aspekte verband hou naamlik: die mens se verhouding met God en/of die mens se ervaring van die lewe. Anders gestel, kan dit vergelyk word met teologie en/of psigologie. 'n Suiwer grensafbakening tussen die twee aspekte is baie moeilik (Louw 1999:1). Die pastorale wetenskap is met die mens as 'n fisiese, psigiese en geestelike

wese gemoeid. Dualisme tussen die fisiese, psigiese en geestelike dimensies word in pastorale benaderings sover moontlik vermy (Vgl. 3.4 vir 'n bespreking in die verband). Tog kan die pastoraat nie die spanning tussen God en mens vermy nie. Louw (1999:1) verkies derhalwe om na die pastoraat te verwys as 'n "Ontmoeting tussen God en mens". Dit beteken dat 'n keuse in 'n benaderingsperspektief vir 'n pastorale ontmoeting gemaak moet word. Die keuse vir die pastoraat is daarom perspektiwisties van aard. In 'n perspektiwistiese benaderingskeuse gaan dit in die eerste plek om die vertikale en horisontale verhouding tussen God en die mens (Louw 1999:1). Die vertikale en horisontale verhouding tussen God en die mens word deur Strauss (1998:19) as 'n integrale eenheid verduidelik. Die mens se gedrag word te alle tye deur die horisontale verhouding waarin die mens tot God staan, gerig. As die vertikale en horisontale verhouding van mekaar geskei word, verval die mens in 'n ideologiese tweevoud. Dit is hierdie tweevoud wat Louw (1999:1) wil probeer vermy deur na die pastoraat te verwys as 'n "Ontmoeting tussen God en die mens". Die eenheid tussen God en die mens word beklemtoon. Die verhouding waarin die mens tot God staan word as die wortelverhouding beskryf, terwyl daar na die horisontale medemenslikeverhoudings as takverhoudings verwys kan word (Strauss 1998:19). In die pastoraat kan die wortel en die takke met ander woorde nie los van mekaar gemaak word nie. Die invloed van die geestelike dimensie of die verhouding waarin die mens tot God staan, speel volgens hierdie perspektief 'n bepalende rol in alle ander maatskaplike verhoudings waarbinne die mens leef.

*Pastorale terapie* as 'n wetenskap bring 'n toestand van heling, verandering en groei as uitvloeisel van die kommunikasie van die evangelie mee. Dit verteenwoordig die helende dimensie van herstel en groei wat sy oorsprong in die gees van die mens het. In samehang met die hoop van die Christelike geloof kan pastorale terapie omskryf word as "promissiotherapie: die transformerende effek van die vervulde heilsbeloftes in Christus wat deur die Heilige Gees die toekoms ontsluit en hoop wek" (Louw 1999:28). (Vgl. 3.4.1.3 vir 'n bespreking in die verband).

'n Verdere perspektiwistiese keuse waardeur hierdie studie gerig word, is 'n diakonologies-gefundeerde narratiewe epistemologie wat impliseer dat Bybelse beginsels perspektiwistiese keuses in die horisontale en vertikale God-mensverhouding rig. Die mens se storie moet daarom in ooreenstemming met God

se storie vir die mens, soos in die Bybel beskryf, gebring word. Hierdie perspektief kry 'n pastorale kleur as daar met bepaalde voorveronderstellings gewerk word na die mens se soeke na sin. In die mens se soeke na sin gaan dit veral om angs, skuld, skuldgevoelens, wanhoop en sinloosheid waarin pastoraat as teologiese wetenskap ten nouste betrokke is (Louw 1999:1).

### **1.6.1.1 Die rol van subjek (pastor) en objek (kliënt) binne 'n diakonologiese perspektief**

Aan die beginjare van wetenskaplike teoretiese formasie van pastorale sorg, is die pastor (as *subjek*) tradisioneel as 'n verteenwoordiger van God beskou. Die beeld van die pastor word dan ook dikwels gesimboliseer deur na die pastor as 'n herder van God te verwys. Die kliënt (*objek*) is die persoon aan wie geestelike leiding deur die herder gebied word. Hierdie benadering word in 'n postmoderne paradigma waar die kliënt as die kundige of ekspert beskou word, gewysig sodat die pastor of berader die rol van subjek vertolk en die kliënt dié van die objek (Janse van Rensburg 2000 (d):1;22). 'n Hermeneutiese intersubjektiviteit word as gevolg van die paradigmaskuif dus teenoor 'n *subjek-objek* benadering gestel.

In die onderhawige navorsing word onder die volgende voorwaardes erkenning aan die gebruikswaarde van 'n *hermeneutiese intersubjektiviteit* verleen:

- 'n *Subjek-objek* skema behoort nooit eksklusief gebruik te word sodat die berader 'n dominante en raadgewende posisie beklee nie. Sò 'n benadering kan aanleiding tot 'n fundamentalistiese Skrifgebruik gee waartydens die kliënt dwangmatigheid beleef en geen ruimte ervaar om sy eie narratief te vertel nie.
- Wanneer 'n *subjek-objek* skema verwerp word, word die teologiese karakter van 'n diakonologiese gefundeerde pastorale benadering aangetas.
- Die korrekte toepassing van 'n *intersubjektiewe* benadering kan tot die verryking van die pastorale proses bydra. Voorbeelde hiervan is hermeneutiese interpretasie, narratiewe- en dekonstruksieteorieë losgemaak van 'n postmodernistiese epistemologie waarin weg van die objektiewe waarheid beweeg word.
- In 'n ware diakonologiese benadering bly die pastor te alle tye 'n instrument in God se hand te wees en is God as 't ware die primêre subjek in pastorale sorg; net


God alleen kan werklik mense se lewens transformerend verander (Janse van Rensburg 2000a:22).

### 1.6.1.2 Teologiese basis- en praktykteorieë

Besinning van die teologie en die rol daarvan in pastoraat gee aanleiding tot die vorming van 'n teologiese basisteorie vir die pastoraat. Hoe groter die mate waarin die pastoraat in die praktyk by mense-in-nood betrokke raak, hoe groter die blootstelling aan empiriese en/of fenomenologiese navorsing. Hierdie blootstelling bring mee dat 'n basisteorie gevorm moet word wat as 'n kriterium kan dien om empiriese en/of fenomenologiese materiaal te orden (Louw 1999:4). As uitvloeisel van 'n basisteorie ontstaan 'n praktykteorie. Venter (1996:24) verduidelik: "In teorievorming word in die een refleksdomein basisteories te werk gegaan. 'n *Basisteorie* beskryf sistematies vanuit die Skrifopenbaring die wese en doel van byvoorbeeld kommunikatiewe handeling, of die kerk waarbinne die kommunikatiewe handeling plaasvind. In die ander refleksdomein vind praktykteoretiese teorievorming plaas. 'n *Praktykteorie* beskryf hoe 'n basisteorie in die praktyk behoort te funksioneer. Beide teorieë het met dieselfde werklikheid (mens-in-nood) te make. Om tot 'n prakties-teologiese teorievorming tussen die twee refleksdomeine te kom word 'n hermeneutiese wisselwerking benodig". Dié benadering is deur R. Zerfass ontwerp (Zerfass 1974:166) en beklemtoon die verband tussen teorie en praktyk (*praxis*) maar verteenwoordig nie 'n hermeneutiese model nie. Die voorafgaande bespreking word soos volg in Figuur 1.2 geïllustreer.

In Figuur 1.2 verteenwoordig Praxis (1) die bestaande basispraktyk. Wisselwerking tussen die basispraktyk gerig deur Skrif en teologiese tradisie (4,5) word deur middel van teologiese oorlewing en 'n wisselwerkende analise (5,6) ondersoek ten einde 'n nuwe (7,8,9) praktykteorie te formuleer. Die resultaat word as 'n nuwe praktykteorie (Praxis 2) voorgestel.

**Figuur 1.2 Die Hermeneutiese wisselwerking in prakties-teologiese teorievorming**



(Zerfass 1974:166).

In aansluiting by die voorafgaande benadering word in die onderhawige studie die oorspronklike praktykbenadering aangepas, aangesien die doel van die studie is om nuwe teoretiese kennis te genereer aan die hand waarvan maatskaplike werkers deur middel van 'n geheelbenadering deur die gebruikmaking van narratief-pastorale perspektiewe die geestelike dimensie kan verreken.

Teoretiese nadenke lei tot die vorming van basisteorieë waarin wetenskaplike konsepte gefundeer word. Louw (1999:4) beskryf teologiese basisteorie as die nadenke oor teologie met die doel om 'n basisteorie te ontwerp vir pastorale

handelinge. Dit lei tot die identifisering van bepaalde sleuteldimensies waarop 'n basisteorie vir pastorale teologie gegrond kan word. Voorbeelde van sleuteldimensies vir pastorale teologie is: die verstaan van die mens, interdisiplinêre benaderings, kommunikasieprosesse en terapeutiese modelle. Eventueel word die sleuteldimensies aangevul deur 'n basis praktykteorie (Louw 1999:5).

Vir die doeleindes van hierdie studie vorm die literatuurhoofstukke die basiese sleuteldimensies waarin 'n basis- en praktykteorie vir narratief-pastorale perspektiewe vir pastorale maatskaplike werk ontwikkel word. Die sleuteldimensies wat in die literatuurhoofstukke vir die pastorale maatskaplike werk bespreek word is die volgende: teologiese antropologie, pastorale benaderings volgens 'n Bybelse perspektief, basis teoretiese narratief-pastorale maatskaplike werk en praktykteoretiese narratief-pastorale maatskaplike werk.

'n Verdere begrip wat verheldering verg, is die geestelike dimensie.

### **1.6.1.3 Geestelike Dimensie**

In die "Readers Digest" Woordeboek (1994:280) word 'geestelike' aan die Engelse woord *spirituality* gelyk gestel. In Engelse maatskaplikewerkvak-literatuur word die woord *spirituality* aangewend om die geestelike gebondenheid van die mens aan God te beskryf (Canda 2000:105). Vir die doeleindes van hierdie studie word die woord geestelik en spiritualiteit as sinoniem beskou en is die volgende samevattende opmerking van Canda (2000:106) veral toepaslik :

*"There is perhaps a bit too much narrow intellectual inbreeding here and a sign that the social work profession should reach outside of its boundaries to incorporate a broader conceptualization of spiritual subjects and issues. It seems unwise to examine one's own professional literature too exclusively for a conceptualization of spirituality while largely ignoring the extremely rich body of literature in a multitude of other fields and from a variety of minds".*

In aansluiting by Strauss (1998:9) se standpunt dui Canda (2000:106) aan dat die koninkryk van God nie tussen sondige en nie-sondige mense verdeel kan word nie. Die kern van die evangelie dui daarop dat die genade van God vir alle mense, gelowiges en ongelowiges, genoeg is. God het vir almal gesterf. Alle mense word uitgenooi om God se genade-aanbod te aanvaar. Die mens maak met die leiding van die Heilige Gees 'n bewuste keuse om vir God te leef. Hierdie keuse bring mee dat wedergebore kinders van God in alles volgens Sy wil behoort te leef. 'n Pastoraal-gefundeerde maatskaplikewerkbenadering word daarom nie tot dienslewering net aan Christene beperk nie. Engelbrecht (1982:108) is van mening dat dit nie om die verkerkliking van die organisasie gaan nie, maar om die kerstening van die buitekerklike Christelike organisasies. "Dit is die gewone burgerlike lewe wat met die heil in Christus gestempel moet word" (Engelbrecht 1982:108).

#### **1.6.1.4 Narratief-Pastorale**

'n *Narratief-pastorale* werkswyse is gekies om pastorale perspektiewe in maatskaplike werk aan die hand van inter- en intradissiplinêre pastorale vakwetenskapskennis te inkorporeer. Narratiewe benaderings word veral met postmodernistiese epistemologieë geassosieer (White 2000:62-63, 127; Anderson & Goolishian 1992:30; Roux & Kotze 1997:63).

Betreffende postmoderne begrippe, word die oorsprong daarvan in taalfilosofie gesoek (Janse van Rensburg 2000:6a). Taal is as metafoor die medium waardeur uitdrukking aan die interpretasie van die lewe gegee word. Net soos die betekenis van woorde in 'n taal nie altyd dieselfde betekenis het nie, omdat die konteks waarbinne dit gebruik word 'n bepalende invloed het, word herhaaldelik aan die lewe by wyse van nuwe taalinterpretasies veranderde betekenis toegeken. Sodoende word geglo dat geen vaste waarheid en waardes bestaan nie (Janse van Rensburg 2000:6a). 'n Verdere aspek word deur Fields (1995:3) uitgelig naamlik dat postmodernisme op sigself nie 'n wêreldbeskouing verteenwoordig nie daar dit nie 'n model of paradigma bied wat die totale realiteit omskryf nie. Dit poog eerder om konformiteit en waarheid te dekonstrueer. Die betekenis wat deur postmodernisme aan narratiewe terapie toegeken word, word nie in die onderhawige studie ondersteun nie, omdat aanvaar word dat vaste waarhede wat op Bybelse beginsels gebaseer word, bestaan.

Vir die doeleindes van hierdie studie word die begrip *narratief-pastoraal* binne 'n diakonologiese pastorale konteks vertolk. Dit bring mee dat die evangelie-boodskap deur middel van die pastorale gesprek aansluiting by geloof in God as 'n realiteit waarvolgens geleef behoort te word, vind. Sodoende vind 'n fusie tussen God se verhaal vir die mens en die mens se eie verhaal plaas. “'n Narratiewe aanpak het binne die konteks van die pastoraat die effek van storievertelling. Hierdie stories word in die lig van die Storie van die Evangelie belig” (Louw 1999:23). Geloof in God word as 't ware in werking gestel deur die bewusmaking van God se liefde as die sentrale boodskap vir die mens.

Die voorafgaande beskouing van Louw (1999) dui daarop dat die Bybel as 'n riglyn geneem word waarvolgens, tydens pastorale terapie, vaste waardes en waarhede afgelei kan word. Hiervolgens word die mens se verhaal ooreenkomstig God se verhaal vir die mens uitgedruk. Dit is in kontras met postmoderne epistemologieë wat van dekonstruksie teorieë gebruik maak en van vaste waarhede as norm wegbeweeg. (Vgl. 4.4.4.1).

## **1.6.2 Maatskaplike werksywyses**

Vervolgens word maatskaplike werksywyses soos in die ondersoek gebruik, toegelig.

### **1.6.2.1 Christelike maatskaplike werk**

Le Roux (1970:5) omskryf *Christelike maatskaplike werk* deur 'n onderskeid tussen 'n humanistiesgebaseerde lewensbeskouing versus 'n Christelik- gebaseerde lewensbeskouing te tref. Uit 'n humanistiesgeörienteerde lewensbeskouing gaan dit slegs om die "hier en nou" en is die motief vir hulpverlening in "aardse goedheid" gefundeer. Hierteenoor word in 'n Christelike lewensbeskouing erkenning aan die Bybelse opdrag om God bo alles lief te hê en jou naaste soos jouself, verleen. Dienslewering kry as gevolg van 'n bewuste religieuse keuse 'n Christelike karakter.

Ryke (1998:33) verwys na 'n omskrywing van Heasman (1965) wat die benadering wat deur 'n *Christelike maatskaplike werker* gevolg word, aan die hand van die rol

wat Christelike geloof in die lewe van die maatskaplike werker vertolk, verduidelik. 'n Volwasse geloofslewe word in dieselfde kader as professionele vermoëns geplaas. Verder word geglo dat 'n Christelike fundering Bybelse waarhede verteenwoordig en dat interpretasies van die lewe op hierdie waarheid gegrond behoort te word. Hierdie waarheid bied ook die waarborg dat die diens wat gelewer word 'n Christelike karakter versus 'n bloot humanistiese benadering verteenwoordig.

Uit die voorgaande omskrywings van Christelike maatskaplike werk blyk dat die begrip *Christelike maatskaplike werk* in 'n Christelike dogma gefundeer word. Dit impliseer nie die verrekening van die geestelike dimensie as 'n integrale geheel tydens terapeutiese intervensies nie aangesien 'n dogma slegs basiese uitgangspunte daarstel (Vgl 3.5 vir 'n bespreking in die verband).

Volgens Mouton & Marais (1988:14) dui epistemologie in die geesteswetenskappe op meer as die blote *verstaan* van verskynsels. Dit gaan inderwaarheid om werklikheidsgetroue uitsprake of die soeke na waarheid. In aansluiting hierby is Paul et al. (2002:235) van mening dat Christelike maatskaplike werk op Bybelse beginsels gebaseer word. Funderingsbeginsels bepaal grootliks die werkswyse waarvolgens handelings uitgevoer word. Die aard van beginsels word deur Strauss (1998:78) soos volg omskryf:

*“A principle is a universally constant point of departure which only becomes effective (is given positive expression) through the actions of a competent person or institution which has a responsible free will which enables him to reach a normative or anti normative application of the particular principle in unique historical circumstances.”*

Uit hierdie omskrywing kan afgelei word dat beginsels aan bepaalde historiese omstandighede verbind kan word en dat bewuste keuses normatief of anti- normatief kan geskied. Strauss (1998:77) wys verder daarop dat 'n beginsel in sigself nie 'n regulerende prinsipe is nie en dat 'n beginsel eers regulerend karakter verkry as dit deur 'n bepaalde oorsprong gerig word. So byvoorbeeld is Bybelse beginsels in sigself van geen waarde as dit van die oorsprong (die liefde van Christus vir die mens) losgemaak word nie. Maatskaplike werkers fokus in die uitvoering van hul take meer

op normatief-juridies-regulerende samelewingsbeginsels. Byvoorbeeld in die uitvoering van 'n kindersorgfondersorg geld die normatief-regulerende beginsels van die Wet op Kindersorg. Gevolglik redeneer Atwood (1998:2) dat maatskaplike werkers geen doelgerigte poging aanwend om die *geestelike* dimensie as 'n integrale deel van die aangebode probleem te verreken soos wat in pastorale benaderings gedoen word nie. Strauss (1998: 77) konstateer samevattend oor Christelike beginsels dat Christene aan 'n Bybelse religieuse normatiewe geloofskeuse uiting gee omdat die mens alleenlik in die Bybel met die liefde van God vir die mens gekonfronteer word. Christelike beginsels binne 'n maatskaplikewerk-terapeutiese konteks kry sodoende eers waarde as die liefde van God doelbewus met die kliënt gekommunikeer word.

In Suid-Afrika ondersteun sommige maatskaplike werk departemente en/of universiteite Christelike onderwys (Hugenote Kollege Leerplan 2003:14; Jaarboek Potchefstroomse Universiteit 2002:2). Christelike hoër onderwys word deur Engelbrecht en Niewenhuis (1988:170) omskryf as: "Pedagogiese beginsels wat die ideologie aandui waarvolgens 'n bepaalde onderwysinstelling homself onderskei van soortgelyke instellings". Die Hugenote Kollege as 'n spesialiteitsopleidinginstelling in Christelike maatskaplike werk funksioneer uit 'n Christelike epistemologie en voosiening word vir 'n verskeidenheid van maatskaplikewerkbenaderings soos die lewensmodel, sisteemteorie, ekosistemiese, gedragsterapie, kliënt-gesentreerde en krisisteorie gemaak. 'n Pastorale benadering waarvolgens die liefde van Christus doelbewus met die kliënt gekommunikeer word, vorm nie eksplisiet deel van die aangebode maatskaplikewerkkursusse nie (Hugenote Kollege Leerplan 2003). Maatskaplike werkers wat verkies om aan instellings te studeer wat voorkeur gee aan Christelike hoër onderwys vind aansluiting by Christelike perspektiewe en/of normatiewe beginsels waarvolgens maatskaplike werk onderrig word.

Onder Christelike maatskaplikewerkbenaderings word verstaan dat maatskaplike werkers wat Christene is, 'n professie beoefen volgens 'n Christelike leefwyse en volgens beginsels soos empatie, omgee, liefde, medemenslikheid, onvoorwaardelike aanvaarding, eerbied en respek in hul wetenskapsbeoefening (Le Roux 1970:5; Hugen 1998:9; Ryke 1998:33). 'n Christelike benadering impliseer nie noodwendig dat die invloed van die geestelike dimensie verreken word nie. Engelbrecht (1982:107) is van mening dat 'n Christelike perspektief bepaalde normatiewe beginsels impliseer

waarvolgens Christene handel en nie die verkerkliking van die samelewing nie. Daarteenoor is die doelwit van 'n pastorale benadering om by God se verhaal vir die mens aan te sluit. Gesprekke wat alleenlik op Bybelse normatiewe riglyne fokus wanneer met huweliksprobleme gehandel word, voldoen nie aan 'n geheelbenadering nie. Die aanleidende oorsaak tot byvoorbeeld huweliksontrou as 'n verontagsaming van Bybelse norme, manifesteer as sonde en die invloed daarvan moet ooreenkomstig 'n pastorale benadering bespreek word.

Indien wegbeweeg wil word van 'n Christelik-normatief-regulerende benadering kan geredeneer word dat die maatskaplike werker, om aansluiting by 'n pastorale benadering te vind, naas die fisiese en psigiese dimensie ook die geestelike dimensie moet verreken. (Vgl.1.6.1). Verrekening van die dimensie het die herstel van die mens se verhouding met God ten doel. Die verhouding waarin die mens tot God staan, word as die oorkoepelende, transendente, rigtinggewende verhouding aanvaar asook dat alle ander verhoudings daarvolgens gerig word (Canda 2000:105; Gilbert 2000:68). Dit blyk dus dat daar vir die verrekening van die geestelike dimensie bepaalde vakwetenskaplike kennis behoort te bestaan.

### **1.6.2.2 Pastorale maatskaplike werk**

In 'n *pastorale maatskaplikewerk*benadering word by wyse van 'n inter- en intradissiplinêre benadering van die standpunt uitgegaan dat die geestelike dimensie deel van die basiese synsdimensies van die mens vorm en dat dit holisties en as 'n integrale deel van die aangebode maatskaplikewerkproblematiek en hulpverleningsproses in maatskaplike werk beskou moet word. Die heilsboodskap word deur middel van psigo- pastoraalterapeutiese beginsels doelgerig gekommunikeer met die oog op transformering en die aanvaarding van die heilsbeloftes van Christus wat verder deur die Heilige Gees ontsluit word om tot eskatologiese hoop te lei.

### **1.6.2.3 Raamwerk**

'n *Raamwerk* verteenwoordig die konsepte waarbinne 'n bepaalde benadering funksioneer en word op sy beurt deur vakkennis, maatskaplike beleid en wetgewing bepaal (Smale, Tusson & Statham 2000:1). Die volgende bied 'n oorkoepelende

beskouing: "Maatskaplike werk is 'n vakkundige diens wat deur maatskaplike werkers gelewer word binne die raamwerk van maatskaplike sorg" (Du Preez 1972:12). As voorbeeld kan verwys word na die beleidsraamwerk van die huidige regering waarvolgens maatskaplike werk deur middel van 'n ontwikkelingsgerigte benadering beoefen word. 'n Verdere voorbeeld is die kwalifikasieraamwerk vir maatskaplike werkers waarin die vereiste vakkennis waarvoor maatskaplik werkers moet beskik eers beskryf moet word alvorens hulle as maatskaplike werkers kan kwalifiseer (Vgl. 3.3 vir 'n bespreking in die verband). Dit blyk dat 'n raamwerk binne hierdie konteks 'n breë riglyn vorm waarbinne sekere vereistes vir die doeleindes van die maatskaplikwerkprofessie beskryf word.

#### **1.6.2.4 Model**

Die gebruik van die woord *model* in maatskaplike werk het volgens Estes (1992:3) die volgende vier doelwitte:

- Dit help om die kompleksiteit en impak van die samelewing op die lewe van die kliënt te beskryf.
- Die lei tot beter begrip van die rol wat gedrags- en interaksiepatrone in die lewe van die kliënt speel.
- Kennis van modelle stel die maatskaplike werker in staat om sekere gedragspatrone te antisipeer en handelend op te tree.
- Die gebruikmaking van modelle lei tot die formulering van 'n doelgerigte behandelingsplan vir die kliënt.

Dit blyk dus dat 'n model 'n klinkklare voorskriftelike riglyn bied waarvolgens daar in elke fase van hulpverlening met spesifieke aangeleentede gehandel word. Enige verwysing na maatskaplikewerkmodelle in hierdie studie sluit aan by die benadering dat 'n model (byvoorbeeld narratief, psigo-analities of kliëntgesentreerd) verband met die spesifieke teoretiese fundering van die gekose model moet hou.

### **1.6.2.5 Geheel/holistiese mensbeskouing**

Die begrippe *geheel en holistiese* word vir die doeleindes van hierdie studie as sinoniem beskou. 'n *Holistiese* mensbeskouing impliseer dat die mens oor fisiese, psigiese en geestelike synsdimensies beskik en dat al die dimensies tydens maatskaplikewerkintervensies behoort behandel te word (Vgl. 2.3).

### **1.6.2.6 Maatskaplikewerkmetodes**

*Maatskaplikewerkmetodes* verwys na die metodiek wat deur maatskaplike werkers in die praktyksituasie en spesifiek tydens maatskaplikewerk-intervensies gevolg word (Vgl. 3.2).

## **1.6.3 Algemene konsepte**

Ander algemene konsepte wat herhaaldelik in hierdie studie voorkom, is onder meer kliënt, geslag, Bybelse aanhalings en verwysings, wat vervolgens kortliks toegelig word.

### **1.6.3.1 Kliënt**

Vir die doeleindes van hierdie studie sal die woord *kliënt* deurgaans gebruik word, as sinoniem vir lidmaat of mens-in-nood. In maatskaplike werk word *kliënt* normaalweg gebruik. Kliëntsisteme in maatskaplike werk verwys onder meer na 'n individu, gesin, groep of gemeenskap.

### **1.6.3.2 Geslag**

Waar daar na *geslag* verwys word om 'n persoon, maatskaplike werker, berader of kliënt aan te dui, sal nie van hy/sy gebruik gemaak word vir geslagsonderskeiding nie. Daar sal deurgaans slegs van 'n enkelbegrip byvoorbeeld persoon gebruik gemaak word, met die bedoeling dat dit enige persoon kan insluit.

### 1.6.3.3 Bybelse aanhalings en verwysings

Tensy anders vermeld kom alle Bybelse aanhalings en verwysings uit die 1983-vertaling van die Afrikaanse Bybel.

## 1.7 Indeling van die navorsingsverslag

Die navorsingsverslag bestaan uit sewe hoofstukke.

**Hoofstuk Een** dien as oriëntering van die navorsing en bied 'n kort oorsig van die beplanning van die navorsing. Eerstens is die navorsingsprobleem waardeur die studie gerig word, bespreek. Tweedens is die navorsingsvrae en doel van die studie uiteengesit. Die metodologie wat in die die ondersoek gevolg is, geniet vervolgens aandag. Ten slotte is konsepte wat in die verslag gebruik word en wat as 't ware as 'n raamwerk vir die uitvoering van die ondersoek dien, toegelig.

In **Hoofstuk Twee** word eerstens aandag gegee aan 'n teologiesgefundeerde antropologie, en die rol van die verbond, sonde, genade en verlossing. Tweedens word stilgestaan by 'n teologiese antropologie wat die basiese funderings van 'n Bybelse georiënteerde mensbeskouing omskryf. Derdens word die mens as verhoudingswese bespreek deur na die basiese verhoudings waarin 'n mens hom bevind, te wete tot homself, sy medemens, sy omgewing, en tot God te verwys. Ten slotte word 'n verkenning van die verskillende aspekte vir die doeleindes van 'n narratief-pastorale benadering in maatskaplike werk bespreek.

**Hoofstuk Drie** skets, in die eerste plek, die domeinverkenning van maatskaplike werk. Daar word gelet op die rol wat Christelike waardes en beginsels in die ontstaan van maatskaplike werk gespeel het en waarom vandag daarvan wegbeweeg word, en of die insluit van 'n pastorale benadering vir maatskaplike werk 'n geskikte oplossing om die geestelike dimensie te verreken bied. Ten einde 'n afleiding te kan maak of maatskaplike werk op 'n interdisiplinêre wyse versoenbaar is met pastorale benaderings word die ontwerp van pastorale modelle verken deur aandag te gee aan die invloed wat sielkundige benaderings op pastorale terapie het.

In **Hoofstuk Vier** word vir die gebruik van narratief-pastorale benaderings in maatskaplike werk perspektiewe vir 'n basisteorie geformuleer. 'n Verkennde ondersoek aan die hand van beskikbare literatuur word geloods om die eiesoortigheid van narratief-pastorale benaderings in 'n diakonologiese epistemologie na te gaan, en hoe dié benadering van 'n postmodernistiese epistemologie verskil.

**Hoofstuk Vyf** handel oor 'n pastoraal-narratiewe basisteorie vir praktykteoretiese perspektiewe wat deur maatskaplike werkers as 'n geheelbenadering benut kan word om die geestelike dimensie te verreken.

Die fenomenologiese bevindings gebaseer op die fokusgroeponderhoude word in **Hoofstuk Ses** gedokumenteer. Die literatuurbevindings word met dié wat met behulp van die fokusgroepe bekom is, vergelyk.

Die proefskrif word met **Hoofstuk Sewe** afgesluit wat die gevolgtrekkings en aanbevelings na aanleiding van sowel die literatuur- as die fenomenologiese ondersoek uiteensit.

Vervolgens word in Hoofstuk 2 aandag aan die rol wat antropologiese teologie in maatskaplike werk speel, gegee.

## HOOFSTUK 2

### DIE ROL VAN TEOLOGIESE ANTROPOLOGIE IN NARRATIEF-PASTORALE MAATSKAPLIKE WERK

Uit die vorige hoofstuk blyk dit dat 'n verskil in perspektief tussen pastorale terapie en Christelike Maatskaplike Werk bestaan (Vgl. 1.6.1.4). Hierdie perspektiwistiese benadering het ten diepste te make met die antropologiese beskouing waarvolgens tot die leefwêreld van die mens-in-nood toegetree word (Lester 1995:3). Die perspektiwistiese verskil kan soos volg verduidelik word: In pastorale benaderings word uit 'n eskatologiese perspektief te werk gegaan en word sodoende aan transendente sinvelde aandag gegee. Daarteenoor word in beroepe soos maatskaplik werk grootliks op empiriese gebeure gefokus deur die gebruikmaking van intra- en intersigiese perspektiewe met klem op kommunikasie- en gedragspatrone (Louw 1999:298). Louw (1999:299) en Lester (1995:3) is beide van mening dat 'n perspektiwistiese benadering nie op fragmentering van die verskillende vakterreine dui nie, maar die uniekheid van die vakterreine beklemtoon omdat erkenning aan die perspektief van verskillende vakterreine soos maatskaplike werk, psigologie en pastorale terapie verleen word.

'n Perspektiwistiese benadering bied sodoende ruimte vir die verrekening van die totale welsyn van die mens binne 'n totale lewenskonteks. In pastoraat word die mens benader uit 'n skeppings- en herskeppingsperspektief met die oog op geloofsgroei en versoening met Christus (Louw 1999:298). In menslike gedragwetenskappe word geredeneer dat antropologiese beskouings hoofsaaklik op spanningsvelde soos die self en ek, die persoon en die omgewing fokus. Steurnisse binne hierdie spanningsvelde of verhoudingsraamwerke kan tot disfunksionele maatskaplike gedrag lei. In teologiese antropologie is die spanningsveld tussen God en mens binne die volgende spanningspole geleë, te wete die Skepper-skepsel, sonde-genade, dood en lewe. Steurnisse binne hierdie dimensie lei tot skuld, vertwyfeling en vrae oor die sin van die lewe (Louw 1999:298; Liebenberg 2000:23). Pastorale terapie het ten doel die bewuste kommunisering van die teenwoordigheid van God by die mens. Louw (1999:151) stel dit soos volg: "Die pastorale bediening is 'n medium waardeur mense van God se inwonende werksaamheid bewus raak – 'n bewuswording deur die Heilige Gees wat mense tot nuwe mense transformeer. Uit 'n geestelike perspektief in 'n teologiese antropologie, het pastoraat te doen met die uitwerking en konsekwensies van 'n teologiese

antropologie vir menswees”. Indien Christelike maatskaplike werkers deur die gebruikmaking van inter- en intradissiplinêre werksmetodes aansluiting wil vind by pastorale benaderings waarvolgens die geestelike dimensie doelbewus verreken word, is dit noodsaaklik om kennis te neem van die konsekwensies en uitwerking wat ‘n teologiese antropologie in beraad vereis omdat tot transendente sinsvelde toegetree word.

Die begrip *antropologie* is afgelei van die Griekse woord *antropos* wat *mens* beteken (Wolters 1960:62). *Antropologie* word deur Wolters (1960:62) omskryf as die wetenskap van die mens en sy natuurlike eienskappe, asook die leer van die mens as ‘n religieuse wese (Wolters 1960:62). Teologie verwys na die leer van God en Goddelike sake vir sover dit in die Skrif geopenbaar word (Wolters 1960:118). Indien maatskaplike werkers uit ‘n pastorale benadering tot mense-in-nood, wil toetree is dit belangrik om menslike gedrag uit ‘n teologies- gefundeerde antropologie te probeer verstaan. Lester (1995:7) verwys na *teologiese antropologie* as die belangrikste boublok of fondament waarop narratief-pastorale benaderings gebou word. Narratief-pastorale maatskaplike werk sou onvolledig gefundeer word as hierdie belangrike boublok buite rekening gelaat word. Indien die maatskaplike werker byvoorbeeld nie ‘n teologiese antropologie ondersteun of verstaan nie, sal die besef dat die mens ‘n skepsel van God is, nie realiseer nie. Die mens-in-nood kan dan maklik met minagting en sonder Christelike liefde behandel word, terwyl die vermoë tot herskepping om te word wat God vir die mens bedoel het altyd teenwoordig is. Bowpitt (2000:354) is van mening dat die erkenning van hierdie herskeppingsgeleentheid binne die maatskaplikewerk-verhouding tussen maatskaplike werker en kliënt verreikende gevolge vir maatskaplikewerk-teorie inhou.

In aansluiting by genoemde argument het verskeie skrywers (Smit 1975:55; Collins 1988:17; Meyer, Moore & Viljoen 1997:21; Loewenberg, Dolgoff & Harrington 2000:7; Du Toit, Grobler & Schenk 2001:xi) bevind dat die wyse waarop persone in hulpverlenende professies soos maatskaplike werk en sielkunde oor kliënte dink, onlosmaaklik beïnvloed word deur die mensbeskouing, waardes en norme waarin hulle self glo. Christelike maatskaplike werkers beskou die mens-in-nood as ‘n skepsel van God en reik daarom na hom uit met die opregte liefde en deernis van God. Net soos wat maatskaplike werkers bepaalde mensbeskouings handhaaf, handhaaf kliënte aan wie aandag verleen word, ook sekere etiese vertrekpunte en waardes (Le Roux 1970:7; Hofmeyr 1972:18; Van der Ven, Dreyer & Pieterse 1997:134). Waardes dui op bepaalde waardesisteme wat deur individue gekies word en waarin geglo

word met die oog op singewing aan hul lewens. Christene kies byvoorbeeld om ooreenkomstig Bybelse waardes soos liefde, eerlikheid en betroubaarheid te leef. Sodoende bied dit vir Christene riglyne met betrekking tot die waardepatrone waarvolgens geleef word (Van der Watt 2000:19). Louw (1999:106) is van mening dat die geestelike dimensie as 'n religieus-bepalende waarde, 'n verdere bepaalde invloed op menslike gedrag uitoefen en dat dit daarom nie tydens berading geïgnoreer kan word nie. Binne die konteks van waarde-regulerende beginsels kan die geestelike dimensie volgens Louw (1999:31) beskou word as 'n uitvloeisel van die besef van God se teenwoordigheid en lei dit tot 'n gedragsvroomheid waarvolgens die gelowige al meer word wat hy reeds in Christus is. Die geestelike dimensie bring sodoende 'n binding tussen die geloofsinhoude en die daaglikse waarde gebaseerde keuses in die bestaansfunksies van gelowiges mee.

In aansluiting by die binding wat tussen die bestaans- en geloofsfunksie van die mens voorkom, is die doel van hierdie hoofstuk toegespits op die verkenning van die rol wat teologiese antropologie in pastorale terapie speel met die oog op die implementering in maatskaplike werk. Ten einde die belangrikheid, impak en waarde van 'n pastoraal-teologiese mensbeskouing tydens narratief-pastorale terapeutiese sessies in maatskaplike werk te verreken, word die volgende vyf temas in hierdie hoofstuk bespreek te wete: Die oorsprong van antropologiese beskouings, begroning en normering van 'n teologiese antropologie, die skepping van die mens, aktualiteit van die sonde en die verlossing.

Eerstens word die oorsprong van antropologiese beskouings en die implikasies daarvan vir narratief pastorale maatskaplike werk bespreek.

## **2.1 Die oorsprong van antropologiese beskouings**

Filosowe en wetenskaplikes is deur die jare besig met nadenke oor wie en wat die mens is (Bowpitt 2000:355; Van der Watt 2000:50; Smit 1975:56; Zeeman 1975:57). Met filosofiese denke word verwys na 'n bepaalde vorm van wetenskaplike denke. Daar is geen enkele terrein van die menslike lewe en samelewing wat nie die voorwerp van wetenskaplike studie kan wees nie. Die verskillende vakwetenskappe ondersoek elkeen 'n bepaalde aspek van die wetenskap (Venter 1970:3). Wetenskap, godsdiens, die verstand en geloof behoort in 'n geheelverband aanvullend tot mekaar verstaan te word (Van der Watt 2000:51).

Lank voor die Christendom sy ontstaan gehad het, het filosofiese denke reeds by die meer ontwikkelde volke voorgekom. Bekende Griekse filosowe is onder andere Sokrates, Plato en Aristoteles (Spier 1972:8) en histories gesproke, het die ontwikkeling van filosofiese denke die volgende fases deurloop.

- Die **Griekse grondmotief** van vorm en materie het ontstaan as 'n resultaat van konflik tussen die Griekse religieuse bewussyn en voorvaderlike natuurreligieë enersyds en nuwere kultuurreligieë van die olimpiese godewêreld andersyds (Venter 1973:10). Filosowe wat met hierdie fase verbind word, is veral Sokrates (469-399 v.C.) en Plato (427-347 v.C.). Intellektuele kennis is deur Sokrates verhef tot 'n sedelike norm. Plato en Aristoteles het sy denke verder vertolk en dit het aanleiding gegee tot die verabsoluttering (vergoddeliking) van die *nous*, die redelike denkvermoë van die mens. Plato het geredeneer dat die liggaam die gevangenis is waaruit die siel wil ontsnap. Die siel is onsterflik, terwyl die liggaam sterflik is (Venter 1973:28; König 2001:151). Aristoteles het die standpunt gehuldig dat liggaam en siel 'n eenheid vorm. Dit funksioneer as 'n onskiedbare wesenseenheid (Venter 1973:34).
- Hierna volg die die **religieuse grondmotief van die Christendom**, naamlik skepping, sondeval en verlossing. Dit vestig aan die begin van die jaartelling 'n totaal nuwe beskawingsvorm en neem tydelik die leiding in die historiese ontwikkelingsgebeurlikhede (Venter 1973:34).
- Derdens ontstaan die **religieuse grondmotief van die Romanisme** (Thomisme), waarvolgens die natuur en bo-natuur (genade) die resultaat is van 'n poging om 'n sintese tussen die eersgenoemde twee grondmotiewe te bewerk (Venter 1973:34).
- Vierdens ontwikkel die **moderne humanistiese grondmotief** waar binne die natuur en vryheid al die voorafgaande grondmotiewe tot 'n religieuse sintese bring op grond van die waardigheid van die menslike persoon (Venter 1973:34).
- Laastens word die **postmoderne era** betree. In die 20ste eeu word die soeke na antwoorde op die verstaansvraagstuk oorheers deur die gebruikmaking van

hermeneutiese interpretasie. In die verskillende dissiplines word nou gevra hoe moet die wêreld waarin geleef word, uit die geskiedkundige oorsprong waarvolgens dit ontstaan het, *geïnterpreteer* word. Universele begripsdenke maak as 't ware hiermee ruimte vir die moontlikhede wat taalgebruik bied. 'n Voordeel verbonde aan die gebruik van taal is dat dit oor die vermoë beskik om die uniek-individuele aan te dui. Die oorgang van die 18de na die 20ste eeu kan op die gebied van filosofie beskryf word as die wending van *denke* na *taal* (Strauss 1994:10).

'n Ekstreme gebruik van die wending van *denke* na *taal* word gevind in die betekenis wat deur postmodernistiese denkers en dekonstruksieteorieë daaraan toegeken word (Strauss 1994:12). Volgens postmodernistiese *denke* word die hele werklikheid *gefiksionaliseer* (Strauss 1994:12). Voortdurende gapings tussen die werklikheid en dit wat vertel word, ontstaan sodoende. Metaforiese klemverskuiwings vind voortdurend tydens vertellings van verhale plaas. Soveel so dat dit tot radikale relativisme lei (Strauss 1994:14; Vgl. 3.1.6.3.2; 4.3.2.7). "To see one's language, one's conscience, one's morality, and one's highest hopes as contingent products, as literalisations of what once were accidentally produced metaphors, is to adopt a self-identity which suits one for citizenship in such an ideally liberally state" (Strauss 1994:14). Strauss (1994:14) lig die voorafgaande aanhaling toe met die volgende woorde: "Dit wil sê burgerskap in die *liberale staat* is afhanklik van één kondisie: *metaforiseer* (en eventueel: *literaliseer*) jou taal, gewete, moraal en hoogste hoop". Hiermee word bedoel dat wegbeweeg word van inherente vaste waarhede omdat taalmetafore benut word om aan alles 'n gelykvormige status toe te ken.

Uit bogenoemde is dit duidelik dat die denke van die mens deur bepaalde religieuse beskouings gerig word. Erkenning van die rol van 'n religieuse bepaaldheid is een van die steunpilare waarin die Christelike kenteorie en wetenskapsleer gefundeer is. Religieuse bepaaldheid dui op die mens se aanvaarding en uitdrukkingsvermoëns van etiese kodes, transendente waardes en geloof in God (Venter 1970:27), in teenstelling met postmodernistiese relativisme.

Teoretiese denke is nooit religieus neutraal nie. Wetenskaplikes word te alle tye gelei deur die religieuse grondkeuses wat deur hulle ondersteun word. Venter (1973:9)

definieer 'n religieuse grondmotief as 'n "geestelike dryfkrag wat uit die sentrum van die lewe alle tydelike lewensuitinge beheers en op die oorsprong van die Absolute bestaan rig. Ook die nie-Christelike wetenskaplike het 'n behoefte aan so 'n absolute uitgangspunt wat aan sy teoretiese denke die vaste grond kan gee. Omdat hy nie rekening wil hou met die absolute nie, is hy verplig om die relatiewe te verabsoluteer". Haralambos en Holborn (1991:646) verwys ook na *geestelike* as die ontdekkings of verklarings van vroeë filosowe wat gepoog het om drome en visioene te verstaan. In antwoord op die soeke van vroeë filosowe het die "*idee van 'n siel*" ontwikkel. Die siel is volgens hulle beskouings die bron wat 'n verskil tussen lewe en dood maak. Die religieuse grondmotief waarna verwys word, word in twee hoofstrome verdeel en wel as geestelike en natuurlike ervarings. Met *geestelike* word bedoel dat die mens in geestelike belewings glo en dat die mens daarom oor 'n siel beskik. Met *natuurlike* word die ontkenning van 'n geestelike dimensie bedoel (Haralambos & Holborn 1991:645).

In 'n tydperk waar wegbeweeg word van Bybelsgebaseerde antropologieë na postmodernistiese beskouings, kan die relevansie van hierdie hoofstuk nie genoeg beklemtoon word nie, veral omdat die narratiewe benadering wat as die gespreksbenadering vir hierdie studie gekies is, deurgaans met konstruktivisme en dekonstruksie in verband gebring word wat uiteindelik op relativisme kan uitloop. Janse van Rensburg (2000:11a) wys daarop dat die postmoderne paradigma nie relativiteit voorstel nie, maar relativisme, wat daarop neerkom dat geen waarheid, norm of sisteem absoluut kan wees nie.

Christelike maatskaplike werkers behoort opnuut te besef dat hul lewens- en mensbeskouing in ooreenstemming met hul wetenskapsbeoefening behoort te wees. Sodoende kan 'n Christelike en/of pastorale benadering nie in 'n postmodernistiese epistemologie gefundeer wees nie omdat postmodernisme nie erkenning aan die bestaan van Christelike waardes en norme verleen nie. (Vgl. 3.1.6.3; 4.3.5.1).

'n Verdere belangrike aspek is die rol wat postmoderne denke in die beskouing van wetenskap en die gebruik van die Bybel speel. Du Toit (2000:91) is van mening dat die Bybel byvoorbeeld gebruik kan word om standpunte deur middel van 'n proses van insigtelike keuses aan te dui. Hieruit kan afgelei word dat verskillende

interpretasies aan die betekenis van Bybelse riglyne gegee word. In die huidige wetenskapsfilosofie word na die “post-fundamentele” verwys. Dit is ‘n term wat die proses beskryf van ‘n gesprek tussen verskillende wetenskaplike dissiplines om uiteindelik by ‘n basiese interaanvaarding van bepaalde standpunte uit te kom. Dit het as basis en vertrekpunt die aanname dat die denkstruktuur van die wetenskap nie anders is as die denkstruktuur van die geesteswetenskappe en die teologie nie. In teenstelling hierop antwoord Spier (1972:112) uit ‘n Christelike perspektief soos volg: “Dit blyk dat die Christen volgens ‘n bepaalde religieuse grondmotief leef, gebaseer op die inhoudelike van die Bybel, alhoewel die Bybel geen antropologiese handboek is nie, net so min as wat dit ‘n handboek vir enige ander wetenskap is. Maar indien die Skrif die Woord van God is, wat ‘n sentraal religieuse perspektief bied en lig werp op alle skepsele, het hierdie lig wel deeglik met alle wetenskappe te make en so met die leer van die mens wie se struktuur bo diè van ander skepsele uitgaan”. ‘n Teologiese antropologie gaan van die veronderstelling uit dat die Skepper aan die mens ‘n sentrale plek in die aardse skepping gegee het. God het die mens na Sy beeld geskape en aan hom bepaalde opdragte gegee en beloftes gemaak soos die ewige lewe. As daar in gehoorsaamheid aan die liefdesverbond uitvoering gegee word, word daarmee erken dat daar ‘n sentraal-religieuse band met God bestaan, want hierin lê die diepste struktuur van menswees wanneer die mensverbondenheid met God erken en ervaar word (Spier 1972:112; Jonker 1974:9; Lester 1995,23; Louw 1997:57; Van der Watt 2000:65). Wanneer hierdie waarheid aanvaar en deel word van ‘n lewensbeskouing van die terapeut, word uit hierdie bepaalde fundering tot die leefwêreld van die mens-in-nood toegetree.

Die nie-Christelike filosofie daarenteen, glo in die selfgenoegsaamheid van die mens en erken geen uitwendige gesagsbindings nie (Venter 1973:9; Zeeman 1975:67). Maatskaplike werkers het dikwels met kliënte te make wat nie Christelike gelowiges is nie. Alhoewel evangelisasie nie die primêre taak van maatskaplike werkers is nie, is dit belangrik om te onthou dat ongeag hoe sondig en ongelowig iemand ookal is, bly hy ‘n beelddraer van God en moet hy daarom met baie geduld, waaragtige liefde en troue voorbidding as ‘n Godgeskape medemens met ‘n ewigheidsbestemming aanvaar word (Zeeman 1973:67). Maatskaplike werkers wat gestalte aan ‘n Christelik-gefundeerde religieuse wetenskapsbeskouing gee, kan die nie-gelowige kliënt akkommodeer deur ‘n gesindheid van aanvaarding wat van Christelike

opregtheid en liefde getuig. Die oordrag van Christelike liefde en aanvaarding kan aanleiding tot 'n bespreking van die ewige saligmakende liefde van Jesus Christus gee (Bowpitt 2000:361).

Voorts blyk dit dat slegs die Christelike grondmotief op 'n holistiese of 'n geheelbenaderde menslike eenheid fokus. Die ander beskouings is dualisties van aard as gevolg van die skeiding tussen liggaam en siel (Venter 1973:10; Smit 1975:41; König 2001:152).

Uit die voorafgaande literatuurbeskrywing kan die volgende samevatting rakende die oorsprong van antropologiese beskouings vir die doeleindes van hierdie studie gemaak word.

- Erkennung word verleen aan 'n Christelike grondmotief waarvolgens die mens as 'n totale eenheid funksioneer.
- Die fokus is op die *mens-in-verhouding-met-God* waarvolgens alle ander verhoudings gerig word. Toekomshoop lê implisiet opgesluit in die mens se verhouding met God.
- Uit 'n pastorale epistemologie word 'n postmodernistiese benadering, waarvolgens die mens nie oor 'n ewigheidsdimensie beskik nie, verwerp. God het die mens na sy beeld geskape en aan die mens bepaalde opdragte gegee en beloftes gemaak, soos die ewige lewe en 'n sentrale plek in die skepping.
- Die Skrif word as die Woord van God aanvaar.
- Dit blyk dat die religieuse keuse waarvolgens Christene se lewens gerig word op die inhoudelike van die Bybel berus.
- Christelike maatskaplike werkers kan as gevolg van hul Christelik-religieuse bepaaldheid die nie-Christelike mens-in-nood met dieselfde deernis en liefde benader as medegelowiges.
- 'n Holistiese inter- en intradissiplinêre benadering bied die geleentheid om onder die leiding van die Heilige Gees ook die evangelie oor te dra as die geleentheid hom daartoe voordoen (Janse van Rensburg 2000b:6).

Vervolgens word begroning en normering van 'n teologiese antropologie bespreek.

## **2.2 Begroning en normering van ‘n teologiese antropologie**

Louw (1999:152) is van mening dat die beleid en strategie wat pastorale dienslewering rig, onderliggend aan die beskouing wat oor die mens gehuldig word, gestel word. In die uitvoering van pastorale dienslewering word gebruik gemaak van ‘n pastorale antropologie, gebaseer op ‘n teologiese antropologie. Indien kennis van God los van die verstaan van die mens in sy historiese konteks aangewend word, loop dit gevaar om spekulatief te word. ‘n Teologiese antropologie verantwoord waarom ‘n bepaalde mensbeeld aanvaar word met die oog op ‘n effektiewe pastorale ontmoeting en die terapeutiese effek wat so ‘n ontmoeting vir die mens-in-nood inhou (Louw 1999:153). Daar kan geredeneer word dat die Christelike maatskaplike werker (subjek) en die pastorale terapeut (subjek) met een en dieselfde mens (objek) werk. Net so geld binne ‘n diakonologiese fundering slegs een Bybelse perspektief vir beide professies (Vgl. 1.7.1.1). Indien Christelike maatskaplike werkers in die lig van die voorafgaande beredenering deur die gebruikmaking van inter- en intradissiplinêre werksywes aansluiting by die verrekening van die geestelike dimensie van die mens-in-nood wil vind, is ‘n pastoraal-teologies-verantwoordbare antropologiese beskouing onafwendbaar. Vir die doeleindes van hierdie studie geld ‘n teologies-verantwoordbare mensbeeld en is dit die postulaat waarvolgens uitgangspunte beredeneer word. Die volgende drie aspekte word ter verheldering van die onderwerp bespreek: Teologiese antropologie en skrifgebondenheid, sedelikheid en die keusevermoë van die mens en ‘n antropologiese fundering in die Godsleer. Eerstens word die aspek teologiese antropologie en Skrifgebondenheid bespreek.

### **2.2.1 Teologiese antropologie en Skrifgebondenheid**

Teologiese antropologie is Skrifgebonde en ondersteun ‘n diakonologiese benadering. Indien ‘n Christelike wetenskaplike terapeut beweer dat hy uit ‘n teologiese antropologie hulp verleen, is dit onmoontlik om ‘n neutrale wetenskaplike standpunt te handhaaf omdat erkenning aan ‘n Christelike leefwyse en ‘n teologiese antropologie reeds ‘n religieuse keuse impliseer (Smit 1975:60; Collins 1988:16; Lester 1995:27).

In die daaglikse omgang met mense word algemene kennis van menslike gedrag meestal vir waarde-oordele gebruik. Meyer et al. (1997:5,7) onderskei tussen alledaagse kennis en wetenskaplike kennis van menslike gedrag. Onder alledaagse kennis word verwys na die oordeelsvermoë van die mens om daaglikse gedragswyses te verstaan, te verklaar en te voorspel. Wetenskaplike kennis rakende die gedrag van mense vind hul oorsprong in persoonlikheidsteorieë. Oorsigtelik beskou, het persoonlikheidsteorieë dit ten doel om 'n logiese konseptuele sisteem daar te stel waarvolgens menslike gedrag beskryf of voorspel kan word (Hall & Lindzey 1970:5). Verskillende persoonlikheidsteorieë bestaan soos die Freudiaanse, Jung, Allport en die Rogeriaanse (Hall & Lindzey 1970:2). Die persoonlikheidsteorie wat deur terapeute ondersteun word, kan ook in verband met die mensbeskouing wat gehandhaaf word, gebring word. Ter verduideliking van die argument word kortliks gelet op die verskil in die beskrywing van die mens in humanistiesgebaseerde mensbeskouings teenoor 'n teologiesgefundeerde antropologie en die implikasie daarvan vir maatskaplike werk. *Humanisme* word beskou as 'n rasonale filosofie wat gebaseer word op wetenskaplike kennis, geïnspireer deur kuns en gemotiveer deur gevoelens. Erkenning word verleen aan die magsvryheid van die mens. Daar word geywer vir die uitbreiding van demokrasie, menseregte en gemeenskapsregverdigheid. Dit is vry van bonatuurlike magte omdat die mens as deel van die natuur beskou word. Enige waardes soos godsdiens, etiek en politiek het hul oorsprong in menslike ervarings en kultuur. *Humanisme* is aardsgebonde, dit ondersteun nie teologiese dogmas nie en is oortuig dat die mens self verantwoordelikheid kan aanvaar vir sy toekomsbestemmings (Humanist 2001:1).

Die persoonlikheidsteorie wat deur Rogers gehandhaaf word, is byvoorbeeld humanisties van aard omdat die mens sentraal gestel word teenoor 'n teologiese antropologie waarin God sentraal gestel word. Du Toit et al. (2001:4,8) baseer byvoorbeeld hul mensbeskouing op die teorie van Rogers (1984), wat 'n persoon omskryf as 'n individu wat homself in 'n altyd veranderende wêreld bevind waarvan hyself die middelpunt van belang is. Verder word die begrip *organisme* benut om na die mens te verwys. Die organisme tree in interaksie met sy leefwêreld soos wat hy dit ontvang en ervaar. Die waarnemingsveld van die mens is volgens hierdie persoonlikheidsbeskouing tot die hier en nou begrens. Indien uit 'n Bybelse en/of

pastoraal-teologiese standpunt op die voorafgaande humanistiese uitgangspunte gelet word, kan die volgende vrae ontstaan:

- Kan die mens as skepsel van God as 'n organisme beskryf word?
- Kan die mens die middelpunt van sy eie belange wees?
- Het die mens nie 'n ewigheidsdimensie nie?
- Kan daar volstaan word by 'n hier en nou opvatting?
- Kan 'n Christelike maatskaplike werker wat in God drie-enig glo, 'n nie-kundige posisie soos in postmoderne epistemologieë gefundeer, tydens berading inneem?

Uit die voorafgaande blyk dit dat pastorale wetenskap moeilik versoenbaar is met 'n humanistiese mensbeskouing waarin God nie as die sentrum van die mens se bestaan funksioneer nie omdat alle handeling uit hierdie basiese relasie vertolk word. Die belangrikheid van 'n keuse van 'n persoonlikheidsteorie waarvolgens toegetree word tot die leefwêreld van die mens-in-nood word op die wyse geprioritiseer. Bowpitt (2000:361) wys ook daarop dat die mens se ewigheidsbestemming nie in berekening gebring word deur humanistiese benaderings nie. Verder kan ook geargumenteer word dat die Christelike geloofsdimensie wat tot eskatologiese hoop lei ook nie deel van humanisties-gefundeerde benaderings vorm nie omdat net op die hier-en-nou situasie gefokus word (Lester 1995:5).

Die aanvaarding van 'n teologies-gefundeerde antropologie deur maatskaplike werkers waarin die versoenende liefde van Jesus Christus sentraal tot maatskaplike-werkdienslewering gestel word, impliseer dat Hy as die model gesien word waarteen maatskaplike herskeppingswerk gedoen word (Le Roux 1970:6).

Tweedens word die sedelikheid van die mens en die vermoë om keuses te maak aan die hand van 'n teologiese begroning en normering bespreek.

### **2.2.2 Sedelikheid en die normatiewe keusevermoë van die mens**

Die uniekheid van teologiese antropologie kan gevind word in die feit dat dit die mens as 'n sedelike wese beskryf ooreenkomstig 'n mens se Godsbewussyn en bestemmingsfunksie voor God. "In 'n fenomenologiese benadering word

gekonsentreer op *mens-kennis* in terme van funksie, behoefte, emosie, denke en gedrag. Die teologie konsentreer op *mens-verstaan* in terme van sinsbewussyn, lewensbestemming en ‘n normatiewe raamwerk” (Louw 1999:175). Wanneer die mens binne ‘n roepings- en bestemmingsfunksie verstaan wil word, betree die teologiese antropologie die ruimte van Christelike tradisie en word daar gesoek na antwoorde op die vraag na wat die uiteindelijke doelwit van die mens se bestaan is. Wanneer die mens vergeet dat hy ‘n ewigheidsbestemming het en slegs vir die hier en nou begin leef, raak die eise van die dag ‘n oorlewingstryd. Toekomsvisie ontbreek sodoende en dit kan onder meer ‘n moontlike verklaring bied vir die moedeloosheidsindroom wat voorkom. Keusevryheid beteken nie dat die mens net kan doen wat hy wil nie, maar dat hy meer en meer sal word wat hy voor God behoort te wees (Van der Watt 2000:136). “Daarom hoort mens en norm, antropologie en etiek bymekaar” (Louw 1999:175).

Vir die doeleindes van hierdie studie word mens en norm, antropologie en etiek as boustene van ‘n teologiese antropologie binne maatskaplike werk soos volg vertolk:

- Die Christelike mens is ‘n etiese en sedelike wese wat ooreenkomstig Bybelse beginsels kan leef.
- Die religieuse keusevermoë van die mens bepaal die norme, waardes en etiek waarvolgens lewenskeuses gemaak word.
- Hierdie waardekeuse bring mee dat erkenning aan bepaalde Christelike waarhede soos die tien gebooe verleen word. Van der Watt (2000:135) argumenteer dat as die Bybel op hierdie manier verstaan word, dit bepaalde norme bied waarvolgens keuses gemaak kan word. As uitvloeisel van die tien gebooe dien die voorbeeld van ‘n Christelike huwelik en gesinsbeskouing. Olthuis (1975:20) wys byvoorbeeld daarop dat ‘n man en vrou wat ooreenkomstig die Christelike geloof ‘n huweliksverbinding sluit, ‘n gemeenskaplike geloofsvertroue in Christus deel. “They can be sure of their relationship because it rests on God’s covenantal faithfulness. They also know that through his Word for marriage, God brought them together and keeps them together” (Olthuis 1975:21). In ‘n Christelike gesin bied die praktiese uitlewing van die liefde van Christus aan gesinslede geborgenheid. Uit hierdie gevoel van geborgenheid leer gesinslede om mekaar

lief te hê en reik met dieselfde liefdesgesindheid uit na die buite-wêreld (Olthuis 1975:78).

Die belangrikheid van etiek en waardes word ook deur nie-Christelike maatskaplike werkers erken, omdat dit ten diepste in maatskaplike werk om waardekeuses wat uitgeoefen word, gaan. Beroepsrade vir die maatskaplikewerkprofessie maak gebruik van etiese kodes ter beskerming van die menseregte van die kliënt en die maatskaplike werker (SACSSP 2001:6). Die mens-in-nood word inderwaarheid voortdurend begelei om sy leefwyse in ooreenstemming met gemeenskapsaanvaarbare waardes te bring (Loewenberg, Dolgoff & Harrington 2000:19). Dit blyk dat die waardes waarna verwys word humanisties van aard is. Loewenberg *et al.* (2000:20) wys daarop dat die waardes gebaseer word op 'n waardebasis wat vir die gemeenskap aanvaarbaar is. Uit 'n teologies-antropologiese beskouing word aanvaar dat die mens 'n etiese wese is waarvolgens kognitiewe, konatiewe, affektiewe en liggaamlike funksies in gekose gedrag en lewenswaardes gerig word (Louw 1999:30). Gevolglik is die pastoraat nie 'n eties- neutrale wetenskap nie. 'n Pastorale antropologie werk met 'n mensbeeld wat die moment van doelgerigtheid en verantwoordelike besluitneming, die sin en normatiewe dimensie as belangrike faktore in 'n pastorale strategie beklemtoon. Dit gaan tendiepste oor die proses van geloofsgroei en geloofsontwikkeling in die verhouding tussen God en die mens (Collins 1988:17; Louw 1999:540; König 2001:158). Van Jaarsveld (2001:24) meen die "... etiese norme wat Jesus preek en uitleef, is hoe God wil dat Hy waargeneem sal word deur die wêreld wanneer hulle na sy volgelinge kyk. Christus se lewe is 'n voorbeeld en norm waaraan die inhoud van die mens se lewe gemeet kan word".

Smit (1975:61) en Lombaard (1980:7) argumenteer dat die aanvaarding en erkenning van 'n antropologiese normering van die Bybel, Christelike maatskaplike werkers, sielkundiges en opvoedkundiges dwing om te buig voor die gesag van die Skrif, want dit vorm die fondament waarop gebou word.

Samevattend toon die standpunte van bogenoemde skrywers dat die mens 'n denkende en 'n normatief besluitnemende wese is. In 'n narratief-pastorale maatskaplikewerkbenadering word aansluiting gevind by die wete dat 'n mens volgens bepaalde norme en waardes behoort te leef en keuses kan maak. Keuses wat

geneem word, het 'n besliste handelende invloed op maatskaplike gedragswyses. Indien die mens byvoorbeeld kies om deel te hê aan buite-egtelike huweliksverhoudinge kan hy ook verantwoordelik gehou word vir die resultate van sy keuses.

Derdens word vir die doeleindes van begroning van 'n teologiese antropologie gelet op 'n antropologiese fundering in die Godsleer.

### **2.2.3 'n Antropologiese fundering in die Godsleer**

'n Teologiese antropologie stel dit nie ten doel om op 'n analitiese wyse na die mens te kyk nie. Die mens word eerder hermeneuties benader uit sy verhouding met God en hoe hy daarvolgens sinvol aan die lewe kan sin gee (Louw 1999:181). Die Godgegewe skepselmatigheid van die mens word telkens deur empiriste misgekyk (Louw 1999:181). Ooreenkomstig 'n fenomenologiese benadering is dit noodsaaklik om fenomenologie vanwee die interdisiplinêre aard van hierdie studie, verder te bespreek.

Die woord *fenomenologie* het 'n tweeledige aard, naamlik: fenomeen en logos. Logos beteken "om te leer van" en fenomeen impliseer "verskynsel". Aanvanklik is fenomenologiese benaderings deur filosowe geassosieer met waarnemings van menslike gedrag en die interpretasie daarvan. Mettertyd het die interpretasies hermeneuties en al hoe meer subjektief van aard geword (Marton 1994:4424). Kritiek is uit sosiale wetenskapskringe teen die hoë mate van subjektiwiteit uitgespreek, aangesien geen eenvormigheid in navorsingspatrone gevind kon word nie (Marton 1994:4424). As gevolg van die kritiek vind 'n fenomenologiese paradigma plaas. Hiervolgens word verifiëring van die subjek wat nagevors word, vereis (Vgl. 1.6; 6.2.1). Fenomenologie word as 'n kwalitatiewe navorsingsmetode in maatskaplike-werkkringe aanvaar omdat gebruik gemaak word van data-insamelingstegnieke soos fokusgroepe waarin wegbeweeg word van eensydige interpretasies wat deur die navorser alleen gemaak word. Daar word gesamentlik deur die navorser en die kliënt na die voorkoms van die fenomeen gekyk en deur middel van hermeneutiese interpretasie, net soos in die teologie tot 'n vergelyk gekom (1998:414; Marton 1994:4424). Dit blyk uit die voorafgaande bespreking dat beide professies

(maatskaplike werk en pastorale terapie) in hierdie geval dieselfde betekenis aan 'n fenomenologiese benadering gee.

Samevattend blyk die volgende van belang te wees rakende begroning en normering van 'n teologiese antropologie vir 'n narratief-pastorale benadering in maatskaplike werk:

- 'n Teologiese antropologie is Skrifgebonde en word deur 'n diakonologiese benadering ondersteun. Maatskaplike werkers wat uit hierdie gefundeerde verwysing werk, kan daarom nie 'n neutrale standpunt inneem soos beskryf word in die *nie-wetende houding* van postmodernistiese epistemologieë nie. Erkenning word vanweë 'n diakonologiese fundering aan vaste Bybelse waardes en norme gegee wat die riglyn vorm waarvolgens gepoog word om mense se lewens te kokonstrueer.
- Rekonstruering van 'n verhaal, word ooreenkomstig 'n Bybelse Godsleer gedoen. Hiervolgens word erkenning verleen aan die feit dat die mens kwalitatief anders as God is. Die mens kan nooit God wees nie. Die mens as sondaarwese kan as gevolg van God se genade herskep word om eienskappe soos God se liefde, genade, hoop en vergifnis te toon.
- Die ontmoeting tussen God en die mens geskied ooreenkomstig 'n bepaalde samesyn in die vorm van 'n verbondsontmoeting. Die verbondsontmoeting tussen God en die mens bied ruimte vir 'n hoopgebaseerde terapie omdat God in die verbond sy beloftes van liefde en omgee bevestig deur middel van die pneumatologiese dinamiek van die Heilige Gees.

Die skepping van die mens word vervolgens bespreek.

### **2.3 Die skepping van die mens**

In 'n pastoraal-teologiese antropologie word die mens as beeld van God as deel van die skepping beskou. Die manier waarop die mens uit die stof van die aarde geskep is om in 'n bepaalde verband tot sy Skepper te staan, is van rigtinggewende betekenis vir 'n mensbeskouing in pastorale hulpverlening (Janse van Rensburg 1998:208; Vgl. Gen 1:26-28). Die verband tussen die skepping van die mens na die beeld van God en

antropologie word vervolgens bespreek deur aandag te gee aan aspekte soos, die mens as beeldraer van God, die mens as verbondswese en die mens as verhoudingswese. Hierdie aspekte dui op die skeppingsoorsprong van die mens en dit vorm antropologiese boublokke waarbinne 'n pastoraal-teologiese mensbenadering in maatskaplike werk gefundeer kan word.

### **2.3.1 Die mens geskape na die beeld van God**

Die mens is deur God na sy beeld en gelykenis geskape (Gen 1:26 en 27). Die beeld van God dui op die amptelike verbondsverhouding waarbinne die mens tot God gestel is. (Vgl. 2.3.2). Verder bestaan die beeld van God in ware kennis, geregtigheid en heiligheid. "Dit weet ons omdat Christus die sondaar herskep het na die beeld van God. Ware kennis word ontvang deur die wedergeborene sodat hy as profeet God en die skepping reg sou ken; ware heiligheid sodat hy as priester God sou liefhê en die naaste soos homself; ware geregtigheid sodat hy as koning God sou dien en oor alle skepsels regeer" (Feenstra 1972:97). Die mens is 'n unieke skepsel en verskil wesenlik van ander skeppingselemente soos diere omdat die mens van God afhanklik is en 'n ewige bestemmingsdimensie het (Louw 1999:185). Hier moet egter bygevoeg word dat die mens nie goddelik is nie. Slegs God kan as God bestempel word. Die mens en God is nie gelyk nie. Die inhoud van die beeld is moeilik verklaarbaar. Dit kan byvoorbeeld nie beperk word tot 'n heersersstaak of die verhoudingstaak waarna in Gen 1:26 - 28 verwys word nie. As daar na verdere antwoorde in die Bybel gesoek word, wys König (2001:101) daarop dat Christus ook God se beeld genoem word (2 Kor 4:4; Kol 1:15; Heb 1:13) en dat die mens nuut gemaak word na die beeld van God en Christus. Dit beteken dat die mens in sy sondaarsgestalte nie meer die beeld van God vertoon nie en gevolglik opgeroep word om in 'n nuwe lewe al hoe meer te verander en weer gelyk te word aan die beeld van God.

'n Verdere aspek waaraan aandag gegee word, is die uitdrukking *soos Hy*. Dit impliseer dat die mens soos God en Christus moet optree deurdat die mens soos God moet kan vergewe, liefhê, heilig en in die lig leef, barmhartig en volmaak wees (Mat 5:48; Luk 6:36; Joh 13:34). Die mens se lewe word op hierdie wyse in verband met Christus gebring. Dieselfde gesindheid van nederigheid wat in Christus is, moet ook

in die mens wees, so ook moet die mens dieselfde werke doen en leef volgens die nuwe gebod van liefde (Van der Watt 2000:63). As die mens aanhou sonde doen, leef hy nie volgens die beeld van God nie, maar as hy hom oorgee aan God kan die beeld van God in hom herstel word (König 2001:103). 'n Verdere voorbeeld waarin die voorafgaande gedagte geïllustreer word, is die Onse Vader gebed. Die herskepte mens-in-Christus leef ooreenkomstig die morele waardes van sy Skepper.

Dit blyk tradisioneel dat iets in die mens ooreenstem met die beeld van God. In die uitspraak dat die mens 'n beelddraer van God is en dat die mens deur die sonde die beeld van God verloor het, word geïmpliseer dat die mens iets van God se beeld besit. Die beeld van God kan nooit verloor word nie, omdat die mens beeld van God is. Die sondeval het egter die Godsbeeld in die mens geskend (Venter 1970:31).

Christene gebruik dikwels die woorde *siel* en *liggaam*, of *gees*, *siel* en *liggaam* en *hart*, *verstand* en *krag* as wissel terme om uitdrukking aan die gestalting van menswees te gee. In die Bybel word die mens nie in vaste dele ingedeel nie. Bybelskrywers het hierdie begrippe vir die mens gebruik sonder om 'n vaste betekenis daaraan te gee. Daar kan wel in die algemeen van 'n *binnekant* en *buitekant* van die mens gepraat word. Een persoon sal moontlik na die binnekant verwys en dan die hart bedoel, terwyl 'n volgende persoon na gemoed, siel of gees kan verwys. Die antwoord lê waarskynlik daarin dat woorde nie by alle mense dieselfde vaste betekenis het nie. König (2001:153) verduidelik dit soos volg: "Die mens gee aan woorde betekenis byvoorbeeld, die Griekse woord *sarks* wat elke keer in die ou Afrikaanse vertaling met *vlees* vertaal word, het nie elke keer dieselfde betekenis nie. Paulus verklaar byvoorbeeld dat *vlees* en *bloed* nie die koninkryk van God kan beërf nie (1 Kor 15:50), maar Johannes skryf dat die Woord *vlees* geword het". Betekenis behoort eerder in groepe woorde gesoek te word wanneer daar na sekere aspekte verwys wil word. König (2001:157) stel die voorafgaande bespreking samevattend soos volg:

- "Begrippe dui nie op vaste dele waaruit die mens bestaan nie.
- Daar is 'n neiging om enige van die begrippe vir die hele mens te gebruik.
- Die betekenis van die woorde oorvleuel.

- Dit is opvallend dat die woord “hart” (wat denke insluit) wat in die Bybel verreweg die meeste vir die mens gebruik word, glad nie onder die lysie van *dele* verskyn nie, maar eerder siel en liggaam en gees.
- Hierdie begrippe staan nooit in die sentrum nie. Daar is nooit ‘n poging om die begrippe te ontleed of die mens self te ontleed asof die mens uit dele saamgestel is nie. Die fokus is op die *mens-in-verhouding-met-God* (en in al die ander verhoudings), die mens as bondgenoot en beeld, as sondaar, as kind van God en vele meer”.

Dit is teen ‘n Bybelse standpunt om in ‘n debat te verval oor die hoeveelheid dele waaruit die mens saamgestel is (König 2001:158). Bybelskrywers dui slegs deur die gebruik van verskillende begrippe die vele fasette van die menslike lewe aan (Olthuis 1975:3; Liebenberg 2000:17; König 2001:158). Die mens is volledig beelddraer van God. Genesis 1:26-28 bied ‘n duidelike uitspraak oor die volledigheid van die mens as beelddraer van God (Smit 1975:62; Louw 1999:185; König 2001:100). Die beeld van God bestaan ook in ware kennis, geregtigheid en heiligheid omdat God die sondaarmens na die beeld van God herskep het. Erkenning van die feit dat God die Skepper van die heelal is, is ‘n bevestiging van ‘n holistiese mensbeeld en ‘n holistiese terapie (Janse van Rensburg 2000b:7).

Voorts word die mens as verbondswese bespreek.

### **2.3.2 Die mens as verbondswese**

‘n Verdere belangrike aspek wat in die God-mens-verhouding na vore kom, is die feit dat die ontmoeting met God binne ‘n bepaalde samesyn geskied. Louw (1999:95) verwys hierna as ‘n verbondsonthoening. Lester (1995:23), Louw (1999:300) en König (2001:40) wys daarop dat normering binne ‘n verbondsperspektief ruimte skep vir toekoms hoop op grond van die geestelike dinamiek van die Heilige Gees. As daar saam met ‘n Christengelowige mens-in-nood na ‘n unieke uitkoms vir sy probleem gesoek word, kan die mens-in-nood herinner word aan God se verbondstrou en kan gevra word of daar in die verlede geleentheid voorgekom het waar leiding van die Heilige Gees bewustelik ervaar is. Die aanvaarding van God se verbondstrou en Sy wederkomsbelofte deur die mens-in-nood dra sodoende by tot die skep van

toekomshoop. König (2001:40) antwoord hierop deur te verwys na die wese van die Verbondsgod as 'n God van liefde wat omgee en liefhet. Die mens kry sodoende 'n aandeel in die verbondsliefde en -trou van God. In die pastoraat word hierdie verbondsliefde en trou in werking gestel. In die gesamentlike soeke na persoonlike narratiewe en tydens die ontknoping van verhale word deurlopend geluister na die wyses waarop kliënte keuses maak en die invloed van hulle keuses op hulle lewensverhale. Indien dit blyk dat denke en norme nie Christelik van aard is nie, word die aspek aan die hand van Bybelse verhale gedekonstrueer ten einde die mens se verhaal in ooreenstemming met God se verhaal vir die mens te bring.

In aansluiting by die beredenering dat die mens ooreenkomstig God se verhaal vir hom behoort te leef, kan die verbond tussen God en mens spreekwoordelik gesien word as dit wat God in sy verhaal bied en dit waarop die mens in aanvaarding daarvan moet antwoord. 'n Verbond tussen mense bestaan altyd uit twee partye wat met mekaar oor sekere ooreenkomste en voorwaardes ooreenstem. Die verbond met God sluit ook twee partye in, maar met die verskil dat die verbond reeds voor die grondlegging van die wêreld deur God met sy Seun as verlossingsplan vir die sondige mens, gesluit is. Die mens is onwillekeurig deel van die genadeverbond (Feenstra 1972:125). In 'n konvergensiemodel waar geloofsvolwassenheid en eskatologiese hoop deel van die pastorale gesprek vorm, word die verbondsontmoeting en die verkondiging van God se genade gekonkretiseer (Louw 1999:95; Vgl 3.4.6).

Voorts word verder aandag gegee aan die mens as verbondswese deur 'n bespreking van twee aspekte: die aard van die verbond en die implikasies daarvan vir die mens, asook die waarde van die verbond vir narratief-pastorale maatskaplike werk.

### **2.3.2.1 Die aard van die verbond en die implikasies daarvan vir die mens**

König (2001:97) beskryf die verbond as die doel van God se skeppingswerk. Daarmee impliseer hy dat God die aarde geskep het sodat Hy in gemeenskap met die mens kan leef. Die mens is dus bestem om ooreenkomstig die verbond met God te leef. God neem die inisiatief in die verbond en plaas daarmee die mens in 'n sekere verhouding tot Hom. God besluit self oor die inhoud van die verhouding en dit word

saamgevat in die volgende woorde van die verbondsformulier: “Ek sal vir julle ‘n God wees en julle sal vir my ‘n volk wees”.

Die inhoudelike aard van die verbond word verder bespreek deur aandag te gee aan die volgende konsepte: die mens se gebondenheid, geborgenheid, antwoord op God se verbondstrou, geloofsvertroue, geloofskennis en ‘n eskatologiese toekoms.

- **Gebondenheid aan God.** Die mens is aan God gebonde as ‘n wesenlike deel van sy bestaan omdat hy deur God geskep is en God die inisiatief geneem het. God het vooraf besluit hoe Hy as God vir die mens God wil wees. Die mens kan dit nie verander nie en is daarom vir altyd ‘n bondgenoot van God. Die mens behoort hierdie gebondenheid vrywillig te aanvaar en in totale afhanklikheid van God te leef, want God gee aan die mens genade om binne die verbond te leef (König 2001:98; Feenstra 1972:128; Liebenberg 2000:37).
- **Geborgenheid in God.** Om aan God gebonde te wees, verleen aan die mens geborgenheid, want God aanvaar verantwoordelikheid vir die mens. God is ‘n God van liefde en almag en Hy wil vir die mens sorg. Dit beklee die mens met waagmoed omdat Hy veilig kan voel binne die vaste wete dat Hy ‘n God het waaraan hy behoort (König 2001:98; Van der Watt 2000:63, 67).
- **Die mens se antwoord op God se verbondstrou.** Om as God se bondgenoot te leef, impliseer dat by Hom aangepas moet word. Hy bepaal die struktuur van die verbond. Hy leer sodoende aan die mens wat Hy van hom verwag om by Hom aan te pas as Sy bondgenoot. In der waarheid roep Hy die mens op om soos Hy te wees. Dit is die mens se antwoord op Sy Woord in ‘n verbondsverhouding waarin Hy die inisiatief neem. Die gesag in die verhouding setel in God. Die mens antwoord daarom gepas as hy gehoorsaam is aan God. God is *getrou* daarom antwoord die mens met *vertroue en geloof*. ‘n Verdere voorbeeld is geleë in die feit dat God die God van die *toekoms en beloftes* is waarop die mens antwoord deur middel van *hoop* op die heilsbeloftes van Christus (Lester 1995:22). Die eienskappe wat die mens vertoon in antwoord op God se verwagtings kan komplementêre eienskappe genoem word. Die mens is nie God nie, die mens is paslik anders (König 2001:105).

In die gesamentlike soeke deur die maatskaplike werker en 'n kliënt tydens narratief-pastorale gesprekke kan die verhaal van God se verbond met die mens benut word om die kliënt te verseker van God se onvoorwaardelike genade en ewigdurende liefde vir sy kinders (Vgl. 4.3.4).

- **Geloofsvertroue.** Ten opsigte van geloofsvertroue is dit belangrik om kennis te neem van die inhoud van geloof omdat dit die band (of medium) is waardeur die mens op God se verbondsbeloftes reageer. Geloof word soos volg in die Heidelbergse Kategismus (1962:8) omskryf: “'n Ware geloof is nie alleen 'n gewisse kennis waardeur ek alles vir waaragtig hou wat God aan ons in Sy Woord geopenbaar het nie, maar ook 'n vaste vertroue wat die Heilige Gees deur die evangelie in my hart werk dat nie alleen aan ander nie, maar ook aan my vergewing van sondes, ewige geregtigheid en saligheid deur God geskenk is uit louter genade, alleen ter wille van die verdienste van Christus”. Geloof word deur Feenstra (1972:195) as 'n gawe van God beskryf, omdat geloof nie afhanklik gestel word aan sekere voorwaardes waaraan 'n mens moet voldoen nie. Die vrymoedigheid van die geloof is in God geleë, in die beloftes wat Hy aan die mens gemaak het. Wie glo, hou God se Woord en sy beloftes vir waaragtig en betroubaar en erken daarmee dat God ook sy Borg en Saligmaker is. Hierdie wete as kennis en vertroue vorm 'n eenheid. Dit kan nie geskei word nie.

In aansluiting by die voorafgaande teoretiese beskrywing van geloof kan as 'n praktiese basisteoretiese narratief-pastorale vertrekpunt van die storie van Abraham gebruik gemaak word. In die geloof het hy God gehoorsaam en na die beloofde land getrek. Geloofshandelinge geskied dikwels sonder dat die werklike prentjie volledig gesien kan word (Heb 6 & 7; Vgl. 5.4).

- **Geloofskennis.** Kennis van geloof versterk die mens se vertroue in God. In aansluiting hierby meen Gaum (1978:17) dat geloof die mens nederig stem, want deur te glo, stel die mens hom totaal in die hand van die Hemelse Vader. Dit stroop die mens van 'n selftevrede en selfgenoegsame leefwyse. König (2001:292,293) wys ook daarop dat deur te glo, verskuif die fokus weg van die mens self en word dit op God gerig. Ef 2:8 stel dit soos volg: “Julle is inderdaad

uit genade gered, deur geloof. Hierdie redding kom nie uit julleself nie; dit is ‘n gawe van God’. As alles genade is, kan die vraag gevra word watter rol geloof dan speel. Nel (2002:300) beskryf genade as ‘n geskenk uit vrye guns onafhanklik van die inset wat deur ‘n ander party gelewer word. God se genade kan met ander woorde nie deur geloof verdien word nie. Geloof is in ‘n praktiese sin die geestelike funksie waardeur die mens volgens God se toedoen sy genadige reddingsplan vir die mens kan aanvaar.

As die inhoud van die geloofsbelydenis van naderby ondersoek word, is geloof ‘n beslissende aangeleentheid - as die mens nie glo nie, is hy tot verlorenheid gedoem. Geloofsekerheid daarenteen beteken dat die mens nie in twyfel en sonder hoop hoef te leef oor die verhouding waarin hy met God drie-enig staan nie. Die mens hoef nie net te hoop dat hy die ewige lewe sal ontvang nie. As kind van God kan van harte geglo en aanvaar word dat hy die ewige lewe sal ontvang, omdat dit aan die mens vastigheid en geborgenheid gee.

Tesame met geloofsekerheid kom die getuienis van die Heilige Gees soos in Rom. 8:16 na vore. Die getuienis van die Gees hou verband met die evangelie wat gehoor en gelees word (Liebenberg 2000:141). Dit kan ‘n uiterlike getuienis genoem word, terwyl ‘n innerlike getuienis soos volg omskryf kan word: Hierdie Gees getuig saam met ons gees dat ons kinders van God is .... “Wie in die Seun van God glo, besit die getuienis in sy hart” (König 2001:292). Die geestelike dimensie waarna telkens in hierdie studie verwys word, word in laasgenoemde woorde saamgevat. God is beklee met gesag en Hy neem die inisiatief in die God-mens-verhouding. Die mens leef verantwoordelik deur gehoorsaam daarop te reageer. God is ‘n God van liefde en gee daarom die versekering dat Hy Sy gesag in liefde uitoefen. Dit bring mee dat die mens Hom uit liefde gehoorsaam. Die mens kan daarom toekomsgerig leef en altyd hoop op die beloftes wat Christus openbaar (König 2001:99; Liebenberg 2000:141-142). ‘n Fusie tussen God se verhaal vir die mens en die mens se aanvaarding van daardie verhaal as die enigste ware verhaal waarvolgens die mens die ewige lewe kan beërwe, is slegs moontlik as dit deur die mens aanvaar en daarin geglo word. Anders gestel kan ook geredeneer word dat die geestelike verhaal van die mens deur die mens se geloofsverhaal in God bekragtig word. Die fusie tussen die twee verhale hef sodoende ook die leef van twee afsonderlike verhale op. Die gelowige aanvaarding

van God se verhaal deur 'n Geesgeïnspireerde geloofskeuse in die hart van die mens, lei daartoe dat die mens op 'n gehoorsame gelowige wyse in afhanklikheid van God leef ooreenkomstig God se verhaal vir die mens (Vgl.5.4).

'n Verdere aspek wat deur die huldiging van die voorafgaande argument na vore kom, is die wete dat die mens oor 'n ewigheidsdimensie beskik en dat hoop sodoende in Christus 'n eskatologiese karakter kry.

- **'n Eskatologiese toekomsverwagting.** In aansluiting by die sentrale navorsingsdoel van hierdie studie, waarvolgens saam met die mens-in-nood na antwoorde gesoek word vir die gevoelens van wanhoop wat ervaar word, bied die voorafgaande teologiese antropologiese begroning die bevestiging dat indien die Christelike maatskaplike werker uit 'n teologies-gefundeerde antropologie tot die leefwêreld van 'n kliënt toetree, die boodskap van ewige hoop in so 'n situasie oorgedra kan word (Collins 1988:69). Die oordrag van die boodskap van hoop in Christus, is die een kant van die verhaal. Die kliënt as 'n denkende normatief-besluitnemende wese moet deur middel van 'n bewuste antwoord God se genadige uitnodiging van verlossing vir sy lewe aanvaar deur dit in ooreenstemming met God se Woord te bring. Volgens teologiese beskouings word tyd nie slegs volgens 'n historiese lyn van verlede, hede en toekoms gesien nie, maar ook in relasie tot die aktiwiteite van God. Christus tree altyd in die teenswoordige tyd op, byvoorbeeld die koms van Christus lê in die verlede, maar dit het aan die mens 'n nuwe toekomsverwagting gebring, net so ook Sy wederkoms wat nog in die toekoms lê (Lester 1995:22; Smit 1999:64). Indien die mens bewustelik ooreenkomstig die heilsbeloftes van Christus leef, skep dit gevoelens van geloofsvertroue en toekomshoop. Christus as Redder en Saligmaker van die mens is terselfdertyd ook die mens se hoop, Hy is die Herder wat paaie gelyk maak in tye van swaarkry (Lester 1995:20; Smit 1999:180; Vgl.2.5; 5.4). Die verbond impliseer sodoende ook 'n sinvolle toekomsdimensie.

### **2.3.2.2 Verrekening van die verbond in narratief-pastorale maatskaplike werk**

Die volgende afdeling vind aansluiting by die voorafgaande bespreking van die mens as 'n verbondswese en die verrekening daarvan in maatskaplike werk

deur die gebruikmaking van 'n narratief-pastorale benadering volgens inter- en intradissiplinêre werkswyses. Eerstens word aandag aan die waarde van die verbond as inhoud vir 'n narratief-pastorale maatskaplikewerkgesprek gegee en tweedens aan die belofte van toekomshoop wat implisiet in die verbond opgesluit lê.

#### **2.3.2.2.1 Die waarde en betekenis van die verbond in 'n narratief-pastorale maatskaplikewerkbenadering**

In die uitvoering van narratief-pastorale maatskaplikewerkintervensie-gesprekke word saam met kliënte gesoek na hoopgebaseerde antwoorde vir die pyn wat hulle ervaar as gevolg van probleemversadigde lewensverhale. In aansluiting by Venter (1996:31) se mening dat God se bemoeienis en verhouding met sy volk in die verbond verwoord word, kan geredeneer word dat die Christelike maatskaplike werker as diakonale medewerker van God, bemoeienis maak met die kliënt op die gesag van die verbond. Deur die verlening van erkenning aan die beloftes en geloofsverwagtings wat in die verbond gestel word, kan die maatskaplike werker dit tydens maatskaplikewerkgesprekke met kliënte bespreek as 'n geloofsversterkende prinsipe en/of om kliënte opnuut bewus te maak van die feit dat die mens in ooreenstemming met God se verhaal vir die mens behoort te leef.

'n Praktiese manier waarvolgens die rol van die verbond in 'n gesprek na vore gebring kan word, is deur middel van 'n verwysing na die geboorte van Israel as God se volk en die terugvoering na die verbondsluiting op die berg Sinai (Eksodus 19:5-6). God het nie net die verbond met sy volk gesluit nie, maar Hy stel as voorwaarde 'n eis van gehoorsaamheid en dit geskied binne 'n baie spesifieke verhoudingstruktuur, naamlik die verhouding van Israel tot God. In Jeremia 31 word 'n belofte van 'n nuwe verbond gemaak en in die brief aan die Hebreërs word dit beskryf. Die verbond van God dra tot vandag toe nog 'n samebindende karakter. God bind die mens aan Hom vas as sy bondgenote en /of verbondskinders. Kinders van gelowiges word daarom gebore as kinders in die verbond. Indien die ouers en kinders in gebreke bly om die Here te dien,

moet hulle vermaan word tot bekering om opnuut vir die Here te kies en in die geloof te leef (Jonker 1974:17; König 2001:301).

#### **2.3.2.2.2 Doop en die verbond in ‘n narratief-pastorale maatskaplikewerkbenadering**

‘n Verdere praktiese manier waarvolgens kliënte tydens maatskaplikewerkgeprekke bewus gemaak kan word van die rol wat die verbond speel, is deur ‘n bespreking van die betekenis wat aan die doop gegee word. Die doop lyf mense in Christus se verbond in en maak hul sodoende opnuut erfgename van sy verbond met die mens (König 2001:305).

#### **2.3.2.2.3 Geloof en die verbond in ‘n narratief-pastorale maatskaplikewerkbenadering**

Die rol wat geloof as ‘n uitvloeisel van die verbond in ‘n narratief-pastorale benadering speel, is van kardinale belang in die verrekening van die geestelike dimensie omdat die mens as skepsel van God deur geloof aan God verbind word en daarmee ook sy afhanklikheid van God erken. Dit plaas die mens in ‘n definitiewe God-mens-verhouding wat uitloop op ‘n verbondsontmoeting. “Die verbondsmatige ontmoeting tussen God en mens verkry in die pastorale ontmoetingsgebeure die karakter van sensitiewe nabyheid en daadwerklike troos. Dit is in dié pastorale ontmoetingsgebeure dat heilskonkretisering gestalte gee aan die sorgkonsep en dat geloof in terme van ‘n teologiese antropologie ontwikkel word tot spirituele volwassenheid” (Louw 1999:95). Die waarde van geloof behoort opnuut deurdink te word as ‘n mens werklik die wêreld van God wil betree. Die pad na God loop deur geloof en ‘n bewuste erkenning van die feit dat die mens God se verbondskinders is (Van der Watt 2000:150; Vgl 4.5.13). Berkhof (1969:28) beskou die *openbaring* van God aan die mens as God se manier van kommunikasie met die mens. God neem die inisiatief in die verbondskommunikasie en omhels die mens in die ontmoeting. Die mens reageer daarop en daarom kan na ‘n verbondsontmoeting verwys word tussen God en mens. Die enigste bydrae van die mens se kant in die omhelsende liefde van God, is ‘n gelowige aanvaarding van God se genade-aanbod aan die mens (Louw 1999:96). Ter inleiding van hierdie hoofstuk is verwys na die perspektiwistiese verskille tussen maatskaplike werk as ‘n gedragsgefundeerde wetenskap en teologie.

Volgens 'n perspektiwistiese benadering word die geestelike dimensie deur pastorale beraders verreken aan die hand van 'n pastorale antropologie en 'n doelbewuste kommunisering van die heilsboodskap van die Bybel (Vgl. 1.2.2; 1.2.3). Indien maatskaplike werkers by die rol wat die geloofsverhaal in die lewe van 'n kliënt speel, aansluiting wil vind deur 'n bewuste kommunisering daarvan, kan dit gedoen word deur die gebruikmaking van interdisiplinêre wetenskapsmetodiek by name pastorale teologie. Geloof in God help die mens om die historiese gegewens van die kruisgebeure sy eie te maak. Geloof beskik oor 'n rasonale dimensie wat daartoe lei dat die mens logiese perspektiewe van godsdienstige gebeure kan vorm (Van der Watt 2000:51).

#### **2.3.2.2.4 Die religieuse keusemoment en die verbond in 'n narratief-pastorale maatskaplikewerkbenadering**

Uit 'n Christelike perspektief is die mens met 'n religieuse hart geskape. Met die transendente hart van die mens as 'n religieuse konsentrasiepunt ontstaan die pneumatiese manifestering waarvolgens die mens beslis "ja" of "nee" op die genadeaanbod van God antwoord (Smit 1975:65). Dit gaan in die pastorale gesprek sentraal om die ontmoeting met God. "Die pastoraat wil Woord en Lewe bymekaar uitbring op so 'n wyse dat die mens midde-in sy lewe die versorgende nabyheid van God en sy Verbondswoord ervaar" (Van Jaarsveld 2001:38). 'n Bewuste aanvaarding van God se verbondsbeloftes vir die mens en die religieuse keusemoment waarvoor die mens beskik, bied binne 'n narratief-pastorale perspektief aan die maatskaplike werker die geleentheid om soekend saam met die mens-in-nood sy lewensverhaal in oënskou te neem tot waar die kliënt deur middel van 'n pneumatologiese inwerking kies om die verbondsbeloftes van God te aanvaar en om in geloof ooreenkomstig *God se verhaal* te leef. 'n Verdere argument in die verband word deur Morris (1996:12) na vore gebring as hy daarop wys dat die verlossingsverhaal van God as die mees primêre storie deur Christene aanvaar word. Bybelverhale word van geslag tot geslag oorgedra. Die oordrag van Bybelse verhale aan kinders lei tot die internalisering van Christelike waardes en norme. Dit is daarom nie vir Christene vreemd om uit 'n Bybelse perspektief aansluiting by die verrekening van die geestelike dimensie te vind nie.

Volgens Bowpitt (2000:355) het die voorafgaande bespreking om die volgende redes verreikende implikasies vir maatskaplikewerkteorie:

- As geargumenteer word dat die mens 'n beelddraer van God is en alleenlik volledig mens kan wees as hy God ken, kan die Christelike maatskaplike werker nie nalaat om hierdie waarheid met die kliënt te deel nie.
- Voortspruitend uit hierdie verantwoordelikheid kan die kliënt daarop gewys word dat God 'n liefdevolle God is wat voorsien in sy daaglikse brood, na liggaam en siel.
- 'n Verdere implikasie hou verband met die feit dat die mens ewigheidswaarde het. As 'n mens met 'n ewigheidsperspektief leef, kweek dit toekoms hoop (Lester 1995:5).
- Die hantering van armoede as 'n maatskaplike vraagstuk vind ook aansluiting by hierdie beredenering as gevra word met watter gesindheid tot die leefwêreld van die armes toegetree word. Janse van Rensburg (2000b:6) antwoord deur daarop te wys dat die liefde van Christus heelhartig met die armes gedeel moet word.
- 'n Benadering gefundeer in die liefde van Christus bied 'n holistiese benadering wat nie slegs armoedeverligting ten doel het nie maar ook Woordverkondiging en eskatologiese hoop (Janse van Rensburg (2000b:7).

Voorts word die mens as 'n verhoudingswese bespreek.

### **2.3.3 Die mens as verhoudingswese**

In God se verhaal vir die mens staan die mens binne 'n bepaalde verhouding tot God, sy medemens, die self en sy omgewing. God se verhouding met die mens word deur Strauss (1998:19) as 'n wortelverhouding beskryf. God is as 't ware die wortel waaraan alle ander verhoudings geanker word. Die verhouding waarin die mens tot God staan word beskou as die sentraalregulerende verhouding waarvolgens alle gedragswyses van die mens gerig word (Le Roux 1970:17; Smit 1975:64; Lombaard 1980:9). As die God-mens-verhouding deur die invloed van sondige gedragswyses versteur word, leef die mens nie in ooreenstemming met God se verhaal vir die mens nie. Pastorale beraad het die herstel van verhoudings ten doel. Versoening kom primêr deur die heil van Christus tot stand. Die pastorale gesprek word eers voltooi as

God se verhaal en die mens se verhaal een verhaal vorm of met mekaar geïntegreer is (Vgl.5.4).

In die literatuur blyk dit dat daar 'n meningsverskil bestaan oor die getal verhoudings waarin die mens tot God staan. Sommige skrywers (Hofmeyr 1972:20; Du Preez 1972:26; Smit 1975:75) volstaan by vier primêre verhoudings te wete: 'n verhouding tot God, medemens, homself en omgewing. 'n Tweede groep skrywers (Heyns 1974:80 en König 2001:162) onderskei ses verhoudings waarin die mens staan: tot God, sy medemens, homself, die natuur, die kultuur en strukture. Die ses verhoudings word verder verdeel in twee samevattende verhoudings, naamlik primêre verhoudings wat dui op Goddelike oorsprong en sekondêre verhoudings wat dui op verhoudings van menslike oorsprong. Die standpunt van Smit (1975:75) word vir die doeleindes van hierdie studie ondersteun naamlik vier verhoudings bestaande uit 'n verhouding tot God, die medemens, homself en die omgewing. Kultuur en struktuur word by implikasie by die genoemde vier verhoudingsisteme ingesluit.

'n Holistiese benadering impliseer die verrekening van al vier verhoudings tydens pastoraal-maatskaplikewerkintervensies. In sekulêre maatskaplike-werkbenaderings word die verhouding met God nie eksplisiet verreken nie, alhoewel daar antropologies gesproke deur Christelike maatskaplike werkers erkenning aan 'n Christelike antropologie verleen word (Hofmeyr 1972:19; Du Preez 1972:26). Meer resente literatuurverkenning dui daarop dat 'n Christelike antropologie nie meer deel van maatskaplikewerkbenaderings vorm nie (Bowpitt 2000:349; Canda 2002:2). Zastrow (2000:6) en (2003:1) is van mening dat maatskaplikewerkbenaderings tans gefundeer word in kulturele antropologie, gebaseer op argeologie, etnografie, linguistiek, sosiale en psigologiese data en analitiese metodes. Die wegbeweeg van 'n Christelike antropologie skep vir die maatskaplike werker ruimte om al hoe meer gebruik te maak van meer humanisties-georiënteerde teorieë soos postmodernistiese narratiewe benaderings. As gevolg van bogenoemde tendense is dit belangrik om die insluiting van die verhoudingskonstellasie waarin die mens in 'n holistiese benadering staan, opnuut te bespreek (Canda 2001:1; Paul et al. 2002:224).

‘n Oorsig oor die inhoudelike van die vier primêre verhoudings te wete tot God, die self, medemens en die omgewing in ‘n wederkerige verband, word vervolgens bespreek.

### **2.3.3.1 Verhouding tot God**

God het die mens as ‘n verhoudingswese geskape. Om as beelddraer van God te leef, beteken dat daar ‘n vorm van analogie tussen die bestaanswyse van die mens en diè van God is. God is ‘n Verhoudingsgod. Hy staan in ‘n verhouding met Sy totale skepping. In Sy genade staan Hy in ‘n verbondsverhouding tot Sy volk, in Sy heilige regverdigheid staan Hy in ‘n strafverhouding tot die sonde en in Sy Goddelike drie-eenheid staan Hy in ‘n verhouding tot Homself (Smit 1975:64).

Persoonlike verhoudings behoort ‘n spieëlbeeld te wees van die verhouding wat die mens met God handhaaf (Berkhof 1969:43; Smith 1997:24). 1 Joh 5:1-5 beskryf die inhoudelike van ‘n persoonlike verhouding met God soos volg: “Elkeen wat geen twyfel daaroor het dat Jesus die Messias is nie, kan weet dat God hom of haar Sy kind gemaak het. Elkeen wat God lief het wat mense Sy kinders maak, het ook almal lief wat Sy kinders is. Om God lief te hê, beteken om Sy opdragte ernstig op te neem en uit te voer. Dit is soos twee kante van dieselfde munt”. Alle verhoudings is in God gefundeer en rig sodoende die totale gedragswyse van die mens soos wat dit in die verhoudings waarin die mens staan, na vore kom (Smit 1975:64).

Volgens Berkhof (1969:28) en Heyns (1970:100) kan die mens nie buite sy verhouding met die transendente verstaan word nie. Hierdie leidende prinsipe het te make met die totale essensie van menswees. Hiervolgens word gestalte en kwaliteit gegee aan die lewens- en wêreldbeskouing van die mens. Dit bepaal die mens se sin vir waardes en sy lewensbestemming as ‘n mens in verhouding met God of ‘n godheid. Die geworpenheid van die mens in die wêreld bring mee dat hy na waardes buite homself soek. Dit geld nie net vir die gelowige wat doelbewus uit sy verhouding tot die transendente God leef nie, maar ook vir die ongelowige (Heyns 1970:100; Vgl. 5.4).

König (2001:162) is van mening dat sonde as die oorsaak van swak verhoudings gesien kan word. Die mense leef voortdurend in 'n verhoudingskonstellasie met mekaar en daarom tas sonde die lewenskwaliteit en verhoudings van die mens aan. Die maatskaplike werker werk in werklikheid met 'n resultaat van die sonde as daar gedink word aan voorbeelde van kindermishandeling en huweliksontrou. Die herstel van die God-mens-relasie blyk gevolglik van kardinale belang vir suksesvolle maatskaplikewerkhulpverlening te wees (Collins 1988:559).

In die maatskaplikewerkdomein word as vertrekpunt gefokus op die herstel van die maatskaplike verhoudings met medemense, die omgewing en die eie-ek (Smale, Tuson & Statham 2000:3). Die insluiting van doelgerigte kommunikasie oor die verhouding met God uit 'n pneumatologiese beskouing as 'n integrale deel van die verhoudingsnetwerk, word nie in sekulêre maatskaplikewerkbenaderings toegepas nie. Dit word eerder in sekulêre maatskaplike werk beskou as die taak van die pastorale berader ( Paul et al 2002:235; Collins 1988:17). Indien Christelike maatskaplike werkers in die praktyk deur die gebruikmaking van inter- en intradissiplinêre pastorale maatskaplikewerkbenaderings aansluiting vind by die totale verhoudingskonstellasie waarbinne die mens leef, kan die sentraalregulerende verhouding tot God erken word.

Voorts word die verhouding tot die medemens in aansluiting by die mens se verhouding tot God bespreek.

### **2.3.3.2 Verhouding tot die medemens**

God het die mens as 'n verhoudingswese geskep - primêr as man en vrou en sekondêr in wyer medemens-synsverband (Collins 1975:5). Die mens kan slegs tot volle volwassenheid en rypheid kom as hy homself as deelnemend ervaar in 'n verhoudingskonstellasie tot sy medemens. Die mens as 'n kommunikatiewe wese neem 'n sentrale plek in sy medemens-wees in. Die eintlike wêreld van die mens is 'n wêreld van gemeenskap met mekaar (Smit 1975:65,66). Die mens probeer daagliks om die afstand tussen hom en sy medemens kleiner te maak deur met mekaar in gesprek te tree. Hofmeyr (1972:20-21) gebruik as voorbeeld die ontwikkeling van die kommunikasieband tussen 'n moeder en haar kinders. Uit die ouer-kind-verhouding

leer die mens om medemens te wees en om in gesprek met ander te tree. König (2001:35) verwys na 'n voorbeeld van medemens - wees waartydens Jesus Sy dissipels bymekaar geroep het en hulle geleer het met die doel om hulle te bekwaam om die evangelie weer met ander te gaan deel. God vertoon Sy barmhartigheid op 'n besondere wyse deur Christus en as 'n opdrag: "Soos Christus barmhartig is, so moet ek en jy ook barmhartigheid bewys". Dit beteken om liefde teenoor alle mense te betoon. Dit is die gee van 'n stukkie brood, om te versorg en empatie te betoon (Smith 1996:29). Mens-wees word vervul in medemens-wees (Du Preez 1972:27).

Die taak van die maatskaplike werker in die hantering van maatskaplikewerkprobleme sentreer meestal op die aspek van swak medemenslike verhoudings. Maatskaplikewerkintervensies in aansluiting by die herstel van medemenslike verhoudings geskied op vyf vlakke naamlik: voorkoming, ontwikkeling, verryking, terapie en statutêr. Aangesien die mens gesien word as kommunikasie-in-ontmoeting-met-mekaar en gelei deur God, fokus die maatskaplike werker eers op voorkomings-,ontwikkelings- en verrykingsdienste alvorens terapie en laastens oorweging aan statutêre optredes gegee word (Smit 1975:66; Brandt & Skinner 1999:56; Wayne 1997:25). Die goue draad van die opdrag van Christus om te leef volgens sy voorbeeld, ook ten opsigte van medemenslike verhoudings, is derhalwe slegs moontlik as die mens se verhouding met God reg is. Die humanisties-georiënteerde persoonlikheid ervaar sy verhoudingsbelewensisse uit 'n hier-en-nou situasie en vind nie aansluiting by die geestelike inspraak van God nie (Collins 1988:559).

Verbrokkelde verhoudings is meestal uit 'n pastorale perspektief die resultaat van sonde (Brandt & Skinner 1999:57). Bowpitt (2000:358) is van mening dat sonde die totale menswees aantast en dat die implikasies daarvan op die volgende drie vlakke voorkom: intellektueel, moreel en esteties. Maatskaplike werkers kan daarom nie die invloed van sonde op menslike verhoudings ignoreer nie. In die hantering van die sonde behoort vergewing, genade en hoop verkondig te word, teenoor 'n oorbeklemtoning van die demoraliserende resultaat van die sonde.

Kritiek kan moontlik deur nie-Christelike maatskaplike werkers uitgespreek word teenoor laasgenoemde standpunt. Christelike maatskaplike werkers kan ook vra hoe

die nie-Christen kliënt hanteer moet word (Vgl. 5.4). Antwoorde op hierdie vrae is nie enkelvoudig nie. Navorsing wat in hierdie verband gedoen is, dui die volgende uitgangspunte as moontlike antwoorde aan:

- Maatskaplike werkers wat aandag aan die verrekening van die geestelike dimensie gee, verkies om te werk volgens 'n Christelike epistemologie omdat dit hul persoonlike lewens- en wêreldbeskouing vertolk (Paul et al 2002:231; Praglin 2003:2; Canda 2001:1; Gilbert 2000:68).
- Verder is hulle in diens van welsynsinstansies wat 'n Christelike benadering ondersteun, en/of bedryf privaat maatskaplikewerkpraktyke wat in 'n Christelike epistemologie gefundeer is (Bowpitt 2000:362; Paul et. al. 2002:235).
- Erkenning word verleen aan etiese kodes en die voorgeskrewe staatsbeleid vir maatskaplike werk in die uitvoering van dienslewering (Bowpitt 2000:353; Paul et al 2002:237). Die etiese kode vir maatskaplike werkers in Suid-Afrika betreffende die regte van die kliënt vereis die volgende: die uniekheid van elke kliënt moet erken word; 'n professionele verhouding moet gehandhaaf word; die selfbeslissingsreg van die kliënt moet erken word; die regte en voorkeure van 'n kliënt moet in ag geneem word in die opstel van 'n hulpverleningsplan; die maksimale vermoëns van 'n kliënt moet benut word; die kliënt se besluite moet gerespekteer word, ook in situasies waar die kliënt van die maatskaplike werker verskil; dienslewering aan kliënte mag nie geweier word nie, selfs wanneer die kliënt nie daarvoor kan betaal nie; die kliënt moet voorberei en in kennis gestel word van diensbeëindiging (SACSSP 2003). In terme van die Suid-Afrikaanse staatsbeleid vir welsyn moet dienste eerstens aan die armste van die armstes deur middel van 'n ontwikkelingsgerigte benadering gelewer word (Witskrif Maatskaplike Welsyn 1996:3). Samewerkingsooreenkomste tussen die Staat en geloofgebaseerde welsynsorganisasies word deur die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling aangemoedig asook maatskaplikewerkdienlewering met die doelwitte van voorkoming, ontwikkeling en verryking (Zkweyiya 2000:4).
- 'n Interdisiplinêre benadering en addisionele opleiding ten opsigte van maatskaplike werk word deur Paul et al. (2002:237), Praglin (2003:17) en Gilbert (2000:81) bepleit indien maatskaplike werkers aandag aan die verrekening van die geestelike dimensie gee.

In die lig van die voorafgaande kan geargumenteer word dat die verrekening van die geestelike dimensie in die maatskaplikewerkberoep in Suid-Afrika toelaatbaar is ingevolge die Suid-Afrikaanse etiese kode vir maatskaplike werk en die staatsbeleid. Die keuse vir die verrekening van die geestelike dimensie al dan nie, berus by die kliënt. Indien hy nie volgens 'n Christelike leefwyse leef nie, kan van humanistiesgebaseerde benaderings gebruik gemaak word om sy behoeftes te akkommodeer. Christelike maatskaplike werkers wat verkies om slegs volgens Christelike pastorale benaderings te werk, sal dit meer geredelik in privaatpraktyke kan doen (Vgl. 5.4).

Barmhartigheid kan slegs getoon word as die maatskaplike werker of pastorale berader uit 'n Christelike perspektief aansluiting vind by 'n Christelike geloofsperspektief. Die strewende om dienooreenkomstig die voorbeeld wat van Christus in die Bybel gestel word, te leef, behoort aan die kliënt oorgedra te word en dan kan 'n aanspraak op hom gemaak word om in sy verhoudings met ander mense net so te leef (Wayne 1997:35).

### **2.3.3.3 Verhouding tot die self**

Elke mens het as skepsel en beelddraer van God 'n bepaalde beeld van homself (Smit 1975:66). Dit behels onder andere 'n innerlike leefwêreld van gedagtes en gevoelens. Die innerlike self kom in die alledaagse leefwêreld van die individu tot openbaring in die uiterlike self (Smith 1997:9; Brandt & Skinner 1999:205). Ware kennis van die self is slegs moontlik binne 'n geloofsverhouding met God. Die Christen gelowige is voortdurend in gesprek met God en hierdie gesprek vorm die basis van alle gesprekke (Smith 1996:22; Liebenberg 2000:62). Die mens het egter ook 'n verantwoordelikheid teenoor homself: omdat hy 'n skepsel van God is, moet hy homself liefhê. Die uitvoering van selfliefde lê opgesluit in die uitreiking na ander mense. Luk 6:31 lees soos volg: "Behandel ander mense soos julleself behandel wil word". Die geldende maatstaf waarom dit hier gaan, is die norm wat die mens vir homself stel. Gesonde selfliefde word weerkaats in die Bybelse opdrag; "Jy moet ander liefhê soos jouself". Die vertrekpunt vir beredenering oor liefde berus altyd in die wete dat liefde 'n verhoudingsbegrip is. Jesus se liefde vir die mens gaan daarom dat Hy nie in die eerste plek na Sy eie belange omgesien het nie, maar na die belange

van die mens (König 2001:167). Die mens moet bereid wees om mekaar te dien en mekaar se voete te was soos wat Jesus sy dissipels se voete gewas het (Marr 1982:123, Lucado1998:17). Indien dit nie gebeur nie, kan die verkeerde vertolking van selfliefde byvoorbeeld aanleiding tot ernstige huweliksprobleme gee. Hawkins (1997:203) meen daar is 'n dinamiese verband tussen liefde en die aanvaarding van verantwoordelikheid vir mekaar. In aansluiting by Hawkins (1997) se argument wys Olthuis (1975:114) daarop dat, wie waarlik liefhet, nader aan mekaar leef as broers. Olthuis (1975:113) gebruik die volgende aanhaling om liefde vir mekaar te beskryf:

*“A faithful friend is a sure shelter, whoever finds one has a rare treasure.*

*A faithful friend is something beyond price, there is nothing measuring his worth.*

*A faithful friend is the elixir of life, and those who fear the Lord will find one.*

*Who ever fears the Lord makes true friends, for as man is, so is his friends.”*

Die voorafgaande aanhaling van Olthuis (1975) beskryf uit 'n narratief-pastorale maatskaplikewerkbenadering, die verhoudingsgesindheid waarmee die mens-in-nood benader behoort te word.

Selfsugtigheid is 'n vorm van sondige selfliefde. Die mens is van nature geneig tot selfsugtige selfliefde. Indien 'n mens nie onder die heerskappy van die Heilige Gees leef nie, kan selfsugtige selfliefde aanleiding gee tot selfgeregtigheid en 'n materialistiese leefwyse (Marr 1982:123).

Die verhouding wat die mens met homself handhaaf, word uitgeleef in samelewingstrukture soos tradisie, kuns, die huwelik, gesin, volk, staat, arbeid en kerk (Smit 1975:75; König 2001:162). Die funksioneringsgehalte daarvan is 'n direkte weerspieëling van die gehalte van die mens se verhoudings. Die oorsaak van swak samelewingstrukture (huwelik en gesinslewe) is meestal die gevolg van sonde, omdat sonde 'n breuk tussen die mens en God en tussen die mens en ander mense tot gevolg het (König 2001:163).

Vervolgens word die mens se verhouding tot die omgewing bespreek.

#### **2.3.3.4 Verhouding tot die omgewing**

Die vierde verhouding waarbinne die mens in die skepping leef, is die verhouding tot sy omgewing. Die natuur word deur Bybelskrywers beskryf as 'n Godswonder. Dit is God se handewerk en dra by tot Sy verheerliking. Die mens is deur God aangestel om die aarde te bewerk, te beheers en te bewaar, daarom mag die natuur nie besoedel word, of natuurlike hulpbronne misbruik word nie (Smit 1999:169; König 2001:162).

Die waarde van die omgewing lê vir die pastoraat daarin dat as dit bewaar word, die skoonheid van God in die skepping herontdek kan word (Du Preez 1972:27). Hierdie herontdekking werk helend in op die mens en as hy dit besef, werk hy weer helend op die skepping in (Louw 1997:62). Skeppende aktiwiteite van die mens, byvoorbeeld die skep van kunswerke en die ontwikkeling van tuine, het dieselfde reaksie tot gevolg. In narratief-pastorale maatskaplike werk kan die mens gevra word om te vertel watter aandeel hy tot kultuurskepping in God se koninkryk het of daartoe aangemoedig word omdat betrokkenheid by kultuurskepping aanleiding kan gee tot 'n kreatiewe ontwikkelingsgeleentheid vir die mens met die resultaat van 'n wederkerige versterkende invloed op die selfontwikkeling van die mens (Smit 1999:169).

Samevattend kan geredeneer word dat God alles in harmonie geskep het. 'n Aantasting van God se skepping deur sondige gedragswyses soos natuurbesoedeling, het 'n invloed op die totale skepping van God. Net soos wat 'n Christenmens voortdurend bewus is van die wete dat God hom geskep het, kan die wete ervaar word dat die natuur of omgewing ook deur God geskep is en dat die mooi daarvan soos 'n sonsondergang tot eer van God beleef kan word. Erkenning word op hierdie wyse aan God en sy totale skepping verleen.

Uit die voorafgaande bespreking blyk dit dat erkenning aan die mens as 'n verhoudingswese en die insluiting van die God-mens-relasie as die rigtinggewende verhouding vir die doeleindes van hierdie studie 'n deur open waarvolgens die evangelieboodskap van geloof, hoop en liefde aan die moedelse mens wat op soek is

na oplossings vir sy maatskaplike probleme, oorgedra kan word. Dit dra verder by tot die erkenning van die geestelike dimensie as 'n onlosmaaklike deel van die mens. Die nie-verrekening van die geestelike dimensie verskraal die terapeutiese ontmoeting tot 'n humanistiese mensgerigte ontmoeting.

Vervolgens word die aktualiteit van sonde binne 'n teologiese antropologie bespreek.

## **2.4 Aktualiteit van die sonde**

Die sondeval word deur Smit (1975:79) en Lutzer (1998:96) beskryf as die tweede grondmotief vir 'n Christelike antropologie. Laasgenoemde twee outeurs is van mening dat daar altyd in die psigologie rekening gehou moet word met die werklikheid van die sonde (Vgl. 2.3.3.2). “Die realiteit van sonde met sy geweldige trefkrag op die mens kan nie gereduseer word nie en moet sonder idealistiese humanistiese optimisme erken en bely word. Dit is geen defaitistiese en fatalistiese erkenning nie, maar 'n belydenis wat weet dat die grootheid van die mens weerspieël word in die diepte van sy val. Dit is 'n belydenis met die oog op genade” (Smit 1975:79). Die wese van die sonde bestaan daarin dat die mens opsetlik sy Godgegewe doel mis (Smit 1975:80). Zeeman (1975:88) en Lutzer (1998:96) is van mening dat as die mens nie die invloed en rol van sonde besef en/of erken nie, hy nooit na die ware Verlosser sal gaan nie. Sonde word deur König (2001:163) op 'n meer omvattende wyse omskryf as “... slegte verhoudings, ontrouheid in die verbond, die verkeerde omgang met God, ander mense en die natuur”. Verhoudings is die wese van die lewe en daarom het sonde 'n radikale invloed op verhoudings. In aansluiting by die sentrale tema van hierdie studie blyk dit dat, solank as wat voortgegaan word met sondige gedragswyses, die ware heilsboodskap van Christelike hoop 'n onwerklikheid bly. Ten einde hoop aan die moedelose mens-in-nood te bring, kan uit 'n narratief-pastorale perspektief saam met die kliënt na moontlikhede gesoek word om die rol wat sonde in die versteurde verhoudings speel, te identifiseer ( Vgl. 4.5; 5.5).

Die sondeval het die mens van God, sy naaste, homself en sy wêreld vervreem. Die gevalle mens met sy affektiewe steurnisse is dus die objek van psigo-pastorale hulpverlening. Die persoon se ervaring van sondeskuld kan nie ontken word nie,

maar moet met hom deurgewerk word ten einde bevryding te verkry. Hierdie aspek word dikwels in psigoterapie verwaarloos (Brammer & Shostrom 1968:435). Sondepsigologie behoort mee te werk tot die nodige verootmoediging voor en afhanklikheid van God, want sonder God is uit 'n narratief-pastorale standpunt geen volledige oplossing moontlik nie. Daar moet ook rekening gehou word met die feit dat, ten spyte van die sondeval, die mens steeds beelddraer van God is. Christus se koms maak herstel moontlik (Janse van Rensburg 1987:217). God se handeling met die mens in en deur sy Seun, bepaal die aard en omvang van God se hulpverlening. Hierdie fundamentele teologiese vertrekpunt struktureer die bediening van versoening as ontologiese noodsaaklikheid in die vormgewing aan 'n prakties-teologiese basisteorie (Janse van Rensburg 1987:218).

Uit 'n diakonologies-gefundeerde narratief-pastorale maatskaplikewerkbenadering, vind die Christelike maatskaplike werker aansluiting by God se handelingswyse deur saam met die mens-in-nood na die sin van sy lewe in die lig van eskatologiese hoop te soek.

Die mens is in afdeling 2.3.2 as 'n verhoudingswese beskryf. Die manifestering van bedorwe verhoudings as 'n verskynsel, gee aanleiding tot ernstige maatskaplike wanverhoudings en vorm daarom deel van maatskaplike probleme wat deur maatskaplike werkers in die praktyk hanteer word. Die probleem van vertroebelde menseverhoudings kan meestal met sondige gedragswyses in verband gebring word (Smit 1975:85; Lombard 1981:2; König 2001:163; Van Jaarsveld 2001:49). Solank as wat die mens volhard met sondige gedragpatrone, byvoorbeeld herhaalde alkoholmisbruik en die pleging van misdaad of huweliksontrouheid, sal medemenslike verhoudings vertroebel bly. Ten spyte van die mens se sondige gedrag kan die relasie met God nooit gebreek word nie. Dit bly vanweë God se genade- en liefdesperspektief selfs in die diepste sondenood geldig (Smit 1975:85; Vgl 5.4). Hierdie wete moet doelbewus met die mens-in-nood gedeel word.

Die Bybel is baie konkreet oor sonde. Voorbeelde van sonde is liefdeloosheid, hoogmoed, selfsug, diefstal of moord (König 2001:164-165). Die volgende voorbeelde van sonde word vervolgens bespreek, naamlik liefdeloosheid en selfliefde,

ongeloof en ongehoorsaamheid omdat dit meestal manifesteer in die verhoudingsprobleme waarmee die maatskaplike werker te make het.

#### **2.4.1 Liefdeloosheid en selfliefde**

In afdeling 2.3 is aangedui dat die mens geskape is na die beeld van God en dit impliseer dat hy geskep is om lief te hê omdat God wesenlik liefde is. Die hele wil van God word in die twee liefdesgebooue saamgevat, naamlik “jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en jou naaste soos jouself” (Matt. 5:43). Liefde word ten diepste in verhoudings voltrek. Liefde bind individue en groepe aanmekaar sodat God en die mens in ‘n liefdesverbondenheid kan leef. Liefdeloosheid verbreek die verbondenheid en vervreem die mens van God en onderling van mekaar (Lombard 1981:1,60; Brandt & Skinner 1999:35; König 2001:165).

Dit blyk uit die voorafgaande dat sonde aanleiding tot liefdelose gedrag gee. Liefdelose gedrag lei weer tot swak medemenslike verhoudings, wat dikwels in maatskaplikewerkprobleme manifesteer soos byvoorbeeld huweliksprobleme. Liefde het nie ‘n enkelvoudige betekenis nie. Liefde word getoon deur middel van optredes soos omgee, agting, respek en koestering. Hierteenoor kan geredeneer word dat liefdeloosheid na vore tree in optredes van haat, veroordeling, molestering, mishandeling en ontrouheid.

Liefde bind mense aan mekaar en skep daarom vertroue. Liefdeloosheid verbreek hierdie vertrouensverhouding en dit kan selfs uiteindelik daartoe lei dat God nie meer vertrou word nie. Waar vertroue ontbreek, tree ongehoorsaamheid, ongeloof en ondankbaarheid in. Hierdie grondvorm van sonde bring gevolglik opeenvolgende sondes voort (Lutzer 1998:40; Brandt & Skinner 1999:36; König 2001:165). Liefde word telkens in die Bybel (1 Kor. 13, Gal. 5) uitgelig as die oorkoepelende riglyn waarvolgens die Christen sy lewe moet rig. Gebeur dit nie, tree die sonde in. Praktyke van die sondige natuur soos seksuele sondes kan uit liefdeloosheid afgelei word, asook sondes teen God (afgodsdienste en towery), ‘n gebrek aan naasteliefde, mense wat deelneem aan uitspattighede en dronkenskap (Brandt & Skinner 1999:36; König 2001:166).

Die daaglikse taak van die maatskaplike werker behels grootliks hulp aan mense wat probleme ervaar met byvoorbeeld alkoholisme, huweliksprobleme, selfmoordneigings en kinderverwaarlosing (Zastrow 2000:77). Die oorsprong van hierdie probleme lê, uit 'n teologiese antropologiese beskouing, meestal in die wese van die sonde (Brandt & Skinner 1999:38). Die Christelike maatskaplike werker moet daarom kennis dra van die rol van sonde en dit tydens maatskaplikewerkintervensies verreken. Indien hierdie waarheid misgekyk word, sal daar nooit by die kern van die verhaal uitgekóm word nie (Hawkins 1997:195; Lutzer 1998:72; Brandt & Skinner 1999:35,108).

#### **2.4.2 Ongeloof en ongehoorsaamheid**

Ongehoorsaamheid word tradisioneel beskou as die oorsprong van alle ander sondes en wel om die volgende drie redes: In die Bybel word vertel van Adam en Eva se ongehoorsaamheid; in die Apostoliese Geloofsbelydenis word die almag van God beklemtoon waarop die mens met gehoorsaamheid reageer; en in die Tien Gebooie word van die mens gehoorsaamheid gevra. Ongehoorsaamheid word ook in verband gebring met ongeloof (Jonker 1974:14; König 2001:167). Volgens 'n Christelike lewensbeskouing is dit belangrik om daarop te let dat hierdie grondvorms van sonde, soos liefdeloosheid, een van die analogiese eienskappe van die mens, naamlik om soos God te moet optree (die mens moet liefhê omdat hy na die beeld van God geskape is), verwring. “Ongeloof en ongehoorsaamheid verwring die mens se vermoë om paslik op God se inisiatiewe te antwoord (die mens is bondgenote van God wat sinvol op Sy gesag en trou moet reageer” (König 2001:168).

Ongeloof en ongehoorsaamheid dui ook op wantroue. Die mens moet in volle vertroue en afhanklikheid van God leef. Indien die mens daaraan gestalte gee, sal hy dood wees vir die sonde. Totale ongeloof lei uiteindelik tot selfverheerliking en eensaamheid (König 2001:169). Die mens moet derhalwe te alle tye gehoor aan die Wet van God gee, soos wat God dit in die bergpredikasie verduidelik het: “Alles wat julle dan wil hê dat die mense aan julle moet doen, net so moet julle aan hulle ook doen want dit is die Wet en die Profete” (Matt. 7:12). Hieruit kan afgelei word dat die hele Wet positief bedoel word, selfs dat die mens moet leer om sy vyande lief te hê (Viljoen 1976:13). As die mens nie 'n sondige wese was nie sou hy te alle tye geweet het watter vorm en gestalte die liefde in alle verhoudings moet aanneem. In plaas

daarvan om God en sy naaste lief te hê, is hy geneig om homself lief te hê. As gevolg van hierdie omstandighede was dit vir God nodig om in Sy openbaring aan die mens deur Sy wet, uit te spel wat Hy van die mens verwag (Jonker 1974:14). Indien die probleem van liefdeloosheid tydens berading en in die lig van Gods Woord bespreek word met die oog op herstelling van vertroebelde verhoudings, kan dit moontlik 'n impak hê op die herstel van maatskaplike wanverhoudings (Thurman 1997:102).

Kennisname van die aktualiteit van die sonde soos gefundeer in 'n teologiese antropologie, is van wesenlike belang wanneer maatskaplike werkers deur middel van narratief-pastorale benaderings aandag aan die verrekening van die geestelike dimensie skenk. Dit word gedoen om die volgende redes:

- Die wyse waarop aandag geskenk word aan die rol wat sonde speel, is belangrik omdat daar in sommige pastorale benaderings op 'n eensydige wyse klem gelê word op sonde en skuldbelydenis (Vgl. 3.4.3). 'n Narratief-pastorale maatskaplikewerkperspektief bied nie ondersteuning aan 'n pastorale benadering waarin slegs op die rol van sonde gefokus word nie, omdat sodoende wegbeweeg word van 'n geheelbenadering.
- Vir die doeleindes van hierdie studie word sonde aanvaar as 'n wesenlike dimensie van die menslike natuur wat 'n bepaalde invloed op maatskaplike verhoudings het. Indien die sondige natuur van die mens deur middel van 'n fusie tussen die mens- en Godsverhaal onder leiding van die Heilige Gees erken en sondige dade bely word, kan die mens herskep word om meer en meer eienskappe van God se beeld te vertoon. Die herskepping in Christus gee aanleiding tot die verandering van sondige denke en gepaardgaande gedragswyses soos die herstel van maatskaplike verhoudings.
- Liefdeloosheid, verhewe selfliefde en 'n volhardende ongeloof en ongehoorsaamheid aan die wet van God, bemoeilik die oordrag van eskatologiese hoop en die liefde en genade van Christus tydens berading.

Die belangrike rol wat sonde speel kan nooit ontken word nie. Dit moet tydens berading as deel van 'n teologiese antropologie aandag geniet. 'n Narratief-pastorale maatskaplikewerkbenadering, gefundeer in die Christelike teologie, erken die rol wat sonde speel en poog daarom om saam met die mens-in-nood te soek na antwoorde wat

kan lei tot veranderende insigte. Ware gedragsverandering is alleenlik moontlik as die mens-in-nood besef en erken dat sy maatskaplike probleem ten diepste met sy sondige gedragswyses verband hou (Bowpitt 2000:359).

## 2.5 Verlossing

Genade en/of verlossing kan naas skepping en sondeval as die derde grondmotief vir 'n teologiese antropologie beskou word. Indien daar nie iets soos genade was nie sou die totale mensdom vergaan het (Smit 1975:87). Die verlossende handeling van Christus word in alle dimensies van die individu se lewe aangetref: persoonlik en sosiaal, geestelik en liggaamlik. Op grond van so 'n holistiese benadering kan geredeneer word dat verlossing verband hou met die geestelike dimensie en die mens se besliste antwoord op God se roepstem. In die volgende aanhaling verduidelik Janse van Rensburg (1987:219) die mens se vermoë om te antwoord:

*“Praktiese Teologie funksioneer deur handelingsisteme wat hierdie “Praxis Gottes” na elke aspek van die mens se lewe deurgee, terwyl die inkarnering van die Logos die dieptestruktuur van hierdie sisteemmodel is. Dit is die taak van praktiese teologie om teologiese teorieë aangaande handelingsisteme daar te stel, wat diensbaar kan wees aan die koms van God na die mens in sy wêreld van ang en neerslagtigheid. God gryp van bo in ons werklikheid in en deur Jesus se herderlike bewoëndheid word die inkarnering die fundering van elke psigo-pastorale handeling. Dit impliseer nie dat die mens op 'n natuurlike wyse kan meewerk nie. Jesus se inkarnering in die vlees bied die waarborg vir selfbegrip en aanvaarding, terwyl dit ook impliseer dat die mens self oor innerlike vermoë beskik om self van binne-uit genesende selfontdekkings te maak.”*

In aansluiting by die verwysing na die herderlike bewoëndheid, God se ingrype en die feit dat die mens self ook oor 'n innerlike vermoë beskik om self ontdekkings tot verandering van sy geestelike omstandighede te maak, wys George (2000:189 - 213) op verskeie herderlike beloftes wat metafoeries in Psalm 23 opgesluit is waarvolgens 'n geesvervulde lewe geleef kan word. Hierdie beloftes bied aan die verlore mens herderlike leiding en sorg in die praktyk van elke dag. Dit impliseer ook dat die

verloste mens met geloofsvertroue antwoord deur op 'n metaforiese wyse God se herderlike leiding en beloftes te aanvaar. Die beloftes waarna George (2000:189-213) verwys, word kortliks bespreek:

- Die eerste belofte in Psalm 23 dui op 'n belofte van **versorging en omgee**: “Die Here is my Herder, niks sal my ontbreek nie”. Net soos wat 'n goeie herder vir sy skape sorg, wil die Here as die Herder van die mens vir Sy kinders sorg. Die verloste mens antwoord op hierdie aanbod deur dit te aanvaar en daarop te antwoord.
- Die tweede belofte handel oor die **voorsienigheid** van God. Net soos wat God vir Abraham gelei het om vir Isak te offer en self die ram wat geoffer moes word voorsien het, voorsien Hy vandag nog in die behoeftes van sy kinders. Die verloste mens antwoord op hierdie aanbod deur dit te glo.
- Die derde belofte dui op **voeding**: “Hy laat my neerlê in groen weivelde”. Metafories is die groen weivelde waarna verwys word, die Woord van God. Die gelowige mens vind “rus vir sy siel” indien hy hom verryk/voed met die beloftes van hoop in God se Woord.
- Die vierde belofte dui op **vrede**: “Na waters waar rus is, lei Hy my heen”. Die belofte van vrede word 'n realiteit deur 'n bewuste stil word by God op 'n plek waar daar in stilte rustig in gebed met Hom gekommunikeer kan word. Sodoende word telkens en opnuut besef Hy is die Herder - Hy is die een wat lei, die mens moet volg, Hy ken die pad asook die uitdagings en Hy voorsien daarin.
- Die vyfde belofte is **genesing**: “Hy verkwik my siel”. Die mens kan nie die swaarkry en eise van elke dag vryspring nie. Soms, veral in die maatskaplikewerkpraktyk, het die maatskaplike werker te make met baie hartseer as gevolg van gebroke verhoudings. Net soos wat 'n herder na die verlore skaap gaan soek omdat hy vir hom omgee en hom met deernis versorg as hy hom kry, dra die hemelse Herder Sy kinders in tye van swaarkry. Herstel of vernuwing van die gees bring hoop in vasgeloopte omstandighede. Dit gebeur dikwels dat die

mens te midde van 'n krisis op eie kragte wil staat maak. Die Herder is ook in tye van swaarkry teenwoordig om te verkwik.

- Die sesde belofte is **geregtigheid**: “Hy lei my in die spore van geregtigheid, om Sy naam ontwil”. Net soos wat 'n sorgsame ma voorsorg tref vir die versorgingsbehoefte van haar kinders en hulle waarsku teen lewensgevaar deur voortdurend hulle aandag daarop te vestig, lei die hemelse Herder sy kinders deur hulle op te roep tot gehoorsaamheid aan die eise van sy Woord. Die verlore mens leef volgens Bybelse voorskrifte.
- Die sewende belofte dui op die **teenwoordigheid** van God: “Al gaan ek ook deur 'n dal van doodskaduwee, ek sal geen onheil vrees nie, want U is met my”. Hierdie belofte dui daarop dat God altyd teenwoordig is. Veral in tye van swaarkry dien dit as 'n troos. Metafories word gevra dat die mens God se hand sal neem en dit nooit sal los nie.
- Die agtste belofte is **gerusstelling**, dit lê opgesluit in: “U stok en U staf die vertroos my” (Psalm 23:4). Die stok waarna verwys word, is 'n lang reguit stok wat goed vergelyk met 'n kiere. Aan die bo-punt van die stok word 'n gat gemaak sodat dit met 'n tou aan die herder vasgemaak kan word. Die herder gebruik dit om teëstanders mee aan te val of om 'n pad in die bosse te maak. Metafories gee die hemelse Herder sy Gees aan die mens as 'n stok om vyande af te weer.

'n Staf is heelwat langer as 'n stok en dit word in die hand gedra. 'n Herder druk daarop as hy teen rotse opklim of teen steiltes opbeweeg. Soos die herder deur die veld beweeg, gebruik hy ook die staf om vir hom 'n veilige pad te maak deur te kyk of daar nie gevaarlike elemente soos slange is nie. Die staf is ook gebruik om skape wat baklei van mekaar te verwyder en om skape wat weg dwaal weer aan te keer. Metafories beklee die Gees van God die mens met 'n staf. Soms dwaal die mens ook weg van God deur toe te gee aan versoekings. Die Gees van God is metafories soos die staf, dit roep die mens terug van die pad van versoekings.

- Die negende belofte is **vriendskap**: “U berei die tafel voor my aangesig teenoor my teëstanders; U maak my hoof vet met olie; my beker loop oor”. Metafories kan God as die grootste Vriend wat die mens ooit mag hê, gesien word. Hy is te alle tye deur Sy Gees in die mens teenwoordig. As Vriend en Gasheer is die mens altyd welkom om in sy teenwoordigheid te wees. Hy is dan ook ‘n Gasheer wat omgee en gee aan sy vriende net die beste.
- Die tiende belofte dui op **beskerming** teen vyande en gevaarlike omstandighede. Metafories kom dit daarop neer dat die mens nie bang hoef te wees nie. Hy kan glo dat God hom beskerm en bewaar teen gevare.
- Die elfde belofte is ‘n belofte van **hoop**: “Net goedheid en guns sal my volg al die dae van my lewe”. Meteens word die klem in die Psalm verskuif van die teenwoordige tyd na die toekoms. Die mens gaan nie die toekoms alleen binne nie. Die Herder is ook ‘n Herder van die toekoms. Die woordjie “*net*” impliseer geloofsvertroue in die toekomsvoorsienigheid van God.
- Die twaalfde belofte hou verband met **eskatologiese hoop**: “En ek sal in die huis van die Here bly tot in lengte van dae”. Metafories verwys Dawid hier na die hemelse woning waarheen die Seun opgevaar het om vir die mens te gaan plek berei. Die ewigheidsdimensie van die gelowige mens word hierdeur aangespreek.

Uit die voorafgaande bespreking blyk dit dat die verlore mens in ‘n geloofsafhanklike verhouding met God leef en Hom aanvaar as die Herder van sy lewe. Die erkenning en aanvaarding van hierdie verhouding het tot gevolg dat die mens in liefde teenoor sy naaste kan leef.

Genadeverkondiging en sondevergifnis is deel van die prys wat Christus aan die kruis betaal het en dit moet aan die kliënt gekommunikeer word. Die totale mens word verlos uit sy sondige natuur. Indien die maatskaplike werker dit nie verreken nie, word hulpverlening bloot humanitêr en die vermoë tot herstel bly ‘n aardsgebonde entiteit. Die kliënt word sodoende die geleentheid tot geestelike groei en die herstel van verhoudings ontnem (Jonker 1974:14; Collins 1988:559; Liebenberg 2000:66).

Psalm 23 kan in 'n narratief-pastorale benadering deur Christelike maatskaplike werkers gebruik word as 'n geloofsversterkende krag in die gesamentlike soeke na unieke uitkomst vir vasgeloopte verhale (Vgl. 5.4).

## **2.6 'n Perspektiwistiese benadering ten opsigte van die mens in narratief-pastorale maatskaplike werk**

Volgens 'n narratief-pastorale maatskaplikewerkperspektief word ondersteuning gebied aan Louw (1999:193) se beskouing van die mens se skepselmatige bepaaldheid en Christologiese gefundeerdheid as basiese elemente van 'n Bybelse mensbeeld. Louw (1999:193) se beskouing in hierdie verband kom samevattend op die volgende feite neer:

- Die mensbeeld van die Bybel gaan uit van die sentrale veronderstelling dat die mens van God afhanklik is. Die mens moet altyd verstaan word binne 'n konteks van God en medemens. Liefde as genade van God is die basis van die samesyn tussen God en mens.
- Die Skrif spreek die mens aan op grond van die mens se skepselmatige gerigtheid op God en God se genade vir die mens, die feitlikheid van 'n nuwe syn in Christus. Hier is veral die eskatologiese beloftes van hoop van wesenlike belang.
- Die Bybelse mensbeeld is realisties. Die mens kan bely "ek is skuldig". Erkenning van skuld en sondigheid geskied in terme van God se genade, daarom kan die mens verder sê: "Ek glo". Hierdie geloofswerklikheid loop oor in 'n loflied; daarom kan die mens verder sê: "Ek loof God".
- Skepselmatigheid impliseer 'n verantwoordelike reaksie en afhanklikheid van God in alle relasies waarin die mens staan. Dit dui ook op die sedelikheid van die mens wat keuses as 'n charismatiese wese kan uitoefen.
- Geloof is die middel waardeur die pastoraat, antropologies gesproke, werk.
- Die elemente geloof, hoop, liefde, dankbaarheid en blydschap is fundamenteel in 'n teologiese antropologie. Hierdie elemente versterk die mens se skepselmatige en strukturele gerigtheid op God.

In 'n narratief-pastorale maatskaplikewerkbenadering is die voorafgaande Bybelse mensebeeld die ideaal waarna gestreef word. Die narratief-pastorale maatskaplike

werker sal saam met die mens-in-nood soek na lewensverhale wat benut kan word met die herskeppingsproses na 'n Godsbeeld (Vgl. 4.3.5; 5.4.1.6).

## 2.7 Samevatting

In hierdie hoofstuk is eerstens, op grond van die oorsprong van antropologiese beskouings, vasgestel wie en wat die mens is. Daarna word aandag gegee aan die begronding en normering van 'n teologiese antropologie, gefundeer in 'n Bybelse postulaat, waarin die mens uit 'n roepings- en ewigheidsbestemming benader word. 'n Antropologiese fundering in die Godsleer dui daarop dat die mens in 'n verhouding met God staan. Die mens is wesenlik anders as God omdat hy nie-goddelik is.

Die wese van die mens word bespreek na aanleiding van die mens as beeld van God. Uit die identiteit van die beeld blyk dit dat die mens volledig beeld van God is. Dit eis van hom gehoorsaamheid en aanspreeklikheid aan God. Hierdie werklikheid gee na aanleiding van die verbondsverhouding aan die mens spesiale intrinsieke waarde as beelddraer van God.

Die mens staan binne 'n bepaalde verbond met God en word daarom 'n verbondswese genoem. Die aard van die verbond het die volgende implikasies vir die mens: dit verbind die mens aan God en laat by hom 'n gevoel van geborgenheid; die mens antwoord op die verbond deur aan te pas by God deurdat hy byvoorbeeld in antwoord op God se trou, vertrou openbaar en uit die geloof lewe.

Aandag word ook gegee aan antropologiese tydsbegrippe omdat 'n teologiese antropologie ook 'n eskatologiese antropologie impliseer. Die waarde van die verbond vir Christelike maatskaplike werk lê daarin dat dit uitreik na die mens-in-nood en 'n ontmoeting met God insluit as deel van die omhelsende liefde van God.

Die mens as 'n verhoudingswese gee betekenis aan sy lewe binne die uitlewing van verhoudings. Die betekenis van die verhouding van die mens met God, sy medemens, homself en met die omgewing word bespreek. Die verhouding met God is die rigtinggewende verhouding waarop alle ander verhoudings gebaseer word.

Die aktualiteit van die sonde word weerspieël in liefdeloosheid, selfliefde, ongeloof en ongehoorsaamheid.

Die laaste boublok van 'n teologiese antropologie is verlossing. Aandag word gevolglik aan die verlossende genade van Jesus Christus gegee ten einde 'n volledige teologiese antropologiese beeld van die mens daar te stel vir die doeleindes van 'n narratief-pastorale benadering in Christelike maatskaplike werk.

In aansluiting by hierdie hoofstuk oor die rol van teologiese antropologie in narratief-pastorale maatskaplike werk, word in die volgende hoofstuk aandag gegee aan die ontstaangeskiedenis van maatskaplike werk en pastoraal-teologiese beradingsmodelle.

## HOOFSTUK 3

### INTER- EN INTRADISSIPLINÊRE SAMEWERKINGSMOONTLIKHEDE TUSSEN MAATSKAPLIKE WERK EN PASTORALE BENADERINGS

In hierdie hoofstuk word hoofsaaklik drie verbandhoudende aspekte, naamlik die domein van maatskaplike werk, pastorale benaderings en inter- en intradissiplinêre samewerkingsmoontlikhede tussen maatskaplike werk en pastorale benaderings bespreek.

Eerstens word met betrekking tot die verkenning van die maatskaplike werkdomein vir die doeleindes van hierdie studie, aan die ontstaan van maatskaplike werk aandag gegee. Die rede waarom aan die ontstaangeskiedenis aandag gegee word, is hoofsaaklik om te konsentreer op moontlike antwoorde waarom wegbeweeg word van 'n Christelike epistemologie in temporêre maatskaplikewerkbenaderings nadat dit oorspronklik uit liefdadigheids- en barmhartigheidsdiens ontstaan het (Bowpitt 2000:349). Aanvullend tot die ontstaangeskiedenis volg 'n bespreking van kontemporêre kennisraamwerke waarvolgens maatskaplike werk begrens word. Vervolgens word na aanleiding van die nuutgestelde teoretiese kennisraamwerk deur die Suid-Afrikaanse Raad vir Kwalifikasies en die Nasionale Standaardliggaam vir Maatskaplike Werk, aangedui hoe die interdissiplinêre narratief-pastorale benadering wat in hierdie studie bespreek word in maatskaplike werk geakkommodeer kan word. Hierna volg 'n kort oorsig van maatskaplikewerkmodelle wat op 'n komplimenterende manier aansluiting kan vind by pastorale benaderings ten einde intra- en interdissiplinêre samewerking tussen maatskaplike werk en pastorale benaderings te kan aantoon.

Naas die ontwikkelingsgeskiedenis van maatskaplike werk, word in die tweede plek 'n verkenning van pastorale benaderings gedoen. Die verkenning van pastorale benaderings kan moontlik nuwe perspektiewe vir die maatskaplikewerkprofessie open, wat daartoe kan lei dat die belangrikheid van 'n Christelike epistemologie en die verrekening van die geestelike dimensie opnuut besef word. In die verkenning van pastorale benaderings word nie op die ontstaangeskiedenis gefokus nie, maar op die wetenskapteoretiese metodiek waarvolgens die geestelike dimensie verreken word, aangesien dit 'n leerbehoefte van die maatskaplikewerkprofessie is (Praglin 2003:17; Paul et. al. 2002:237; Gilbert 2000:67; Bowpitt 2000:349).

Derdens volg uit die verkenning van die wetenskapteoretiese aspekte rakende maatskaplike werk en pastorale benaderings, ‘n bespreking van inter- en intradissiplinêre samewerkingsmoontlikhede. Die doel daarmee is hoofsaaklik om interaksie tussen praktiese teologie en maatskaplike werk te bevorder waarvolgens die geestelike dimensie in maatskaplike werk verreken kan word.

Eerstens volg ‘n kort oorsig oor die ontwikkelingsgeskiedenis van maatskaplike werk.

### **3.1 Oorsigtelike ontwikkelingsgeskiedenis van maatskaplike werk**

Vir die doeleindes van hierdie studie word oorsigtelik aan die ontwikkelingsgeskiedenis van maatskaplike werk aandag gegee. Die rede waarom dit gedoen word, is om aan te toon hoe die professie geleidelik wegbeweeg het van godsdienstige en filantropiese benaderings na meer humanisties-georiënteerde benaderings.

Maatskaplike werk as professie het oorspronklik ontwikkel uit praktiese naasteliefde, geïnspireer deur godsdienstige oorwegings soos, “Wat jy aan een van hierdie minste van My gedoen het, het jy ook aan My gedoen” (Praglin 2003:1; Paul et al. 2002:225; Bowpitt 2000:349; Gilbert 2000:69; Basson 1971:1). Die volgende aanvanklike omskrywings van maatskaplike werk bevestig hierdie die aanname.

Die eerste omskrywing waarna verwys word, is diè van Mary Richmond (1922) soos aangehaal deur Le Roux (1970:77). Volgens die omskrywing het maatskaplike werkers die verantwoordelikheid om met die noukeurigheid van ‘n kunstenaar te soek na alle moontlike potensiaal waaroor die kliënt beskik en om die kliënt te help om dit ten volle te ontplooi.

Bowers (1949) omskryf maatskaplike werk as die mobilisering van individuele kragte in die individu en die gemeenskap (Le Roux 1970:73).

‘n Derde definisie is deur Le Roux (1970:76) uit die voorafgaande definisies saamgestel: “Maatskaplike gevallewerk is ‘n kuns of metode waarin kennis van die mens en verhoudingsbedrewendheid aangewend word om op ‘n religieus-sedelike

grondslag doeltreffende verhoudings te bevorder in die lewens van diensbehoewendes”.

In aansluiting by die voorafgaande omskrywing word die ontwikkelingsgeskiedenis van maatskaplike werk deur Basson (1971:5) in vyf groot tydperke onderskei, wat kortliks bespreek word.

### **3.1.1 Die Antieke Tydvak 4000 v.C tot 500 n.C**

- **Die primitiewe volkere.** Tydens hierdie fase was ‘n patriargale stelsel aan die orde van die dag. Vrouens is swakker as mans beskou en behandel, blindes is bejammer, dowes bespot en geesteskrankses is gevrees of vervolgt. In geval van epidemiese siektes is die siekes in die steek gelaat en het die res van die mense padgegee. Tydens hierdie tydperk het daar nie veel van naasteliefde en omgee vir mekaar na vore gekom nie.
- **Die klassieke tydperk (plus minus 700 v.C).** Die klassieke Griekse periode, die klassieke Romeinse periode en die vroeë Christendom (ou Israel) val in hierdie tydperk. Die uitstaande kenmerk van hierdie tydperk was die stigting van die eerste Christelike gemeentes en die funksionering van die eerste kerkvaders.

### **3.1.2 Die duisendjarige tydperk van die Middeleeue (500 n.C - 1500 n.C)**

Tydens hierdie fase neem kerklike armsorg ‘n aanvang, asook buitemuurse hulpverlening, inrigtingversorging, feodalisme en georganiseerde handel, wat daarop neerkom dat die versorging van mense in nood op ‘n georganiseerde wyse aandag begin geniet.

### **3.1.3 Die ontdekkingsperiode (1500 -1750 n.C)**

Hierdie tydperk word gekenmerk deur die aktiwiteite wat verband hou met die Renaissance, die Hervorming, die Aufklärung, die Franse Rewolusie en die Engelse Armsorgwette. Gedurende hierdie tydperk is ou gevestigde idees omvergewerp en

opstande tot vryheid as gevolg van die onderdrukking van armes tree veral op die voorgrond.

Met die koms van die Hervorming vroeg in die 16de eeu bied die Protestante weerstand teen die oorheersende Rooms-Katolieke gebruik waarvolgens medemenslike liefde verbind word aan die goedheid van 'n aardse gewer. Die protestante het onder leiding van Martin Luther hul sieleheil en die voorsiening vir hul daaglikse brood by God gesoek. Luther het byvoorbeeld bedelary verbied en vereis dat almal wat kon werk eerder vir hul daaglikse brood moes werk. Hierdie konflik dui op die eerste skeiding tussen humanisties- en geestelikerigte benaderings omdat die Rooms-Katolieke ongestoord voortgegaan het met die uitdeel van aalmoese as deel van hul godsdiensbeskouing waarvolgens geredeneer word dat die mens sy saligheid kan verdien deur goeie werke (Basson 1971:24).

#### **3.1.4 Die oorgangsperiode (1750 - 1900)**

In hierdie fase neem die kerk die voortou in die voorsiening van maatskaplike versorging aan mense in nood. Humanitêre hulpverlenende organisasies tree ook al meer op die voorgrond. 'n Behoefte aan wetgewing waarvolgens die verskillende hulpverleningsaksies gekoördineer kon word, het ontstaan.

Uit die voorafgaande word dit duidelik dat maatskaplike werk sy ontstaan te danke het aan 'n behoefte aan naasteliefde. Naasteliefde is 'n Bybelse konsep, alhoewel dit ook humanisties van aard kan wees, in welke geval die *omgee* - konsep dan deur humanitêre redes gemotiveer word. Dit is opmerklik dat maatskaplike dienste van die vroegste tye reeds deur die kerk geïnisieer is. Uit 'n Christelike lewens- en wêreldbeskouing kan geredeneer word dat die aard van hulpverlening op Christelike beginsels gebaseer word. As sodanig is Christene bereid om na mekaar om te sien. Die aard van Christelike dienslewering het in hierdie tydperk grootliks die vorm aangeneem van fisiese hulpverlening. Dit blyk nie dat die geestelike dimensie as sodanig verreken is nie.


### 3.1.5 Die moderne tyd (1900 – 1960)

Janse van Rensburg (2000a:3) verduidelik die moderne fase soos volg, “Modernity was digging its own grave. By proclaiming human autonomy, by setting in motion the process that would permit instrumental reason to be the rule of life, a change had begun that would end dismally, if not disastrously”. Die moderne tyd kan in maatskaplike werk as ‘n oorgangsfase beskou word - ‘n oorgang vanaf gewone vrywillige naastediens na ‘n meer gestruktureerde welsynsbestel. Die moderne fase kan verder verdeel word deur dit te verbind aan bepaalde internasionaal-gebaseerde hoogtepunte byvoorbeeld die opkoms van doelgerigte staatsbeheerde inisiatiewe (1930), die strewe na professionalisme (1960) en die opkoms van politiese-gedrewe sosialisties-georiënteerde stelsels (1990). Die uitstaande kenmerk van hierdie fase is die pogings om die wetenskapstatus van die professie te vestig. Die onderstaande hoogtepunte bied ‘n beeld van die gebeure tydens hierdie fase.

In 1917 het Mary Richmond vir die eerste keer in haar boek “Social Diagnosis” gepoog om gevallewerk te beskryf. Twaalf jaar later is daar tydens die Milford Konferensie onderneem om ‘n eenvormige basis vir gevallewerk te konseptualiseer. In die daaropvolgende jare het baie teoretici gepoog om ‘n generiese teorie vir gevallewerk uit verskillende wetenskappe te ontwikkel. In die veertiger jare is die pogings egter gedwarsboom as gevolg van verskillende menings rakende diagnostiese en funksionele benaderings. In die vyftigerjare het gevallewerk die status bereik waar dit as ‘n wetenskaplike metode erken is. Pogings om die doeltreffendheid van gevallewerk te bepaal, het voortgegaan met ‘n meer presiese konseptualisering van wat gevallewerk as eindresultaat is. Die teorie het ook ruimte gelaat vir ‘n meer oop benadering waarin kennis geneem is van nuwe ontwikkelings waarby gevallewerk kon baat (Roberts & Nee 1970:16). Gedurende hierdie fase is maatskaplike werk volgens die Woordeboek vir Maatskaplike Werk (1971:40) omskryf as “Professionele handelings deur ‘n maatskaplike werker, wat ten doel het die verhoging van maatskaplike funksionering van inidividue, as enkelinge of in groepe, en gerig is op hulle maatskaplike verhoudings, wat bestaan uit die wisselwerking tussen mense onderling en hul omgewing”.

In 1969 is ‘n simposium in Chigaco gehou waartydens die status van gevallewerk opnuut onder oë geneem is. Tydens die simposium is die teorieë wat beskou is as die mees algemene benaderings, bespreek. Die volgende teorieë is bespreek: Psigo-sosiale, funksionele, probleemoplossende en ‘n groep “middel reeks”- benaderings wat gesinsterapie, krisisingryping, rouberaad en volwasse sosialisering insluit (Roberts & Nee 1970:16). Psigoterapie is, volgens Brammer en Shostrom (1968:6) oorspronklik ontwikkel deur die gebruikmaking van beradingservarings van onder andere maatskaplike werkers, pastorale beraders, mensgesentreerde benaderings en persoonlikheidsteorieë omdat geredeneer is dat berading alleen nie voldoende voorsiening maak vir die hantering van dieperliggende sielkundige probleme nie. Vandag word psigoterapeutiese en mensgesentreerde beginsels vry algemeen in raamwerke van maatskaplike werk en pastorale terapie geïntegreer (Collins 1988:16; Brandt & Skinner 1999:86; Switzer 1990:14; du Toit et al. 2001:x; Mearns & Thorne 2001:xiii). Figuur 3.1 illustreer die resiprokale wisselwerking tussen terapeutiese benaderings met terapeutiese psigologie as ‘n basis.

**Figuur 3.1 Die benutting van psigoterapie as ‘n basiese boublok in beradingsprofessies**



Gedurende 1995 is die woordeboek vir maatskaplike werk (1995:40) hersien en behels maatskaplike werk daarvolgens 'n "Professionele diens wat deur 'n maatskaplike werker gelewer word, wat gerig is op die bevordering van die maatskaplike funksionering van mense".

Die "National Association for Social Workers" (NASW) het gedurende 1999 'n missie vir maatskaplike werk geformuleer: Die primêre missie van die maatskaplike-werkprofessie word daarin beskryf as die bevordering van alle menslike welstand en voorsiening in die basiese materiële behoeftes van die mens, met spesiale aandag aan bemagtigingsbehoefte ten gunste van agtergeblewe gemeenskappe wat in armoede leef. Fundamenteel tot maatskaplikewerkhulpverlening is die benutting van gemeenskapskragte wat gemobiliseer kan word om mense te help om sinvol te leef.

'n Meer onlangse siening van maatskaplike werk deur Smale et al. (2000:5) kom daarop neer dat maatskaplike werk deur middel van intervensies poog om maatskaplike veranderings in gemeenskappe teweeg te bring, sodat daar voorsien kan word in mense se behoeftes wat aan hoë risiko's blootgestel word.

Du Toit et al. (2001:ix) verwys na die maatskaplike werker as 'n fasiliteerder wat in die uitvoering van take gebruik maak van Rogers se mensgesentreerde benadering. As fasiliteerder word gefokus op die gegewe hier-en-nou-situasie.

Internasionaal word maatskaplike werk gedefinieer as 'n professie wat maatskaplike verandering bewerkstellig met die doel om konflik in maatskaplike verhoudings te verminder, mense te bemagtig en te bevry van onderdrukking ten einde hul welstand te verbeter. Teorieë van menslike gedrag en maatskaplike sisteme word deur maatskaplike werkers benut om tot die leefwêreld van die kliënt toe te tree. Beginsels van menseregte en maatskaplike geregtigheid is fundamentele waardes in maatskaplike werk (SACSSP 2001:1). Die Suid-Afrikaanse Raad vir Maatskaplike Werk Dienste Beroepe aanvaar die internasionale definisie en beklemtoon ook aspekte soos menseregte en sosiale geregtigheid (SACSSP 2001:1) Dit bring verdere nuwe kernbegrippe na vore soos veranderingsbestuur en polities-staatkundige prosesse. Eerstens moet verandering en innovering as 'n integrale deel van die beroep aanvaar word en tweedens moet in ag geneem word dat maatskaplike werk 'n

fundamentele bydrae kan lewer in die skepping van die konteks waarin wyer maatskaplike sorg en kontrole-aktiwiteite erken en ondersteun word (Smale et al. 2000:8).

Uit bogenoemde definisies en omskrywings is dit duidelik dat maatskaplike werk in die afgelope 80 jaar deurgaans ten doel gehad het om mense-in-nood te bedien. Aanvanklik het die eerste omskrywings melding gemaak van 'n religieus-sedelike grondslag vir hulpverlening aangaande verhoudingsprobleme. In die daaropvolgende definisies word algaande wegbeweeg van 'n religieuse grondslag. Klem word eerder gelê op professionele dienste en die bemagtiging van die mens ter wille van lewensvaardighede (Smale et al. 2000:8). 'n Verdere radikale klemverskuiwing vind egter in die laaste dekade plaas deurdat gemeenskapsbehoefte hoër prioriteit geniet as individuele behoeftes (Smale et al. 2000:8). Daar word geredeneer dat indien gemeenskappe verander, individue ook daarby baat sal vind. Hierdie benadering bring 'n verdere besprekingspunt na vore, naamlik die plek wat maatskaplike werk as profesie in die gemeenskap inneem. Die voorafgaande paradigma is 'n wêreldwye verskynsel in maatskaplike werk. In Suid-Afrika, Engeland en Amerika word tans gefokus op ontwikkelingsgerigte benaderings (Witskrif vir Maatskaplike Welsyn 1996:3; Gilbert 2000:67; Smale et al. 2000:19).

Die vraag ontstaan vervolgens of dit moontlik is om een universele raamwerk te ontwikkel waarvolgens menslike gedrag verstaan kan word. Clarke-Mcleod en Coughlan (1995:268) het 'n ondersoek gedoen en 15 maatskaplikewerkpraktisyns deur middel van 'n gestruktureerde vraelys ondervra en bevind dat maatskaplike werkers in die praktyk 'n eklektiese benadering volg. Eklektisisme verwys na die praktyk waarvolgens 'n benadering saamgestel word deur dit in verskillende teorieë te fundeer (Clarke-Mcleod & Coughlan 1995:268). In die praktyk kom dit neer op 'n leenproses van ander dissiplines, maar dit word nie in 'n eie selfstandige maatskaplikewerk-raamwerk geïntegreer nie.

Teen 1991 het Clarke-Mcleod en Coughlan (1995:271) tot die gevolgtrekking gekom dat maatskaplike werk die fase bereik het waar dit as 'n selfstandige wetenskap kon funksioneer en dat dit nie meer nodig was om op teorieë uit ander vakdissiplines terug te val nie. In 1993 word die gevolgtrekking gemaak dat daar nie werklik van 'n

geïntegreerde benadering sprake is nie en dat eklektisisme steeds die mees populêre benadering bly wat in die praktyk gevolg word. Die vroeë oor teorie en praktyk bly gevolglik relevant (Bowpitt 2000:353; Clarke-Mcleod & Coughlan 1995:271; Vgl.1.6).

Die rede hiervoor is dat daar gemeenskaplike ooreenkomste bestaan tussen beradingsmodelle en dat die doeltreffendheid van berading nie soseer gevind kan word in een spesifieke beradingsmodel nie, maar wel in die benutting van verskeie elemente uit verskillende benaderings, soos in die skeep van 'n ondersteunende verhouding. Indien eklektisisme verhef word tot 'n algemeen geldende norm en as 'n basisteorie vir maatskaplikewerkbenaderings, kan dit daartoe aanleiding gee dat daar nie 'n duidelik gefundeerde wetenskaplike raamwerk bestaan waarvolgens maatskaplike werkers funksioneer nie. Hierdie leemte kan aanleiding tot swak resultate tydens intervensies in maatskaplike werk, gee.

In antwoord op hierdie benadering bepleit De Vos et al. (1998:6) en Trevillion (1999:6) dat maatskaplike werk as 'n professie daarna moet streef om 'n selfstandige navorsingskonde vir die maatskaplikewerkberoep daar te stel ten einde weg te beweeg van die breër begrip sosiale wetenskap aangesien dit sekere beperkinge op die selfstandigwording van die beroep plaas.

Voorts word die postmoderne era as deel van die ontwikkelingsgeskiedenis van maatskaplike werk bespreek.

### **3.1.6 Die postmoderne era**

In aansluiting by Basson (1970) se uiteensetting van die ontwikkelingsgeskiedenis van maatskaplike werk verdeel Hall (1994:13) dit kortweg in drie breë kategorieë, te wete:

- 1800 – 1930 Die privaat- en liefdadigheidsera.
- 1930 – 1960 Moderne benadering waartydens die regering verantwoordelikheid vir die nood van behoeftiges aanvaar het.

- 1960 – 2000 Postmoderne era wat gekenmerk word deur eise in die vorm van welsynsregte.

Postmodernisme het ontstaan as ‘n alternatiewe ondersoekmetode tussen teoretici en navorsers oor verskillende dissiplines heen in hul soeke na antwoorde op meta narratiewe, feitelike gegewens, metodes en praktyke van modernisme in tradisionele wetenskap, literatuur, geskiedenis, kuns en menslike wetenskappe wat alternatiewe konsepte en beskrywings ondersoek (Becvar & Becvar 2000:88). Die begrip *postmodernisme* is vir die afgelope twee dekades in nie-filosofiese geleedere gehoor, maar sodra ondersoek ingestel word na die filosofiese oorsprong daarvan, word ontdek dat dit deur die eeue soos ‘n golf opgebou het en tans neerslag vind in die moderne samelewing. In hoofsaak blyk dit dat geen vaste waardes gegee kan word aan die onderwerp nie en daarom ook geen vaste interpretasie nie as gevolg van ‘n *beginsel van verskil* wat gehandhaaf word. Daar word algemeen onder postmodernistiese denkers aanvaar dat onderwerpe ‘n ongestruktureerde karakter het en dat dit ‘n finale analise van die realiteit onmoontlik maak (De Klerk 2000:4; Damianakis 2001:23; Janse van Rensburg 2000:6a; Van der Watt 2000:53).

Die postmoderne era word op maatskaplike werkgebied beskryf as die verbrokkeling van die “Great Society Experiment” van die sestigerjare waarvolgens geredeneer is dat indien voldoende kapitaal aan arm mense beskikbaar gestel word, armoede hanteer sou word. In die utopia tydperk (1960 - 1980) het die uitbetaling van welsynsbesteding met meer as 20 keer verdubbel. Die armoedeprobleem het nie kleiner geraak nie, intendeel, die getal persone wat in armoede leef, het verdubbel. Tans word deur beleidmakers besef dat hierdie benadering nie suksesvol was nie aangesien armoede steeds voorkom (Hall 1994:20). Maatskaplike werkers moet kennis neem van die veranderende rolle in die breër maatskaplike gemeenskap, insluitend polities en staatkundig, aangesien dit ‘n direkte invloed op die maatskaplike gedrag van die mens het. Die klem behoort op ontwikkeling en veranderingsbestuur te val en nie alleenlik op kapitaalvoorsiening in die vorm van staatstoelae nie. Die klient-in-nood behoort geleer te word om die veranderende gemeenskapsprosesse waarvan hy onlosmaaklik deel is, te bestuur. Daar word hoofsaaklik op humanistiese wetenskapsbeoefening en polities-geïnspireerde ideologiese doelwitte gekonsentreer (Smale et al. 2000:1).

Christelike maatskaplike werkers wat uit 'n Christelik-gefundeerde epistemologie werk, kan moontlik hierdeur 'n botsing tussen Christelike maatskaplikewerkbeginsels en humanisties-gefundeerde maatskaplikewerkbeginsels ervaar (Praglin 2003:3). Vervolgens word aandag gegee aan die rol wat die erkenning of nie-erkenning van Godsdienst tot gevolg kan hê op maatskaplikewerkbeleid in 'n staatsbestel in 'n postmoderne era.

### **3.1.6.1 Rolspelende faktore in die verandering wat Godsdienst tot gevolg kan hê in 'n gemeenskap in 'n postmoderne era**

Daar kan hoofsaaklik drie rolspelende faktore geïdentifiseer word wat tot die verandering van samelewingswaardes in 'n gemeenskap kan bydra. Die drie faktore is: godsdienstige beginsels, kultuur en die lokalisering van godsdienst in die sosiale struktuur, wat vervolgens bespreek word.

- **Godsdienstige beginsels.** 'n Godsdienst, wat die behoud van morele waardes voorstaan, sal daartoe bydra dat die volgelinge van so 'n geloof meer krities ingestel is teenoor samelewingsnorme en sal wil sien dat 'n gemeenskap daarvolgens leef (Haralambos & Horn 1991:64).

Ten einde bogenoemde beginsel te illustreer, kan gelet word op die reaksie van gelowiges op uitsprake wat teoloë maak, wat nie in ooreenstemming met geïnternaliseerde morele waardes is nie. Landman (2000:1), 'n teoloog, het tydens 'n erediens in Bloemfontein 'n uitspraak met betrekking tot voorhuwelikse seks gemaak, waarin beweer word dat voorhuwelikse seks verpligtend gemaak moet word, aangesien dit velerlei probleme wat eers in die huwelik ontdek word, kan voorkom. Oorweldigende reaksie is deur mede-teoloë, skoolkinders en die gemeenskap teen die standpunt ingeneem.

Uitsprake is ook deur Spangenberg (2000:11) gemaak rakende godsdienste, waarvolgens beweer word dat alle gelowe 'n god aanbid en dat dit dalk Jesus Christus se plan is om 'n veelkleurige genadeplan vir alle mense daar te stel. Verster (1997:75) huldig die mening dat die inhoudelike van die Skrif geken moet word

omdat die Skrif alleen rigting gee aan ons denke en dade wat gerugsteun word deur God se liefde vir die mens. Die ware Christelike belydenis bly egter altyd dat daar geglo word in die drie-enige God, Vader, Seun en Heilige Gees (Verster 1997:74; Vgl. Rom.3:21-24).

- **Die rol van kultuur in godsdiensdienstige gemeenskappe.** In gemeenskappe waar kultuur en godsdiens sentraal teenoor mekaar staan, sal veranderings slegs kan plaasvind as dit godsdienstig goedgekeur word (Haralambos & Holborn 1991:664). In aansluiting by hierdie standpunt blyk kennis van die inhoudelike van verskillende soorte godsdienste noodsaaklik te wees om mense-in-nood met die evangelieboodskap te bereik (Verster 1997:76). As voorbeeld dien Hindoeïsme waarvolgens bely word dat daar baie gode bestaan. “Daar is volgens Hindoeïsme nie maar net een god waaraan ‘n mens jou moet verbind nie, maar daar bestaan baie gode wat ‘n beslissende invloed op jou lewe kan hê. Die Christen getuig daarteenoor dat daar één God is; één God wat Homself openbaar het as die Vader, Seun en Heilige Gees” (Verster 1997:45).
- **Lokalisering van godsdiens in die sosiale struktuur.** Waar gevestigde kerke en ander godsdienstige organisasies ‘n aktiewe rol in politieke en ekonomiese sferes speel, is die impak wat godsdiens op verandering het, baie hoog (Haralambos & Holborn 1991:664). Die verhouding tussen die staat en kerk word deur hierdie standpunt geraak. In die huidige politieke bestel wat gedurende 1994 in Suid-Afrika geïmplementeer is, is die samewerkingsooreenkomste tussen staat en kerk op ‘n ander vlak as in die vorige politieke bestel. Die besluit wat gedurende 2003 geneem is om moontlik godsdiensoonderrig in skole te staak, dien as ‘n voorbeeld in hierdie verband. Godsdiens sal waarskynlik in die toekoms as ‘n verskynsel bestudeer word met akademiese uitkomst as ‘n doelwit. Die beleid van die regering het ten doel die beklemtoning van eenheid in diversiteit teenoor persoonlike godsdiensbeoefening (Oosthuizen 2003:1).

Uit die voorafgaande kan samevatend geredeneer word dat maatskaplike werkers kennis behoort te dra van heersende politieke beleidsraamwerke en die rol wat eie keuses binne die voorgeskrewe raamwerke speel. Hierdie aspek word ook deur die

Nasionale Kwalifikasieraad vir Maatskaplike Werk ondersteun (SACSSP Nuusbrief 2003:2; Vgl. 3.1.5).

Vervolgens word aandag aan leidinggewende funderingsbeginsels van postmodernisme gegee.

### **3.1.6.2 Leidinggewende funderingsbeginsels van postmodernisme**

Leidinggewende beginsels waarbinne postmodernisme gefundeer is, hou verband met die rol wat die waarheid speel, die waarde wat aan die interpretasie van taal geheg word en die rol wat konteks speel. Voorts word die rol wat die afwesigheid van 'n vaste waarheid in 'n terapeutiese konteks speel, bespreek.

#### **3.1.6.2.1 Die afwesigheid van 'n vaste waarheid**

Een van die basiese beginsels waarop die Christendom gebaseer is, is dat die inhoud van die Bybel waar is en dat dit bepaalde normatiewe riglyne aan die mens bied (Van der Watt 2000:135). Die doel van die pastoraat is om die mens te lei om uiteindelik volgens die riglyne wat die Skrif bied, te leef (Louw 1999:5). 'n Ontkenning van 'n vaste waarheid ("grand narratives") maak dit vir 'n pastorale berader so te sê onmoontlik om uit 'n postmodernistiese fundering uiting aan 'n pastorale benadering te gee. Die aanvaarding van 'n postmodernistiese leefwyse bring mee dat basiese Christelike lewenswaardes soos heiligheid, die heilsgeskiedenis van Christus en erkenning van die waarheid betekenisloos word. Dit lei verder tot 'n selfsugtige individualistiese en humanistiese leefwyse waarin dit vir die mens net om homself gaan. Morele waardes word opgehef en sodoende word die rol van die Heilige Gees as 'n morele agent wat die mens oortuig van sondes, betekenisloos. Dit gee aan die mens die reg om sy lewe in eie hande te neem. Die bestaan en invloed van sonde word gerelativeer, omdat die spreekwoordelike stem van die gewete, nie meer gehoor word nie (Crabb 1999:93).

Teenoor die voorafgaande standpunt het die pastorale berader 'n Bybels-gebaseerde mandaat en opdrag om na die mens-in-nood uit te reik (Lutzer 1998:11). Uit die betrokkenheid van God drie enig by die mens-in-nood vloei baie duidelik 'n mandaat

aan die kerk, naamlik die opdrag om vir die armes te sorg (Kritzinger 1994:2). Christelike bewoëndheid oor mense in nood spruit voort uit gelowiges se dankbaarheid vir die verlossing, bevryding en genesing wat God aan hulle skenk in Christus en deur die werking van die Heilige Gees. Daarom mag Christelike godsdienstige dimensies nie geïgnoreer word nie. Christelike kerke in Suid-Afrika het 'n besondere taak en verantwoordelikheid om mense in 'n ware verhouding met God as aktiewe diakonaat en tekens van die Koninkryk te plaas (Crafford 1994:3). 'n Postmoderne benadering is nie versoenbaar met sodanige Bybelse opdrag nie omdat die verlossingsplan van God daarvolgens nie bestaan nie. Dit is waar dat geen persoon, godsdiens of ideologie aanspraak kan maak dat oor absolute kennis beskik word nie. Bybelse norme sal so byvoorbeeld ook slegs vir Christene geld wat kies om daarvolgens te leef.

Indien die waarheid in so 'n mate gerelativeer word dat dit uitloop op relativisme, soos in die geval van poststrukuralisme en dekonstruksiestrategieë in 'n postmoderne paradigma, verander die situasie omdat van die standpunt uitgegaan word dat geen waarheid, norm of absolute waarheid bestaan nie. Uit 'n diakonologiese epistemologie is dit onaanvaarbaar om sonder Bybelsgefundeerde objektiewe waarhede te werk. Erkennung word verleen aan Bybelse beginsels en dit vorm die onderbou vir 'n basisteorie vir die pastoraat (Louw 1999:4; Delanty 2000:3; Janse van Rensburg 2000:11, 37, 77a). Postmodernistiese epistemologieë staan sodoende in 'n konflikterende verhouding teenoor teologiese gefundeerde pastorale basisteorieë (Lutzer 1998:97).

### **3.1.6.2.2 Die waarde wat deur postmoderniste aan die interpretasie van taal geheg word**

Volgens postmodernistiese beskouings kan geen vaste gegewendheid aan die werklikheid gegee word nie. Menings en persepsies word in taal gelokaliseer en as sodanig word taal die medium waardeur verandering vertolk of oorgedra word (Delanty 2000:3; Strauss 1994:14). 'n Persoon se wêreldbeskouing word weerspieël deur middel van die woorde wat gebruik word. Taal kan ook as 'n interaktiewe proses beskryf word waarvolgens uitdrukking aan probleemsituasies gegee kan word. Hiervolgens verander dit:

- Die werklikheid (voorkoms) van die situasie wat as problematies ervaar word.
- Die beskouing van die situasie wat as problematies ervaar word en
- aktiveer dit hulpbronne, oplossings en kragte wat na die probleemsituasie gebring kan word (Delanty 2000:3).

Die probleemsituasie wat bespreek word, is die resultaat van die gesprek (gebruik van taal) tussen die terapeut en die mens-in-nood en die resultaat daarvan is slegs vir die duur van die gesprek geldig (Becvar & Becvar 2000:284). Woorde word sodoende gebruik om uitdrukking te gee aan ervarings en hiervolgens kan geredeneer word dat betekenis oorgedra word deur die medium van taal. Taal word dan gesien as die middel waardeur betekenis en interpretasie aan lewenservarings gegee word in die uitdrukking van stories (Walker 2001:34; Becvar & Becvar 2000:152; Delanty 2000:101; Lester 1995:30).

Postmoderne denkers weerspreek hulself deurdat gepoog word om teorie deur middel van taal te bewys, aangesien hulle van die standpunt uitgaan dat woorde en teks geen vaste betekenis het nie. Die gebruik van dekonstruksie en interpretasie van taal binne 'n postmoderne konteks, bring mee dat enige betekenis wat deur die kliënt of terapeut in die uitdrukking van taal aan gebeure gegee word, aanvaar word. Op hierdie wyse word postmodernisme die gevangene van sy eie relativistiese teorie. Binne oop gesprekke is dit onmoontlik om tot 'n sinvolle geheel te kom. Daar word nie werklik tot die wesenlike bedoeling gekom nie, want daar is nie 'n waarheid nie. Volgens postmoderniste bestaan slegs 'n metafisiese waarheid, asook 'n storie agter die storie met veelvuldige betekenis. Taal word beskou as die metafoor van die lewe. Die lewe is soos 'n onderwerp wat weer en weer gelees moet word. Volgens 'n diakonologiese epistemologie is sinvolle kommunikasie slegs moontlik as daar ooreenkomstig 'n wedersydse morele begrip geredeneer word (Bratcher 2001:1; Walker 2001:34; Janse van Rensburg 2000:6a: 46 - 48a; De Klerk 2000:2).

Uit die voorafgaande bespreking is die verskil in epistemologie tussen diakonologiese- en postmoderne uitgangspunte bespreek. Die standpunte van Bratcher (2001:1), Walker (2001:34), Janse van Rensburg (2000:6a: 46 - 48a;) en De Klerk (2000:2) dui daarop dat daar wel 'n vaste betekenis aan taal gegee kan word as

die boodskap wat dit oordra op vaste Godsdienstige beginsels gegrond word en vir Christengelowiges word dit verbind aan die Bybel. Die verteller van die storie (kliënt) en die hoorder (maatskaplike werker) se beskouing van die waarheid is met ander woorde in een gemene konteks gefundeer. Uit hierdie gemeenskaplike vertrekpunt word gepoog om die vasgeloopte verhaal van die kliënt wat in moedeloosheid manifesteer te ontken tot 'n verhaal van hoop in Jesus Christus.

Vir die doeleindes van 'n basisteorie vir narratief-pastorale maatskaplike werk word aansluiting by 'n diakonologiese vertrekpunt gevind waarvolgens taal benut word om 'n boodskap van waarheid te kommunikeer. Die inhoud van die boodskap word herlei na Bybelse waarhede en norme as riglyne vir die gesprek met die uiteindelijke doel om die mens se verhaal in ooreenstemming met God se verhaal te bring, as die enigste geldende waarheid vir Christengelowiges.

### **3.1.6.2.3 Die rol van konteks**

In postmoderne epistemologieë word konteks met die persoon se tekstuele situasie in verband gebring. Die konteks van die oomblik bepaal die tekstuele interpretasie. Dit beteken nie dat daar nie etiese waardes in postmodernisme bestaan nie. Etiese waardes is egter persoonlik en kontekstueel van aard. Postmodernisme verwerp Kananitiese en Christelike konsepte van moraliteit as 'n hoër (transendente) waardesisteem (Janse van Rensburg 2000:65a). Kultuur word in dieselfde oop kategorie geplaas as konteks, omdat kultuur beskou word as 'n oop sisteem waaraan betekenis deur taatgebruik gegee word (Delanty 2000:96). Hierteenoor word aan kultuur binne 'n Christelike lewens- en wêreldbeskouing 'n vaste betekenis gegee. Godsdienstige gebruike en waardes word deur middel van vaste interaksiepatrone deel van die leefwyse van Christene (König 2001:33; Ganzevoort 2000:280).

Ten einde die implikasies van die gebruik of goedkeuring van postmodernisties-gefundeerde epistemologieë te verstaan en waarom daar 'n radikale onderskeid tussen 'n postmodernistiese en diakonologies-gefundeerde epistemologie gemaak word, is dit noodsaaklik om kortliks op die herkoms van die postmoderne paradigma en die epistemologie waarbinne dit funksioneer, te let. Voorts word aandag aan die verband tussen postmodernisme en die ontwikkeling van wetenskapsvorming gegee deur

onderskeidelik te let op: positivisme, die era van verligting, modernisme, konstruktivisme, sosiale konstruksionisme en poststrukuralisme.

### **3.1.6.3 Die verband tussen postmodernisme en die ontwikkeling van wetenskapsvorming**

Die opkoms van postmodernisme hou ten nouste verband met die ontwikkeling van wetenskapsbeskouings. Die oorgang van die 18de eeu na die 20ste eeu word deur Strauss (1994:10) beskryf as die wending van denke na taal. Dit hou verband met soeke na oplossings deur dissiplines, wat die wêreld waarin geleef word en die geskiedenis waaruit dit ontstaan het, wil interpreteer. Sodoende word gepoog om die *verstaans*-vraag te antwoord. In hierdie proses word 'n nuwe betekenis aan die interpretatiewe rol van hermeneutiek toegeken. Dit lei tot 'n wegbeweging van *universele begripsdenke* na die moontlikhede van menslike *taalgebruik*. "Taal en taalgebruik is na sy aard méérsinnig en poli-interpretabel" Strauss (1994:10). Die gebruik van taal in 'n uniek-individuele konteks is voordelig in die sin dat dit bydra tot die beskrywing van die begipsvorming wat deur 'n individu aan 'n bepaalde gebeurte gegee word. Op universele vlak word geredeneer dat taal 'n nuwe tuiste bied vir die kennisideaal van die twintigste eeu. Taal word op hierdie manier verhef tot 'n omvattende noemer. "Verstaan word verhef tot 'n kommunikatiewe ervaring" Strauss (1994:12). Hierdie benadering word in 'n postmodernistiese epistemologie tot 'n ekstreme uiterste verplaas waarvolgens die hele werklikheid op 'n gefiksionaliseerde wyse *talig* word. Taal word sodoende verhef tot 'n metaforiese ontwikkelingsnorm. Die voortdurende verandering van betekenis aan oorsaak en gevolg deur middel van metaforiese taalgebruik gee aanleiding tot relativisme. Strauss (1994:14) waarsku dat hierdie benadering kan lei tot: "To see one's language, one's conscience, one's morality, and one's highest hopes as contingent products, as literalizations of what once were accidentally produced metaphors, is to adopt a self-identity which suits one for citizenship in such an ideally liberal state". Uiteindelik lei hierdie perspektief tot 'n wegbeweging van 'n denkraamwerk waarvolgens God as Skepper en Voleinder erken word (Strauss 1994:14).

Die filosofiese onderbou van postmodernisme word gevind in die denke van Nietzsche, Heidegger, Derrida, Lyotard, Baudrillard en nog vele ander (Delanty

2000:3). Onder hierdie filosofe bestaan heelwat meningsooreenkomste oor wat postmodernisme regtig is. Een aspek waaroor almal eens is, is die feit dat geen vaste waarheid en waardes bestaan nie. Daar is egter ook dikwels verskille (*Differánce*) en verandering van perspektiewe onder die onderskeie filosofe te vind as gevolg van die verskillende denkskole waarin hul teorieë gefundeer is. As 'n dokument gelees word, is die hoofdoel om te bepaal wat die betekenis is wat deur die skrywer daaraan gegee word. Dit is ook 'n belangrike geldende hermeneutiese beginsel as die Bybel gelees word. Op dié wyse spreek die inhoud van die Bybel tot die leser en verleen die inhoud sin aan die mens se lewe. Postmodernisme verander die betekenisgewing aan die hermeneutiese interpretasie omdat daar uitgegaan word van die standpunt dat die skrywer en die subjek dood is. Die geskrewe woord ("text") het sodoende die oorspronklike betekenis wat deur die skrywer daaraan gegee is, verloor (Delanty 2000:108). Betekenis word eers geskep as dit gekommunikeer of gelees word. Die vorm en inhoud van die subjek neem in die kommunikasieproses 'n intersubjektiewe verandering aan. Die motivering vir hierdie standpunt deur postmodernisme het sy oorsprong daarin dat daar nie 'n bepaalde waarheid bestaan nie. As die skrywer en die subjek bestaanswaardes het, kan pogings aangewend word om die "text" te herlei na die oorsprong en die waarheid (Delanty 2000:108; Janse van Rensburg 2000:7a). Vir die doeleindes van 'n basisteoretiese perspektief vir 'n narratief-pastorale maatskaplikewerkbenadering, word uitgegaan van die standpunt dat die Bybel gelees word as 'n ware verhaal wat tot die mens spreek met 'n bepaalde rekonstruerende resultaat waarvolgens die mens sy lewe aanpas om dit in ooreenstemming met die Outeur van die Bybel se verhaal vir die mens te bring. Hulle teorieë word gevolglik deur middel van rasonale konstruksie ontwerp wat meestal op relativisme uitloop (Walker 2001:31; Janse van Rensburg 2000:34; Delanty 2000:3; Osmer 1997:34). 'n Verdere aspek waaroor postmodernistiese filosofe eenstemmigheid toon, is die feit dat Bybelse waarhede nie bestaan nie. Alle Bybelse beginsels en waardes word summier deur hierdie filosofe verwerp (Janse van Rensburg 2000:35a; Van der Watt 2000:54; Grassie 1997:3).

Vervolgens word positivisme bespreek.

### 3.1.6.3.1      **Positivisme**

Die woord *positivisme* het by die filosoof August Comte ontstaan. Positivisme hou verband met die eeu van die rede. Die mens het geglo dat hy met sy rede of intellek in staat was om die ganse wêreld te beheer. Geen subjektiwiteit is toegelaat nie, want dit sou die wetenskap benadeel. Slegs dit wat bewys kon word, is binne ‘n objektiewe werklikheid as waar aanvaar. Om hierdie rede word positivisme met kwantitatiewe en empiriese metodiek geassosieer (Leedy & Ormrod 2001:101; Walker 2001:30; Damianakis 2001:23; Janse van Rensburg 2000:3a; Delanty 2000:1). Sosiale wetenskaplikes het egter toenemend ongemaklik begin voel omdat menslike gedrag nie op dieselfde manier as natuurwetenskappe gemeet kan word nie. Uit hierdie ongemak volg die era van rasionalisasie in ‘n soeke na erkenning van die subjektiewe.

### 3.1.6.3.2      **Rasionalisasie of die era van verligting**

Die era van verligting staan ook as Rasionalisasie bekend. Die filosoof Renè Descartes het hierdie era ingelei. Hy het geredeneer: “I think, therefore I am”. ‘n Nuwe era waarin wetenskap en kennis regeer, neem so ‘n aanvang (Delanty 2000:19; Janse van Rensburg 2000:3a; Van der Watt 2000:43). In hierdie fase oorheers die rede of verstand. Net dit wat met die verstand uitgeredeneer en verstaan kon word, is as die werklikheid aanvaar (Van der Watt 2000:43). Rasionalisasie het tot gevolg dat vrae oor die Bybel as normatiewe bron van God gevra word omdat die verstand nie alles wat in die Bybel staan, kan verklaar nie. Die geloof het ook ‘n rasonele dimensie. Jesus is ‘n werklikheid, wie dit nie wil glo nie, sal dit nie glo nie (Van der Watt 2000:42).

Die voorafgaande paradigmas kan nie in duidelike kompartemente verdeel word nie. Dit is slegs ‘n sistematiese manier om die verloop van die proses te onderskei en te beskryf. Die gebrek aan onderskeid in ‘n positivistiese benadering tussen natuur- en sosiale wetenskappe, skep die idee dat natuurwetenskappe oorheers. Selfs die subjek word as ‘n eenheid beskou (Delanty 2000:12-13; Damianakis 2001:23; Osmer 1997:11-12; Grassie 1997:3). Dit gee aanleiding tot die volgende probleme:

- Positivistiese atomisme, dit wil sê kennis van 'n gegewe geheel, word verkry deur dit op te breek in kleiner gedeeltes.
- Daar bestaan 'n bindende ooreenkoms tussen teoretiese wetenskaplike waarhede en natuurwetenskappe.
- Fenomenologie of objektivisme bestaan nie in wetenskapskringe nie (Delanty 2000:14).

Volgens Delanty (2000:14) word in positivisme aangedring op feitelike waardes. Sosiale wetenskappe besit, volgens positiviste, geen waardes nie omdat sosiale wetenskappe nie in feitelike kwalitatiewe waardes uitgedruk kan word nie. Weerstand teen die onderdrukking van sosiale wetenskappe het gevolglik onbewustelik in die hand van die meer liberale denkers gespeel. Met die opkoms van 'n meer moderne wêreldbeskouing is meer en meer aanspraak op die erkenning van subjektiewe kennis en politieke ideologieë gemaak. In die twintigste eeu is die mees belangrike ontwikkeling wat in positivisme plaasgevind het, 'n afname in intellektuele denkwyses en 'n oplewing in die kultuur van professionele en institusionele kundigheidsisteme (Delanty 2000:14). Nuwe verwagtings is hierdeur geskep. Daar word gevolglik van modernisme met sy kenmerkende proses van industrialisasie na postmodernisme beweeg (Vgl. 3.1.5). Janse van Rensburg (2000:4a) verwys na postmodernisme as 'n revolusionêre of radikale denkverandering in persepsies, wêreldbeskouings en verwysingsraamwerke. Met die wegbeweeg van die objektiewe wetenskaplike era na 'n postmodernistiese era, waar alle waarheid ontken word en alles ondergeskik gestel word aan interpretasies, is 'n nuwe paradigma in die ontwikkelingsproses van wetenskapsvorming ingelei.

Opsommend blyk dit dat as gevolg van onvergenoegdheid met die geldende wetenskapsmetodiek in die onderskeie era's, naamlik positivisme, verligting en modernisme, verder gesoek is na 'n oplossing waarin die onbeantwoorde wetenskaplike vrae geakkommodeer kon word. Vir diegene wat wegbeweeg van vaste waardestrukture bied postmodernisme met sy relativiseringsteorie moontlik oplossings.

### 3.1.6.3.3 Konstruktivisme

Sisteemdenkteorieë word geklassifiseer as Kubernetika weens die terugvoerkringlope en die selfregulerende eienskappe van sisteme en word meestal in gesinsterapie gebruik. Die terapeut bly tydens terapie objektief buite die gesinsisteem staan (Müller 2000:57a). Mettertyd is besef dat sisteme nooit objektief, van buite af, waargeneem en geanaliseer kan word nie. Indien dit gedoen word, word die terapeut deel van die sisteem (Müller 2000:57a). Nadenke oor die subjektiwiteit en objektiwiteit van die terapeut as 'n waarnemer, gee aanleiding tot 'n klemverskuiwing waarvolgens besef word dat die terapeut deel van 'n subjektiewe deelnemingsproses vorm omdat sy teenwoordigheid in die gesinsisteem in werklikheid 'n nuwe sisteem tot gevolg het (Botella 2002:1). Hierdie besef staan bekend as Tweede Orde Kubernetika (Müller 2000:57a; Becvar & Becvar 2000:95a).

Konstruktivistiese teorieë is die idees wat die mens van die wêreld het en nie presiese replikas of prente van die werklike wêreld nie. Dit is eerder konstrunkte of persepsies wat die mens self ontwikkel het as gevolg van ervarings in die wêreld. Hierdeur is die werklikheid nie 'n objektiewe werklikheid nie, maar 'n subjektiewe konstruk (Grassie 1997:6; William 1999:3; Becvar & Becvar 2000:91; Delanty 2000:111; Müller 2000:4d). Volgens Janse van Rensburg (2000:50a) is die mees algemene kenmerk van konstruktivisme die feit dat die passie om mense te verander nie meer bestaan nie. Dit word herlei na die aanname dat elke mens sy eie konstruk van die werklikheid vorm en dat dit dieselfde wettige bestaansreg het as die konstruk van byvoorbeeld die terapeut. Die terapeut kan as gevolg van hierdie werklikheid nie die rol van ekspert of kundige in die terapeutiese verhouding vertolk nie en neem daarom die rol van 'n nie-kundige aan. Die kliënt word na aanleiding van die feit dat hy die kenner van sy eie realiteitskonstruk is, gesien as die ekspert ten opsigte van sy eie storie in die terapeutiese situasie (Janse van Rensburg 2000:50a; Müller 2000:57a). Die wete dat die terapeut nie meer 'n objektiewe buitestander is nie, bied aan terapeute die geleentheid tot subjektiewe betrokkenheid wat meebring dat raad en opdragte met die oog op verandering nie maklik deel van die terapeutiese proses vorm nie. Daar word eerder saam met die kliënt deur middel van 'n hermeneutiese verstaanproses gesoek na antwoorde (Müller 2000:57a). Binne 'n konstruktivistiese epistemologie word die verstaanproses verder moontlik gemaak omdat 'n kontekstuele wêreldbeskouing

gehandhaaf word waarvolgens die wêreld as ‘n altyd veranderende boodskap (“*text*”) weer en weer geïnterpreteer en gekonstrueer kan word. Kennis word beskou as ‘n proses waarvolgens alternatiewe persoonlike konstruksie gevorm kan word. ‘n Pragmatiese benadering word gebruik vir regverdiging omdat absolute waarhede nie bestaan nie (Botella 2002:4).

Hierteenoor vind ‘n diakonologiese epistemologie aansluiting by die wete dat die mens volgens Bybelse waardes en konstruksie leef (Collins 1988:16; Mearns & Thorne 1999:6; Du Toit et al. 2001:v). Bogenoemde aspek beklemtoon die belangrikheid van ‘n teologies-gefundeerde antropologie as deel van die wetenskapsfundering vir narratief-pastorale maatskaplike werk. Die aanvaarding en gebruik van ‘n teologies-gefundeerde antropologie as deel van ‘n basis- en praktykteorie bring mee dat die beeld van die mens nooit tot konstruksie en subjektiewe persepsies van die “eie-ek” as ‘n heerser oor sy eie ervaringswêreld verskraal kan word nie. Alle persepsies en ervarings word herlei na wat God van die mens vra en die antwoord daarop binne die basiese verhoudingskonstellasie waarin God die mens geplaas het (Vgl. 2.3.3 vir ‘n bespreking van die verhoudings waarin die mens tot God staan).

‘n Verdere aspek waarmee rekening gehou moet word is die wete dat konstruktivisme nie die verandering van mense ten doel het nie. ‘n Pastorale berader mag ook nie Bybelse beginsels as die norm gebruik indien dit nie deel van die realiteitskonstruk van die kliënt is nie. Spanning ontstaan tussen die voorafgaande konstruktivistiese uitgangspunt en ‘n diakonologies-bybelsgefundeerde epistemologie omdat ‘n Bybelsgefundeerde pastoraat verandering van die mens ten doel het (Janse van Rensburg 2000:51a). Ten einde hierdie spanning te oorbrug, stel Janse van Rensburg (2000:51a) voor dat konstruktivisme in sy oorspronklike staat eerder as ‘n strategie benader behoort te word, as ‘n postmoderne epistemologie. Sodoende kan die konstruktivistiese uitgangspunt “om nie te verander nie” gekanselleer word. Die ontmoetingspunt is geleë in die wete dat dit nie die intensie van die pastorale berader is om mense te oorreed om die persoonlike oortuigings of konstruksie wat deur die pastorale berader voorgestaan word, te aanvaar nie. Die passie tot verandering hou verband met die wete dat God die mens wil verander om meer en meer na Sy beeld gelykvormig te word. God wil die negatiewe omstandighede wat tot nadeel van ‘n kliënt se lewe strek, verander. Indien dit aanvaar word, bring dit mee dat die Bybel as

die woord van God aanvaar word en voorspruitend daaruit die aanvaarding van Bybelse waarhede en norme as riglyne waarvolgens Christen gelowige mense leef (Janse van Rensburg 2000:51a). Uit 'n konstruktivistiese epistemologie is die voorafgaande beredenering onaanvaarbaar omdat objektiewe waarhede nie deel van 'n konstruktivistiese epistemologie vorm nie.

Ten einde gebruikswaarde vir konstruksie en dekonstruksie as strategieë binne 'n diakonologies-gefundeerde epistemologie moontlik te maak, moet dit losgemaak word van 'n postmodernistiese epistemologie en in 'n Bybelse epistemologie geplaas word (Janse van Rensburg 2000:51a). Dieselfde voorvereiste geld vir narratiewe strategieë indien dit binne 'n diakonologies-gefundeerde narratief-pastorale benadering benut word (Janse van Rensburg 2000:62a; Vgl. Hfs 4).

Samevattend blyk dit dat die waarde van konstruktivisme vir 'n narratief-pastorale maatskaplikewerkbenadering daarin lê dat erkenning gegee word aan die kliënt se unieke menswees deur die besef dat hy oor bepaalde konstrunkte van sy eie werklikheid beskik, as 't ware as 'n kundige oor sy eie storie. Uit 'n diakonologiese narratief-pastorale maatskaplikewerkepistemologie word aansluiting by hierdie werklikheid gevind deur die gebruikmaking van konstruktivisme as 'n strategie wat losstaande van 'n postmodernistiese epistemologie funksioneer deur die aanvaarding van God se passie om die mens te verander in ooreenstemming met Bybelse waarhede. Deur die gebruikmaking van 'n diakonologiese narratiewe strategie, vind dekonstruering van die mens-in-nood se verhaal plaas om dit uiteindelik in ooreenstemming met God se verhaal vir die mens te bring.

Vervolgens word sosiale konstruksionisme bespreek as 'n verdere fase in die ontwikkeling van postmoderne teorieë.

#### **3.1.6.3.4 Sosiale konstruksionisme**

Sosiale konstruksionisme vorm deel van 'n derde orde kubernetika waarvolgens die lewe van 'n mens blootgelê word deur middel van verhale. In konstruktivisme word subjektiwiteit beklemtoon. 'n Belangrike bykomende kenmerk van sosiale konstruksionisme is die erkenning wat gegee word aan die sosiale proses waarvolgens

kennis ontwikkel. Volgens hierdie teorie bestaan die werklikheid nie uit persepsies wat in die sensuweestelsel setel nie, maar uit gedeelde konstruksie. In die vorming van konstruksie speel taal 'n sleutelrol. Betekenisoordraging geskied deur middel van taal. Gevolglik word gepraat van die “act of languaging” en die “act of storying” (Becvar & Becvar 2000:92; Müller 2000:57a). Individuele stories is begrens. Volle betekenis aan individuele stories kan eers gegee word as dit binne die groter storie waarbinne dit funksioneer, vertel word. Vir sosiaal-konstruksionistiese teorie is die sosiale interaksie wat tussen individue en hul vorming van realiteitskonstruksie plaasvind, van groot belang omdat geglo word dat individuele konstruksie gevorm word deur middel van sosiale oordrag binne 'n bepaalde kulturele raamwerk (Lester 1995:37). Internalisering van sosiale konstruksie neem deurlopend vorm aan deur middel van sosiale interaksies. Aanvanklike sosiale konstruksie word gevorm op grond van die gesin van oorsprong se lewens- en wêreldbeskouings. Namate verdere interaksies tussen die individu en breër gemeenskapsinstellings voorkom, ontwikkel verdere persoonlike konstruksie (Lester 1995:38).

Volgens sosiaal-konstruksionistiese benaderings is kennis nie empiries objektiveerbaar nie. Die geldende kriterium is die betekenis waartoe ooreengekom is deur middel van taal (Anderson & Goolishian 1992:22). Ten einde die beginsel te demonstree wys Roux en Kotze (1997:67) byvoorbeeld daarop dat tydens supervisiegesprekke nie van strukture of objektiewe wette gebruik gemaak word om betekenis te konstrueer nie. Al wat geld is die taal waarin die gesprek gekonstrueer word. Verder word die konstruering van die supervisiekonteks beïnvloed deur die kreatiwiteit van die supervisor en die supervisant. Hierdie openheid bied geleentehede tot diversiteit (Roux & Kotze 1997:68). Terapie volgens hierdie benadering beklemtoon betekenis as gekonstrueer deur individue in gesprek met mekaar, deur middel van taal. Mense se lewens word gekonstitueer en verander in taal. Die maatskaplike werker en die persoon-in-nood is nou medeskeppers van die gedeelde realiteit. Die maatskaplike werker word sodoende nie meer beskou as die enigste kenner van die waarheid nie, maar word nou 'n deelnemer aan die proses om tot 'n waarheid te kom. Die vraag is nie meer hoe iets gebeur het nie, maar wat gebeur het en hoe dit ervaar en geïnterpreteer word: “...thus human action takes place in a reality of understanding that is created through social construction and dialogue” (Anderson & Goolishian 1992:29). Taal vorm op hierdie wyse die raamwerk waarbinne die

gesprek plaasvind (Grassie 1997:3; Becvar & Becvar 2000:92; De Klerk 2000:8; Müller 2000a:58).

Uit verskillende bronne ontstaan vrae oor die werklike terapeutiese bydrae van sosiale konstruksionisme binne 'n postmodernistiese narratiewe epistemologie. Gesins-terapeute het volgens Pilgrim (2000:9) 'n probleem met sosiale konstruksionisme omdat die beginsels van tradisionele sisteemteorie waarin gesinsterapie gefundeer is, nie met postmoderne sosiale konstruksionisme versoenbaar is nie. Delanty (2000:129-130), Ganzevoort (2000:279) en Walker (2001:31) huldig die standpunt dat indien die sosiale wetenskappe voortgaan met die implementering van postmodernisme, daar later geen grondige navorsingsmetodiek kan bestaan nie. Beide stel dus voor dat sosiale wetenskappe opnuut moet kennis neem van oorsaaklike verklarings en hermeneutiese interpretasies wat kommunikatief gestruktureer word in kritiese realisme.

Die voorafgaande bespreking lei tot die kennisname van “act of languaging” en die “act of storying”. Volgens Müller (2000a:58) beteken dit dat daar nie iets soos individuele stories bestaan nie. Die storie van die self kan nie in isolasie van die res vertel word nie. Individuele stories dra alleen gesag as dit vertel word na aanleiding van die groter geheel waarbinne dit gekonstrueer word. Ervarings is nie subjektiewe individuele aktiwiteite nie, maar 'n sosiale proses van konstruksionisme. Hierdie wyer verhaal speel 'n bepaalde rol in die konstruering van 'n individuele verhaal. 'n Huweliksprobleem word byvoorbeeld beïnvloed deur die sameloop van baie verhale, soveel so dat die verhaal wat vertel word probleemversadig oorgedra word. Erkenning aan sosiale konstruksionisme maak sodoende deure vir die verhalende of narratiewe benadering oop. Met die vertelling van verhale is die mens voortdurend besig om sy wêreld te konstrueer en te beitel aan individuele kernverhale asook makro gesins- en kultuurverhale (Müller 2000:59).

Ten einde die voorafgaande teorie in 'n diakonologies-gefundeerde narratief-pastorale epistemologie te fundeer, is dit nodig om kennis te neem van die standpunte van Ganzevoort (2000:3), De Klerk (2002:1), Van der Watt (2000:58) en Smit (1999:11) wat daarop wys dat die mens binne 'n bepaalde godsdienstige kultuur gebore word en dat Christengelowiges deur middel van die oordrag van Bybelverhale vertrou raak

met die storie van die Bybel, te wete God se verlossingsplan vir die mens. Christen-gelowiges internaliseer die inhoudelike van die Bybel as waarde- en normekonstruksie en konseptualiseer hul lewens- en wêreldbeskouing volgens hierdie waarhede as geldende beginsels. Janse van Rensburg (2000a:51) is van mening dat van die strategieë van dekonstruksie, eksternalisering en narratiewe terapie gebruik gemaak kan word sonder om die postmoderne paradigma of sosiale konstruksionisme te aanvaar. Die Christelike maatskaplike werker kan sodoende uit 'n diakonologies-gefundeerde narratief-pastorale epistemologie toetree tot die leefwêreld van mense-in-nood, sonder om Bybelse waarhede en die passie van God om mense te wil verander ooreenkomstig sy verlossingsverhaal vir die mens, te ontken.

Die volgende fase wat bespreek word, is poststrukuralisme as 'n verdere fase in die ontwikkeling van postmoderne teorieë.

#### **3.1.6.3.5 Poststrukuralisme**

Ondersteuners van poststrukuralisme glo dat die waarheid geen vaste strukture of betekenis het nie. Die bestaan van kennis word betwyfel en betekenisgewing wat aan sisteme en strukture toegeken word, word totaal ontken. Poststrukuralisme en postmodernisme word dikwels as sinonieme gebruik (Delanty 2000:98; Janse van Rensburg 2000:7a).

Die verband tussen strukuralisme en poststrukuralisme word kortliks bespreek ten einde die kritiek teen strukuralisme uit 'n maatskaplike werk oogpunt te verstaan en die ontstaan van poststrukuralisme en die gevare wat dit vir Christelike maatskaplike werk inhou in konteks te plaas.

Strukuralisme word deur White (2000:1) as 'n hoogs suksesvolle projek beskryf. Vir meer as vier- of vyfhonderd jaar het dit die Westerse kultuur op 'n kontemporêre en deurdringende basis oorheers. Soveel so dat dit moeilik is om aan menslike gedrag binne 'n ander raamwerk te dink.

'n Kenmerk wat veral met strukuralisme in verband gebring word, is die kontras tussen gedragswyses wat op die oppervlak waargeneem word as 'n uitvloeisel van

menslike gedrag wat ten diepste sy oorsprong binne-in die mens het as gevolg van een of ander manifesterende element of “essence” (White 2000:61). Dit word vry algemeen aanvaar dat die rigtinggewende elemente of “essence” deur terapeute verken kan word as hulle die dieptedimensie van mense se lewens deurkruis. Die verkenningsproses lei tot die identifisering van die boublokke van persoonlikheid wat omskryf word as die sentrum van persoonlikheid en waarna verwys word as “self” of die “eie-ek” (White 2000:61; Vgl. 3.2.5.2). In die Westerse kultuur word, volgens White (2000:61), algemeen aanvaar dat alle mense oor so ‘n selfbeeld beskik. Sonder uitsondering word ook aanvaar dat die selfkonsep en persoonlike identiteit met mekaar vervleg is en dat identiteit ‘n produk van die eie-ek is.

White (2000:61) argumenteer verder dat indien bogenoemde benadering deur terapeute aanvaar word, dit die volgende implikasies vir terapie mag inhou:

- Ekspertkennis is nodig om die dieperliggende persoonlikheidsdeterminante te verken en te interpreteer as deel van die soeke na moontlike antwoorde wat verband hou met die sentraalgeïnkorporeerde self.
- ‘n Volgende vereiste is kennis van teorieë waarvolgens sisteme gekonstrueer kan word met die oog op sinvolle analises wat pas by die gegewe identiteit van die selfbeeld wat deur die kliënt voorgehou word.
- Verder word die ontwikkeling van professionele tegnieke vereis. Die tegnieke kan dan aangewend word om die mens te help om die vermiste element van die sentrale self waarmee geïdentifiseer word, te vind.

Die uiteindelijke gevolgtrekking waartoe White (2000:62) rakende die self en identiteit uit ‘n poststruktureelste oogpunt kom, is die volgende: “The extent to which the idea that there exists such a thing as a ‘self’, that resides at the centre of personhood, and is a source of meaning and action is in the history of the world’s cultures, a remarkably novel idea”. Volgens ‘n teologiese antropologiese epistemologie kan geargumenteer word dat die voorafgaande beskouing van die betekenis wat aan self toegeken word, strydig is met die betekenis wat uit ‘n Bybelse perspektief aan self toegeken word. Volgens ‘n Bybelse perspektief beskik die mens oor die vermoë om beginselgedrewe keuses te maak in ooreenstemming met Bybelgerigte waardes en norme (Vgl. 2.3).

Volgens 'n poststrukturalistiese epistemologie word menslike identiteit beskryf as 'n sosiale en openbare prestasie. Identiteit is iets wat gevorm word deur middel van onderhandelings met sosiale instellings en deel wees van gemeenskappe deur middel van interaksionele kommunikasieprosesse. Dit neem verder vorm aan deur middel van historiese en kulturele magte. Die verkenning van identiteit binne hierdie konteks deur middel van die narratiewe bring mee dat nuwe betekenis voortdurend gegee kan word aan die inhoud van bestaande identiteite. Nuwe raamwerke word gevorm en sekere temas word geïdentifiseer. Deur middel van die storievertelproses word ervarings gedeel en sodoende word daarin geslaag om gapings in identiteitsvorming te erken (White 2000:62).

In kontras met 'n strukturalistiese benadering waarvolgens kennis van menslike identiteit deur middel van voorkoms en diepte-analises gemaak word, word in 'n poststrukturalistiese benadering gebruik gemaak van kontrasterende metafore van dik en dun beskrywings van narratiewe (White 2000:62). Met 'n dun beskrywing word verwys na 'n beperkte beskrywing van 'n narratief. Deur middel van vroeë word saam met die kliënt gesoek na 'n ryker beskrywing van die narratief. 'n Ryker, meer volledig beskryfde narratief word 'n dik narratief genoem. Uit die beskrywings van dik en dun narratiewe beskrywings kan kliënte hul lewens, identiteite en verhoudings, nuut vorm. Namate kliënte meer ervare raak in die gebruik van narratiewe beskrywings, word ontdek dat hulle oor opsies en vermoëns beskik waarvan hulle nooit eers bewus was nie (White 2000:63). Die aanvaarding van 'n poststrukturalistiese narratiewe benadering bring verder mee dat die ge-ykte terapeutiese interpretasies wat deur kundige terapeute gemaak word, uitgeskakel word. As rede hiervoor voer White (2000:63) aan dat narratiewe terapie 'n kliënt help om los te breek van dun gevolgtrekkings van hul lewens, hul identiteite en verhoudings.

Die kritiek teen die self as 'n konsep in Sosiale Wetenskappe hou waarskynlik verband met kliëntgesentreerde benaderings. Die kliëntgesentreerde benadering van Rogers (Vgl. 3.2.5.2) fokus hoofsaaklik op die verhouding wat die kliënt met homself handhaaf. 'n Diakonologies-gefundeerde pastoraal-narratiewe benadering plaas vanweë 'n Bybelse epistemologie, God sentraal in alle verhoudings. Sodoende word

uit 'n diakonomiesgefundeerde narratief-pastorale epistemologie geredeneer dat die innerlike self (hart, siel) as die sentrale lokus van identiteit van die mens dien. Gefundeer in 'n teologiese antropologie, vind pastorale benaderings aansluiting by die wete dat die mens na God se beeld geskape is en vanweë die verbond staan die mens derhalwe in 'n permanente relasie tot God. Hierdie relasie, as die kernrelasie, dien as norm vir alle ander relasies en 'n persoonlike Christelike identiteit (Meyer 1996:96; Frye 2000:40; Vgl. 2.3.3).

Uit die voorafgaande bespreking blyk dit dat 'n poststrukturalisties-gefundeerde epistemologie onversoenbaar is met 'n diakonomies-gefundeerde narratiewe epistemologie. Indien Christelike maatskaplike werkers van narratiewe terapie, eksternalisering en dekonstruksie as strategieë gebruik wil maak, moet die begronding daarvan deeglik ondersoek word om nie die Bybelse impak te verontagsaam nie. Samevattend word geargumenteer dat bepaalde voorbehoude binne hierdie strategie bestaan, naamlik God bly sentraal in alle verhoudings (Vgl. 2.3.2), Bybelse waarhede is geldend (Vgl. 2.1) en die verandering wat teweeggebring word, word deur God geïnspireer (Vgl. 2.5).

In aansluiting by bogenoemde beredenering rakende die basiese epistemologie waarbinne postmodernistiese benaderings gefundeer is, blyk dit samevattend volgens positivistiese wetenskapsbeskouings dat dit nie oor 'n vaste wetenskaplikgefundeerde basisteorie beskik nie. Die volgende redes dien ter staving van die argument:

- In die eerste plek omdat alle narratiewe deur middel van dekonstruksie gerelativeer kan word as gevolg van die afwesigheid van vaste waarhede waarteen dit gemeet kan word.
- Tweedens word die interpretatiewe aksie van taal as 'n oordragmedium oorskat. Gesprek behoort te lei tot verheldering van die probleem ooreenkomstig die beginsels in Gods Woord.
- As gevolg van die feit dat waarhede nie bestaan nie en die bestaan van alle "Grand Narratives" ontken word, kan die benadering nie tot die skep van eskatologiese hoop lei nie. Toekoms in 'n postmoderne epistemologie fokus op die teenswoordige wêreld.

- Aansluiting by 'n klient-in-nood op grond van die verbondsverhouding tussen God en die mens, is uit 'n postmodernistiese benadering nie moontlik nie, aangesien die bestaan van God as die outeur van die Bybel ontken word.
- Die nie-erkenning van sisteme plaas die benutting van ekosistemiese benaderings onder verdenking, terwyl daar in 'n diakonologiese epistemologie baie klem gelê word op die voordele wat ekosisteme bied.
- Die beskouing van die rol wat konteks speel, impliseer dat die mens in verskillende kontekste volgens verskillende “waarde-interpretasiegewing” kan reageer of optree. Die betekenis wat aan konteks en kultuur binne 'n diakonologiese epistemologie gegee word, het vaste ooreenkomste en struktuur en kan dienoreenkomstig geïnterpreteer word.

Voorts word die begrensing van maatskaplikewerkteorie deur nasionale kwalifikasierade bespreek.

### **3.2 Begrensing van maatskaplikewerkteorie deur nasionale kwalifikasierade**

De Vos, Schurink en Strydom (1998:6), Smale et al. (2000:3, 27), Zastrow (2000:41), Walker (2001:30) en Snyder (2000:229) wys daarop dat navorsing 'n raamwerk bied vir praktykaktiwiteite en dat 'n wetenskaplik-georiënteerde praktyk groter praktyksuksesse waarborg. 'n Volledige en voortdurend groeiende kennisbasis stel ook die maatskaplike werker in staat om beter praktykbesluite te neem in die verskillende praktyksituasies (Grinnell 1993:3). Teorie verskaf 'n raamwerk waarvolgens beskrywings en analyses gemaak kan word. Teorie en praktyk vorm inderwaarheid 'n gedeelte geheel omdat die teorie die raamwerk bied waarvolgens praktykintervensies geïmplementeer word.

Dwarsdeur die werêld bestaan tans 'n tendens om die teoretiese inhoude wat as noodsaaklik vir maatskaplike werk as 'n professie beskou word, in voorafopgestelde teoretiese kennisraamwerke te omskryf. Vir die doel word van beroepspesifieke kwalifikasierade gebruik gemaak. In die Verenigde State is bevind dat die volgende kennis noodsaaklik is vir kennisraamwerke in maatskaplike werk, te wete oorsaak en aard van maatskaplike probleme, teoretiese kennis van verskillende intervensiemetodes, navorsingspraktyke, analitiese kennis, strategiese beplanning,

monitering en evaluering (Barnes 2002:6). In aansluiting by die internasionale paradigmaskuif word vervolgens aandag gegee aan die invloed wat die Suid-Afrikaanse Staatsbeleid na die 1994 verkiesing, toe die ANC regering aan bewind gekom het, op maatskaplikewerkdienslewering het.

Gray (1996) soos aangehaal deur McKendrick (1998:105) dui aan dat die Witskrif vir Maatskaplike Welsyn (1994) 'n radikale herstrukturering voorstel van die bestaande welsynsbestel tot en met 1994. Die hoofdoelstelling vir die volgende dekade is die aanspreek van die armoedevraagstuk, en om dit te bereik, is dit noodsaaklik dat alle sektore in die samelewing saamwerk.

McKendrick (1998:107) beklemtoon die transformering van maatskaplike-werkopleiding as 'n relevante aangeleentheid. Erkenning word verleen aan bestaande opleiding en kundigheid omdat maatskaplike werk 'n tweeledige funksie toon, naamlik die verandering van mense en gemeenskappe. Bepaalde aanpassings rakende die huidige inhoudelike kurrikulim vir die opleiding van maatskaplike werkers word noodsaaklik geag. Vir die doel het die Suid-Afrikaanse Gesamentlike Universiteiteskomitee vir Maatskaplike Werk voorgestel dat die Suid-Afrikaanse Interim Raad vir Maatskaplike Werk die liggaam moet wees wat die minimum opleidingstandaarde vir maatskaplike werkers moet bepaal (McKendrick 1998:108). Die genoemde Raad het in samewerking met die Suid-Afrikaanse Raad vir Kwalifikasies, die Nasionale Kwalifikasieraad en 'n Nasionale Standaardliggaam vir Maatskaplike Werk aandag aan die daarstelling van minimum opleidingstandaarde gegee (Dept van Arbeid 2001:20). Die liggaam, verantwoordelik vir die generering van maatskaplikewerkstandaarde, het gedurende Oktober 2002 die volgende vyf kategorieë vir maatskaplikewerkkwalifikasies aan die Nasionale Kwalifikasieraad vir oorweging en goedkeuring voorgelê:

- 'n Sertifikaat vir maatskaplike hulpwerkers
- 'n Baccaulaureursgraad in maatskaplike werk
- Meestersgraad in maatskaplike werk: Praktyk
- Meestersgraad in maatskaplike werk
- Doktorsgraad in maatskaplike werk

Die voorgeskrewe raamwerk van die Nasionale Kwalifikasieraad maak voorsiening vir inter-sektorale, multi en/of interdisiplinêre beroepspanne in maatskaplike werkdienlewering. Verdermeer ondersteun die Nasionale Kwalifikasieraad die menseregte handves soos uiteengesit in die Suid Afrikaanse grondwet (SACSSP Nuusbrief 2003:7). Hierdie benadering bied sodoende ondersteuning aan die epistemologiese fundering van hierdie studie waarin voorkeur gegee word aan 'n geheelbenadering deur middel van interdisiplinêre benaderings (Vgl. 3.5).

Naas hierdie benadering en in lyn met die ontwikkelingsgeskiedenis van maatskaplike werk is deur Estes (2003:3) bevind dat maatskaplikewerk-kennisraamwerke oor-koepelend in drie hoofkategorieë verdeel kan word, naamlik: Staatsbeheerde welsynstate-, ontwikkelingsgerigte- en globaliseringsmodelle. Die drie verskillende beleidsgerigte strategieë word voorts bespreek.

### **3.2.1 Staatsbeheerde welsynstate**

Met die begrip "*welsynstaat*" word verwys na 'n Staatsbeheerde bestel waar sentrale waardes deur middel van gemeenskaplike verantwoordelikheid vir mekaar geld (Estes 2003:3). Die rol van die heersende staatsbeleid speel onlosmaaklik 'n rol in die maatskaplikewerkpraktyk. Ten einde die beginsel te illustreer word kortliks daaraan aandag gegee. Die beginsel van 'n "*Welsynstaat*" het byvoorbeeld sy oorsprong in Duitsland en Groot-Brittanje gehad, terwyl staatsbeheerde welsynsprogramme na omtrent alle groot geïndustrialiseerde lande uitgebrei het. 'n Staatsbeheerde filosofie impliseer dat regerings outonoom is. Diktatorskap is oorheersend en 'n sentrale magsbasis bestaan (Sproul & Sproul 1994:57). Smale et al. (2000:32) is van mening dat beleidstoepassing van hierdie aard redelike nadelige gevolge vir mensontwikkeling kan inhou omdat die mense-in-nood as gevolg van die staatshulp wat hulle in die vorm van toelaes ontvang, afhanklik kan raak van die toelaes vir hul voortbestaan op materiële vlak. Verdermeer is bevind dat maatskaplike beleid van hierdie aard dikwels maatskaplike probleme soos armoede in stand hou omdat dit afhanklikheid van staatshulp bevorder teenoor byvoorbeeld deelname aan volhoubare inkomstegenererende werksprogramme (Smale et al. 2000:15). Ooreenkomstig die diakonologiese benadering waarin hierdie studie epistemologies gefundeer is, kan

geredeneer word dat die Bybelse beginsel “om te werk vir bestaansbehoefes” ondermyn word as inkomstetoelaes net maar vryelik beskikbaar gestel word.

Vervolgens word aandag gegee aan ontwikkelingsgerigte strategieë.

### **3.2.2 Ontwikkelingsgerigte strategieë**

In ‘n ontwikkelingsgerigte strategie word gemeenskaplike verantwoordelikheid vir mekaar aanvaar op humanitêre gronde ten einde aan agtergeblewe gemeenskappe ontwikkelingsgerigte geleenthede te bied (Estes 2003:3). Demokratiese beginsels geld as ‘n gesagsbasis, wanneer die meerderheid van die bevolking die outonome reg het om besluite oor minderheidsgroepe uit te oefen (Sproul & Sproul 1994:59). Benaderings van hierdie aard konsentreer daarop om aan histories onontwikkelde gemeenskappe ontwikkelingsgeleenthede te bied. In Suid-Afrika word tans van ‘n ontwikkelingsgerigte benadering gebruik gemaak. Dit is moeilik om die begrip “*ontwikkeling*” te definieer omdat dit dikwels gekoppel word aan ‘n tweede entiteit soos, herbou en ontwikkeling, gemeenskapsontwikkeling, sportontwikkeling en vele meer. Ontwikkelingsmetodes vind aansluiting by die latente vermoëns waaroor die mens beskik en poog om mense te help om van een vlak van ontwikkeling tot ‘n volgende te ontwikkel, indien die mense wat betrokke is, tot selfontwikkeling wil meewerk (O’Neil 1995:289).

Die maatskaplikewerkprofessie maak gebruik van gemeenskapswerk as ‘n metode om mense tot selfontwikkeling te lei. Die vraag ontstaan onmiddellik wat die bydrae van gemeenskapswerk tot gemeenskapsontwikkeling is. Dunham (1970) soos aangehaal deur Lombard (1991:125) beskryf gemeenskapsontwikkeling as ‘n breë omvattende ontwikkeling op ekonomiese en staatkundige terreine, terwyl gemeenskapswerk op die maatskaplike ontwikkeling van die mens fokus, met spesifieke verwysing na die maatskaplike funksionering van die gemeenskap (Lombard 1991:124). ‘n Verdere faktor in die beleidsraamwerk van ontwikkelingsgerigte maatskaplike werk word soos volg deur Midgley (1995:91) aangetoon: “Unlike the other approaches, social development does not separate economic from social policy but actively encourages the integration of the two. Instead, it believes that progressive social change driven

by a dynamic developmental process offers the best means for enhancing people's welfare in a competitive global economy".

Voorts word maatskaplike ontwikkeling in die Nuwe Woordeboek vir Maatskaplike Werk (1995:38) soos volg omskryf " (1) Belegging van 'n samelewing in die gesondheid, welsyn en opvoeding van sy lede om die aanleer van houdings en gedrag asook die vestiging van verhoudings te bevorder wat individue in staat stel om as volwaardige lede van die samelewing te funksioneer. (2) Proses van beplande institusionele of strukturele veranderinge om 'n balans tussen menslike behoeftes en maatskaplike beleid en -programme te handhaaf".

In aansluiting by die voorafgaande verduideliking beskryf Smale et al. (2000:52) die wisselwerking tussen gemeenskapswerk en gemeenskapsontwikkeling deur die gebruikmaking van 'n karteringskonsep. Onderliggend aan die karteringskonsep van ontwikkelingstake en -prosesse is twee belangrike faktore wat verreken behoort te word: Eerstens inhoud en resultaat en tweedens die tydsduur van die proses.

- Inhoud en resultaat dui op sleuteltake van gemeenskapswerk waarvoor spanlede van 'n interdisiplinêre gemeenskapswerkspan verantwoordelik is, as deel van 'n beplande gemeenskapontwikkelingsaksie (Smale et al. 2000:52).
- Die verloop van die proses oor 'n tydperk dui op die sleutelfases van gemeenskapsontwikkeling waarvoor die interdisiplinêre spanlede verantwoordelik is om 'n bepaalde doelwit te bereik binne 'n bepaalde tydspanne deur die gebruikmaking van relevante metodes wat die maatskaplike probleem kan aanspreek op sentrale, nasionale, organisatoriese, beleids- en plaaslike vlak (Smale et al. 2000:53).

Die voorafgaande mening van Smale et al. (2000:53) vind aansluiting by die gebruik van gemeenskapswerkspanne. Dit dui op 'n interdisiplinêre benadering en komplimenteer sodoende die sentrale tema van hierdie hoofstuk.

Verder huldig Lombard (1991:12) die mening dat daar 'n onderlinge verband tussen gevalle-, groep- en gemeenskapswerk as maatskaplikewerkmetodes bestaan. Al drie metodes is primêr daarop gerig om 'n bydrae tot die ontwikkeling van die mens te

lewer. Die metodes het in die vroegste tye saam ontstaan, terwyl hul ontwikkeling afsonderlik geskied het. Hier word gedink aan die ontstaan van die “Charity Organization Society” waar aandag aan individue deur middel van gevalle- en gemeenskapswerk gegee is. Mettertyd is die twee metodes afsonderlik aangewend. Ontwikkeling op dié twee terreine het ook afsonderlik geskied. Dit het tot gevolg dat maatskaplike behoeftes en -probleme in afsondering gesien en geïmplementeer word. Die feit van die saak is egter dat alhoewel gevalle-, groep- en gemeenskapswerk afsonderlik ontwikkel het, die metodes vanweë die aard van mense se behoeftes en hul funksionering verband hou met mekaar en die aanwending van die metodes nie in afsondering van mekaar kan geskied nie. ‘n Eenheidsbeskouing het mettertyd ontstaan en die onderlinge verwantskap kan gefundeer word in ‘n geïntegreerde benadering (Lombard 1991:13). Die kennisbasis vir ‘n geïntegreerde benadering sluit binne ‘n kulturele konteks drie komponente in, naamlik:

- Funksies en dinamika, enersyds van individue, gesinne, groepe, gemeenskappe, organisasies en
- andersyds fisiese en maatskaplike omgewings.
- Dit sluit verder die aard en gevolge van die wisselwerking tussen eersgenoemde twee, naamlik mens en omgewing, in (Lombard 1991:14).

In Suid-Afrika word tans grootliks op ekonomiese ontwikkeling gefokus terwyl gemeenskapswerk asook terapeutiese maatskaplike werk minder belangrik ge-ag word. In die finansiële boekjaar 2002/2003 is 87.2% van die totale welsynsbegroting aan maatskaplike toelaes bestee. Finansiële vooruitskattings dui daarop dat die tendens gaan voortduur (Inter Governmental Fiscal Review 2003:99). Vrae ten opsigte van volhoubare humanisties-gebaseerde ontwikkeling word toenemend gehoor en ‘n klemverskuiwing in dienste ten gunste van menslike ontwikkeling (gemeenskapswerk) word bepleit (Manual 2003:3).


Vervolgens word globaliseringstrategieë as die derde oorkoepelende strategie in teoretiese kennisraamwerke in maatskaplike werk bespreek.

### 3.2.3 Globaliseringsmodelle

In die soeke na redes waarom maatskaplike werk as professie grootliks wegbeweeg van die oorspronklike godsdienslike en filantropiese beginsels waaruit dit ontstaan het, blyk dit dat globalisering ook 'n moontlike rolspelende invloed kan wees. Tans heers 'n nuwe wêreldbestel bekend as globalisering waarin gelyke regte vir almal die hoofuitgangspunt is. Globalisering verwys na 'n wêreldbestel waar alle grense tussen wêreldmoondhede opgehef word, ten einde maksimum ekonomies-beheerde geleenthede vir alle mense te bied. Die impak wat hierdie benaderingsmodel op maatskaplike ontwikkeling tot gevolg kan hê, is nog nie met volle implikasies deurgedink nie (Estes 2003:3).

Figuur 3.2 bied 'n samevattende oorsig van wisselwerkende rolle wat teoretiese kennis-raamwerke in maatskaplike werk tot gevolg kan hê.

**Figuur 3.2** Wisselwerkende invloed van teoretiese kennisraamwerke in maatskaplike werk



Samevattend en in aansluiting by Figuur 3.2 blyk dit dat die breë oorkoepelende teoretiese kennisraamwerke wat op maatskaplike werk van toepassing is, verbind kan word aan die geldende politieke beleidsraamwerke waarvolgens wêreldmoondhede bestuur word. Sodoende is die oorhoofse geldende kennisraamwerk wat tans in Suid-Afrika van toepassing is, 'n ontwikkelingsgerigte strategie. Wanneer bogenoemde beredenerings verder gevoer word, kan uit 'n diakonologies-gefundeerde narratief-pastorale benadering geargumenteer word, dat 'n humanisties-gefundeerde benadering op die hier en nou fokus, sonder die verrekening van die geestelike dimensie. Die verligting van armoede vra 'n geheelbenadering. Armoede kan sinvol deur middel van 'n pastorale benadering aangespreek word indien die mense-in-nood deel vorm van 'n bepaalde gemeente of gemeenskap onder die sorg van 'n geestelike leier. Geestelike leiers kan van langtermyn strategieë gebruik maak. Deur byvoorbeeld die mense te leer ken en van 'n holistiese benadering gebruik te maak, kan die fisiese, psigiese- en geestelike dimensie sodoende verreken word. Hierdie benadering kan lei tot geloofsversterking en heling van wonde (Janse van Rensburg 2000b:8). In aansluiting by die voorafgaande redenasie bied 'n interdisiplinêre samewerkingsooreenkoms soos tussen gemeenskapswerk en pastorale benaderings nuwe moontlikhede waarvolgens die armoedeprobleem in Suid-Afrika op 'n volhoubare wyse aangespreek kan word (Smale et al. 2000). 'n Eensydige ekonomiese bemagtingsdoelwit blyk nie die antwoord te wees nie (Praglin 2003:1).

'n Radikale klemverskuiwing ten opsigte van die oorspronklike roepingsbewuste Christelik-georiënteerde persoon wat toetree tot die professie, is ook duidelik waarneembaar. Professionele status gekoppel aan wetenskaplike inhoud het onbewustelik gelei tot die humanisering van die professie (Praglin 2003:1; Bowpitt 2000:349). Moderne maatskaplikewerkoms-krywings maak nie voorsiening vir Christelike beginsels nie. Die hoë premie wat op menseregte geplaas word, is direk in konflik met 'n pastorale benadering. Hierdie aanname kan lei tot velerlei kritiek, maar binne die voorafgaande konteks wil dit tog voorkom asof Christelike beginsels slegs 'n verwysingsraamwerk is, omdat die werklike kommunisering van die heilsboodskap soos in pastorale modelle, nie in maatskaplikewerkintervensies toegepas word nie (Bowpitt 2000:350). Te min gereformeerde aanhangers glo dat 'n wêreldbeskouing wat op Bybelse gronde gebaseer word, 'n basis kan vorm vir betroubare wetenskapsbeoefening, met spesiale verwysing na gebruik in die

geesteswetenskappe. In aansluiting by die voorafgande argumentering handhaaf Atwood (1998:2) die volgende standpunte:

- Sommige Christene beskou hul godsdienstige beoefening as iets wat slegs by die Kerk moet gebeur en as deel van hul gebede, terwyl ander maar te gewillig hoofstroom sekulêre benaderings soos postmodernisme, feminisme en ander -ismes navolg.
- Hoewel subtiel, dra hierdie vorm van akkommodering van wêreldse sintese in benaderings by tot die ontkenning van 'n Bybelse wêreldbeskouing.

Godsdienstige oortuigings kan verskillende invloede op maatskaplike veranderings uitoefen wanneer byvoorbeeld gedink word aan die verskille tussen Christelike godsdienste, Jehova getuies en Moslems. Dit kan verandering bevorder, vertraag of dit kan selfs geen invloed uitoefen nie. Dit blyk volgens Haralambos en Holborn (1991:658) dat daar 'n wederkerige beïnvloeding tussen godsdienste en sosiale verandering bestaan, dat godsdienste aanleiding kan gee tot verandering en dat die mens se gedrag deur sekere betekenis en motiewe gerig word. Godsdienste kan deel wees van 'n persoon se wêreldbeskouing en sodoende 'n invloed uitoefen op sy menings, doelstellings en motiewe (Haralambos & Holborn 1991:658). Dit slotsom blyk te wees dat daar nie langer gevra moet word óf godsdienste maatskaplike veranderings tot gevolg het nie, maar wel in watter opsig en onder watter omstandighede bevorder of beperk godsdienste verandering (Haralambos & Holborn 1991:664).

Die Suid-Afrikaanse Kwalifikasieraad vir Maatskaplike Werk vereis dat van holistiese benaderings in die assessering van die funksioneringspatrone van kliëntsisteme gebruik gemaak moet word (SACSSP Nuusbrief 2003:8). Verdermeer word vereis dat intervensiemodelle voorsiening moet maak vir die behoeftes van kliënte op individuele, groep- en gemeenskapsvlak. (Vgl. 3.2.2). Voorsiening word ook deur die Suid-Afrikaanse Kwalifikasieraad gemaak vir die insluiting van antropologiese en religieuse studies as deel van onderrig in maatskaplike werk (SACSSP Nuusbrief 2003:7). Die voorafgande gestelde moontlikhede deur die Suid-Afrikaanse Kwalifikasieraad vir Maatskaplike Werk, maak dit dus moontlik om die inhoudelike van hierdie studie in maatskaplikewerkteorie te inkorporeer.

Volgens 'n teologiese antropologie kan hierdie behoefte uit 'n pastoraal- terapeutiese benadering aandag geniet. “Dit is die taak van die pastor om die mens se storie te vertolk onder leiding van die Heilige Gees as deel van God se storie en omgekeerd” (Louw 1999:304). Die voorafgaande verwysing beskryf die kern waarom dit in 'n diakonologies-gefundeerde narratief-pastorale benadering gaan. Vir die maatskaplikewerkprofessie bied dit die moontlikheid van nuwe geleenthede omdat die aansluiting by die geestelike dimensie van die totale mens in sy geheel-konteks 'n unieke benadering is. Dit kan aan die praktisyn 'n nuwe geheelbenaderde uitdaging bied, soos die aanvaarding dat daar in 'n triologiese konteks gewerk word, naamlik maatskaplike werker, mens-in-nood en die Heilige Gees.

Vervolgens word aandag gegee aan die rol wat maatskaplikewerkbenaderings speel uit 'n pastoraal-antropologiese oogpunt ten einde moontlike samewerkings-ooreenkomste tussen maatskaplike en pastorale intervensies te identifiseer.

### **3.3 Benaderings in maatskaplike werk**

In die voorafgaande bespreking (Vgl. 3.2) is na teoretiese kennisraamwerke verwys wat ingevolge die Suid-Afrikaanse Kwalifikasieraad vir Maatskaplike Werk toegelaat word om deel te vorm van die vakwetenskaplike kennis vir die maatskaplikewerkprofessie. In aansluiting by die vorige bespreking blyk dit ooreenkomstig die Nuusbrief van die Suid-Afrikaanse Raad vir Maatskaplike Diensberoepe (SACSSP 2003:8) dat daar ook voorsiening gemaak word vir die inkorporering van maatskaplikewerkintervensiebenaderings wat kan bydra tot holistiese benaderings.

#### **3.3.1 Intervensiemodelle**

Die hoofdoelwit wat deur middel van intervensiemodelle in berading en terapie nagestreef word, lê opgesluit in “verandering”. In berading word grootliks gekonsentreer op positiewe gedragsverandering, terwyl daar aan psigoterapie 'n uitgebreide funksie toegeken word (Brammer & Shostrom 1968:8). Die volgende definisie van psigoterapie is ter verduideliking:

*“Psychotherapy is an re-education of the individual at both conscious and unconscious levels. The basic aims of psychotherapy are to assist*

*the client to gain perceptual reorganization, to integrate the consequent insights into his personality structure, and to work out methods of handling feelings originating deep within his personality. His existing defenses are usually modified to such a degree that adjustment is obtained” (Brammer & Shostrom 1968:8).*

Die voorafgaande definisie verklaar waarom psigoterapie aansluiting vind by maatskaplike werk en pastorale terapie as hulpverlenende professies. Van belang vir hierdie studie is die sinsnede “re-education of the individual at both conscious and unconscious levels”, omdat dit in pastorale beraad om veel meer as blote gedragsverandering gaan. Trouens dit gaan om ‘n normatiewe verandering en internalisering van ‘n geesbeheerde gedragspatroon. Crabb (1977:27) stel dit soos volg,


*“The change must be not only external obedience, but also inward newness, a renewed way of thinking and perceiving, a changed set of goals, a transformed personality”.*

Benaderings in maatskaplike werk het grootliks hul oorsprong in psigologiese teorieë soos diepte-,psigologiese, behavioristiese, dimensionele en humanistiese teorieë (Meyer et al. 1992:13). Teorie verskaf ook modelle waarvolgens maatskaplike werkers op ‘n geordende wyse verduidelik wat hulle waarneem en watter intervensies hulle gebruik. Die gebruik van ‘n eksplisiete teorie waarborg beter intervensieresultate. Die professionele praktyk moet altyd deur een of ander teoretiese begroning gerig word. Daar is bevind dat maatskaplike werkers verskillende teorieë met die praktyk integreer en wel op die volgende drie wyses:

- Verskillende idees en metodes word gebruik terwyl hulle onbewus is van die oorsprong van die teorieë wat dit fundeer.
- Praktisyns benut sekere teorieë wanneer dit relevant is.
- Praktisyns ontwikkel persoonlike style, waar kennis geïntegreerd aangewend word in ooreenstemming met sekere persoonlikheidseienskappe van die maatskaplike werker en sodoende word ‘n persoonlike aanslag gevorm (Clarke-Mcleod & Coughlan 1995:272).

In Figuur 3.3 word 'n voorbeeld gegee van die verskillende teorieë waaruit maatskaplikewerkberadingsmodelle saamgestel kan word. Volgens Becvar en Becvar (2000:7) en Zastrow (2000:6) verteenwoordig dit die mees algemene teorieë waarvan in maatskaplike werk gebruik gemaak word. Zastrow (2000:6) verwys ook na kennis uit politiese, ekonomiese, sosiologiese en kulturele antropologiese wetenskappe wat benut kan word.

**Figuur 3.3 Rolspelende teorie in kennisraamwerke vir maatskaplike werk**



Becvar en Becvar (2000:7) is van mening dat die modelle waarna in Figuur 3.3 verwys word hoofsaaklik volgens 'n individualistiese en psigologies- gebaseerde fundering funksioneer. In hierdie benaderingsmetodiek word gebruik gemaak van waarom vrae, liniêre oorsaak- en -gevolg denke, subjek/objek dualisme, historiese gebeure, absolutisme en interne en eksterne wetmatighede wat gedragswyses rig (Becvar & Becvar 2000:7). As 'n voorbeeld van bogenoemde liniêre benaderingswyses dien die kliëntgesentreerde model van Carl Rogers. Indien hierdie teoretiese kennisinhoud in samehang met pastorale benaderings benut word kan die kliënt gelei word tot die besef dat sy hoogste selfaktualisering eintlik in God se verhaal vir hom opgesluit lê. Verskeie skrywers (Hall & Lindsay 1970:523; Pruis 1980:62; Meyer et al. 1992:395; du Toit et al. 2001:x; Mearns & Thorne 2001:xiii) beskryf Carl Rogers

(1902 - 1987) as die vader van kliëntgesentreerde terapie omdat hy homself skaar by die humanisties-fenomenologiese denkskool. Die kern van hierdie denkskool se persoonlikheidsbeskouing lê in die basiese vertroue in die konstruktiewe potensiaal van 'n individu, sy essensieel-doelgerigte aard en sy vooruitstrewendheid om te verander. Rogers se bydrae tot die denkskool word veral gevind in die byvoeging rakende die selfkonsep waarvolgens 'n persoon se subjektiewe belewing van homself en die invloed daarvan op sy funksionering van wesenlike belang is. Dit beteken dat Rogers die persoon self as die sentrale figuur in die verwesenliking van sy potensiaal sien en dat die omgewing slegs 'n fasiliterende rol speel. Dit is belangrik om kennis te neem van die feit dat Rogers rondom 1960 die kliëntgesentreerde benadering beskryf het. Rogers het sy werk gebaseer op die teorieë van “Symond’s: Self and Ego, Snygg and Comb’s: Phenomenal Self, Lundholm’s: Subjective Self, Sarbin’s: Self, Hilgard’s: Inferred Self, Mead’s: Self and Erikson’s: Ego Identity and Self Indentity” (Hall & Lindsay 1970:520). Ten spyte daarvan dat kliëntgesentreerde benaderings ongeveer 50 jaar gelede ontwikkel is, word dit vandag nog steeds benut. In 2001 word die basisteorie van Rogers gebruik vir die daarstelling van 'n benadering “Person-centred Communication” (Du Toit et al. 2001). In 2000 benut Mearns & Thorne (2000) ook Rogers se basisteorie en stel 'n “Person-Centred Counselling in Action” -benadering bekend. Die voorafgaande dui daarop dat die kliëntgesentreerde benadering steeds in die praktyk as 'n beradingsmodel tydens individuele terapie benut word.

Met die ontwikkeling van 'n sisteemteoretiese denkraamwerk word meer klem op interaksiepatrone tussen individue gelê en word die horison van terapeutiese benaderings as 't ware verbreed. Sisteemteoretiese denkraamwerke word vervolgens kortliks as 'n verdere raamwerk wat in samehang met pastorale benaderings deur maatskaplike werkers benut kan word, bespreek om saam met die mens-in-nood te soek na hoopvolle antwoorde vir vasgeloopte verhale.


### **3.3.2 Sisteemteoretiese denkraamwerke**

Met die ingebruikneming van sisteemteoretiese benaderings verskuif die klem van individualistiese benaderings na die interaksiepatrone tussen individue. Die mees bekende beradingsvorm in maatskaplike werk waarin van sisteemteoretiese

benaderings gebruik gemaak word, is gesinsterapie. 'n Sisteemteoretiese benadering beweeg weg van liniêre aksies en fokus op wat vrae, resiprokale oorsaaklikheid, holisme, subjektiewe persepsies, vrye keuses, proaktiwiteit, gedragspatrone, relasioneel- en kontekstuele gebeure (Becvar & Becvar 2000:8; Vgl.3.4.6.4). As daar aan fundamentele konsepte gedink word, bestaan 'n geneigdheid tot 'n statiese praktyk. Die waarheid is egter dat gevallewerkkonsepte dinamies is. Konsepte verander en ontwikkel soos wat dit deur ervarings, nuwe kennis en nuwe behoeftes beïnvloed word. Aanvanklik is van 'n psigo-sosiale benadering as 'n funksionele sistemiese kategorie gebruik gemaak in die vorm van terapie in maatskaplike werk (Van Delft 1980:27).

In Figuur 3.4 word 'n oorsig van die veranderlikes gegee wat hoofsaaklik in 'n sisteemteoretiese benadering voorkom. Ten einde maatskaplike werk as 'n veranderingsagent te posisioneer, is dit noodsaaklik om opnuut aandag te skenk aan 'n sistemiese benadering uit 'n ekologiese perspektief. Klem word gelê op die ondersteunende rol wat die gemeenskap behoort te vervul. 'n Ekologiese perspektief maak ook voorsiening vir die kennisname van internasionale en nasionale beleidsdoelstellings (Smale et al. 2000:6). Gemeenskappe is voortdurend besig om te ontwikkel en te verander. Maatskaplike werk kan dus nie staties bly nie en kennis moet geneem word van 'n breër agtergrond waarteen ontwikkeling plaasvind. Politieke leiers spreek bepaalde maatskaplike probleme aan. Maatskaplike werkers kan aansluiting vind by politiese kragte en dit mobiliseer ten einde die nodige verandering te bewerk (Smale et al. 2000:7). In die praktyk kom die voorafgaande neer op 'n paradigmaskuif wat moontlik deur maatskaplike werkers gemaak sal moet word. Aansluiting by die bestaande gemeenskapskultuur en -kragte deur middel van inter- en intradissiplinêre mensontwikkende gemeenskapswerk kan nuwe deure van toegang open tot die mens-in-nood (Smale et al. 2000:7; Janse van Rensburg 2000b:10).

**Figuur 3.4 Rolspelende veranderlikes in sisteemteoretiese raamwerke**



Uit die voorafgaande bespreking met betrekking tot psigoterapeutiese benaderings en sisteemteoretiese konsepte blyk dit vir die doeleindes van hierdie studie dat gebruik gemaak kan word van beide teoretiese raamwerke. Rogeriaanse terapie waarin 'n selfgesentreerde benadering beskryf word, ondersteun 'n pastorale antropologiese benadering waarvolgens erkenning verleen word aan die verhouding waarin die mens tot homself staan. Ten einde op 'n holistiese manier uit 'n teologiese antropologiese oogpunt aandag aan menseverhoudings te gee, is dit noodsaaklik om aansluiting by sisteemteoretiese konsepte te vind. Binne hierdie konteks skep dit ruimte vir die maatskaplike werker om die totale verhoudingskonstellasie waarin die mens beweeg, te verreken. Deur die gebruikmaking van 'n kliëntgesentreerde verhouding as 'n nie-direktiewe benadering, word aansluiting by die storie van die kliënt gevind, in teenstelling met direktiewe benaderings waar die kliënt se storie ondergeskik aan die terapeut se doelwitte vir die kliënt gestel word (Ryan 2002:1). Voorts bied die gebruikmaking van 'n kliëntgesentreerde benadering aan 'n terapeut die geleentheid

om op 'n unieke manier aansluiting by die fenomenologiese leefwêreld van die kliënt te vind. In die verkenning van die kliënt se leefwêreld word nie gefokus op meningsverskille of onbewuste gedragsmodusse nie, maar op die onmiddellik aangebode verhaal wat vertel word (Pescitelli 1996:1).

Die sterktemodel wat as uitgangspunt erkenning verleen aan die positiewe innerlike kragte en vermoëns wat die mens benut om in die samelewing te oorleef, vind ook aansluiting by kliëntgesentreerde benaderings. In die sterktemodel word gekonsentreer op die individuele kragte waarvoor individue beskik en nie op patologieë nie. Verder is die kliënt-berader verhouding ook van belang. Intervensies word aangepas by die behoeftes van die mens-in-nood (Barry, Zeber, Blow & Valenstein 2003:2). Uit 'n diakonologiese epistemologie kan geredeneer word dat die geestelike dimensie 'n innerlike krag is wat deur Christene beleef word as 'n versterkende krag.

Die hoofkritiek uit 'n pastorale oogpunt teen kliëntgesentreerde benaderings is die klem wat op die verhouding met die self geplaas word (Vgl. 2.3.3). Die kliëntgesentreerde benadering het sy oorsprong in psigologie. As daar egter gelet word op die teoretiese fundering van die benadering blyk dit dat maatskaplike werkers dit nuttig in die praktyk kan gebruik en wel ten opsigte van persone wat mindere of selfs ernstige emosionele probleme het (Pruis 1980:62; Vgl. 3.4.2.2). Die humanistiese standpunt wat Rogers handhaaf in sy benadering deur die selfbeskikking van die mens op die voorgrond te stel, lei tot 'n neutrale houding. Vir terapeute wat 'n Christelike lewens- en wêreldbeskouing handhaaf, skep dit egter 'n probleem omdat 'n Christen nie 'n neutrale standpunt kan inneem nie, maar voortdurend bepaalde waardes en beginsels handhaaf. As sukses met die kliënt lê in sy aardse selfbeskikking, soos beskryf deur die kliëntgesentreerde benadering, word die ewigheidsperspektief nie verreken nie. In emosioneel-ontstellende situasies kan die feit dat 'n mens 'n ewigheidsbestemming het, as vertroosting dien (Pruis 1980:65).

'n Kliëntgesentreerde benadering in samehang met 'n sistemiese benadering waarvolgens ruimte geskep word om aan die totale verhoudingskonstellasie waarin die mens leef, aandag te gee, bied aan die maatskaplike werker die geleentheid om op 'n holistiese wyse tot die fenomenologiese leefwêreld van die kliënt toe te tree in 'n gemeenskaplike soeke na oplossings vir die vasgeloopte verhaal.

Indien van 'n teologiese antropologie uit 'n sistemiese benadering gebruik gemaak word en die transendente verhouding waarin die mens tot God staan, erken word en dit byvoorbeeld aanvullend tot Rogers se kliëntgesentreerde benadering gebruik word, kan dit as 'n holistiese maatskaplikewerkbenadering op 'n inter- en intradissiplinêre werkswyse vir 'n pastoraal-maatskaplikewerkbenadering gebruikswaarde inhou (Vgl. 3.4.1.2). Hierdie uitgangspunt bied as 't ware ook 'n aansluitingsmoontlikheid tot die gebruik van narratiewe-pastorale perspektiewe in maatskaplike werk omdat erkenning aan die kliënt as die kundige van sy lewensverhaal gegee word (Vgl. 4.3.6.1).

### **3.3.3 Postmodernistiese narratiewe raamwerke**

In narratiewe raamwerke word gebruik gemaak van die betekenis wat mense aan die stories van hul lewe gee deur dit te konstrueer volgens hul lewenservarings (Wingard 1999:8; Weingarten 1999:17; Müller 2000:9(c)). Die verhaal word vertel na aanleiding van 'n begin- en eindpunt. Volgens White (2002:5) word daar in narratiewe terapie van die volgende karterings gebruik gemaak tydens die verloop van die terapeutiese proses: aanvangsposisies, herbevestigingsgesprekke, bevestigings-seremonies, herinneringsgesprekke en 'n terugneemaksie na die praktyk. Geen vaste logiese orde word aan die verloop gekoppel nie. Die konstruering van die verhaal kan gevolglik volgens enige krisisgebeure 'n aanvang neem en dan verder gestalte aanneem. Daar word gefokus op 'n sirkulêre benadering eerder as op 'n liniêre uitgangspunt (Müller 2000:72a; Du Plessis 2000:139).

Die narratiewe benadering hou verband met 'n konstruktivistiese epistemologie en word met postmodernisme geassosieer (Van Jaarsveld 2001:98). Soms word meer spesifiek na sosiaal-konstruksionisme verwys. In 'n woordeboek oor postmoderne begrippe word gedebatteer dat sommige postmoderne skrywers soos (Gergen, Shotter, Anderson en Goolishian 2001), van mening is dat dit noodsaaklik is om tussen konstruktivistiese denke en sosiaal-konstruksionisme te onderskei, terwyl ander dit nie nodig ag nie (Vgl. 3.1.6.3.5.). Indien die onderskeid wel gemaak word, word die volgende betekenis aan sosiaal-konstruksionisme (of kortweg konstruksionisme) geheg: 'n studie van sosiale prosesse (of taalprosesse) wat benut word om uiting te gee aan dit wat ondersteun en geglo word (White 1997:222). Indien die voorafgaande

beskrywing egter krities heroorweeg word, dui dit op poststrukuralistiese denke waarvolgens geen vaste waarheid en waardes bestaan nie (Gardiner 1999:23; White 1997:222; Janse van Rensburg 2000:23). Maatskaplike werkers wat van narratiewe benaderings gebruik maak, vind aansluiting by poststrukuralistiese denke deurdat hulle van mening is dat dit die voordeel inhou dat mense sodoende die ware self kan ontdek deurdat hulle nie gebonde is aan interpretasies wat op 'n normatiewe wyse deur terapeute in gesagsposisies bepaal word nie (White 2000:62-63,127; Anderson & Goolishian 1992:30; Roux & Kotze 1997:63).

In Hoofstuk 4 van hierdie verslag word aansluiting by narratiewe benaderings gevind wanneer basisteoretiese perspektiewe vir 'n narratiewe benadering, gefundeer in 'n diakonologiese epistemologie, verken word. Verder word gelet op die gebruik van stories in die gesamentlike soeke met kliënte om hul storie in ooreenstemming met die verhaal van God vir die mens te bring. Teoretiese beginsels van kliëntgesentreerde en sisteemteoretiese benaderings word in die bespreking van die basisteoretiese perspektiewe vir 'n narratief-pastorale benadering benut, omdat erkenning verleen word aan kognitiewe keusemoontlikhede en die bestaan van Bybelse waarhede.

Aangesien die hoofdoelwit van hierdie studie die verkenning van pastorale benaderings is waarvolgens maatskaplike werkers aandag aan die verrekening van die geestelike dimensie kan gee, word die ondersteunende psigoterapeutiese en sisteemteoretiese konsepte as bekende leerinhoude op die terrein van maatskaplike werk nie verder bespreek nie.

Ten einde die voorafgaande bespreking oor die maatskaplikewerkdomein af te sluit, word vervolgens op 'n samevattende manier aandag gegee aan leidinggewende praktykteoretiese perspektiewe in die maatskaplikewerkdomein.

### **3.3.4 Leidinggewende praktykteoretiese perspektiewe in maatskaplike werk**

Samevattend uit die voorafgaande besprekings rakende die ontwikkelingsgeskiedenis, teoretiese kennisraamwerke en beradingsmodelle in maatskaplike werk, blyk die volgende praktyk-teoretiese perspektiewe tans leidinggewend in die praktyk van maatskaplike werk te wees: wegbeweging van godsienstige oriëntering na 'n

wetenskaplike kennisbasis, 'n Christelike benadering versus 'n pastorale benadering, die gebruik van die Bybel in geesteswetenskappe, die soeke deur maatskaplike werkers na 'n werkswyse waarvolgens die geestelike dimensie verreken kan word en die invloed van politieke dogma. Die genoemde teoretiese perspektiewe word vervolgens bespreek.

#### **3.3.4.1 Wegbeweging van godsdienstige oriëntering na 'n wetenskaplike kennisbasis**

Praglin (2003:4) en Gilbert (2000:69) is van mening dat maatskaplike werk aanvanklik in die sogenaamde pre-professionele en pre-wetenskaplike fase deur godsdienstige en liefdadigheidsoortuigings gerig is. 'n Faktor waarvan maatskaplike werkers in die verwetenskaplikingsproses moet kennis neem, is die versoenbaarheid van nuwe teoretiese metodologieë met die maatskaplike werker se eie lewens- en wêreldbeskouings. Oordink en evalueer maatskaplike werkers byvoorbeeld nuwe metodologieë krities genoeg of aanvaar hulle dit slegs as wetenskaplik korrek? (Ryke 1998:29).

Tans word die ontwikkeling van maatskaplike werk as 'n professionele beroep deur Westerse liberalisme en kapitalisme oorheers (Gilbert 2000:69). Die gevaar hieraan verbonde is dat die etiese vaardigheid in besluitneming by maatskaplike werkers nie sterk genoeg ontwikkel nie (Ryke 1998:28). Maatskaplike werkers wat nie krities ingestel is nie, kan sodoende maklik humanisties-gefundeerde teorieë gebruik, sonder dat hulle noodwendig verder nadink oor van die potensiële gevare daaraan verbonde, soos die gebruikmaking van narratiewe terapie uit 'n postmodernistiese epistemologie.

Die veranderende politieke omstandighede in Suid-Afrika beïnvloed ook maatskaplikewerkdienlewering. 'n Behoefte is onlangs in Suid-Afrikaanse maatskaplikewerkliteratuur uitgespreek aan 'n meer normatiewe en morele benadering in die professie (Ryke 1998:32). Hierdie behoefte vind waarskynlik aansluiting by die behoefte van maatskaplike werkers wêreldwyd om terug te keer na 'n meer Bybelsgerigte benadering (Praglin 2003:2). 'n Internet soektog het aan die lig gebring dat al hoe meer universiteite wêreldwyd pastoraal-georiënteerde modules as deel van maatskaplike werkkursusse insluit byvoorbeeld die Universiteit van

Waterloo in Canada, die Plater College in samewerking met die Oxford Universiteit in Engeland, die Universiteit van Northumbria in samewerking met die Britse Vereniging vir Beraad, Boston College in Amerika, Aquinas Instituut vir Teologie in St. Louis, die Australiese Katolieke Universiteit en die Loyola Universiteit in Chicago. Hierdie kursusse word in samewerking met Teologiese Fakulteite aangebied. Die kursusinhoudelike laat die klem op pastorale benaderings as volwaardige terapeutiese modelle val waarvolgens die geestelike dimensie verreken word. (Internetsoektog 2001

[Http://luc-edu/scholars/socialwork](http://luc-edu/scholars/socialwork);

[Http://www.ai.edu/origrams/academic](http://www.ai.edu/origrams/academic);

[Http://www.renison.uwaterloo.ac](http://www.renison.uwaterloo.ac);

[Http://www.plater.ac.uk/courses](http://www.plater.ac.uk/courses);

[Http://www.careers.ox.ac.uk](http://www.careers.ox.ac.uk); [Http://bc.edu.bc](http://bc.edu.bc);

[Http://acu.edu.au](http://acu.edu.au)).

As daar krities na die rol van dekonstruksieteorieë uit 'n Bybelse standpunt gekyk word, blyk dit dat dit nie Bybelse waarhede ondersteun nie en dat dit daarom op etiese vlak implikasies vir die gebruik in diakonologies-gefundeerde narratiewe beraad inhou. Du Toit (2000:2) is byvoorbeeld van mening dat 'n mens die wêreldgeskiedenis in drie hoofgroepe kan indeel, te wete premoderne (voor-wetenskaplike fase), moderne (wetenskaplike fase) en dan die postmoderne (na-wetenskaplike fase). Die mens word, volgens Du Toit, in die keuses van sy wêreld- en lewensbeskouing beïnvloed deur die tydsgees van die na-wetenskaplike fase. Daarom verskil die mens se persepsie van sonde vandag drasties in vergelyking met beskouings in die voor-wetenskaplike tyd, omdat aanvalle wat destyds as van die Bose gesien is, vandag verklaar kan word (Du Toit 2000:2). 'n Verdere voorbeeld is die siening van gedragsafwykings. Alkoholisme is byvoorbeeld aanvanklik as sonde beskou en 'n alkoholis as 'n sondaar. Dieselfde geld ten opsigte van homoseksualiteit. Vandag is daar 'n sagter aanslag, moontlik ook vanweë die verrekening van sosiologiese, psigologiese en genetiese faktore. Sonde kan nie gerelativeer word nie, tog word gevind dat die styl van die premoderne kerk minder veroordelend en verdoemend is. In antwoord op Du Toit se postmodernistiese benadering argumenteer Janse Van Rensburg (2000:3) dat dit die gevolgtrekking is waartoe gekom kan word as geen vaste reëls bestaan nie. Zeeman (2002:12), Lutzer

(1998:95) en Collins (1988:17) huldig ook hierdie argument aangesien hulle van mening is dat daar slegs een stel Bybelse waardes geld en dat dit die basiese vertrekpunt vir etiese kwessies vorm wanneer byvoorbeeld oor aangeleenthede soos huweliksontrouheid of homoseksualiteit gepraat word.

#### 3.3.4.2 'n Christelike benadering versus 'n pastorale benadering

Dit blyk dat 'n Christelike benadering in maatskaplike werk beteken dat daar uit 'n Christelike perspektief gewerk word (Ryke 1998:23). As die woord *benadering* van naderby beskou word, dui dit op die manier waarvolgens 'n vraagstuk aangepak word (Wêreldspektrum 1982:29). Die vraag ontstaan nou of die woord *benadering* dui op 'n gesindheid of 'n waardegerigtheid waarvolgens opgetree word en of dit 'n volledige doelgerigte gespreksmodel impliseer. Op grond van die voorafgaande literatuur blyk dit dat dit beide vorme kan aanneem, dus 'n strategie of net 'n teoretiese fundering waarvolgens optredes gerig word, soos 'n Christelike benadering. Daarom kan daar gepraat word van Christelike onderwysers, Christelike maatskaplike werkers, Christelike landbounavorsers en Christelike medici. Die persoon, ongeag sy beroepskeuse, wat 'n Christelike lewens- en wêreldbeskouing handhaaf, benader die mense wat hy op sy lewenspad ontmoet as mede-Christene. Die onderwyser, medikus en landbounavorser tree nie met sy "kliënt" in gesprek oor die geestelike dimensie van hul lewens nie, alhoewel hulle 'n Christelike benadering volg. Gestel die landbounavorser sou vind dat 'n boer oneerlik is met betrekking tot navorsingsdata wat hy voorsien, sal hy uit die aard van sy Christelike beginsels die aangeleentheid ondersoek omdat dit onregverdig is teenoor die res van die boerderygemeenskap. Induktief beskou, blyk dit asof maatskaplike werkers in Suid-Afrika dieselfde benadering volg. Daar word bely en erken dat hulle Christene is en dat hulle ooreenkomstig 'n Christelike lewens- en wêreldbeskouing leef, maar dit impliseer nie dat daar met mense-in- nood oor die geestelike dimensie in gesprek getree word nie.

Maatskaplike werkers wat beweer dat hulle volgens 'n Christelike benadering werk, sal opnuut moet nadink oor watter wetenskaplike fundering hulle as basisteorie in die praktyksituasie benut. Is dit byvoorbeeld moontlik om 'n ten volle humanisties-gefundeerde basisteorie te gebruik in 'n Christelike benadering omdat dit twee verskillende epistemologieë verteenwoordig? Janse van Rensburg (2000:56a) is van

mening dat dit onmoontlik is om uit twee teenoorstaande epistemologieë te werk. ‘n Christelike religie vind sy oorsprong in Bybelse waarhede en fundeer sy epistemologiese uitgangspunte op Bybelse grondslae (Janse van Rensburg 2000:56a). In ‘n humanistiesgefundeerde epistemologie staan die mens sentraal in teenstelling met ‘n Bybelse epistemologie, waar God sentraal staan. Kritiese nadenke is noodsaaklik omdat die epistemologiese keuse waarvolgens gewerk word, rolspelend in praktykimplémentering is.

### 3.3.4.3 Die gebruik van die Bybel in geesteswetenskappe

Die Bybel kan nie as ‘n resepteboek gesien word, waarin voorskrifte vir geesteswetenskappe gegee word nie. Tog behoort dit die basis te vorm waarvolgens hulp in maatskaplike werk verleen word. In die voorafgaande opmerking lê drie begrippe opgesluit naamlik: Skrifbeskouing, Skrifgesag en Skrifhantering. Die begrippe word kortliks bespreek ten einde die rol wat die Bybel in ‘n diakonologiese benadering vertolk, te verklaar.

- **Skrifbeskouing** hou verband met die feit dat aanvaar word dat die Bybel die geïnspireerde Skrifopenbaring van God op grond van selfgetuienis van die skrif in 2 Tim.3:16 en 1 Pet.1:21 is. Die Heilige gees sorg dat die kerk en gelowiges hul geloof bou op die geskrewe Woord van God (Venter 1996:22). Aanvullend tot hierdie beskouing wys Van der Watt (2000:72) daarop dat dit ten diepste gaan oor die boodskap van die Skrif naamlik Jesus en Sy persoon: Dit staan sentraal en daarom kan aanvaar word dat God met die mens praat en dat Sy Woord waar is.
- **Skrifgesag** in die Bybel word omskryf as heilsgesag. Met heilsgesag word bedoel dat die versoeningsdaad van Christus in die Bybel sentraal staan. Die Bybel praat nie net van heil nie maar ook van die konsekwensies van die heil en van die vereistes wat die heil van God en die aanvaarding daarvan in die praktyk vir die lewe stel (Venter 1996:23). Romeine 12 verwys na die praktykvereistes waarvolgens ‘n kind van God moet leef in die vorm van ‘n beskrywende oorsig. “Ek wil nou ‘n baie ernstige versoek tot julle rig. Ek doen dit omdat julle begryp hoe baie God vir julle omgee. Gee julle hele lewe aan Hom. Julle moet lewende offers in God se hand wees. Staan voltyds in sy diens, vier en twintig uur per dag.

Dan maak julle God se hart baie bly. ‘n Lewe wat vir God afgesonder is, is presies waarom godsdienste gaan. As julle verstaan wat Hy alles vir julle gedoen het, kan julle mos nie anders as om Hom met julle hele lewe te dien nie. Moenie tuis raak in hierdie wêreld met al sy boosheid nie. Nee, laat God julle van binne af nuutmaak. Laat Hy julle manier van dink verander sodat julle kan weet wat Hy van julle verwag. Dan sal julle ook weet wat sy wil is en hoe julle lewe elke dag aan Hom oorgegee moet word” (Rom. 12:1-2; Van der Watt & Joubert 1997: 509). Die Bybel bied in hierdie konteks vir die Christen praktykleiding vir lewenskeuses wat gemaak moet word (Van der Watt 2000:24). Die bostaande verduideliking verklaar waarom gesagvolle uitsprake vir wetenskaplike ondersoeke nie in die Bybel gesoek moet word nie (Venter 1996:22).

- **Skrifhantering** dui op die manier waarvolgens die inhoudelike van die Bybel gebruik word. Dit is byvoorbeeld verkeerd om die Bybel vir bewysplase te gebruik sonder om die volle konteks in ag te neem. Indien dit gedoen word, word op die denkvlak van logiese positivisme beweeg in die sin dat die subjek en objek van mekaar geskei word. Net so kan die Bybel ook nie op ‘n fundamentalistiese manier of soos ‘n foto van die werklikheid gebruik word nie. Die Bybel moet op ‘n hermeneutiese en eksegetiese manier hanteer word vir die vorming van praktiese kommunikatiewe handeling (Venter 1996:24). Die doel kan net bereik word as die waarde van geloof besef word. God is groter as die mens se verstand en wetenskap. Die pad na verstaan loop deur geloof in God (Van der Watt 2000:150).

Vir etlike jare was Gereformeerde standpunte die aanvaarbare standaard in onderrigmetodes. Mettertyd het die begeerte om intellektueel deel te raak van die nie-Christelike wêreld in so ‘n mate begin oorheers, dat Christelike standpunte al minder verdedig is (Atwood 1998:4). Deesdae swig baie Christene voor die versoeking om hul werk op so ‘n wyse aan te bied dat dit vir die sekulêre wêreld aanvaarbaar sal wees. Die resultaat hiervan is dat ‘n duidelike roepstem vir ‘n Christelike benadering in die geesteswetenskappe vandag skaars hoorbaar is (Atwood 1998:4). Sonder die Bybel as ‘n norm, kan enige nuwe teorieë geformuleer word om die mens te akkommodeer (Van der Watt 2000:150; Atwood 1998:5). Hier word byvoorbeeld

gedink aan die benutting van narratiewe berading uit 'n postmodernistiese epistemologie versus narratiewe berading uit 'n diakonologiese epistemologie.

Voorts blyk dit dat daar nie in maatskaplike werk ruimte geskep is vir die ontwikkeling van pastoraal-teoretiese gespreksmodelle waarvolgens die geestelike dimensie verreken is nie (Praglin 2003:12; Faver & Cox 2001:1). Daar is wel gepoog om maatskaplikewerkteorie deur middel van Christelike religieuse waardes en norme te verbind aan gevallewerkteorie wat as 'n benadering deur Christelike maatskaplike werkers gebruik kan word (Le Roux 1970:2; Collins 1988:48). Verder is uit die teologie kennisinhoud van waardesisteme ontleen omdat waardesisteme 'n direkte invloed op die gedragswyses van die mens het (Van Niekerk 1998:61). Maatskaplike werkers benut die kennis van Bybelse waardesisteme as normatiewe riglyne waarvolgens maatskaplike gedragswyses gerekonstrueer word. 'n Christelike huwelik word byvoorbeeld as die norm gestel teenoor 'n buite-egtelike saamleefverhouding (Vgl. 2.2.2).

#### **3.3.4.4 Die soeke deur maatskaplike werkers na 'n werkswyse waarvolgens die geestelike dimensie verreken kan word**

Uit verskillende wêrelddele word vandag gevra of die raamwerk wat 'n Christelike werkswyse bied voldoende ruimte laat vir aansluiting by die verrekening van die geestelike dimensie. Praglin (2003:7) vind onder Amerikaanse maatskaplike werkers vier antwoorde as respons op die vraag naamlik:

- Weerstand teen die verrekening van die geestelike dimensie kom voor of die aspek word doelbewus vermy.
- 'n Oorvereenvoudigde sinkretiese benadering word gevolg wat neerkom op 'n oorsaak- en- gevolg beredenering.
- 'n Radikale skeiding tussen die geestelike dimensie en religie vir ideologiese redes word gemaak.
- Aanvaarding van die verrekening van die geestelike dimensie deur middel van 'n interdisiplinêre benadering tussen maatskaplike werk en pastorale benaderings ten einde 'n soliede kennisbasis te verseker.

In Brittanje bevind Bowpitt (2000:349) dat daar tans 'n oplewing onder maatskaplike werkers voorkom om opnuut aandag aan die verrekening van religieuse aangeleenthede in maatskaplike werk te gee. 'n Teologiese antropologiese benadering open deure vir die Christelike maatskaplike werker waarvolgens die genadeboodskap, wat kan uitloop op permanente verandering, gekommunikeer kan word (Bowpitt 2000:362).

Dit is noodsaaklik om daarop te let dat die verskil tussen 'n religieuse en geestelike toetrede twee verskillende kwaliteite impliseer. Gilbert (2000:68) omskryf "*religieuse*" as die uiterlike uitdrukking van geloof wat bestaan uit oortuigings, etiese kodes en aanbiddingspraktyke wat aanleiding tot morele gemeenskaplikheid gee. "*Geestelike of spirituele*" word omskryf as die mens se verlange na persoonlike betekenis en binding met ander mense en vir sommige 'n God of godheid. "*Geestelike*" dui op die mens se vermoë om in 'n transendente verhouding tot iets of iemand te staan. Geestelike belewings sluit religie in (Gilbert 2000:68). Uit 'n Christelike pastoraal-teologiese epistemologie staan die mens in 'n geestelike binding met God en word in 'n pastorale benadering aansluiting gevind by die mens se geestelike belewenis as die ontmoeting tussen God en die mens (Louw 1999:1).

In die praktyksituasie blyk dit dat die klem in maatskaplike werk tans op psigoterapeuties-gefundeerde en postmodernistiese narratiewe benaderings val, terwyl die politiese klimaat sosialisties van aard is. Maatskaplike werkers benader ingevolge die etiese kode van maatskaplike werk hul kliënte met respek, eerbied en agting. Christelike maatskaplike werkers benader bo en behalwe die eise van die etiese kode, hul kliënte op grond van hul persoonlike lewens- en wêreldbeskouings met die liefde van Christus. Die beginsel van Christelike naasteliefde word bywyse van nie-veroordelende aanvaarding op 'n verbale en nie-verbale wyse oorgedra. Die geestelike dimensie word nie noodwendig verreken of bespreek nie omdat pastorale psigologie nie deel van die teoretiese fundering van maatskaplike werk vorm nie. Maatskaplike werkers wat hul Christelike geloof as integraal tot hul menswees beskou, handhaaf nietemin Bybelse norme en standaarde in die sin dat kliënte menswaardig, as skepsels van God, behandel word.

In aansluiting by die voorafgaande standpunte blyk dat 'n interdisiplinêre benadering, waar van teologiese antropologie in maatskaplike werk gebruik gemaak word en 'n gespreksbenadering vir maatskaplike werk daargestel word, waarvolgens die geestelike dimensie in Maatskaplik Werk verreken kan word (Vgl. 3.5). Bowpitt (2000:362) verwys na 'n Christelik-religieuse benadering as skynmanipulasie omdat dit op uiterlike goeie gedragswyses fokus, terwyl die werklike oordrag van die Bybelse waarheid die mens konfronteer met sondige gedragswyses wat kan lei tot bekering en permanente verandering.

'n Verdere aspek wat na vore kom, blyk uit die feit dat maatskaplike werk in die proses van verwetenskapliking wegbeweeg het van een van sy oorspronklike grondslae, naamlik 'n Christelike grondslag (Praglin 2003:1; Bowpitt 2000:349; Gilbert 2000:69; Atwood 1998:4). Ondersteunend hiertoe is Ryke (1998:29) van mening dat Christelike maatskaplike werkers tans in versoeking gestel word om op grond van heersende sekulêre norme en waardes besluite te neem. Die verrekening van die geestelike dimensie deur maatskaplike werkers word as onwetenskaplik, sektaries en dweping beskou. Uit vrees vir hierdie kritiek word die geestelike dimensie nie verreken nie (Gilbert 2000:69; Bowpitt 2000:350).

Sommige Suid-Afrikaanse universiteite (Potchefstroom, Bloemfontein en die Hugenate Kollege) ondersteun Christelike hoër onderwys. Die feit dat hulle Christelike hoër onderwys ondersteun, word in hul konstitusies uitgespel. Maatskaplike werkers wat Christene is en in Suid-Afrika opgelei word, tree uit die bepaalde religieuse standpunt toe tot die leefwêreld van hul kliënte. Die aanname word gemaak na aanleiding van praktykervaring van 20 jaar deur die navorser aan verskillende maatskaplikewerkinstellings. Deduktiewe bestudering van maatskaplike-werkverslae oor 'n tydperk van 20 jaar deur die navorser dien as stawende kriteria. Die verslae waarna verwys word, is bestudeer by die volgende kantore: Afrikaanse Christelike Vroue Vereniging - Dordrecht (4 jaar), Departement van Volkswelsyn en Pensioene - Queenstown en Port Elizabeth - (2 jaar), Kerk Maatskaplike Werk Dienste - Bloemfontein (4 jaar), Administrasie Volksraad: Hoofkantoor - Pretoria (2 jaar), Departement van Welsyn, tans bekend as Nasionale Departement van Maatskaplike Ontwikkeling - Pretoria - (10) jaar. In aansluiting by die navorser se praktykervaring het Gilbert (2000:70) volgens Amerikaanse navorsing, rakende die

omvang van opleiding van maatskaplike werkers in die hantering van die geestelike dimensie, die volgende bevind:

- 36% van alle gelisensieerde maatskaplike werkers toon aan dat hul nooit enige onderrig in die hantering van die geestelike dimensie ontvang het nie.
- 47% toon aan dat min aandag in opleiding aan die hantering van die geestelike dimensie gegee is.
- 14% dui aan dat opleiding en die geestelike dimensie somtyds aandag geniet het.
- 3% toon aan dat opleiding in die geestelike dimensie dikwels aandag geniet het (Gilbert 2000:70).

#### **3.3.4.5 Die invloed van politieke dogma**

Dit blyk ook dat daar spanning tussen die maatskaplikewerkprofessie en die Regering van die dag kan ontstaan as daar van 'n Christelike benadering gebruik gemaak word. Dit is nie noodwendig waar nie. Die Suid-Afrikaanse grondwet laat ruimte vir godsdienstvryheid en die Nasionale Departement van Maatskaplike Ontwikkeling is bereid om in gesprek te tree met maatskaplikewerkorganisasies wat volgens Christelike beginsels werk (Zkweyiya 2000:3). Die politieke klem val op ontwikkeling van die agtergeblewe gemeenskappe en daarom word finansiering eerder na ontwikkelingsgerigte projekte gekanaliseer as na tradisionele partikuliere en kerkondersteunde welsynsinstitusies. Indien ontwikkelingsgerigte projekte volgens Christelike beginsels aangepak word, sal dit nie as 'n diskriminerende maatregel deur die Regering gebruik kan word nie omdat die Suid-Afrikaanse grondwet voorsiening vir godsdienstvryheid maak. Dit blyk asof die terapeutiese rol van maatskaplike werk herdefinieer behoort te word. Moontlik moet 'n onderskeid getref word tussen terapeutiese maatskaplike werk waarin voorsiening gemaak word vir pastorale benaderings en gemeenskapsgerigte ontwikkelingsmodelle waarin vir die uitvoering van politieke doelwitte voorsiening gemaak word (Du Toit et al. 2001:x).

Navorsers het ook bevind dat dit in maatskaplike werk meer gaan om die ontwikkeling van die professionele status van die beroep en die soeke na voorregte van intellektuele elitegroepe as oor die werklike doel waarom dit behoort te gaan,

naamlik diensbaarheid aan die mens-in-nood as 'n geroepene deur God tot diensbaarheid in sy Koninkryk (Canda 2002:1; Gilbert 2000: 69; Bowpitt 2000:350; Atwood 1998:5). In aansluiting hierby is Hugen (1998:20) van mening dat as Christelike maatskaplike werkers geroependheid as 'n eerste prioriteit stel, hul wetenskapsbeoefening en beskouings deur Christelike waardes beheers sal word. Lutzer (1998:5) beweer ook dat geen pastorale dienswerk sonder 'n Goddelike roeping kan geskied nie.

Samevattend kan gekonstateer word dat dit blyk asof die geestelike dimensie in die geskiedkundige ontwikkeling van maatskaplike werk tydens die verwetenskaplikingsfase buite rekening gelaat is, terwyl dit 'n integrale deel van die mens se handelingsgedrag is. Voorts is dit wel moontlik om die geestelike dimensie volgens professioneel-wetenskaplike metodes te verreken. Die ontwikkeling van wetenskaplik-gefundeerde, pastoraal-georiënteerde gespreksmodelle is 'n belangrike klemverskuiwing op die internasionale maatskaplikewerkgebied. Plaaslik word die toneel nog oorheers deur die politieke bestel van die dag. Lauer (1998:25) is van mening dat maatskaplike probleme selde, indien ooit, deur een teoretiese benadering suksesvol opgelos kan word. Maatskaplike probleme is meestal kompleks van aard. Die oplossing daarvan vereis veral 'n holistiese multi- intra- en interdisiplinêre benadering. Die motivering vir die uitvoering van hierdie studie hou verband met die soeke na 'n geheelbenadering waarvolgens die totale kompleksiteit van maatskaplike probleme waarna verwys word, aandag kan geniet. Smale et al. (2000:11) stel dit by wyse van 'n samevatting soos volg: "A holistic approach to social work practice needs to provide a set of connecting principles and strategies which allows us to see how working with different methods, different groups of people and within different organisations and legislative frameworks, are all aspects of the same task. An effective and useful theory for practice provides the mind of the social work enterprise".

Vervolgens word die tweede dissipline betrokke in die verkennende ondersoek bespreek, naamlik die terrein van die pastoraat.

### **3.4 Die domein van pastorale benaderings**

‘n Beskrywende opsomming van die resultaat van die literatuurstudie wat uitgevoer is rakende die verkenning van die pastorale werksterrein, word vervolgens weergegee aan die hand van die volgende besprekingspunte: rolspeleers in pastorale werk en pastorale benaderingsmodelle.

Eerstens word aandag gegee aan die terreinafbakening van die verskillende rolspeleers, naamlik vrywillige versorgers, pastorale sorg, pastorale terapeute en pastorale beraders.

#### **3.4.1 Rolspeleers in pastorale werk**

In die uitvoering van die verkennende studie blyk dit dat verskeie persone in die praktyk besig is met een of ander vorm van Christelike en/of pastorale berading. Sommige persone is kundig en professioneel opgelei, terwyl ander lekeberaders is. De Jongh van Arkel (1988:1) tref drie onderskeidings ten opsigte van pastorale benaderings, naamlik onderlinge sorg, pastorale sorg en pastorale beraad. Die onderskeid is bloot funksioneel van aard en probeer slegs aantoon dat elk van die genoemde drie vorme 'n eie unieke rol vervul. Die verskille tussen die drie benaderings word vervolgens aan die hand van die voorgestelde onderskeiding bespreek.

##### **3.4.1.1 Onderlinge sorg**

Onderlinge sorg word omskryf as: "... die spontane sorg en die handeling van gelowiges aan gelowiges" (De Jongh van Arkel 1988:4). Die rol van vriende en lidmate binne ‘n gemeente-konteks waar vir mekaar gesorg en omgee word, speel hier 'n rol. Olthuis (1975:113) vestig die aandag op die waarde van vriendskap as ‘n troue verbintenis tussen mense, waarbinne daar veiligheid beleef word en as ‘n gawe van God. So ‘n geesvervulde gemeenskap ontstaan wanneer wedergebore Christene as vriende die lewensreis gesamentlik en in afhanklikheid van God begin leef. Dit is ook die hoofdoel van die kerk, om deur middel van onderlinge sorg lidmate op so ‘n

manier te begelei op die lewensreis dat hul God sal ontmoet (Crabb 1999:16; Frye 2000:163).

### 3.4.1.2 Pastorale sorg

Die begrip “*pastorale sorg*” het ‘n omvattende geskiedenis wat waarskynlik sover terug strek as wat Christelike gemeenskappe bestaan. Reeds vroeg in geskrewe historiese Bybelse bronne word verwys na pastorale sorg. Daar word ‘n onderskeid getref tussen ‘n pastorale priester, ‘n pastorale profeet en pastoraal-wyse manne en vroue. Die pastorale priester was verantwoordelik vir aanbidding en seremoniële dienste, terwyl die pastorale profeet verantwoordelik was vir die verkondiging van morele gedragswyses. Die pastoraal-wyse manne en vroue moes toesien dat almal goed lewe en hulle goed gedra in die gemeenskap (Gerkin 1997:24).

Die woord “*pastor*” het sy oorsprong in die Bybel. Psalm 23 bied waarskynlik die beste beskrywing van die rol van ‘n pastor of herder, dus iemand wat sorg of lei, soos wat ‘n herder sy skape lei en versorg (Adams 1976:65; Frye 2000:18; George 2000:3).

Pastorale sorg is vir De Jongh van Arkel (1988:6) en Venter (1996:62) meer georganiseerd. Dit sluit in take wat uitgevoer moet word, soos ten opsigte van huisbesoek, siekebesoek, rouSMARTgesprekke en gesinskrisisse. Hierdie take word uitgevoer deur die besondere ampte sowel as pastorale medewerkers en vrywilligers uit die gemeente. Die doel van hierdie sorg is die hantering van persoonlike en geestelike nood van mense. Lekeberaders of para-professionele beraders wat nie oor die opleiding van 'n predikant of pastor beskik nie, word gebruik (Roux & Kotze 1997:56).

- Uit bogenoemde is dit duidelik dat belydende Christene (leke, Bybelse beraders, sowel as professioneel- opgeleide persone in hulpverlenende professies) die woord *pastorale benadering* in hul gesprekvoering gebruik. Vir die doeleindes van hierdie studie word Bybelse en Christelike beraders as sinoniem beskou. Christelike beraad word toegepas deur individue wat oortuigde Christene is. Hulle teologiese oortuigings is kenmerkend van hul persoonlike lewens- en wêreldbeskouing. Hul beraad is Christus-gesentreerd.

Die Bybel word beskou as die kerninhoud of riglyn waarvolgens die beraad gevoer word. Voorts word geredeneer dat Christus sentraal in alle gesprekke behoort te figureer. Probleemgedrag kan net verstaan word as vasgestel kan word in watter opsigte dit afwyk van Bybelse waardes. 'n Afkeer aan sondige gedragswyses lei tot versoening met Christus en 'n nuwe leefwyse wat vir Christus aanvaarbaar is (Hindson & Eyrich 1997:2). Die vereistes wat vir Bybelse berading gestel word, berus volgens Brandt en Skinner (1999:2) en Venter (1996:56) nie op akademiese kwalifikasies nie, maar op 'n onbesproke Christelike karakter.

Ten einde pastorale sorg binne 'n narratiewe hermeneutiese benadering te fundeer, is dit belangrik om op die omvattende storie van God se versorging vir sy volk te let. Die narratiewe metafoor van sorg het 'n langdurige gemeenskapsgeskiedenis. Die geskiedenis van die trek van die Israelitiese volk deur die woestyn en die wyses waarop God vir sy volk tydens die trek gesorg het, dien as 'n goeie voorbeeld. Skriftuurlik gesproke dui die narratief van God van die vroegste jare af op sorg en morele leiding wat aan die Christelike maatskaplike werker, as 'n profeet, die geleentheid bied om te sorg en om deur middel van gesprek morele konformering in ooreenstemming met God se boodskap oor te dra (Gerkin 1997:25; Vgl. 4.3.1).

“Teologies gesproke dui die term “pastorale sorg” op die vertroostende en hulpverlenende effek van God se bemagtigende en transformerende teenwoordigheid deur sy Heilige Gees in die wêreld” - aldus Louw (1999:27). Voorts dui die term “*pastorale sorg*” ook op troos en hulpverlening binne 'n gemeente met betrekking tot geloofs- en lewensvrae (Louw 1999:41; Collins 1988:16). Venter (1996:62) dui aan dat dit baie moeilik is om geloofs- en lewensvrae te onderskei. In pastorale sorg is die twee aspekte meestal vervleg. Hy beklemtoon dat die klem in die pastoraat op spirituele aspekte val en dat die gedeelte wat oor sorg gaan, dikwels verband hou met psigosomatiese nood waarvoor diakonieë verantwoordelik gehou word. Clinebell (1984:26) omskryf *pastorale sorg* en *berading* as 'n helpende verhouding wat deur pastors gebruik word om mense-in-nood te bemagting deur die vernuwning van verhoudings in die lewe wat Christus aan hulle gee. (Vgl. 1 Joh. 10:10).

'n Wesensbelangrike aspek waartoe die diaken hom tydens die bevestiging van sy amp verbind, is "...dat die middele wat gegee word tot diens van diè wat in nood verkeer, sorgvuldig beheer, met wysheid bestee en met vertroosting uit die Skrif uitgedeel moet word " (Venter 1996:62). Die maatskaplike werker dra wel die fisiese hulp aan die persoon-in-nood oor, maar nie die boodskap van evangeliese hoop nie. Sodoende verskraal die taak van die kerk tot diè van noodleniging (Lombaard 1980:3). Daar kan geredeneer word dat Christelike maatskaplike werk ingedeel kan word onder die kategorie pastorale sorg. Uit bogenoemde bespreking is dit duidelik dat professioneelopgeleide Christelike maatskaplike werkers wat die boodskap van 1 Joh. 4:7-8 prakties uitleef, tot pastorale sorg kan toetree. Die motivering vir hierdie benadering lê daarin dat die professionele opleiding van die maatskaplike werker psigoterapeuties van aard is en nie teologies nie. In die praktyk bestaan wel 'n geleentheid tot interaksie en samewerking tussen maatskaplike werkers en leraars en/of diakonieë by wyse van diensooreenkomste tussen kerklike maatskaplike rade en gemeentes. Die geleentheid word ongelukkig verskraal tot die lewering van lewenshulp en sodoende gaan die geleentheid om aansluiting te vind by die geestelike dimensie van die mens-in-nood verlore. Uit die voorafgaande bespreking wil dit voorkom asof maatskaplike werkers nie eksplisiet aandag aan die verrekening van die geestelike dimensie gee nie.

### **3.4.1.3 Pastorale beraad en terapie**

Die domein van pastorale beraad word vervolgens verken as die tweede doelwit van hierdie hoofstuk ten einde moontlike inter- en intradissiplinêre interaksiepatrone te identifiseer waarvolgens maatskaplike werkers aandag kan skenk aan die verrekening van die geestelike dimensie tydens maatskaplikewerkintervensies.

Vir die werkswyse van hierdie studie word die begrippe *beraad* en *terapie* as sinoniem beskou en as wissel terme gebruik. Volgens Brammer (1968:7) dui berading en terapie op 'n terapeutiese proses waar, deur die gebruikmaking van professionele vaardighede, gepoog word om aansluiting te vind by die mens-in-nood met die uiteindelige doelwit van gedragsverandering. Psigoterapie dui op 'n spesifieke proses waartydens gepoog word om aansluiting te vind by dieperliggende persoonlikheidsdimensies soos die onbewuste, neuroses en emosionele probleme.

Pastorale terapie verwys na 'n toestand van heling, verandering en groei as uitvloeisel van die kommunikasie van die evangelie/heil. Dit verteenwoordig die helende dimensie van herstel en groei. In samehang met die hoop van die Christelike geloof kan pastorale terapie omskryf word as promissioterapie: die transformerende effek van vervulde heilsbeloftes in Christus wat die toekoms deur die Heilige Gees ontsluit en hoop wek (Louw 1999:28). Hierdie standpunt word deur Collins (1988:17) ondersteun as hy daarop wys dat pastorale psigoterapie 'n langtermyn proses is wat 'n diepgaande verandering ten doel het van die kliënt se persoonlikheid, geestelike waardes en denkwyses. Verder is Collins (1988:17) en Roux en Kotze (1997:56) van mening dat hierdie vorm van terapie tuishoort by spesiaal- opgeleide persone wat daarin spesialiseer om struikelblokke van die verlede wat huidige gedragswyses en geestelike groei belemmer, te help verwyder. Maatskaplike werkers kan sodoende as gevolg van hul teoretiese opleiding, aansluiting vind en betrokke raak by pastorale terapie in die vorm van interdisiplinêre werkswyses (Vgl. 3.5).

In pastorale beraad is alle psigoterapeutiese beginsels en tegnieke van onderhoudvoering uiters essensieel. Beraad impliseer die aanvaarding van en liefde vir die ander persoon. Dit is die fasilitering van kommunikasie - nie net die gebruik van woorde nie, maar die kuns om te verstaan en terselfdertyd die ander persoon te laat voel hy word verstaan (Switzer 1990:13).

Crabb (1997:193), 'n psigoterapeut van beroep en voorstander van pastorale beraad, maak die volgende opmerking: "Empirically researchable concerns do not fundamentally reflect struggles in the soul, rather they follow relatively predictable patterns in terms of cause, nature and resolution. They should therefore be treated by trained people who are substantially familiar with these elements and skilled in applying what they know". Daarom is dit belangrik vir maatskaplike werkers en pastorale beraders om toepaslike opleiding vir spesialiteitsprobleme te hê, soos die volgende:

- Psigologiese intervensies is noodsaaklik in situasies waar psigotiese reaksies voorkom, byvoorbeeld in gevalle van kliniese depressie.
- Die hulpverlening aan persone met verstandelik-beperkte vermoëns het spesiale aandag nodig vir die hantering van, onder andere, leerprobleme.

- Spesialiteitsdienslewering is nodig vir persone wat anti-sosiale gedragswyses openbaar, soos selfmoordneigings.
- Ernstige kommunikasieprobleme soos in die geval van huweliksprobleme en opstandige tienergedrag moet deur goed-opgeleide persone hanteer word (Crabb 1997:203).

Janse van Rensburg (1987:6) waarsku dat die verkeerde gebruik van pastorale terapie meer skade as goed kan doen. Daar moet gewaak word teen 'n oorvereenvoudigde moralisme en die verkeerde trooswoord deur 'n teksaanhaling. 'n Verdere belangrike aspek is 'n oorvereenvoudiging van die sonde- en siektekonsep. 'n Vertrekpunt dat mense bloot sondig en nie siek is nie, moet afgewys word. Die konsep van sonde moet in die regte perspektief gesien en bespreek word. Die feit dat die hantering van sonde en die rol daarvan nie algemeen in psigoterapie bespreek word nie, lei dikwels daartoe dat persone-in-nood eerder na pastorale sielkundiges gaan vir hulp en nie na maatskaplike werkers nie (Janse van Rensburg 1987:7). Die openbaring van God se liefde, wat vergifnis en aanvaarding insluit, is 'n aspek wat meestal slegs in 'n pastorale konteks aandag geniet. Louw (1999:31) stel dit soos volg: "... die uiteindelijke doelwit van pastorale terapie is om deur middel van die ontmoeting met behulp van die Skrif, gebed en sakramente geloofsvolwassenheid en spiritualiteit te bevorder. Met geloofsvolwassenheid word bedoel: "verandering (soteriologie - verlossing in Christus); verantwoordelike keusegedrag (etos en etiek); groei (heiligmaking); antisipering en hoop (parusia); onderlinge verbondendheid (koinonia) en met spiritualiteit word bedoel die praktyk van die Christelike geloof".

Samevattend blyk dit dat indien maatskaplike werkers wat oor die nodige opleiding in teologie beskik, op 'n professioneel- en wetenskapsverantwoordbare wyse kan toetree tot pastorale berading. Sonder die nodige teologiese opleiding kan dit vir maatskaplike werkers moeilik wees om deur middel van 'n pastorale benadering aandag aan die doelwitte van pastorale terapie, soos deur Louw (1999:31) in die voorafgaande aanhaling uiteengesit, te gee. Maatskaplike werkers kan wel deur middel van 'n intra-dissiplinêre benadering (Vgl.1.4.1), aandag gee aan geloofsvrae en geloofsversterkende aspekte soos nodig in die uniekheid van afsonderlike intervensies (Vgl. 3.4).

### **3.5 ‘n Verkenning van die ontwikkeling van pastorale modelle**

In die voorafgaande bespreking is verkennend aandag gegee aan wat onder pastorale terapie verstaan word. Vervolgens word aandag gegee aan die oorsprong en ontwikkeling van verskillende pastorale modelle ten einde te bepaal hoe en tot watter mate pastorale terapie deur maatskaplike werkers op ‘n inter- en intradissiplinêre basis gebruik kan word.

Die volgende sewe pastorale modelle word vervolgens verken en bespreek: die kerugmatiese, eduktiewe, nouetiese, bipolêre, pneumatologiese, konvergensie en narratiewe.

#### **3.5.1 Kerugmatiese model**

Die kerugmatiese model word eerste bespreek. Aanvanklik het pastorale bediening slegs twee fokuspunte gehad, naamlik:

- Tug en bekering
- Verandering van die sondige mens op grond van sondevergifnis (Thurneyen 1962:102).

Voortspruitend uit die aanvanklike fokuspunte ontstaan die kerugmatiese benadering van Thurneyen (1962:54), wat daarop neerkom dat sielsorg die toespitsing is van die verkondigde Woord op die situasie van die enkeling, met die klem op die verkondigingsdimensie. Kritiek teen Thurneyen se kerugmatiese benadering is daarin geleë dat hy ‘n soort breuk soek in die gesprek waardeur die pastor verder as die sfeer van die innerlike en die psigologiese beweeg. Thurneyen verwys ten diepste na “die aanspraak van Gods Woord met die oog op bekering, boete en die ontvangs van heil” (Louw 1999:44). Thurneyen verdedig sy standpunt deur daarop te wys dat die doel nie is om die mens met die Woord te oorrumpel nie, maar dat sensitiewe luister noodsaaklik is in die pastorale gesprek met die oog op kommunikasie van die Evangelie. Thurneyen moes nie die vergewing van sondes alleen beklemtoon het nie, maar eerder ook die heilsboodskap. Thurneyen volg ‘n deduktiewe benadering en verwaarloos so die empiriese (of induktiewe) komponent.

Die gesprek raak dan slegs raadgewend en sodoende gaan die essensie van die ontmoeting en die kommunikasie verlore (Louw 1999:45). Louw sê onomwonde “pastoraat is die kommunikasie van die evangelie, van die boodskap van God”.

### 3.5.1.1 Die inhoudelike betekenis van die kerugmatiese gesprek

Bogenoemde bespreking dui daarop dat die doel van die kerugmatiese gesprek Woordverkondiging is. Die inhoud van die gesprek sentreer rondom die vergifnis van sonde in Jesus Christus. Thurneysen (1962:113-121) beskryf die momente van die kerugmatiese gesprek soos volg:

- **Soewereiniteit van God.** Die uitgangspunt waarom alles in Thurneysen se model sentreer is die grootheid en uniekheid van God. Venter (1972:16) verduidelik dit verder deur daarop te wys dat met hierdie benadering aanvaar word dat God die Skepper en Onderhouer van alles is. As sodanig is alles wat geskep is, onderhewig aan die wette wat deur God self daargestel is. God alleen is selfgenoegsaam. Die mens is volkome afhanklik van God.
- **Verdorwenheid van die mens.** Die totale verdorwenheid van die mens word bely. König (2001:297) verklaar totale verdorwenheid met ‘n totale verlorenheid. Slegs Christus kan dit herstel en Hy doen dit deur die proses van wedergeboorte.
- **Verlossing uit genade.** Die verlossing van die mens uit sy sonde is ‘n genadige daad van God. Die mens kan homself nie verlos of dit verdien nie. Thurneysen (1962:120) stel dit soos volg: “Our whole talk should flow from the heights of forgiveness; its whole content should be the proclamation of the mercy of God in Jesus Christ”. God se genade is nooit goedkoop nie. Christus moes vir die mens se sondes sterf om daarvoor te betaal. Die mens kan nooit sy eie saligheid verdien nie (König 2001:290).
- **Lewendmaking deur die Gees.** Thurneysen (1962) is van mening dat die mens slegs deur die werking van die Heilige Gees ontvanklik word vir die verkondigde evangeliebodskap. Dieselfde geld egter ook vir die pastor. Hy

sal slegs doelmatige Woordverkondiging doen wanneer hy onder die leiding van die Heilige Gees in gesprek met sy kliënt tree.

- **Gemeentegerigheid.** Die funksie van die gemeente as medeverantwoordelik vir die pastorale versorging in 'n herderlike verband, is vir Thurneysen (1962) baie belangrik. Hy lê ook klem op die onderhouding van die sakrament van kerklike tug.

Vervolgens word die toepasbaarheid van die kerugmatiese model in maatskaplike-werkintervensies bespreek deur te let op die rol van die Heilige Gees en die gebruik van Bybelse waarhede.

### **3.5.1.2 Die toepasbaarheid van die kerugmatiese model in maatskaplike-werkintervensies**

Kennisname van 'n kerugmatiese benadering as 'n deduktiewe Bybels-geörienteerde model konfronteer maatskaplike werkers met die feit dat indien hulle volgens 'n pastorale werkswyse te werk wil gaan, hulle die inhoudelike van die evangelieboodskap doelgerig by hul intervensieprosesse sal moet insluit. Sodoende word die Gesag van die Woord geproklameer.

'n Tweede aspek waarvan kennis geneem moet word, is die feit dat sondekonfrontasie op 'n Bybelse antropologie dui en dat daar sodoende 'n doelgerigte waardesistiem bestaan waarvolgens daar in afhanklikheid van die Heilige Gees geleef word.

Die kerugmatiese model bied ruimte vir aanvullende hulpverleningsprofessies deurdat erkenning verleen word aan die bydrae wat psigologie kan maak in die verrekening van die geestelike dimensie van die mens deurdat kennis geneem word van die innerlike lewe van die kliënt. Daar word klem gelê op die eiesoortigheid van herderlike sorg met die wakende doel om die evangelieboodskap suiwer te hou en om psigologiese oorheersing te voorkom (Van Jaarsveld 2001:59).

Volgens Van Jaarsveld (2001:60) word die kommunikasie tussen God en die mens in die kerugmatiese model as onpersoonlik beskryf omdat God as ontoeganklik beskou

kan word. Dit kan tot nadeel van die pastorale werksverhouding wees omdat daar in die toetrede tot die leefwêreld van die kliënt gestreef word na warmte en empatie (Le Roux 1970:170).

‘n Verdere belangrike aspek waarvan daar kennis geneem moet word in maatskaplike werk is die triologiese verhouding waarna Thurneysen (1962:128) verwys, naamlik pastor, kliënt en Heilige Gees. Die pastor werk as gelowige onder die leiding van die Heilige Gees en glo dat die Heilige Gees ook in die kliënt teenwoordig is, maar dit is slegs God wat ‘n antwoord van die kliënt op die verkondiging van die evangelieboodskap kan bewerkstellig. Dit kan nooit ‘n menslike aksie wees nie (Blackaby & King 1999:108; Hughes 1995:35; Lester 1995:22).

Die volgende funderingselemente van die kerugmatiese model kan vir die doeleindes van ‘n diakonologies-gefundeerde narratiewe benadering van nut wees: die erkenning van ‘n vaste waardesisteem, ‘n Bybelse antropologie en die erkenning dat die mens oor innerlike psigologiese dimensies beskik. Indien daar by wyse van ‘n hermeneutiese narratief-pastorale benadering in maatskaplike werk by die lewensverhaal van die kliënt aangesluit word, kan die kerugmatiese moment ten volle benut word ten einde ‘n fusie tussen God se verhaal en die mens se verhaal te bewerkstellig.

Naas die kerugmatiese model, word die eduktiewe model vervolgens van nader verken.

### **3.5.2 Eduktiewe ervaringsmodel**

Die eduktiewe model word grootliks met S. Hiltner geassosieer. Hoewel sy denke deur die werk van Boisen en Tillich beïnvloed is, word die behoeftes van die persoon-in-nood as die hoogste prioriteit beskou en word die Woord van God sekondêr geplaas (Hiltner 1954:28). Die mens as fokuspunt bied die interne raamwerk vir die gesprek. Gesprekstegnieke word wel gebruik om kennis direk van die persoon self te bekom, maar die terapeut struktureer die gesprek bloot net deur die empatiese houding wat hy inneem. Vandaar die verwysing na hierdie benadering as die “non-direktiewe” of kliëntgesentreerde beradingsmodel van Carl Rogers (Vgl. 3.3.1). Die

humanistiese standpunt wat Rogers in sy benadering handhaaf deur die selfbeskikking van die mens op die voorgrond te stel, lei tot 'n neutrale houding. Vir terapeute wat 'n Christelike lewens- en wêreldbeskouing handhaaf, skep dit egter 'n probleem omdat 'n Christen nie 'n neutrale standpunt kan inneem nie, maar voortdurend bepaalde waardes en beginsels handhaaf. Sukses met 'n kliënt lê ooreenkomstig kliëntgesentreerde benaderings in sy aardse selfbeslissingsreg. Op hierdie wyse word die ewigheidsperspektief verloor. In gevalle waar 'n persoon emosioneel ontstellende situasies beleef, kan die feit dat 'n mens 'n ewigheidsbestemming het juis as vertroosting dien (Pruis 1980:65; Vgl. 3.3.1).

Nieteenstaande die verskuilde gevare, is die kliëntgesentreerde benadering tog in maatskaplike werk aanvaar en dien dit nietemin as 'n algemeen-aanvaarde basisteorie vir gespreksmodelle. Die wegbeweeg van die heilsdimensie is nie doelbewus deur maatskaplike werk in berekening gebring nie. Daar is voortgegaan met die implementering van kliëntgesentreerde beradingsmodelle en erkenning is verleen aan die wetenskaplike fundering daarvan.

'n Verdere verkenning van die eduktiewe model word vervolgens bespreek na aanleiding van die ontstaan en inhoudelike aard van die benadering. Aandag word ook aan die toepasbaarheid van die eduktiewe model in maatskaplike-werkintervensies gegee.

### **3.5.2.1 Ontstaan van die eduktiewe model**

In die ontstaan van die eduktiewe model het Hiltner hom grootliks laat beïnvloed deur die denkrigtings van Whitehead se “process philosophy” en Tillich se “method of correlation” en Boisen se “living human documents” (Hiltner 1954:176). Aan die hand van A.N. Whitehead se “process philosophy” konkludeer Hiltner dat teologie in voortdurende dialoog met ander dissiplines moet wees deur middel van 'n dinamiese proses. Die hulpverleningsproses mag, net soos die aanvaarding en assimilasië van geloof, nooit staties wees nie.

Hiltner (1954:176) vind aanluiting by Paul Tillich se benadering rakende teologie en kultuur, veral met betrekking tot die korrelasiemetode wat hy handhaaf. Die

korrelasiemetode verklaar die inhoudelike van die Christelike geloof deur eksistensiële vrae en teologiese antwoorde in 'n gesamentlike interafhanklikheid van mekaar.

Gerkin (1997:67) beskryf Hiltner as 'n bewonderaar van A. Boisen. Hiltner was 'n student van Boisen en het by hom die vaardighede aangeleer om die menslike persoonlikheid te bestudeer deur die mens te sien as *living human documents*.

Die eduktiewe model vir sielsorg word, volgens Hiltner (1954:51), ingelei deur A. Boisen (1876 - 1956) in 'n soeke na 'n pastorale bediening waarin die psigoterapeutiese praktyk 'n rol speel. Hierna volg 'n tweede fase waar die klem op die innerlike genesende krag val wat in die siek persoon aanwesig is. Dit word ontsluit deur empatiese interaktiewe kommunikasie-strategieë. 'n Derde rolspelende benadering was die kliëntgesentreerde benadering van C. Rogers (1951). In navolging van Rogers het Hiltner (1954:54) pastorale beraad deur die gebruikmaking van 'n psigologiese model en psigoterapeutiese metodiek benader en uitgebou.

### **3.5.2.2 Inhoudelike van die eduktiewe model**

Ten einde meer gestalte aan die voorafgaande te gee, word vervolgens gelet op die teologiese denke wat in die eduktiewe model vorm aanneem.

Die mees sentrale begrip wat in die eduktiewe model 'n rol speel in tussenmenslike verhoudings, is kommunikasie. Die inhoudelike van hierdie benadering is ontleen aan die psigoterapeutiese model van Rogers. Rogers word algemeen erken as die persoon wat die mees omvattende sistematiese stel konstruksie het vir 'n nie-direktiewe kliëntgesentreerde benadering (Van Jaarsveld 2001:63). In hierdie benadering word klem gelê op nie-veroordelende aanvaarding, eie verantwoordelikheid en beluistering (Adams 1976:81; Brammer & Shostrom 1968:46; Du Toit et al. 2001:109; Stone 2001:9).

Die pastorale metode wat deur Hiltner (1954:69) gevolg word, bestaan uit drie kernmomente, te wete genesing, ondersteuning en leiding. Hierdie drie kernelemente word deur middel van 'n kommunikasie-strategie, wat op Rogers se kliëntgesentreerde

terapie gebaseer is, gekommunikeer (Van Jaarsveld 2001:64; Gerkin 1997:68). Hiltner fokus nie op die rol wat sonde in sy genesingsmetodiek speel nie. Onder genesing of heling verstaan hy 'n herstelproses van die funksionele geheel van die mens. Die ondersteunende moment vind in die verloop van die genesingsproses deur middel van terapeutiese bystand inslag. Hy ken nie 'n morele waarde toe aan leiding nie, maar wel 'n rigtinggewende dimensie waarvolgens die kliënt gemotiveer word om die inherente potensiaal waaroor hy beskik, te gebruik.

Teologies gesproke beklemtoon Hiltner (1954:35) die konsep van die mens deur daarop te wys dat daar 'n voortdurende korrelasie plaasvind tussen die Bybelse boodskap en ander wetenskappe tydens hulpverleningsprosesse. 'n Risiko verbonde aan hierdie benadering is die moontlikheid dat die verskillende dissiplines hul eiesoortige karakter kan verloor en dat dit moeilik kan raak om die nodige begrensing uit 'n inter- en intradissiplinêre oogpunt te doen (Louw 1999:88). Die heilsfunksie van die pastoraat as deel van geloofsontwikkeling verloor deur hierdie benadering sy waarde deurdat die aspek van leer en tug agterweë bly (Van Jaarsveld 2001:66).

### **3.5.2.3 Toepasbaarheid van die eduktiewe model in maatskaplikewerkintervensies**

Die eduktiewe model skep ruimte vir aanverwante pastoraalgerigte hulpverleningsprofessies soos Christelike maatskaplike werk, om deur middel van die korrelasiebenadering intradissiplinêr toe te tree tot die geloofsfunksie van die kliënt-in-nood.

'n Tweede aansluitingsmoment word gevind in die feit dat Hiltner gebruik maak van die benadering van C. Rogers as 'n basisteorie vir kommunikasiekunde, terwyl maatskaplikewerkteorieë ook grootliks ontleen word aan kommunikasiekunde en verhoudingstrategieë (Smale et al. 2000:17; Brammer 1985:42; Lester 1995:21; Du Preez 1972:18; Hofmeyr 1972:29; Du Toit et al. 2001:109). Die Christelike maatskaplike werker beskik gevolglik oor voldoende teoretiese opleiding om 'n psigologiese verkenning van die onderliggende manifesterende gedragsprobleme te maak en terapeuties tot die mens-in-nood toe te tree (Du Toit et al. 2001:109).

Dit sal onverantwoordelik wees om te beweer dat die Christelike maatskaplike werker oor voldoende teologiese kennis beskik om op volwaardige wyse aandag aan die verrekening van die geestelike dimensie te verleen. Kennis van slegs 'n kommunikasiestrategie is nie voldoende om die geestelike dimensie te verreken nie (Lester 1995:21; Brammer & Shostrom 1968:429; Adams 1976:19; Du Toit et al. 2001:xi). Vir die verrekening van die geestelike dimensie is ten minste kennis van teologiese antropologie noodsaaklik.

Tans bestaan daar redelik konsensus dat pastorale versorging aandag gee aan die totale mens, binne 'n heel spesifieke verhouding, naamlik die verhouding met God, met die klem op die transendente karakter daarvan (Louw 1999:38). Die sogenaamde "Pastoral Counseling" -beweging in Amerika het na die Tweede Wêreldoorlog 'n bydrae tot samewerking met ander dissiplines gelewer, aangesien daar besluit is dat teologie nie net die reg het nie, maar ook die plig om van die resultate en metodes van ander mensewetenskappe gebruik te maak. Praktykresultate het getoon dat die oornam van kennis en metodes tot verryking van beide dissiplines kan geskied. As voorbeeld word verwys na die uiteensetting van Freud se onderskeid van die verskillende ontwikkelingsfasies van die kind (Janse van Rensburg 1987:20). Die integrering van verskillende dissiplines met teologie is met ander woorde nie onmoontlik nie.

Naas die kerugmatiese en eduktiewe ervaringsmodel word die noutetiese model vervolgens bespreek.

### **3.5.3 Die Noutetiese model**

J. E. Adams reageer op die voorafgaande modelle met 'n reaksieteologie. Hy ontwikkel die sogenaamde *noutetiese beraad* waardeur hy 'n persoon deur middel van 'n konfrontasieproses tot verandering in gedragswyses wil lei, omdat hy glo dat sonde die basis van alle menslike probleme is. Adams baseer sy model op die Bybel en verkies om daarna te verwys as Bybelse berading (Adams 1976:18). Die aard van die benadering is direktief van aard teenoor die nie-direktiewe en kliëntgesentreerde benadering. Adams spreek die insette van psigologie aan. Hy is van mening dat te veel klem op psigologie geplaas word en dat die teologiese inset verwaarloos word.

Psigologie en pastoraat staan in spanning met mekaar of sterker gestel: heilsgeskiedenis versus wêreldgeskiedenis (Louw 1999:46).

Faktore wat aanleiding gegee het tot Adams se reaksieteologie en die ontwikkeling van die noutetiese model sentreer rondom sy Bybelgebaseerde antropologie, kritiek teen psigiatriese en psigologiese oorheersing, asook sy kennismaking met 'n Christelike psigoloog, O. Hobart Mowrer (Adams 1976:xiv). Die aanleidende faktore word kortliks bespreek.

- **Bybelse antropologie.** Adams verklaar onomwonde dat hy die Bybel gebruik as die basis waaruit hy sy kriteria vind vir sonde, geloof, oordeel en die werk van die Heilige Gees (Adams 1976:xxi). Alle vorme van beraad wat afwyk van 'n Bybelse perspektief word deur Adams as satanies beskou (Louw 1999:49).
- **Kritiek teen psigiatriese en psigologiese oorheersing.** Adams (1979) huldig die standpunt dat psigiatriese en psigologiese benaderings met mekaar kompeteer. Hy meen verder dat psigiese en kliniese hulp nie hulp is soos dit in die Bybel bedoel is nie. Daar is te veel ooreenkomste met 'n medies-biologiesgebaseerde model. Freud en Rogers word daarom as vyande van die pastoraat verklaar (Louw 1990:49; Van Jaarsveld 2001:67; Adams 1976:13; Vgl. 3.4.2.3).
- **Die invloed van O.H. Mowrer op Adams.** Die kardinale vraag wat Mowrer gevra het en waarop Adams antwoorde gesoek het, is die volgende: “Has evangelical religion sold its birthright for a mess of psychological pottage?” (Adams 1976:17). Die situasie het ontaard in 'n debakel waarvolgens die mediese model gepoog het om pastorale beraders te oortuig “you cannot - rather dare not try to help”. Vrae het ontstaan met betrekking tot *wanneer* 'n kliënt verwys moet word en hoe lank daar gewag moet word voordat die groot besluit geneem word om van psigologiese dienste gebruik te maak. Adams (1976:18 - 20) huldig die standpunt dat daar nie van *refer* of *defer* gepraat moet word nie, maar van *confer*. In antwoord hierop skryf hy die boek “Competent to Counsel” met die sentrale doel om die volgende vraag te

beantwoord: “Is the fundamental problem of persons who come for personal counseling sickness or sin?”

Die noutetiese model word vervolgens bespreek met verwysing na die drie kernelemente waaruit dit saamgestel is.

### 3.5.3.1 Konsepte waaruit die noutetiese konfrontasie saamgestel is

Die noutetiese model bestaan uit die volgende drie kernkonsepte, naamlik die veronderstelling van ‘n probleem, verbale konfrontasie en ‘n beoogde verandering by die kliënt.

- **Veronderstelde probleem.** Noutetiese berading impliseer altyd dat daar ‘n probleem bestaan en dat daar struikelblokke is wat oorkom moet word. *Nouteties* beteken *waarsku, onderrig of berading*. Verandering kan bewerkstellig word deur die kliënt op ‘n noutetiese wyse te beïnvloed. Adams gee ook ‘n verdere betekenis aan die woord naamlik “Nouthetic confrontation arises out of a condition in the counselee that God wants changed” (Adams 1976:44). Die fundamentele doel van noutetiese konfrontasie is die verandering van die persoon en sy gedrag.
- **Verbale konfrontasie.** Die tweede inherente konsep waaruit noutetiese konfrontasie saamgestel is, is verbale konfrontasie (Adams 1976:46). Konfrontasie in ‘n Bybelse konteks impliseer verandering van gedrag en karakter in ooreenstemming met Bybelse norme (Van Jaarsveld 2001:68).
- **Beoogde verandering by die kliënt.** Die derde konsep waaruit noutetiese konfrontasie saamgestel is, hou verband met verandering. Die korrektiewe aksie van noutetiese konfrontasie impliseer verandering in die karakter en gedragspatroon van die kliënt. Dit word nie as ‘n strafmaatreeël gesien nie, maar as ‘n maatreeël wat die kliënt moet bevoordeel (Adams 1976:49).

Die drie basiese konsepte kan soos volg saamgevat word: Die fundamentele bedoeling van noutesis is beïnvloeding deur middel van ernstige vermaning,

raadgewing en die regstelling van feite na aanleiding van die omstandighedsgebeure. Die gedagte van straf vorm nie deel van 'n noutetiese konfrontasie nie. Noutesis word deur liefde en opregte omgee gemotiveer tot eer en verheerliking van God.

### 3.5.3.2 Kenmerke van die noutetiese konfrontasie

Die eiesoortige karakter van die noutetiese benadering bestaan uit die volgende temas: Reaksie teen humanistiese en nie-direktiewe benaderings, die rol van sonde, outoritêre gedrag, liefde as die doel en die werk van die Heilige Gees. Die temas word vervolgens bespreek.

- **Reaksie teen humanisme en nie-direktiewe benadering.** Adams (1976:78-80) spreek hom sterk uit teen die nie-direktiewe benadering van Rogers omdat hy oortuig is dat 'n nie-direktiewe houding meebring dat 'n pastorale berader optree asof God niks vir die kliënt te sê het nie. Hierdie houding bring volgens Adams indirek 'n ontkenning mee van God se Woord. Optrede van hierdie aard bring mee dat daar geen verskil bestaan tussen pastorale en humanistiese beradingstegnieke nie.
- **Die rol van sonde.** As gevolg van die erkenning van die rol wat sonde in 'n mens se lewe speel, fokus Adams eerder op “wat”-vrae as op “waarom”-vrae. Hy meen die rede waarom mense verhoudingsprobleme ervaar met hulself, ander en met God is as gevolg van die mens se sondige natuur. “Waarom”-vrae lei tot spekulasie en die verskuiwing van die werklike oorsake van “wat” verkeerd is. “Wat” gee direk aanleiding tot 'n direkte oplossing vir die sondige gedragswyses (Adams 1976:49). Erkenning word sodoende verleen aan die wyse waarop Gods Woord die mens as sondaar aanspreek. Teologiese inhoud soos die soewereiniteit van God en die vergifnis van sonde ter wille van Jesus Christus en die werking van die Heilige Gees, kan sodoende verwoord word (Van Jaarsveld 2001:69).
- **Outoritêre gedrag.** Die gebruik van konfrontasie in die noutetiese model is outoritêr van aard. Adams (1976:55) stel dit soos volg: “Christian counseling involves the use of authoritative instruction. There is a need for divine

authority in counseling. Only biblical counseling possesses such authority”. Enige standpunt van neutraliteit word deur Adams verwerp (Adams 1976:55). Dit is ‘n radikale teenstelling met die “not knowing” -standpunt van hedendaagse pastorale beraders wat volgens ‘n postmodernistiese epistemologie werk en hoofsaaklik inhoude relativeer (White 2000:131; Vgl. 2.15; 3.1.6).

- **Liefde is die doel.** Die aard van outoritêre berading wat Adams (1976:54) voorstaan, moet altyd in ‘n gesindheid van wederkerige liefde geskied. Die aard van vermanende liefde moet gebaseer word op die wete dat ‘n mens die Here moet liefhê met jou hele hart en ‘n mens se naaste soos jouself. As daar afgewyk word van Bybelse beginsels en die Skrif, is berading, volgens Adams, dood. Die aard van die gesprek is direktief en die kliënt word tot sy eie voordeel gekonfronteer met sy sonde (Adams 1976:123).
- **Die werk van die Heilige Gees.** Adams lê baie klem op die plek wat die Heilige Gees tydens berading inneem. “Counselling to be Christian, must be carried on in harmony with the regenerating and sanctifying work of the Holy Spirit” (Adams 1976:20). Volgens hom is verandering (heiligmaking) in ‘n kliënt se lewe slegs moontlik as die verandering deur die Heilige Gees bewerkstellig is. Verder is Adams (1976:23) van mening dat die Heilige Gees verwag dat beraders volgens die Woord van God moet werk. Kortom, berading moet geskied onder leiding van die Heilige Gees en dit moet in ooreenstemming wees met die Woord van God.

### 3.5.3.3 Toepasbaarheid van die noutetiese model in maatskaplikewerkintervensies

Die noutetiese model beskik oor waardevolle bydraes wat relevant is vir Christelike berading, te midde van aspekte wat gekritiseer kan word. Aandag word eerstens aan die opbouende bydraes vir Christelike maatskaplike werk gegee.

- **Antropologiese fundering.** Adams se antropologiese grondslag is Bybelsgeoriënteerd. Hy erken die rol van sonde, genade, bekering en die werk van die Heilige Gees (Van Jaarsveld 2001:71; Adams 1976:43-45).

- **Normatiewe vermaning.** Adams sluit by die psigiese denke van die mens aan en poog om dit deur konfrontering in ooreenstemming met die normatiewe riglyn van die Woord van God te bring (Van Jaarsveld 2001:71). In aansluiting hierby argumenteer Louw (1999:51) dat daar eerder na die skep van kommunikasie as “verkondiging en konfrontasie” verwys moet word omdat dit die geleentheid skep tot verdere dinamika. Die standpunt van Louw word ondersteun omdat die dinamika waarna verwys word, geleentheid skep vir Christelike maatskaplike werk en ander hulpverleningsprofessies soos die sielkundiges om met behulp van kommunikasieteorieë die kliënt tydens intervensies sinvol te begelei in die keuse-uitoefening van waarde-implikasies (Brammer & Shostrom 1968:431). Die wegbeweging van vaste waardes in postmoderne pastorale terapieë is lynreg in botsing met Adams se benadering (White 2000:148).
  
- **Bybel as vertrekpunt vir beraad.** Daar moet altyd gewaak word om te redeneer dat slegs die Bybel voldoende is vir ‘n beradingsmodel (Hindson & Eyrich 1997:11). Die Skrif bevat normatiewe waarhede, maar daar is nie ‘n teks vir elke situasie nie (Adams 1976:14; Van Jaarsveld 2001:72).

In diakonologies-gefundeerde narratiewe benaderings word gepoog om die mens-in-nood se lewensverhaal te rekonstrueer in ooreenstemming met God se verhaal vir die mens. Die begrip “*rekonstruering*” dui op die verandering van ‘n sondebeheerste lewensverhaal na diè van ‘n normatief-Christelike lewensverhaal. Die erkenning van die rol wat sonde in Adams se noutetiese model as deel van die menslike problematiek speel, kan gevolglik geïnkorporeer word in ‘n narratief-pastorale benadering.

Na die bespreking van die kerugmatiese, eduktiewe en noutetiese modelle, word vervolgens die bipoelêre model verken.

### 3.5.4 Bipoelêre model

Die volgende model wat aandag geniet, is die bipoelêre model van Heitink.

Heitink (1977:75) het die spanning tussen die mens en God, soos bespreek in die voorafgaande modelle, aangevoel. Hy is nie ten gunste van 'n polêre skeiding tussen die mens en God nie en konstrueer daarom 'n bipolêre model (Heitink 1977:75). Daar word eerstens aandag aan die bipolêre grondstruktuur van die model gegee en tweedens aan die wesenskenmerke waarin die model gefundeer is. Derdens word aandag aan die voor- en nadele geskenk wat 'n bipolêre benadering vir Christelike maatskaplike werk inhou.

#### **3.5.4.1 Grondstruktuur van die bipolêre model**

Met die bipolêre model, ook bekend as 'n hulpverleningsmodel, wend Heitink (1977:51) 'n poging aan om 'n sintese tussen die kerugmatiese standpunte van Thurneysen en die eduktiewe benadering van Hiltner te bewerkstellig as 'n verbreding van die tradisionele pastoraat. Hy definieer pastoraat soos volg: "... die helpende relasie wat 'n pastor met mense aangaan om, in die lig van die evangelie en in verbondendheid met die gemeente van Christus, saam met lidmate 'n weg te soek vir geloofs- en lewensvrae" (Heitink 1977:75). Hierdie definisie beklemtoon onmiddellik die spanning tussen teologie en die empiriese, pastoraat en psigologie, openbaring en ervaring, geloof en religie, sielesorg en psigoterapie. Heitink beklemtoon hiermee dat die spanning en die ontwerp van 'n pastorale teologie onontkombaar en onophefbaar is. Hierdie spanning dui as 't ware op die openbaringswerklikheid met sy geloofsdimensie en die fenomenologiese werklikheid met sy ervaringsdimensie. "Die integrasiepunt tussen openbaring en eksistensie is die ontmoetingsgestalte van die evangelie self en die inwonende werk van die Gees, wat deur die skepping en via die mens werk. Vandaar die belangrikheid van 'n antropologie, want die pastorale teologie sowel as die ander geesteswetenskappe werk met een en dieselfde mens binne die totaliteit van sy bestaan" (Louw 1999:52).

Die gevolgtrekking waartoe gekom word, is dat die evangelie in die pastoraat gekommunikeer moet word. Kommunikasie sluit vir Heitink ook hulpverlening in wat hy soos volg omskryf: "Hulpverlening beteken om die lig van die evangelie op sodanige wyse te kommunikeer dat God in sy bewoë ontferming, sy omsien en

bekommernis oor die menslike nood, sy bevrydende aksie (redding) en diens (diakonaat) tot uitdrukking laat kom” (Heitink 1977:162).

As hierdie omskrywing van Heitink analities beskou word, is dit duidelik dat bipolariteit inherent as die basis van sy pastorale teologie in die definisie teenwoordig is. Die wesenlike vraag waarom dit gaan is die spanning tussen geloofshulp en lewenshulp. Die mens funksioneer as ‘n eenheid. Daar moet eerder in die verskillende dissiplines besluit word wat terapieë met die mens bereik moet word. ‘n Bipolêre benadering maak samewerking tussen ‘n pastorale beskouing en die sielkunde moontlik. In die bipolêre relasie gaan dit nie om aanknopingspunte of ewewigsvrae nie, maar om die heilsperspektief met die oog op die verstaan (hermeneutiek) en kwalitatiewe verandering van die mens. In die pastorale ontmoetingsgestalte gaan dit altyd om die heil van die mens. Die waarde van Heitink se bydrae lê daarin dat hy opnuut die klem laat val op ‘n ambivalente spreekwyse. “In werklikheid gaan dit in die evangelie, daarom ook in die pastoraat, om twee komponente van hulp: geloof sowel as lewenshulp” (Louw 1999:54).

#### **3.5.4.2 Wesenskenmerke van die bipolêre model**

As bydraende oplossing tot die spanning tussen geloofshulp en lewenshulp fundeer Heitink sy standpunt veral ten opsigte van die dinamika in die God-mens-relasie. Heitink (1977:171) wys daarop dat die verklaring van die spanning noodsaaklik is omdat dit ook rolspelend is ten opsigte van die plek van die pastoraat teenoor ander hulpverleningsprofessies soos maatskaplike werk en psigologie (Heitink 1977:171). ‘n Verklaring van die spanning kan bydra tot die verheldering van roliidentifikasie ten opsigte van die verskillende rolspelers. Dit word vervolgens aan die hand van die volgende aspekte bespreek: openbarings- en fenomenologiese werklikhede, sy antropologiese beskouing en die rol van die pastoraat in hulpverlening.

**Openbarings- en fenomenologiese werklikhede:** In pastoraat word van geloofsapriori’s gebruik gemaak wat moeilik empiries verifieerbaar is. Die spanning tussen geloofshulp en lewenshulp het hier sy oorsprong. Die spanningspool is gevolglik geldend in die spanning tussen teologie en empirie, pastoraat en psigologie, openbaring en ervaring, geloof en religie, sielsorg en psigoterapie. Louw (1999:51)

stel dit soos volg: “Hierdie spanning reflekteer die wesenlike verskil tussen twee werklikhede: die openbaringswerklikheid met sy geloofsdimensie en die fenomenologiese werklikheid met sy ervaringsdimensie. Albei is, onties gesproke, werklik maar tog nie gelyksoortig nie”. Heitink toon met sy bipolarêre benadering dat hierdie spanning in die ontwerp van ‘n pastorale teologie onvermydelik en ook onophefbaar is.

Uit die voorafgaande blyk dit dat die mens nie vir die doeleindes van hulpverlening in stukke opgedeel kan word nie, sodat die pastoraat aan die geestelike funksies, psigologie aan die psigiese funksies en maatskaplike werk aan die sosiale dimensies kan aandag gee. Die verskillende dissiplines betrokke sal moet uitklaar wat hul vernaamste terapeutiese doelwitte uit ‘n perspektiwiese benadering behels. ‘n Duidelik gedefinieerde pastorale antropologie is daarvoor nodig.

**Antropologiese benadering:** Heitink (2000:35) is van mening dat onvoldoende gegewens in die Skrif voorkom vir die beskrywing van ‘n volledige mensbeeld. Gevolglik maak hy gebruik van ander wetenskappe om ‘n volledige mensbeeld te vorm en ontwikkel sodoende twee stelle antropologiese benaderings, te wete ‘n benadering vir ander vakwetenskappe as teologie en een vir pastorale teologie. Die twee benaderingsvorme word vervolgens kortliks bespreek.

- **‘n Basis-antropologie vir nie-teologiese vakwetenskappe.** Heitink gebruik antropologiese inligting uit al die hulpwetenskappe om ‘n eenvormige antropologie daar te stel waarvolgens nie-teologiese vakwetenskappe kan funksioneer. Dit staan bekend as “... een groeiende anthropologische consensus, aandacht voor de hele mens”.
- **Pastoraal-teologiese antropologie.** Daar is ook bevind dat Heitink bogenoemde oplossing wou benut as ‘n brug tussen sosiale wetenskappe en tradisionele teologie in antwoord op die eise van ‘n moderne samelewing (Ziebertz 1997:173; Lawler 2000:3; Van Jaarsveld 2001:77).

Daar kan volstaan word met die mening van Rossouw (1983:15) dat Heitink bipolariteit vooropstel. Die een pool verteenwoordig ‘n Bybelse antropologie en die

ander pool 'n algemene antropologie. Daar is 'n baie nou verband tussen die twee pole, in die sin dat hulle inderwaarheid interafhanklik van mekaar funksioneer. Sintese vind plaas binne die volheid van die twee pole.

- **Die rol van die pastoraat in hulpverlening.** Heitink (2000:128) beskou geloofshulp as lewenshulp binne die volgende konteks: Die doel van sielesorg is om geloofshulp op sodanige wyse te verskaf dat daar binne die konkrete praktyk van lewensprobleme geloofshulp as lewenshulp bewys word. Hulpverlening as rol van die pastoraat bring mee dat aandag gegee word aan die terrein van die pastorale praktyk, die verhouding tussen pastoraat en psigoterapie en die funksies van pastoraat in die praktyk. Die drie aspekte word gevolglik bespreek na aanleiding van Heitink se beskouing.
- **Terrein van die pastorale praktyk.** Volgens Heitink (2000:133) moet daar in die pastorale praktyk aandag gegee word aan die ordening van geloofsvrae en lewensvrae. Die ordening word gedoen by wyse van probleemvelde en aspekte van menswees. Die probleemvelde kategoriseer hy volgens personale, relasionele en sosiaal-kulturele probleme, terwyl hy onder *menswees* aandag skenk aan aspekte soos ontwikkelingsfasies, psigiese strukture, religieus-etiese norme en waardes.
- **Verhouding tussen pastoraat en psigoterapie.** Heitink (2000:134) is van mening dat daar 'n psigoterapeutiese moment voorkom in die pastorale verhouding, net soos wat daar 'n evangeliese moment in die psigoterapeutiese verhouding voorkom. In antwoord hierop stel Heitink 'n model voor waarvolgens aandag gegee kan word aan die mens op vier terreine, te wete sosiaal, medies, pastoraal en psigoterapeuties. As motivering gebruik hy die wete dat die mens 'n verhoudingswese is en dat daar interrelasionele bande tussen die vier terreine van probleemmanifestering voorkom. Hy bepleit daarom 'n multi-professionele benadering met erkenning van die religieuse dimensie.
- **Die funksies van pastoraat in die praktyk.** Na aanleiding van die vier werksterreine wat Heitink (2000:135) onderskei, dui hy die volgende vier

uitvoerende funksies aan: "... *heling* in die breër sin daarvan (gesondmaking), *bystaan* as 'n ondersteuningsfunksie aan 'n persoon in nood, *begeleiding* aan persone met geestelike behoeftes en *versoening* aan mense wat in onvrede met hulself of hul naaste leef”.

### 3.5.4.3 Voordele en nadele van ‘n bipoëlêre benadering vir Christelike maatskaplike werk

Die voor- en nadele voortspruitend uit die voorafgaande bespreking met betrekking tot die bipoëlêre model vir Christelike maatskaplike werk word vervolgens bespreek.

#### - Voordele

**Erkenning word aan die rol van sosiale wetenskap (maatskaplike werk) verleen.** ‘n Perspektiwistiese benadering maak voorsiening vir verskillende wetenskappe om op ‘n inter- en intradissiplinêre wyse saam te werk. Heitink se bipoëlêre benadering lê die basis vir ‘n inter- en intradissiplinêre grondslag. Louw omskryf dit soos volg: “Die integrasiemodel wat probeer om interdissiplinêr maar ook intradissiplinêr (aanpassing van die ander model se teorie in terme van die eiesoortige teorie van die eie model) te werk te gaan”.

**Die begrensing van lewenshulp en geloofshulp.** Heitink erken in sy bipoëlêre benadering “ ... die pastoraat werk met die mens in sy skuld asook in sy eksistensiële nood. Die evangelie word voltrek in woord en daad en word uitgedruk in ‘n profetiese spreke (verkondiging) asook ‘n priesterlike diens (empatie en diakonie). Die evangelie skenk heil (vergifnis) asook genesing (totale herstel)”. In werklikheid gaan dit in die evangelie, daarom ook in die pastoraat, om die twee komponente van hulp: geloofs- sowel as lewenshulp (Louw 1999:54). In aansluiting hierby ondersteun Venter (1996:11) Heitink se standpunt wanneer hy opmerk dat die bemiddeling van geloof plaasvind deur drie aksies, te wete begryp (hermeneuties), verklaar (empiries) en krities (verander).

- **Nadele**

Vir die vorming van 'n gesonde pastorale basisteorie is dit nodig om kennis te neem van die volgende nadele in Heitink se bipolarêre model.

**Die bipolarêre spanning tussen God en die mens kan nie verskraal word tot 'n sintese nie.** Dit is onophefbaar. Met ander woorde maatskaplike werkers of psigoloë moet daarvan bewus wees dat daar geen ewewig tussen subjek en objek geskep kan word nie. Erkenning moet daarom aan mekaar se spesialiteite verleen word. Daar kan nie sonder die nodige vakkennis volledig toegetree word tot die werkspesialiteit van 'n aanvullende wetenskap nie. Inter- en intradissiplinêre benaderings het beperkings (Louw 1999:57) in die sin dat een spesialiteit nooit ten volle deur 'n ander oorgeneem kan word nie.

**Oorbeklemtoning van die diakonale amp.** Heitink (1979) plaas soveel klem op die diensaspek van die diakonale amp dat hy visie verloor ten opsigte van die grense tussen die taak van die ampte en ander hulpverlenende spesialiteite (Lawler 2000:3).

Indien krities na die huidige samewerkingsooreenkomste tussen kerke en maatskaplikewerkdienste gekyk word, blyk dit dat dit op 'n bipolarêre benadering geskool is. Dit kan moontlik 'n rede wees waarom maatskaplike werkers nie aandag aan die verrekening van die geestelike dimensie skenk nie. In aansluiting by Louw (1999:556) se standpunt dat inter- en intradissiplinêre benaderings beperkings het omdat daar nie volledig sonder die nodige vakkennis van die ander spesialiteit toegetree kan word tot 'n aanvullende diensveld nie, blyk dit moontlik 'n verdere rede waarom maatskaplike werkers volstaan by dienste op die vlak van lewenshulp.

Naas die kerugmatiese, eduktiewe, noutetiese en bipolarêre model, volg die pneumatologiese model as 'n vyfde pastorale model wat vir die doeleindes van die studie bespreek word.

### 3.5.5 Pneumatologiese Model

Die ontstaan van die pneumatologiese model spruit voort uit 'n onderwaardering van die totale mens voor God en gebrekkige aandag aan die verhouding *pneuma* en *humanum* (Rebel 1981:9). As gevolg hiervan het die gereformeerde teologie dit vir die psigologie (*humanum*) moontlik gemaak om die terrein van die pastorale teologie te oorheers (Louw 1999:209). In antwoord hierop ontwikkel Jacob Rebel (1981) 'n pneumatologiese antropologie. Hy maak gebruik van die teologiese denke van A.A. van Ruler rakende die plek van die mens binne die heil onder die primaat van die Gees (Rebel 1981:17). Die volgende aspekte rakende die model word vervolgens bespreek: die gevaar van pastorale antropologie wat hoofsaaklik op 'n Christologie gebaseer is, die verskil wat 'n pneumatologiese perspektief aan 'n pastorale strategie bring en die praktiese toepassingsimplikasies wat die model vir die maatskaplike-werkprofessie kan inhou.

#### 3.5.5.1 Die gevaar van pastorale antropologie wat hoofsaaklik op 'n Christologie gebaseer is

Die mens neem 'n sentrale plek in die proses van heilskonkretisering en die ontwikkeling van geloofsvolwassenheid in. Daarom is dit belangrik om te verstaan dat die verband God-mens binne Christologie gesien moet word via die versoeningswerk van die Middelaar, Jesus Christus. Dit skakel die mens se bydrae totaal uit. Vir hierdie eksistensiële realisering en konkretisering van die heil in nuwe lewenstyle, benodig die God-mens-verhouding 'n pneumatologie. Dit is 'n pneumatologie wat die Christologie binne die daaglikse eksistensiële oriëntering en sosiale konteks van die mens konkretiseer (Rebel 1981:14). Hierin lê die waarde van Rebel se “Pastoraat in pneumatologiese perspektief”. Antropologie wat slegs op 'n Christologie gebou word, loop gevaar om die versoeningswerk van Christus af te skaal tot “die vlak van 'n model vir ideale menswees” (Rebel 1981:16). Indien 'n antropologiese beskouing verbreed word om voorsiening te maak vir die insluiting van die pneumatologiese waarvolgens die Heilige Gees deur middel van interpersoonlike kommunikasie werk, word daar aan die pastor sowel as aan die kliënt die geleentheid gebied tot selfrealisering (Louw 1999:209; Van Jaarsveld 2001:84).

Indien pastorale antropologie slegs op Christologie gebaseer word, geld die volgende uitgangspunte:

- 'n Eensydige beklemtoning van die inkarnasiemotief stel dit soos volg: Dogmaties is dit aanvaarbaar om te redeneer dat die inkarnasie van Christus 'n reaksie op sonde was en dat dit eksklusief soteriologies is. In antwoord op die eensydige inkarnasiemotief toon Van Ruler aan dat inkarnasie inderwaarheid veel meer is as net 'n reaksie op sonde, versoening, vergifnis en heiligmaking: dit is ook 'n reaksie op die dood. Die mens se verlossing in Christus omsluit die ewige lewe asook 'n reaksie teen die duiwel en demoniese magte wat die mens probeer beheers.
- Die mens kan nooit sy eie Heiland word nie. Daarom moet wegbeweeg word van 'n perfeksionistiese antropologie waarin die mens streef om 'n kopie van Christus te wees. Indien dit moontlik is, maak dit die versoeningswerk van Christus onnodig. 'n Gebrekkige perfeksionistiese leefwyse gee aanleiding tot gevoelens van geloofsmislukking en 'n verskraling van Christus se middelaarswerk tot die vlak van moraliteit (Louw 1999:209).
- Die kontroversie betreffende humanisme teenoor 'n antroposentriese uitgangspunt wentel hoofsaaklik rondom die gesag en eer van Gods Woord en die feit dat die mens volgens humanistiese sienings verhef word bo God (Van Jaarsveld 2001:87).

Louw (1999:210) verduidelik die verband tussen Christologie en pneumatologie binne die konteks van antropologie soos volg: "Binne 'n Christologie is die heil die objek van die geloof; binne 'n pneumatologie is die ek (die totaliteit van die menslike persoon na liggaam, siel en gees) die objek van die heil". Uit 'n pneumatologiese perspektief word die mens as 'n geheel-eenheid gesien. Hierdeur word bevestig dat die mens 'n plek het in Teologie en dat die mens sy volle potensiaal (fisiese, psigiese en sosiale dimensies) benodig vir selfaktualisering.

Hierdie erkenning maak dit vir die Christelike maatskaplike werker wat volgens 'n pastorale benadering wil werk, moontlik om daarop aanspraak te maak. Sonder die verrekening van die geestelike dimensie en erkenning van die pneumatologie kan

dienslewering vervlak tot 'n blote inkarnasie-humaniteit wat nie die totale mens binne sy geheelkonteks verreken nie.

### **3.5.5.2 Die verskil wat 'n pneumatologiese perspektief aan 'n pastorale strategie bring**

Die inkorporering van 'n pneumatologiese perspektief as deel van 'n pastorale antropologie het 'n direkte invloed op die verhouding tussen psigoterapie en pastoraat. "Die insprekingspunt word menslike potensiaal en die verstaan van die "human living document" as materiaal vir die proses van die heilsrealisering onontbeerlik. Vanweë hierdie pneumatologiese perspektief word die psigologie 'n belangrike gespreksgenoot vir pastorale teologie" (Louw 1999:211).

'n Verdere belangrike aspek is die verskil wat die erkenning tot gevolg het tussen 'n fenomenologiese en 'n pneumatologiese model. In 'n fenomenologiese model gaan dit om die psigo-fisiese en in 'n pneumatologiese model gaan dit om die "charismatiese". Sodoende word die moontlikheid geskep waarvolgens die psigo-fisiese en sosiale potensiaal deur die Gees getransformeer word en 'n nuwe gerigtheid geskep word. Die mens ontvang met ander woorde nuwe potensiaal wat charismaties van aard is. Binne die insprekings- en aansprekingsmoment word persoonlikheidseienskappe nuut. Eskatologies gesien word dit op hierdie manier gawes van die Heilige Gees. Die mens is herskep en beskik oor nuwe potensiaal met 'n nuwe intensie. Die mens word vrygemaak van 'n egoïstiese leefwyse en fokus onder leiding van die Heilige Gees op 'n diensgerigte (diakonia) leefwyse (Louw 1999:212).

### **3.5.5.2 Die praktiese toepassingsimplikasies van die model in die maatskaplike-werkprofessie**

Die belangrike aspek wat ten gunste van sosiale wetenskappe deur hierdie model beklemtoon word, is die erkenning van die rol wat dit as 'n aanvullende hulpmiddel tot mekaar kan speel.

Die Christengelowige maatskaplike werker sou deur middel van 'n inter- en intradissiplinêre benadering erkenning kon verleen aan 'n pneumatologiese moment

en die verandering wat sodanige samewerking op die gebied van diakonia kan hê tot opbou van die maatskaplike verhoudingsdimensie (Venter 1996:62).

‘n Pneumatologiese benadering komplementeer ‘n hermeneutiese narratief-pastorale benadering, aangesien daar in ‘n narratief-pastorale benadering gepoog word om die mens se verhaal te rekonstrueer met God se verhaal vir die mens. Die fusie wat tussen die twee verhale plaasvind is in werklikheid ‘n pneumatologiese gebeurte. Sodoende word dit moontlik om die boodskap van toekomshoop, gewaarborg deur Jesus Christus, met die mens-in-nood te deel.

Naas die vyf modelle wat in die voorafgaande gedeelte bespreek is, volg nou ‘n uiteensetting van die konvergensiemodel as voorbeeld van pastorale modelle wat in samewerking tussen teologie en maatskaplike werk benut kan word.

### **3.5.6 Konvergensiemodel**

Die konvergensiemodel is deur Daniël J Louw (1999:14) ontwikkel as ‘n poging om die gesprek met ander geesteswetenskappe te stimuleer. Die model vind aansluiting by die bipolarêre spanningsmodel van Heitink (1977).

Louw (1999:14) stel hom dit ten doel om die bipolarêre model verder te ontwikkel deur gebruik te maak van ‘n konvergensiemodel. Dit het tot gevolg dat die pastoraat uit ‘n eiesoortige perspektief bedryf word, naamlik die “... *perspektief van die Christelike geloof*”. Hiervolgens word die identiteit van die pastoraat as wetenskap gesoek binne die verhouding “*God en mens*”. Erkenning van die verhouding dwing die pastorale teoloog daartoe om ‘n keuse uit te oefen waarin hy sy wetenskapsbeoefening fundeer. Louw (1999:14) verduidelik verder dat ‘n konvergensiemodel beteken “... dat die aspek van *heil* (die verlossing, verandering, vernuwing, herstel en groei van die nuwe mens in Christus op grond van God se genade) die konvergensiepunt (fokuspunt en prisma) is wat deurslaggewend is vir die identiteit van ‘n terapie wat aanspraak maak op die term *pastorale terapie*”.

Louw (1999:14) gaan verder van die veronderstelling uit dat pastoraat ‘n teologiese wetenskap is en dat hy daarom ‘n teologiese model en basisteorie uit ‘n eskatologiese

en pneumatologiese perspektief kan ontwerp. “Dit beteken dat die volheid van die heil, soos vervul aan die kruis en opstanding van Christus en bemiddel deur die Heilige Gees binne die lewe van die gelowige, die kerk en die samelewing, die dinamiese kern (konvergensiepunt) van die pastoraat beskryf. Die konvergensiepunt word vanuit ‘n eskatologiese perspektief bedryf. Pastorale denke word gevolglik vanuit die oorwinning van die opstanding getipeer”. Louw (14:1999) vind regverdiging vir hierdie teologiese uitgangspunt in die feit dat hy nie die menslike siel of assertiewe psigiese potensiaal in die sentrum van pastoraat plaas nie maar in geloof in God, gefundeer in die geloofsopdrag: hoop en liefde. Louw ontwikkel uit hierdie beskouing van hom die sogenaamde promissiotherapie as ‘n pastorale strategie (Vgl. 3.4.6.3).

Die konvergensiemodel word vervolgens bespreek deur kortliks aandag te gee aan die basiese raamwerk waarbinne dit ontwerp is, te wete die God-mens-ontmoeting, ‘n eskatologiese perspektief, die pastorale gesprek, pastorale terapie, geloofsvolwassenheid en metodologie in pastorale en praktiese teologie: die asimmetrie van die “Chalcedon model”.

### 3.5.6.1 Die God-mens-ontmoeting

Louw (1999:100) is van mening dat wanneer ‘n God-mens-ontmoeting plaasvind, die heil ‘n drieërlei gebeure van verandering teweegbring, naamlik konstitutiewe, agogiese en heiliging. Die drie aspekte beteken by implikasie die volgende:

- **Konstitutiewe veranderinge.** Dit dui op die wesenlike verandering met betrekking tot die mens se wesenlike toestand en lewenskwaliteit. In die Bybel word die verandering wat plaasvind in verband gebring met bekering. In die Ou Testament is bekering meestal gekoppel aan ‘n verandering in denke en lewensgerigtheid, terwyl dit in die Nuwe Testament in verband gebring word met die verandering in wil en rede. In die veranderingsproses wat gedurende die pastorale ontmoeting plaasvind, is daar twee aspekte wat ‘n rol speel, te wete konstitutiewe bestaansverandering as ‘n wegkeer van sonde, asook ‘n nuwe kwalitatiewe bestaansverandering waarvolgens ‘n totaal nuwe persepsie en lewensvisie ten opsigte van die sin van die lewe gevorm word.

- **Agogiese veranderinge.** In die verloop van die pastorale veranderingsproses speel beïnvloeding, kennis en inligting ‘n rol. Die oordraging van kennis op ‘n agogiese wyse dra by tot die keuse van verandering wat gemaak word ten gunste van ‘n totaal nuwe lewenswandel en prioriteite.
- **Veranderinge wat heiliging tot gevolg het.** Die veranderingsproses gee aanleiding tot heiliging van die mens se lewe. Aspekte wat veral geraak word, is die mens se houding, gedrag en lewenstyl. ‘n Totaal nuwe lewenstyl word gehandhaaf. Die pastorale ontmoeting skep die geleentheid waarbinne die nuwe lewenstyl ontdek word, en die uitkoms daarvan is die aanvaarding van nuwe etiese implikasies waarvolgens geleef word. Versoening tussen God en die mens vind in werklikheid plaas.

Uit die voorafgaande is dit duidelik dat die *God-mens-ontmoeting* binne ‘n narratief-hermeneutiese aanpak vir die doeleindes van ‘n terapeutiese benadering op ‘n praktiese wyse geïmplementeer kan word. Die verwysing na lewenswyses kan aangepas word binne ‘n narratief-teologiese raamwerk as lewensverhaal of narratief.

Die laaste pastorale model vir besprekingsdoeleindes van hierdie studie handel oor ‘n eskatologiese perspektief.

### 3.5.6.2 Eskatologiese perspektief

Pastoraat uit ‘n eskatologiese perspektief kan verduidelik word as ‘n “... lewensbediening vanuit die opstandingsoorwinning met behulp van ‘n teologiese perspektief wat as ‘n eskatologiese perspektief bekend staan. Pastoraat wil mense deur die geloof in die hoop sodanig laat lewe dat die oorwinning van die heil deurbreek in elke dag se lewe, ook in lyding. Die sinshorison van die evangelie word dus wesenlik bepaal deur die oorwinningsdimensie van die opstandingshoop. In die lig van die eskatologiese perspektief, word pastoraat (as die heilsbemiddeling van die evangelie) lewensbediening in hoop” (Louw 1999:87).

In die praktyk hou 'n eskatologiese perspektief die volgende konstruktiewe implikasies in:

- **Positiewe sinshorison.** *Eskatologie* dui op die totale vervulling van God se beloftes aan die mens. Die beloftes is gerig op die heil van die mens, dit wil sê dit voldoen aan die mens se mees fundamentele behoefte aan herstel, vrede, integrasie en versoening.
- **Verbondenheid aan die trou van God.** 'n Eskatologiese perspektief bied aan die mens die waarborg dat al verander alles, daar geglo kan word dat God nooit verander nie. Dit bied geborgenheid en duursaamheid. Dit is hierdie waarborg wat in terapie met die mens- in-nood gedeel word.
- **Normatiewe en rigtinggewende faktor.** “ 'n Eskatologiese perspektief is 'n kritiek op alle menslike selfgenoegsaamheid, selfsug en liefdelose selfhandhawing. In die pastorale bediening word 'n eskatologiese perspektief die normatiewe en kritiese faktor wat help om, in verhouding met al die ander geesteswetenskappe, sy teologiese basisteorie te onderskei van bloot empiries-ontwerpte teorieë” (Louw1999:91). Vir die doeleindes van hierdie studie is die voorafgaande verwysing van kritiese belang, want indien 'n terapeut nie in 'n eskatologiese perspektief glo nie, sal sy geloofsgedrag nie erkenning verleen aan 'n transendente God en waardes nie.

Begrippe soos selfopofferende diens, onvoorwaardelike liefde, toekomsgerigte hoop en dankbare lewensvreugde sal vir so 'n persoon ook nie dieselfde betekenis hê as vir daardie een wat volgens eskatologiese verwagtings leef nie. 'n Verdere rede waarom hierdie perspektief van kardinale belang is, is omdat dit verband hou met die motivering vir die studie, naamlik die fenomenologiese waargenome moedeloosheidsindroom. Indien die pastor (maatskaplike werker) as deel van die heilsboodskap die belofte van ekskatologiese hoop deur middel van die pastorale gesprek kan vestig, is dit moontlik om aan moedeloze mense te toon dat dit nie gaan om 'n tydelike lewe wat slegs op die hier en nou gerig is nie, maar om die ewige lewe en geloofsvertoue in Jesus Christus.

- **Geloof.** 'n Verdere kardinale boublok waarop 'n eskatologiese perspektief steun, is geloof. Die spesifieke medium of instrument waarmee die pastor werk, is geloof. Die gebruikmaking van geloof as instrument onderskei die pastoraat van enige ander dissipline, omdat die werking van geloof direk gekoppel bly aan die Skrif en Godsbeskouings. Geloofsgedrag word gekoppel aan die heilsgeskiedenis van God en sodoende ook aan die konkrete ontmoetingsgebeure van die verbond (Louw 1999:91-92).

Die aspek van heil en heling in die pastorale bediening kan by wyse van die model, bekend as promissioterapie, wat deur Louw (1999) ontwikkel is, soos volg benader word:

### **3.5.6.3 Promissioterapie - heil en die aspek van heling in die pastorale bediening**

Die pastorale uitgangspunt waarin pastorale terapie gefundeer word, is dat die mens se verhouding met God disfunksioneel is as gevolg van die mens se sondige situasie. Die heil in Christus wil dit herstel. Die herstelling daarvan bring mee dat die mens 'n totaal nuwe veranderende lewenskwaliteit via die geloofsfunksies ervaar (Louw 1999:516).

Die verhouding tussen heil en heling in die pastorale bediening word soos volg verklaar:

- 'n Magiese verstaan van heil en heling: Alles wat op die fisiese en psigiese herstelvlak gebeur is identies.
- 'n Materialistiese verstaan van die verhouding heil en heling: Heil en heling word van mekaar geskei as twee entiteite wat niks met mekaar te doen het nie.
- Eskatologiese spanning tussen heil en heling: Heil verwys na die nuwe mens en nuwe skepping van Christus. Pastorale terapie as heilsterapie, word gebaseer op God se trou, sy beloftes, die Skrif, sakramente en gebed. Dit word ook as promissioterapie beskryf omdat heilsterapie binne die pastoraalterapeutiese gesprek as promissioterapie verklaar kan word. Die effek van promissioterapie is dat dit geloofsgroei stimuleer en spiritualiteit

bevorder. Heling verwys na die herstellende genesende kragveld van God, uit 'n pastoraal-eskatologiese perspektief. Die terapeutiese funksie van geloof op kognitiewe en rasonale vlak kan as 'n hermeneutiese funksie beskou word. Die gelowige verstaan en neem die werklikheid nou op 'n veranderde wyse waar. Die ek-gerigtheid maak plek vir God en sy medemens. Geloofsvertroue word ontwikkel (Louw 1999:523). Die pastoraat het as taak die begeleiding van die mens tot geestelike volwassenheid. Dit dui ook op teleologie (doelgerigtheid en hoopdimensie van die geloof). Lester (1995:21) wys daarop dat met die ontwikkeling en groei van psigologie daar al verder wegbeweeg is van die oorspronklike filosofieë en teologieë waaruit dit ontstaan het en sodoende is die leer van toekomsverwagtings of hoop al hoe meer buite rekening gelaat. Daar word toenemend gefokus op gedrag, huidige omstandighede en die rol van vorige ervarings terwyl die dimensie van hoop as deel van 'n toekomsverwagting buite rekening gelaat word.

Dit blyk uit bogenoemde literatuur dat heil en heling 'n eenheid vorm. As maatskaplike werkers nie die geestelike dimensie verreken nie, word die twee entiteite geskei. Onbewustelik word dan goedkeuring verleen aan 'n materialistiese verstaan van die verhouding tussen heil en heling. Die geleentheid om eskatologiese hoop te verkondig, gaan sodoende ook verlore. Atwood (1998:1) stel dit soos volg: “If *Reformata semper reformanda est* is to be true, then those who work in social sciences and who lay claim to the Calvinist heritage of the reformation must be biblically introspective about the sins which undermine our labors in this small corner of the Kingdom of God”.

Bogenoemde gegewens dui onomwonde aan dat die God-mens-verhouding die kernverhouding is waarom dit in pastorale terapie gaan en dat die herstel van die God-mens-verhouding doelgerig tydens die pastorale gesprek bespreek word in samehang met ander psigo-maatskaplike probleme, terwyl dit as 'n leemte in die Christelike maatskaplikewerkprofessie geïdentifiseer kan word.

Promissioterapie kan waardevol in die volgende omstandighede aangewend word (Louw 1999:518-519):

- **Pastorale terapie, as heilsterapie, is wesenlik gekoppel aan God se trou en sy beloftewoord, vanweë die gebruikmaking van die Skrif, sakramente en gebed.** Promissioterapie het as resultaat die effek van dit wat God in sy trou beloof het. Die mens leef nou met geloof in sy hart en dit bewerk vastigheid en sekuriteit. Die reseptiewe karakter van geloof lei tot die terapeutiese effek van dankbaarheid.
- **Promissioterapie, as die toespitsing van God se konkrete beloftes op die totale historiese situasie van die mens, het as onmiddellike effek geloofsgroei en -ontwikkeling.** Die antisipasiemoment van geloofsontwikkeling wek hoop in die mens se hart op die gebied van ervaring, behoefte en verwagting.
- **Geloofstransformasie sit ‘n transenderingsproses aan die gang waardeur die gelowige, via hoop op ‘n antisiperende wyse vooruitgrypend deel het aan die volheid van die heil.** Die mens se toekomsverwagting word onlosmaaklik gekoppel aan die heilsbeloftes van God.
- **As gegronde verwagting is die Christelike hoop wesenlik opstandingshoop.** Promissioterapie ontsluit die sinshorison van die mens bywyse van ‘n positiewe antisipasieproses.
- **Toekomsblokkasie en ‘n verlies aan lewensin is die fundamentele faktor in alle disfunksionele menslike gedrag.** Lewensin word in die teologie rondom die persoon van die opgestane Christus gebou. Promissioterapie help die mens om hierdie kernwaarheid deel van sy daaglikse lewenswyse te maak.

As gelet word op die sentrale tema wat hierdie studie rig, blyk dit dat die promissioterapie van Louw (1999) oor al die wesenselemente (positiewe sinshorison, verbondenheid aan die trou van God, normatiewe en rigtinggewende faktor en geloof) beskik waarvolgens eskatologiese hoop aan die mens-in-nood tydens die pastorale gesprek gekommunikeer kan word. As sodanig bied dit moontlike antwoorde vir die probleem waarmee die maatskaplikewerkpraktyk gekonfronteer word. Dit blyk ook moontlik te wees om die inhoudelike van die promissioterapie as deel van ‘n basisteorie te benut waarvolgens ‘n narratief-pastorale benadering vir die maatskaplike werkpraktyk ontwikkel kan word.

#### **3.5.6.4 Die gemeentelike konteks van pastorale ontmoeting (koinonia) en die uitwerking daarvan (verandering)**

Pastorale ontmoetings vind plaas binne 'n gemeentelike konteks. Hierdie benadering kan teruggevoer word tot by Barth en Luther. Barth was van mening dat “siele sorg” 'n gemeentelike funksie is, terwyl Luther hoofsaaklik “broederskap” daaraan toegevoeg het.

Teen die agtergrond van die Bybelse verbondsgedagte vind 'n pastorale ontmoeting nooit geïsoleerd plaas nie. Daar is altyd 'n netwerk van verhoudings en wederkerige interaksies kom grootliks voor. In die pastoraat dui “ekosistemiese denke” op die gemeentelike raamwerk as liggaam van Christus, waarbinne die ontmoetings plaasvind (Louw 1999:115).

Vir die doeleindes van maatskaplike werk word ekologie deur Grobbelaar en Louw (1990:15) as 'n geskikte metafoer beskou waarvolgens die wisselwerkende verhoudings tussen mense en hul omgewings (gemeente) beter begryp word. Maatskaplike werk wil die mens bestudeer en daarom gaan dit in maatskaplike werk om menslike ekologie. Menslike ekologie word soos volg omskryf: “... menslike ekologie beteken om die mens binne die evolusionêre, ekologiese en sosiale geheel te beskou. Menslike ekologie bestudeer die mens binne sy omgewing, die prosesse wat tussen die mens en sy omgewing plaasvind, die wisselwerking en die beïnvloeding van mekaar en die wyse waarvolgens maatskaplike ewilibrum bereik en gehandhaaf word” (Grobbelaar & Louw 1990:15). Hierdie wisselwerking dui ook op 'n sisteemteoretiese benadering. Volgens die denkraamwerk van sisteemteorieë val die klem op die oor-en-weer beïnvloeding van sisteme en sub-sisteme uit hul omgewing (Lombard 1991:16). 'n Ekologiese benadering laat die maatskaplike werker toe om die praktyk te benader op mikro- (individu, gesin), meso- (groep) of makrovlak (omgewing, organisasie, gemeenskap) of op al drie vlakke gelyktydig.

Lombard (1991:17) voer vier redes aan waarom die ekologiese perspektief as uitgangspunt vir 'n geheelbenadering tot maatskaplike werk en dus ook onderskeidelik vir gevalle-, groep- en veral gemeenskapswerk, onderskryf kan word:

- 'n Ekologiese benadering berus op 'n herkonseptualisering van die praktyk. Dit berus op 'n meer uitgebreide kennisbasis en maatskaplike werkvaardighede wat algemeen geldend is in die praktyk ten opsigte van die drie primêre metodes in maatskaplike werk.
- Alle komponente in 'n gemeenskap moet verreken word. Maatskaplike werkers word sodoende deel van 'n multidissiplinêre span, met die implikasie dat die maatskaplike werker 'n bydrae tot gemeenskapsontwikkeling kan lewer.
- 'n Ekologiese perspektief voorkom fragmentering van die gemeenskap en beklemtoon eerder die wisselwerking tussen die mens en die omgewing.
- By wyse van 'n ekologiese benadering word mense in staat gestel om hulle lewensprobleme te hanteer deur die samelewingshulpbronne in hul maatskaplike omgewing daarvoor te benut (Lombard 1991:19).

Die sistemiese aspekte van die pastorale ontmoeting binne 'n kontekstuele ekosistemiese model is verenigbaar met 'n maatskaplike ekosistemiese benadering en bevorder 'n holistiese benadering tussen die twee dissiplines onder bespreking en kan moontlik deur middel van 'n narratief-pastorale benadering geoperasionaliseer word (Vgl. 3.3.2).

### **3.5.6.5 Toepassingsvoordele van die konvergeniemodel in pastorale maatskaplike werk**

In 'n addendum in die 1999 hersiene uitgawe van sy boek "Pastoraat as Vertolking en Ontmoeting" bespreek Louw die hele kwessie omtrent interdisiplinariteit na aanleiding van die "Chalcedon" model aanvullend tot sy konvergeniemodel. Aangesien die doel van hierdie navorsing 'n ondersoek is na die gebruiksmoontlikhede van narratief-pastorale benaderings in maatskaplike werk, waarvolgens die geestelike dimensie tydens maatskaplikewerkintervensies op 'n holistiese wyse verreken kan word, is kennisname van die aanvullende bydrae van Louw relevant en word dit vervolgens aan die hand van 'n asimmetriese benadering bespreek.

‘n Interdissiplinêre werkswyse en die wisselwerking tussen teologie en die sosiale wetenskappe gee aanleiding tot byvoorbeeld die volgende vrae:

- ”Moet praktiese teologie, dus ook pastoraat, gebruik maak van metodes van ondersoek soos dit in die mens- en geesteswetenskappe ontwikkel is?
- Kan praktiese teologie dan nie die gevaar loop om aan teologiese kwaliteit in te boet nie?
- Is dit moontlik om in terme van die hedendaagse kriteria vir wetenskaplikheid nog van teologie as ‘n vakwetenskap te praat?”

Louw (1999:558) argumenteer deurentyd as deel van die konvergensiemodel dat daar noue skakeling tussen sosiale wetenskappe en die pastoraat behoort te wees omdat die verskil tussen die twee dissiplines perspektiwisties van aard is. Dit kom daarop neer dat die pastoraat uit ‘n Christelike geloofsperspektief opereer en die sosiale wetenskappe uit ‘n fenomenologiese perspektief en empiriese mensekunde. Daar is ooreenkomste en verskille. Die wesenlike vraag waaroor dit gaan, is die beskrywing van die verband tussen die twee wetenskapsvorme.

#### - **Die “Chalcedon” -patroon en asimmetrie**

Louw (1999:558) verwys na die werk van Hunsinger (1995) waarin hy die verhouding tussen teologie en menswetenskappe, asook die verhouding tussen psigologie en die pastoraat beskryf na aanleiding van die “Chalcedon” -patroon. In die konsilie van “Chalcedon” word die Goddelike en menslike natuur van Jesus Christus beskryf uit die veronderstelling dat Jesus Christus waaragtig God en waaragtig mens is. Die twee nature vorm ‘n onveranderde ondeelbare eenheid. Die Goddelike natuur besit op ‘n nie-hiërargiese wyse ‘n hoër prioriteit bo die menslike natuur en moet uit ‘n vrye wederkerige en wisselwerkende prinsipe verstaan word. “Vandaar die konsep *asimmetrie* binne ‘n wisselwerkende verband en korrelasie” (Louw 1999:558).

Asimmetrie as ‘n teologiese metodologie het ten doel om die wisselwerkende faktor in die proses van verstaan en interpretasie (korrelasie) so te beskryf dat die eiesoortigheid van die verskillende vakdissiplines behoue bly volgens ‘n integrale

inklusiewe werkswyse. Louw (1999:559) verwys na die volgende as 'n praktiese voorbeeld: Tydens 'n pastorale of psigoterapeutiese gesprek kan in beide gesprekke byvoorbeeld 'n spirituele moment en/of 'n psigologiese probleem na vore kom. Hiervolgens is dit duidelik dat, al is die twee wetenskappe elkeen verskillend en uniek gefundeerd, dit in 'n eksistensiële praktyksituasie nie geskei kan word nie. "Dieselfde gebeure kan, hermeneuties gesproke, uit twee perspektiewe verstaan en geïnterpreteer word: 'n Christelike geloofs- of spirituele perspektief en 'n psigologiese, empiriese perspektief. Albei perspektiewe verryk die hermeneutiese proses van interpretasie en help tot 'n beter verstaan van die mens" (Louw 1999:558).

Asimmetrie ondersteun 'n eskatologiese perspektief, want in elke vorm van heling is daar uit 'n Christelike spiritualiteit 'n faktor van transendensie: die teenwoordigheid van God. "So word heling op 'n indirekte vlak 'n teken van die heil en verwys dit na die eskatologiese dimensie" (Louw 1999:559). In 'n asimmetriese model word die dissiplinêre integriteit van pastoraat en psigologie verskans sonder om die beginsel van interdissiplinêre samewerking te ontken. 'n Verdere voordeel van die asimmetriese model is vervat in die beginsel van korrelasie en samewerking, deurdat disfunksie wat op enige vlak voorkom, resiprokaal hanteer kan word. 'n Asimmetriese benadering bied sodoende ruimte aan die Christenterapeut (maatskaplike werker) om aandag aan die spirituele gespreksmoment te gee deur middel van 'n interdissiplinêre benadering.

#### - **Die rol van hermeneutiek in die pastorale metodologie**

Pastoraat word gesien as 'n dissipline met 'n eie identiteit. "Met *pastoraat* word dan teologie bedoel (die verstaan van die mens uit 'n Christelike geloofsperspektief) en nie die psigologie nie" (Louw 1999:560). Hierdie benadering skep ruimte vir 'n nuwe era waarin daar wegbeweeg word van die oorheersing van die psigoterapeutiese paradigma na 'n narratiewe hermeneutiese model. Louw (1999:560) konstateer dat die implikasie van hierdie verskuiwing meebring dat daar 'n nuwe funksie tot die pastoraat toegevoeg word, naamlik diè van vertolking en interpretasie. In die geval van 'n pastorale hermeneutiek word gebruik gemaak van die metafore van sorg, hulp en troos (herder, dienskneg,

wysheid en parakleet) hoofsaaklik binne die raamwerk van die Skrif en die kerklike tradisie. Sodoende ondersteun 'n pastorale hermeneutiek die beginsels van geloofshulp en lewenshulp.

Die voorafgaande bespreking dien as motivering waarom die narratiewe benadering gekies is om deur middel van 'n interdisciplinêre ondersoek te bepaal tot hoe 'n mate dit as 'n pastorale benadering deur maatskaplike werkers gebruik kan word. In Hoofstuk 4 word breedvoerig aandag gegee aan die voorafgaande aspekte.

Vervolgens word enkele opmerkings oor die narratiewe model uit 'n diakonologiese epistemologie gemaak.

In 'n addendum in die 1999 hersiene uitgawe van sy boek "Pastoraat as Vertolking en Ontmoeting" bespreek Louw die hele kwessie rondom interdisciplinariteit na aanleiding van die "Chalcedon" model aanvullend tot sy Konvergensiemodel. Aangesien die doel van hierdie navorsing "‘n ondersoek na die gebruiksmoontlikhede van narratief-pastorale benaderings in maatskaplike werk, waarvolgens die geestelike dimensie tydens maatskaplikewerkintervensies op 'n holistiese wyse verreken kan word" is, is kennisname van die aanvullende bydrae van Louw relevant en word dit vervolgens bespreek. Metodologie in pastoraat en praktiese teologie: Die Asimmetrie van die "Chalcedon Model" 'n Interdisciplinêre werkswyse en die wisselwerking tussen teologie en die sosiale wetenskappe gee aanleiding tot byvoorbeeld die volgende vrae:

- "Moet praktiese teologie, dus ook pastoraat, gebruik maak van metodes van ondersoek soos dit in die mens- en geesteswetenskappe ontwikkel is?"
- Kan praktiese teologie dan nie die gevaar loop om aan teologiese kwaliteit in te boet nie?"
- Is dit moontlik om in terme van die hedendaagse kriteria vir wetenskaplikheid nog van teologie as 'n vakwetenskap te praat?"

Louw (1999:558) argumenteer deurentyd as deel van die konvergensiemodel dat daar noue skakeling tussen sosiale wetenskappe en die pastoraat behoort te wees omdat die

verskil tussen die twee dissiplines perspektiwies van aard is. Dit kom daarop neer dat die pastoraat vanuit 'n Christelike geloofsperspektief opereer en die sosiale wetenskappe vanuit 'n fenomenologiese perspektief en empiriese mensekunde. Daar is ooreenkomste en verskille. Die wesenlike vraag wat beantwoord moet word, is die beskrywing van die verband tussen die twee wetenskapsvorme. Die Chalcedonpatroon en Asimmetrie. Louw (1999:558) verwys na die werk van Hunsinger (1995) waarin hy die verhouding tussen teologie en menswetenskappe asook die verhouding tussen psigologie en die pastoraat beskryf na aanleiding van die Chalcedonpatroon. In die konsile van Chalcedon word die Goddelike en menslike natuur van Jesus Christus beskryf vanuit die veronderstelling dat Jesus Christus waaragtig God en waaragtig mens is. Die twee nature vorm 'n onveranderde ondeelbare eenheid. Die Goddelike natuur besit op 'n nie-hiërargiese wyse 'n hoër prioriteit bo die menslike natuur en moet vanuit 'n vrye wederkerige en wisselwerkende prinsipe verstaan word. "Vandaar die konsep *asimmetrie* binne 'n wisselwerkende verband en korrelasie" (Louw 1999:558). Asimmetrie as 'n teologiese metodologie het ten doel om die wisselwerkende faktor in die proses van verstaan en interpretasie (korrelasie) so te beskryf dat die eiesoortigheid van die verskillende vakdissiplines behoue bly volgens 'n integrale inklusiewe werkswyse. Louw (1999:559) verwys na die volgende as 'n praktiese voorbeeld: Tydens 'n pastorale of psigoterapeutiese gesprek kan in beide gesprekke byvoorbeeld 'n spirituele moment en/of 'n psigologiese probleem na vore kom. Hiervolgens is dit duidelik dat, al is die twee wetenskappe elkeen verskillend en uniek gefundeerd, kan dit in 'n eksistensiële praktyksituasie nie geskei word nie. "Dieselfde gebeure kan, hermeneuties gesproke, vanuit twee perspektiewe verstaan en geïnterpreteer word: 'n Christelike geloofs- of spirituele perspektief en 'n psigologiese, empiriese perspektief. Albei perspektiewe verryk die hermeneutiese proses van interpretasie en help tot 'n beter verstaan van die mens" Louw (1999:558). Asimmetrie ondersteun 'n eskatologiese perspektief, want in elke vorm van heling is daar vanuit 'n Christelike spiritualiteit 'n faktor van transendensie: die teenwoordigheid van God. "So word heling op 'n indirekte vlak 'n teken van die heil en verwys dit na die eskatologiese dimensie" (Louw 1999:559). In 'n asimmetriese model word die dissiplinêre integriteit van pastoraat en psigologie verskans sonder om die beginsel van interdissiplinêre samewerking te ontken. 'n Verdere voordeel van die asimmetriese model is vervat in die beginsel van korrelasie en samewerking, deurdat disfunksie wat op enige vlak voorkom resiprokaal hanteer kan word. 'n

Asimmetriese benadering bied sodoende ruimte aan die Christen terapeut (maatskaplike werker) om aandag te gee aan die spirituele gespreksmoment by wyse van 'n interdissiplinêre benadering. Die rol van hermeneutiek in die pastorale metodologie. Pastoraat word gesien as 'n dissipline met 'n eie identiteit. "Met *pastoraat* word dan teologie bedoel (die verstaan van die mens vanuit 'n Christelike geloofsperspektief) en nie die psigologie nie" (Louw 1999:560). Hierdie benadering skep ruimte vir 'n nuwe era waarin daar wegbeweeg word van die oorheersing van die psigoterapeutiese paradigma na 'n narratiewe hermeneutiese model. Louw (1999:560) konstateer dat die implikasie van hierdie verskuiwing meebring dat daar 'n nuwe funksie tot die pastoraat toegevoeg word, naamlik diè van vertolking en interpretasie. In die geval van 'n pastorale hermeneutiek word gebruik gemaak van die metafore van sorg, hulp en troos (herder, dienskneg, wysheid en parakleet) hoofsaaklik binne die raamwerk van die Skrif en die kerklike tradisie. Sodoende ondersteun 'n pastorale hermeneutiek die beginsels van geloofshulp en lewenshulp. Die voorafgaande bespreking dien as motivering waarom die narratiewe benadering gekies is om by wyse van 'n interdissiplinêre ondersoek te bepaal tot hoe 'n mate dit as 'n pastorale benadering deur maatskaplike werkers gebruik kan word. In Hoofstuk 4 word breedvoerig aandag gegee aan die voorafgaande aspekte.

### **3.5.7 'n Narratiewe model**

Volledigheidshalwe word die narratiewe model as deel van die sewe gekose pastorale modelle hier aangedui. 'n Volledige bespreking van 'n diakonologies-gefundeerde narratief-pastorale model vind in Hoofstuk 4 plaas.

Tans word die narratiewe model algemeen deur verskillende hulpverlenende professies soos maatskaplike werkers, psigoterapeute en pastorale beraders gebruik (Vgl. 3.2.6). Vir die doeleindes van hierdie navorsing word gefokus op die gebruik van 'n narratiewe model uit 'n diakonologiese epistemologie. Bybelse beginsels vorm daarom die basis waarvolgens gewerk word. 'n Volledige basisteorie en kritiese bespreking tussen die twee vorme van narratiewe benaderings, te wete diakonologies-gefundeerde en postmodernisties-gefundeerde benaderings word in Hoofstuk 4 bespreek.

### **3.6 Inter- en intradissiplinêre samewerking tussen pastorale beraders en Christelike maatskaplike werkers**

Die gebruiksmoontlikhede en vereistes tot inter- en intradissiplinêre samewerking tussen teologie en maatskaplike werk word vervolgens bespreek. Aandag word gegee aan die historiese ontwikkeling as rede vir die gebrek aan interaksie, die moontlikhede tot interaksie en die voorwaardes verbonde aan interaksie.

#### **3.6.1 Historiese ontwikkeling as redes vir die gebrek aan interaksie**

Uit die voorafgaande literatuurverkenning ten opsigte van die ontwikkelingsgeskiedenis van pastorale modelle, maatskaplike werkbenaderings en beginsels, blyk dit asof die onderstaande redes moontlik aanleiding kon gee tot die gebrek aan samewerking tussen teologie en maatskaplike werk.

In die ontwikkelingsgeskiedenis van maatskaplike werk is deur die gebruikmaking van 'n Christelike benadering gepoog om die kloof tussen geloofshulp en lewenshulp deur middel van Christelike beginsels en eklektiese geselekteerde psigologiese benaderingsmodelle te oorbrug. Daar is wegbeweeg van 'n kerugmatiese benadering ten gunste van 'n fenomenologiesgerigte benadering. Die gevare verbonde aan 'n noutetiese benadering is beklemtoon aangesien dit onwetenskaplik en onprofessioneel sou wees vir 'n maatskaplike werker om met 'n kliënt in gesprek te tree oor sy sondige gedragswyses. Erkenning is verleen aan 'n bipolariteit deurdat Christelike maatskaplike werkers normatief uit 'n Christelike antropologie toetree tot die lewensprobleme van hul kliënte terwyl die geestelike dimensie nie verreken word nie. Inderwaarheid hou hulle op dié wyse die bipolariteit in stand. Wat betref 'n geloofs- en lewenshulpbenadering gee maatskaplike werkers weereens eensydig voorkeur aan 'n lewenshulpbenadering. As sodanig word daar ook nie erkenning verleen aan pastorale modelle soos konvergensiemodelle waarin erkenning gegee word aan eskatologiese perspektiewe nie. Die waarde van promissiotherapie en aspekte van heil en heling as deel van 'n pastorale bediening in 'n gemeente en ekologiese sistemiese modelle word gevolglik nie verreken nie.

Die volgende redes word deur Janse van Rensburg (1987:14 - 19) aangedui as oorsaaklike faktore vir die swak gebruik van gedragswetenskappe in pastorale benaderings:

- Starre dogmatisme word as een van die belangrikste redes aangedui waarom daar 'n geslotenheid teen die gebruik van gedragswetenskappe in 'n pastorale benadering bestaan.
- Onverantwoordelike veralgemenings aan beide kante het voorgekom. Die kerk het skepties gestaan teenoor byvoorbeeld Freudisme en sielkunde het krities gestaan teenoor sekere kerke wat affektiewe steurnisse as sonde wou behandel.
- Swak kommunikasie tussen praktiese teologie en mensewetenskappe kan ook 'n struikelblok tot interaksie wees. Sielkundiges was van mening dat die pastor met sy geloofsbenadering van sondeskuld, belydenis en vergifnis die pasiënte ontstel en hulle in gevaar stel deur te maak of hy iets van sielkunde weet.
- Samewerking tussen psigologie en praktiese teologie kan verder vertroebel word as daar by een of beide 'n onvolledige begrip en omskrywing van godsdiens is of as daar 'n verkeerde Gods- of sondebegrip bestaan.
- Dit is dikwels moeilik om die ineengevlegtheid van psigiese en religieuse aspekte te skei. Behandeling van slegs een aspek sal geen doel dien nie. Dit is dikwels nodig dat een persoon aan beide aspekte aandag gee. Daar is definitiewe raakvlakke en daarom is genoegsame kennis van menswetenskappe nodig om een-dimensionele behandeling te voorkom. 'n Intradisiplinêre werkswyse kan hierdie uitgangspunt komplementeer.

### **3.6.2 Moontlikhede tot interaksie tussen praktiese teologie en maatskaplike werk**

Beide maatskaplike werkers en pastorale beraders maak gebruik van psigoterapie as 'n basisteorie in hul beradingsmodelle. Pastorale beraders kommunikeer, in aansluiting by die promissioterapie van Louw (Vgl. 3.4.6.2), oor die heilsboodskap. Rolspelende dimensies soos God se beloftes, verbondenheid aan God, sonde en geloof word daarom tydens berading in berekening gebring.

Maatskaplike werkers daarenteen kommunikeer nie die heilsboodskap tydens berading nie. Indien maatskaplike werkers in aansluiting by die sentrale tema van

hierdie studie, 'n bydrae tot die oplossing van die oorheersende moedeloosheidsindroom in die samelewing wil maak, is dit noodsaaklik om aandag aan die verrekening van die geestelike dimensie te gee. Die verrekening van die geestelike dimensie in die praktyk van maatskaplike werk kan op 'n inter- en intradissiplinêre wyse geskied deur die gebruikmaking van teologies-gefundeerde pastorale modelle. Volgens die literatuurstudie beskik maatskaplike werkers nie oor genoegsame teologiese vakwetenskaplike kennis om op 'n wetenskaplike wyse aandag aan die verrekening van die geestelike dimensie te gee nie. Maatskaplike werkers sal waarskynlik 'n paradigmaskuif moet oorweeg indien hulle 'n bydrae tot die oplossing van heersende maatskaplikewerkprobleme wil lewer.

### **3.6.2.1 Implementering van 'n teologiese antropologie in maatskaplike werk**

Die paradigmaskuif waarna verwys word, behels die erkenning van die geestelike dimensie as 'n integrale deel van die persoonlikheid van die mens en dat die nie-verrekening daarvan aanleiding gee tot 'n eensydige nie-holisties gefundeerde benadering. Die antwoord vir die paradigmaskuif lê in wetenskapsverantwoordbare pastoraal-teologiese gefundeerde antropologie. Toetrede tot die terrein van pastorale berading deur Christelike maatskaplike werkers wat 'n teologiese antropologie onderskryf, kan gevind word in die asimmetriese model waarvolgens die dissiplinêre integriteit van pastoraat en psigologie verskans word sonder om die beginsel van interdissiplinêre samewerking te ontken (Louw 1999:558).

'n Verdere voordeel van die asimmetriese model is vervat in die beginsel van korrelasie en samewerking deurdat disfunksie wat op enige vlak voorkom, resiprokaal hanteer kan word deur middel van verskansing. Wedersydse erkenning en verwysing is noodsaaklik. In gevalle waar die psigiese en religieuse aspekte ineengestremel is, of waar onmiddellike verwysing nie moontlik is nie, is die interaktiewe (intradissiplinêre) gebruik van kennis en vaardighede van die menswetenskappe noodsaaklik (Janse van Rensburg 1987:19). Die narratief-pastorale benadering, gebaseer op Bybelse beginsels, wat vir die doeleindes van hierdie studie gekies is en waarvolgens die mens-verhaal aan die hand van die Godsverhaal op 'n hermeneutiese wyse vertolk word, skep ruimte vir interaksie tussen maatskaplike werk as 'n menswetenskap en pastorale benaderings.

### **3.6.2.2 'n Ekologies-sistemiese benadering**

'n Ekologies-sistemiese benadering bied bepaalde voordele waarvolgens maatskaplike werkers op 'n praktiese wyse binne die raamwerk van 'n gemeentekonteks by die ontmoetingsgestalte van heil aansluiting kan vind. Hier word veral gedink aan maatskaplike werkers in diens van kerke. 'n Konvergensiemodel bied moontlikhede daarvoor. Die rol van die kerk in 'n moderne samelewing vra ook nuwe aanpassings. Een van die aanpassings wat gemaak behoort te word, is die gebruik van die kennis en beginsels van menswetenskappe, met voorbehoud dat die menswetenskappe 'n teologiese begroning moet hê (Janse van Rensburg 1987: 29). Die pastoraal-narratiewe benadering wat vir die doeleindes van hierdie studie gekies is, waarvolgens die mens-verhaal aan die hand van die Godsverhaal op 'n hermeneutiese wyse vertolk word, skep ruimte vir interaksie tussen maatskaplike werk en pastorale benaderings.

### **3.6.2.3 'n Holistiese benadering**

Die aanspreek van maatskaplike verval (etiese ontwikkelingsvlak), materiële nood (armoede) en geestelike nood, vereis 'n holistiese benadering. Die funksionering van die mens kan nie in kompartemente verdeel word nie (Louw 1999:54). As Christengeoriënteerde mense rig Bybelse waardes en norme die etiese ontwikkelingsvlak waarvolgens daar in die lewenspraktyk gedink en gehandel word. Maatskaplike verval het sy oorsprong in die verontagsaming van Bybelse norme en waardes. Indien dit ontken word, verdwyn die basislyn waarvolgens etiese besluite geneem word (Louw 1999:2; König 2001:105). As 'n praktiese voorbeeld kan verwys word na saamleefverhoudings van ongetroude jongmense wat dan sonder meer as reg aanvaar word.

Wat die materiële nood van mense betref, kan daar geredeneer word dat die mens eerstens uitvoering moet gee aan die werksopdrag van God om in materiële behoeftes te voorsien. Indien armoede voorkom as gevolg van byvoorbeeld ekonomiese en politieke omstandighede en materiële hulp om hierdie rede verleen word, moet die ontvangers daarvan bewus gemaak word dat God eintlik die inisiatief agter die hulpverlening is (Venter 1996:85).

Interaksie is nie 'n keuse is nie, maar 'n opdrag. Die lewensnood van die moderne samelewing maak sielesorg 'n noodsaaklikheid vir elke pastor (Janse van Rensburg 1987:28). Indien dit nie gedoen word nie, sal die pastoraat 'n oudtydse en uitgediende museumstuk word. Dieselfde aanname kan van toepassing gemaak word op Christelike maatskaplike werkers. Binne hierdie verwysingsraamwerk kan geredeneer word dat maatskaplikewerkbenaderings geïntegreer word met pastorale benaderings op 'n interdisiplinêre basis ten einde 'n geheelraamwerk moontlik te maak waarvolgens aandag aan die verrekening van die geestelike dimensie gegee kan word.

### **3.6.3 Voordele verbonde aan interaksie**

Die vraag of praktiese teologie nie moontlik sy eiesoortige karakter sal verloor as daar van metodes van die menswetenskappe in die pastoraat gebruik gemaak word nie, is deur navorsing weerlê (Louw 1999:564). Inteendeel, dit het die praktiese teologie verryk. Die kennisverryking uit die sielkunde en sosiologie het daartoe bygedra dat die pastor meer akkurate evaluering van persoonlikheidsprobleme kon maak. 'n Verdere voordeel wat hierdie kennisinhoud vir die pastor inhou, is dat hy vroegtydig probleme kan identifiseer en sodoende voorkomend terapeuties-begeleidend kan optree. Hierdie kennis bied ook bepaalde metodologiese benaderings aan die pastor. Ten einde sinvol diens aan 'n gemeente te lewer, word dit selfs bepleit dat alle pastore hulle so goed as moontlik sou bekwaam om 'n goeie pastorale diens aan lidmate te bied.

Dit bring 'n belangrike vraag na vore, naamlik: Wat moet die omvang van die toerusting met betrekking tot menswetenskappe vir die pastor wees en deur wie en wanneer moet dit oorgedra word? Die insluiting van basiese opleiding in menswetenskappe behoort deel te vorm van die kurrikulum van die teoloog en dan ten minste die basiese beginsels van 'n kliniese pastoraat. Die basiese skoling ontbreek egter by die meeste teologiese inrigtings. Die tweede gedeelte van die vraag hou verband daarmee of sielkunde deur sielkundige spesialiste of deur teoloë wat onderlê is in sielkunde, aangebied moet word. Dit is 'n multidimensionele probleem. Tog blyk dit dat voorkeur gegee word aan akademiese leiding deur teoloë wat ook

sielkundig onderlê is. Die pastor moenie sy identiteit as teoloog verloor nie ( Janse van Rensburg 1987:22 - 26).

Daar kan geredeneer word dat dieselfde voorwaardes verbonde aan interaksie wat deur praktiese teologie gestel word, ook geld vir maatskaplike werk. Maatskaplike werk is 'n professie met 'n unieke bestaansreg. Maatskaplike probleme wat tans die samelewing domineer eis 'n holistiese benadering. Holisme impliseer dat erkenning verleen word aan die mens as 'n eties-sedelike wese. Hierdie erkenning bring mee dat die geestelike dimensie gesien word as die rigtinggewende dimensie waarvolgens maatskaplike bestaanskeuses gemaak word. Maatskaplike werkers kan daarom nie langer hul verantwoordelikheid versuim nie. Aanpassings in die beroep met betrekking tot opleiding is noodsaaklik ten einde die maatskaplike werker wetenskaplik toe te rus om aandag te skenk aan die verrekening van die geestelike dimensie.

### **3.6.3.1 Aanvullende opleiding**

Indien aanvullende opleiding in Bybelse pastorale benaderings vir maatskaplike werkers aangebied word, kan dit verseker dat die pastorale gesprek volgens teologies-aanvaarbare wetenskapsteorie geskied. Op hierdie wyse kan ge-argumenteer word dat teologie op so 'n wyse 'n verrykende bydrae tot maatskaplike werk kan lewer. Volgens 'n uitgebreide internetsoektog (2001) is dit reeds internasionale praktyk om pastorale benaderings in samewerking met maatskaplikewerkteorieë aan te bied.

### **3.6.3.2 Doelbewuste keuse ten opsigte van Christelike benaderings**

Daar kan geredeneer word dat maatskaplike werkers in die lig van bogenoemde bevinding doelbewuste keuses sal moet maak rakende die wetenskaplike basisteorie waarin dit gefundeer word. As gekies word om suiwer volgens 'n humanistiesgebaseerde fenomenologiese benadering te funksioneer, word die geleentheid tot 'n intradissiplinêre samewerking op pastorale grondslag onmoontlik gemaak. Indien gekies word om gebruik te maak van 'n holistiese benadering soos 'n narratief-pastorale benadering, gebaseer op Bybelse beginsels, impliseer dit dat aandag aan die verrekening van die geestelike dimensie gegee kan word. Sodoende

word ruimte geskep vir 'n inter- en intradissiplinêre samewerking tussen maatskaplike werk as 'n professie en pastorale beraders (Du Toit et al. 2001:4; Collins 1988:16).

### **3.6.3.3 Identiteit van die pastorale hulpverlening en praktiese teologie moet behoue bly**

Dit blyk uit die geskiedenis van pastorale beraad dat die teoretiese kennisinhoude daarvan baie deeglik begrond is in 'n teologiese raamwerk. Louw (1999:119) stel dit soos volg: “Wanneer teologie geloof inruil vir empirie, verwar teologie sy unieke karakter (as verstaan en vertolking van die heilsboodskap/God se heilswoord vir menslike bestaan in die skepping) met algemene handelingswetenskaplike modelle in die geesteswetenskappe en word teologie gelyk gestel aan Psigologie, Sosiologie en Kommunikasiekunde”. Teologie erken die gebruikswaarde van geesteswetenskappe en gebruik die teoretiese kennis daarvan as aanvullend tot die heilsboodskap. Deur die jare is gewaak om teologies-gefundeerde benaderings suiwer te hou. Vermenging met veral geesteswetenskappe is voorkom, terwyl dieselfde nie van maatskaplike werk gesê kan word nie. Vermenging met psigologiese modelle en politieke ideologieë kom in maatskaplike werk voor. In pastorale beraad word die Bybel benut as 'n vaste waarheid waarvolgens gehandel word.

### **3.6.3.4 Moontlikhede wat 'n perspektiwistiese benadering bied**

In pastorale terapie gaan dit om meer as net 'n Christelike benadering van 'n persoon gebaseer op Christelike waardes en norme. Louw (1999:515) stel dit baie duidelik: “In pastorale terapie gaan dit nie bloot om 'n Christelike antropologie nie, dit gaan ten diepste om 'n Christelike teologie: *Wie God in Christus deur sy Gees vir mense is, in die lig van die eskatologiese perspektief van heil. Dit gaan dus in 'n pastorale terapie om die verhouding tussen heil en heling*”. Met die voorafgaande word nie bedoel dat daar in pastorale terapie slegs op die geestelike dimensie gekonsentreer word nie. Inteendeel, dit impliseer 'n holistiese benadering omdat heling van die mens nie net met sy innerlike siel te doen het nie, maar met die totaliteit van menswees. In pastoraal-terapeutiese modelle word daarom gebruik gemaak van die integrasie van psigo-terapeutiese teorieë op sowel interdissiplinêre as intradissiplinêre wyses (d.w.s die aanpassing van die ander model se teorie in terme van die eiesoortige teorie van die eie model). Samevattend kan dit 'n perspektiwistiese model genoem word. “*Die*

*verskil lê in die basiese filosofie grondliggend aan die model, naamlik dat die mens òf beskou word vanuit 'n geloofsperspektief (verhouding met God), òf vanuit 'n sekulêre perspektief (outonomie van die menslike persoon)'' (Louw 1999:515).*

Die verskil tussen sekulêre psigologiese en pastorale psigologiese benaderings word in Tabel 3.1 aangedui.

**Tabel 3.1 Die verskil tussen pastoraat en psigologie binne 'n perspektiwistiese benadering**

<b>Skopuspunt van pastoraat</b>	<b>Skopuspunt van psigologie</b>
Primêr is die onsigbare dimensie van geloof (transpsigiese dimensie). Die belydenis-komponent staan sentraal. (Geloofsbelydenis en preskriptiewe geloofsanalises).	Primêr is die fenomenologiese dimensie van die menslike potensiaal. Die empiriese komponent staan sentraal. (Deskriptiewe analises).
In die kommunikasieproses is die inhoud belangrik. Dit word bepaal deur Christologie en pneumatologie.	In die kommunikasieproses is die styl belangrik. Dit word bepaal deur die houding van die berader en deur persoonlikheid.
Menswees word bepaal deur sy skepselmatige struktuur. Charismatiese potensiaal (genadegawes) bepaal menslike houding, gesindheid en gedrag. Dieptebewussyn en vorentoebewussyn is belangrik.	Menswees word bepaal deur persoonlikheid, gedrag en verhoudings. Bewuste- en onderbewuste prosesse is belangrik.
Die kernfaktor vir blokkasie is die sondekomponent (skuld), die verganklikheidskomponent (dood) en die vertwyfelingskomponent (sin).	Die kernfaktor vir blokkasie is die neurotiese en psigotiese komponent (Psigopatologie).
Groei vind plaas deur middel van radikale verandering (bekering) en 'n kwalitatiewe transformasie van die bestaan. Die basis hiervoor is die soteriologie en pneumatologie.	Groei vind plaas deur middel van persoonlikheidsontwikkeling (potensiaal-ontsluiting). Die basis hiervoor is 'n spesifieke persoonlikheidsteorie.

<b>Skopuspunt van pastoraat</b>	<b>Skopuspunt van psigologie</b>
Opbou binne relasies behels koinonia. Empatie en simpatie word kwalitatief bepaal deur agape.	Opbou binne relasies behels groepsterapie. Empatie word bepaal deur kommunikasievaardighede.
Potensiaalontsluiting geskied uit die herskeppende heil (eskatologiese perspektief).	Potensiaalontsluiting geskied uit die skeppende selfrealisering.
Pastoraat as ‘n openbaringswetenskap word nie buite-om die empiriese voltrek nie. Die empiriese en fenomenologiese veld word eskatologies deur die Skrif gerig.	Psigologie as ‘n empiriese wetenskap volstaan met ‘n fenomenologiese analise van die menslike eksistensie.

Louw (1999:301, 562) kom tot die gevolgtrekking dat die verskillende perspektiewe meebring dat ‘n multidissiplinêre spanbenadering uiteindelik meewerk tot die heil van die totale mens. Vanweë die belangrikheid van interdisiplinariteit het teologie toenemend onder die druk van wetenskapsmetodologie in die menswetenskappe gekom. Daar is tans ‘n vryer verkeer tussen teologie en die metodes van menswetenskappe as voorheen (Memmott et al. 2001:14; Tarpay 2000:1; Faculty of medicine 1997:1; Peterson & Martin 2000:7). Hierdie uitgangspunt kan die samewerkingsmoontlikhede tussen pastorale benaderings en maatskaplike werk op ‘n interdisiplinêre manier bevorder.

Die verskil tussen Christelike maatskaplike werkers en pastorale beraders (psigoterapeute) word soos volg deur Collins (1988:17) verduidelik: “Pastoral Psychotherapy is a long-term, in-depth helping process that attempts to bring fundamental changes in the counselee’s personality, spiritual values and ways of thinking. It is the work of an trained specialist”. In maatskaplike werk word nie deurlopend deur alle rolspelers aandag gegee aan die lewensveranderde doelwit wat ‘n pneumatologiese inspraak tot gevolg kan hê nie.

“Teologie is die spreuke oor God en wanneer die gebruik van vakkundige kennis van die menswetenskappe daartoe lei dat hierdie beginsel nie tot sy reg kom nie, kan die

naam praktiese teologie nie meer toepaslik wees nie” (Janse van Rensburg 1987: 31). Menswetenskappe kan ‘n bydrae lewer om die weg tot ontmoeting tussen God en die mens voor te berei. Jesus het in Sy pastorale erbarming die heling van die totale mens ten doel gehad.

### **3.7 Samevatting**

In hierdie hoofstuk is die wetenskapsteoretiese perspektiewe waarin maatskaplike werk en pastorale benaderings gefundeer is, verken. Daar is eerstens aandag gegee aan die ontwikkelingsgeskiedenis van beide professies.

Dit blyk dat maatskaplike werk en pastorale beraad parallel ontwikkel het. Beide professies het in hul ontstaan gebruik gemaak van psigologiese en sosiologiese kennis. Dit wil voorkom asof daar op die teologies-pastorale gebied gepoog is om die oorspronklike teologiese basisteorie waaruit dit ontstaan het, suiwer te hou. Kennis van die geesteswetenskappe word op ‘n aanvullende basis gebruik in die aspek van heil en heling van die mens-in-nood.

Maatskaplikewerkteorieë het oorspronklik ontstaan deur gebruik te maak van psigologiese, teologiese en sosiologiese kennis. Die afgelope tien jaar is grootliks wegbeweeg van die teologiese fundering en is hoofsaaklik gebruik gemaak van humanisties-georiënteerde geesteswetenskaplike benaderings soos narratiewe terapie uit ‘n postmodernistiese epistemologie.

Voorts is aandag gegee aan die domeinomsrywings van die twee dissiplines met die doel om die terreine daarvan te begrens. Dit blyk asof beide professies op hulpverlening aan die mens fokus. Die behandelingstrategieë wat gevolg word, word gerugsteun deur onderliggende antropologiese beskouings. Die verskil wat daar tussen pastorale en Christelike maatskaplikewerkbenaderings voorkom, sentreer rondom die verrekening van die geestelike dimensie. Die maatskaplikewerkprofessie verreken egter nie die geestelike dimensie in gesprekvoerings nie. Daar word gefokus op die normatiewe herstel van verhoudings, terwyl die geestelike dimensie in pastorale gesprekvoering verreken word deur aandag te gee aan die geestelike denkpatoon en die rol van geloof as integrale deel van die heersende problematiek.

‘n Inter- en intradissiplinêre werkswyse kan moontlik gemaak word indien die maatskaplikewerkprofessie die geestelike dimensie erken en in gesprekvoerings verreken. Dit blyk asof die promissiotherapie soos ontwikkel deur Louw en ‘n asimmetriese benadering moontlikhede skep waarop ‘n basisteorie vir ‘n narratief-pastorale maatskaplike werkpraktyk ontwikkel kan word.

‘n Baie duidelike onderskeid word gemaak tussen professioneel opgeleide persone en lekeberaders. Lekeberaders word meestal Bybelse of Christelike beraders genoem. Hulle maak hoofsaaklik gebruik van die Bybel as handboek en is van mening dat dit voldoende kennis bied om hulle berading op te kan skoei. Die woord *pastoraal* word geassosieer met persone wat oor akademiese kwalifikasies beskik in teologie en sielkunde, byvoorbeeld ‘n pastorale sielkundige. Christelike maatskaplike werk dui daarop dat maatskaplike werkers in hul benadering ondersteuning bied aan ‘n Christelike antropologie.

In die volgende Hoofstuk word narratief-pastorale basis- en pratyk-teoretiese perspektiewe na aanleiding van die literatuurbevindings in hierdie hoofstuk bespreek.

## HOOFSTUK 4

### NARRATIEF-PASTORALE BASIS-TEORETIESE PERSPEKTIEWE VIR MAATSKAPLIKE WERK

Uit die voorafgaande hoofstukke blyk dit dat indien Christelike maatskaplike werkers 'n verandering wil maak in die algemeen oorheersende moedeloosheidsindroom wat by die meeste mense in noodsituasies voorkom, daar aansluiting by die geestelike dimensie van die mens gevind moet word (Damianakis 2001:23; Hodge 2001:43). Die verrekening van die geestelike dimensie tydens terapie impliseer onder andere aandagskenking aan die rol van normatiewe geestelike waardes wat deur die leiding van die Heilige Gees in die lewensverhale van Christene in werking gestel word. 'n Aansluiting by die geestelike dimensie as 'n innerlike versterkende kragbron, kan tot die skep van 'n hoopgerigte toekoms lei, wat in die lewensverhaal van ewige hoop in Jesus Christus gefundeer is (Louw 1999:5).

Die manifesterende moedeloosheidsindroom en die hantering daarvan deur maatskaplike werkers as deel van die heersende maatskaplikewerkprobleem van die dag vereis waarskynlik 'n nuwe visie en benaderingswyses, omdat die verrekening van die geestelike dimensie 'n geheelbenadering impliseer waarvolgens al die synsdimensies van die mens deur middel van interdisiplinêre benaderings verreken kan word. 'n Geheelbenadering is omvattend en sluit die fisiese, psigiese en geestelike dimensies in (Vgl. 1.6.2.5; 2.3.3; 3.6.2.3; 4.3.5.2; 6.13). Vir die doel van hierdie studie word aansluiting by pastorale benaderings gevind waarin aandag aan die verrekening van die geestelike dimensie volgens 'n geheelbenaderde beskouing gegee word. Louw (1999:160), Ganzevoort (2000:277-287) en Damianakis (2001:23) wys daarop dat die pastorale ontmoeting (die verstaan van die mens uit 'n Christelike geloofsperspektief) dit onmoontlik maak om menslike probleme te beperk tot 'n psigologiese en/of teologiese reduksie. Die proses van interaksie tussen mens en God is te kompleks. Die probleem word verder beïnvloed deur die mensbeskouing wat onderliggend aan die benaderingsmodel wat gevolg word, is (Vgl. 2.2; 2.6; 3.1.6).

In die uitvoering van die literatuurstudie val dit op dat Lester (1995:2,3), wat 'n pastorale berader van beroep is, met dieselfde probleem van mense wat toekoms hoop verloor het, gekonfronteer is. Hy kom tot die gevolgtrekking dat die moedeloosheidsindroom juis bestaan omdat pastorale beraders, psigoterapeute en maatskaplike werkers tydens

intervensies nie die dimensie van eskatologiese hoop tot volle reg laat kom nie. As 'n moontlike rede kan aangevoer word dat hul terapeutiese benaderings hoofsaaklik in sosiale- en gedragswetenskaplike wêreldbeskouings gefundeer word. Louw (1999:560) ondersteun die voorafgaande standpunt van Lester (1995:6) deur daarop te wys dat pastoraat as 'n eiesoortige teologiese dissipline met 'n eie identiteit gesien moet word en voeg by dat teoloë op die gebied van pastoraat beseft dat daar verder beweeg moet word as psigoterapeutiese modelle wat die afgelope paar dekades oorheers het. Die verskuiwing na 'n model wat sal wegstroom van die suigkrag van 'n psigoterapeutiese model word deur Louw (1999:560) beskryf as 'n narratief-hermeneutiese model waarvolgens praktiese teologie die binding vorm tussen die mens se storie en die storie van 'n Christelike gemeenskap. Die ontmoetingsgebeure word sodoende veral gerig op die fusie tussen die Godsverhaal en die mensverhaal. In aansluiting by die voorafgaande standpunte van Louw (1999) en Lester (1995) is in die maatskaplikewerkberoep 'n soortgelyke tendens waargeneem in die sin dat 'n oorbeklemtoning van die gebruik van gedragsgefundeerde modelle voorkom en 'n onderbeklemtoning van die rol wat die geestelike dimensie speel (Vgl. 1.1.3; 3.3.4.1).

Dit is noodsaaklik om in aansluiting by die doelstellings (Vgl.1.4) en die begrening (Vgl. 1.5) van hierdie studie, dit weereens te beklemtoon dat daar nie gepoog word om 'n volledige narratief-pastorale model vir maatskaplike werk te formuleer nie, maar slegs basisteoretiese perspektiewe. Die voorafgaande literatuurhoofstukke vorm inderwaarheid deel van die basisteorie van hierdie studie en kan sodoende as teoretiese boublokke beskou word, waarop die basisteoretiese perspektiewe wat in hierdie hoofstuk bespreek word, gefundeer is. Ooreenkomstig hierdie uitgangspunt kan maatskaplike werkers die basisteoretiese perspektiewe wat in hierdie hoofstuk bespreek word beskou as leidinggewende perspektiewe wat gebruik kan word om aandag aan die verrekening van die geestelike dimensie te gee.

Die keuse van 'n perspektiwistiese basisteoretiese uitgangspunt vir die beredenering van 'n narratief-pastorale benadering in maatskaplike werk, bied vanweë die aard van 'n perspektiwistiese fundering, die ruimte om aan te dui dat naas 'n narratief-pastorale perspektief, daar ook verskeie ander pastorale perspektiewe soos kerugmatiese, eduktiewe, nouetiese, bipolêre, pneumatologiese en konvergerende bestaan (Vgl 3.5).

In ag genome die voorafgaande beredenering geld samevattend die volgende uitgangspunt: naamlik dat dit in geen opsig die doel van hierdie studie is om 'n model vir 'n basisteoretiese narratief-pastorale perspektief vir maatskaplike werk daar te stel nie. Dit bied alleenlik teoretiese perspektiewe wat aan maatskaplike werkers 'n aanduiding kan gee *hoe* die geestelike dimensie tydens maatskaplikewerkintervensies verreken kan word sodat mense-in-nood weer toekoms hoop kan ervaar. Vir die daarstelling van 'n model is verdere navorsing noodsaaklik (Vgl. Figuur 1.2; 1.6.2.1).

Die keuse van 'n basis- en praktykteoretiese beskrywing in hierdie studie hou verband met die navorsingsdoelstelling (Vgl 1.3) en die navorsingsprobleem (Vgl. 1.2) waardeur die studie gerig word. Fouché en De Vos (1998:56) is van mening dat teoretietoetsing meestal in verband met selfgeïnisieerde navorsing betreffende sekere temas gebring kan word soos van toepassing in hierdie navorsing waar die navorsingsprobleem verband hou met soeke na moontlike aanduidings van die rol wat die geestelike dimensie in maatskaplike werk vervul. Vir die toetsing van 'n basisteorie geld die volgende kriteria: Bestudering van bestaande teoretiese literatuur oor die onderwerp en die verifiëring van die bevindings daarvan aan die hand van gebruikmaking van gespreksprogramme met kliënte en òf domeinkundiges soos maatskaplike werkers (Fouché & De Vos 1998:59). Die geldende kriteria wat in ag geneem behoort te word indien navorsing oor 'n teologiese basisteorie gedoen word, hou volgens Louw (1999:5) verband met die volgende vier areas:

- “Die vraag na die eiesoortige aard van 'n pastorale teologie en die soeke na pastorale metafore wat God se betrokkenheid by eksistensiële vraagstukke sinvol kan kommunikeer;
- die vraag na hoe ons die mens moet verstaan (antropologie) ten einde by te dra tot 'n proses van sinsontsluiting;
- die vraag na die eiesoortigheid van die pastorale gesprek (metode) en;
- die vraag na die karakter van pastorale terapie”.

Lester (1995:3) wys verder daarop dat 'n basisteorie verband hou met die eksistensiële bestaanswyse van die fenomeen wat nagevors word.

Vir die doeleindes van hierdie studie word op 'n interdisiplinêre wyse aansluiting by die voorafgaande beredenering rakende teoretietoetsing- en vorming volgens die voorgestelde

kriteria van Louw (1999:5) gevind. Ten einde sodoende vir die doeleindes van interdisiplinêre gebruik in maatskaplike werk tot sinvolle teorievorming oor die eiesoortigheid van pastorale metafore wat God se betrokkenheid by eksistensiële vraagstukke beskryf te kom, word literatuur in die verband verken (Vgl. 4.3). Verder meer is aandag aan die rol wat antropologie speel in hoofstuk 2 gegee. Verskillende pastorale modelle is in hoofstuk 3 bespreek asook die inter- en intradissiplinêre gebruikswaarde daarvan in maatskaplikewerkintervensies. Vervolgens word in die onderstaande hoofstuk aandag gegee aan narratief-teoretiese perspektiewe wat as 'n moontlike basisteoretiese fundering kan dien, waarvolgens maatskaplike werkers aansluiting by die verrekening van die geestelike dimensie in maatskaplike werk kan vind. In hoofstuk 5 word aandag aan die bespreking van 'n basispraktykteoretiese perspektief gegee. Die inhoudelike van hierdie hoofstuk 4 vorm sodoende 'n basisteoretiese boublok waarvolgens die basisteoretiese praktyk-perspektiewe in hoofstuk 5 bespreek word (Vgl. 1.6.1.2; 4.1; 5.1). Alhoewel die twee hoofstukke apart bespreek word, vorm dit eintlik 'n geheel/eenheid. In hoofstuk 6 word uitvoering aan die laaste teoretiese kriteria gegee deur die gebruikmaking van fokusgroepbesprekings om die teoretiese bevindings met die praktykervarings van maatskaplikewerkpraktisyns te vergelyk.

Die volgende temas word bespreek as deel van die doelstelling van hierdie hoofstuk: Die beskrywing van 'n perspektiwistiese narratief-pastorale basisteoretiese epistemologie, die oorsprong van Bybelsgefundeerde narratiewe perspektiewe, 'n bespreking van die begrippe narratief en verhaal, en gebruik van stories uit 'n Bybelse perspektief en storievorme, betekenisgewing aan 'n storie as 'n terapeutiese konsep, die kulturele waarde wat aan stories binne 'n narratief-pastorale perspektief gegee word, perspektiwistiese diakonologiesgefundeerde narratief-pastorale beginsels vir maatskaplike werk, narratief-pastoraal terapeutiese gesprekskonstrukte soos: die aanvang van die gesprek, dekonstruksie, eksternalisering, herskryf van die storie, seremonies, herinneringsgesprekke en die terugneem-aksie.

Vervolgens word 'n perspektiwistiese narratief-pastorale basisteorie bespreek.

#### 4.1 Beskrywing van ‘n perspektiwistiese narratief-pastorale basisteoretiese epistemologie

Dit is belangrik om kennis te neem dat pastoraal-terapeutiese handelings volgens bepaalde teologiese basisteorieë geskied. Die epistemologie wat as die vertrekpunt vir die basisteorie van hierdie studie dien, is diakonologies van aard. Die woord *diakonologie* is saamgestel uit die woorde *diakonia* (wat *diens* beteken) en *logos* (wat *woord* beteken). Diakonologie beteken gevolglik *diens van die Woord van God* (Janse van Rensburg 2000:77a). Dit impliseer dat erkenning aan die objektiewe waarheid van die Bybel verleen word en dat die Bybel in hierdie konteks as ‘n riglyn dien (Janse van Rensburg 2000:77a).

Naas die gekose diakonologiese epistemologie, bestaan praktiese teologie as ‘n tweede moontlike epistemologie waarin hierdie studie gefundeer kon word. Daar is op ‘n diakonologiese benadering besluit omdat dit die beste aansluiting by die doelstellings van die studie vind. Die wesenlike of belangrikste verskil tussen die twee benaderings word deur Janse van Rensburg (2000:79a) soos volg omskryf: “Diaconiology supplements biblical principles with scientific knowledge while taking care to keep the theological character intact. In using Habermas theory of communicative actions, practical theology takes human and social sciences as a point of departure, in most instances working towards a biblical understanding of the facts”. Die hantering van die Skrif volgens ‘n diakonologiese epistemologie in die pastoraat het verandering, beïnvloeding, vernuwing, vertroosting en onderskraging ten doel. Die effek wat hierdie verandering meebring, word as heilsterapie beskryf (Louw 1999:11). Heilsterapie word deur Louw (1999:13) soos volg verduidelik: “Vanweë die feit dat heilsterapie gekommunikeer word via die vervulde Skrifbeloftes en gerugsteun word deur ‘n onderliggende teologiese metafoor, naamlik die trou van God, word die woord heilsterapie vervang met die term “promissioterapie”. Die beloftes van God bied aan die mens hoop. Hierdie hoop ontsluit vir die mens antwoorde in sy soeke na betekenis vir die lewe en die dood (Louw 1999:14; Lester 1995:89; Vgl. 3.5.6.3).

#### 4.1.1. Die Normatief-Etiese Prinsipe

Die normatief-etiese prinsipe as deel van 'n basisteoretiese beginsel in die pastoraat bring mee dat die mens volgens bepaalde etiese en normatiewe gedragswyses leef as kinders van God se koninkryk. 'n Normatiewe benadering vorm 'n belangrike boublok binne die sinsraamwerk waarvolgens besluite rakende kwalitatiewe lewensbesluite geneem kan word. Hierdie benadering vind ook aansluiting by 'n teologiese antropologiese mensbeskouing en 'n eskatologiese perspektief wat aanleiding gee tot geloofsgroei en geloofsvolwassenheid. Sodoende word erkenning verleen aan die mens as 'n spirituele wese wat keuses maak onder die leiding van die Heilige Gees (Louw 1999:20). Die insluiting van die mens as 'n normatief-eties besluitnemende wese onder die leiding van die Heilige Gees, speel 'n belangrike rol in die epistemologiese keuse van hierdie studie, omdat die bestaan van vaste waardes en normatiewe keuses deur 'n postmodernistiese narratiewe benadering ontken word (Louw 1999:19). Kinders van God is verlose sondaars. Verlossing in Christus is nie 'n eenmalige gebeure nie, maar 'n voortdurende lewenslange proses (Vgl. 2.5). Alhoewel die keuse èen oomblik mag duur, word 'n voortdurende afhanklikheid en/of erkenning van God se heerskappy oor die mens se lewe vereis. God se genade-oogmerk met die mens bied bevryding van sonde, maar eis dan 'n lewenslange geheiligde lewenswyse. Die geheiligde kind van God is losgemaak van die sonde deur die offer van die Paaslam se bloed (Viljoen 2003:2). Die verlose kind van God kan net groei op die pad van heiligmaking as hy voortdurend normatief-eties volgens God se Woord leef.

Heiligmaking as 'n voortdurende proses kan omskryf word as: “Voortgaande vernuwing van die wedergeborene, 'n groei in genade, 'n steeds diepergaande ondervinding van die volkome verlossing en vryheid wat daar in Christus is. Dit is om daagliks al hoe meer in gehoorsaamheid aan God se wil te leef - soos in Sy Wet vir ons gegee. Dit is 'n lewe van oorwinning oor die sonde wat ook meebring 'n heelhartiger oorgawe aan en vrugbaarder lewe van diens vir Christus en Sy saak. So gesien is heiligmaking sowel 'n gawe van God aan die mens, as 'n doelbewuste strewe van die kant van die mens tot by sy sterwensoomblik” (Viljoen 2003:3). Die voorafgaande bespreking van heiligmaking vind aansluiting by 'n eskatologiese perspektief waarin die moontlikheid van ewige hoop opgesluit lê en bevestig

sodoende die bestaan van 'n normatief-etiese relasie waarvolgens Christene keuses maak. In 'n diakonologiesgefundeerde narratief-pastoraal-terapeutiese verhouding word aansluiting by die Christenmens as 'n normatief-eties besluitnemende wese gevind. Die mens-in-nood en die Christelike maatskaplike werker deel vanweë die werking van die Heilige Gees dieselfde Bybelse waardes en norme en uit hierdie gemeenskaplike geestesgerigte lewens- en wêreldbeskouing word gesamentlik gesoek na die fusie tussen die mens se storie en God se storie vir die mens.

Louw (1999:25) wys daarop dat die waarde van 'n narratiewe aanpak in die pastoraat opgesluit lê in die sensitiwiteit van die berader om na die mens se verhaal binne 'n reële en sosiale konteks te luister. 'n Geduldige en sinvolle luisteraksie na mense se stories lei tot narratiewe sin en betekenis in verwarde gebeure. Om uit God se storie na die mens se storie te luister, voorkom dat die mens se verhaal bloot 'n fenomenologiese karakter dra. "Die proses van luister in die pastoraat is dus heuristies; daar word geluister totdat die kern van die verhaal ontvou en menslike stories en God se storie so in fusie gaan sodat 'n nuwe storie geskep word: Dit lei tot die verstaan van mense se stories in terme van die hoop en beloftes van die evangelie" (Louw 1999:26).

#### **4.1.2 Basis- en praktykteoretiese omskrywing**

Die aard van hierdie studie is interdisiplinêr en daarom is dit noodsaaklik om daarop te wys dat die begrippe basis- en praktykteoretiese vorming in pastorale teologie vir navorsingsdoeleindes gebruik word vir die beskrywing van nuwe teoretiese en praktykkennis. Daarteenoor word in maatskaplikewerknavorsing bloot na maatskaplikewerkteorie en/of -praktyk verwys. Ter verduideliking word die verskil tussen die begrippe verder bespreek.

Die verskil tussen maatskaplike werk en pastorale teologie ontstaan as gevolg van die teologiese aard van pastorale sorg as 'n teologiese vak. Ten diepste gaan dit in teologiese teorievorming om 'n epistemologiese vraagstuk. Die vraag wat beantwoord moet word, hou verband met kennisvorming en die bron van kennis. Die bron van kennis vir die teorievorming in teologie is die Skrif. Die interpretasie van bestaande metafore in die Skrif word gemaak om God se trou en sorg te verduidelik (Louw

1999:10). Die interpretasie waarna verwys word kan net sinvol gedoen word as erkenning aan ander wetenskappe soos filosofie en sielkunde wat op teologie 'n invloed uitoefen, gegee word. Teorievorming geskied deur middel van 'n hermeneutiese wetenskapsbenadering. Volgens sodanige beskouing word pastorale hulpverlening gekoppel aan die sosiale konteks waarin die mens hom bevind. Pastorale sorg sluit 'n priesterlike dimensie in wat meebring dat die liefde van God aan alle mense, ook die nie-Christen, oorgedra behoort te word (Louw 1999:11). Die doel en gebruik van 'n basisteorie word deur Venter (1996:25-16) verduidelik as 'n sistematiese beskrywing van byvoorbeeld kommunikatiewe handelings uit Skrifopenbarings. In die refleksdomein van die praktyk vind praktykteoretiese teorievorming as resultaat plaas. 'n Praktykteorie beskryf gevolglik *hoe* 'n basisteorie in die praktyk behoort te funksioneer.

Beide teorieë (basis en praktyk) het egter met èen werklikheid te doen naamlik die mens. 'n Hermeneutiese wisselwerking tussen die twee refleksdomeine is nodig om tot prakties-teologiese teorievorming te kom. Ter wille van 'n verdere verduideliking van 'n basisteorie verwys Venter (1996:26) na 'n model waarvolgens 'n probleem wat in die bedieningspraktyk ontstaan, nie meer suksesvol opgelos kan word deur bestaande bedieningspraktyke nie. Om op 'n wetenskaplik-verantwoorde wyse aandag aan die saak te gee, word 'n nuwe basisteorie ontwerp. Die nie-funksionerende teorie word aan die hand van volledige empiriese gegewens aan die praktyk gemeet en met meta-teoretiese insigte geïntegreer. Sodoende vind ooreenkomstig die basisteorie, 'n hermeneutiese wisselwerking plaas en lei die situasie-analise tot 'n nuwe (verstelde) praktykteorie en voortgaande prakties-teologiese teorievorming (Vgl. 1.6). In aansluiting by hierdie verduideliking wys Louw (1999:11) daarop dat dit in die hermeneutiese verstaanproses eintlik gaan om sensitiwiteit en verdieping van die pastorale ontmoeting tussen God en die mens. Dit gaan nie oor die gee van praktykmatige voorskrifte of riglyne nie, maar oor die ontwikkeling van byvoorbeeld die pastor se luistervermoëns sodat die heersende lewensprobleme reg verstaan word binne die konteks van 'n God-mens-ontmoeting.

Nel (2002:150) beklemtoon die mens-in-nood se luistervermoë. Die mens moet leer om na God te luister en vervolgens dit wat "gehoor" word met die wagtende, luisterende pastor te deel (Vgl. 4.5.1; 5.2). Die ware pastor fasiliteer die situasie. Hy

tree wag-georiënteerd op en nie resultaat-georiënteerd nie. Hy handel uit geloofsvertroue en wag saam met die mens-in-nood op God se antwoord (Müller 2000:63). Hierdie uitgangspunt vind aansluiting by die narratiewe benadering wat vir die doeleindes van hierdie studie gekies is, omdat 'n narratiewe benadering nie tegniek-georiënteerd is nie, maar aansluiting vind by 'n natuurlike vorm van kommunikasie waarin stories met mekaar gedeel word in die lig van God se storie vir die mens (Müller 2000:70,71).

In wese kan bogenoemde beskrywing toepaslik gemaak word op die situasie waarin die maatskaplikewerkprofessie tans verkeer, deur aandag te skenk aan die daarstelling van 'n nuwe basis- en praktykteorie in die vorm van 'n narratief-pastorale benadering, ten einde in die behoefte van 'n praktykteoretiese perspektief te voorsien waarvolgens die geestelike dimensie deur maatskaplike werkers verreken kan word.

Samevattend geld die volgende basisteoretiese beginsels vir 'n diakonologies-gefundeerde epistemologie in pastorale wetenskapsvorming vir maatskaplike werk:

- 'n Diakonologiese epistemologie word op Bybelse beginsels gebaseer (Vgl. 1.6.1.3).
- Daar word gebruik gemaak van menslike wetenskappe en erkenning word op 'n gebalanseerde wyse aan empiriese en fenomenologiese navorsing verleen (Vgl. 2.3).
- Diakonologie plaas Jesus Christus in die sentrum van die aktiwiteite in die kerk met volle erkenning aan sy wese as Koning, Priester en Profeet. Die gesag van God word erken en oorgedra aan sy kerk. Die gehoorsame uitvoering van sy opdragte reflekteer sodoende sy gesag en teenwoordigheid (Janse van Rensburg 2000:78a).
- Erkenning word verleen aan die mens as 'n normatief-eties besluitnemende wese gefundeer in die inhoudelike van die Bybel as leidinggewende perspektiewe waarvolgens in God se koninkryk geleef word (Vgl. 2.2.2; 4.1.1).
- Ware sin vir die mens is geleë in eskatologiese hoop. Die pastor fasiliteer die pastorale gespreksontmoeting op so 'n wyse dat die beloftes van Gods Woord

as heils-verkondiging tot verandering lei, wat uitloop op geestelike verdieping, geloofsgroei en -volwassenheid (Vgl. 2.3.2.1).

Vervolgens word aandag verleen aan die oorsprong van Bybelsgefundeerde narratiewe perspektiewe.

#### **4.2 Die oorsprong van Bybelsgefundeerde narratiewe perspektiewe**

In die alledaagse maatskaplike omgang van mense word van storievertelling gebruik gemaak as 'n manier waarvolgens kennis met mekaar gedeel word. Op dieselfde wyse word in die Bybel ook gebruik gemaak van stories om die verlossingsverhaal van God met die mens te deel (Smit 1999:1). In die Ou Testament toon die verhaal van die volk Israel 'n ryk verhalende konteks. As 'n voorbeeld dien die verhaal van die trek van die Israeliete na die beloofde land (Vgl. Eksodus vir die verhaal van die Israelitiese volk). Dieselfde tendens word byvoorbeeld in die Nuwe Testament in die Evangelies gevind (Vgl. Matteus; Lukas; Markus; Johannes). As 'n voorbeeld dien die verhaal van die saaier waar Jesus aan die woord is (Luk. 8; Vgl. 4.2.1).

McWilliams (2000:1) beweer dat meer as 40% van die inhoud van die Bybel in narratiewe formaat saamgestel is. Die eintlike storie waarom dit in die Bybel gaan, is die verlossingsstorie van God vir die mens. Hierdie storie kan beskryf word as diè Storie van alle stories. Geen mensgemaakte of geskrewe storie kan ooit so ryk wees aan beskrywings, karaktersketse en waarhede nie. Christene leer God ken uit die Bybel en op grond van die oordrag van Bybelverhale aan mekaar. Kinders wat in 'n Christelike gemeenskap en gesin grootword, maak vroeg reeds kennis met Bybelstories.

Narratiewe benaderings huldig die standpunt dat 'n narratief uit 'n netwerk van temas en idees bestaan, om sodoende betekenis in 'n spesifieke sosiale konteks te kommunikeer.

'n **Narratief** kan daarom verstaan word as 'n produk van 'n werklike outeur byvoorbeeld Matteus wat bedoel is om deur 'n spesifieke gehoor of lesers in 'n spesifieke konteks geles te word. Die werklike outeur vertel die storie. Die storie

wat vertel word, is wel die outeur se interpretasie van die storie byvoorbeeld Mattheus se verstaan van Jesus se verhaal. Die outeur se interpretasie is die vertellersperspektief, dit wil sê die kommunikasie van die verteller se oortuigings, houdings en interpretasies van die verhaal wat vertel word. Die vertellersperspektief verwys na die waarde- en normsisteem van waaruit die verteller die verhaal interpreteer, asook die manier waarop die interpretasie van die vertelling struktureel saamgevoeg is (Lester 1995:28; Gerkin 1997:151; Louw 1999:25; De Klerk 2000:2).

Kenmerkend van 'n narratief is dat dit lesers intrek in die verhaal, sodat hulle met die karakters in die verhaal identifiseer en sodoende by die verhaal betrokke raak. Die kommunikasieproses fokus op die intersubjektiewe interaksie tussen subjekte (Vgl. 1.6.1.1). Beide die leser en hoorder is aktief in die hermeneutiese verstaanproses betrokke (Ganzevoort 2000:2; Vgl. 5.2.2). Sosiaal gesproke word 'n sosiale konteks gekonstrueer waarin die kommunikasie van die spesifieke Bybelverhaal as gevolg van 'n gemeenskaplike verstaanproses en dieselfde normatief-etiese waardes tussen die mens-in-nood en die berader dieselfde betekenis aanneem. Die interrelasie van idees en samelewingsgedrag, kulturele en geloofstelsels word binne hierdie konteks deur beide die terapeut en die mens-in-nood deur dieselfde lens verken en verreken (Gerkin 1997:151; Willard 1998:105; Moon 2002:268).

Die voorafgaande uitgangspunte in narratief-pastorale diakonologiesgefundeerde benaderings beklemtoon die epistemologiese verskil tussen postmodernistiesgefundeerde narratiewe en diakonologiesgefundeerde benaderings (Vgl 3.2.6; 3.4.7; 4.3 vir meer omvattende besprekings oor die verskille tussen die twee beradingsvorme). Die verskille hou verband met die waarde wat in postmodernistiese benaderings aan die subjektiwiteit en die interpretasie van die mens-in-nood se verhaal deur middel van taalrefleksies toegeken word. In 'n narratief diakonologiesgefundeerde benadering, word gepoog om die mens se verhaal deur die gebruikmaking van dekonstruksieteorieë te reconstrueer om dit in ooreenstemming met God se verhaal vir die mens te bring. Subjektiewe betrokkenheid dui in hierdie verband eerstens op die gemeenskaplike verstaan wat aan die heilsboodskap in 'n Bybelse konteks gegee word en tweedens op dieselfde verstaan van normatief-etiese Bybelse gedragswyses en derdens op die werking van die Heilige Gees (Vgl. 4.1.1).

In 'n postmodernistiesgefundeerde epistemologie word die bestaan van vaste waardes en 'n gemeenskaplike uniforme verstaanproses ontken as gevolg van die beginsel van “*Differance*” asook die waarde wat aan taal toegeken word (Vgl. 4.3.3). De Klerk (2002:4) is van mening dat postmoderniste in 'n sekere sin uitdagend te werk gaan met die ontkenning van die bestaan van waarheid in narratiewe kontekste en die onderskeid tussen die teks (taal) en die werklike wêreld oorbeklemtoon. Postmodernisties word geredeneer dat die outeur van 'n teks 'n spesifieke binne-tekstuele leefwêreld kan skep, waaraan die implisiete outeur (die een binne die teks) en die implisiete lesers, in kombinasie met ander binne-tekstuele rolspelers, deelneem en help om vorm te verskaf. In postmodernistiese narratiewe terapie word hierdie literêre beginsel van toepassing gemaak deurdat die mens-in-nood sy verhaal implisiet kan vertel volgens sy eie interpretatiewe waarde. Die terapeutiese situasie vorm in hierdie opsig 'n geslote ruimte tussen die terapeut en die mens-in-nood, omdat die oordragfunksie van taal verhef word tot die kriteria waarvolgens gehandel word. Die inhoudelike van die verhaal word nie aan eksterne transendente normatief-etiese waarhede gemeet nie. Die terapeut fasiliteer slegs die mens-in-nood se vertellings. Die konstruksie waarmee gewerk word, is die persepsies van die kliënt. Die kliënt is die ekspert. Hy beskik oor meerdere kennis van sy omstandighede. Deur middel van sy vertellings word gesoek na nuwe moontlikhede waarvolgens sy lewensomstandighede verhelder kan word (Müller 2000a:13).

Die benutting van Bybelstories uit 'n diakonologiese perspektief in narratief-pastorale maatskaplike werk bring mee dat erkenning verleen word aan Bybelse beginsels en die bestaan van Christelike normatief-etiese norme (Vgl. 4.3.3; 4.3.5). Met hierdie uitgangspunt as 'n leidinggewende beginsel bied die strukturelemente wat in Bybelse verhale benut word, 'n moontlike basisteoretiese benadering waarvolgens 'n narratiewe benadering in maatskaplike werk aandag aan die verrekening van die geestelike dimensie kan gee.

Vervolgens word aandag gegee aan die narratiewe strukturelemente waarvolgens Bybel-verhale, stories en narratiewe gekonstrueer word.

#### 4.2.1 Bespreking van die begrippe narratief, storie en verhaal uit 'n Bybelse perspektief

Ten einde die ooreenkomste en moontlike verskille tussen die begrippe *narratief*, *verhaal* en *storie* te begrens, word die begrippe kortliks aan die hand van 'n Bybelse perspektief bespreek. 'n Bybelse perspektief word gebruik met die doel om op 'n analogiese manier die ooreenkomste aan te dui tussen die verloop van die mens se verhaal en God se verhaal vir die mens.

- **Narratief.** Die begrip narratief word geassosieer met die weergee van eksterne feite (Bratcher 2001:1). Die hoofsaaklike doelwit is nie die verskaffing van realistiese objektiewe eksterne feite nie, maar wel die mededeling van ervarings en 'n oproep tot die aanhoorder om in die ervarings van wat vertel word, te deel. Die funksie van die narratief is gevolglik nie beskrywend van aard nie, maar 'n oproep tot 'n respons by die hoorders (Bratcher 2001:1-3; McWilliams 2000:1-5).

- **Storie.** Die begrip *storie* verwys na 'n meer volledige relaas van die verloop van die omstandighede van gebeure (Bratcher 2001:1). Die volgende ses struktuurelemente is geïdentifiseer ten einde seker te maak dat 'n storie so volledig moontlik verken kan word:

Rolspelende persone, agtergrondomstandighede, konflik, krisisgebeure, klimaks en 'n gevolgtrekking (Bratcher 2001:1-3; McWilliams 2000:1-5). Die basiese elemente wat in 'n storie hoort, is belangrik, maar op sigself is dit nie die kern waarom dit gaan nie. Die totale storie behoort uit die perspektief van elk van die karakters gevisualiseer te word. Die elemente is eintlik die middel tot die doel waardeur 'n groter waarheid gekommunikeer kan word (Bratcher 2001:1-3; McWilliams 2000:1-5).

Die agtergrond waarbinne die narratief (of die historiese konteks) voorkom, bestaan uit *fisiese*- (spesifieke plekke, objekte of aktiwiteite), *kulturele* (gewoontes, maatskaplike waardes, geloofstelsels, wêreldbeskouings en houdings) en *tydelike* (politiek, nasionale en wêreldgebeure) dimensies. Hierdie dimensies moet te alle tye

in verband gebring word met die verhouding en interaksie waarin dit tot die karakters en storielyn staan.

- 'n **Verhaal** word saamgestel uit baie stories (Bratcher 2001:1-30). Dit is daarom noodsaaklik om aandag te gee aan die rol wat die storielyn speel. Alles sentreer om die storielyn. Die storielyn hou altyd verband met die sentrale storie, daarom gebeur dit dikwels dat die totale inhoudelike van 'n verhaal nie onmiddellik na vore kom nie. Die leser moet op 'n intelligente wyse repondeer op die oproep van God in die narratief. Pastoraal gesproke behoort daar in onderhoudvoering op dieselfde wyse by die kern van die mens-in-nood se verhaal aangesluit te word (Bratcher 2001:1-3; McWilliams 2000:1-5). Die benutting van gelykenisse deur Jesus in die Nuwe Testament bied 'n goeie voorbeeld waarvolgens die leser/hoorder opgeroep word om op 'n intelligente wyse te repondeer (Lester 1995:129; Frye 2000:33). Jesus benut vraagstelling op so 'n manier dat dit die mens tot nadenke en 'n antwoord lei. Die gelykenis in Lukas (8:1-15) van die saaiër dien as 'n voorbeeld. Hierdie gelykenis is 'n voorbeeld waaruit blyk dat alle narratiewe in die Skrif in relasie tot die totale inhoudelike gestel word en nie as geïsoleerde stories nie. Hierdie vorm van literêre konteks stel 'n bepaalde agtergrond waarvolgens die verhaal *aangehoor* word. Die mens se betrokkenheid by die storie en die respons daarop reflekteer persoonlike narratiewe, menslike behoeftes, begeertes, sondes, mislukkings, suksesse, ambisie, emosies en talle ander menslike ervarings. Daar kan gelet word op herhalings, frases en aksies om 'n beter begrip van die verhaal te vorm (Bratcher 2001:1-3; McWilliams 2000:1-5). Bybelse narratiewe is dikwels so geskryf dat dit tot 'n hoogtepunt lei en die volgende oomblik word die konflik deur middel van 'n teenvraag in die vorm van 'n opdrag geminimaliseer. Die volgende opdrag van Jesus dien as 'n voorbeeld: "Gaan heen, en sondig nie meer nie" (McWilliams 2000:3).

As die werkswyses of metodes wat in Bybelse verhale gebruik is om mense te lei tot respondering met hedendaagse narratief-pastorale vergelyk word, toon dit bepaalde ooreenkomste. Vervolgens word enkele van die bovermelde ooreenkomste aangedui:

- Vir 'n pastoraal-terapeutiese toetrede tot die verhaal van die mens-in-nood word perspektiewe gebied wat die terapeut kan gebruik wanneer geluister word na die stories en narratiewe wat deur kliënte vertel word. Die totale storie word uit die

perspektief van elk van die karakters gevisualiseer. Persoonlike lewenservarings en gebeure besit nie noodwendig 'n narratiewe karakter nie, maar ten einde ervarings en gebeure volgens 'n logiese raamwerk te orden, word van 'n narratiewe struktuur gebruik gemaak. Die oomblik as 'n storie vertel word, begin 'n proses waarvolgens gepoog word om gebeure op 'n logiese manier te orden. Deur middel van die interpretasies van die gebeure ontwikkel persoonlike identiteite en narratiewe wat aan bepaalde rolspelende karakters of persoonlikhede verbind word (Ganzevoort 2000:3). As voorbeeld kan in hierdie verband na Jona en Paulus in Bybelverhale verwys word.

- Die storielyn moet uitgeken en gerekonstrueer word om dit in ooreenstemming met die groter verhaal van God te bring. Die verbondsrelasie tussen God en die mens kan as 'n aanknopingspunt dien waarvolgens die rekonstrueringsproses van die mens se vasgeloopte verhaal weer in ooreenstemming met God se verhaal van bevryding vir die mens, gebring word. 'n Vergelykende Bybelverhaal, is byvoorbeeld die geloofsverhaal van Abraham.
- Erkenning word verleen aan alle dimensies waarbinne die mens leef. Dit bevorder 'n geheel- benadering van die mens.
- Bybelverhale handel oor 'n Bybelsgefundeerde waarheid waaruit perspektiewe, met die oog op die verlossing van die mens, afgelei kan word en wat 'n vaste normatief-etiesgefundeerde waardesisteem, waarvolgens die mens kan leef, ten doel het.
- Die mens word opgeroep tot 'n respons om in ooreenstemming met God se Woord te leef.

Die kerndoelwit wat deur middel van 'n wagtende luisterende houding bereik moet word, is die identifisering van die gaping tussen die storie wat die mens vertel en God se storie vir die mens omdat die mens tydens sy vertellings sy eie interpretasie en beleving van sy verhouding met God oordra. Die mens se verhoudings met sy medemens is dikwels 'n aanduiding van die kwaliteit van sy verhouding met God. Die respons van die terapeut op die storie wat vertel word, moet van so 'n aard wees dat dit aansluiting by 'n Bybelse verhaal vind (Bratcher 2001:3). Die terapeut kan byvoorbeeld aan die kliënt vra aan watter Bybelverhaal laat sy lewensverhaal hom dink (Vgl. 4.5.4). Die mens se storie moet as 't ware uit God se verhaal vir die mens

geïnterpreteer word. Dit kan moontlik gedoen word deur 'n hermeneutiese benadering. Die hermeneutiese model is daargestel om die uitgediende problematiek óf teologiese teorie óf ervaringspraxis uit te skakel. In die pastorale ontmoeting hoort God en die menslike subjek bymekaar. "Pastoraat, as ontmoetingsgestalte van die heil, kan nie volledig as empiriese gebeure en as kontroleerbare feite verstaan word nie" (Louw 1999:118). Die hermeneutiese dimensie, waar gebruik gemaak word van die epistemologie waar kennis aangaande die ontmoeting tussen God en die mens omskryf word soos in Bybelsverhale, laat ruimte vir die maatskaplike werker om op 'n praktiese wyse aansluiting by die induktiewe komponent van die mens-in-nood te vind.

Smit (2000:13) gebruik die volgende beeld om die voorafgaande te verklaar: Godsdienstige mense is meestal meelewende kerkmense. Hul godsdienstige oortuigings vind uiting in die daaglikse praktyk van die lewe. Godsdiens is die uiterlike kleed wat die Christendom aantrek. Kleredrag is modegebonde. So is dit ook met godsdiens. Die manier van Christenwees en godsdiensbeoefening verander met verloop van tyd wat vorm en styl betref. Die vroeë Christelike kerk, die kerk van die Middeleeue en die hedendaagse kerk dra nie dieselfde "klere" nie. As klere nie meer die liggaam komplimenteer nie, het dit onfatsoenlik geraak. Godsdiens kan ook onfatsoenlik raak as dit verskraal word tot uitgediende sentimentaliteit of 'n nuwerwetse modegier. Die vraag ontstaan of godsdiensbeoefening nog 'n diepte-dimensie besit en of dit slegs om uiterlike vertoon gaan soos met die dra van spogklere. Ware en egte godsdiens vertoon werkersklere - werke van liefde vir God en omgee vir mekaar as daadwerklike aksies.

Uit die voorafgaande kom 'n duidelike onderskeid tussen postmoderne en diakonologiese gefundeerde epistemologieë na vore. Die hoofonderskeid tussen die twee funderings is geleë in die verskil wat in die hermeneutiese interpretasieproses na vore kom (Vgl.2.1.5). Ooreenkomstig 'n diakonologiese pastoraal-narratiewe antropologiese benadering word in diepte aandag verleen aan al die synsdimensies van die mens-in-nood. In 'n postmodernisties- gefundeerde pastoraal-narratiewe benadering word interpretasies nie na Bybelse waarhede herlei nie maar na fiktiewe verhale (Vgl. 2.1.5).

Die mens se persoonlike lewensverhaal (self, omgewing en medemens) word die storieverhaal binne die lewensverhaal wat God vir die mens ten doel het. In die oordrag van die storie word geluister na die vertolking van die kliënt se geestelike beleving van sy situasie. In 'n narratief-pastorale benadering word doelbewus gepoog om die kliënt te begelei om sy eie lewensverhaal in ooreenstemming te bring met die lewensverhaal wat God vir hom op 'n unieke wyse ten doel het, naamlik 'n lewenswyse gebaseer op geloof, hoop en liefde in 'n eskatologiese tydspan. In 'n postmodernistiese benadering word gekonsentreer op die dekonstruksie van die tydelike dimensie, die *hier* en *nou*, ten einde die onmiddellike behoeftes van die kliënt as die deskundige te bevredig. Volgens die narratief-pastorale benadering word terapeutiese stories in verband gebring met geloof in God en die sinvraagstuk. Die konvergensiepunt tussen geloof en hoop word deur Louw (1999:15) as 'n eskatologiese perspektief beskryf. Hiervolgens word geloof in God in die sentrum van die mens se hart geplaas en gaan dit in die pastoraat om die sensitiwiteit van geloofsgedrag: hoop en liefde. Die klem val op God se hulpverlenende betrokkenheid. Terapeutiese stories fokus gevolglik op vrede en die gebruik van die versoeningsperspektief in 'n konfliktsituasie, waarin God, as Redder en Verlosser die sentrale rol speel.

Verskillende menings oor die korrekte volgorde en die bydraende rol wat die verskillende storie-elemente in die ontvouing van die storie speel, bestaan. Die volgende fases dien eerstens as 'n voorbeeld waarvolgens 'n verhaal kan ontvou: 'n *Noodverhaal*, *verledeverhaal*, die *verduisterde toekomsverhaal* waarvolgens saam met die kliënt gesoek word na 'n toekomsgerigte storie, 'n *hervertelde verledeverhaal* ("reframing") wat benut word om die kliënt te lei tot 'n herinterpretasie van verhale van die verlede en laastens 'n *verbeelde toekomsverhaal* wat voortvloei uit die hervertelde verledeverhaal (Müller 2000:73a). 'n Tweede mening betreffende storielyne hou verband met 'n tydlyn van hede, verlede en toekoms (Lester 1995:41). Volgens Ganzevoort (2000:5) neem die ontstaan van 'n storie vorm aan in ooreenstemming met die ontwikkeling van 'n persoonlike narratief. Die kern van die verhaal word uitgesonder as die storie-element wat die totale storie rig. In Engelse literatuur word die kern van die verhaal die "plot" van die verhaal genoem (McWilliams 2000:3).

Dit blyk samevattend uit die literatuurstudie dat verskillende menings oor die ontwikkeling van 'n storielyn bestaan. Motivering vir die meningsverskil lê waarskynlik in die sirkulêre aard van stories opgesluit (Louw 1999:561). Vir die doeleindes van hierdie studie en in ooreenstemming met narratiewe teorieë word aanvaar dat 'n storielyn nie uit vaste volgordes bestaan nie en dat 'n sirkulêre benadering van 'vorentoe- en agtertoe' beweging soos wat die storie ontvou, moontlik is.

Vervolgens word aandag gegee aan die betekenisgewing van stories as 'n terapeutiese konsep.

#### **4.2.2 Betekenisgewing aan 'n storie as 'n terapeutiese konsep**

'n Persoonlike narratiewe identiteit ontwikkel reeds sedert 'n mens se eerste lewensdag deur middel van interpretasies. 'n Huilende baba interpreteer sy ouers se sorg as vertrouwe en 'n onversorgde baba interpreteer dit byvoorbeeld as wantroue (Ganzevoort 2000:282). Hierdie voorbeeld illustreer dat die vorming van 'n persoonlike narratiewe identiteit sedert geboorte onlosmaaklik deel van 'n mens se lewe, vorm (Louw, Gerdes & Meyer 1985:11; Ganzevoort 2000:282). Hermeneuties beskou, is hierdie interpretasies die begin van 'n storielyn. 'n Kind met 'n agtergrondgeskiedenis waarin voldoende fisiese en psigiese versorgingsaandag voorsien is, se lewenstorie manifesteer gewoonlik heeltemal anders as dié van 'n persoon wat traumatiese kinderjare ervaar het. Die invloed van eksterne faktore soos die dood van 'n ouer of egskeiding, dra gewis by tot die vorming van 'n persoonlike storielyn (Van Wyk 1989:12; Ganzevoort 2000:282). Tydens maatskaplikewerkintervensies word van eksploreringsvrae gebruik gemaak om volledige maatskaplike agtergrondinligting oor die ontwikkelingsgeskiedenis van kliënte te bekom. Die terapeutiese doelwit daarvan hou verband met die plasing van die kliënt se storie binne 'n terapeutiese konteks waarvolgens aansluiting gevind word by die hartseer en pyn wat deur mense-in-nood ervaar word (Vgl. 4.2.2.1).

**Eksplorerings van die storielyn.** Die narratief-pastorale terapeut en die mens-in-nood moet gesamentlik deur die verloop van die verskillende verhaalfases of die storielyn na bindingslyne tussen die verhaal van God en die probleem-versadigde

verhaal van die mens-in-nood soek (Vgl. 4.5.3). Geïdentifiseerde leidrade wat na die kern van die storielyn lei, lei meestal ook tot leidrade wat op die nie-nakoming van Bybelse waardes en norme dui. As voorbeeld kan in hierdie verband na 'n huweliksverhouding verwys word wat deur huwelikskonflik gekenmerk word en volgens 'n basisteoretiese narratiewe-pastorale benadering op 'n oormaat selfliefde of selfsugtige lewenstyle by huweliksmaats dui (Vgl. 2.4).

Ganzevoort (2000:8) is van mening dat die volgende vier kenmerke van narratiewe teorieë benut kan word vir die daarstelling van 'n terapeutiese konteks: Die kern van die storie, die maatskaplike agtergrond, invloedryke rolspelers of karakters en die skep van 'n terapeutiese klimaat. Vervolgens word die voorafgaande kenmerke bespreek na aanleiding van die rol wat dit speel in die beskrywing van die feitelike gebeure waarvolgens stories uiteengesit kan word.

#### **4.2.2.1 Uiteensetting van die storie met betrekking tot feitelike gebeure**

Vervolgens word die kenmerke wat die kern van 'n storie beskryf, bespreek.

- **Die kern van die storie.** Die woord "plot" is eintlik 'n Engelse woord. Dit word vry algemeen net so in Afrikaanse literatuur oorgeneem. Dit sou vervang kan word met Afrikaanse woorde soos die knoop of kern van die verhaal, storielyn of samesweerder (Bosman, Van der Merwe & Hiemstra 1984:1092). Vir die doeleindes van hierdie studie word gebruik gemaak van die woord *kern*. Die kern van 'n storie word deur Ganzevoort (2000:8) beskryf as die beginpunt van sekere bindingslyne wat tot 'n bepaalde eindpunt lei. Dit bied 'n leidraad tot herkenbare patrone in die verloop van gebeure. Volgens hierdie aanname kan geredeneer word dat 'n persoonlike narratiewe saamgestel word uit bepaalde verbandhoudende bindingslyne onderliggend aan die kern en dat dit in meervoudige stories vertel word (Vgl. 2.4.1). Meervoudige stories word ook as *subleidrade* beskryf. Dit gebeur dikwels dat te min inligting uit die hoofleidraad na vore kom ten einde 'n geheelbeeld van die totale storie te vorm. In die teorie word van verskillende begrippe gebruik gemaak om dit te beskryf. Nooney (1999:2) gebruik die woorde *kern* en *leidraad* soos volg: Indien dit gebeur dat 'n leidraad meer aandag verg, word daarna verwys as dat die storie ryker gemaak moet word. As die leidraad vaag is, word daarna verwys as 'n dun

storie. Tydens die definiëring van 'n probleem gebeur dit dikwels dat 'n tweede storie ontvou. In so 'n geval word na 'n substorie, leidraad of 'n *subkern* verwys (McWilliams 2000:3).

Dit gebeur ook dat 'n bepaalde gebeurtenis met 'n begin, middel en einde as 'n volledige storie naas die kern voorkom. Mc Williams (2000:3) verwys daarna as 'n *episode* en definieer dit soos volg: Die laagste vlak van narratiewe materiaal waarvolgens onafhanklike temas van die storie saamgestel word uit verskillende intriges manifesterend in verskillende fases en vlakke as deel van 'n groter geheel ten einde een oorkoepelende samehangende storie te vorm.

- **Maatskaplike agtergrond.** Met maatskaplike agtergrond word verwys na die totale netwerk van maatskaplike verhoudings waarbinne 'n persoon homself mag bevind soos kultuur-, kerk-, gesins- en gemeenskapsinstellings. Herhaalde verwysings na spesifieke situasies in die maatskaplike agtergrond kan verband hou met 'n persoonlike narratief. Pastorale beraders moet daarop bedag wees en dit as moontlike leidrade wat tot die ontknoping van die kernverhaal kan bydra, verder eksploreer (Switzer 1990:92; Venter 1996:128; Ganzevoort 2000:276; Smale et al. 2000:66). Die gebruik van *wat* en *waarom* vrae kan sinvol aangewend word in die eksplorering van feitelike gebeure. Dit skep 'n onmiddellike wederkerige vennootskapsproses van betrokkenheid tussen die pastorale berader en die klient (Mearns & Thorne 2001:144; Vgl. 4.2.2.1).

- **Invloedryke rolspelers.** In persoonlike verhoudings is daar bepaalde gesagsfigure, vriende en familieledes wat deurslaggewende rolle in die ontwikkeling van storielyne speel. Belangrike persone word dikwels in die vertelling van die persoonlike narratief onrealisties voorgestel in vergelyking met die werklikheid. Die pastorale berader moet daarom by uitstek daarop bedag wees om die werklike rol van invloedryke persone of betekenisvolle ander te verken en te verreken (Venter 1996:128; Ganzevoort 2000:276; Smale et al. 2000:66).

-**Skep 'n terapeutiese klimaat.** Met die skep van 'n narratief-terapeutiese klimaat word bedoel die daarstelling van 'n narratiewe atmosfeer waarbinne die mens-in-nood met vrymoedigheid oor sy stories kan gesels (Vgl. 4.3.8).

Samevattend blyk dit dat 'n persoonlike narratief verken kan word deur te soek na leidrade wat tot die ontknoping van die verhaal kan lei. Geïdentifiseerde leidrade kan visueel deur die gebruikmaking van 'n sirkeldiagram gekarteer word. Die kliënt word sodoende betrek om al die ontbrekende feitelike inligting rakende sy fisiese maatskaplike agtergrond en invloedryke persone as deel van die storielyn aan te dui. Die rol wat God se storie speel, soos deur die kliënt vertel, moet ook deurlopend gekarteer word. Teenstrydighede met Bybelse waardes en norme kan sodoende ook aangedui en bespreek word. Vrae ten opsigte van feitelike gebeure moedig 'n persoon aan om unieke uitkomstes volgens die verloop van gebeure oor 'n bepaalde tydperk en in ooreenstemming met die kern van die storie te vertel (Becavar & Becavar 2000:294). Voorbeelde van vrae van hierdie aard is: Wat het jy gedoen? Watter voorbereidings het jy getref om die stap te neem? Binne 'n narratief-pastorale benadering is dit belangrik om in ag te neem dat die ontmoeting tussen God en die mens nie as metafisies (as oorsaak en gevolg) gesien moet word nie, maar hermeneuties, met ander woorde die vertolking van die verhaal van die mens in terme van God se verhaal en omgekeerd (Vgl. 4.3.1).

Mense is voortdurend besig om lewenservarings te interpreteer en sodoende probleem- versadigde stories oor hulleself te konstrueer. Indien daar tydens eksternalisering vasgestel word dat die storie 'n probleemversadigde storie is, word dit dienoooreenkomstig beskryf. Met die nodige vrae kan 'n probleemversadigde storie verander word in 'n unieke uitkoms. Alternatiewe stories word op dié wyse moontlik gemaak, asook die herskrywing van die oorspronklike probleemversadigde stories (Becvar & Becvar 2000:293; Müller 2000:95-96a; Müller 2000:2b).

Voorts word aandag gegee aan die uiteensetting van die storie met betrekking tot betekenisgewing.

#### 4.2.2.2 Uiteensetting van die storie met betrekking tot betekenisgewing

In die formulering van praktykteoretiese perspektiewe word ook aandag gegee aan die betekenisgewing van die storie.

Stories het 'n direkte invloed op die verbeelding van die mens en kan daarom op verskillende kreatiewe wyses in terapie gebruik word (Janse van Rensburg 1998:74). Die mens vertel egter nie net stories nie, maar ontwikkel sy eie identiteit op grond van sy eie storie of geheuebeelde en die herhaalde vertelling van dieselfde storie. As gevolg van die unieke samestelling van elke mens, interpreteer elkeen inligting op verskillende wyses. Die basiese taak van narratiewe struktuurvorming is om te bepaal wat die verbandhoudende elemente is waarmee 'n persoon identifiseer om hom in staat te stel om sinvol te leef. Elke mens beskik oor 'n uitstaande narratief wat as 'n sentrale tema geïdentifiseer kan word en wat as 'n oorkoepelende integrasiepunt dien. Uit hierdie integrasiepunt vind alle koersbepalings vir die spesifieke mens plaas, soos beïnvloed deur sy persoonlike waardesisteme en lewensbeginsels wat byvoorbeeld ontleen is aan godsdienstige oortuigings. Die unieke narratief bestaan dus nie net uit kern-biologiese data nie, maar wel uit die storie in sy geheel (Lester 1995:38; Ganzevoort 2000:278).

Organiserende beginsels is leidinggewende metafore wat verduidelik hoe die mens struktuur aan die vloei van sy lewenservarings gee. In aansluiting by die kognitiewe dimensie impliseer narratiewe beginsels dat die mens kan dink, inligting ontvang, hom kan verbeel en morele keuses kan maak (Vgl. 4.3.4). Elke nuwe ervaring, stimulus of sensasie word deur denkprosesse tot 'n storie gevorm en in die geheue gestoor. Die natuurlike en outomatiese proses van narratiewe strukturering herorganiseer 'n mens se persepsies voortdurend. Deur middel van die narratiewe word verskillende verbande tussen ervarings tydens gesprekke duidelik (Lester 1995:28; Ganzevoort 2000:277). Die narratiewe impliseer die vertelling en beluistering van mense se lewensverhale asook die hervertelling daarvan. Die aanhoor van 'n storie is daarom 'n gebeurtenis wat mense saambind deur middel van 'n intelligente patroon wat 'n rykheid van ervaring tot gevolg het wat andersins nie geartikuleer sou word nie (Lester 1995:29; Freedman, Epston & Lobovits 1997:1).

In aansluiting by bogenoemde bespreking kan vrae ten opsigte van betekenisgewing sinvol benut word om 'n persoon aan te moedig om reflektierend betekenis te gee aan die impak wat die feitelike gebeure op hom as mens het. Voorbeelde van sodanige vrae is: "Wat het dit van jouself gevra om dit te doen? Wat sê die sukses wat jy behaal het van jouself?" (Becvar & Becvar 2000:294). Narratief-pastoraal beskou kan in die uiteensetting van 'n storie ten opsigte van betekenisgewing aansluiting gevind word by die geestelike denkprosesse van die mens en kan vrae in diè verband gevra word (Vgl. 4.3.5).

#### **4.2.2.3 Waarneming van narratiewe temas**

In verskillende literatuurbronne rakende narratief-pastorale benaderings word na die identifisering van homogene temas in narratiewe terapie verwys (Ganzevoort 2002:3; De Klerk 2002:2; Lester 1995:98). Die identifisering van homogene godsdienstige temas hou volgens Ganzevoort (2002:3) byvoorbeeld verband met gevoelservarings rakende vertrou, geloof, hoop, aanvaarding deur God, aanvaarding deur medemense, skuldgevoelens, woede en die verloor van beheer oor emosies. Lester (1995:99) is van mening dat die tydige identifisering van onderliggende gevoelsmatige temas wat godsdienstig van aard georiënteerd is, kan bydra tot die ontwikkeling van die uiteindelijke fusie tussen die mens se verhaal en God se verhaal van hoop vir die mens. Narratiewe temas soos konflikpatrone is ook geïdentifiseer in die voorkoms van maatskaplike probleme wat verband hou met huweliksprobleme, egskeiding en homoseksuele leefwyses (Ganzevoort 2002:30). In die herlees van gedokumenteerte narratiewe gevallestudies tydens narratiewe navorsingsprosesse word narratiewe temas duidelik sigbaar. Kulturele waardes is ook as 'n belangrike sentrale tema binne narratiewe perspektiewe geïdentifiseer.

Die rol van kulturele waardes as 'n narratiewe tema word vervolgens bespreek.

#### **4.2.2.4 Die rol van kulturele waardes as 'n narratiewe tema**

In 'n narratiewe benadering moet altyd kennis geneem word van die feit dat individue deel vorm van 'n groter kultuurgemeenskap, wat saamgestel is uit verskillende

kultuurgroepe. Die kultuur- spesifieke agtergrond moet tydens berading verreken word (Lester 1995:42). Dit is gewens om in 'n narratiewe benadering van multikulturele kommunikasie te praat, omdat beide begrippe op die belangrikheid van verstaan binne verskillende sosiale en geografiese kontekste dui (Louw 1999:23). Die narratiewe benadering is ook geïdentifiseer as 'n geskikte gespreksmedium vir gebruik in multikulturele terapeutiese sessies omdat die oop ongeforsende metodiese aard daarvan sigself aansluiting tot verskillende diversiteite verleen (Müller 2000:8a).

Aangesien hierdie studie gefundeer is in 'n Bybelse epistemologie, is dit belangrik om te let op die rol van godsdienstige beginsels as 'n kulturele waarde in Christelike gemeenskappe. In 'n pastoraal-narratiewe teorie word aanvaar dat die godsdienstige beginsels wat die mens as deel van sy verwysingsraamwerk en lewensbeskouing internaliseer, in die hede, verlede en toekoms 'n rol speel. Persone wat in die drie-enige God glo, sal op grond van 'n narratiewe benadering volgens 'n toekomsverwagting leef, wat eers finaal met Christus se wederkoms voltrek sal word (Lester 1995:40).

Die narratiewe teologie is van mening dat die mens religieuse ervarings as geloofservarings beleef en dat dit toekomsverwagtings skep wat op geloof uit die verlede gebou is. Die kern waarvandaan gewerk word, is die verhaal van Jesus Christus wat die mens liefhet. Die mens staan as gevolg daarvan in 'n bepaalde verhouding met God (Lester 1995:41). 'n Narratief-pastorale benadering impliseer daarom dat die mens se storie binne die raamwerk van God se storie vir die mens geplaas word (Louw 1999:23). Kinders leer die storie van God by hul ouers ken. Godsdienstige geloofsoortuigings en gedrag word sodoende aan kinders oorgedra. Aanvullend tot die ouers se verantwoordelikheid lewer die kerk en skool 'n bydrae in die godsdienstige vorming van die kind deur die inskakeling van die kind by kerklike aktiwiteite vir kinders. Kinders ontwikkel sodoende geleidelik 'n eie identiteit waarvolgens hulle God beleef (Gerkin 1997:151; Becvar & Becvar 2000:358; Ganzevoort 2000:281; Hodge 2001:36; König 2001:31-33). Op hierdie wyse word die Christelike ontwikkelingsgerigte prosesse van die mens deel van 'n geloofsgemeenskap binne die strukture van 'n kerk en die samelewing.

Die voorafgaande bespreking oor die proses waarvolgens persoonlike godsdienstige narratiewe ontwikkel, is van kardinale belang in die formulering van 'n basisteorie vir narratief-pastorale benaderings, omdat dit as 'n aanknopingspunt tydens die pastorale gesprek gebruik kan word in die verrekening van die geestelike dimensie. Die volgende vrae kan as gesprekknopers benut word:

- “Vertel wat jy kan onthou van jou godsdienstige beleving as ‘n kind”
  - “Wanneer het jy die eerste keer bewus geword of gehoor van Christus?”
- (Gerkin 1997:117).

Crabb (1997:8) is van mening dat Christen-wees as 'n lewensreis gesien moet word. Die gehalte van die lewensreis word deur die lewensingesteldheid van die mens bepaal. As Christus die sleutelrol in 'n mens se lewensreis speel, kan 'n blywende gevoel van vreugde en vrede in tye van voor- en teëspoed ervaar word. Geesgenote as medereisigers ondersteun mekaar en 'n hegte gemeenskaplike geloofsverbondenheid word sodoende gevorm, wat bydra tot geestelike groei en ontwikkeling van mekaar as vriende en gemeentelede.

Gerkin (1997:115) gaan 'n stap verder deur te sê dat pastorale sorg in 'n gemeenskap die resultaat is van medemenslike omgee. *Omgee* in die Christelike sin van die woord is altyd omvattend, want dit dui nie slegs op die individu nie, maar ook op die totale gemeenskap. Hierdie beskouing maak dit moontlik om op 'n natuurlike en spontane wyse by die geestelike dimensie van die mens aansluiting te vind. Narratiewe ruimte word op dié wyse vir 'n narratief-pastorale benadering in maatskaplike werk geskep wat toetred tot die geestelike dimensie van die kliënt kan verseker. Hierdie benadering hou die voordeel in dat die geestelike gesprek 'n integrale deel van die totale benadering uitmaak.

Binne die raamwerk van 'n diakonologiese basisteorie word die wete dat 'n mens geestelik kan groei op 'n hermeneutiese wyse benut om aansluiting by die Christelike lewens- en wêreldbeskouing van die kliënt te vind. In 'n kritiese bespreking ten opsigte van postmoderne narratiewe epistemologieë wys Becvar en Becvar (2000:358) daarop dat die mens nooit losgemaak kan word van die invloed wat Hoër orde waardes op 'n mens het nie. 'n Hermeneutiese teorie integreer die sosiale,

simboliese, interpretatiewe, betekenisgewende en religieuse dimensies van die totale persoonlikheid (Vgl. 4.3). Indien daar tydens berading in die soeke na die kern van die verhaal ooreenkomstig 'n hermeneutiese oogpunt te werk gegaan word, word die mens in sy geheel benader. Die rigtinggewende etiese waardebepalings wat die religieuse dimensie aan die mens se lewe bied, word sodoende ingesluit in die soeke na die kern van die storie. Toekomsgerigte stories word op hierdie manier, uit die nuut-geïnterpreteerde geestelike waardes wat tydens die eksplorering van die storielyn na vore gekom het, gerekonstrueer.

### **4.3 Perspektiwistiese, diakonologiesgefundeerde narratief-pastorale beginsels vir maatskaplike werk**

Onderliggend aan 'n epistemologie lê bepaalde unieke beginsels. Vervolgens word die epistemologiese beginsels betreffende 'n diakonologiesgefundeerde narratief-pastorale benadering bespreek. Aandag word gegee aan hermeneutiek, die rol van waarheid, die rol van die verbond, teologiese antropologie, die nie-kundige posisie van die terapeut, die kliënt as 'n ekspert, magsoosisies, metafore, 'n eskatologiese tydsdimensie en die verhoudingsaard van narratief-pastoraalterapeutiese gesprekke.

Die verstaan van hermeneutiek vir die doeleindes van hierdie studie word eerstens bespreek.

#### **4.3.1 Hermeneutiek**

*Hermeneutiek* word deur Janse van Rensburg (2000:12) omskryf as die proses van begripvorming deur middel van interpretasie. Indien hermeneutiek binne 'n diakonologiese epistemologie gefundeer word, is Janse van Rensburg (2000:72) van mening dat Bybelse beginsels as die basiese vertrekpunt dien waarvolgens interpretasies op 'n deduktiewe wyse gemaak word. 'n Diakonologiesgefundeerde epistemologie gaan van die standpunt uit dat die inhoudelike van die Bybel waar is en dat dit 'n normatiewe riglyn aan Christene bied (Van der Watt 2000:135). In hierdie verband meen Louw (1999:19) dat mense normatiewiteit nodig omdat dit 'n sinsraamwerk bied waarvolgens besluite geneem kan word. Nuwe betekenis word aan 'n sinsraamwerk gegee as dit deur middel van geloofsinhoude aan normatief-etiese

handelinge verbind word. In die sentrum van die mens lê dus 'n geloofsaksie wat alle gedragswyses rig (Louw 1999:31).

'n Diakonologiese hermeneutiese benadering skep vir beraders ruimte om nie net kontekstueel te werk nie, maar om die probleem hermeneuties, uit die lig van Gods Woord, te verken. Die dinamiese proses van die werking van die Heilige Gees en die Woord van God word so aan mekaar verbind. Die kliënt staan nie neutraal in die hele proses nie, trouens hy is betrokke in die gesprek en beweeg van verstaan tot verandering (Janse van Rensburg 2000:73). Hermeneutiek as wetenskap verwys na die beginsels van verstaan, vertolking en interpretasie met die doel van betekenisoordrag (Louw 1999:561).


Pastorale hermeneutiek is betrokke by wat bekend staan as die hermeneutiese sirkel. Die sirkel word in drie komponente verdeel, te wete:

Die vóórteks - die bron

Die teks - die boodskap

Die konteks - die situasie.

Binne die sirkel is twee prosesse van denkaktiwiteit teenwoordig, te wete: 'n Terugwaartse kritiese interpretatiewe denkaktiwiteit en 'n voorwaartse praktiese toepassingsdenkaktiwiteit met die oog op betekenisoordrag en die skep van eskatologiese hoop deur middel van 'n vaste bepalende toekomsgerigte dimensie.



**Figuur 4.1 Hermeneutiese interpretasie**

In Figuur 4.1 word ‘n visuele oorsig van die denkproses wat tydens hermeneutiese interpretasie plaasvind, gegee. Die eerste sirkel hou verband met die verstaan van die teks uit een konteks terug na die oorspronklike konteks terwyl die tweede sirkel ‘n beweging impliseer na die verstaan van die grondervaring en oorspronklike konteks via die teksmedium na die interpreteerder binne sy konteks en situasie (Louw 1999:561). Die sinsbetekenis van die hermeneutiese sirkelbenadering lê daarin dat sowel die terugwaartse as voorwaartse beweging daartoe bydra om toekomstige antispasie te bewerkstellig (Lester 1995:40; Louw 1999:561; Ganzevoort 2000:280). “Die ontwikkelde self van die mens binne die ervaringsveld van kultuur en maatskappy verskaf die storiemateriaal vir die proses van pastorale hermeneutiek. Die kenbron vir ‘n antropologie word die ervaringsituasie, die taalveld en simboliese verwysingsraamwerk van die menslike lewe, almal gesien as ‘n narratiewe gebeure waarin die mens, agter sy lewensverhaal die sinvraagstuk stel. Wat beteken dit alles

vir my?” (Louw 1999:565). Uit die voorafgaande blyk dit duidelik dat ‘n diakonologiese epistemologie ‘n logosentriese benadering aan ‘n hermeneutiese verstaan koppel waarvolgens woorde ‘n algemene universele vaste betekenis en waarde vir die doeleindes van sinvolle kommunikasie het.

#### **4.3.1.1 Die gebruik van hermeneutiek in pastorale benaderings**

Die begrip *pastoraat* verwys na die verstaan van die mens uit ‘n Christelike geloofsperspektief (Vgl. 1.6.1; 3.4.1.3). Die pastoraat wil te alle tye sy teologiese karakter behou en poog om deur middel van ‘n hermeneutiese narratiewe benadering weg te beweeg van psigoterapeutiese dominasie in die pastoraat (Gerkin 1997:111; Vgl. 3.5). In ‘n pastorale konteks word diagnose en analise in verband gebring met pastorale hermeneutiek. Dit wil sê *hoe* die heil in Christus aan die mens-in-nood oorgedra word sodat hyself kan ontdek wat geloofsgroei en lewensin in Christus beteken. Die doel is nie om die wese van God op ‘n psigo-analitiese manier te ontleed en op die menslike persoonlikheid toe te pas nie. Aansluiting word by ‘n pastorale hermeneutiek gevind op so ‘n wyse dat dit die toepassingswaarde van die heilsonsontmoeting verhelder met die oog op sinontdekking en geloofsgroei vir die mens (Louw 1999:374).

Uit die voorafgaande blyk dit dat die volgende betekenis aan hermeneutiek vir die doeleindes van narratief-pastorale benaderings toegeken word: Die heilsboodskap van God word as God se verhaal vir die mens bestempel. Deur middel van hermeneutiese interpretasies poog die pastorale berader om die mens se verhaal in ooreenstemming met God se verhaal vir die mens te bring. Die Woord van God dien as ‘n duidelike normgewende riglyn waarvolgens hermeneutiese waarde-interpretasies gemaak word.

#### **4.3.1.2 Asimmetrie en hermeneutiek as ‘n basisteorie**

Asimmetrie verwys na die wisselwerkende proses van verstaan en interpretasie tussen verskillende dissiplines met behoud van die eiesoortigheid van elke dissipline. ‘n Asimmetriese benadering bied daarom ‘n bruikbare basisteorie waarvolgens pastorale benaderings in maatskaplike werk op ‘n intradissiplinêre wyse benut kan word (Vgl. 3.6.3 vir ‘n bespreking in die verband).

Die asimmetriese benadering, voortspruitend uit die konvergensiemodel wat deur Louw (1999:14) ontwikkel is (Vgl. 3.5.6) maak dit hermeneuties moontlik om andersyds aandag te gee aan die dimensie van spiritualiteit en die transendentale inherent aan die Christelike geloof en andersyds te voldoen aan die eise van wetenskaplikheid, naamlik die produsering van betroubare, gesistematiseerde en verstaanbare kennis (Louw 1999:563; Janse van Rensburg 2000:72a). 'n Narratiewe dimensie maak dit egter moontlik om die bindinge ("connections") tussen verskillende lewensverhale en die Christelike storie van die geloofsgemeenskap te vertolk en te interpreteer naas die gewone funksies van die pastoraat naamlik heling, begeleiding, ondersteuning en versoening (Lester 1995:28; Gerkin 1997:111; Louw 1999:560).

In die maatskaplikewerkgesprek, as deel van sosiale wetenskappe, kan 'n spirituele sowel as 'n psigologiese dimensie na vore kom (Lombaard 1980:14; Louw 1999:5, 515, 562; Brandt & Skinner 1999:212; Zastrow 2000:57; Van Dyk 2001:291). Teoreties word hierdie twee dimensies geskei, maar in die praktyk kan dit nie geskei word nie. 'n Asimmetriese narratief-hermeneutiese benadering maak dit moontlik om uit 'n teologiese sowel as psigologiese en maatskaplikewerkperspektief na dieselfde probleem te kyk. Dit verryk die hermeneutiese proses van interpretasie tot voordeel van die mens-in-nood en bevorder interdisiplinêre samewerking (Brammer & Shostrom 1968:433; Collins 1988:69; Venter 1996:62-63; Lutzer 1998:72; Louw 1999:559). In hierdie opsig is Zastrow (2000:6) en Becvar en Becvar (2000:7) dit eens dat die samestelling van terapeutiese benaderings, wat deur maatskaplike werkers gebruik word, ontwikkel is uit die vakdissiplines van sielkunde, sosiologie, psigiatrie, kulturele antropologie en politieke- en ekonomiese wetenskappe. In die praktyk manifesteer die implementering van die teorieë in transaksionele analise, psigo-analise, Rogeriaanse terapie, psigoterapie, realiteitsterapie, gedragsterapie en analitiese sielkunde.

Uit die voorafgaande blyk dit dat 'n asimmetriese-hermeneutiese benadering die gebruik van pastorale benaderings in maatskaplike werk moontlik maak. Die verrekening van die geestelike dimensie vereis spesialiteitskennis rakende pastorale teologie. Indien maatskaplike werkers oor die nodige pastoraal-teologiese kennis

beskik, bied 'n asimmetries-hermeneutiese benadering aan maatskaplike werkers die geleentheid om met dië aanvullende kennis tot hul maatskaplikewerk-kennisraamwerk tydens intervensies op 'n professioneel erkende wyse aan die verrekening van die geestelike dimensie aandag te skenk.

#### **4.3.1.3 Voordele van 'n hermeneutiese aanpak vir narratief-pastorale maatskaplike werk**

'n Hermeneutiese benadering waarvolgens die mens se verhaal en die Godsverhaal binne 'n gemeenskapskonteks deel van mekaar word, bied ruimte aan die maatskaplikewerkprofessie vir inter- en intradissiplinêre samewerkingsooreenkomste met pastorale beraders. Indien die mens se verhaal nie aan die Godsverhaal verbind word nie, word daar nie volgens 'n geheelbenadering gewerk nie en kan die benadering nie as pastoraal bekend staan nie (Vgl. 1.6.2.5; 2.3). Louw (1999:26) en Ganzevoort (2000:287) verwys na vyf belangrike paradigma-skuiwe wat binne teologiese teorievorming plaasgevind het rakende die gebruik van hermeneutiese benaderings in pastorale beraad. Die paradigmaskuiwe word kortliks bespreek, omdat dit ook vir die maatskaplikewerkprofessie voordele inhou.

- Die eerste paradigmaskuif hou verband met 'n kontekstuele benadering waarvolgens die mens nie langer individueel benader word nie, maar binne 'n psigosistemiese verband. Binne 'n hermeneutiese werkswyse maak dit samewerking tussen teologie en sosiale wetenskappe moontlik. Maatskaplike werk as wetenskap kan uit die ervaring van teoloë leer, omdat hulle in hul opleiding daarop fokus om stories aangaande geloof en die betekenis wat daaraan gegee word, te interpreteer. 'n Diakonologies-hermeneutiese epistemologie waarin erkenning verleen word aan teologie en sosiale wetenskappe, lewer gevolglik 'n verrykende bydrae tot psigopastorale praktyke. In postmoderne kringe word die bestaan van psigo-sisteme onder verdenking geplaas, omdat die resiproke funksionering van die sisteemteorie ontken word op grond van die afwesigheid van waarheidsstrukture (Bertrando 2000:84; Pilgrim 2000:10). Die verrykende invloed ooreenkomstig 'n diakonologiese hermeneutiese epistemologie gaan hierdeur vir postmoderniste verlore. As voorbeeld dien die ryk invloed van 'n kerkgemeenskap op die godsdienstige ontwikkeling van 'n

gesin vermeld te word. Die ontkenning van sodanige wisselwerking, verskraal terapeutiese moontlikhede.

- Die tweede hermeneutiese paradigmaskuif verwys na mense wat binne hul leefkonteks streef om die sin en betekenis van die God-mens-verhouding te ontdek. Dit impliseer die wegbeweging van verklaring van probleme na die verheldering en verstaan van menslike probleme binne 'n Skriftuurlike oorsprong. 'n Hermeneutiese paradigma maak gebruik van metafore en simbole om verbande met die oog op singewing te ontdek. In hierdie verband geld Psalm 23, waar die Here as 'n Herder voorgestel word en die mens daagliks na groen weivelde van waters waar rus is, lei (Vgl. 2.5; 4.3.2.1).

- Derdens word wegbeweeg van 'n kerugmatiese benadering na interpretasie en storievertelling (Vgl. 3.5.1). 'n Narratiewe werkswyse impliseer dat die mens se storie met die storie van die Evangelie in verband gebring word. Dit bring mee dat die mens se storie so geherkonstrueer word dat dit binne die raamwerk van Christus se storie vir die mens val, om sodoende Bybels-gefundeerd te wees. Christus se storie vir die mens hou verband met sondeval, genadeverkondiging, aanvaarding van die verlossingsplan van Christus vir die mens en eskatologiese hoop.

- 'n Vierde belangrike verskuiwing wat gemaak word, is die beklemtoning van die belangrikheid van onderlinge versorging van gelowiges, gebaseer op onderlinge liefde tussen mekaar teenoor 'n individualistiese afsydige leefwyse teenoor mekaar. In die Evangelies beklemtoon Christus die onderlinge liefde vir mekaar in sy vertellings en demonstreer die beginsel in die gelykenis waar Hy sy dissipels se voete was.

- 'n Vyfde paradigmaskuif is geleë in die hermeneutiese kringloop, waarvolgens geredeneer word dat die mens kan dink en dat sy aksies deur sy denke gerig word. 'n Hermeneutiese aansluiting by die mens-in-nood waarvolgens die Godsverhaal vertolk word, maak dit daarom moontlik om aan die mens te toon dat sy denke in ooreenstemming met Gods Woord moet wees. Indien dit die geval is, behoort sy dade daarvolgens gerig te word. Hier kan byvoorbeeld gedink word aan 'n geestelike volwasse persoon in wie se lewe die vrugte van die Heilige Gees weerspieël word,

wanneer daar deur middel van vrede en vreugde gestalte aan Christus se liefde vir mekaar gegee word.

Ten einde die basisteorie vir narratief-pastorale maatskaplike werk verder te formuleer, word voorts aan die gebruik van narratiewe teorie en metafore ooreenkomstig 'n Bybelse perspektief aandag gegee.

#### **4.3.1.4 Die gebruik van metafore binne 'n diakonologiese epistemologie**

Die gebruik van metafore in 'n Bybelse konteks het as konsep die verklaring van 'n idee of 'n narratief ten doel. Louw (1999:115) beklemtoon die waarde van 'n metaforiese werkswyse binne die pastorale ontmoeting as 'n paradigmatverskuiwing in die verstaan van God, omdat daar in die voorstelling van God rekening gehou word met die dinamiese kontekste van lewenservarings en betekenisvelde. In die Bybel word van metafore gebruik gemaak om die betekenis van sekere inhoudes duideliker te stel. Ten einde meer volledig met die begrip *metafoor* te handel, word na 'n paar omskrywings vir metafoor verwys:

- “ 'n Metafoor is indirekte en analogiese taalgebruik wat oor God of geloofsake iets wil sê wat nie in rasionele taal uitgedruk kan word nie” (Louw 1999:23).
- 'n Oordraagtelike figuurlike uitdrukking wat op 'n vergelyking berus, 'n beeld word in die plek van die eintlike voorstelling geplaas, of die ooreenkoms tussen twee vergeleke voorwerpe gesuggereer, vergelykingsbeeldspraak. In die volgende uitdrukkings kom metafore voor: 'n hart van klip, 'n wil van staal (Wêreldspektrum: 1982:232).

So kan 'n metaforiese verstaan van God aspekte van sensitiwiteit, medelye (patos), identifikasie (verwonding), insig en verstaan in terme van paradokse (die wyse dwaas) na vore bring. Konsepte soos “*die Vaderskap van God*” en “*God as Vriend*” (in terme van Sy verbondstrou) kry op hierdie wyse nuwe betekenis binne die pastorale gesprek waar dit ten diepste gaan om die troos en sorg van die mens volgens die verstaan van God se Persoonlike liefde vir die mens (Louw 1999:115). Binne 'n diakonologiese epistemologie kan die mens se storie deur middel van 'n metaforiese benadering binne die pastoraat aan die hand van God se storie vir die mens vertolk word. Ganzevoort (2000:11) is van

mening dat metafore benut kan word om 'n binding te maak tussen die storie van God en die mens se storie. Die gebruik van 'n metafoor in die verband word veral in die vergelykings wat deur Jesus vertel is, gebruik, byvoorbeeld "Die koninkryk van God is soos 'n man wat sy eiendom aan sy onderdane toevertrou het en op 'n lang reis vertrek het" (Janse van Rensburg 2000:8a). Die gebruik van die metafoor binne hierdie konteks wil die psigo-pastorale respons prakties maak, sodat dit deel van die alledaagse verwysingsraamwerk van die persoon-in-nood word (Crabb 1997:110; Frye 2000:56; Wilkinson 2001:24). As 'n praktiese voorbeeld word verwys na die illustrasie van Crabb (1997:115) waarin hy vuuraanstekers as 'n metafoor benut om die evangelieboodskap psigo-pastoraal oor te dra: Vuuraanstekers dui op mense wat die lewe tot 'n paar werkbare strategieë vereenvoudig. Hulle stel hul vertrouwe in mensgemaakte planne en nie in God nie. In Jes. 50:10-11 word die metafoor soos volg gestel: "Wie van julle dien die Here en luister na sy dienaar? Wie in die donker loop en geen lig sien nie, moet op die Here vertrou, moet op God steun. Maar julle wat vure aansteek en wat brandpyle gereed maak, julle sal in julle eie vuur brand, deur julle eie brandpyle sal julle doodbrand. Dit is My mag wat dit oor julle bring, julle sal beland in die plek waar die pyn nooit ophou nie".

Met die gebruik van metafore, word 'n appèl op die verbeelding van die mens gemaak. Dit skep nuwe interpretasiemoontlikhede wat nie deur die gebruik van logiese beredenerings bereik word nie. Die gebruik van metafore help ook om afstand te bring in die oordrag van sensitiewe inligting. Op diè wyse word die terapeutiese gesprek verbreed, nuwe verbindings word gevorm, nuwe perspektiewe word verkry en nuwe verbaliserings kom na vore. Die eiesoortigheid van pastorale hermeneutiek vind sy oorsprong in die ontmoetingsgestalte van die heil en dit kan vertolk word in terme van die herdermetafoor, die diensknegmetafoor, die wysheidsmetafoor en die paraklesemetafoor (Louw 1999:60 en 132). In aansluiting by Ganzevoort (2000:12) se mening dat metafore benut kan word om die binding tussen God se verhaal en die mens se verhaal te maak, word doelbewus aandag aan die herder-, dienskneg-, wysheids- en paraklesemetafoor as 'n basisteoretiese perspektief gegee.

#### **4.3.1.4.1 Die herder as metafoor**

Pastorale hermeneutiek dui op die vertolking van die verhale van mense in terme van God se verhaal en omgekeerd. Die ontmoeting tussen God en die mens moet nie

metafisies beskou word in terme van oorsaak en gevolg nie, maar hermeneuties. So beskou, kan na die herdermetafoor verwys word as "... sorg as pastorale styl wat dui op sensitiwiteit" (Louw 1999:149). In Genesis 1:26 gee God opdrag "om oor die aarde te heers". Die opdrag van die herdermetafoor, naamlik sorgvuldige versorging, het hier sy oorsprong. Die klassieke voorbeeld van Psalm 23 sluit hierby aan (Vgl. 2.5). Die verbondsgemeente word spreekwoordelik God se kudde. In die Nuwe Testament word 'n eskatologiese dimensie by die herderbegrip gevoeg (Matt 25:35-36), waarvolgens Jesus die volkere sal oordeel soos 'n wagter die skape van bokke sal skei. In die eskatologiese dimensie word 'n sosiale kriterium bygevoeg, naamlik sorgsame liefde teenoor die nood van die naaste, byvoorbeeld "Ek was dors en julle het my iets gegee om te drink" (Louw 1999:62; Frye 2000:19). Hierdie werkwoord dui op konkrete barmhartigheidsdiens binne die sosiale praktyk waar die herdersfunksie 'n sosiale en maatskaplike dimensie verkry. Die waarde van die herdersfunksie vir pastorale sorg lê daarin dat deernis en liefdevolle barmhartigheid met Jesus Christus se opofferende en verlossende liefde verbind word.

Die herdermetafoor bied ook die moontlikheid van inter- en intradissiplinêre samewerking, waar die Christelike maatskaplike werker byvoorbeeld aan mense-in-nood huisvesting en voedsel bied. As deel van die behandelingsplan kan handelswyses in hierdie opsig met dié van 'n versorgende herder in verband gebring word. 'n Metaforiese binding kan prakties gemaak word indien die maatskaplike werker met die mens-in-nood gesprek sou voer oor die Herder wat vir sy skape sorg as die eintlike gewer van die lewensmiddele.

#### **4.3.1.4.2 Die liggaamsmetafoor**

In die praktyk bestaan daar 'n meningsverskil tussen teoloë rakende die gebruik van die konsep "*herdermetafoor*". In praktiese teologiese kringe word verkies om eerder te verwys na die "*Liggaam van Christus-metafoor*" as na *herdermetafoor*. 'n Motivering vir hierdie benadering het sy oorsprong in redenasies dat die begrip *herder* in 'n gemeentekonteks dui op alleen- heerskappy en dominante optredes. Die *Liggaam van Christus- metafoor* dui simbolies meer op die betrokkenheid van lidmate in die gemeente se werksaamhede. Voorstanders van diakonologiese epistemologieë verwerp geensins die *Liggaam van Christus- metafoor* nie, trouens, dit

beskik oor sinvolle gebruikstoepassingsmoontlikhede binne gemeenteverband (Venter 1996:32; Brandt & Skinner 1999:71; Janse van Rensburg 2000:78; Frye 2000:16). Intussen word die *herdermetafoor* deur sommige praktiese teoloë verwerp en ernstig gekritiseer as gevolg van die styl wat dit na bewering impliseer (Roux & Kotze 1997:69-70).

Die liggaamsmetafoor het bepaalde gebruiksnut uit 'n diakonologiese epistemologie in die pastoraat en kan in samehang met die herdermetafoor benut word, omdat rekening gehou word met die Bybelse uitgangspunt waarvolgens gewaarsku word om nie aan die wêreld gelykvormig te word nie en om te verander en te vernuwe ooreenkomstig die werke van God (Rom 12:2; Janse van Rensburg 2000a:95).

In aansluiting by die narratiewe benadering waarbinne hierdie studie gefundeer is, kan daarop gewys word dat 'n narratief-terapeutiese beskouing nie die verandering van mense ten doel stel nie. Die geestelike dimensie van die mens kan alleenlik deur God tot verandering geïnspireer word. Uit 'n Bybelse epistemologie vir die pastoraat word geredeneer dat metaforiese kommunikasie kan bydra tot die verandering van mense om in ooreenstemming met God se verhaal vir die mens te leef. Janse van Rensburg (2000a:6) kom tot die volgende konklusie rakende die aspek: “Narrative practical theology is, therefore, an ongoing hermeneutic process within the immediate storied context of ministry. The intention of the process is the transformation of the human story, both individual and corporate, in ways that open the future of that story to creative possibilities. By faith this means nesting the individual and corporate human story finally within the biblical grounded narrative of God who is both transcendent of the human story (God’s “otherness”) and active within that ongoing story (God’s suffering, gracious, redemptive ‘presence’)”.

#### **4.3.1.4.3 Die diensknegmetafoor**

Die diensknegmetafoor dui op die binding tussen God se medelye met die mens en menslike lyding as gevolg van sonde, siekte, vervolging, ontwigting en dood. In pastorale sorg dui dit op die gedagte van offervaardigheid en identifikasie met die lydende mens-in-nood. Die pastoraat kommunikeer Christus se plaasvervangende lyding met die oog op die herstel van die mens. Die mens-in-nood moet bewus

gemaak word van die feit dat God medelye met die swaarkry van die mens-in-nood het. 'n Verband word as 't ware gelê tussen terapie en lyding. Pastorale terapie toon 'n ooreenkomende identifikasieproses tussen God en lyding op grond van die Messiaanse werk van Jesus Christus en die verlossingsplan van God vir die mens-in-nood. Die herstelmoment in pastorale beraad dui op die diakonale karakter van pastoraat, dit wil sê herstel op die fisiese vlak. Volgens die verlossingsdaad van Christus word die mens-in-nood opgeroep tot 'n gelowige aanvaarding van God se beloftes soos die ewige lewe, herstellende genesing en sondevergifnis (Louw 1999:65; Brandt & Skinner 1999:70; Dobson 2000:112; Zohar & Marshall 2001:33).

'n Toetrede tot die leefwêreld van die mens-in-nood volgens die perspektief van die diensknegmetafoor vra van die pastor 'n besondere sensitiwiteit, weerloosheid, liefde en begrip omdat hier ten diepste aansluiting gevind word by die hartseer en pyn wat die mens-in-nood ervaar as deel van die gebrokenheid waarin die mens leef. Die mens-in-nood moet uit hierdie pynlike ervaring beleef dat die pastor sy pyn met hom deel en dat die pyn draagliker kan word as aanvaar word dat God in die mens se plek gekruisig is. Dit bied nuwe hoop en visie. Die pastor tree na vore as 'n "wounded healer" (Louw 1999:66).

Samevattend blyk dit dat Christelike maatskaplike werkers aansluiting kan vind by die kliënt wat lyding ervaar as gevolg van ontwrigtende maatskaplike omstandighede deur gebruik te maak van die diensknegmetafoor. Die diensknegmetafoor neem 'n diakonale gestalte aan waar die maatskaplike werker met die gesindheid van Christus hulp verleen. Hulpverlening neem in die metafoor van die dienskneggestalte ook 'n geestelike karakter aan omdat die hulpverlening beskou word asof die hulp van God kom. Hierdie proses waarvolgens die mens-in-nood bewus gemaak word van die feit dat dit om geloof- en lewenshulp gaan moet met groot sensitiwiteit geskied (Vgl. 4.3.1.4).

#### **4.3.1.4.4 Die wysheidsmetafoor**

Vir die pastoraat beteken die wysheidsmetafoor dat dit nie slegs om die dogma gaan nie, maar om die benutting van die kreatiewe vermoëns wat die mens ontvang het. Wysheid het in hierdie konteks te doen met:

- Lewenskuns (hoe moet ek leef?).
- Sedeleer (hoe behoort ek op te tree en my naaste te hanteer?).
- Vroomheid (hoe moet ek handel vanuit die teenwoordigheid van God?).

Vir die pastoraat is die manifestering van *wysheid* van belang omdat dit verband hou met menslike ervarings binne konkrete verhoudings. In die Nuwe Testament hou wysheid ook met die ontwikkeling van moraal verband (Brandt & Skinner 1999:72; Louw 1999:66; Zohar & Marshall 2000:124). Op die terrein van die wysheidsmetafoor kan 'n baie noue samewerking tussen Christelike maatskaplike werk en pastorale berading bewerkstellig word, omdat daar in maatskaplike werk grootliks op die herstel van verhoudings deur middel van lewenskuns, sedeleer en vroomheid gekonsentreer word. In die soeke na unieke uitkomst vir 'n probleemversadigde storie, kan van 'n wysheidsmetafoor gebruik gemaak word om die probleem te dekonstrueer. 'n Kreatiewe gebruik van gelykenisse kan die wysheidsmetafoor verder komplimenteer (Vgl.5.5.2.3). Die gelykenis van die barmhartige samaritaan (Luk. 10:25-37) dien as 'n voorbeeld in hierdie verband.

#### **4.3.1.4.5 Die paraklesemetafoor**

In pastorale bediening dui die paraklesemetafoor op die implementering van indikatiewe en imperatiewe komponente van sorg en troos. Indikatiewe en imperatiewe komponente kan soos volg verduidelik word:

- Indikatiewe komponent: Die heil in Christus op grond van sy versoeningswerk en opstandingsoorwinning.
- Imperatiewe komponent: Hierdie komponent dui op sorg, troos, vermaning, teregwysing en bemoediging met die oog op 'n nuwe lewensrigting (Brandt & Skinner 1999:57; Louw 1999:67; Frye 2000:87).

Die paraklesemetafoor is 'n aspek wat nie tans in maatskaplike werk verreken word nie. Maatskaplike werkers konsentreer meestal net op die verhaal van die mens. Die verrekening van die geestelike dimensie wat in God se verhaal vir die mens opgesluit lê, vorm nie noodwendig by alle maatskaplike werkers deel van die gesprek nie.

Indien maatskaplike werkers egter deur middel van narratief-pastorale benaderings aandag aan mense-in-nood wil verleen, word 'n geheelbenadering waarvolgens die geestelike dimensie verreken kan word, genoodsaak.

Die herdermetafoor, diensknegmetafoor, wysheidsmetafoor en die paraklesemetafoor skep vir die maatskaplike werker ruimte waarvolgens aandag aan die verrekening van die geestelike dimensie op 'n professioneel-wetenskaplike wyse gegee kan word. Dit is ook noodsaaklik om kennis te dra van wat onder metafoor vir God verstaan word ten einde die korrekte hermeneutiese interpretasie daarvolgens te maak.

#### **4.3.1.4.6 Metafore vir God**

Dit is vir die meeste mense moeilik om oor die beleving van geestelike ervarings te gesels. Sommige mense beskou en/of ervaar dit as 'n persoonlike, privaat en verborge aangeleentheid tussen hulself en God (Nouwen 1969:41). Laasgenoemde outeur het by geleentheid vir 'n groep studente gevra om die gebede wat hul bid, neer te skryf. Nadat Professor Nouwen wat sowel 'n teoloog as 'n sielkundige is, die gebede gelees en bestudeer het, het hy bevind dat die studente in twee groepe verdeel kan word. Die eerste groep het met 'n gelowige afhanklikheid van hoop tot God gebid. Die tweede groep was verward en onseker oor wie God is en wat hulle kan verwag of glo. Die volgende metafore vir God is in die gebede gebruik: God as 'n kragreus, sadis, die goeie voorsiener, bedryfsingenieur, bloudrukbeplanner en as 'n towenaar. Van Jaarsveld (2001:160) en Louw (1999:403) gee 'n meer volledige weergawe van toepaslike en negatiewe Godsvoorstellings. In Tabel 4.1 (I en II) word 'n oorsig van hul bevindings gegee.

**Tabel 4.1(a) Negatiewe Godsvoorstellings**

<b>(I) NEGATIEWE GODSVOORSTELLINGS (ONTOEPASLIKE GELOOF)</b>		
<b>Geloofsinhoud</b>	<b>Effek op gedrag</b>	<b>Verduidelikende Aantekeninge</b>
a) God kan alles	Verwyf en neerslagtigheid	Wanneer God as <i>kragreus</i> geïnterpreteer word in 'n situasie van lyding en die persoon se situasie verander nie, lei dit tot negatiewe gevoelens soos neerslagtigheid en verwyf op persoonlike vlak.
b) God straf onregverdig	Weerstand, opstandigheidsgevoelens, haatgedagtes en aggressie	God word nie direk as 'n <i>sadis of paiboelie</i> geïnterpreteer nie, maar omdat God straf, dink mense God het 'n behae in lyding. "God tugtig die wat Hy liefhet". Tug kry nou 'n sadistiese konnotasie in plaas daarvan dat dit gesien moet word as 'n beskermingsmaatreël en liefdesingreep van die Vader om 'n koerswysiging in negatiewe gedrag daar te stel. Die idee dat God onregverdig is, bring gevoelens van weerstand, opstandigheid, haatgedagtes en aggressie na vore.
c) God gee net die goeie dinge	Teleurstelling en vertwyfeling	God word as 'n soort <i>kersvader</i> voorgestel, of as 'n soort assuransiepolis teen verliese. God en geloof is daar om sukses te waarborg en vooruitgang te verseker. As mense van hul materiële waarborge beroof word, of as hul gesondheid aangetas word, voel hul teleurgesteld en ervaar hulle gevoelens van vertwyfeling.
d) God is die oorsaak van die kwaad	Neutraliteit en ongeloof	<i>God word gesien as 'n outeur /bedryfsingenieur</i> wat 'n soort verklaringsgeloof tot gevolg het. Alles word verklaar uit oorsaak en gevolg. Die resultaat van hierdie beskouing is dikwels godsdienstige neutraliteit wat tot ongeloof (verwerping van God) lei.
e) God besluit alles vooraf	Onsekerheid, angs en knaende twyfel	<i>God as programmeerder/rekenaar</i> . Geloof word as 'n rasonele aangeleentheid gesien. Die raad van God word geïnterpreteer as 'n logiese bloudrukplan vir die verloop van die menslike gedrag. Daar kan nie van hierdie plan afgewyk word nie. God het dit beplan. Die uitverkiesing word as teenpool van verwerping beskou. Geloofsgedrag word gekenmerk deur onsekerheid, twyfel en angs.
f) God is die antwoord op alle probleme	Oppervlakkige optimisme	<i>God as towenaar</i> . Geloof word as 'n kitsformule gesien wat alles moet oplos. Die uitspraak "Glo net en alles sal regkom" wek die indruk dat God 'n towerstaf het. Indien 'n persoon byvoorbeeld terminaal siek is en nie gesond word nie, is dit omdat hy 'n swak geloof het. Dit manifesteer in geloofsgedrag wat op oppervlakkige optimisme dui.


**Tabel 4.1(b) Positiewe Godsvoorstellings**

<b>II) POSITIEWE (TOEPASLIKE) GODSVOORSTELLINGS (VOLWASSE GELOOF)</b>		
<b>Geloofsinhoud</b>	<b>Effek op gedrag</b>	<b>Verduidelikende Aantekeninge</b>
a) God is daar	Vertroue, sekuriteit en geborgenheid	<i>God as Vader.</i> Die Vader-metafoor versterk die gedagte aan 'n troue God. Die gelowige kan op God se beloftes staatmaak. Die verbondsformule "Ek sal vir jou 'n God wees" dui op troos en ontfermende liefde.
b) God help en doen iets as Redder	Dankbaarheid, nabyheid en intimiteit	<i>God as Vriend.</i> God is naby en teenwoordig. Sy vriendskap dui op: (i) Vergifnishulp in geval van menslike hulp (ii) Oorwiningshulp in geval van doodsangs.
c) God vir my, in my plek	Vrede en versoening	<i>God as Verlosser.</i> Sonde bring vervreemding tussen mens en God. Die versoening wat God in Christus bewerkstellig het, bring vrede tussen God en die mens in die vorm van algehele bevryding.
d) God woon in my	Moed, krag en hoop	<i>God as Trooster.</i> Die Heilige Gees bevestig dat God alle bose magte oorwin het en aan die kant van die mens staan. God verklaar die mens regverdig en Hy is werklik elke oomblik in die mens teenwoordig.
e) God beoordeel my lewe regverdig	Verantwoordelikheid en doelgerigte besluitneming	<i>God as Regter.</i> Menslike gedrag word bepaal deur God se norme in die lig van Skrifwaardes. Dit beteken dat die mens 'n sedelike wese is. Die mens hoef nie vir God as Regter bang te wees nie. God se regterskap beteken dat die mens 'n rentmeesterskap ontvang het waarvoor hy/sy aanspreeklik is.

In die lig van die voorafgaande bespreking rakende geloofsgedrag blyk dit dat 'n verwronge Godsbeeld 'n invloed uitoefen op geloofsgedrag (Vgl. 6.10.1). In aansluiting by die geloofsdimensie van die mens-in-nood kan van metafore gebruik gemaak word om tot 'n verstaan te kom van die persepsies wat die mens-in-nood oor God het.

Ten einde die verstaan van geloof in God tydens kommunikasie te verhelder, kan van metafore gebruik gemaak word. In Tabel 4.2 word 'n uiteensetting van 'n metaforiese model gegee waarvolgens op 'n substansiële en materiële wyse 'n afleiding gemaak kan word van die geloofsvertolking van die mens-in-nood (Louw 1999:395).

**Tabel 4.2 'n Raamwerk vir Metafore vir God**



Die bostaande inligting behoort nie as 'n oorsaak- en gevolg relasie gelees te word, asof elke metafoor en prinsipe mekaar komplimenteer nie. Metafore en geloofsbeginsele is nie staties van aard nie. Dit vloei in mekaar en bestaan nooit afsonderlik nie. Op dieselfde wyse kan geloofservarings nie in vaste kategorieë geplaas en georden word nie. Die inligting toon bloot moontlike verbande aan en verskaf slegs 'n raamwerk waarbinne geloof verstaan en vertolk kan word (Louw 1999:395).

In 'n narratief-pastorale benadering kan die gebruik van metafore vir God sinvol benut word in die terapeut en die mens-in-nood se gesamentlike soeke na oplossings waarvolgens die mens se verhaal in ooreenstemming met God se verhaal vir die mens gebring kan word. 'n Persoon wat 'n angsvolle tyd beleef, kan byvoorbeeld versterk word deur aansluiting te vind by die verbondsmodel waarin God se bystand as 'n bondgenoot beklemtoon word.

#### **4.3.1.5. Metafore in ‘n postmodernistiese epistemologie**

Die betekenis wat aan metafore in ‘n postmoderne konteks gegee word, verskil van die betekenis wat oorspronklik daaraan toegeken is. In postmoderne terme het die metafoor die volgende gebruikswaarde: “The metaphor serves as a vehicle to search for a deeper meaning of text, thereby anticipating further revelations of meaning” (Janse van Rensburg 2000:8a). Die indruk word geskep dat die lewe self ‘n illusie is, daarom speel literatuur en metafore eintlik ‘n spel met die mens. Niks wat geskryf of gesê word, kan as die waarheid beskou word nie, omdat dit weer en weer geïnterpreteer kan word (Grassie 1997:4; De Klerk 2000:4; Bertrando 2000:98). Die gebruik van metafore in ‘n postmoderne konteks verskil radikaal van dié in ‘n diakonologiese perspektief. Grassie (2000:5) is van mening dat postmoderne denkers ‘n dekonstruktiewe waarde aan metafore toeken omdat hulle nie ‘n ryker betekenis daarvan erken nie. Ondersteunend tot die vorige mening verwys Becvar en Becvar (2000:286) na die gebruik van die metafoor in dieselfde konteks as wat taalfrases en woorde gebruik word. Die gebruik van metafore in ‘n postmoderne epistemologie as “text” bied geen implisiete waarde ter verheldering van die probleem nie, hoofsaaklik omdat daar in die afwesigheid van ‘n waardestruktuur geen eenvormige betekenis aan die metafoor toegeken kan word nie.

Vervolgens word die rol van waarheid as ‘n beginsel in ‘n diakonologiesgefundeerde narratief-pastorale benadering bespreek.

#### **4.3.2 Waarheid as ‘n beginsel**

Duidlikheidshalwe word dit vir die doeleindes van die studie nodig geag om te verduidelik wat met die beginsel van waarheid verstaan word, omdat telkens na die ontkenning van die bestaan van waarheid in postmodernistiese kringe verwys word (Vgl. 3.1.6). Postmodernisties-georiënteerde mense handhaaf die mening dat daar nie ‘n objektiewe waarheid bestaan nie. Wat vir die een mens waar is, is nie noodwendig vir die volgende persoon geldend en waar nie (Lutzer 1998:96; Van der Watt 2000:54). Die implikasie van ‘n postmodernistiese epistemologie is dat die Bybel nie meer die mens kan aanspreek as die waarheid van God nie, omdat die post-moderne

mens kies wat hy as waar aanvaar. Hierdie benadering het ingrypende implikasies vir die Christendom en die Bybel omdat Christene alleenlik in die gesag van die Bybel en God drie-enig glo. Aanvaarding van die gesag van die Bybel lei vir Christene tot 'n konfrontering met Bybelse waarhede en met God (Van der Watt 2000:54). Volgens Lutzer (2000:96) word God deur 'n postmodernistiese benadering onttoon en die mens sentraal as 'n selfvoldane wese geplaas wat self kan besluit wat reg of verkeerd is (Vgl. 3.1.6).

Lutzer (2000:97) en Van der Watt (2000:150) is van mening dat daar nie 'n aspek soos 'n mens-vriendelike Godsdienst bestaan wat gebruik kan word om van die eise van die Christelike waarheid te ontsnap nie. Lutzer (2000:100) gebruik die beeld van die pottebakker en die klei en vra of dit vir die mens moontlik is om vir Sy maker voor te skryf hoe om hom te vorm? Van der Watt (2000:150) antwoord deur daarop te wys dat as die mens die wêreld van God se waarheid wil betree, moet die waarde van geloof opnuut besef word, omdat die mens se verstand te klein is om die wêreld van God oop te sluit. God se verhaal vir die mens is 'n verhaal van geloof, hoop en liefde (1 Kor. 13). In aansluiting by die voorafgaande beredenering betreffende die aard van die verhouding tussen God en die mens, wys Louw (1999:15) daarop dat dit in pastoraat juis om hierdie unieke verhouding gaan: Hierdie verhouding word deur middel van geloof bedryf. As hierdie heilswaarheid ontken word, dien die pastorale gesprek geen doel nie.

Vir die doeleindes van hierdie studie word aanvaar dat God se verhaal vir die mens, soos opgeteken in die Bybel, waar is en dat geloof in God die bindingslyn tussen God en die mens vorm.

Vervolgens word aandag gegee aan die rol van die verbond binne 'n narratief-pastoraal basis-teoretiese perspektief.

#### **4.3.3 Die rol van die verbond in 'n basisteorie vir narratief-pastorale maatskaplike werk**

Vervolgens word op die verhouding tussen die verbond en pastoraat gelet as 'n basiese vertrekpunt waartydens daar aansluiting by die mens-in-nood gevind kan word. Die verbond speel 'n sleutelrol in God se storie vir die mens en vorm gevolglik 'n belangrike

boublok waarvolgens aansluiting in'n narratief-pastorale basisteorie in maatskaplikewerkbenaderings gevind kan word (Vgl. 2.3.2). Van Jaarsveld (2001:116) beskryf die verhouding tussen die verbond en die pastoraat deur na die volgende perspektiewe te verwys: God se handelings met die mens, die koninkryk van God, kommunisering van die heil, koinonia, soteriologie en pneumatologie. Die verskillende perspektiewe word kortliks bespreek.

#### **4.3.3.1 God se handelinge met die mens**

Christene vestig hul hoop op Christus. Christelike hoop vind sy oorsprong in die liefdesverhouding (agape-liefde) waarin Christus en Christene met mekaar staan. God is geloofwaardig en standvastig. Hy kom altyd sy beloftes na, omdat Hy die mens liefhet ten spyte van die mens se ontrouheid. Louw (1999:532) ken die volgende wesenselemente aan Christelike hoop toe: gegronde verwagtings (God se trou), toeseggende karakter (verbondsbeloftes van God) en opstandingshoop (oorwinningsperspektief). Die feit dat God altyd sy beloftes nakom, waarborg God se betrokkenheid by die mens. Hierdie vaste skrifgegronde wete kan in die pastorale verhouding as 'n basiese vertrekpunt dien. Die verbondsverhouding dien as 'n aanknopingspunt vir die pastorale gesprek. Ter versterking van die verbondsverhouding, word na die doop- en genadeverbond verwys. Die Christen kan daarom met vrymoedigheid aanspraak maak op die verbondsbeloftes en uit die liefdesverhouding van God vir die mens, sy versoenende genade en liefde aanvaar.

#### **4.3.3.2 Die koninkryk van God**

Wanneer na die koninkryk van God verwys word, word aan die gesag van God en die mens se gehoorsaamheid aan God gedink (König 2001:76). Woorde soos *volk* en *koninkryk* speel 'n belangrike rol in die Bybel. Die mens staan in 'n verhouding tot God. Hy is die Koning van hemel en aarde. Sy koninkryk word sigbaar waar sy heerskappy erken en eerbiedig word. As die mens bid: *Laat u koninkryk kom*, vra hy eintlik dat dit wat alreeds in beginsel waar is, 'n sigbare werklikheid sal word (Smit 1999:67). Vir die pastoraat is dit belangrik om kennis te neem van die uniekheid en andersoortigheid van God se koninkryk. Die andersoortigheid is opgesluit in die kruisgebeure. Die kruis gee vir die mens toegang tot God. God se Seun het vir die mens se sonde aan die kruis

gesterf omdat Hy die wêreld liefhet. Elkeen wat dit glo, kan Jesus se losprys aanneem en dit persoonlik toe-eien (Smit 1999:67). As Koninkrykskinders word van God se kinders gevra om ooreenkomstig die voorwaardes van die verbond te leef. Dit kan dui op die mens se verhaal wat in ooreenstemming met God se verhaal vir die mens geleef behoort te word.

#### **4.3.3.3 Kommunikering van die heil**

Wanneer daar in die pastoraat uit 'n Christelike geloofsperspektief tot die mens-in-nood toegetree word, moet die boodskap van eskatologiese heil met die persoon gekommunikeer word (Louw 1999:2). Tydens die kommunikerings van die heilsboodskap moet die mens daarop gewys word, dat hy as God se bondgenoot geskape is, om ooreenkomstig die verbondsbeloftes in 'n liefdesharmonie met Hom en met mekaar te leef. Die mens moet ook tydens die pastorale gesprek tot die besef gebring word dat die *ewige lewe* 'n omvattende begrip is en dat dit handel oor alles wat die toekoms saam met God behels. Die mens kry eintlik nou reeds deel aan die ewige lewe in Christus (König 2001:384,385).

In situasies waar die heil van Christus ontken word deur volgehoue sondige gedragswyses, is dit die taak van die pastoraat om met die oog op verandering God se heilsbelofte, soos vervat in die verbond, te verkondig. Smit (1999:68) verwys na die verandering wat in die lewe van Paulus ingetree het, nadat hy hom van sy sondige daede bekeer het. As gevolg van sondige gedragswyses ontnem die mens-in-nood homself dikwels die belofte van hoop as 'n verbondsvoorreg. As resultaat hiervan toon die mens-in-nood nie 'n hoopgerigte toekomspektief nie. Ten einde die boodskap van *ewige hoop* tydens die pastorale gesprek te kommunikeer, is die insluiting van 'n eskatologiese dimensie 'n noodsaak vir 'n narratief-pastorale basisteorie (Vgl. 2.3.2.1; 4.3.9).

#### **4.3.3.4 Koinonia**

Die pastorale ontmoeting tussen 'n mens en die Skepper, is 'n gemeentelike aangeleentheid. Koinonia is egter meer as dit, want dit het met die transformasie van die totale mens te make. Wanneer God en die mens mekaar ontmoet, het die heil 'n drieërlei verandering tot gevolg: eerstens 'n liggaamlike verandering met betrekking tot die mens

se wesenlike toestand en kwaliteit van lewensgerigtheid (denke), tweedens 'n agogiese verandering waarin kennis en inligting 'n rol speel en derdens raak die verandering die heiliging van die mens se lewe. Koinonia en bekering hoort derhalwe bymekaar (Louw 1999:101).

Maatskaplike werkers in diens van welsynsinstitusies verbode aan kerke, se betrokkenheid by mense-in-nood word meestal in werking gestel deur middel van gemeentelike aangeleenthede. Tydens narratief-pastorale intervensies word aansluiting gevind by die geestelike dimensie, omdat 'n koinoniale transformasie ook op 'n verandering van geestelike denke dui. Die totale verhoudingspektrum van 'n mens word hierdeur geraak. Die mens se hele lewe staan hiervolgens onder beheer van die God van die verbond. Uit 'n Bybelse perspektief bly God altyd die middelpunt waarom alles gaan. Indien die mens-in-nood tot insig gelei kan word in die rol van koinonia, sal die ooreenkoms tussen God se verhaal vir die mens en die mens se verhaal as 'n verbondskind van God, meewerk tot die aanvaarding van die verbondsbeloftes en 'n bekeerde leefwyse.

#### **4.3.3.5 Soteriologie**

In 'n narratief-pastorale benadering is soteriologie 'n belangrike basisteoretiese element omdat die plek van die mens in die verbond hierdeur 'n vennootskap tussen God en die mens skep. Die mens-in-nood se aandag kan tydens die pastorale gesprek daarop gevestig word, dat 'n vennootskapaksie van beide partye vereis. Geloofsvertroue en die versterkende krag van die Heilige Gees as God se aandeel in die vennootskap kan kragtens die verbond met die klient-in-nood gekommunikeer word. Die mens-in-nood kan gevra word na die mate waarin hy sy aandeel in die vennootskap nakom.

Net soos die verhaal van God deel van die verbond vorm, vorm die verhaal van die mens deel van die verbond. God is egter die middelpunt waarom alles gaan (Smit 1999:70). Die einddoel en hoofdoel van pastoraat kan beskou word as die herstel van die mens se verhouding met God (Brandt & Skinner 1999:97).

#### **4.3.3.6 Pneumatologie**

Pneumatologie as ‘n basisteoretiese element in ‘n narratief-pastorale benadering maak die kommunisering van sondevergifnis en die versterkende krag wat die Heilige Gees bied, moontlik. Ware geloof word deur Feenstra (1972:131) beskryf as “...‘n vaste vertrouwe wat die Heilige Gees in my hart werk, nie alleen aan ander nie, maar ook aan my word vergewing van sonde geskenk uit louter genade om Christus ontwille”. Op dié wyse laat die genadeverbond die mens ervaar hoe die Heilige Gees organies werk, byvoorbeeld Christus as die wynstok en die mens as die lote. Wilkinson (2001:121) is van mening dat wanneer God na die mens kyk, onthou Hy nie die sondes waarvoor om vergifnis gevra is nie, maar Hy sien ‘n geliefde kind en ‘n waardige erfgenaam. As die verbond op die bogenoemde wyse vertolk word, kan dit ‘n hermeneutiese sleutel vorm waarmee die Heilige Skrif vir die pastorale teologie oopgesluit word. Die trou van God, wat vir die mens omgee, word opnuut hierdeur beklemtoon (Van Jaarsveld 2001:118; Vgl. 3.5.5).

Samevattend blyk dit dat die praktiese implementering van die verbond op ‘n hermeneutiese wyse ‘n belangrike boublok in ‘n basisteorie vir ‘n narratief-pastorale benadering vir die maatskaplikewerkpraktyk vorm. Vir die doeleindes van hierdie studie is dit veral van belang omdat dit die bewuste verhouding waarin die mens tot God staan as ‘n werklikheid beklemtoon. Die bewustelike erkenning en kommunisering van God se heilsboodskap tydens maatskaplike- werkintervensies en die pneumatologiese inwerking van die Heilige Gees, kan ooreenkomstig die verbondsbeloftes van God aan die mens tot die skep van nuwe hoop vir probleemversadigde verhale lei.

Teologiese antropologie as ‘n narratief-pastorale beginsel in ‘n basisteoretiese element vir maatskaplike werk word vervolgens bespreek.

#### **4.3.4 Teologiese Antropologie**

Volgens ‘n teologiese antropologie speel al vier die basiese verhoudings waarin die mens staan naamlik tot God, medemens, die eie-ek en omgewing ‘n kardinale rol in die Christelike voortbestaan van die mens (Vgl. 2.3.3). Erkenning van die bestaan van al vier die basiese verhoudings beklemtoon die noodsaak van geheel-, inter- en intradissiplinêre benaderings omdat, ooreenkomstig ‘n geheelbeskouing van die

mens, tydens terapeutiese gesprekke aan alle verhoudingsdimensies aandag gegee word (Vgl. 3.6; 3.6.2.3). In aansluiting by 'n geheel-benadering van die mens beklemtoon Sheldon (1999:1) dat die hele mens, gees, siel en liggaam geroep word om volgens die voorbeeld van Christus in sy voetspore te volg. Om as 'n geesvervulde Christen te leef, is nie 'n maklike taak nie. Die Christen word nie gevrywaar van daaglikse versoekings en probleme nie. Christene word byvoorbeeld ook met die trauma van motorkapings, huisinbrake en versoekings soos huweliksontrou gekonfronteer. Christene benader as gevolg van hul geloof in God die probleme en swaarkry van die daaglikse lewe anders omdat aanvaar word dat God vir elke mens 'n unieke reisplan het en dat trauma en persoonlike probleme die mens nader aan God bring, sodat die mens die uiteindelijke bestemming wat God vir die mens bestem het, kan bereik (Crabb 1999:20). Die mens verloor dikwels perspektief oor sy oorsprong en vergeet daarom waarheen hy eintlik op reis is. Die eindresultaat van só 'n perspektief gee aanleiding tot gevoelens van wanhoop en moedeloosheid. Van Schalkwyk (1995:13) herinner die mens daaraan dat hulle as kinders van God ook sy erfgename is en daarom deel het aan sy lyding en heerlikheid as toekomshoop in Christus (Vgl. Rom. 8:17).

Vervolgens word die kognitiewe dimensie binne die konteks van 'n narratief-pastorale benadering in maatskaplike werk bespreek.

#### **4.3.4.1 Kognitiewe dimensie**

In 'n teologiesgefundeerde antropologie word uitgegaan van die standpunt dat die mens normatiewe en etiese keuses kan maak (Vgl. 2.2.2). Die keusevermoë van die mens is in die kognitiewe dimensie gesetel. Indien die mens kies om vir Christus te leef, kan in aansluiting by die verbondsbeloftes van God aanvaar word dat God die mens eerste liefgehad het. Hierdie keuse impliseer dat die mens in 'n verhouding met God betrokke raak en in antwoord op God se liefde reageer met liefde teenoor sy medemens (Vgl. 2.4.1). So 'n verhouding het 'n unieke stel "reëls" waarin die mens deur God beheer word omdat God van die mens verwag om te antwoord op die aanbod van die verbondsbeloftes. Die mens antwoord op verskillende maniere op die aanbod byvoorbeeld deur die doop van kinders, die aflegging van belydenis van geloof en deur die gebruik van nagmaal. In die uitvoering van die genoemde

optredes, gee die mens gestalte aan sy keusevermoë. Christene se daaglikse gedragswyses getuig van God se liefde as ooreenkomstig sy stel “reëls” geleef word. In Rom. 12:1-21 word riglyne vir Christelike gedragswyses beskryf. Die beskrywing begin met ‘n waarskuwende opdrag, “Julle moenie aan die sondige wêreld gelyk word nie, maar laat God julle verander deur julle denke te vernuwe. Dan sal julle ook kan onderskei wat die wil van God is, wat voor Hom goed en aanvaarbaar en volmaak is” (Rom. 12:2).


Die voorafgaande beredenering bevestig dat die lewens- en wêreldbeskouing waarvolgens ‘n mens leef, verband met die uitoefening van keuses en die denksisteem van die mens hou. Neethling en Rutherford (2000:8) ondersteun hierdie standpunt deur aan te dui dat die sleutel tot verandering en ontwikkeling nie soseer in die verandering van gedrag lê nie, maar wel in die verandering van die denke. Dit is daarom van kardinale belang vir ouers om hulle kinders met ‘n Christelike visie op te voed. ‘n Dubbele visie, waarin daar gedeeltelik meegedoen word aan wêreldse standaarde en gedeeltelik aan ‘n Christelike lewens- en wêreldbeskouing, verwar ‘n kind. As daar onvoorwaardelik vir Christus gekies is, is dit die visie waarvolgens geleef word. Die waarborg vir tevredenheid en geluk lê dus nie in die bevrediging van materialistiese behoeftes nie, maar in ‘n geesvervulde leefwyse (Olthuis 1995:32).

Dit is belangrik om kennis te neem van die implikasie wat normatiewe en etiese keuses tot gevolg kan hê omdat dit as basiese vertrekpunte tydens pastorale maatskaplikewerkintervensies dien. Etiese kwessies soos huweliksontrou kan byvoorbeeld teen hierdie agtergrond beredeneer word. Hawkins (1997:194) sluit hierby aan deur te sê dat een van die grootste uitdagings in pastorale berading daarin lê om egpare daartoe te lei om in ooreenstemming met God se wil vir hul lewens te leef. Daar behoort altyd rekening gehou te word met die mag van sonde wat lewens verwoes. Dade van sonde begin by gedagtes wat nie tot die eer van God strek nie (Jeremia 17:9).

In hierdie verhoudingskonteks is dit belangrik om die self as konsep binne die God-mens-relasie te bespreek.

#### 4.3.4.2 Die self as 'n konsep binne die God-mens-relasie

'n Lokus van kontrole verwys na die sentrum vanwaar beheer uitgeoefen word. In sielkunde word daar 'n onderskeid getref tussen interne en eksterne kontrolelokusse. Eksterne lokusse dui op kontrole maatreëls buite die self, terwyl interne lokusse dui op 'n interne beheerpunt. Indien die mens kies om totaal deur eksterne lokusse beheer te word, soos byvoorbeeld werksomstandighede, koerante, televisieprogramme en die najaag van plesier, is dit die faktore wat die bepalende rol in so 'n mens se denkproses speel. Die identiteit van mense wat hoofsaaklik deur eksterne lokusse beheer word setel in hul werk, vriende, geld, status, geleerdheid, mag, besittings en sosiale aansien. Die mens moet doelbewuste keuses maak betreffende die singewing aan sy lewe (Vgl. 3.3.4). Indien dit nie gedoen word nie, sal die eise van die eksterne omgewing oorheers. 'n Geesbeheerde persoon word van binne af beheer. Selfbeheersing as 'n interne lokus word onder die leiding van die Heilige Gees gebruik om volgens die wil van God te lewe. Gehoorsaamheid aan God en die uitvoering van sy wil, word sodoende sterker as die eise van eksterne lokusse (Moon 2002:268; Willard 1998:103; Liebenberg 1999:25). In pastorale antropologie word uitgegaan van die standpunt dat die mens 'n pneumatologiese wese is en dat die affektiewe-, kognitiewe-, konatiewe- en liggaamlike funksies as 'n geïntegreerde geheel funksioneer (Moon 2002:268; Willard 1998:103; Liebenberg 1999:25; Louw 1999:297). 'n Bewuste erkenning van die God-mens-relasie impliseer 'n geloofskeuse as 'n interne geesbeheerde lokus wat in die daaglikse praktyk in Christelike gedragswyses manifesteer. In Figuur 4.2 word 'n voorstelling gemaak as 'n samevattende oorsig van die voorafgaande bespreking oor die invloed van geloof in God as 'n geloofskeuse en die invloed daarvan op die verhaal van die mens.



**Figuur 4.2 Die invloed van geloof in God op die verhaal van die mens**

Volgens die bostaande figuur blyk dit dat die mens as ‘n geheelheid leef. Na aanleiding van God se verhaal vir die mens, moet die mens ‘n geloofskeuse maak. Indien die mens as ‘n pneumatologiese wese “Ja” op God se roepstem antwoord, vind ‘n fusie plaas tussen God se verhaal vir die mens en die mens se verhaal. Die mens se verhaal word sodoende deur geloof in Jesus Christus beheers (Louw 1999:24; Vgl. 3.5.6).

Samevattend word vir die doeleindes van hierdie studie geredeneer dat in ‘n teologiese antropologie erkenning verleen word aan die mens as ‘n geheelheid

(liggaam, gees en siel) en dat die mens oor 'n kognitiewe dimensie beskik. Verdermeer kan Christene normatief-etiese keuses in ooreenstemming met die Christelike waardes waarin geglo word, maak. Diakonologies narratief-pastoraal word by die mens-in-nood aansluiting gevind binne hierdie vaste waarde-waarheidssteeem. Volgens hierdie raamwerk kan saam met die mens-in-nood gesoek word na die verskille tussen sy storie en God se storie vir die mens. Geloof as die bindingsaksie kan tot 'n hoopvolle toekoms in Christus lei.

Vervolgens word die rol van die terapeut as die nie-kundige binne 'n diakonologiese narratief-pastorale basisteroretiese perspektief bespreek.

#### **4.3.5 Nie-kundige posisie van die terapeut**

Ooreenkomstig 'n postmodernistiesgefundeerde perspektief impliseer die nie-kundige posisie van die terapeut tydens terapie sessies dat geen dogmatiese houding gehandhaaf mag word nie. Die terapeut moet so buigsaam as moontlik optree sodat sy perspektief deur die kliënt se perspektief verander kan word. Die terapeut beskik oor geen voorwaarhede en kennis van enige intensie of aksie van die kliënt nie. Hy moet die verduidelikings wat die kliënt gee, aanvaar en daarvolgens saam met die kliënt sy weergawe van die storie verder eksplorieer en binne die verwysingsraamwerk van die kliënt betekenis daaraan gee (Bertrando 2000:90; Postmodern Terms N to Z 2000:2).

Dié nie-wetende posisie gee gevolglik aanleiding tot onsekerheid by tradisionele terapeute omdat dit 'n vreemde konsep is. Uit 'n diakonologiese epistemologie word probleme met die nie-wetende posisie ervaar, omdat van die standpunt uitgegaan word dat dit eties oneerlik vir 'n Christenterapeut is om werklik die rol van 'n nie-wetende persoon in te neem, veral as dit kom by aspekte waar besluite in stryd met Bybelse beginsels geneem word (Janse van Rensburg 2000:69a). Christelike maatskaplike werkers wat aan besprekingsdebatte deelneem oor die rol wat vaste Christelike waardes en beginsels speel, is bekommerd dat 'n nie-wetende houding tydens maatskaplike intervensies kan bydra tot miskennings van Bybelse beginsels wat vaste waarhede impliseer (Vgl. 4.3.3).

Na aanleiding van die etiese vrae wil dit voorkom of nie alle terapeute gemaklik aansluiting vind by die *nie-wetende* posisie en die *kliënt-is-die-kenner* beginsels ooreenkomstig 'n postmoderne fundering nie. Sommige terapeute is van mening dat dit onmoontlik is om 'n opregte nie-wetende posisie in te neem (Becvar & Becvar 2000:95-96; Bertrando 2000:92; Janse van Rensburg 2000:69a; Damianakis 2001:24). Daar word verder geredeneer dat 'n Christen-terapeut geensins neutraal kan staan nie, omdat sy Christelike waarde-oriëntasie reeds 'n keuse impliseer (Vgl. 2.1). Hierdie keuse rig sy optrede tydens terapieessies. Morele gedragskeuses wat in hierdie verband gemaak word, kan sodoende nie van teologiese antropologiese funderings verskil nie. 'n Pastorale berader kan op 'n nie-veroordelende wyse aan die mens-in-nood verduidelik dat die terapeutiese beginsels wat deur hom voorgestaan word, Bybel-georiënteerd is en dat dit 'n bepaalde invloed het op keuses wat gemaak word.

In 'n diakonologiese epistemologie word etiese implikasies as deel van die werklike sosiale konstruksie na vore gebring. Die klem val op die hermeneutiese verstaanproses van die normatiewe implikasies wat nie-Christelike gedragswyses inhou, en nie op 'n veroordelende starre afdwing van die onderhouding van etiese norme nie (Janse van Rensburg 2000:69a). As 'n praktiese voorbeeld van 'n hermeneutiese nie-wetende posisie in 'n Bybelse epistemologie, verwys Janse van Rensburg (2000:75a) na die volgende: "Even when Jesus took a hermeneutic approach to set the immoral woman free (John 8), he did not refrain from ethical guidance: "Go now and leave your life of sin". Binne die raamwerk van 'n hermeneutiese verstaanproses kan 'n nie-wetende posisie wel binne 'n diakonologiese benadering effektief in maatskaplike werk aangewend word, omdat die gevaar om etiese norme te verydel, vermy word.

#### **4.3.5.1 Die kliënt as 'n ekspert**

Erkenning van die rol wat persoonlike waardes, keuses, lewensbeginsels en godsdienstige oortuigings in 'n narratief-pastorale persoonsgerigte identiteit speel, is versoenbaar met Christelike maatskaplike werk omdat dit die basiese boublokke daarvan vorm. Hierdie benadering dui op 'n geheelbenaderde mensbeskouing omdat eksplisiet erkenning verleen word aan die rol wat godsdienstige ontwikkeling speel. Voorts word binne die konteks van pastoraal-teologiese perspektiewe erkenning aan

transendentale waardes gegee. Die rol en plek van die geestelike denkfunksie van die mens word tydens terapie aanvaar en verreken. Daarvolgens kan die mens intelligente morele waardekeuses uitoefen.

‘n Duidelike verskil in benadering is waarneembaar tussen ‘n epistemologie, waar uit ‘n post- modernistiese beskouing gewerk word, in teenstelling met ‘n suiwer Bybelse narratiewe benadering. Volgens ‘n postmodernistiese benadering word bedoel dat die beste moontlike antwoorde vir die probleem by die kliënt self lê. Eksterne advies is uiteindelik nutteloos (White 2000:141; Müller 2000:14a; Damianakis 2001:24). Postmodernistiese beraders kan vanweë hulle epistemologiese uitgangspunte nie erkenning verleen aan ‘n benadering waarin waardekeuses bestaan nie, omdat die bestaan van vaste waardes deur hulle ontken word (Vgl. 3.3.4). As ‘n pastorale berader uit ‘n postmodernistiese epistemologie werk, impliseer dit dat hy geen standpunt mag inneem nie, want die kliënt is die kenner van die omstandighede. In wese beteken dit dat die mens-in-nood en die terapeut saam na moontlike antwoorde vir die probleem soek. Die terapeut en die mens-in-nood is mekaar se gelykes. Die gesamentlike soeke kan lei tot die vorming van nuwe en ryker stories. As die kliënt verkies om hom skuldig te maak aan buite-egtelike verhoudings, is dit sy keuse. Volgens ‘n diakonologiese epistemologie is dit onaanvaarbaar, omdat in Bybelse waardes geglo word (Janse van Rensburg 2000:69a: Vgl. 4.3.6). Ooreenkomstig ‘n diakonologiese fundering word aansluiting gevind by Bybelse beginsels, soos huwelikstrou. Tydens pastoral-terapeutiese gesprekke by wyse van ‘n narratiewe benadering kan van dekonstruksie en eksternaliseringsteorieë gebruik gemaak word om die kliënt se verhaal van huweliksontrou in ooreenstemming met God se verhaal vir die huwelik te bring.

In aansluiting hierby dui Janse van Rensburg (2000:73a) uit ‘n Bybelse fundering op die volgende: “Pastorale interaksie is ‘n wederkerige proses waarbinne pastor en kliënt blootgestel word. Daar ontstaan ‘n gemeenskaplike proses van kennis, kennisuitruil, interpretasies en begripsontwikkeling. Pastorale nabyheid word altyd gekenmerk deur afstand en nabyheid. Aktiewe gespreksdeelname en intense betrokkenheid is nodig vir die veranderings- en beïnvloedingsproses. Dit is ‘n proses waarbinne beide pastor en kliënt aangeraak word op soek na gesamentlike

antwoorde vir die probleem. Konfrontasie en ‘n direkte benadering is soms nodig, maar steeds volgens etiese riglyne, met Jesus Christus as die vertrekpunt”.

Uit die voorafgaande bespreking oor die rol wat ‘n kliënt as die kenner van sy verhaal speel, kan dit nie betwyfel word nie dat die kliënt as outeur van sy deurleefde verhaal die beste kennis daaromtrent dra. In aansluiting by die kliënt se deurleefde ervarings en kennis van sy lewensverhaal tree die narratief-pastorale terapeut met die kliënt in gesprek. Die narratief-pastorale terapeut neem betreffende die verhaal van die kliënt ‘n nie-wetende houding in en benut sy kundigheid as terapeut en kennis van God se verhaal van die mens om op ‘n interaktiewe manier saam met die kliënt na moontlike oplossings te soek om die mens se vasgeloopte verhaal te reconstrueer ooreenkomstig God se verhaal van vrymaking van die sonde en die ewige lewe vir die mens. Ooreenkomstig hierdie uitgangspunt word geredeneer dat beide die kliënt en terapeut kundige kennisbydraes het, om tot die terapeutiese situasie te maak. Daar word gepoog om gesamentlik deur middel van etiese riglyne interpretatiewe waarde toe te voeg in die eksplorering van die probleem en indien nodig is konfrontasie nie uitgesluit nie.

Ganzevoort (2000:286) verkies om in hierdie verband te verwys na reconstruering eerder as dekonstruering. Die mens moet as ‘t ware sy lewenstorie reconstrueer om in ooreenstemming met God se storie vir die mens te wees. Dit gaan ook nie net om ‘n proses van psigologiese diagnose nie, maar om ‘n proses van hermeneutiese interpretasie van menslike ervaring in hul geloofstaal en godsdienstige simbole (Louw 1999:165; Ganzevoort 2000:285). ‘n Benadering van hierdie aard verleen erkenning aan die kennis waaroor die kliënt beskik as ‘n sinvolle bydrae tot die reconstruering van sy lewe tydens terapeutiese intervensies.

Samevattend blyk dit dat binne ‘n diakonologiese epistemologie gebruik gemaak kan word van die meerdere kennis van die storie waaroor die kliënt beskik in die gesamentlike soeke na antwoorde vir die vasgeloopte storie aan die hand van Bybelse riglyne of stories.

#### 4.3.5.2 Rol van ‘n magsposisie

Volgens ‘n narratiewe oriëntering word die rol van mag bevestig. Daar word verkieslik weggedoen met ‘n magsoorheersende benadering. In die onderstaande bespreking word aandag aan die hantering van ‘n magsposisie gegee binne ‘n narratief-pastoraal terapeutiese verband.

Verskillende beskrywende betekenisse word aan mag toegeken. In die verklarende woordeboek van Wêreldspektrum (1982:227) word *mag* onder andere beskryf as: “Die vermoë om iets te doen; krag; sterkte van liggaamskragte; gesag; wetgewende gesag; magte wat oor ‘n mens gestel is en toestemming om iets te doen”. In aansluiting by die gedagte dat mag as ‘n instaatstellende krag beskou kan word, wys Trepper (2002:1) op die behoefte wat in gesinsterapie geïdentifiseer is om aansluiting te vind by die geestelike krag waarvoor gesinslede beskik, omdat die meeste mense uit ‘n geestelike perspektief na hul gedragshandelinge kyk. Indien hierdie moontlikheid verder verken kan word, is Trepper (2001:4) van mening dat dit nuwe deure vir beradingsmoontlikhede kan open.

Volgens Besley (2001:76) is White en Epston (1990) van mening dat die rol wat mag in terapie speel, dikwels verwaarloos word. Ten einde erkenning te verleen aan die rol wat mag in verhoudings uitoefen, het White en Epston (1990) begin om ‘n eie interpretasie aan mag toe te ken. Die betrokke terapeute (White en Epston) het grootliks gebruik gemaak van die werke van Foucault (1985; 1990; 1997) in die ontwikkeling van hulle eie interpretasies (Besley 2001:77). Hulle het ook sekere aanpassings in die oorspronklike werke van Foucault vir die doeleindes van narratiewe terapie gemaak. Besley (2001:77 - 78) beskryf White en Epston (1990) se beskouing van die rol wat mag vir postmodernistiese narratiewe terapeutiese doeleindes vertolk, soos volg:

- **Terapeutiese oriëntasie** verwys na die gewaandheid van geesteswetenskaplikes wat vanweë hulle vakkennis ‘n meerderwaardige magsverhouding met ‘n kliënt sluit. In ‘n postmodernistiese narratiewe benadering word eerder daarna gestreef om weg te beweeg van ‘n oorheersende magshouding wat deur meerdere kennis geïnisieer word na ‘n

situasie waarin die kliënt krediet ontvang as die kenner van sy verhaal terwyl die terapeut 'n nie-wetende houding inneem.

- **Skeiding van kundigheid as 'n mag wat in een persoon gesetel is.** White en Epston soos aangehaal deur Besley (2001:77) wys daarop dat die eksternalisering van 'n probleem benut kan word om die probleem te desentreer van oorheersing deur sogenaamde objektiewe wetenskaplike kennis.
- **Magstryd tussen mindere en meerdere kultuurgroepe in gemeenskapsverband.** Die magstryd tussen mindere en meerdere kultuurgroepe in gemeenskapsverband waarna White en Epston (1990) verwys, hou verband met die ontkenning van inheemse kennis uniek aan kultuurgroepe. Erkenning word verleen aan inheemse kennis en aansluiting word binne die bepaalde verwysingsraamwerk van die verskillende kultuurgroepe tydens terapeutiese sessies gevind (Besley 2001:77). As 'n voorbeeld dien 'n multikulturele benadering waar een persoon tot die leefwêreld van ander kultuurgroepe toetree.

Samevattend blyk dit uit die voorafgaande besprekings dat Trepper (2002:1) na mag verwys as die veranderende invloed wat die Gees van God in die gedragswyses van mense tot gevolg kan hê indien dit verreken sou word. Besley (2001:77) fokus meer op die negatiewe gevolge wat die misbruik van magposisies in 'n terapeutiese konteks tot gevolg het. In aansluiting by die betekenis wat aan mag gegee word is Du Plessis (2000:121) van mening dat mag deur sommige mense vertolk word as 'n gevoel wat ervaar word dat hulle voortdurend dopgehou word. Uit die voorafgaande blyk dit dat die mens ervaar dat hy deur *kragte* beheer kan word, dopgehou word en dat mense in meerdere posisies mag kan misbruik om mense in laer posisies te domineer en dat dit positiewe en/of negatiewe assosiasies kan meebring.

Uit 'n diakonologies-gefundeerde narratiewe benadering word aansluiting gevind by die beskouing van Venter (1996:15) waarin hy die hart van die mens beskryf as die konsentrasiepunt waaruit die religieuse grondmotief funksioneer. As metafoor beteken dit in wetenskapsbeoefening dat die mens deur sy hart op God òf 'n afgod

fokus. Met *religie* word verstaan, oorgawe en diens aan God, insluitende alle lewensfunksies wat uit die hart voortkom (Venter 1996:17). Dit is gevolglik belangrik om die invloed van denkpatrone op die geestelike lewe te verreken, want gedagtes gee aanleiding tot daad (Meyer 1996:9). Nog sterker gestel, daar moet besef word dat die stryd van die mens teen Satan, ook die stryd van die Koninkryk van God is (Anderson 2000:21). Dit is die taak van 'n pastorale berader om in die lig van die voorafgaande kriteria aan kliënte deur middel van Bybelstories aan te toon watter rol denke (as 'n mag) in uiteindelijke gedragswyses speel. Denke en daad vorm 'n uitvoerende magdaad in die sin dat dit aanleiding gee tot die neem van keuses. Metafories gesproke moet 'n wysheids-keuse gemaak word (Vgl. 4.3.2.3). Die konsekwensies van die magskeuse waarvoor die mens beskik, moet deurdink word (Louw 1999:417,67). Die mens kan alleenlik tot verandering begelei word. Hy word nie vanweë 'n magsposisie tot 'n keuse gedwing nie. Die maak van finale keuses is 'n persoonlike saak tussen die kliënt en die Heilige Gees (Ogilvie 1994:40).

Wanneer daar binne 'n narratief-pastorale benadering by mense-in-nood aangesluit word, word dit vanuit 'n triologiese verbondsperspektief gedoen. Dit impliseer dat uit die liefdesbeginsel van Christus aansluiting gevind word by die mens-in-nood. Die misbruik van mag en kulturele dominansie is daarom onaanvaarbaar (Vgl. 2.3.2; 4.3.4).

Vervolgens word aandag gegee aan 'n eskatologiese tydsdimensie as 'n basisteoretiese beginsel vir 'n narratief-pastorale maatskaplikewerkpraktyk.

#### **4.3.6 Eskatologiese perspektiewe vir narratief-pastorale benaderings in maatskaplike werk**

In aansluiting by antropologiese tydsbegrippe is dit noodsaaklik om kennis van die belangrike klemverskil tussen postmodernistiese en Bybelse narratiewe epistemologieë ten opsigte van die gebruik van die tydlyn verlede, hede en toekoms te neem (Vgl. 2.3.2.1).

In 'n diakonologiesgefundeerde narratiewe beskouing word met *toekoms* die skep van 'n eskatologiese toekoms, wagtende op die heil van Jesus Christus bedoel (Lester

1995:57; Louw 1999:87; Ganzevoort 2000:286), terwyl postmodernisties gesproke met *toekoms* verwys word na die tydelike dimensie van hier en nou (Becvar & Becvar 2000:296; Delanty 2000:102; White 2000:132). Die *toekoms* word nie gekoppel aan 'n eskatologiese toekoms waar Christus as die middelpunt van hoop gesien word nie. In aansluiting daarby dat die mens te alle tye aan 'n tydlyn van verlede, hede en toekoms gebonde is, word vervolgens aandag gegee aan die narratiewe teorie en eskatologiese perspektiewe.

#### 4.3.6.1 Narratiewe teorie en eskatologiese perspektiewe

'n Narratiewe teorie bied, volgens Lester (1995:27), nuwe perspektiewe waarvolgens religieuse ervarings verstaan kan word. Dit kan ook 'n bydrae tot filosofiese en teologiese antropologie lewer wat pastorale teologie en eskatologiese hoop ondersteun. Pastoraat uit 'n eskatologiese perspektief kan as 'n "... lewensbediening uit die opstandingsoorwinning verduidelik word met behulp van 'n teologiese perspektief wat as 'n eskatologiese perspektief bekend staan. Pastoraat wil mense sodanig deur die geloof in die hoop laat lewe dat die oorwinning van die heil deurbreek in elke dag se lewe, ook in lyding. Die sinshorison van die evangelie word dus wesenlik bepaal deur die oorwinningsdimensie van die opstandingshoop. In die lig van die eskatologiese perspektief, word pastoraat (as die heilsbemiddeling van die evangelie) lewensbediening in hoop" (Louw 1999:87).

In teenstelling met 'n Christelik-gefundeerde narratiewe benadering verwerp postmodernisties- gefundeerde narratiewe epistemologieë alle *grand narratives* soos die kruisiging en wederkoms van Christus (Prescott 1999:1; Osmer 1997:14; Janse van Rensburg 2000:7a; De Klerk 2000:4).

'n Diakonologiese epistemologie binne die pastorale gesprek bied ruimte vir aansluiting by die geestelike dimensie wat aanleiding kan gee tot die opening van nuwe sinshorisonne in die vorm van 'n eskatologiese perspektief deur die mens opnuut bewus te maak van geloof as die bindingslyn tussen die mens en God (Vgl. 4.3.9; 4.3.5.2; Figuur 4.2).

Voorts word eskatologiese hoop en promissioterapie binne die konteks van 'n narratief-pastorale basisteorie vir maatskaplike werk bespreek.

#### **4.3.6.2 Eskatologiese hoop en promissioterapie**

Promissioterapie dui op 'n pastorale benadering waar die heilsdimensie verbind word aan 'n eskatologiese perspektief (Vgl. 3.4.5). Die term terapie word in hierdie konteks beskryf as diens, hulpverlening en sensitiewe sorg. In die Nuwe Testament word hulpverlening verbind aan die verlossingsdaad van Christus. Op hierdie manier word dienslewering op fisiese, psigiese en geestelike vlak as 'n geheelkonsep gevisualiseer. Hierdie geheelbenaderde paradigma sluit 'n sosiale en skeppingsdimensie in (Louw 1999:511). Vir Louw (1999:511) is 'n geheelbenadering belangrik vir die aansluiting by eskatologiese hoop. Louw (1999:115) definieer 'n geheelbenadering soos volg:

“Die heling van God se genade sluit die psigologiese, sosiale en skeppingsdimensie (natuur) in. Heling het nie net te make met die mens se innerlike “siel” nie, maar met die totaliteit van menswees. Belangrik egter in 'n pastorale terapie is dat heling teologies verstaan moet word, naamlik as 'n uitvloeisel van God se trou en barmhartigheid. Wie God vir die mens is, en hoe die mens God by die lewe en die toekoms van die skepping betrek, bepaal die karakter van 'n pastorale terapie”.

Geloof bied, volgens Louw (1999:522), die terapeutiese moment van bevryding. Geloof verbind die mens aan vergifnis. Binne die Christelike godsdiens kan die mens totale skuldvergifnis ervaar. Deur geloof leer die mens om nee te sê vir versoekings en om God se heilsbeloftes te aanvaar. Geloofsfunksies funksioneer hermeneuties in terapeutiese situasies op kognitiewe en rasionale vlakke. Die gelowige leer om op 'n nuwe manier na die werklikheid te kyk. In die sentrum van sy waarnemingsveld verander sy denke na 'n God- en medemensgerigte benadering teenoor 'n eie-ek of selfgerigte benadering (Louw 1999:523).

Uit hierdie nuwe geloofsperspektief word God se beloftes (promissio) aanvaar en word hoop vanaf 'n aardsgerigte leefwyse na 'n wederkomsverwagting en ontmoeting met die Hemelse Vader verander (Louw 1999:527).

Vir die doeleindes van 'n diakonologiesgefundeerde narratief-pastorale epistemologie is die voorafgaande benadering van belang, omdat dit verband hou met die sentrale tema van hierdie studie. Ten einde die voorafgaande benadering in 'n diakonologiese narratief-pastorale benadering te posisioneer moet daar tydens die gesamentlike soeke na antwoorde waarvolgens die mens se storie in ooreenstemming met God se storie vir die mens gebring kan word, voortdurend gesoek word na aansluitingsmoontlikhede waarvolgens die hermeneutiese geloofs- funksie geïnisieer kan word met die doel om transendente hoop 'n realiteit te help maak.

Voorts word die verhoudingsaard van narratief-pastoraal terapeutiese gesprekke bespreek.

#### **4.3.7 Die verhoudingsaard van narratief-pastoraal terapeutiese gesprekke**

In psigologies- en/of kliëntgesentreerde benaderings word meestal gebruik gemaak van bepaalde gespreksriglyne met die oog op gesprekstrukturering en 'n behandelingsplan (Vgl 3.3). Uit poststrukturalistiese kringe is ernstige kritiek gelewer op die formele gestruktureerdheid waarvolgens terapeutiese intervensies geskied (White 2000:97). Müller (2000:167a) vind toepassingswaarde vir poststrukturalistiese narratiewe-terapie daarin dat dit die berader help om vry te raak van gewaande objektiwiteit. Met gewaande objektiwiteit word, volgens Müller (2000a), bedoel dat die berader subjektief betrokke raak en nie slegs as 'n buitestaander raad gee nie. Die sosiale proses waarvolgens kennis ontwikkel, word beklemtoon.

In aansluiting by die voorafgaande paragraaf is dit noodsaaklik om die aard van 'n diakonologies-pastoraal-narratiefgefundeerde verhouding te verduidelik. In die pastoraat gaan dit in die eerste plek om die vertolking van die mens se storie in terme van God se storie en omgekeerd (Ganzevoort 2000:4; Lester 1995:104). Die pastorale gesprek het daarom 'n eiesoortige karakter. Dit gaan om selfontdekking en nie om verbale instruksies nie. Deur die gebruikmaking van 'n opregte liefdevolle houding wil die pastor die mens-in-nood nie net saamneem na die punt waar God en mens mekaar ontmoet nie, maar via die gesprek word daar saam gegroei na die punt waar God en mens mekaar kan ontmoet (Louw 1999:306). Dit gaan dus in die pastorale gesprek om

heilsverkondiging en die lei tot geloofsvolwassenheid as ‘n nuwe lewe uit die opstandingsoorwinning (Lester 1995:105; Louw 1999:308). ‘n Verdere andersheid waarmee rekening gehou moet word is die wete dat die pastorale gesprek plaasvind binne ‘n trialogiese konteks naamlik: terapeut, mens-in-nood en die Heilige Gees. ‘n Pastorale terapeut wat onder die leiding van die Heilige Gees werk en leef, behoort gestalte te gee aan die verbondsvereistes en veral aan die uitlewing en betoning van opregte liefde en aanvaarding soos wat dit in die verbond voorgehou word (Vgl 4.3.4 vir ‘n bespreking van die verbond). Vir Crabb (1997:10) gaan dit om ‘n opregte binding met die mens-in-nood:

“The most powerful thing we can do to help someone change is to offer them a rich taste of God’s incredible goodness in the New Covenant. He looks at us with eyes of delight, with eyes that see a goodness beneath the mess, with a heart that beats wildly with excitement over who we are and who we will become. And sometimes he exposes what we are convinced would make him turn away in disgust in order to amaze us with his grace. That’s connecting. When we connect like that, it can change people’s lives”.

Bogenoemde aanhaling van Crabb (1997) vestig die aandag op ‘n wederkerige interaksieproses. Die kliënt beleef onvoorwaardelike aanvaarding soortgelyk as die liefdesbinding wat daar tussen God en sy kinders bestaan. Beide terapeut en kliënt word aan God se liefde blootgestel. Hierdie benadering vind aansluiting by die verbondsooreenkoms tussen God en die mens.

‘n Verdere kenmerk van die narratief-pastorale verhouding is die gebruik van “*wagtende luistervermoëns*”. Die pastor word nie haastig in die soeke na antwoorde nie, hy beweeg teen die tempo van die mens-in-nood. Sinvolle beluistering help die pastor om toepaslike sirkulêre vrae te vra (Louw 1999:11; Lester 1995:126; Müller 2000:18).

Voorts word aandag gegee aan ‘n diakonologiese narratief-pastoraal-terapeutiese omskrywing.

#### 4.4 'n Diakonologiese narratief-pastoraal-terapeutiese omskrywing vir maatskaplike werk

Die gebruikmaking van 'n narratief-pastorale benadering gefundeer in 'n diakonologiese epistemologie in maatskaplike werk vind aansluiting by 'n hermeneutiese verstaanproses van die mens in 'n sosiale konteks. Ten einde 'n moontlike inter- en intradissiplinêre samewerkingsooreenkoms tussen maatskaplike werk en pastorale benaderings te vergestalt, is dit noodsaaklik om op 'n wetenskaplik-verantwoorde manier aandag te gee aan wat bedoel word met narratief-pastoraal-terapeutiese perspektiewe.

In die formulering van 'n teologiese basisteorie word gebruik gemaak van die woord *perspektiewe* om bepaalde basisteoretiese kommunikatiewe optredes te verduidelik. Die woord *perspektiewe* word in teologiese navorsing gebruik wanneer 'n bepaalde basisteorie nog nie deur fenomenologiese navorsingsondersoeke gestaaf kon word nie (Venter 1996:118). In die uitvoering van die literatuurstudie is verkennend aandag gegee aan narratief-terapeutiese teorieë ten einde basisteoretiese perspektiewe vir die doeleindes van hierdie studie te formuleer. As gevolg van die interdissiplinêre aard van die navorsing word aansluiting gevind by teologiese wetenskapsbenaderings en word volstaan by die woord *perspektiewe* om die inhoudelike van die literatuurstudie te bespreek.

Dit is noodsaaklik om kennis te neem dat basisteoretiese konsepte ook praktiese implikasies het. Die konsepte onder bespreking word gevolglik vir die doeleindes van hierdie hoofstuk slegs teoreties gefundeer. Praktykteoretiese perspektiewe gebaseer op dié basisteorie word in Hoofstuk 5 bespreek.

Gerkin (1996:34) is van mening dat die gebruik van narratiewe teorieë in die Bybel 'n bekende werkswyse is waarvolgens struktuur aan die Christelike leefwyse gegee word. Janse van Rensburg (2000:37a), Ganzevoort (2000:280) en Lester (1995:129) verduidelik dat die gebruik van narratiewe teorieë 'n bekende konsep in geestelike kringe is. Postmoderniste maak daarom verkeerdelik aanspraak daarop dat hulle die betekenis van die gebruik van die narratief ontdek het. As 'n voorbeeld kan verwys word na die gebruik van gelykenisse in die evangeliese boeke in die Bybel.

Die paradigmaskuif waarvolgens narratiewe teorieë binne postmoderne epistemologieë gebruik word, kompliseer narratiewe teologie omdat pastorale beraders nie altyd getrou bly aan hul basisgefundeerde epistemologie nie. Indien op 'n postmoderne epistemologie besluit word, is dit die geldende epistemologie en kan daar nie heen en weer tussen epistemologieë beweeg word nie (Janse van Rensburg 2000:38a). Ervarings van en met God deur middel van narratiewe metaforiese gesprekke kan alleenlik betroubaar geïnterpreteer word aan die hand van klassiek-geskrewe woorde oor die Christelike geloof. In hierdie hoedanigheid is die geskrewe woord van die Bybel die gesagsdraende norm en sodoende die funderingsbasis waarvolgens gehandel word (Janse van Rensburg 2000:38a). Laasgenoemde normering vorm die basis waarvolgens narratiewe-pastorale teorieë in hierdie studie beredeneer word.

Narratiewe terapie wat poststrukturalisties gefundeerd is, het oorspronklik in Adelaide Suid-Australië ontstaan. Michael White, verbonde aan die Dulwich Sentrum in Australië, word as 'n baanbreker in die ontwikkeling van narratiewe terapie beskou. Die bydrae van David Epston van New Zealand word in dieselfde kategorie geplaas. Alice Morgan (2000:2) en Michael White (2001:4), verbonde aan die Dulwich Sentrum, beskryf narratiewe werkswyse soos volg:

Narratiewe werkswyse is 'n terapeutiese benadering waarin gebruik gemaak word van respek en 'n nie-veroordelende houding in berading en gemeenskapswerk. Die kliënt word beskou as die persoon wat oor besondere kennis van sy lewe beskik.

Probleme word as losstaande van die mens-in-nood gesien. Die standpunt word gehandhaaf dat mense oor baie vaardighede, bekwaamhede, geloofstelsels, waardes, bereidwillighede en vermoëns beskik om hulle te help om die verhouding waarin hulle tot die probleem staan te verander.

Nuuskierigheid en gewilligheid om vrae te vra, berus op die beginsel dat die antwoorde daarop werklik nie voor die hand liggend is nie.

Gespreksresultate kan verskillende moontlike uitkomst aanneem. Daar is nie net een korrekte uitkomst nie.

Die mens-in-nood is die belangrikste rolspeler. Hy bepaal die rigting waarin die hulpverlening moet beweeg.

In narratiewe terapie word gebruik gemaak van die vertelling van stories om mense te help om hul lewens deur middel van alternatiewe keuses wat uit die storievertellery ontvou, te herformuleer.

Die hervertelling en reprodusering van geskiedenis deur die skep van alternatiewe verhale help mense om sinvolle verbande met die verlede te vorm as gevolg van nuwe insigte en die verbindings van gebeure aan sentrale temas.

Eksplorering van die alternatiewe kennis en vaardighede bied nuwe insigte wat meewerk tot die identifisering met kulturele geskiedenis en 'n lokalisering van vaardighede en kennis in kulturele verband.

Nuwe toekomstories word in die lig van die alternatiewe moontlikhede geëksploreer.

Stories word meer volledig en ryker saamgestel namate meer inligting uit die vertellings na vore kom.

Die voorafgaande basiese beskrywing gee in breë trekke 'n beskrywing van wat narratiewe werkswyses behels. Morgan (2000:3) wys daarop dat stories vir narratiewe terapeute bestaan uit gebeure wat aan mekaar verbind word in 'n bepaalde volgorde, ooreenkomstig 'n bepaalde tydsraamwerk na aanleiding van 'n bepaalde kernverhaal. Narratiewe terapeute dink in terme van stories. Dominante stories en alternatiewe stories waarvolgens mense se lewens herskep kan word, is vir hulle van belang.

White 2001:1 verleen verdere prominensie aan narratiewe werkswyses of terapie deur die beklemtoning van die volgende aspekte:

In narratiewe terapie word primêr gefokus op die vertellings van die lewenservarings van mense-in-nood.

Lewensbeskrywende ervarings is deurleefde lewenservarings. Deur middel van interpretatiewe aksies word die mens-in-nood die alleen-eienaar van sy uniek deurleefde lewenservarings.

Deur middel van die interpretatiewe aksies gee mense sin en betekenis aan hul lewens.

Geen betekenis of singewing kan bestaan alvorens die mens-in-nood sy lewenservarings geïnterpreteer het nie.

Vertellings van lewenservarings word beskou as eenhede van mening. Beskrywende betekenisgewing en lewenservarings is te alle tye onskiedbaar.

Aksies wat verband hou met die interpretasie van ervarings is prestasies wat afhanklik is en wat verbind word met interpretatiewe bronne wat lei tot aanvaarbare verwysingsraamwerke vir die mens-in-nood.

Lewensvertellings gee 'n samestellende geheelervaring van die vorming van 'n persoon se lewe in die volgende verband:

Lewensbeskrywings is omvattend van aard – dit beskryf die leefwêreld van die mens-in-nood en dit help om struktuur te gee aan die beskrywings en uitdrukkings.

Uitdrukkings is in 'n voortdurende produksiestaat en hierdie uitdrukkings het 'n transformerende effek op die lewe.

Lewensaksies wat uitgevoer word, word gebaseer op lewenservarings. Spesifieke aksies word beïnvloed deur die besonderhede en menings waartoe gekom word deur 'n proses van interpretasies.

Uitdrukkings het 'n kulturele konteks en dit word beïnvloed deur die kennis en praktyke van die lewe van 'n bepaalde kultuurkonteks.

Singewing aan ervarings is 'n relasionele prestasie om die volgende redes:

Alle interpreterende aksies word gedoen teen 'n geldige verwysingsraamwerk en in samehang met ander belanghebbende persone binne 'n bepaalde konteks.

Liniariteit word onveranderlik na vore gebring soos wat die ervarings of gebeure van 'n situasie met verloop van tyd progressief ontvou.

Verskillende persone gee verskillende betekenis aan bepaalde gebeure.

Deur middel van vertellings en hervertellings vorm en hervorm mense hul lewens.

Vertellings is nie staties nie, maar dinamies en voortdurend in 'n proses van verandering as gevolg van nuwe interpretasies.

'n Narratiewe struktuur bied 'n verstaanbare raamwerk waarbinne die daaglikse leefwyse van mense vertolk kan word. Ooreenkomstig hierdie verwysingsraamwerk bind mense daaglikse gebeure in bepaalde volgordes, gegroepeer in spesifieke temas en tydraamwerke, aanmekaar.

Ten einde die basiese benaderingsverskille tussen sisteemteorie en narratiewe analises aan te dui word 'n uiteensetting daarvan in Tabel 4.3 gegee.

**Tabel 4.3      Verskille tussen sisteemteorie en narratiewe analises**

Sisteemteorie	Narratiewe analises
Ontwikkel breë veralgemeende universele gevolgtrekkings van menslike gedrag waarvolgens afleidings van die “self” gemaak word.	Bring teensprekende subjektiewe ervarings na vore en dekonstrueer afleidings wat verband hou met ‘n sentraal geplaasde “self”.
Verskaf plat monografiese beskrywings van die lewe waarvolgens gepoog word om gebeure te voorspel.	Beskou die lewe as ‘n multi-storie konsep.
Soek na die algemene ten einde nie deur die unieke mislei te word nie.	Verwag die uitsonderlike en dekonstrueer die norm.
Verskaf inligting aan studies wat verband hou met die reproduksie en oordrag van dominante neigings van die self of kulturele opvattings.	Bied geleentheid om op unieke uitkomst te voort te bou in die herbewerking van dominante neigings en praktyke van die self en kulturele opvattings.

(White 2001:3).

Uit die bostaande inligting is die verskillende waardes wat aan die rol van die “self” toegeken word, waarneembaar. In ‘n diakonologiese epistemologie word erkenning verleen aan die “self” as ‘n regulerende prinsipe tot normatief-etiese besluite (Vgl. 2.2; 4.3.5.1).

‘n Verdere belangrike verskil tussen ‘n diakonologiesgefundeerde narratief-pastorale benadering en ‘n poststrukuralistiese benadering hou verband met ‘n strukturalistiese beskouing van die mens. In Tabel 4.4 word ‘n oorsig van die verskille gegee.

**Tabel 4.4      Verskille tussen strukturalisme en poststrukuralisme**

Strukturalisme	Poststrukuralisme
Menslike gedrag as lewensmanifestasies word beskryf in terme van dieper elemente en kragte.	Lewenservarings word beskryf as verteenwoordigende aksies. Die ervarings is ‘n weergawe van wat werklik gebeur.
Slegs persone met ekspert kennis van die waarheid en gedragsverskynsels is by magte om gedrag te dekonstrueer na aanleiding van bepaalde reëls en prosedures.	Subjektiewe ervarings word ge-eksploreer en aan die hand daarvan word stories ryker vertel. Die kliënt is die ekspert omdat hy sy storie die beste ken.
Oppervlakkige en dieperliggende gedragswyses word met mekaar gekontrasteer en vergelyk.	Ryk en dun beskrywings van die stories word met mekaar gekontrasteer en vergelyk.

(White 2001:3)

In aansluiting by die voorafgaande verskille tussen strukturalisme en poststrukuralisme blyk dit dat ‘n diakonologiesgefundeerde epistemologie gemaklik aansluiting kan vind by ‘n strukturalistiese epistemologie omdat erkenning verleen word aan die bestaan van dieperliggende kragte, ekspert kennis en kontrasterende gedragswyses. Aansluiting by ‘n poststrukuralistiese epistemologie word bemoeilik as gevolg van die verheffing van taal tot die norm van waarheid en die nie aanvaarding van die rol wat transendente Christelike waardes speel (Vgl. 2.1).

#### 4.4.1 Omskrywing van ‘n diakonologiesgefundeerde narratiewe perspektief

Met betrekking tot ‘n diakonologiesgefundeerde narratiewe perspektief geld die volgende as ‘n basisteoretiese omskrywing vir maatskaplikewerkperspektiewe.

‘n Narratiewe struktuur word benut om die storie van die mens in ooreenstemming te bring met God se storie vir die mens.

Gefundeer in ‘n teologiese antropologie word aanvaar dat die mens oor ‘n sentraal-beheerde innerlike geestelike dimensie beskik en as sodanig maak die mens normatief-etiese keuses.

Die kulturele waardes van ‘n Christelike gemeenskap dra by tot die vorming van gedragspatrone van Christene.

Dit is nie die doelwit van ‘n diakonologiesgefundeerde narratief-pastorale benadering om mense te verander nie. Daar word wagtend geluister na die stories van die mens-in-nood en vanweë die pastorale konteks word gesoek na oplossings waarvolgens ‘n geloofsrus kan plaasvind ten einde geloofsgroei en toekomsthoop te skep.

Die tydsdimensie waarbinne gewerk word, is die verlede, hede en die toekoms. Toekoms sluit eskatologiese toekomsverwagtings in.

Die terapeut fasiliteer die proses met ‘n gesindheid van onvoorwaardelike aanvaarding en opregte medemenslike liefde.

Interpretasies word in samewerking met die mens-in-nood gemaak. Interpretasies word gebaseer op die waarheid van Bybelse inhoudes en gemeenskaplike Christelike normatiewe waardes.

Erkenning word verleen aan die rol wat tradisionele kulturele waardes in ‘n gemeenskapskonteks speel.

Voorts word aandag gegee aan basisteoretiese perspektiewe vir ‘n narratiewe gespreksbenadering in Christelike maatskaplike werk.

#### **4.4.2 Die verloop van 'n narratief-pastorale gesprek volgens 'n diakonologiese perspektief**

Die verloop van 'n narratiewe gesprek word deur verskillende skrywers met dié van 'n reisverhaal vergelyk, omdat geredeneer word dat die mens met 'n lewensreis besig is (Morgan 2000:2; Müller 2000:8). Terselfdertyd verwys skrywers dikwels na die Bybel as God se reisverhaal vir die mensdom (Smit 1999:1). Aan die einde van 'n reis kan baie stories vertel word van al die ervarings. Net so bestaan die mens se lewe uit baie stories wat nie noodwendig altyd 'n logiese orde vorm nie. In 'n narratiewe benadering word wegbeweeg van formele gestruktureerdheid maar tog is daar 'n paar logiese karterings wat benut kan word, naamlik die aanvang van die gesprek, dekonstruksie, eksternalisering, herskryf van die storie, seremonies, herinneringsgesprekke en 'n terugneemaksie (Morgan 2000:8).

Vervolgens word die aanvang van die gesprek bespreek.

#### **4.4.3 Aanvang van die gesprek**

Die eerste ontmoeting met 'n kliënt is baie belangrik. Die hoofdoelwit kan as die vestiging van 'n vertrouensverhouding en die daarstelling van 'n atmosfeer wat bevorderlik vir die gespreksituasie is, gesien word, veral waar die persoon nog nie voorheen ontmoet is nie (Louw 1999:416). Verskeie navorsers soos Müller (2000:74); Le Roux (1970:172); Brandt en Skinner (1999:19) sonder luister as 'n baie besondere vaardigheid uit. 'n Pastorale berader sal in die beluistering van die kliënt se storie ook aandag skenk aan die persoon se opmerkings aangaande sy geestelike lewe. Daar moet deurentyd geluister word of dit in ooreenstemming met Bybelse beginsels is en óf sommige Bybelse beginsels dalk verbreek word (Brandt & Skinner 1999:19). Beluistering van hierdie aard verg groot inspanning van die berader, omdat hy dit wat hy hoor mettertyd as 'n spieëlbeeld aan die kliënt kommunikeer (Brandt & Skinner 1999:59). Die kernbeginsel waarop 'n narratiewe benadering berus is 'n sinvolle beluistering na die interpretasies wat deur kliënte van hul lewenstorie gemaak word. Gerkin (1984), soos aangehaal deur Lester (1995:105), huldig die volgende mening:

*“People seek out a pastor or respond to pastoral initiative, because they need someone to listen to their story. Most often the story is tangled; it involves themes, plots and counterplots. The story itself is of course, an interpretation of experience. To seek counseling usually means that the interpretation has become painful, the emotions evoked by the interpretation powerful and conflicted. The search is for a listener who understands their interpretations, one who can make sense out of what has threatened to become senseless, one whose interpretation of the story can reduce the pain and make the powerful feelings more manageable. The one seeking counseling comes asking for a fresh interpretation of what has been experienced, a new “story” for his or her life”.*

In ‘n narratief-pastorale benadering word daar bo en behalwe die manifesterende maatskaplike probleem ook rekening gehou met die geestelike belewing of kragte wat die mens-in-nood deel maak van die gesprek. Dit verg ‘n unieke benadering. Erkenning van die geestelike dimensie plaas die gespreksgebeure in ‘n dialogiese konteks. God is as ‘t ware ook ‘n gespreksvennoot (Louw 1999:298). In aansluiting hierby huldig Crabb (1997:43) die beskouing dat ‘n pastorale berader kennelik bewus moet wees van sy eie geestelike verbondenheid aan Christus. As daar slegs gefokus word op die gebruik van Bybelse beginsels in pastorale berading, word daar opgetree vanuit ‘n moralistiese posisie en word die kliënt onder druk geplaas. Pastorale beraders wat ‘n moralistiese benadering volg, konsentreer op die morele en tree in gesprek met die kliënt oor die rol wat sonde speel. Hierdie benadering het sekerlik ‘n plek in pastorale beraad, maar as ‘n alleenstaande fundering, kan dit nadelige resultate vir die pastoraat tydens die aanvang van die gesprek inhou.

Dit gebeur dikwels dat die eerste ontmoeting met kliënte voortspruit uit krisisgebeure van een of ander aard. Aansluiting moet gevind word by die kern van die verhaal. Switzer (1990:34) identifiseer drie interafhanklike faktore wat tot die ontstaan van ‘n kernverhaal of ‘n noodsituasie aanleiding kan gee:

- Gevaarlike toestande wat sekere bedreigings inhou.
- Konfliktsituasies voortspruitend uit vorige bedreigings
- ‘n Onvermoë om te reageer op gebeure as gevolg van onvoldoende egokragte om ‘n probleemversadigde storie te hanteer.

Lucado (1998:X) maak gebruik van die volgende metafoor om die aanvang van 'n gesprek te verduidelik. As 'n huis vir jare sonder enige veranderings gemeubileer was en dit word skielik radikaal verander, voel die inwoners aanvanklik ongemaklik met die veranderings totdat hulle daaraan gewoon geraak het. 'n Mens in 'n noodsituasie ervaar dieselfde ongemak. As gevolg van die posisie waarin die kliënt hom bevind, is dit noodsaaklik dat hy vanaf die eerste kontak met die berader, al is dit net telefonies, onvoorwaardelike aanvaarding en respek beleef ( Le Roux 1970:169).

Die aard van die vroeë wat tydens die aanvang van die gesprek gevra word, moet met groot omsigtigheid gekies word, omdat die aansluitingsfase dikwels baie sensitief van aard is. Müller (2000:74) meen dat die beste resultaat verkry word deur op "wat"-vrae te konsentreer, omdat die kliënt se storie probleemversadig is en hy as 't ware verblind word deur die krisis waarin daar verkeer word. "Waarom"-vrae word tot later gelos, omdat dit aanleiding gee tot interpretasies. 'n Verdere voordeel van "wat"-vrae is dat dit help om die vertelling van die storie te inisieer. Sodoende kan ook bepaal word wie wat gedoen het. Die "wat" en "wie"-vrae word op dié wyse sirkulêr aangewend. Gerkin (1997:154) ondersteun die gedagte, om gebruik te maak van "wat"-vrae. Hy beskou die lewensiklusbenadering as 'n waardevolle hulpmiddel om aansluiting by die mens-in-nood te vind. Die volgende vroeë kan byvoorbeeld gevra word om aansluiting te vind by die rol wat die geestelike dimensie speel:

- Wat word onthou van die eerste kerkgemeenskap waarvan die gesin deel was?
- Wat word onthou van die Sondagskool wat bygewoon is?
- Wat word onthou van doopseremonies?
- Wat word onthou van die laaste nagmaalbyeenkoms wat bygewoon is?

Vrae van hierdie aard kan 'n pastorale berader en die kliënt help om te bepaal wat die aard van meelewendheid van die kliënt by die kerkgemeenskap is. Op dié wyse kan inskakeling by 'n ondersteuningsgroep bewerkstellig word, indien die kliënt daartoe geneë voel (Vgl. 5.6.2; 6.18.3).

Samevattend kan die doel van die aansluitingsgesprek beskryf word as die skep van 'n vertrouensverhouding deur eerbiedwaardige toetrede tot die leefwêreld van die klient

deur middel van aktiewe beluistering na die storie wat vertel word. Soos wat die terapeutiese proses ontvou, kan geleidelik oorbeweeg word na dekonstruering van die dominante storie.

#### **4.4.4. Dekonstruksie**

Volgens White (2000:156) word meestal na dekonstruksie verwys as kritiese konstruktivisme of 'n konstitusionele perspektief van die wêreld. Volgens hierdie perspektief word geredeneer dat mense betekenis aan hul lewens gee na aanleiding van lewenservarings, sosiale strukture, taal- en kulturele praktyke van die self en/of relasies in samehang met ander belanghebbende persone. Volgens 'n narratiewe metafoer leef mense hul lewens as stories. Stories vorm sodoende hul lewens. Lewenstories is daarom eg, dit is nie verbeeldingsvlugte nie en gee gevolglik struktuur aan die lewe.

Die stories wat deur mense vertel word, soos gereflekteer teen bogenoemde veronderstellings, is realiteitskonstrukte gebaseer op hul eie deurleefde internaliserings van die verloop van die gebeure. Narratiewe terapeute benut dekonstruksie as 'n werkswyse om die verskil tussen die kliënt se eie vertolking van sy storie en die realiteit van gebeure aan te dui (Lax 1999a:2). Verder word geredeneer dat geen individuele stories bestaan nie, die mens is deel van 'n groter gemeenskapstorie en leef meestal nie geïsoleerd nie. Daarom verskil die stories wat vertel word van persoon tot persoon (Bertrando 2000:99; Delanty 2000:96).

Die soeke na verskuilde betekenis in die mens se lewe spruit voort uit die werk van twee Franse filosowe, te wete Derrida en Foucault (Kelly 2000:3). Die praktiese implementering van dekonstruksie in postmodernistiese narratiewe terapie word vervolgens na aanleiding van die standpunt van White wat op die werke van Foucault gebaseer is, bespreek (White 2000:161).

White (2000:161) stel dit ten doel om die invloede van godsdiens te eksploreer en in hierdie eksplorasieproses sluit hy aan by die beginsel van dekonstruksie, ten einde aan die persoon-in-nood te toon dat godsdienstige oortuigings eerder verhoudings

kompliseer as wat dit bydra tot rigtinggewende norme. White verwys hierna as 'n studie van die volgende vier etiese aspekte:

- Die samestelling van die self as 'n morele agent. Hiermee word bedoel dat die self die hoofrigtinggewende aspek in 'n persoon se lewe is, en daarmee primêr verantwoordelik vir etiese beoordelings is.
- Die tweede aspek word beskryf as die wyse waarop die self as 'n morele agent hom aan gesag onderwerp.
- Die derde aspek van die self wat as 'n morele agent beskryf word, is die wyse waarop onthouding van sekere gebruike geskied, byvoorbeeld die regulering van gedrag tydens denke, motiewe of tydens aksies.
- Die vierde aspek van die self word as 'n morele agent naamlik telos beskryf. Hiervolgens gee 'n persoon uiting aan die morele waardes wat onderskryf word in die vorm van gedrag.

White (2000:166) gaan voort om te verduidelik dat Foucault met bogenoemde studie ten doel het om aan te toon dat moderne lewenswyses nie meer in ooreenstemming gebring kan word met historiese denkraamwerke nie. Tweedens hoef die mens nie noodgedwonge vas te hou aan individualistiese westerse kulture nie en derdens het hy gehoop dat hierdie benadering voldoende ruimte vir die mens sou laat om met verskillende kulturele benaderings te eksperimenteer. White (2000) benut bogenoemde teorie in terapeutiese sessies om aansluiting te vind by die geestelike waardes (enige vorm van spiritualiteit) wat sy kliënte ervaar en gebruik dan dekonstruksie as 'n metode om daarby aansluiting te vind (Vgl. 4.5.2.1).

Kelly (2000:5) beskryf die dekonstruksieproses wat deur post-strukturalistiese narratiewe terapeute gebruik word in die volgende vyf stappe:

- Die primêre fokus van dekonstruksie in narratiewe benaderings is die dekonstruering van die storie wat vertel word.
- Die inhoud van die storie kan as deureleefde lewenservarings beskou word en is daarom onderworpe aan subjektiewe interpretasies. Die narratiewe terapeut moet as 't ware besluit wat die teks sê.

-Lewenswaardes word gevorm deur die betekenis wat deur middel van interpretasie aan lewenservarings gegee word. Betekenis bestaan egter nie voor die ervaring en interpretasie daarvan plaasgevind het nie, omdat daar geen vaste waardestrukture bestaan nie. Elke ervaring is nuut en moet hergeïnterpreteer word.

-Vertellings van ervarings is dele van geheelkonstrukte. Hierdie vertellings as deel van die storiemateriaal moet deur middel van vroe gedekonstrueer word en nuut geïnterpreteer word ooreenkomstig die kliënt se *nuwe* betekenisgewing daaraan.

-Eksternalisering van die teks kan aan die einde van die proses benut word ten einde die kliënt tot 'n nuwe siening te lei van watter rol die teks in sy lewe speel in plaas daarvan om te bepaal watter rol hyself speel.

Uit die voorafgaande bespreking van dekonstruksie is 'n duidelike onderskeid waarneembaar tussen 'n postmodernistiese en 'n diakonologiese antropologie. Postmodernisties beskou word die mens sentraal geplaas tydens die interpretasies van teks. Diakonologies beskou word God sentraal geplaas tydens interpretasies en word dekonstruktiewe vroe benut om te bepaal tot watter mate wegbeweging van die verhaal wat God vir die mens koester, plaas gevind, het.

#### **4.4.4.1 Kritiese bespreking van dekonstruksie uit 'n diakonologiese waardebeplating**

Dekonstruksie dra by tot die perspektief dat daar nie 'n eenvormige denkpatroon bestaan nie.

Dit daag eintlik die tradisionele logosentriese westerse denkpatroon uit. Logosentrisme het ontstaan in moderne metodologieë waarvolgens teks deur middel van rede (rasionalisme) en konsep geïnterpreteer is. Hierteenoor word in dekonstruksieteorieë van die standpunt uitgegaan dat teks uit 'n taalperspektief beskou moet word. Taal as 'n medium bied woorde waarvolgens gekommunikeer kan word. Hierdie beskouing word bevraagteken, omdat die betekenis wat aan woorde gegee word voortdurend in 'n veranderingsproses verkeer (Janse van Rensburg 2000:10a).

Naas die betekenislegging van taal, word die *beginsel van verskil (difference)* met dekonstruksie in verband gebring. Die feit dat die narratiewe herhaaldelik verskil en oor en oor geïnterpreteer word, vestig die beginsel van *la difference*, 'n term wat deur

Derrida ontwerp is. Dit kom daarop neer dat die betekenis van taal voortdurend gedekonstrueer moet word om die werklike betekenis daarvan te verstaan (Vgl. 1.1.2; 2.1; 3.1.6). Delanty (2000:96) wys daarop dat die doel van dekonstruksie aanleiding gee tot die verwerping van normatiewe beginsels.

Wanneer gelet word op die navorsingswerke van Crabb (1997 & 2000), Brand en Skinner (1999) en Hindson en Eyrich (1997) gefundeer in 'n diakonologiese epistemologie, blyk dit dat Bybelse waarhede bestaan en dat dit prakties in pastorale terapie toepasbaar is. Die pastor moet egter voortdurend in Jesus Christus geanker bly om 'n duidelike onderskeid tussen Bybelse waarhede en 'n wegbeweging daarvan, te kan tref. Crabb (1997:XV) is van mening dat, om die Christelike leefwyse te verstaan soos wat God dit bedoel het, dit nodig is om weg te beweeg van die druk wat die gemeenskap op 'n mens plaas om gehoorsaam te wees aan die werking van die Heilige Gees en daarvolgens te lewe. Brand en Skinner (1999:IX) huldig die standpunt dat pastorale beraders en leiers opnuut behoort terug te keer na die oorspronklike roeping van God en dat Bybelse standaarde in hul berading gebruik behoort te word. Wilson-Benton (1997:261) wys daarop dat al sou die hedendaagse samelewing redeneer dat Bybelse waarhede outyds is en dat dit geen toepassingswaarde het nie, dit Skriftuurlik as onwaar bewys kan word: Jesaja 40:8 stel byvoorbeeld: "Gras verdor en blomme verwelk, maar die Woord van ons God bly vir ewig". Wilson-Benton (1997:261) wys verder daarop dat God 'n ewige onveranderlike God is en dat die beginsels van die Woord nie verander nie, omdat dit 'n vaste fondament het.

Dekonstruksie kan gevolglik slegs positiewe gebruikswaarde vir pastorale berading inhou, as die berader in die gesprek op soek na waarheid, deurgaans bewus bly van die feit dat die ontkenning van 'n Christelike waardesisteem as 'n denkraamwerk, aanleiding kan gee tot relativisme (Janse van Rensburg 2000:70).

Uit die voorafgaande blyk dit samevattend dat dekonstruksie uit 'n postmodernistiese epistemologie nie van toepassing gemaak kan word op 'n diakonologies-narratief-pastorale epistemologie nie, hoofsaaklik as gevolg van die verskil wat aan die bestaan van vaste waardes en interpretasie deur middel van verskille (*differance*) toegeken word. Indien dekonstruksie gebruik word, moet dit tot die daarstelling van die Christelike waarheid lei. Uit 'n diakonologies- gefundeerde narratief-pastorale

benadering sou eerder gepoog word om die mens se lewensverhaal te rekonstrueer sodat dit in ooreenstemming met God se verhaal vir die mens vorm aanneem. Dekonstruksie, losgemaak van 'n sosiaal-konstruksionistiese konteks, bied in 'n diakonologiese benadering gebruikswaarde (Vgl.3.1.6).

Dekonstruksie, gefundeer in 'n diakonologiese epistemologie, kan soos volg gebruik word:

As tydens die vertellings van lewenservarings waargeneem word dat die interpretasies wat aan uniek deurleefde stories toegeken word verskil van Bybelse- en Christelike kulturele gemeenskapswaardes kan die verskille wat bestaan, benut word om deur middel van hervertellings nuwe betekenis en perspektiewe te skep wat in ooreenstemming met normatief-etiese Bybelse waardes is. Gelykenisse in die Nuwe Testament illustreer hierdie beginsel. Die toehoorders is deur Jesus gekonfronteer met hul eie verhale en opgeroep om 'n nuwe verhaal in die plek daarvan te stel (Lester 2000:129; Vgl. 5.5; Luk 8).

Vervolgens word aandag gegee aan eksternalisering.

#### **4.4.4.2 Eksternalisering**

Eksternalisering is 'n begrip wat in narratiewe terapie gebruik word om die kliënt en die probleem van mekaar te skei omdat geredeneer word dat die mens nie die probleem is nie, maar dat die probleem die probleem is (Carey & Russel 2002:1).

Betreffende eksternalisering dien daarop gewys te word dat dit die teenoorgestelde is van die bekende begrip *internalisering* waarvolgens 'n bepaalde waardeoriëntasie as 'n geïnternaliseerde waardepatroon die gedragswyses van 'n mens rig. Eksternalisering lokaliseer die probleem buite die kliënt. Die probleem word beskou as 'n produk van die kulturele, geskiedkundige en sosiale konteks waarbinne dit oor 'n bepaalde periode ontwikkel het (White 1995:37; Boje 1999:2; Lax 1999:2). In tradisionele terapeutiese modelle word die gedragswyses eie aan 'n bepaalde probleem, byvoorbeeld alkoholisme, as geïnternaliseerd met die alkoholiese leefwyse beskou. Die persoon wat 'n probleem met alkohol ervaar, sien homself as 'n alkoholis, dink aan homself as 'n

alkoholis en tree gevolglik ooreenkomstig die gedragsnorme van 'n alkoholis op. Tradisioneel versterk die gemeenskap die internalisering van die bepaalde norme omdat die totale gemeenskap volgens die normatiewe waardes handel aangesien dieselfde norme (inligting) gebruik word waarvolgens alkoholisme beskryf word. Postmoderne denkers het egter uit die aard van hul epistemologie 'n probleem daarmee omdat geen objektiewe waarhede bestaan nie. Eksternalisering word dan in samehang met dekonstruksie gebruik om die probleem en die persoon van mekaar te skei, omdat geredeneer word dat geen storie volledig is nie. Die gapings moet gesoek word en ingevul of voltooi word deur middel van die oorvertelling van stories en die herskryf daarvan. White en Epston (1990) is oortuig dat binne 'n postmoderne paradigma daarin geslaag kan word om 'n persoon te help om 'n alternatiewe storie te ontwikkel wat buite die sfeer van die dominante storie en verhoudings val soos wat dit deur 'n gemeenskap in stand gehou word (Becvar & Becvar 2000:292).

#### **- Die doelstellings van eksternalisering**

Deur die gebruikmaking van eksternalisering word die kliënt bewus gemaak van die wete dat hy en die probleem nie identies is nie. Vrae aan die kliënt kan so gestruktureer word dat hy bewus gemaak word van die skeiding (Carey & Russel 2002:1).

White (2002:2) stel voor dat die terapeut saam met die kliënt na die voorkoms van die probleem kan kyk deur die rol van 'n ondersoekende verslaggewer aan te neem. Die aard van die ondersoek wat gedoen moet word, moet lei tot die eksplorering van die invloed van die probleem op verskillende terreine, byvoorbeeld in verhoudings, gevoelens, denke en tot watter mate die probleem die totale situasie oorheers.

Die “verslaggewer” kan op die volgende aspekte fokus om inligting rakende die probleem te bekom:

Die strategieë, tegnieke, kullery en toertjies wat die probleem speel om in beheer van die kliënt se lewe te bly.

Die spesiale kwaliteite waaroor die probleem beskik ten einde die kliënt se vermoëns en vaardighede te diskwalifiseer.

Die redes wat deur die probleem aangevoer word om die kliënt se lewe te oorheers asook die drome en hoop wat die probleem vir die kliënt koester.

Wie ondersteun die probleem en om watter redes?

Die planne wat die probleem gereed het ingeval sy dominansie bedreig word.

Die “verslaggewer” kan die volgende kriteria benut om die mislukkings van die probleem te verken:

Bepaal die terreine waarop die kliënt in beheer is.

Die strategieë, tegnieke en toertjies wat die kliënt ontwikkel het as ‘n teenantwoord vir die probleem en waarmee hy in die verlede suksesse behaal het.

Spesiale kwaliteite, kragte, kennis en vaardighede wat die kliënt besit om die probleem te bemeester.

Die doelstellings en bereidwilligheid wat die kliënt motiveer om die probleem as ‘n uitdaging te beskou.

Wie ondersteun die kliënt in sy standpunt-inname teen die probleem?

Beskikbare moontlikhede waarvolgens die swakhede van die probleem uitgebuit kan word.

Aanvullend tot die vrae wys Carey en Russel (2002:1) daarop dat die probleem gepersonifiseer kan word deur byvoorbeeld na probleme as Mnr Stoutert te verwys. Dit dra by tot die skep van ‘n groter afstand tussen die probleem en die kliënt.

Ten einde die duur van die probleem te bepaal, kan gebruik gemaak word van wie, wat waar, wanneer en hoe vrae. Dit dra daartoe by om die probleem te verbind aan ‘n basiese storielyn. Inligting ten opsigte van die persoon se kulturele agtergrond en wat dit vir hom beteken, kan ook op hierdie manier bekom word.

Carey en Russel (2002:1) benut die selfvertellings van die kliënt om te besluit wat geksternaliseer moet word. Opmerkings soos “Ek is nutteloos” of “Ek is baie dapper” kan opgevolg word. Die terapeut behoort spesifiek op te let vir self- beskrywende eienskappe en daarby aansluiting vind met die doel om ‘n ryker beskrywing van die probleem te bekom.

Die kliënt word genooi om ‘n standpunt teen die probleem in te neem. Dit het tot gevolg dat die kliënt die afstand tussen hom en die probleem vergroot. Die kliënt begin sodoende self die vermoëns waaroor hy beskik om die probleem te hanteer, te aktiveer.

Tydens die eksternaliseringsgesprekke kan moontlike unieke uitkomst geïdentifiseer word. Hierdie unieke uitkomst kan benut word as 'n versterkende maatreël in die standpuntname teen die probleem. 'n Toekomsverhaal van hoop kan sodoende gekonstrueer word.

Sukcesse van die verlede kan ook benut word in die bepaling van strategieë waarmee moontlike antwoorde vir die huidige probleem gesoek word.

Laastens moet 'n ondersteuningstelsel saamgestel word. Dit kan 'n persoon of groep persone wees aan wie die storie oorvertel word (Carey & Russel 2002:4).

Die resultaat wat deur bogenoemde ondersoekvrae en kriteria bekom is, kan aan die hand van die twee stelle vrae gekarteer word deur middel van samevattende posisiestellings: eerstens word gefokus op die vrae wat sentreer rondom die voorkoms of invloed wat die probleem op die kliënt uitoefen en tweedens op die vrae wat verband hou met die invloed wat die kliënt op die probleem kan uitoefen (White 2002:3). Hierdie twee stelle vrae word vervolgens bespreek.

#### **- Karteringsdoelwit nommer I - Die invloed van die probleem op die kliënt**

Die invloed wat die probleem op die kliënt uitoefen, kan saamgevat word in 'n probleemstelling. Die formulering van die probleem kan deur middel van onderhandeling saam met die kliënt gedoen word. Dit behoort op 'n kreatiewe manier gedoen te word ten einde alle moontlike invloede te verreken.

Die verskillende dominante lewensfere wat die probleem beïnvloed, word geïdentifiseer. Voorbeelde in hierdie verband is huislike omstandighede, skool, portuurgroepe, gesinsverhoudings, die verhouding met die eie-ek, vriendskappe, doelstellings, hoop, drome, aspirasies en waardes, lewenshorisonne en toekomsmoontlikhede.

Voorts word die effek of invloed van die probleem ge-evalueer op alle relevante dominante lewensfere. Dit kan gedoen word deur die volgende vrae: "Is jy tevrede hiermee? Hoe voel jy hieroor? Wat dink jy hiervan? Wat is jou standpunt hieromtrent? Wat is jou posisie hierin? Is hierdie 'n positiewe of 'n negatiewe ontwikkeling?"

Met betrekking tot die bepaling van die regverdiging van die interpretering kan die volgende vrae gevra word: “Waarom is jy nie tevrede hiermee nie? Waarom voel jy so oor hierdie bepaalde ontwikkeling? Waarom neem jy hierdie standpunt in rakende hierdie ontwikkeling? Sal jy asseblief vir my ‘n storie van jou lewe vertel wat my kan help om te verstaan waarom jy hierdie posisie ten opsigte van die probleem inneem?”

Die voorafgaande vier kategorieë van ondersoekvrae bied ‘n oorsig van die struktuur van eksternaliseringsgesprekke (White 2002:4).

Voorts word aandag aan die tweede groep vrae gegee naamlik die invloed wat deur die kliënt op die probleem uitgeoefen kan word.

**- Karteringsdoelwit nommer II: Die invloed wat deur die kliënt op die probleem uitgeoefen kan word.**

Ten opsigte van hierdie doelwit word gefokus op die bydrae wat die kliënt tot ‘n unieke uitkoms kan lewer met die vermoëns waaroor hy beskik.

Onderhandelings word gemaak ten einde ‘n unieke uitkoms of verwagting te skep in die vorm van ‘n omskrywing van wat ten doel gestel word.

Karteer die beskikbare potensiaal in die verskillende lewensfere wat in samewerking met die kliënt versterkend kan meewerk tot ‘n invloed op die probleem byvoorbeeld huislike omstandighede, skool, portuurgroepe, gesinsverhoudings, die verhouding met die eie-ek, vriendskappe, doelstellings, hoop, drome, aspirasies en waardes, lewenshorisonne en toekomsmoontlikhede.

Voorts moet die bydraende versterkende effek of invloed van die persoon geïnterpreteer word op alle relevante dominante lewensfere. Dit kan gedoen word deur die stel van vrae soos: “Is jy tevrede hiermee? Hoe voel jy hieroor? Wat dink jy hiervan? Wat is jou standpunt hieromtrent? Wat is jou posisie hierin? Is hierdie ‘n positiewe of ‘n negatiewe ontwikkeling?”

Met betrekking tot die invloed van die persoon op die probleem en die regverdiging van die interpretasie, kan die volgende vrae gevra word: “Waarom is jy nie tevrede hiermee nie? Waarom voel jy so oor hierdie bepaalde ontwikkeling? Waarom neem jy hierdie standpunt in rakende hierdie ontwikkeling? Sal jy asseblief vir my ‘n storie van jou lewe vertel wat my kan help om te verstaan waarom jy hierdie posisie ten opsigte van die probleem inneem?” (White 2002:5).

White (2002:5) is van mening dat die terapeut ‘n wagtende houding met betrekking tot respondering moet inneem. Die kliënt moet self uit die vertelling van sy storie tot nuwe insigte kom.

Uit die voorafgaande bespreking van eksternalisering blyk dit dat dit, losgemaak van ‘n poststruktureelste epistemologie, deel kan vorm van ‘n basisteoretiese perspektief binne ‘n diakonologiese epistemologie vir ‘n narratief-pastorale benadering in maatskaplike werk.

In aansluiting by vorige beredenerings in hierdie studie het ‘n narratief-pastorale benadering binne ‘n diakonologiese perspektief dit ten doel om die mens tot insig te begelei in die verskille wat tussen sy lewensverhaal en God se verhaal vir die mens bestaan (Vgl. 4.3.5).

In Tabel 4.5 word ooreenkomstig ‘n diakonologiese narratief-pastorale benadering ‘n oorsig van die benutting van die twee verskillende karteringsvorme wat tydens eksternalisering gebruik kan word, gegee naamlik: die invloed wat die probleem op die kliënt het en die invloed wat deur die kliënt op die probleem uitgeoefen kan word.

**Tabel 4.5 Kartering van die invloed van die probleem tydens eksternalisering in aansluiting by ‘n diakonologiese narratief-pastorale benadering**

<b>Die mens se lewensverhaal (Die invloed van die probleem op die persoon)</b>	<b>God se verhaal vir die mens (Die persoon se invloed op die probleem)</b>
Die invloed van die probleem kan saamgevat word in ‘n probleemstelling. Die probleemformulering moet deur middel van onderhandeling saam met die kliënt geformuleer word. Dit behoort op ‘n kreatiewe manier gedoen te word ten einde alle moontlike invloede te verreken.	Onderhandelings word gemaak ten einde ‘n unieke uitkoms of verwagting te skep aan die hand van God se verlossingsverhaal vir die mens.
Die verskillende dominante lewensfere wat die probleem beïnvloed, behoort geïdentifiseer te word byvoorbeeld: huislike omstandighede, skool, portuurgroepe, gesinsverhoudings, die verhouding met die eie-ek, vriendskappe, doelstellings, hoop, drome, aspirasies en waardes, lewenshorisonne, toekoms-moontlikhede en kerklike betrokkenheid.	Karteer die beskikbare potensiaal in die verskillende lewensfere wat in samewerking met die kliënt versterkend kan meewerk tot ‘n invloed op die probleem byvoorbeeld huislike omstandighede, skool, portuurgroepe, gesinsverhoudings, die verhouding met die eie-ek, vriendskappe, kerkgemeenskap, doelstellings, hoop, drome, aspirasies en Christelike waardes, sinshorisonne en die versterkende waarde van gebed en geloof in Christus.
Voorts moet die effek of invloed van die probleem geïnterpreteer word op alle relevante dominante lewensfere deur aansluiting te vind by die nie-konformering aan Christelike waardes. Dit kan gedoen word deur die volgende vrae: “Is jy tevrede hiermee?, Hoe voel jy hieroor?, Wat dink jy hiervan?, Wat is jou standpunt hieromtrent?, Wat is jou posisie hierin?, Is hierdie ‘n positiewe of negatiewe ontwikkeling?”	Voorts moet die bydraende versterkende effek of invloed van geloof in God en God se verhaal vir die mens verken word soos wat dit funksioneer in al vier die basiese verhoudings: God, self, medemens en omgewing. Dit kan gedoen word deur die volgende vrae: “Is jy tevrede hiermee?, Hoe voel jy hieroor?, Wat dink jy hiervan?, Wat is jou standpunt hieromtrent?, Wat is jou posisie hierin?, Is hierdie ‘n positiewe of negatiewe ontwikkeling?”
Met betrekking tot die bepaling van die regverdiging van die interpretasie kan die volgende vrae gevra word: “Waarom is jy nie tevrede hiermee nie?, Waarom voel jy so oor hierdie bepaalde ontwikkeling?, Waarom neem jy hierdie standpunt in rakende hierdie ontwikkeling?, Sal jy asseblief vir my ‘n storie van jou lewe vertel wat my kan help om te verstaan waarom jy hierdie posisie ten opsigte van die probleem inneem?, Watter invloed het die probleem op jou geestelike lewe?”	Met betrekking tot die invloed van die rol van God se verlossingsplan vir die mens en die regverdiging van die interpreterings kan die volgende vrae gevra word: “Waarom is jy nie tevrede hiermee nie?, Waarom voel jy so oor hierdie bepaalde ontwikkeling?, Waarom neem jy hierdie standpunt in rakende hierdie ontwikkeling?, Sal jy asseblief vir my ‘n storie van jou lewe vertel wat my kan help om te verstaan hoe jy God se verhaal vir jou beskou?”

In die bespreking van die basispraktyk teoretiese perspektiewe sal verder aandag aan praktykperspektiewe ten opsigte van eksternalisering gegee word (Vgl. 5.4).

#### **4.4.4.3 Herskryf van die storie**

Die herskryf van ‘n storie as ‘n basisteoretiese perspektief ooreenkomstig ‘n narratief-pastorale benadering kan sinvol gebruik word, omdat dit ‘n doelstelling van

narratief-pastorale benaderings is om die mens se storie te herskryf ooreenkomstig God se storie vir die mens. Gevolglik sal *die herskryf van 'n storie* in 'n diakonologiese epistemologie aansienlik verskil teenoor die gebruik daarvan binne 'n postmodernistiese epistemologie byvoorbeeld:

- In die eerste plek word uit 'n diakonologiese standpunt nie ondersteuning gebied aan die feit dat die *skrywer dood* is nie.
- Tweedens word nie aanvaar dat grand narratives soos die geskiedenis van die kruisiging en opstanding van Jesus Christus nie bestaan nie (Janse van Rensburg 2000:7a).
- Voorts word toekomshoop in 'n diakonologiese benadering gefundeer in eskatologiese hoop en is dit die uiteindelijke doelwit waarna gestreef word in 'n narratief-pastorale benadering (Lester 1995:23).

Die *promissiotherapie* wat deur Louw (1999:8) ontwikkel is, vind aansluiting by die narratiewe perspektief waarvolgens die mens se storie herskryf word, omdat dit die herstel van die mens se verhaal ten doel het en op eskatologiese hoop uitloop (Vgl. 3.5.6). Aandag word veral aan disfunksionele stories gegee wat moontlik die proses van eskatologiese hoop kan blokkeer. Lester (1995:128), 'n narratief-pastorale terapeut, benut dekonstruksie as 'n perspektief om disfunksionele toekomsgerigte stories te dekonstrueer. Hy gee die volgende betekenis aan dekonstruksie: sommige stories word as fiksie en ander as faksie geklassifiseer. Fiktiewe stories word onderskei van feitlike (faksie) stories ten einde by die waarheid uit te kom. Toekomsgerigte stories is dikwels soos fiksie, maar dit moet binne die raamwerk van faksie (die werklikheid) geplaas word om sin aan die lewe te gee. Terapeuties word dan gepoog om die twee wêreldes met mekaar te versoen (Vgl. 5.4). Die terapeut en mens-in-nood soek saam na die aspekte wat groei tot geloofsvolwassenheid binne 'n Christelike lewens- en wêreldbeskouing blokkeer en voorkom. Hierdie proses kan vergelyk word met die werkswyse wat deur Jesus in die Nuwe Testament gebruik is tydens die vertelling van gelykenisse (Joh. 4). Die kliënt word uitgenooi om sy storie deur middel van 'n hoopgerigte toekomsstorie, te herkonstrueer deur 'n sondige leefwyse te verruil vir 'n leefwyse van geestelike groei in wat in werklikheid 'n verlede- en toekomsdimensie insluit.

Becvar en Becvar (2000:295) is van mening dat die herskryf van 'n storie deur 'n kliënt self besondere terapeutiese waarde vir die kliënt inhou. Dit gebeur ook dikwels dat 'n terapeut die herskrywing doen deur middel van briewe wat hy aan die kliënt skryf (Epston, White & Murray 1992:18).

Die herinskakeling van 'n mens-in-nood by 'n kerklike gemeenskap kan in 'n sekere sin ook as herskryf, herbevestiging of aanvaarding van die heilsboodskap gesien word. Die voorwaardes van die verbond word opnuut aanvaar en kry in hierdie opsig vir die mens-in-nood nuwe betekenis. Die kerk kan beskryf word as 'n gemeenskap van mense wat na God op reis is. Wanneer daar onder leiding van die Heilige Gees, geestelike samehörigheid in 'n kerklike byeenkoms ervaar word, word daarna verwys as 'n geestesgemeenskap. In 'n geestesgemeenskap word die liefde van Christus op so 'n wyse met mekaar gedeel dat die opregtheid daarvan mense tot 'n soeke na God lei ten einde in die band van liefde as 'n sentraal saambindende faktor te kan deel (Crabb 1999:21).

'n Raamwerk vir 'n praktykperspektief waarvolgens aandag aan die herskryf van stories gegee word, word in die volgende hoofstuk volledig bespreek.

Voorts word aandag aan die gebruik van seremonies ter bevestiging van 'n nuwe identiteit gegee.

#### **4.4.4.4 Bevestigingsseremonies**

Volgens White (2002:8) het die gebruik van bevestigingsseremonies sy oorsprong in die werk van 'n kulturele antropoloog Barbara Meyerhoff (1982,1986).

Bevestigingsseremonies (“definitional ceremony”) word deur White (2002:8) omskryf as 'n metafoor wat die terapeutiese arena as 'n konteks struktureer waarbinne 'n ryker betekenis aan die lewenservarings van mense gegee word deur op identiteite en verhoudings te fokus. Verder word van rituele gebruik gemaak om erkenning te verleen aan die nuutontwikkelende, ryker lewensinsigte wat tydens terapeutiese sessies bereik is.

In 'n poststruktureel-narratiewe benadering word bevestigingsseremonies ter bevestiging van 'n nuwe identiteit benut. Die seremonies kan verskillende vorme

aanneem, soos die gebruikmaking van 'n reflekerende span, die uitreiking van sertifikate of deur die stigting van klubs. Ter bevestiging van die nuwe storie is dit noodsaaklik dat 'n buitestaander of onafhanklike getuiegroep tydens die seremonieplegtighede teenwoordig moet wees (Du Plessis 2000:161; White 2000:63).

Ten einde bevestigingsseremonies vir die doeleindes van terapie te gebruik het White (2002:8 -10) die volgende terapeutiese betekenis daaraan gegee:

- Dit is 'n moment van openbare en sosiale prestasie in teenstelling met 'n private en individuele prestasie.
- Die rol en invloed van historiese en kulturele magte word verreken.
- Geloofwaardige uitkomst as deel van 'n sosiale vormingsproses word bevestig as die geskiedkundige identiteitseise van die persoon, teenoor selfintrospeksies en betekenisgewing aan elemente van 'n interne beheerde "self" ooreenkomstig 'n teologiese antropologie.
- In die terapeutiese arena kry mense-in-nood die geleentheid om hul lewensstories te vertel aan 'n gehoor met die status van 'n buitestaander getuienisgroep. Die buitestaanders reageer op die vertellings deur middel van hervertellings op dit wat hulle gehoor het. Die hervertellings word beïnvloed deur bepaalde tradisies eie aan die kultuur waarbinne die gebeure afspeel.
- Bevestigingsseremonies word gekonstitueer deur 'n reeks vertellings en hervertellings ("multi-layered").
- Deur die vertellings en hervertellings word alternatiewe temas verryk. Die lewensstories wat vertel word, word verbind met die temas, waardes en doelstellings wat daarin na vore gekom het. Dit dien as 'n versterkende maatreël in die vorming van 'n nuwe uitkoms.
- Die samestelling van 'n getuienisgroep moet met omsigtigheid gedoen word. Dit moet verkieslik mense wees wat in 'n goeie ken-verhouding tot die betrokkenes staan.
- Die gebruik van bevestigingsseremonies wil veral meewerk tot die bevordering van die mens-in-nood se storie.

Uit ‘n diakonologies-gefundeerde narratiewe perspektief kan aansluiting gevind word by die gebruik van bevestigingseremonies met voorbehoud dat erkenning verleen word aan die innerlike self van die mens en ‘n teologiese antropologie waarvolgens die mens in ‘n verhouding met God staan (Vgl. 4.4.4.4; 5.6; 6.17).

White (2002:6) verwys in sy omskrywing van bevestigingseremonies na metafore en rituele. Die gebruik van simbole, metafore en rituele praktyke binne ‘n diakonologiese perspektief kan soos volg verduidelik word:

- Louw (1999:23) omskryf *simbole* as: “‘n Voorstelling wat deur middel van ‘n beeld ‘n bemiddelende en brugfunksie vervul tussen ‘n geloofswerklikheid (transendensie) en die mens se ervaringswêreld. In hierdie sin dui geloofservaring aan dat geloof transendensie wil beskryf en uitdruk deur middel van poëtiese en estetiese taal en derhalwe kognisies en beperkinge oorskry”.
- *Metafoor* dui op ‘n indirekte en analogiese taalgebruik wat oor God en geloofsake iets wil sê wat nie in rasionele taal uitgedruk kan word nie (Louw 1999:23; Vgl. 4.3.2 vir ‘n bespreking oor metafore).
- *Rituele* word deur Osmer (1990:15) omskryf as: Gepatroneerde aktiwiteite waarvolgens die mens deur die gebruikmaking van simbole en gebare betekenisgewende uitdrukking gee aan menslike gedrag. Die gebruik van rituele help die mens om aan die innerlike self en sy lewensverhaal uitdrukking te gee op maniere wat nie deur die kognitiewe en rasionele self na vore kom nie. Dit dra by tot ‘n dieper en ryker beskrywing van die storie van die mens. Rituele vorm deel van menswees. Die mens voer daaglikse onbewustelik honderde geroetineerde rituele uit byvoorbeeld die daaglikse roetine wat gevolg word van opstaan en aantrek en voorberei om werk toe te gaan. God is werksaam in die klein en groot rituele aksies van die mens se lewe.

“We can encounter God in the comforting shelter of family rituals, but God always calls us to be more fully human and risk walking previously unknown paths by ritualizing new – creatively, intentionally, and after having reflected on and evaluated our current rituals. By designing and trying out new rituals, we can better ensure that our rituals are full of life rather than empty shells;

that they contribute toward greater wholeness, rather than destroying others and the earth; that they help bring about spiritual transformation - a deeper sense of our relationship with and dependence on the sacred in our lives” (Osmer 1990:17).

Verdermeer is Osmer (1990:17) van mening dat gemeentes Christelike lidmate kan aanmoedig om deur die gebruikmaking van rituele geestelik verrykend te leef (Osmer 1990:17).

Voorts word aandag aan die gebruik van herinneringsgesprekke in narratiewe benaderings gegee.

#### **4.4.4.5 Herinneringsgesprekke**

Volgens die narratiewe teorie konstrueer die mens sy gedagtes deur middel van konstrunkte in die vorm van stories. Herinneringsgesprekke neem gevolglik die vorm aan van ‘n storie wat in herinnering geroep word na aanleiding van ‘n bepaalde gebeurlikheid (Cooper 1999:190).

Die mens funksioneer binne bepaalde verhoudings, byvoorbeeld kulturele- kerkgesins- en gemeenskapsinstellings. Vrae aan kliënte omtrent herinnerings vind aansluiting by ‘n breë spektrum van belewenisse soos wat dit in bepaalde verhoudings ontwikkel het. In ‘n persoonlike hoedanigheid het bepaalde gesagsfigure, vriende en sekere verhoudings ‘n meer bepalende invloed op ‘n mens as ander (Switzer 1990:92; Venter 1996:128; Ganzevoort 2000:276; Smale et al. 2000:66).

White (1997) is, volgens Du Plessis (2000:180), van mening dat ‘n mens die bogenoemde samelewingsbestel met ‘n klub kan vergelyk waaraan mense behoort. Die klubdele oefen wedersyds bepaalde invloede op mekaar uit en sodoende word ‘n bepaalde persoonlike identiteit ontwikkel. Uit ‘n diakonologiese benadering kan aansluiting gevind word by die verbond en sou geredeneer kan word dat mense burgers van God se koninkryk is en dat die mens ooreenkomstig die voorwaardes van die verbond leef. Daar kan teruggekyk word en aan die pad vorentoe kan nuwe betekenis gegee word in die herontdekking van Jesus Christus se liefde vir die mens (Vgl 4.3.9.2).

Vir narratief-terapeutiese doeleindes word herinneringsperspektiewe benut om kliënte bewus te maak van positiewe en negatiewe ervarings wat ontstaan het uit interaksies met verskillende rolspelende persone. Die kliënt besluit na aanleiding van die aard van die herinnerings aan watter persone hy 'n mindere en/of meerdere posisie gaan toeken. Positiewe herinnerings dra by tot 'n ryker toekomstige leefwyse en word as versterkend beleef. Negatiewe herinnerings word gedekonstrueer en kan 'n minder prominente rol in die hervertelling van stories begin speel. Voorts kan selfs besluit word om sommige ervarings totaal te ignoreer. Positiewe ervarings word versterkend beleef en erkenning word aan die persone gegee vir die positiewe rolle wat hulle gespeel het (Cooper 1999:191).

Herinnerings as narratiewe perspektiewe kan binne 'n diakonologies-gefundeerde narratiewe benadering benut word om aansluiting te vind by geestelike ervarings in die vorm van hoogtepunte en laagtepunte. Die aanleidende redes tot die vorming van hoogtepunte en/of laagtepunte kan bespreek word en as 'n versterkende uitkoms benut word. Die strategie kan ook benut word om aan die kliënt te vra of hy bewustelik die *stem of leiding* van die Helige Gees hoor of ervaar.

'n Verdere manier waarop herinnerings binne 'n diakonologiese perspektief benut kan word, is deur middel van aandaggewing aan herinneringsvrae rakende die betekenis van godsdienstige seremonies. Op grond van die antwoorde op hierdie ervarings kan gepoog word om die mens se storie in ooreenstemming te bring met God se storie vir die mens. As resultaat kan die mens-in-nood en die maatskaplike werker saam 'n nuwe ryker storie vorm wat in Christus gefundeer word.

Voorbeelde vir die gebruik van herinneringsgesprekke word verder bespreek as deel van 'n praktykperspektief in die formulering van 'n basisteorie vir 'n narratief-pastorale benadering in maatskaplike werk (Vgl. 5.7).

Voorts word aandag gegee aan die terugneemaksie as 'n basisteoretiese perspektief.

#### **4.4.4.6 Die terugneemaksie**

In poststrukturalistiese narratiewe terapie word uitgegaan van die standpunt dat terapie nie 'n eensydige proses is nie. In tradisionele terapeutiese modelle word gefokus op die veranderende invloed wat terapeute tot stand kan bring. Volgens 'n poststrukturalistiese epistemologie in narratiewe terapie neem die terapeut ook bewustelik kennis van die invloed wat die kliënt op die terapeut se lewe het. Erkenning van hierdie invloed dra by tot die ontwikkeling van 'n ryker lewensverhaal vir terapeute (White 2000:127).

Uit 'n diakonologiese perspektief kan aansluiting by die beginsel van 'n *terugneemaksie* gevind word in die sin dat 'n mens elke keer opnuut verwonder staan voor die aanrakende en transformerende liefde van Christus vir die mens. Die herhalende openbaring van God se liefde en genade kan aanleiding gee tot geloofsversterking in die lewe van die kliënt en die terapeut.

#### **4.5 Samevatting**

In hierdie hoofstuk is gepoog om 'n basisteoretiese perspektief te formuleer vir 'n diakonologies- gefundeerde narratief-pastorale benadering in maatskaplike werk.

Ten einde dit te bereik is aandag gegee aan die oorsprong van Bybelsgefundeerde narratiewe perspektiewe. Begrippe soos narratief, verhaal, gebruik van stories uit 'n Bybelse perspektief en storienvorme is vir hierdie doel omskryf.

Verder is aandag gegee aan die betekenisgewing van stories as 'n terapeutiese konsep. Aspekte wat bespreek is, is die uiteensetting van die storie met betrekking tot feitelike gebeure, betekenisgewing, die rol van dominante temas en die kulturele waarde wat aan stories binne 'n narratief-pastorale perspektief gegee word.

Met die oog op die posisionering van 'n diakonologiesgefundeerde narratief-pastorale benadering in maatskaplike werk is aandag aan perspektiwistiese beginsels gegee waarvolgens maatskaplike werkers in die praktyk kan handel.

Die eerste prinsipiële konsep wat bespreek is, is narratiewe hermeneutiek. Uit hierdie bespreking is die gebruik van hermeneutiek in pastorale benaderings as 'n terapeutiese

konsep beredeneer. Uit die voorafgaande teorie blyk dit asof asimmetrie en hermeneutiek 'n basisteorie bied waarvolgens maatskaplike werk op 'n interdisiplinêre wyse binne pastorale benaderings ge-akkommodeer kan word.

Voorts is aandag gegee aan die gebruik van metafore binne 'n diakonologiese narratiewe epistemologie. Die herder-, liggaam-, dienskneg-, wysheids- en paraklesemetafoor vind aansluiting by 'n narratief-basisteoretiese perspektief vir maatskaplike werk. Aandag is ook aan metafore gegee wat gebruik word in analogiese spreke oor God. As 'n voorbeeld dien God as Vriend. Ter vergelyking is die betekenis wat aan metafore in 'n postmodernistiese epistemologie gegee word, ook verduidelik.

Verdere beginsels wat aandag geniet, is die betekenis wat aan die waarheid toegeken word, die rol van die verbond, teologiese antropologie, die self as 'n konsep binne die God-mens-relasie, die nie-kundige posisie van die terapeut, die kliënt as 'n ekspert, magposisies, 'n eskatologiese tydsdimensie, narratiewe teorie en eskatologiese perspektiewe, ekskatologiese hoop en promissiotherapie en die verhoudingsaard van narratief-pastoraal-terapeutiese gesprekke.

Uit die bostaande beginsels is 'n omskrywing vir 'n narratiewe benadering wat in 'n diakonologiese-perspektief gefundeer is, geformuleer.

Die verloop van 'n narratief-pastorale gesprek volgens 'n diakonologiese perspektief is aan die hand van die volgende elemente bespreek: dekonstruksie, eksternalisering, herskryf van stories, seremonies, herinneringsgesprekke en die terugneemaksie.

In die volgende hoofstuk word in aansluiting by die basisteorie waarbinne narratief-pastorale perspektiewe vir maatskaplike werk gefundeer kan word 'n praktykteorie in samehang met 'n fenomenologiese ondersoek bespreek.

## HOOFSTUK 5

### PRAKTYKTEORETIESE PERSPEKTIEWE VIR NARRATIEF-PASTORALE MAATSKAPLIKEWERKINTERVENSIES

Uit die literatuurstudie in die voorafgaande hoofstukke blyk dit dat benaderingsverskille tussen postmodernisties- en diakonologiesgefundeerde narratiewe epistemologieë voorkom. Die verskille hou hoofsaaklik verband met die betekenis wat aan die erkenning van die waarheid en waardestrukture in postmoderne epistemologieë toegeken word. Uit navorsingskringe in sosiale wetenskappe word gepleit dat kennis geneem moet word van die spesifieke invloed van postmodernisme op die resultate van navorsing en die maatskaplikewerkpraktik as gevolg van die afwesigheid van 'n vaste waardestruktuur (Delanty 2000:143; Walker 2001:31). Die geïdentifiseerde verbandhoudende verskille met betrekking tot die rol wat waardes en norme tussen postmodernistiese en diakonologiese epistemologieë speel het 'n direkte impak op die wyse waarop maatskaplikewerkintervensies in die praktik hanteer word. “'n Teologiese basisteorie besit 'n normatief-kritiese funksie wat 'n eiesoortige teologiese perspektief verteenwoordig. Wanneer daar in buurmanskap met ander vakdissiplines 'n praktikteorie vir pastorale bediening ontwikkel word, moet die Christelike waarheid so geformuleer word dat 'n eventuele pastorale praktikteorie aanvullend kan funksioneer ten opsigte van ander hulpverlenende en terapeutiese teorieë in die geesteswetenskappe” (Louw 1999:5).

Die besprekings in hierdie hoofstuk het gevolglik in aansluiting by die voorafgaande hoofstuk (4) waarin basisteoretiese perspektiewe vir narratief-pastorale maatskaplike werk bespreek is, ten doel om uit 'n diakonologiese narratief-pastorale epistemologie praktikteoretiese perspektiewe wat deur maatskaplike werkers gebruik kan word om die geestelike dimensie te verreken, daar te stel.

Om die doel te bereik word in hierdie hoofstuk aan die volgende aspekte aandag gegee: 'n Praktikteoretiese begrensing, aanvang van 'n gesprek, die dekonstruksie van 'n storie, eksternalisering, die herskryf van stories, unieke uitkomstes, seremonies, herinneringsgesprekke en 'n terugneemaksie.

Vervolgens word 'n praktykteoretiese begreping as 'n basiese raamwerk bespreek, waarteen die praktykteoretiese perspektiewe wat beskryf word geïnterpreteer behoort te word.

## 5.1 Praktykteoretiese begreping

Teorie en praktyk vorm inderwaarheid 'n gedeelte geheel. De Vos, Schurink en Strydom (1998:6), Smale et al. (2000:3, 27), Zastrow (2000:41), Snyder (2000:229) en Walker (2001:30) toon ooreenstemming aangaande die feit dat navorsing 'n raamwerk bied vir praktykaktiwiteite en dat 'n wetenskaplik-georiënteerde praktyk groter praktyksukses waarborg. 'n Volledige en voortdurende groeiende kennisbasis stel ook die maatskaplike werker in staat om beter besluite in die praktyksituasie te neem (Grinnell 1993:3).

'n Praktykteorie beskryf die werking van 'n basisteorie in die praktyk. Nuwe praktykteorieë word, wetenskaplik gesproke, gevorm deur die hermeneutiese wisselwerking tussen 'n basisteorie eensyds en 'n bestaande praktyksituasie andersyds (Vgl. 4.1). Die oorhoofse doel van praktykteorieë is 'n kritiese beoordeling van 'n bestaande teorie met die doel om 'n nuwe teorie te ontwikkel. Teoriekritiek en teorieontwikkeling vind plaas uit die perspektief van 'n bepaalde basisteoretiese en metateoretiese visie (Lester 1995:3; Venter 1996:89; Louw 1999:563). Die metateoretiese visie wat vir die doeleindes van hierdie studie geld, is diakonologies van aard (Vgl. 1.6.1.3).

Aangesien hierdie studie hoofsaaklik die vorm van 'n literatuurstudie aanneem en daar slegs in 'n beperkte mate aan 'n fenomenologiese verkenning aandag gegee word, word dit nie ten doel gestel om 'n volledige klinkklare praktykmodel vir 'n narratief-pastorale benadering vir maatskaplike werk te ontwikkel nie (Vgl. 1.5). Dit is ook belangrik om daarop te let dat 'n praktykteorie nie resepmatigheid of vaste riglyne ten doel het nie maar wel prakties-teologiese navorsing uit 'n bepaalde basisteorie (Lester 1995:24; Venter 1996:90; Louw 1999:563; Janse van Rensburg 2000a:90).

In die afwesigheid van 'n volledige fenomenologiese verkenning, word die basisteoretiese perspektiewe wat in Hoofstuk 4 bespreek is, as 'n basiese boublok gesien waarop die praktykteoretiese perspektiewe wat in hierdie hoofstuk bespreek

word, verder gebou word. In die lig van die voorafgaande beskouing beteken dit dat die werkswyse in hierdie hoofstuk slegs tot praktykteoretiese perspektiewe lei en nie tot volledige praktykteoretiese riglyne of 'n beradingsmodel nie. Die fokus van die hoofstuk is die daarstelling van praktykgerigte teoretiese perspektiewe waardeur maatskaplike werkers bewus gemaak kan word van die feit dat die verrekening van die geestelike dimensie 'n integrale deel van menswees vorm en die skep van 'n verstaanproses waarvolgens aansluiting by die geestelike dimensie gevind kan word. As 't ware die "hoe" om die basisteoretiese perspektiewe in die maatskaplikewerkpraktyk te implementeer.

Vervolgens word die aanvang van die gesprek as die eerste praktykteoretiese perspektief vir aansluiting by die mens-in-nood, bespreek.

## **5.2 Aanvang van die gesprek**

In aansluiting by die sentrale tema van die studie naamlik skep van hoop deur aandaggewing aan die verrekening van die geestelike dimensie dien daarop gelet te word dat moedeloosheid dikwels verband hou met probleemversadigde verhale. Smit (2000:16) beskryf 'n moedlose-uitsiglose lewenshouding as: 'Kan-nie-anders-nie'. Dit skep 'n benouende gevoel teenoor Christelike hoop en vrede wat 'n mens vry maak (Smit 2000:16). Die aanvangsgesprek kan vergelyk word met brugbouery. 'n Pastoraal-narratiewe terapeut wil saam met die mens-in-nood soek na brûe en waar nodig na die bou van nuwe brûe wat tot unieke uitkomst kan lei in die vorm van 'n nuut hervertelde verhaal waarin die vrede en vreugde van Christelike hoop ervaar word (Shores 2003:3).

In die verhalende of narratiewe benadering word die aanvang van die gesprek of die eerste kennismaking as die begin van die storie gesien en begin die bou van die brug as 't ware tydens die eerste kennismaking (Vgl. 4.4.3).

Die eerste ontmoeting met 'n kliënt is baie belangrik omdat dit meestal baie moed vra om van die intiemste aangeleenthede met 'n buitestaander te gaan bespreek. Lester (1995:105) is van mening dat kliënte in hul keuse van 'n terapeut na iemand soek wat bereid is om responderend na hul storie te luister. Die storie is meestal

probleemversadig, vol hartseer ervarings en interpretasies. Die uitreiking na 'n terapeut impliseer ook dat die interpretasie van die storie konflikterende gevoelens meebring en dat die mens-in-nood onbekwaam voel om dit alleen te hanteer. Die mens-in-nood soek met ander woorde na iemand wat begrip sal toon vir sy omstandighede en wat saam met hom sal soek na oplossings vir sy vasgeloopte lewensverhaal en die vorming van 'n nuwe storie (Vgl. 4.3.3).

### **5.2.1. Vertrouensverhouding**

Van die hoofdoelwitte van die eerste ontmoeting kan as die vestiging van 'n vertrouensverhouding (Louw 1999:416) en die soeke na die storielyn in die persoonlike narratief gesien word (Ganzevoort 2000:276). Verskillende gespreksvaardighede is nodig om 'n boodskap van onvoorwaardelike aanvaarding oor te dra (Switzer 1995:34; Mearns & Thorne 2001:8). In hierdie verband vermeld Carkhuff (1969:115) dat 'n terapeut oor die volgende vaardighede moet beskik: Empatie, respek, konkreetheid, opregtheid, openheid, konfrontering en die vermoë om onmiddellik 'n opsomming van die aangebode situasie te maak (Vgl. 4.3.1). Hier kan bygevoeg word dat 'n pastorale terapeut as 'n belydende Christen 'n verdere dimensie vereis naamlik gehoorsaamheid en afhanklikheid van die leiding van die Heilige Gees. Ogilvie (1994:39) is van mening dat die Heilige Gees beskryf kan word as die Instaatsteller. Die liefde van Christus word deur die Heilige Gees in die praktyk in werking gestel. Die mens-in-nood word beskou as 'n medemens. Die mens se verhaal is deel van God se verbondsverhaal vir die mens en daarom beskik die mens oor verborge vermoëns wat verken en deur middel van 'n nuwe storie vrygestel kan word. Hierdie praktykteoretiese perspektief maak 'n pastorale terapeut vry van gewaande objektiwiteit, intendeel bring dit 'n besondere nabyheid tussen terapeut en die mens-in-nood (Vgl.4.3.4; 4.3.6.2). Aansluiting kan ook by die herdermetafoor gevind word, deur te wys op die sensitiwiteit van God (Louw 1999:30; Vgl. 4.3.1.4). Die herdermetafoor skep as 't ware die raamwerk waarbinne die egtheid van die Vaderlike liefde van omgee verkondig word. 'n Persoon wat uit 'n Christelike epistemologie werk, moet dieselfde Herderlike liefde aan sy kliënt oordra (Frye 2000:41). Die mens-in-nood beleef op sy beurt aanvaarding en het gevolglik die vrymoedigheid om saam met die terapeut te soek na moontlike antwoorde of brûe vir sy probleemversadigde storie.

Bogenoemde gesindheid word in die praktyk in werking gestel deur die skep van 'n atmosfeer waarin die kliënt by die aankoms by 'n terapeut beleef dat hy welkom is. Die terapeut se verbale en nie-verbale aansluiting by die kliënt se menswees behoort te getuig van opregte en onbevooroordeelde aanvaarding (Vgl. 4.4.3). Die kliënt moet ervaar dat hy die kundige is. In aansluiting by die kliënt kan hy genooi word om te gesels oor dit wat hom gelei het om vir berading te kom. Die kliënt mag sodoende die dominante verhaal op die tafel plaas (Heltzer 2003:4; Vgl. 4.4.4.2; 6.13).

Die volgende belangrike dimensie in die aanvangsgesprek is sinvolle luister.

### **5.2.2 Luisterende atmosfeer**

Nadat die kliënt genooi is om sy verhaal te vertel moet die narratiewe terapeut 'n nie-kundige luisterende houding inneem (Vgl. 4.4.3). Verskeie navorsers soos Behan (1999:4), Brandt en Skinner (1999:19), Müller (2000:74), Le Roux (1970:172) en Louw (1999:310) sonder *luister* as 'n baie besondere vaardigheid uit, omdat die korrekte aanhoor van die storie help in die soeke na die kern of dominante temas van die verhaal (Vgl. 4.1; 4.2.1). 'n Pastorale terapeut sal in die beluistering van die kliënt se storie ook aan opmerkings aangaande die geestelike lewe aandag skenk. Daar behoort geluister te word of die opmerkings wat gemaak word in ooreenstemming is met die verhaal van die Bybel vir die mens. Die voorafgaande opmerking vind aansluiting by die eiesoortige karakter van pastorale gesprekvoering. Dit is die taak van die pastorale terapeut om die mens se storie te vertolk in terme van God se storie en omgekeerd (Vgl. 3.5.6 ; 4.2.1). Rekening moet gehou word met die feit dat dit gaan om 'n hermeneutiese verstaanproses waarin die Woord en Gees as 'n derde faktor in die vorm van 'n dialoog deel van die gesprek vorm (Louw 1999:304, 307). Beluistering van hierdie aard verg groot inspanning van die terapeut omdat die inligting op die regte tyd as 'n spieëlbeeld aan die kliënt gekommunikeer word in 'n gesamentlike soekproses na 'n oplossing vir die probleemversadigde verhaal (Vgl. 4.2.1).

Die aard van die vrae wat in hierdie fase gevra word, kan leidrade tot die verheldering van die storielyn bied. Verder moet vrae met groot omsigtigheid gekies word, omdat

die aansluitingsfase dikwels baie sensitief van aard is. Wat en wie vrae kan moontlik benut word (Vgl. 4.4.4.2).

### 5.2.3 Sirkulêre wat- en wie- vrae

Doelmatige eksplorasie resultate word verkry deur op wat-vrae te konsentreer omdat die kliënt se storie probleemversadig is (Müller 2000:74). Waarom-vrae word tot later gelos, omdat dit aanleiding gee tot interpretasies terwyl die storielyn nog eers verken behoort te word. 'n Verdere voordeel van wat-vrae, is dat dit help met die vertelling van die storie. Sodoende kan ook bepaal word wie het wat gedoen. Die wat en wie vrae word sirkulêr aangewend, deur die pastorale terapeut (Switzer 1990:66; Mostert 1982:81; Müller 2000:74; Vgl. 4.4.4.2). Vraagstelling het ten doel om die kliënt uit te nooi om selfstandig sy storie te vertel.

In aansluiting by wat oor vraagstelling in die vorige hoofstuk (Vgl. 4.4.4.2) bespreek is, kan die volgende praktiese vraag byvoorbeeld gebruik word om die kliënt in sy respondering te lei: Vertel vir my wat is op hierdie oomblik die mees oorheersende gedagte waaraan jy dink. Die angs en onsekerheid wat sodoende gekommunikeer word, kan taktvol herlei word na die oomblikke toe begin is met toegewings op denkvlak wat verband hou met die wegbeweging van Bybelse waarheid (Hawkins 1997:202; Lutzer 1998:74; Brandt & Skinner 1999:59). In die aanvangsfase van 'n noodverhaal is aan 'n jong man vir wie dit baie moeilik was om sy gevoelens te artikuleer, gevra om oor die gedagte waaraan hy herhaaldelik dink te gesels. Hy het dadelik soos volg geantwoord: "Wat sal die mense sê as hulle uitvind wat ek gedoen het?". Sodoende is aansluiting by die angs wat hy ervaar het gevind en kon die verhaal verder ontvou.

In Tabel 5.1 word verdere voorbeelde van narratiewe vrae aangebied.

**Tabel 5.1 Voorbeelde van Narratiewe Vrae**

<b>Begrip</b>	<b>Doel</b>	<b>Voorbeeld van vrae vir ‘n pastoraal narratiewe konteks</b>
Dekonstruksie	Toon aan hoe die storie gekonstrueer is en waar dit in die groter sisteem inpas.	Wie het vir jou vertel dat Christene skynheilig is?
Herbeskrywing	Bevestig kliënt se vermoëns deur saam met hom eienaarskap en ekspert kennis te deel.	Wat sal jy die probleem noem as jy voortgaan met hierdie sondige gedragswyse?
Perspektief	Ondersoek die menings van ander persone oor die kliënt.	Is almal van mening dat jy huweliksontrou is of is daar iemand wat ‘n ander beskouing hieroor het?
Skep van narratiewe ruimte	Laat hoopvolle gedagtes toe en eksplorieer die moontlikhede om die beplande aksies te implementeer.	Is daar tye wat jy nie skuldig voel oor jou gedragswyses nie? Indien wel vertel my asseblief daarvan?
Hipoteties	Stimuleer die kliënt se verbeelding deur hom te vra om ‘n hoopvolle toekomsvisie te formuleer.	Veronderstel ‘n wonderwerk gebeur en jy kan vandag ontsnap uit hierdie dubbele verhouding? Hoe sal jou lewe anders verloop?
Voorkeure	Maak seker dat uitsonderlike momente werklik verband hou met die probleemstorie en vestig die kliënt se voorkeure	Hoe het jy gevoel toe jy opgehou het met jou buite-egtelike verhouding?. Is dit wat jy graag wil doen?
Storie ontwikkeling	Eksplorieer elemente wat verband hou met die voorkeur storie	Wat sê dit vir jou as persoon dat jy instaat was om ‘n doelbewuste keuse in geloofs-afhanklikheid te maak?
Buffer vorming	Motiveer die kliënt om standpunt in te neem teen die probleem	Is die gebeure wat jy nou beskryf bevorderlik vir jou standpunt inname teen die probleem?
“Stopper”	Refokus as dit blyk asof die klient regresseer na die ou storie	Watter storie vertel jy nou?

(Shapiro & Ross 2002:96).

Deur die gebruikmaking van die voorafgaande vrae kan nuwe betekenis rakende die verhaal gevorm word. ‘n Verdere eksplorering van die verhaal is ook ‘n moontlikheid (Vgl. 4.4.4.2).

Voorts word aandag aan die dekonstruering van ‘n storie gegee.

### 5.3 Dekonstruksie van die storie

Dekonstruksie as 'n basisteoretiese konsep (Vgl. 4.4.4) dui daarop dat mense deur middel van interpretasies betekenis aan hul lewenservarings verleen. In 'n praktykteoretiese situasie kan dekonstruksie teorie, wanneer dit losgemaak word van 'n postmodernistiese epistemologie, soos volg aansluiting by 'n diakonologiese perspektief vind:

Die hart van die mens word deur Venter (1996:15) as die konsentrasiepunt beskryf waaruit die religieuse grondmotief funksioneer. As metafoor beteken dit in wetenskapsbeoefening dat die mens deur sy hart òf op God òf op 'n afgod fokus. Met religie word oorgawe en diens aan God verstaan, insluitende alle lewensfunksies wat uit die hart voortkom (Venter 1996:17). In aansluiting by 'n narratiewe vertrekpunt maak Frye (2000:118) van die volgende verduideliking gebruik ter verheldering van wat gebeur as die Christenmens nie in gehoorsaamheid en in afhanklikheid van die Heilige Gees leef nie: As 'n mens 'n berg gaan klim maak jy van 'n roetekaart gebruik. Die uitdaging lê egter nie daarin om die kaart te bemeester nie, maar om die bergtop te bereik. Dieselfde geld vir die Bybel. Die eintlike doel is nie om die Bybel as 'n roetekaart te ken nie, maar om die God waarvan die Bybel leer, te ken en met Hom in 'n persoonlike verhouding te staan. Simbolies kan dit soos volg gestel word. As die hart 'n kweekhuis is, sal 'n mens versigtig wees met betrekking tot die saad wat daarin geplant word. Die hart is volgens die Bybel die oorsprong van alle lewe en daarom is dit belangrik om te waak teen die gedagtes wat dit vul net soos daarteen gewaak word om nie onkruid tussen plante te plant nie. Net soos die kweekhuis 'n deurwag nodig het, het die hart 'n deurwag (die Heilige Gees) nodig. Alle gedagtes behoort derhalwe doelbewus gefilter te word, want gedagtes beheer die mens se lewe (Lucado 1998:117).

Dekonstruksie kan benut word om die verskille wat bestaan tussen God se storie vir die mens en die mens se storie te dekonstrueer (Vgl. 4.4.4). Die voorafgaande twee voorbeelde kan benut word as vrae met die oog op dekonstruksie. Die kliënt kan byvoorbeeld gevra word om te vertel hoe die saad wat hy in sy kweekhuis of simbolies in sy hart plant lyk. Verder kan gevra word of die Bybel vir hom 'n roetekaart is en of hy in 'n persoonlike verhouding met die God van die Bybel staan? Dekonstruering van 'n mens se sondige lewensverhaal kan bydra daartoe om die verskille of gapings wat tussen die storie van die mens en God se verhaal vir die mens bestaan, aan te toon. Die geïdentifiseerde verskille sal waarskynlik verband hou met die probleem wat ervaar word. Moontlike antwoorde vir die probleem kan

saam met die kliënt gesoek word deur dit te eksternaliseer (Vgl. 4.4.4.2). Hiervolgens word die kliënt in 'n posisie gestel waar hyself nie langer die *probleem* is nie en kan hy begin dink aan maniere waarop hy 'n standpunt teenoor die probleemsituasie kan inneem.

In die voorafgaande gedeelte is aan die gebruik van dekonstruksie as 'n narratiewe basispraktyk- teoretiese perspektief aandag gegee (Vgl. 5.3). Vervolgens word eksternalisering as deel van 'n narratiewe basispraktykteoretiese perspektief bespreek.

## **5.4 Eksternalisering**

In aansluiting by die basisteoretiese perspektiewe met betrekking tot eksternalisering (Vgl. 4.4.4.2) word vervolgens ter illustrasie verwys na 'n gevallestudie waarin van eksternalisering gebruik gemaak is.

### **5.4.1 Gevallestudie**

'n Gevallestudie van Shapiro en Ross (2002:96-98) word vervolgens beskryf.

#### **5.4.1.1 Agtergrondinligting van die gevallestudie**

Mediese dokters ervaar toenemend probleme met chroniese hart- en diabetespasiente wat nie hul medikasie korrek gebruik nie. Mnr X, 'n 50 jarige diabeet, is op 'n behandelingsplan wat bestaan het uit die monitering van bloedsuiker, 'n spesiale dieët en 'n oefenprogram. Mnr X het egter die voorskrifte van die behandelingsplan ge-ignoreer. Sy gedrag word beskryf deur na hom te verwys as 'n *chroniese nie-samewerker*. Sy gedrag gee aanleiding tot groot frustrasie by mediese personeel omdat hy telkens in die noodeenheid beland vir krisisbehandeling. Sy medikus was uitermate moedeloos omdat hy elke keer aan hom moes vertel wat om te doen met geen resultate nie. Mnr X se gedrag word met 'n interdisciplinêre span bespreek. Daar word besluit om moontlike antwoorde vir die probleem te soek deur die gebruikmaking van 'n narratiewe benadering.

#### 5.4.1.2 Die aanvang van die gesprek

Deur die gebruikmaking van dekonstruerende vrae soos “Wie het vir jou vertel dat ‘ware mans’ nie aandag aan hul gesondheid gee nie?” is die narratief binne die groter sisteem geplaas. Mnr X reageer daarop met die volgende stelling: “Net kompulsiewe mense soos Mary Tyler kan diabetes kontroleer, ek sal dit nooit kan doen nie want ek is nie kompulsief van aard nie”. Gevolglik is hy gedoem en sal hy altyd met diabetes sukkel. Mnr X se storie toon dat dit gebaseer is op gemeenskapsvooroordele met betrekking tot goeie en swak diabetes pasiënte. Hy het besluit om hom by laasgenoemde groep te skaar omdat hy nie kompulsief van aard is nie.

#### 5.4.1.3 Hernoeming van die probleem

*Chroniese nie-samewerking* is ‘n mediese term. Mnr X het besluit om na sy probleem te verwys as “‘n nie-omgee houding”. Hierdeur is die probleem gepersonifiseer.

#### 5.4.1.4 Eksternalisering van die probleem

Vanweë die narratiewe uitgangspunt dat die persoon nie die probleem is nie maar dat die probleem die probleem is, word die probleem en die persoon geskei en die probleem in die groter kultuurverband geplaas (Vgl. 4.4.4.2). Gevolglik is die volgende vrae aan Mnr X gevra: ‘Waar het die gedagte ontstaan dat jy soos Mary Tyler moet wees om diabetes te kontroleer?, waarop Mnr X geantwoord het dat Mary Tyler gemeenskapspraatjies gelewer het oor diabetes en dat aangedui is dat mans “machos” is, wanneer siektetoestande geïgnoreer word. Vrouens is kompulsief van aard en monitor daarom getrou hul siektetoestand. Die terapeut en Mnr X het na aanleiding van die verkeerde opvatting inherent tot ‘n nie-gemeenskaplike kultuurbeskouing begin om saam te soek na ander maniere waarop hulle “nie-omgee” kan hervertel. Eerstens is gefokus daarop dat diabetes nie een of ander persoonlike fout is nie, dat dit ‘n probleem is wat buite die pasiënt bestaan en dat die misverstande wat daaromtrent bestaan deur eksterne sosiale druk geskep word, asook as gevolg van die verkeerde interpretasiewaardes wat aan geslagsrolle toegeken word. Die dokter en die pasiënt vorm hierna ‘n gesamentlike vennootskap teen die probleem. Mnr X maak

die volgende opmerking: “This illness thinks it’s smarter than me. But I can out-trick it”.

#### **5.4.1.5 Eksplorering van die invloed van die probleem**

Vrae wat gevra word, handel nie oor die probleem self nie maar oor die invloed wat die probleem op die kliënt se gedrag het (Vgl. 4.4.4.2). Sodoende kan die kliënt sy probleemstorie vertel. Mnr X se storie handel oor sy herhaalde hospitaal- en doktersbesoeke, die pyn wat hy ervaar, neuropatologie en ‘n gevoel van moedeloosheid en mislukking. As ‘n pasiënt gevra word wat gaan gebeur as die situasie in sy huidige staat voortduur, dui sommige pasiënte die kern van die probleem aan (Vgl. 4.4.4). Mnr X het dit soos volg gestel: “Unless I start paying attention to this darn thing, my story will be called, “How to let diabetes kill you”.

Dit is net so belangrik om aandag te gee aan die invloed wat die pasiënt op die probleem kan uitoefen. Aan Mnr X is gevra of daar ‘n tyd was, toe hy sterker as “nie-omgee” was, waarop hy geantwoord het dat hy geleenthede kan onthou toe hy sy dieet getrou gevolg het. Vrae van hierdie aard dra by tot die ontwikkeling van nuwe moontlikhede waarvolgens die kliënt ‘n invloed op die probleem kan uitoefen.

#### **5.4.1.6 Soeke na hoopverwante uitkomst vir die probleem**

Die hoofdoel van narratiewe terapie is die daarstelling van ‘n nuwe storie wat die probleem-versadigde storie vervang (Vgl. 4.4.4.3). Die boublokke vir die nuwe storie lê opgesluit in die ontdekking van hoopvolle momente, denke en gebeure wat nie strook met die probleemstorie nie. Mnr X wil graag ‘n betrekking behou, oorwinning behaal oor die gebruik van kokaïne en hy wil sy tweejarige seun sien groot word. Mnr X het ook ‘n terloopse opmerking gemaak naamlik: “Alle mense het ideale om te verander”. In ‘n narratiewe benadering is dit dikwels dié aspek wat verder ontgin moet word. Die narratiewe terapeut het daarby aansluiting gevind deur te reageer met “Wag ‘n bietjie, as jy sê alle mense kan verander, begin jy daarvoor dink om te verander? Waarop Mnr X “ja” antwoord. Die daaropvolgende vrae is: Hoe het jy by hierdie gedagte uitgekome? Hoe laat dit jou voel? Hoe stem dit ooreen met dit wat

jy vir jou lewe ten doel gestel het? Vrae van die aard en die soeke vir antwoorde deur die kliënt help die kliënt om sy vermoëns raak te sien en te ontwikkel (Vgl. 4.4.4.2).

#### **5.4.1.7 Voorkeurkeuse van die pasiënt**

Dit is belangrik vir 'n narratiewe terapeut om nie haastig te raak nie. Die narratiewe terapeut moet as 't ware altyd agter die pasiënt bly en die pasiënt moet nooit gedwing word om sy storie te herskryf nie (Vgl. 4.4.4.3). Die pasiënt behoort teen sy eie tyd te beweeg en hy moet sy eie stem hoor deur self te besluit hoe hy sy lewe wil leef. Die terapeut kan voortdurend die rol van fasiliteerder inneem. Erkenning word aan positiewe ontwikkelings verleen. Mnr X kry byvoorbeeld nie slegs erkenning vir die feit dat hy meer gereelde etes begin neem nie maar aansluiting word ook by sy nuwe gedrag gevind deur die volgende opmerking: "Excellent! How were you able to come up with a more organized schedule for eating?" Aansluiting word sodoende gevind by Mnr X se waardes, sy eie verantwoordelikheid en in die proses word sy selfbeeld ontwikkel.

#### **5.4.1.8 Benutting van 'n ritueel**

As gevolg van Mnr X se samewerking betreffende die gereelde inname van medikasie en 'n gekontroleerde leefwyse het sy bloedsuiker gestabiliseer tot 'n normale vlak. Die narratiewe terapeut het 'n sertifikaat ontwikkel en dit aan Mnr X oorhandig. Mnr X was baie ingenome met homself en het die sertifikaat aan verskeie belangrike rolspelers in sy lewe getoon (Vgl. 4.4.4.4).

#### **5.4.1.9 Bevestigingsseremonie**

Ter ondersteuning en erkenning van die nuwe storie speel gemeenskapsondersteuning 'n belangrike rol. Vir die doel het die narratiewe terapeut aan die pasiënt gevra om belangrike rolspelers in sy lewe te identifiseer wat as 'n getuienesgroep by 'n bevestigingsseremonie kon dien.

Die dokter (narratiewe terapeut) en Mnr X se familie het na sy nuwe storie geluister. Hul entoesiastiese ondersteuning toon 'n verdere versterkende invloed op die positiewe uitkomst van Mnr X se nuwe storie (Vgl. 4.4.4.4).

Uit die voorafgaande gevallestudie kon die plek en belang van eksternalisering in die verloop van die narratiewe gespreksproses waargeneem word.

Voorts word die gebruik van eksternalisering vir die doeleindes van 'n diakonologies-gefundeerde narratiewe benadering bespreek.

#### **5.4.2 Eksternalisering: Diakonologiesgefundeerd**

Tydens die bespreking van die basisteoretiese perspektiewe is in Tabel 4.5 verwys na die benutting van eksternaliseringsdoelwitte in 'n diakonologiese narratief-pastorale benadering. Aanvullend tot die basisteoretiese konsepte word vervolgens aandag aan praktykteoretiese perspektiewe vir die doel gegee.

##### **5.4.2.1 Die aanvang van die gesprek**

Die kliënt word op sy gemak gestel deur hom welkom te heet. Die nie-verbale houding van die terapeut getuig van onvoorwaardelike aanvaarding, opregte Christelike liefde en 'n gesindheid van diensbaarheid (Vgl. 4.4.3). Die kliënt as die kundige word genooi om te gesels oor die redes waarom hy terapeutiese aandag benodig. Vrae wat vir die doel benut kan word, is byvoorbeeld:

- “Waaroor wil jy gesels”?
- “Vertel vir my watter gedagtes oorheers op die oomblik jou denke”.

##### **5.4.2.2 Dekonstruksie**

Uit dit wat die kliënt vertel kan by dekonstruksieteorie aangesluit word (Vgl. 4.4.4). Lester (1995:129) is van mening dat dekonstruksie realiteitskonstrukte voor 'n uitdaging plaas omdat gesoek word na die los draad wat alles inmekaar laat tuimel. Die aard van dekonstruerende vrae in 'n narratief-pastorale konteks behoort daarom

so geformuleer te word dat dit die ongelykheid tussen 'n alledaagse lewe in die lewenspraktyk en 'n Christelik aanvaarbare leefwyse in die alledaagse praktyk uitspel (Vgl. 4.4.4.4). Lester (1995:131) verwys na 'n gevallestudie waarin 'n 40 jarige depressiewe man (Jason) hom besoek het. Al opmerking wat Jason gemaak het was: "Daar sal nie meer baie môres wees nie ek gaan aan 'n hartaanval sterf!". Jason is gevra om bietjie meer te vertel waarom hy so seker is dat hy binnekort aan 'n hartaanval gaan sterf. Hy vertel daarna dat alle mans in sy familie van oorsprong in hul vroeë veertigs aan hartaanvalle gesterf het en hy is nou veertig. Sy oupa is oorlede op twee en veertig en sy vader op veertig en hy is oortuig dat dit nou enige dag sy beurt kan wees. Sy ma herinner hom gereeld daaraan dat hy net soos sy oupa en pa lyk en omtrent al sy handelings net soos hulle uitvoer. Na aanleiding van die vertelling het Lester opgemerk dat hy 'n baie "swaar" toekomsstorie dra, waarop Jason opmerk, dat hy nie so daaroor gedink het nie. Lester het die gesprek hier beëindig en vir Jason gevra om te gaan nadink oor die verbindings wat bestaan tussen sy huidige depressiewe toestand en sy "swaar" toekomsgerigte storie.

Deur die gebruikmaking van dekonstruerende vrae het Jason onmiddellik sy probleem binne sy gesinskultuur en agtergrond in die groterwordende narratiewe sisteem geplaas. Hy toon geen toekoms hoop nie omdat hy glo hy gaan net soos sy oupa en vader op veertigjarige leeftyd sterf.

Tydens die tweede gesprek is voortgegaan met dekonstruering. Jason het opgemerk dat hy nog meer depressief was as voorheen omdat hy normaalweg probeer om nie aan die naderende dood te dink nie en as gevolg van die tuiswerkopdrag was hy verplig om daaraan te dink. Lester reageer met die volgende opmerking: "Die eerste ding wat ons moet bepaal, is die realiteit van jou toekomsstorie. Dit gaan egter 'n deeglike ondersoek van jou storie behels. Wil jy hê ons moet saam daarna kyk?" Jason het instemmend gereageer. Lester hervertel die verhaal soos bekend tot op datum. Jason bevestig dat Lester die storie korrek verstaan en voeg by dat hy nog nooit voorheen so na sy eie verhaal geluister het nie. Die vraag waarop daar nou na 'n antwoord gesoek moet word, is "Wat laat jou dink en glo jy gaan presies dieselfde pad as jou oupa en vader volg?" Jason meen dit is voor-die-handliggend dat hy net soos sy familie is en dat hy die volgende mansfiguur in hul familie is en daarom in lyn om volgende te sterf. Uit 'n volledige eksplorering deur middel van verkennende

“wat-vrae” met betrekking tot Jason se genetiese herkoms, blyk dit dat hy so deur die dominante negatiewe toekomsstorie geblokkeer word dat hy nog nooit die hele prentjie in oënskou geneem het nie. ‘n Genogram is ter afsluiting van die sessie voltooi. Jason word nou gekonfronteer met nuwe feite en dat verskeie van sy familieleden en paterne ooms byvoorbeeld baie oud geword het (Vgl. 5.5.2.1).

#### **5.4.2.3 Hernoeming van die probleem**

Daar is besluit om die probleem te hernoem na ‘n normale lewensiklus – ‘n Realiteit vir Jason. Hierdeur is die probleem gepersonifiseer (Vgl. 4.4.3).

#### **5.4.2.4 Eksternalisering van die probleem**

Vanweë die narratiewe uitgangspunt dat die persoon nie die probleem is nie maar dat die probleem die probleem is, word die probleem en die persoon geskei en die probleem in die groter kultuurverband geplaas (Vgl. 4.4.4.2). Daar is voortgegaan met soeke na redes waarom Jason glo dat hy net soos sy vader en oupa op veertig gaan sterf. Na heelwat vrae het Jason onthou dat hy eendag ‘n gesprek tussen sy ma en ouma aangehoor het, waarin eksplisiet gesê is dat hy net soos sy vader en oupa is en dat hy beslis op veertig sou sterf. Die bepaalde gedagte is deur hom geïnternaliseer en hy leef al die jare daarmee saam en nou dat hy veertig geword het, begin die gedagte ‘n oorheersende dominante rol speel (Vgl. 4.4.4.2).

#### **5.4.2.5 Eksplorering van die invloed van die probleem**

Die gedagte om nadat hy veertig geword het, te sterf, het vir Jason met neerdrukkende (depressiewe) gevoelens vervul. Hy was hartseer omdat hy nie sy kinders sou sien grootword nie. Hy wou altyd graag na aftrede op ‘n bootreis gaan, maar as gevolg van sy vroegtydige dood word hy dit nou oënskynlik alles ontnem.

Uit die dekonstrueringsproses het dit geblyk dat baie meer mense in hul familie bly leef teenoor sy vader en oupa wat op veertig oorlede is (Vgl. 4.4.4). Verdere verkenning het ook aan die lig gebring dat sy vader en oupa beide baie ongesonde lewensgewoontes gehandhaaf het. Beide het straf gerook en was baie oorgewig.

Aansluiting is gevind by die aktiewe wilsaksies wat Jason kon uitvoer om 'n lang en gelukkige toekomsgerigte storie moontlik te maak. Jason het onderneem om met 'n oefenprogram te begin en voortdurend 'n gesonde eetpatroon en gewigsbeheer toe te pas. Jason het ook opgemerk dat hy in geloof die uitdaging aanpak. Jason het begin met die rekonstruering van 'n toekomsgerigte storie (Vgl. 4.4.4.3).

#### **5.4.2.6 Soeke na hoop verwante uitkomst vir die probleem**

Die hoofdoel van narratiewe terapie is die daarstelling van 'n nuwe storie wat die probleem-versadigde storie vervang (Vgl. 4.4.4.3). Die boublokke vir die nuwe storie lê opgesluit in die ontdekking van hoopvolle momente, denke en gebeure wat nie strook met die probleemstorie nie. Jason het besef dat die realiteit dat hy ouer as veertig kan word groter is as wat hy gedink het en dat hy deur die handhawing van 'n gesonde lewenstyl 'n bydrae daartoe kan maak. Hierdie gedagtes het vir hom hoop gebring (Vgl. 4.3.7.2).

#### **5.4.2.7 Voorkeurkeuse van die pasiënt**

Jason het opgemerk dat hy sy toekoms in geloof wil aanpak. Die pastorale terapeut het aan hom gevra om vir hom meer te vertel van wat hy met die opmerking bedoel, waarop Jason die volgende vertel het: "Ek gaan nog altyd saam met my gesin kerk toe, maar kon nog nooit verstaan waarom ons almal op veertig moet doodgaan nie terwyl ander mense langer leef. Noudat ek verstaan dat my vader en oupa volhardend onverantwoordelik opgetree het met hul ongesonde lewenstyle, kan ek aanvaar dat God nie 'n strafveldtog teen ons loods nie. Ek voel sleg dat ek ooit so iets gedink het. Ek beleef vir die eerste keer God se versorgende liefde vir my. Daarom kan ek my toekoms in geloof aanpak". Die narratiewe terapeut wou verder weet of hoop vir hom 'n tydelike of ewige dimensie besit. Jason was onseker hieroor. Hy is gevra om daarvoor te gaan nadink en dit tydens 'n volgende sessie te kom bespreek. Jason het tydens die volgende sessie rapporteer dat hy nagedink het oor die ewige dimensie van hoop en besef het dat ewige hoop die hoop is waarvan die Bybel praat en dat hy daarin glo (Vgl. 4.3.7.2).

#### **5.4.2.8 Benutting van ‘n ritueel**

‘n Sertifikaat is ontwikkel en aan Jason gegee. Hy is gevra om op die sertifikaat al die aktiwiteite wat hy beplan om in die volgende veertig jaar te doen aan te dui en om dit telkens aan te vul met nuwes. Hy het die volgende aktiwiteite aangeteken: Oefen, gesond eet, gewigsbeheer, bootreise, gholf speel saam met seuns en inskakeling by ‘n Bybelstudiegroep saam met sy vrou (Vgl. 4.4.4.4; 6.18.3).

#### **5.4.2.9 Bevestigingsereemonie**

Ter ondersteuning en erkenning aan die nuwe storie is ‘n bevestigingsereemonie gereël. Jason wou slegs sy gesin teenwoordig hê. Tydens die geleentheid is sy sertifikaat aan hom oorhandig. Sy seuns wou dadelik weet wanneer hulle met al die aktiwiteite kan begin. Die seuns se opgewondenheid dra versterkend by tot die implementering van die nuwe storie van geloof en hoop waarop sy vrou bevestigend knik (Vgl. 4.4.4.4; 6.18.3).

Ter afsluiting van die verhaal kan die volgende uit God se verhaal vir die mens met die kliënt as hoop en troos gedeel word. Die Here het byvoorbeeld aan Abraham ‘n opdrag gegee om te trek, maar Hy het nie aan hom die volledige reisplan gegee nie. In gehoorsaamheid het Abraham getrek en soos die reis gevorder het, het God aan hom verdere riglyne gegee (Blackaby & King 2001:10). Die persoon-in-nood se storie kan op dieselfde wyse verder ontvou en sodoende leer hy om in geloof te leef en op God te vertrou (Vgl. 4.3.7.2).

Voorts word die herskryf van stories uit ‘n narratiewe praktykteoretiese perspektief bespreek as deel van narratiewe strategieë wat gebruik kan word tydens maatskaplike-werkintervensies.

### **5.5 Die herskryf van stories**

Wanneer mense-in-nood terapeute besoek, maak hulle gebruik van stories om hul lewenservaringe met die terapeut te deel. Daar word vertel waarom hulle dit nodig gevind het om vir terapie te gaan en waarom hulle dit nie langer kon uitstel nie. Die

geskiedenis van die probleem word vertel. Deur middel van die vertellery van hul stories verbind hulle gebeure en tydsverloop aan 'n sentrale tema of die kern van die verhaal (Vgl. 4.4.4.3) Herhaalde verwysings word gemaak na belangrike rolspelende persone en die betekenis wat aan die persone gegee word (Vgl. 4.2.2). In die herskrywing van verhale word mense-in-nood genooi om van storievertellery as 'n bekende retoriek gebruik te maak (White 2002:6; Vgl. 4.2.1). Bykomend tot die vertelling van stories word die mens-in-nood deur die terapeut tydens die herskryf van stories ondersteun om die gebeure wat verwaarloos is, asook unieke uitkomst en verwagtings te identifiseer. Daarna word hulle aangemoedig om as 'n outeur 'n alternatiewe storie van hul lewenservaringe saam te stel (White 2002:6; Vgl. 4.4.4.3). In die herskryf van stories word aansluiting gevind by unieke uitkomst, die uiteensetting van die storie ten opsigte van feitelike gebeure en die betekenisgewing daarvan, die verrekening van die rol van die verlede met betrekking tot unieke uitkomst, die bring van die verledeverhaal in konteks met die hede en die toekoms. Voorts word aandag gegee aan die praktiese implementering van die herskryf van verhale deur die voorafgaande verhaalelemente te bespreek. In die bespreking word hoofsaaklik op vrae gefokus wat vir die doel van herskrywing benut kan word. Unieke uitkomst word eerste bespreek.

### **5.5.1 Unieke uitkomst**

Pastorale terapeute luister noukeurig na die stories wat deur kliënte vertel word met die doel om unieke uitkomst te identifiseer wat benut kan word om die mens se storie te verbind aan God se storie vir die mens (Vgl. 4.4.4.3). Deur middel van 'n gesamentlike interpretasie en soeke tussen die kliënt en terapeut word nuwe betekenis in die lig van Skrifbeginsels aan die unieke uitkomst gegee (Switzer 1990:43; Mearns & Thorne 2001:85; Vgl. 4.4.4.3). Die hoofdoel in die bepaling van 'n unieke uitkomst is dikwels die rekonstruering van 'n persoonlike narratief om dit in ooreenstemming met God se narratief vir die mens te bring. 'n Pastorale terapeut kan die rekonstruering van 'n storie stimuleer deur aan die kliënt te vra om die storie uit 'n ander perspektief te vertel (Vgl. Tabel 4.5). Die gebruik van 'n gelykenis soortgelyk aan die in die Bybel word soms gebruik om 'n storie uit 'n ander perspektief te vertel omdat 'n gelykenis 'n persoon uitnooi om deel te raak van 'n bepaalde storie en dan daarvolgens sy eie storie te rekonstrueer (Ganzevoort 2000:279).


Kitching (2000:20) sluit by die narratiewe beginsel aan en beskryf selfkennis uit die eie-storie konsep. Ware selfkennis vra na die stories van die mens se lewe. Deur die oorvertelling daarvan aan vriende, familie en/of in terapeutiese verhoudings groei die mens tot volwassenheid (Vgl. 4.4.4.4).

Die verantwoordelikheid vir verandering, vir 'n positiewe lewenstyl, begin by denke. Die keuse tot verandering lê in die mens self (Vgl. 4.3.5.1). Ten einde invloed op die probleem uit te oefen word van die lewenspotensiaal, vermoëns en vaardighede waaroor die mens beskik, gebruik gemaak. Innerlike vaardighede, soos moed, motivering, kreatiwiteit, heelbreindenke, visie, uithouvermoë, wysheid, lewensvreugde en geloof is nie statiese determinante nie, dit kan ontwikkel word (Neethling & Rutherford 1999:35; Meyer 1996:97; Janson 1991a:38; Vgl. 4.3.5.1). Nuwe positiewe gevoelens word toegeëin en gekoester omdat dit 'n natuurlike behoefte by die mens is om gelukkig te wil voel. Deur gedurig aan die nuwe positiewe gevoelens te dink, begin dit in die sentrum van die gedagtes vorm aanneem en word dienooreenkomstig geleef (Meyer 1996:98; Vgl. 4.3.5.1).

Die voorafgaande standpunte van Allen (2000), Neethling & Rutherford (1999), Louw (1999), Meyer (1996) en Janson (1991) ten opsigte van die rol wat denke speel, word ondersteun (Vgl. 4.3.4.4). Die narratief-pastorale terapeut kan uit 'n praktykteoretiese perspektief aansluiting vind by die psigologiese beskouing dat denke die gedragswyses van die mens bepaal. Uit 'n narratief-pastorale basisteorie kan byvoorbeeld aansluiting by die mening, dat denke die mens se gedragswyses rig, gevind word (Vgl. 4.3.5.1). Kliënte kan gevra word om te vertel watter rol hul geestelike denke in die praktyk van elke dag speel. 'n Diakonologiese basisteorie impliseer dat gedragswyses deur Bybelse waardes en norme gerig word (Vgl. 4.3.3). Uit 'n narratief-pastorale praktykteoretiese perspektief word gevolglik gepoog om denke en gedrag in ooreenstemming met God se Woord te bring. Die werking van die Heilige Gees kan egter ook bygevoeg word, omdat dit die allesoorheersende kragbron in die wedergebore Christen se lewe is (Vgl. 4.3.3). Marr (1982:112) beskryf die werking van die Heilige Gees as God se intervensie en is van mening dat verandering van sondige gedragswyses nie moontlik is sonder God se intervensie nie.

Tydens berading is dit belangrik om kennis te neem van die spirituele beskouing wat 'n kliënt handhaaf omdat dit 'n beslissende rol in sy gedrag tot gevolg kan hê. Zohar en Marshall (2000:4) wys daarop dat die mens spiritueel intelligent kan leef as erkenning gegee word aan 'n "geestelike" mag wat die mens beheer. Vir die Christen is hierdie mag die Heilige Gees. Zohar en Marshall (2000:5) gaan verder en beskryf spirituele intelligensie as 'n proses wat die potensiaal wat deur emosionele en intellektuele intelligensie geskep word, saamvoeg en integreer tot 'n geheel. 'n Dialoog tussen die denkprosesse en die liggaam word sodoende gefasiliteer met die doel om aan die mens 'n aktiewe, eenvormige, unieke, lewensdoel te bied waarvolgens 'n nuwe lewensverhaal geskep word (Vgl. 2.3; 4.3.5). Uit 'n praktykteoretiese perspektief bied die dialoogproses tussen denke en liggaam 'n geleentheid tot geestelike groei en 'n verbeterde lewenskwaliteit. Die narratief-pastorale terapeut behoort die gesprek op so 'n wyse te fasiliteer dat aansluiting gevind kan word by die spirituele intelligensievermoëns van die kliënt (Vgl. 4.3.5). Die onderstaande skets dui aan hoe dit prakties moontlik is.

**Figuur 5.1 Die benutting van spirituele intelligensie vir die herskryf van 'n storie**



(Blackaby & King 2001:18).

Enkele aanpassings is aan die figuur gemaak vir die illustrering van die narratiewe proses.

Die betekenis van die skets word soos volg deur Blackaby en King (2001:19) verduidelik:

- 1 God is ewigdurend rondom die mens aan die werk.
- 2 God begeer 'n blywende, werklike en persoonlike liefdesverhouding met die mens
- 3 God nooi die mens om by Hom in sy werk betrokke te raak.
- 4 God praat deur die Heilige Gees, die Bybel, gebed, omstandighede en die kerk om Homself, sy wil en sy manier van doen aan die mens te openbaar.
- 5 God se uitnodiging om saam met Hom te werk, lei tot 'n geloofsfusie en dit vereis geloofsdade van die mens
- 6 Om by God se storie aan te pas vereis aanpassings in die mens se storie
- 7 Die mens leer God deur ervaring ken. In gelowige afhanklikheid word die mens se storie herskryf om God se doel met die mens te bereik.

Die volgende vrae kan in samehang met Figuur 5.1 benut word om die verhaal van die mens te herskryf:

- Wat beteken die opmerking: God is altyd rondom die mens aan die werk?
- Wat behels 'n liefdesverhouding met God?
- Hoe nooi God die mens om by sy werk betrokke te raak?
- Hoe weet die mens dat dit God is wat met hom praat?
- Watter aanpassings wil God hê moet deur die mens gemaak word?
- Wat is 'n geloofskeuse? (Blackenby & King 2001:19).

Verskillende praktykteoretiese benaderings kan gebruik word om nuwe perspektiewe of insig by 'n kliënt te bewerkstellig deur die ou storie uit 'n nuwe perspektief te vertel. Die kliënt kan byvoorbeeld gevra word om sy storie oor te vertel asof dit deur 'n merkwaardige gesagsfiguur vertel word. Hierdie benadering is veral waardevol as die kliënt gevra word om sy storie uit die perspektief van 'n gesagsfiguur waarna hy telkens verwys, te vertel. Die nuwe perspektiewe wat sodoende na vore kom, kan vir

verdere interpretasie en singewing aan die kliënt se persoonlike narratief benut word (Vgl. 4.2.2.1).

Kliënte wat dit moeilik vind om God se nabyheid te ervaar, kan gevra word om hul lewensverhale te beskryf soos wat hulle meen God dit beskou en ervaar. Dit is belangrik om te onderskei tussen die storie wat die mens oor homself as 'n Christen vertel en die storie wat God kan vertel uit sy unieke perspektief oor dieselfde mens. Sentraal tot hierdie benadering is die narratiewe teorie in die sin dat 'n storie 'n verloop openbaar. Terwyl die kliënt sy storie uit God se perspektief beskryf, besef hy, dat hy 'n unieke rol aan God in sy lewe moet toeken (Ganzevoort 2000:276; Bratcher 2001:1; Vgl. 4.2.2.1).

'n Hermeneutiese interpretasie vind op die manier plaas tussen die mens se verhaal en God se verhaal, deurdat die mens in die narratiewe proses besef dat normatiewe beantwoording ten opsigte van menslike gedragswyses gemaak moet word ten einde dit in ooreenstemming met Bybelse norme te bring. Die aanpassings wat gemaak word is 'n unieke uitkoms: 'n uitkoms wat lei tot eskatologiese hoop (Vgl. 4.3.7.2).

Met die herskryf van stories uit 'n diakonologiese narratief-pastorale benadering word die volgende betekenis aan unieke uitkomst in 'n praktykteorie gegee:

- Die kliënt word bewus gemaak van die invloed van sondige gedragswyses in maatskaplike verhoudings. Dit is egter belangrik om geleenthede in verband te bring met visie, roeping en verpligtings. Indien dit nie gedoen word nie, tree gevoelens van moedeloosheid baie maklik op die voorgrond.
- Weerstand word deur middel van die inoefening van vernuwende denke teen sondige gedragswyses gebied.
- Kliënte word aangemoedig om hul leefwyse aan te pas (herskryf) om in ooreenstemming met God se storie vir die mens te wees.
- Die kliënt word bewus gemaak van 'n toekomstige dimensie waarop nou reeds gefokus kan word in die vorm van eskatologiese hoop (Lester 1995:100; Vgl. 4.3.7.2).

In aansluiting by die voorafgaande bespreking rakende die herskryf van stories word vervolgens aandag aan die invloed van feitelike gebeure in die uiteensetting van die storie gegee.

### **5.5.2 Landskap van aksie (Uiteensetting van die storie ten opsigte van feitelike gebeure)**

Volgens White (2002:6; Vgl. 4.2.2.1) moet die feitelike gebeure van 'n storie aansluiting vind by die betekenis wat aan die storie gegee word. "People's stories of life of personal identity can be considered to compose "landscapes of the mind", which are constituted of landscape of action (composing events, linked in sequence, through time, and according to a theme/plot) and landscapes of identity (composing identity conclusions that are shaped by contemporary identity categories of culture). It is through scaffolding questions that these alternative landscapes of the mind are richly described" (White 2002:6).

Indien die voorafgaande beskrywing van White (2002) in 'n diakonologiese perspektief gefundeer word, bied dit ruimte vir die verrekening van die geestelike dimensie. Feitelike gebeure en betekenisgewing aan die gebeure word deur middel van die werking van die gees ("mind") geïntegreer tot een geheel in God se storie vir die mens.

In die uiteensetting van die storie met betrekking tot feitelike gebeure van die persoonlike narratief is die volgende elemente van belang: Storielyn, "kern", maatskaplike agtergrond en rolspelende persone (Vgl. 4.2.2.1). Die eksplorering van feitelike gebeure kan bydra tot die uitkenning van unieke uitkomst wat benut kan word in die herskryf van die storie (White 2002:6; Vgl. 4.2.2.1). Vir dié doel kan van verskillende vrae, genogramme en besprekings gebruik gemaak word. Die vrae wat deur 'n narratief-pastorale terapeut benut word, word so geformuleer dat dit die implisiete verhaal van God wat in die mens verborge lê eksplisiet na vore bring. Die volgende werkswyses waarvolgens inligting bekom kan word, word vervolgens as praktykteoretiese perspektiewe bespreek: Spirituele genogramme, verhale uit die kinderjare, gelykenisse, dubbelstories en scenario's, verbeelding, tekeninge, asof-besprekings, dagdrome, vrye assosiasie en toekomsvisioene. Die gebruik van die

onderstaande praktykteoretiese perspektiewe in maatskaplike werk bied moontlike antwoorde vir hoe daar op 'n praktiese manier aansluiting by die geestelike verhaal van die mens-in-nood gevind kan word (Vgl. 6.9). As basisteoretiese perspektiewe geld 'n diakonologiese vertrekpunt waarvolgens geredeneer word dat die mens ooreenkomstig bepaalde Bybelse waardes en norme leef (Vgl. 4.1.2).

### 5.5.2.1 Spirituele Genogramme

Hulpmiddels soos genogramme en ekokaarte word in 'n toenemende mate deur terapeute benut om te help om die sentrale tema of kern van die verhaal te identifiseer met die oog op die herskryf van die verhaal (Müller 2000:85; Vgl. 4.2.2.1). Aanvullend tot genogramme en ekokaarte kan gebruik gemaak word van 'n spirituele genogram waarvolgens aandag aan die verrekening van die geestelike dimensie gegee word deur die konstruering van 'n persoonlike- en/of gesinsgebaseerde spirituele narratief (Hodge 2001:35; Wendland & Easterling 2001:2; Francis 2001:1; Blanton 2002:2; Vgl. 4.2.2.1). In aansluiting by 'n narratief-pastorale benadering word die kliënt uit 'n geheelbenadering ook gevra om 'n storie te vertel rakende die ontwikkeling van sy geestelike dimensie, aangesien die mens as liggaam en gees beskou word as 'n integrale eenheid. (Wendland & Easterling 2001:2; Hodge 2001:43; Ganzevoort 2001:283). 'n Onderskeid word getref tussen spirituele- en religieuse narratiewe. Die spirituele narratief verwys na die persoonlike verhouding waarin 'n kliënt tot God staan, terwyl die religieuse narratief na die waardebasis waarin 'n persoon sy lewens- en wêreldbeskouing fundeer, verwys (Hodge 2001:36; Die twee aspekte word vervolgens bespreek.

- **Spirituele narratiewe** hou verband met die persoonlike verhouding waarin 'n mens met God staan. Die verrekening daarvan in 'n narratief-pastorale benadering vind aansluiting by 'n teologiese antropologie. Hodge (2001:44) benut die geestelike verhouding waarin die mens tot God staan as 'n versterkende dimensie tydens emosionele krisisse en konsentreer daarom op die maak van positiewe kognitiewe opmerkings wat tot hoop kan aanleiding gee. Die volgende opmerkings dien as voorbeelde:
  
- As 'n mens saam met God as sy vennoot werk, is die las ligter.

- Vra vir God om krag en leiding in die krisis.
- Dink daaraan wat God vir jou deur die krisis wil sê.
- Bely jou sonde en vra God om vergifnis.
- Vra vir God om jou te help om 'n nuwe doel in jou lewe te vind (Hodge 2001:44; Vgl.4.2.2.1).
  
- **Religieuse narratiewe.** Die koppeling van die religieuse narratief aan psigo-pastorale dimensies verleen goedkeuring aan die feit dat 'n mens 'n normatief-sedelike wese is wat keuses kan maak. 'n Kliënt word gevra om die verhaal van sy religieuse ontwikkeling te vertel aan die hand van die volgende vrae terwyl dit op 'n genogram of ekokaart gekarteer word (Hodge 2001: 42-44):
  - Watter soort religieuse affilliasie was kenmerkend van jou familie? Indien moontlik kan dit soveel as drie geslagte terug verhalend vertel word.
  - Het die betrokkenheid van jou familie by 'n kerk 'n geloofsversterkende bydrae tot gevolg gehad? Spesifiseer persoonlike verbande.
  - Op watter wyse het familieledede uitdrukking gegee aan hul spirituele en religieuse ervarings?
  - Watter rol het godsdienstige oortuigings (geloof) in noodverhale gespeel?
  - Het daar enige uitstaande spirituele gebeure plaasgevind wat as hoogtepunte of laagtepunte beskryf kan word, en watter invloed het dit op die familie gehad?
  - Is daar enige gemeenskaplikhede of verskille in spirituele en/of religieuse gebeure wat tussen familieledede voorkom?
  - Wie kan as die geestelike leier in jul familie beskou word?
  - Watter rol het grootouers in die ontwikkeling van die familie se spirituele en religieuse vorming gespeel?
  - Kan jy/julle enige uitstaande spirituele verhouding uit jul kinderdae onthou?
  - Wat is die vroegste spirituele ervaring wat jy ervaar het en wat jy kan onthou?
  - Het die familie gereeld huisgodsdiens gehou?
  - Het daar by julle aan huis enige spiritueelgebaseerde aktiwiteite plaasgevind?
  - Watter lede in jou gesin het die grootste bydrae tot jou spirituele ontwikkeling gelever?
  - Tot wie in jou gesin voel jy geestelik aangetrokke? (Hodge 2001:42-44; Wendland & Easterling 2001:4; Francis 2001:2; Blanton 2002:2; Vgl.4.2.2.1; 4.5).

Die voorafgaande vrae dui op positiewe ontwikkeling. Terwille van 'n geheelperspektief en aanvullend tot die literatuurstudie kan die volgende vrae bygevoeg word:

- Was daar enige struikelblokke wat jou weerhou het om geestelik te ontwikkel?
- Was daar 'n sondebok?
- Wat het sekere gesinslede daarvan weerhou om 'n religieuse bydrae tot die groei van jou spirituele ontwikkeling te maak?
- Van watter lede distansieer jy jou en hoekom?

Terwyl die kliënt die verhaal vertel, word die inligting op die genogram aangeteken. Spirituele genogramme en ekokaarte kan sinvol in 'n narratief-pastorale benadering aangewend word tydens die eksplorering van die verledeverhaal. Die inligting wat op hierdie wyse bekom word, kan vir die rekonstruering van 'n toekomsgerigte verhaal benut word. Die benadering bied ook die moontlikheid om aan die gesin of kliënt te toon waar persoonlike narratiewe verskil van Christelik aanvaarbare waardes, norme en gedragspatrone gebaseer op die Bybel as riglyn. Die benutting van genogramme op hierdie wyse toon 'n ooreenkoms met die gebruik van geslagsregisters in die Bybel wat aansluit by 'n narratiewe benadering (Vgl.4.2.2.1).

Voorts word die benutting van verhale uit die kinderjare as 'n narratief praktykteoretiese perspektief bespreek.

### **5.5.2.2 Verhale uit die kinderjare**

Müller (2000:79a) maak gebruik van verhale uit die kinderjare om ontbrekende inligting van die verlede te bekom. Kliënte word nie gevra om die verhaal van hul kinderjare te vertel nie, maar 'n spesifieke verhaal wat vir hulle in die huidige krisissituasie betekenis het. Aanvullend tot die verhaal kan die kliënt een of ander simboliese artikel wat 'n verband met die verhaal het, benut om die impak van die verhaal te illustreer. Die gebruik van hierdie metode kan geassosieer word met die narratiewe perspektief herinnerings (Vgl. 4.2.2.1).

Die gebruik van gelykenisse as 'n basisteoretiese narratiewe perspektief word volgende bespreek.

### 5.5.2.3 Gelykenisse

Gelykenisse kan sinvol tydens die verduisterde toekomsverhaal benut word. Die verduisterde toekomsverhaal funksioneer as 't ware implisiet. Dit lê nog in die vorm van 'n embrio in die baarmoeder (Müller 2000:87). Daar word gesoek na die "kern" van die verhaal. In die losknopingsproses skemer bepaalde ligpunte deur wat dui op toekomstige hoopgebaseerde vermoëns of kragte. Dit is die taak van die pastorale terapeut om saam met die kliënt te soek uit die vertellings van die verledeverhaal na 'n eksplisiete toekomsverhaal en dit te rekonstrueer deur aansluiting te vind by die implisiete geïdentifiseerde vermoëns waaroor die mens-in-nood beskik (Vgl.4.2.2.1). In 'n narratiewe konteks kan die verduisterde toekomsverhaal vergelyk word met die gelykenisse wat deur Jesus vertel is. Indien die hoorders daarvan verstaan dat dit 'n nuwe realiteit impliseer, kan dit ook hul lewensuitkyk verander (Lester 1995:129). In aansluiting hierby kan verwys word na die preke van Thieliëke (1975:1) waarna duisende Duitsers lank gelede tydens 'n oorlog- situasie geluister het, toe hulle gevoel het dat hulle die einde van hul pad bereik het, as gevolg van duisende vorme van verskrikking in hul harte soos brandbomme, tuimelende mure en gille van angs gedurende die nag. Thieliëke se preke was gebaseer op die inhoudelike van die Bergpredikasie. Hieruit het hulle geleer van Jesus se manifes, van 'n nuwe lewe en van bevryding uit ou vasgeloopte leefwyses. Aanvanklik was die saligsprekinge vir die mense vreemd, maar as Jesus sy laaste woorde spreek, word daar opgemerk dat hul verslae gestaan het by die aanhoor van die genadeboodskap (Vgl. 4.2.2.1).

Frye (2000:33; Vgl. 4.2) sluit hierby aan en gebruik die voorbeeld wat Jesus as Pastor in die Evangelies gestel het as 'n kommunikasie-strategie vir vandag se verhalende pastor. In aansluiting by die narratiewe benadering is hy van mening dat die Evangelies by uitstek die basis vir die gebruik van 'n narratiewe gespreksmodel vorm. Die verduisterde toekomsverhaal kan deur middel van hierdie benadering ontsluit word. Stories het hoofsaaklik twee hoofdoelwitte, eerstens gryp dit die verbeelding aan en stimuleer denke, tweedens nooi dit die hoorder uit tot deelname. Jesus as Pastor het dit soos volg gebruik:

Deur sy storievertellery het Jesus selfs die arm mense wat geluister het, behandel asof hulle denkers is. Sy stories het sy aanhoorders se verbeelding gestimuleer. Bewuste keuses het sodoende gevolg om volgens die riglyne wat Jesus aan hulle oorgedra het te leef. Personifikasie tree in, die oomblik as die mens begin wonder oor sy eie aandeel in sy storie. Die sirkel van die storie bly onvoltooid totdat die hoorder geantwoord het (Frye 2000:85; Vgl. 4.2.1). As voorbeeld dien Lukas 15:11-32, waar die gelykenis van die verlore seun bespreek word. Hierdie benadering vind ook aansluiting by die sirkulêre benadering, wat in hierdie verslag ondersteun word. Sodoende het gelykenisse ook gebruiksnut ten opsigte van die herformulering van 'n verhaal (Vgl. 4.2.2.1).

Voorbeelde van Bybelse gelykenisse waarin herformulering voorkom, is opgeteken in die gelykenisse van die skuldeiser en die koning (Matt. 18), die barmhartige samaritaan (Luk. 10) en die verlore seun (Luk. 15; Frye 2000:86; Vgl. 4.2.1).

Matteus 11:27-30 gee verder 'n beskrywing wat deur Jesus gebruik is om mense te nooi om deel te word van 'n vreugde- en vredevolle lewe en wel soos volg: My Vader het My gevra om al hierdie dinge op aarde te kom doen. Hy het ook vir My alles gegee wat Ek nodig het om dit wel te kan doen. Ek en My Vader het geen geheime vir mekaar nie. Ons ken mekaar deur en deur. Niemand ken Ons soos Ons mekaar ken nie. Wil julle die Vader so leer ken? Ek kan julle aan Hom voorstel:

Daarom wil Ek julle uitnoui:

Voel julle moeg vir hierdie lewe?

Knak julle knieë onder al die probleme en verantwoordelikhede wat julle moet dra?

Het julle godsdiens leeg geword sodat dit julle geestelike dors nie meer les nie?

Kom dan na my toe! Ja, kom wy jou lewe aan My toe.

By My sal julle weer die sin van die lewe ontdek.

Kom luister wat Ek vir jou oor die lewe wil leer:

Ek sal jou leer dat geluk nie is om heelyd net vir jouself te leef nie.

Jy sal ontdek wat dit beteken om nog vir ander mense tyd en liefde oor te hê.

Kom ontdek watter vreugde dit bring om te leef soos God wil hê jy moet leef. Dis nie moeilik om so te leef nie; om die waarheid te sê, as jy so begin leef, sal jy agterkom hoe lekker die lewe regtig kan wees (Van der Watt & Joubert 1997:51).

Indien Jesus se uitnodiging tot deelname aan die ewige lewe as 'n doelbewuste keuse aanvaar word, behoort die kliënt daarop gewys te word dat dit 'n langsame proses kan wees, omdat geestelike denkpatrone oor baie jare vasgelê word. Die verandering van sodanige denke vra inoefening en geduld as 'n doelbewuste wilsgaaf. Daar behoort gewaak te word teen moedeloosheid en wanhoop as menslike denke wat voortdurend na vore kom. Die duiwel maak gebruik van versoekings as 'n aanvalswaap teen die groeiproses van gehoorsaamheid en heiligmaking. Gedagtes moet in werklikheid hergeprogrammeer word. As teenpool vir negatiewe gedagtes soos: Ek weet ek gaan misluk, kan positiewe gedagtes gedink word soos: Ek weet dit gaan maar stadig, maar ek dank God vir die vordering wat daar wel is. Hierdie soort gedagtes lei tot direkte kommunikasie met God, wat versterkend op die mens-in-nood inwerk. Daar moet ook onthou word dat die Here Sy eie tydsberekening het om die probleem ten volle te verhelder, omdat Hy daarmee 'n bepaalde doel het. Jesus is as 't ware saam met die mens in die swaarkry (Janson 1991:37; Van Schalkwyk 1995a:107; Meyer 1996:30; Barnard 1997:32; Dobson 2000:172; Vgl. 4.3.4.6; 4.3.5.1).

Samevattend blyk dit dat gelykenisse gebruik kan word om die mens-in-nood te help om mensgerigte gedagtes of denkwyses te vervang met Godgerigte gedagtes as 'n versterkende bron van geloofsvertroue in God.

Voorts word die gebruik van dubbelstories en scenario's bespreek as 'n narratief-praktykteoretiese perspektief.

#### **5.5.2.4 Dubbelstories en scenario's**

Nog 'n voorbeeld van 'n narratiewe pastorale tegniek waarin van storievertelling gebruik gemaak word, word in die gebruik van die skryf van dubbelstories en dubbelscenario's gevind (Vgl. 4.2.1). Met dubbelstories word bedoel dat 'n lewensverhaal in die vorm van twee verskillende weergawes vertel word. As iemand

byvoorbeeld 'n storie vertel wat spreek van pyn en eensaamheid kan die persoon gevra word om die storie weer te vertel maar dan met 'n ander motief, perspektief of asof dit deur die oë van iemand anders gesien word (Vgl. 4.4; 4.4.1). Die doelstelling van hierdie tegniek is die rekonstruering van die persoonlike narratief in ooreenstemming met God se verhaal vir die mens. 'n Persoon kan byvoorbeeld gevra word of hy dink God was tydens konsepsie teenwoordig. Die fokus is nie soseer op die feite van die verlede nie, maar op die onbewuste moontlikhede wat die huidige situasie en die toekoms bied (Ganzevoort 2000:277; Vgl. 4.4). Hierdie werkswyse het tot gevolg dat die positiewe en negatiewe kant van 'n storie belig word. Dit kan benut word om die rol wat die probleem speel bloot te lê en in die hervertelling kan die invloed wat die kliënt op die probleem kan uitoefen, verwoord word (Vgl. 4.4).

Met dubbelscenario's word verwys na opdragte wat aan kliënte gegee kan word om ten minste twee verskillende toekomsgerigte stories te skryf. Een van die stories moet 'n negatiewe einde en die ander storie moet 'n positiewe einde uitbeeld. Die doelstelling met hierdie tegniek is die bepaling van die veranderlikes wat die kliënt in die ontwikkeling van die storielyn gebruik om die eindresultate van die stories te bereik. Toekomsgerigte stories is altyd vol verbeelding en kan aangepas word, terwyl stories van die verlede meestal rekonstruktief van aard is (Lester 1995:110; Smit 1999:182; Ganzevoort 2000:277; Vgl. 4.3.7). As voorbeelde dien die volgende gelykenisse:

- \_ Die ryk jong dwaas wat moes kies tussen sy skure aardse rykdom en die hemelse rykdom wat Jesus aan hom wou gee (Lukas 12:13-21).
- \_ Die bou van 'n huis op 'n fondament van rots of sand (Lukas 6:46-48).

Hiermee word by implikasie vir die doel van hierdie studie verstaan dat die mens as gevolg van die feit dat hy 'n kognitief-denkende wese is kan keuses maak. Die keuses wat 'n mens maak lei jou verder of nader aan die verhaal van God vir die mens.

Voorts word die benutting van tekeninge as 'n narratief-pastorale praktykteoretiese perspektief bespreek.

### 5.5.2.5 Tekeninge

Sommige persone hou daarvan om uitdrukking te gee aan die werklikheid deur skeppende tekeninge. Die tekeninge kan bespreek word ten einde aansluiting te vind by gevoelens (Lester 1995:111; Van Schalkwyk 1995:111a; Vgl. 4.4.4.3). Uit 'n narratief-pastorale praktykteoretiese perspektief kan aan die mens-in-nood gevra word om sy lewensverhaal in die vorm van 'n tekening weer te gee. Die tekening kan tydens 'n pastorale gesprek benut word deur aan die mens-in-nood te vra om die betekenis wat dit uitbeeld in die vorm van 'n storie te vertel. Die pastorale terapeut en die mens-in-nood kan moontlik uit die vertellings 'n nuwe hoopgebaseerde storie vorm. Die mens-in-nood kan selfs gevra word om die nuut voorgestelde storie te teken met die oog op 'n verdere bespreking as deel van die verbeelde toekomsverhaal.

Voorts word asof-besprekings uit 'n narratief-pastorale praktykteoretiese perspektief bespreek.

### 5.5.2.6 Asof – besprekings

Asof-besprekings word gebruik om aan kliënte die geleentheid te bied om verskillende moontlikhede wat verband met die gebeure hou te eksploreer. Hierdie vorm van bespreking word veral gebruik wanneer kliënte slegte nuus verwag, wat verband hou met lyding, byvoorbeeld 'n moontlike terminale kankerdiagnose (Lester 1995:111; Lucado 1998:1; Vgl. 4.4.4.3).

In 'n narratief-pastorale praktykteoretiese situasie kan van asof-besprekings gebruik gemaak word deur aansluiting te vind by die inhoudelike van Psalms.

Psalms word by uitstek deur pastorale terapeute beskou as dië Bybelboek wat vir lydingspastoraat gebruik kan word. Kennisname van die gebruik van Psalms vir die doel kan in die praktyksituasie verrykend aangewend word. “Die klaagpsalms toon 'n direkte, aanvallende en appellerende karakter. God word aangeval en op sy beloftes gewys. Hier vind die klag 'n skuiling, in die vleuels van God” (Louw 1999:462). Volgens (Louw 1999:465) kom die volgende basiese struktuurelemente in die klagformules van Psalms voor:

- Die aanroep van God
- Die beswaar of protes/aanklag
- Herinnering as 'n keermoment
- Uitspreek van vertroue (geloofsbevestiging)
- Versoek en petisie
- Bemoediging, troos en
- Lofprysing.

Die feit dat die digters in die Psalms al hul emosies positief of negatief met God deel, bring gevoelsverligting. 'n Tweede waarneming is geleë in 'n bepaalde orde in die Psalms te wete, oriëntasie (positiewe) disoriëntasie (negatiewe) nuwe oriëntasie (nuwe perspektief - hoop) (Louw 1999:465). Psalms kan sodoende benut word om aansluiting te vind by mense in spesifieke omstandighede. 'n Goeie inleidende opmerking is byvoorbeeld na aanleiding van Psalm 42: “Kom ons veronderstel, dat soos 'n wildsbok smag na waterstrome, so smag u na vertroosting. Dag en nag is u in trane en wonder u waar is God? U dink aan die dae toe u na Sy huis toe geloop het en saam met die skare fees gevier en lofprysings gebring het! U wonder oor u vertwyfeling en waarom u so kerm? U besef maar die antwoord is opgesluit in vertroue. Ek kan God vertrou. Hy is my helper en my God! Uit my vertwyfeling roep ek na U en weet u trou is ewig. Ek wil weer 'n lied sing en bid tot die God en rots van my lewe”.

Alle Psalms sal nie noodwendig al die verhaalelemente bevat nie. Psalm 23 as basisteoretiese fundering, bevat byvoorbeeld twaalf beloftes wat die hoofmomente van verlede, hede en toekoms sinvol binne die verbond en geloof orden vir gebruik in 'n praktykteoretiese narratiewe perspektief (Vgl. 2.5). Die pastorale terapeut en die mens-in-nood kan Psalm 23 saam lees en die inhoud aan die hand van praktiese basisteoretiese perspektiewe bespreek ten einde dit praktykgerig te maak. Om aansluiting te vind by die gedagte van “Die Here is my Herder” kan die volgende vrae byvoorbeeld aan die kliënt gevra word:

- Beleef jy dat die Here jou herder is?
- Wat verstaan hy onder die begrip “Die Here is my herder”

- Het jy al ooit ervaar dat die Here jou soos ‘n herder lei?
- Het jy al ooit die stem van die Herder wat jou roep gehoor, indien wel hoe antwoord jy daarop?
- Het jy al ooit in tye van angs Psalm 23 hardop gebid?

In aansluiting by die voorgestelde vrae kan soortgelyke vrae geformuleer word om die res van die Psalm te bespreek. Uit die bespreking kan geleer word dat die Here altyd getrou is en dat Hy vir sy kinders sorg, in die hede, in die toekoms én ook in die hiernamaals. Dit kan ook geloofsversterkend meewerk (Vgl. 4.4.4.3).

Voorts word aandag aan dagdrome as ‘n hulpmiddel vir gebruik binne die pastorale gesprek as ‘n praktykteoretiese perspektief gegee.

#### **5.5.2.7 Dagdrome**

Aansluiting kan by die dagdrome van kliënte gevind word deur kliënte te versoek om te vertel waarom hulle dagdroom omdat daar dikwels oor dit wat gehoop word, gedagdroom word (Lester 1995:112; Vgl. 4.4.4.3). Uit ‘n praktykteoretiese perspektief kan dagdrome as ‘n belangrike hulpmiddel in ‘n toekomsgerigte benadering gebruik word. Die vertelling kan benut word as deel van aksies wat die kliënt kan gebruik om ‘n invloed op die probleem uit te oefen. Wanneer die kliënt byvoorbeeld droom dat hy ‘n betrekking gaan bekom, kan byvoorbeeld gevra word of hy moontlik al potensiële werkgewers genader het.

Vervolgens word aandag gegee aan die benutting van vrye assosiasie as ‘n narratiewe praktykteoretiese perspektief.

#### **5.5.2.8 Vrye assosiasie**

Vrye assosiasie as ‘n praktyk-teoretiese perspektief kan deur ‘n narratief-pastorale terapeut gebruik word, deur aan die mens-in-nood die volgende te vra: Ek wil graag hê dat jy vir ‘n paar minute vir my moet vertel wat jy dink, voel, wens, hoop, vrees en fantaseer rakende jou toekoms. Moenie probeer dink of besluit of dit belangrik is of nie, plaas net eenvoudig dit waaraan jy dink op die tafel. Vrye assosiasie onthul

dikwels die mees problematiese toekomsgerigte storie, dié storie, wat alles oorheers. Vrae rondom vrye assosiasie kan ook aan sekere gebeure gekoppel word soos: Hoe sou jy volgende Kersfees of verjaarsdag beleef?, Wat gaan jy doen as jou ma hiervan uitvind? (Lester 1995:113; Lucado 1998:15; Vgl. 4.4). Op hierdie wyse vind vrye assosiasie as ‘n praktykteoretiese perspektief gestalte.

Vervolgens word toekomsvisioene uit ‘n praktykteoretiese perspektief gestel.

### 5.5.2.9 Toekomsvisioene

Die implementering van die verbeelde toekomsverhaal kan deur middel van ‘n gevisualiseerde ingeprente droom bewerkstellig word. Die woord *inprenting* word gebruik, omdat dit nie voldoende blyk te wees om slegs goeie voornemens te hê nie. Inprenting is volgens die nuwe prentjie wat geskep, is ‘n aktiewe wilsdaad. Emosie word daardeur opgewek en ‘n nuwe werklikheid word op die onderbewuste vlak deur visualisering gevorm. Dit moenie slegs ‘n prentjie bly nie, dit moet deur die kliënt toegeëien word as sy eie prentjie (Van Schalkwyk 1995:54a; Vgl. 4.4.4.3). Wanneer internalisering op hierdie manier plaasvind, kan inprenting as motivering dien. Wanneer dit gebeur sal die persoon begin beleef dat hy *iemand* is wat aan Christus behoort, ‘n nuwe mens. Die oue is verby, die nuwe het gekom (2 Kor. 5:17; Vgl. 3.5.6.2). Innerlike motivering as gevolg van inprenting, gee spesifieke rigting in besluitneming. Daarom is dit belangrik om voortdurend ‘n eindbestemming te visualiseer deur herhaalde inprenting van die beeld. Inprenting hou ook die voordeel in dat die eindbestemming nou reeds ervaar word as ‘n realiteit, om sodoende ook ‘n bewuste beeld in die kreatiewe onderbewussyn te vorm. Die eindbestemming dui onlosmaaklik op die herontmoeting met Christus (Van Schalkwyk 1995:54; Vgl. 3.5.6.2; 4.4.4.3).

Uit ‘n narratief-pastorale praktykteoretiese perspektief kan toekomsvisioene benut word om die mens-in-nood te herinner aan eskatologiese hoop. Aansluiting kan by die verbondsbeloftes gevind word, waarvolgens die mens-in-nood ‘n visuele beeld kan vorm van die verlede, hede en toekoms (Vgl. 2.3.2; 3.5.6.2; 4.3.4).

Vervolgens word die gebruik van metafore in die herskryf van stories bespreek

### **5.5.2.10 Metafoorgebruik en besluitneming uit 'n diakonologiese praktykteoretiese perspektief**

Metafore kan benut word om sinvolle verbindingslyne met die verlede te trek en het daarom veral gebruikswaarde vir die herskryf van stories (Vgl. 4.3.1.4). Met herskryf word verwys na die beginsel waarvolgens 'n nuwe betekenis aan 'n bestaande situasie gegee word (Louw 1999:67; Vgl. 4.3.1.3). Metafore kan sinvol benut word in die soeke van die mens-in-nood na nuwe antwoorde waarvolgens bestaande lewensverhale nuut geherformuleer kan word, sodat dit in ooreenstemming met God se verhaal vir die mens kan wees (Jes. 50:10-11; Matt. 25:35-36).

Die keuses met betrekking tot herformulering setel in die hart van die mens. Die hart word deur Crabb (1999:61) as metafoor gebruik om 'n gesprek oor die verbeelde toekomsverhaal te inisieer deur die hart voor te stel asof dit uit twee simboliese kamers bestaan. Crabb (1999) beskryf dit as 'n boonste en onderste kamer. Die onderste kamer word ter illustrasie gebruik om aan te dui hoe die mens in sy daaglikse (vleeslike) lewe gekonfronteer word met sondige gedagtes en begeertes, terwyl die boonste kamer, ter illustrasie, op die geestelike dimensie van die mens dui. Die daaglikse stryd gaan om op die pad van heiligmaking te groei en toenemend in die boonste kamer te leef, wat deur God beheers word. Deur die werking van die Heilige Gees kan groei op die pad van heiligmaking in werking gestel word, maar dit is nie maklik nie, dit vra inspanning en moed (Crabb 1999:97; Vgl. 4.3.4.6).

'n Bewuste keuse om onder die leiding van die Heilige Gees te leef, in antwoord op God se verhaal, verg moed en 'n bewuste wilswaard aan die kant van die mens. Die kliënt behoort in sy respons teen sondige versoekings te waak (Vgl. 3.5.6.3). Marr (1982:108) verduidelik verder dat die mens op 'n praktiese wyse in vrede met God kan leef deur die aanvaarding van sy genade en liefde. Die mens behoort as 't ware tuis te kom by God en te leef volgens die reëls van sy huis. Die reëls van sy huis vereis dat die mens sal dood wees vir die sonde (Rom.6:6). Om te groei op die pad van heiligmaking is dit nodig om as deel van 'n bewuste keuse, meer en meer tyd saam met God deur te bring (Vgl. 4.3.5.1).

Uit 'n praktykteoretiese perspektief is die doelbewuste keuse met die oog op herformulering van 'n leefwyse in ooreenstemming met God se verhaal vir die mens die mees kritiese moment in 'n narratief-pastorale benadering. Die keusemoment is 'n sensitiewe aangeleentheid en kan nie geforseer word nie. Die pastorale terapeut kan deur middel van voorbidding vra dat die Heilige Gees die kliënt tot 'n keusemoment sal lei om sy verhaal te herformuleer in ooreenstemming met God se verhaal vir die mens. Die pastorale terapeut, as 'n wedergebore mens, leef as 'n geesvervulde persoon en behoort sodoende die boodskap van God se verhaal van liefde op 'n praktiese manier aan die mens-in-nood oor te dra. Hy kyk na die mens-in-nood deur God se bril en daarom kan hy die kliënt respekteer, selfs al het die kliënt vir homself nie eers meer respek nie. Hy sien die moontlikhede wat God aan die mens gegee het en sy doelwit is om dit vry te stel (Vgl. 4.3.5.1; 6.18). Waar mense op hierdie wyse wedersyds aanvaar word, voel hulle veilig en aangeraak deur die liefde van God (Marr 1982:91; Crabb 1999:103; Frye 2000:163). 'n Vertrouensverhouding van hierdie aard kan bydra tot die keuse wat die mens-in-nood moet maak om sy lewe te herformuleer om dit in ooreenstemming met God se verhaal vir die mens te bring (Vgl. 4.3.5.1).

Metafore kan ook benut word om aan die mens-in-nood, wat gekies het om volgens God se verhaal vir die mens te leef, te verduidelik dat 'n mens vir die doeleindes van geestelike groei in 'n voortdurende afhanklikheid van God moet leef (Vgl. 4.3.1.4). George (2001:26) maak gebruik van die wortelstelsel van 'n plant as metafoor om te verduidelik hoe die mens se afhanklikheid van God werk:

- \_ Net soos die wortels van 'n plant onder die grond versteek word, is die geestelike ankering van die mens diep in God verborge en geborge.
- \_ Die wortels van 'n plant word gebruik om dit te voed. Die mens kan deur middel van gebed as 'n metaforiese wortel gevoed word deur biddend in gesprek met God te verkeer.
- \_ Die wortels van 'n plant word ook benut om voedsel te stoor. Kennis van die Woord van God dien as 'n reserwekrag in tye van wanhoop.
- \_ 'n Gesonde wortelstelsel bring welige groei mee en verseker dat 'n plant vrugte dra. Indien die mens meer en meer groei op die pad van heiligmaking, lei dit tot eskatologiese hoop.

– ‘n Swak wortelstelsel lei tot die uitdroging van ‘n plant. ‘n Mens wat nie voortdurend meewerk tot geloofsversterking nie sal nie teen die teëslae van die lewe kan weerstand bied nie en vertoon gedragswyses van meedoënlose moedeloosheid.

Die voorafgaande metafoor vind aansluiting by die sentrale tema van die studie. Die verrekening van die geestelike dimensie kan deur die gebruikmaking van metafore in die soeke na moontlike antwoorde waarvolgens die mens se verhaal in ooreenstemming met God se verhaal gebring kan word, gebruik word.

Die volgende metafore word dikwels gebruik as daar byvoorbeeld na God verwys word: Herder, Vader, Vriend en Lig. In Psalm 23 word die Here as ‘n Herder beskryf wat die mens lei. Vanuit ‘n praktykteoretiese perspektief dui Psalm 23 op Herderlike leiding en sorg in die praktyk van elke dag. Dit impliseer ook dat die verlore mens met geloofsvertroue antwoord deur op ‘n metaforiese wyse God se herderlike leiding en beloftes te aanvaar (Vgl. 2.6; 4.3.1.4).

In aansluiting by die betekenis wat aan stories binne ‘n basisteoretiese narratiewe perspektief aan die landskap van aksie (Vgl. 4.2.2.1) en die uiteensetting van betekenisgewing (Vgl. 4.2.2.2) gegee word, word vervolgens aan die hand van ‘n basisteoretiese praktykperspektief, aan die uiteensetting van betekenisgewing aan stories aandag gegee.

### **5.5.3 Uiteensetting van betekenisgewing aan stories**

Ten opsigte van die betekenis wat deur mense-in-nood aan stories gegee word, bestaan twee dimensies naamlik: ‘n Bewuste (feitelike – landskap van aksie; Vgl. 4.2.2.1; 5.5.2) en ‘n onbewuste (persoonlike – uiteensetting van betekenisgewing; Vgl. 4.2.2.2). Dit is makliker om oor feitelike gebeure as oor intiem-persoonlike ervarings te gesels. Die betekenisgewing wat aan onvertelde stories wat in die onbewuste gestoor word, gegee word, is dikwels emosiebelaaie en daarom moeilik om te verbaliseer (White 2002:6; Vgl. 4.2.2.2). Die verrekening van die geestelike dimensie vind aansluiting by die dieperliggende gevoelservarings of emosies wat ervaar word na aanleiding van feitelike gebeure. As voorbeeld kan die gevoelservaring

van teleurstelling van 'n moeder, as haar tienerseun skielik aankondig dat hy medeverantwoordelik is vir die swangerskap van sy meisie, genoem word. Feitelike inligting ontstaan dikwels as gevolg van vaste gegewe gebeurlikhede en kan nie verander word nie. Die gevoelsbetekenis wat as gevolg daarvan ontstaan, laat die mens onbewustelik nadink oor die vraag: Wat hou die gebeure alles vir my in? Uit die vraag volg nadenke oor nuwe lewensaanpassings wat gemaak behoort te word om die feitelike gebeure te akkommodeer. Indien verdere betekenis aan die voorbeeld van die swanger meisie gegee word, ontstaan vrae soos: Wie gaan die baba versorg? Wat gaan die gemeenskap dink en sê? Wie gaan vir die baba se onderhoud betaal? Hoe gaan die konserwatiewe grootouers op die nuus reageer? Hoe gaan die gebeure die kinders se toekomstige studiebeplanning beïnvloed? Is die gebeure sonde? Moet aborsie nie maar oorweeg word, om almal die vernedering te spaar nie? en Hoe sal daar deur hierdie donker tyd gekom word?

Storievertelling gebruik verbeelding om 'n storie te konstrueer en gee sodoende uitdrukking aan gedagtes wat nog nie voorheen bewustelik gedink en/of uitgespreek is nie. Die narratief-pastorale terapeut kan praktykteoreties deur die gebruikmaking van die narratief-teoretiese beginsel van verbeelding die kliënt daartoe lei om die dieperliggende betekenis wat hy aan sy storie heg, te verbaliseer (Vgl. 4.2).

Lester (1995:125) bied die volgende moontlikhede vir die benutting van 'n praktykteoretiese perspektief om 'n kliënt te nooi om 'n toekomsgerigte storie, gebaseer op onbewuste gevoelens, te vertel en sodoende te bepaal watter betekenis aan die gebeure gegee kan word, deur te begin met: As jy ...

- \_ jou lewe as 'n draaiboekverhaal met 'n gelukkige einde moes voorstel, hoe sou jy die einde van die verhaal visualiseer?
- \_ oor 'n paar jaar 'n brief vol goeie nuus oor jou lewe moet skryf, wat sou die goeie nuus wees?
- \_ volgende jaar in die koerant van iets wonderliks lees wat met jou gebeur het, wat sou jy graag as die wonderlike gebeure wou hê?

Ten einde aansluiting by die geestelike dimensie te vind, maak Lucado (1998:98) van die volgende benadering gebruik om die kliënt ten opsigte van geestelike

betekenisgewing tot 'n respons te lei. Die kliënt behoort bewus gemaak te word dat hy eintlik na 'n ewige bestemming op pad is. Dit sal alleenlik vir 'n kliënt sin maak indien hy die liefde van God ken en begin soek na die doel van Christus vir sy lewe (Vgl. 4.2.2.2). Lucado (1998:98) stel die volgende relevante vier vrae:

- \_ Is jy besig om uitvoering te gee aan die plan van God vir jou lewe?
- \_ Watter hartsbegeertes koester jy?
- \_ Oor watter sterk punte en/of vermoëns beskik jy ten einde uitvoering te gee aan die unieke take van God?
- \_ Hoe dien jy God op die oomblik deur middel van jou lewenswyse?

Die benutting van die voorgestelde vrae gee aanleiding tot antwoorde wat die verkenning van toekomsgerigte stories en die hoopproses moontlik maak. Disfunksionele antwoorde is regressief van aard en dit dui op gevoelens van wanhoop. Indien die antwoorde op wanhoop dui, is verdere eksplorاسie nodig omdat dit die taak van pastorale terapeut is om kliënte te help om hulle lewenstories sò te herskryf dat hulle weer toekomshoop sal ervaar (Munroe 1997:83; Lester 1995:100; Van Schalkwyk 1995:27b).

Skuldgevoelens en die rol van vergifnis word dikwels in die pastorale praktyk geïdentifiseer as struikelblokke in die ontwikkeling van 'n hoopgerigte storie, daarom is dit noodsaaklik om die betekenis wat deur die kliënt aan skuldgevoelens en vergifnis gegee word gesamentlik te verken (Vgl. 2.4.2). Gevoelens van nie-vergifnis spruit dikwels uit negatiewe Godsvoorstelle (Vgl. Tabel 4.1; 6.18). Die pastorale terapeut kan byvoorbeeld van die storie van die kruisgebeure (Matt. 26: 1-75) gebruik maak om die mens-in-nood te help soek na 'n Bybelstorie waarvolgens die verledeverhaal geherformuleer kan word om die kruisverhaal van liefde van Christus vir die mens te weerspieël. Herformulering van die verledeverhaal is onmoontlik as die mens-in-nood nie beseft dat skuld en skuldgevoelens 'n keusemoment bevat en dat dit in die vorm van introspeksie in werking gestel word nie (Vgl. 4.4.4.3). Gelykenisse en metafore kan in samehang met die storie van die kruisgebeure deur 'n narratief-pastorale terapeut benut word in die soeke na betekenisgewing aan skuldgevoelens (Vgl. 5.5.2.3; 5.5.2.10). Hierdie uitgangspunt vind ook aansluiting by 'n geheelbenadering (Vgl. 1.6.2.5).

Vervolgens word die belangrikheid van die rol wat die verlede in die hede ooreenkomstig 'n narratief-pastorale praktykteoretiese perspektief speel, bespreek.

#### **5.5.4 Verbind die verlede met die hede**

Uit 'n narratief-pastorale basisteoretiese fundering ontwikkel persoonlike narratiewe aan die hand van 'n tydskaal wat dui op verlede, hede en toekoms. Uit 'n praktykteoretiese perspektief word aansluiting by die basisteoretiese uitgangspunt gevind deur die gebruikmaking van 'n storielyn as 'n narratiewe perspektief (Vgl.4.2.1).

Ten einde 'n persoonlike narratief te verken, is dit noodsaaklik om die plot, subplotte en temas in die storielyn te identifiseer (Vgl. 4.2.1). In 'n pastorale benadering is dit van wesenlike belang om die plot so gou as moontlik te identifiseer omdat dit as 'n verwysingsraamwerk gesien word waarvolgens alle ander interpretasies gemaak word (Ganzevoort 2000:276; Vgl. 4.2.1). 'n Sirkulêre benadering aan die hand van die storielyn (verlede, hede en toekoms) word benut in die soeke na die plot (Vgl. 4.2.1). Smale *et al.* (2000:65) is van mening dat 'n fisiese sirkel getrek kan word en dat die leidrade deur middel van kartering daarop aangeteken kan word. Die voltooide sirkel waarop al die noodsaaklike inligting getoon word, dra by tot 'n gevoel van volledigheid (Du Toit *et al.* 2001:46).

Die hoofdoel van die gesprek is om inligting van die verlede te integreer met die huidige situasie sodat 'n toekomspektief ontwikkel kan word. Meer denkinhoude tree na vore met die oog op die sistematiesing en integrering van gegewens (Louw 1999:412; Vgl. 3.5.6.3). Die gesprek kan so hanteer word dat dit deel vorm van die pastorale aktiwiteit. Daar moet eerder op 'n historiese as moralistiese basis na die verhale geluister word. Die klem behoort op nie-veroordelende luister te val. Die verhalende terapeut poog om met die inligting tot sy beskikking 'n persoonlike verhaal te vorm wat by die groot verhaal van God, te wete die heilsgeskiedenis aansluit (Müller 2000:76; Ganzevoort 2000:281; Vgl. 3.5.6.3). Narratiewe teorieë, gee net soos psigo-analitiese teorieë, erkenning aan die rol wat die verlede speel. Persoonlike geskiedenis is uiters noodsaaklik vir die grondlegging van

identiteitsvorming van die eie-ek (Lester 1995:33; Vgl. 3.5.6.6). Stories uit die verlede het altyd 'n bydraende rol tot die hoof-narratief. Historiese narratiewe word geskep deur gebeure wat uit die verlede onthou kan word en dit skep die basis vir 'n geïntegreerde persoonlikheid. Dit dra verder by tot persoonlike kontinuïteit, omdat dit 'n oneindige getal episodes in een enkele storie rakende een persoon bymekaar bring. In die vertelling van die storie raak die persoon bewus van die rol wat hy in sy eie verhaal speel en behoort of kan speel. Hy besef ook hoe hy met sy eie storie deur die jare geïdentifiseer geraak het. Hierdie soeke na die self uit die verlede is deel van die terapeutiese proses, asook die vertel daarvan. Dit help die kliënt om helderheid oor sy eie identiteit te kry. Dit is klinies bevestig hoe vollediger die verledeverhaal is, hoe meer geïntegreerde persoonlikheid kom na vore (Lester 1995:34; Gerkin 1997:169). Daar word as't ware bindingslyne getrek tussen die hede en die verlede (Louw 1999:416; Vgl. 3.5.6.6).

Die vertel van 'n storie word meestal begin met 'n vertelling van die hede, waarna terugbeweeg word na die verlede. Uit die vertelproses ontstaan 'n integrasie van die gebeure wat aanleiding gee tot toekomsdenke (Vgl. 4.2). Vervolgens word uit 'n praktykteoretiese perspektief aandag aan toekomsgerigte stories gegee.

### **5.5.5 Toekomsgerigte stories**

Sommige mense toon min toekomsverbeelding terwyl ander weer meer aan die teenswoordige tyd gebonde is. Vir sommige mense is dit bewustelik of onbewustelik moeilik om oor die toekoms te praat. Daar is dus verskillende redes waarom mense nie maklik oor die toekoms praat nie. Mense se toekomsstories kan byvoorbeeld so probleemversadig wees as gevolg van probleme wat ervaar word voortspruitend uit armoede, werkloosheid, MIV en huweliksonenigheid, dat daar moontlik net op oorlewing gefokus word. Hulle is nie in staat om 'n toekomsdroom te visualiseer nie. Terselfdertyd kan sommige mense onmiddellik op die vraag "Wat is jou toekomsdrome?" reageer met duidelike antwoorde (Vgl. 3.5.6.3).

Weerstandsvorme toon ook dikwels ooreenkomste met weerstand wat gebied word oor stories van die verlede. Toekomsgerigte stories kan onderdruk word, omdat dit baie hartseer meebring of elemente van hartseer inhoud. In sommige gevalle ervaar

mense 'n blokkasie om oor die toekoms te praat as gevolg van 'n doelbewuste afsnyding van toekomsgebeure (Brammer & Shostrom 1968:257; Switzer 1990:48; Brandt & Skinner 1999:166; Vgl. 3.5.6.5).

Lester (1995:116) is van mening dat die onderstaande opmerkings moontlik kan dui op weerstand teen toekomsgerigte eksplorاسies:

Ek dink nooit aan die toekoms nie!

Ek het nog altyd gedink dit is sinneloos om aan môre te dink, ek wil net vandag verby- kry.

Die toekoms is onvoorspelbaar, dit is nie die moeite werd om daarvoor te bekommer nie.

Ek het geen idee nie!

Wie weet? Ek kan dit nie verklaar nie (Lester 1995:116).

'n Pastorale benadering impliseer dat terapeute Christosentries in hul terapie te werk gaan. Weerstand teen hierdie vorm van terapie kom voor omdat kliënte dikwels nie verstaan dat 'n Christelike leefwyse nie iets is soos kleefband wat opgeplak word nie, maar dat dit ten diepste gaan om 'n totale ommekeer en gehoorsaamheid aan Bybelse beginsels (Switzer 1990:46; Venter 1996:122; Hindson & Eyrich 1997:27). Hierdie vorm van weerstand moet met groot takt hanteer word. 'n Terapeut kan 'n kliënt begelei maar die finale keuse om vir Christus te leef, is 'n persoonlike aangeleentheid en die kliënt se keuse moet gerespekteer word. Die finale oorgawe is 'n aangeleentheid tussen die kliënt en die Heilige Gees (Hindson & Howard 1997:265; Vgl. 3.5.6.5).

Voorts kan weerstand teen die toekoms ook in geheime stories en towerdenke opgesluit wees. Dit word vervolgens bespreek.

- **Geheime toekomsgerigte stories.** Dit gebeur dikwels dat kliënte geheime het rakende hul toekomsgerigte stories. Hulle is bang om daarvoor te gesels omdat hulle dink terapeute sal vir hulle lag, die stories verwerp, dit openbaar maak of dit veroordeel. Sommige kliënte is skaam oor wat hulle as hul toekomsgerigte stories beskou en bied daarom weerstand om daarvoor te gesels.

Dit kan ook wees dat kliënte nie oor voldoende vermoëns beskik om toekomsgerigte stories deur te voer nie en daarom verkies om dit geheim te hou (Lester 1995:121-122). Narratief-pastoraal praktykteoreties is dit moontlik dat die kliënt se toekomsgerigte storie nie in ooreenstemming met God se storie vir die mens nie is nie. As voorbeeld dien 'n persoon wat beplan om selfmoord te pleeg of om te skei en sodoende onder die indruk verkeer dat die beplande aksies sonde is. Indien vermoed of waargeneem word dat weerstand teen 'n toekomsgerigte storie disfunksioneel is, kan terugbeweeg word na vorige verhaalfases en saam met die kliënt gesoek word na antwoorde vir die weerstand wat waargeneem word (Vgl. 4.2.1).

- **Towerdenke en toekomsgerigte stories.** Dit gebeur dikwels (veral by kinders) dat toekomsgerigte stories op towerdenke gebaseer word omdat dit 'n kitsantwoord kan bied op gebeure. As hierdie denke in woorde omgeskakel word, bring dit dikwels konfrontasie met die werklikheid mee en dit kan vir die kliënt ontstellend wees (Lester 1995:121-122).

Uit die voorafgaande vorme van weerstand, te wete swak samewerking, ontkenning van feite en volharding in sondige gedragswyses soos misdad, wil dit voorkom asof weerstand daarop dui dat daar nog nie 'n fusie tussen die mens se storie en die storie van God deur middel van geloof en groei tot geestelike volwassenheid plaasgevind het nie. Taktvolle aansluiting by die kliënt se vertolking van sy narratief is noodsaaklik ten einde 'n vertrouensverhouding te skep waarbinne die kliënt veilig voel om te erken dat die weerstand wat gebied word daarop mag dui dat die moontlike antwoorde wat die kliënt ten doel stel nie op geloofsvertroue in God gebaseer is nie (Vgl. 4.3.5.2; 4.5.1).

Die hantering van die verbeelde toekomsgerigte verhaal behoort verkieslik van so 'n aard te wees dat dit op die aanvaarding van eskatologiese hoop uitloop. Die aanvaarding van eskatologiese hoop is deel van die konvergensiepunt, verlossing, verandering, vernuwing, herstel en groei van die nuwe mens in Christus op grond van God se genade (Louw 1999:15; Vgl. 3.5.6.2; 4.3.7). Indien dit nie bewerkstellig of aanvaar word nie, sal die mens-in-nood se toekomsgerigte perspektief, praktykteoreties beskou, nie eskatologies van aard wees nie.

Voorts word aandag aan narratief-pastoraal-eskatologiese praktykteoretiese perspektiewe gegee.

#### **5.5.5.1 Eskatologiese praktykteoretiese perspektiewe**

Die verbeelde toekomsverhaal in 'n narratief-pastorale konteks verwys na die ewige versoening en hoop in Christus op die kontinuum van verlede, hede en toekoms. Die teologiese begronding van eskatologies-toekomsgerigte stories moet gevolglik uit 'n pastoraal-teologiese antropologiese basisteorie benader word (Lester 1995:39; Vgl. 2.3.21).

Marr (1982:155) is oortuig dat as die mens nie by die punt kom waar hy erken en aanvaar dat Jesus Christus die enigste antwoord is vir 'n veranderde leefwyse nie, verandering nie sal intree nie. Indien daar *ja* op Christus se versoenende liefde geantwoord word, beteken dit dat die mens voortdurend ook die kruis moet opneem en in totale afhanklikheid van die Gees, gehoorsaam die pad van die kruis moet volg. Die seerkry van die snoeiproses moet gesien word as Sy manier om die mens al hoe meer te maak soos Hy self, want aan die einde moet die mens se hele lewenswyse God se fokus dra (Joh.15:2; Marr 1982:180; Wilkinson 2001:121; Vgl. 4.3.5.1).

In die gesamentlike soeke tussen die pastorale terapeut en die mens-in-nood na 'n eskatologies-gerigte toekomsverhaal kan metafore, gelykenisse en toekomsvisioene as gesprekstategieë benut word (Vgl. 5.5.2.3; 5.5.2.10). In die boek Openbaring (Op. 1:1-20) word gebruik gemaak van toekomsvisioene met die oog op die wederkoms van Jesus Christus. Die narratief-pastorale terapeut kan gebruik maak van die visioene in Openbaring om die mens-in-nood te help om 'n eskatologiese hoop gebaseerde toekomsverhaal te rekonstrueer (Vgl. 3.5.6.2; 3.5.6.2.1; 4.3.5.1). Die pastorale terapeut en die mens-in-nood kan 'n visioen, byvoorbeeld die brief aan die gemeente van Sardis (Op. 3:1-6) saam lees en bid dat die mens-in-nood deur die Heilige Gees gelei word om dienooreenkomstig 'n persoonlike toekomsvisioen te formuleer. Die narratief-pastorale terapeut sou ook die lees van Openbaring 3:1-6 as

‘n tuiswerkopdrag aan die mens-in-nood kon gee en dit tydens ‘n volgende terapeutiese gesprek gesamentlik bespreek.

Die narratief-pastorale terapeut behoort altyd bewus te wees daarvan dat ‘n geestelike binding slegs kan plaasvind as die mens hom onvoorwaardelik deur God se intervensies laat hervorm. Terwyl die mens steeds op eie insigte steun en selfsugtige begeertes hoër stel as gehoorsaamheid aan God se wil, sal die verbeelde toekomsverhaal en eskatologiese hoop troebel bly (Ps. 27:4; Marr 1982:112; Meyer 1996:54; Hindson & Eyrich 1997:22; Brandt & Skinner 1999:86; Liebenberg 2000:96; Vgl. 3.5.6.3). Dit bly egter die verantwoordelikheid van die narratief-pastorale terapeut om die heilsboodskap met die mens-in-nood te deel.

Uit die voorafgaande inligting blyk dit samevattend dat met die konstruering van ‘n toekomsverhaal gepoog word om die verhaal in ooreenstemming met die Godsverhaal vir die mens te rekonstrueer. Dit gaan oor Goddelike intervensies wat uitloop op ewige hoop wat in Jesus Christus gefundeer is. Hiervolgens kan die mens-in-nood met ‘n nuwe perspektief bely dat hy glo in die opstanding van die vlees, vergifnis van sonde en die ewige lewe (Kol. 3:16; Vgl. 2.4; 2.5; 3.5.6.3).

Vervolgens word aandag aan die benutting van seremonies en rituele ter bevestiging van ‘n nuwe identiteit gegee.

## **5.6 Bevestigingseremonies en rituele ter bevestiging van ‘n nuwe identiteit**

In aansluiting by die basisteoretiese bespreking (Vgl. 4.4.4.4) word gelet op ‘n bespreking van Meyerhof (1982) deur White (2000:69) waarin verwys word na die ontstaan van bevestigingseremonies:

“When cultures are fragmented and in serious disarray, proper audiences may be hard to find. Natural occasions might not been offered and then they must be artificially invented. I have called such performances “Definitional Ceremonies”, understanding them to be collective selfdefinitions specifically intended to proclaim an interpretation to an audience not otherwise available.

The latter must be captured by any means necessary and made to see the truth of the group's history as the members understand it”.

Die gebruik van bevestigingsseremonies volgens ‘n poststrukuralistiese epistemologie word deur White (2000:62) beskryf as die benutting van ‘n metafoor waarvolgens stories van dun vertellings groei tot ryk en beskrywend ten einde meer sinvolle betekenis aan die kliënt se lewens storie te gee. Die benutting van bevestigingsseremonies dra by tot die strukturering van ‘n terapeutiese konteks waarin stories vertel en hervertel kan word (Vgl. 4.4.4.3). Dit is nie bloot maar net ‘n storievertellery nie, dit geskied aan die hand van persoonlike- en verhoudingsidentiteite omdat poststrukuralisties aanvaar word dat identiteit gevorm word deur sosiale en openbare ervarings (achievements). Identiteit is ‘n saak wat deur middel van onderhandelings binne-in sosiale instellings en gemeenskappe gevorm word deur historiese en kulturele kragte (White 2000:62; Vgl. 4.2.2.4).

Uit ‘n strukturalistiese epistemologie word geredeneer dat die mens oor ‘n innerlike self beskik waarvolgens interpretasies en mening aan bestaan gegee word. Strukturalisties word geredeneer dat dit in die lewe gaan oor oppervlakte/diepte kontraste. Poststrukuralisties gaan dit om die kontrasterende metafoor van dun en ryker lewensbeskrywings (White 2000:62; Vgl. 3.1.6.1.6).

Uit ‘n diakonologiese epistemologie word vir die doeleindes van hierdie studie aansluiting gevind by ‘n strukturalistiese uitgangspunt omdat erkenning verleen word aan die bestaan van ‘n “innerlike selfkonsep” (Vgl. 4.3.5.2).

### **5.6.1 Die doel van seremonies en rituele**

Seremonies kan op ‘n praktiese wyse benut word om aan moedverlore Christenmense ‘n platform te bied van waar sy storie vertel en hervertel kan word met die uiteindelijke doel van geloofsversterking (Vgl. 4.4.4.4). Verskillende skrywers (Van der Watt 2000:15; Smit 2000:62; Lester 1995:28; Smit 1999:31; Lutzer 1998:36; Frye 2000:122) is van mening dat die moedeloosheid wat Christene ervaar verband hou met ‘n verswakte mens-God-relasie (Vgl.1.2). Tydens narratief-pastorale berading word gepoog om die mens-God-relasie te rekonstrueer. Ten einde die nuwe

geloofsversterkende ervaring te deel kan 'n onafhanklike getuienisgroep uit medegelowiges en Christen vriende met die goedkeuring van die kliënt vir die doel saamgestel word (Vgl. 4.4.4.4; 6.18).

### **5.6.2 Die taak van die getuienisgroep**

Die narratief-pastorale terapeut kan in ooreensteeming met die beginsel van 'n poststrukuralistiese epistemologie die lede van die getuienisgroep toerus vir hul taak (White 2000:65; 2002:10; Vgl. 4.4.4.4). Die epistemologie waarin die toerusting van die groep gefundeer word, vind aansluiting by 'n Christelike lewens- en wêreldbeskouing. Die taak van 'n Christelike getuienisgroep kan in die woorde van Crabb (1997:32) soos volg omskryf word: Die belangrikheid van gemeentelike betrokkenheid en die ondersteuning van medegelowiges as sielsgenote beteken nie in die eerste plek die gee van advies, empatie, eksplorering en intervensies nie maar wel 'n binding met mekaar as sielsgenote wat 'n geestelike ervaring deel met die doel van geloofsversterking (Crabb 1997:31; Vgl. 3.5.6.4).

### **5.6.3 Respons van die getuienisgroep**

Die getuienisgroep behoort te luister na ooreenkomste en verskille tussen God se storie vir die mens en dit wat vertel word (Vgl. 4.4.4.4). Die volgende skrywers (Liebenberg 2000:136-137; Blackaby & King 2001:108; Meyer 1996:97; Frye 2000:123) identifiseer die volgende aspekte waarna geluister kan word. In die hervertelsessie van die getuienisgroep kan van die onderstaande vrae en opmerkings gebruik gemaak word. Die doel daarvan is om verdere vertellings te inisieer, leemtes aan te toon en om verskille tussen die kliënt se weergawe van sy storie en dié van 'n Christelike gemeenskapstorie te identifiseer.

- Die wêreld se paradigma is nie soortgelyk aan God se paradigma nie (Spandeer die persoon tyd saam met God of is sy wêreldse aktiwiteite van groter belang).
- Speel vernuwende denke 'n rol (Rig Goddelike denke die persoon se keuses en gedrag).
- Heiligmaking en geloofsgroei is 'n tydsame en moeilike proses.
- Gemeenskap met God is 'n voortdurende proses

- Speel Bybelstudie 'n rol
- Erediensbywoning en die aanvaarding en rol van medegelowiges
- Christen-wees is 'n vreugdevolle ervaring
- Ervaar die persoon 'n geloofskrisis

Die voorafgaande is slegs enkele response. Al die vermelde response hoef nie tydens een sessie benut te word nie en sal ook nie noodwendig alles in enkele vertellings na vore kom nie. Die response behoort nie op 'n moralistiese prekerige wyse gemaak te word nie. Daar behoort gekonsentreer te word op wat vrae na aanleiding van wat die persoon vertel het (Vgl. 4.4.4.2). White (2002:10) identifiseer die volgende kategorieë waarvolgens response gemaak kan word:

- Identifiseer die hoofmomente wat opval in die vertelling en reageer daarop.
- Reageer op die waardes, doelstellings, hoop en drome wat met die hoofmomente verband hou.
- Dink na waarom die hoofmomente 'n persoonlike appèl op jou gemaak het en formuleer 'n respons na aanleiding daarvan.

#### **5.6.4 Die benutting van erkenningsertifikate**

Erkenningsertifikate word benut ter bevestiging van 'n alternatiewe storie. Die sertifikaat word saam met die kliënt ontwikkel (Vgl. 4.4.4.4). Die kliënt in samewerking met die terapeut besluit dan wat om daarmee te doen (White 1997:64). Binne 'n narratief-pastorale konteks kan die benutting van sertifikate moontlik die vorm van 'n onderneming aanneem waarin die kliënt antwoord op God se roepstem of op wat God se verhaal vir hom persoonlik beteken.

#### **5.6.5 Liturgiese handelings**

Uit 'n narratief-pastoraal-praktykteoretiese perspektief vind Godsdienstige seremonies (liturgiese handelings) aansluiting by die verbond tussen God en die mens (Vgl.4.4.4.4). Deelname aan liturgiese handelings lei tot versterking van die geloofsnarratief. Nouwen (2000:210) beskryf die deelname aan 'n nagmaalsviering as die intiemste moontlike gemeenskap met God. Deur die brood te neem, te seën, te

breek en uit te deel aan die mense om die tafel, kommunikeer die mens die eenheid, gemeenskap en vrede van God met mekaar. Deur die deelname aan liturgiese handelings soos die nagmaal, doop, huwelik, begrafnis en belydenis van geloof gee gelowiges te kenne dat hulle die beloftes van die verbond tussen God en mens aanvaar. God is in der waarheid die “eregas” by die seremonies en beteken deelname aan seremonies uit ‘n narratief-pastorale praktykteoretiese perspetief ‘n geloofsversterkende gebeure (Vgl. 2.3.2.1; 2.3.2.2.2).

Die narratief-pastorale berader kan met die mens-in-nood in gesprek tree oor die betekenis van liturgiese handelings deur te vra watter betekenis die mens-in-nood daaraan heg en/of hy enigsins deelneem aan enige liturgiese handelings en/of hy getrou bly aan die beloftes wat hy in terme van die liturgiese handelings afgelê het, soos in die geval van die huwelik, die doop en belydenis van geloof ( Vgl. 2.3.2.1). Na aanleiding van die antwoorde kan by die persoonlike geloofsnarratief van die mens-in-nood aangesluit word en kan die doel en funksie van liturgiese handelings deel vorm van die narratief-terapeutiese sirkel waarvolgens die mens se storie hermeneuties in ooreenstemming met God se storie vir die mens gebring word (Vgl. Figuur 4.1).

In aansluiting by die gebruik van seremonies (Vgl. 4.4.4.4) kan gevra word of die grootste seremonie van alle seremonies nie dalk die wederkoms is nie. Die verhouding tussen God en sy volk (kerk) word in die Skrif dikwels uitgebeeld as ‘n verhouding tussen ‘n bruidegom en sy bruid (Op. 22:17). Die finale erkenning van God se koningskap oor alles en almal, val in Openbaring saam met die huweliksfees van die Lam (Jesus Christus wat deur sy dood sy bruid vrygekoop het) en die bruid (die kerk van die Here). “As die bruid haar gereed maak vir die huweliksfees, trek sy fyn, helder blink klere aan - simbolies van die regverdige daede van die gelowiges” (Vgl. Op. 19:8; Du Rand 1986:154). Die kliënt kan met die oog op deelname aan ‘n eskatologiese proses van hoop, genooi word na hierdie seremonie. Jesus Christus het reeds die prys betaal.

Samevattend kan geredeneer word dat die rol van seremonies, die benutting van getuienisgroepe en liturgiese handelings in ‘n diakonologiesgefundeerde narratief-pastorale benadering ‘n bydrae tot geloofsversterking bied. Indien die kliënt tydens

individuele narratiewe sessies geloofsgroei toon, bied die gebruik van seremoniële bevestigingsgroepe en liturgiese handelings ‘n geleentheid tot geestelike ondersteuning en groei.

Vervolgens word aandag aan die gebruik van rituele en simbole as ‘n ‘n narratief-pastorale praktykteoretiese perspektief gegee.

### **5.6.6 Rituele**

Rituele word tydens bevestigingsseremonies benut om hervertellings te bevorder (Vgl. 4.4.4.4). In ‘n diakonologies gefundeerde narratief-pastorale benadering kan dit die volgende gebruikswaarde hê.

Rituele word omskryf as gepatroneerde aktiwiteite waarvolgens uitdrukking aan gedragswyses gegee word. ‘n Praktiese voorbeeld van ‘n ritueel is die hou van ‘n denkbeeldige begrafnis as huisdiere sterf (Osmer 1990:14). In ‘n pastorale konteks kan ‘n persoon wat volhardend weier om die sondevergifnis van Christus te aanvaar van ‘n ritueel gebruik maak om die gedagte te aktiveer dat hy sy sonde soos ‘n swaar blok met hom saamsleep. ‘n Man is byvoorbeeld deur ‘n pastorale terapeut gevra om ‘n ballon met ‘n toutjie aan sy vinger vas te maak as ‘n herinnering van sy weiering om vergifnis vir sy “sonde” te aanvaar. Deur middel van die rituele aksie het die man mettertyd besef dat hy verkeerd is en net soos wat hy van die las van die ballon kon vrykom deur die toutjie af te knip kon hy deur ‘n wilsbesluit ook van sy sonde vrykom (Janse van Rensburg, 2003: Onderhoud).

Osmer (1990:15) is van mening dat die aanleer van persoonlike Bybelstudie en die hou van huis godsdiens as rituele beskryf kan word en dat rituele van hierdie aard bydra tot die godsdienstige ontwikkeling van die mens. In aansluiting by Osmer (1990) meen Ganzevoort (2000:6) dat verbandhoudende godsdienstige kulturele waardes op dieselfde manier ontwikkel. In ‘n terapeutiese gesprek kan in hierdie verband aansluiting gevind word by die godsdienstige dimensie van die mens deur te vra:

- Vertel vir my 'n storie oor jou daaglikse godsdienstige roetine en watter betekenis dit vir jou het?
- Vertel vir my waar het jy die eerste keer met godsdiens kennis gemaak en wat het dit deur die jare vir jou beteken?
- Was daar 'n tyd toe godsdiens vir jou meer beteken het as wat dit tans die geval is?
- Waarom beleef jy tans 'n geestelike laagtepunt of hoogtepunt?

Die onderhouding van godsdienstige openbare vakansiedae kan byvoorbeeld as godsdienstige rituele beskou word. Dit is egter opvallend dat godsdienstige rituele van hierdie aard meer en meer plek maak vir sekulêre belange (Osmer 1990:18). Rituele gedragswyses kan in hierdie opsig benut word om aan te dui dat keuses wat gemaak word op 'n gehoorsame afhanklikheidslewe aan Christus dui. 'n Christelike gemeenskap kan deur die benutting van rituele weer die waarde van geestelike feesviering laat herleef (Osmer 1990:19). In 'n terapeutiese sin kan aansluiting gevind word by die gedagte van geestelike feesvierings in die vorm van gemeenskapsaktiwiteite soos Christelike sangfeeste, orreluitvoerings en gemeenskapsetes. 'n Terapeut kan ook rituele seremonies met 'n bepaalde terapeutiese doel instel. Soos om aan die kliënt erkenning te verleen vir die herskryf van 'n lewensverhaal wat in ooreenstemming met God se verhaal vir die mens is (Vgl. 4.4.4.3).

Van Dyk (1993:7) verwys na die verloop van 'n begrafnis as 'n terapeutiese ritueel wat in drie dele verdeel kan word, naamlik: Rituele voor die begrafnis, tydens die begrafnis en rituele na afloop van die begrafnis. Terapeutiese rituele as routake hou verband met die aanvaarding van die realiteit van die verlies, die pyn en aanpassings in die omgewing waar die oorledene afwesig is en die ontdekking van emosionele energie en herinvestering in nuwe verhoudings.

Ten opsigte van die ontdekking van emosionele energie en die herinvestering in nuwe verhoudings dien die volgende gevallestudie waar van 'n ritueel gebruik gemaak is, as 'n voorbeeld: 'n Jongman van 20 het selfmoord gepleeg. Sy vriendin was baie hartseer en het ervaar dat sy hom verloën as sy nuwe vriende maak. Sy het 10 maande na sy dood steeds skuldgevoelens ervaar as sy met ander jong vriende maats maak. Sy

is gevra om 'n brief aan die oorledene te skryf waarin sy die gevoelens van hartseer met hom deel en dankie sê vir die mooi verhouding wat hulle gehad het. Na voltooiing van die brief is voorgestel dat sy by wyse van rituele gedrag na die begraafplaas gaan en die brief vir haar oorlede vriend gaan voorlees en dit daarna simbolies opskeur om haar los te maak van die skuldgevoelens. Na die ritueel het sy nuwe energie ervaar en kon sy voortgaan met nuwe verhoudings en op 'n spontane manier dit wat mooi was, onthou.

Die volgende voorbeelde van rituele gedragswyses word deur Osmer (1990:19) voorgestel. Vrae betreffende rituele gedrag word benut om die kliënt te nooi om sy verhaal aan die hand van rituele gedragswyses te vertel:

- Maak 'n bestekopname van die daaglikse rituele wat uitgevoer word. Die oggendroetine wat ter voorbereiding van dagtake uitgevoer word, is byvoorbeeld 'n rituele gedragswyse.
- Identifiseer gesins- en/of persoonlike rituele en gesels oor die ontstaan en funksie daarvan.
- Inisieer 'n gesprek in die kerkgemeenskap om ooreenkomste en verskille tussen rituele gedragspatrone in gesinne en kerkaktiwiteite te bepaal.
- Reflekteer persoonlike godsdienstige rituele gedragswyses.

Die uitkenning van rituele gedragswyses sluit nou aan by die retoriek van die lewensverhaal wat vertel word. Die voorafgaande uitkenning van rituele gedragswyses kan benut word om 'n kliënt te vra om 'n storie daar rondom te vertel in die soeke na unieke uitkomst (Vgl. 4.4.4.4).

Voorts word die gebruik van herinnerings uit 'n narratief-pastoraal-praktykteoretiese perspektief bespreek.

## **5.7 Herinneringsgesprekke**

In aansluiting by die basisteorie kan uit 'n narratief-pastoraal praktykteoretiese perspektief geredeneer word dat Bybelverhale ryk aan voorbeelde van herinnerings is (Vgl. 4.4.4.5). Herinneringsgetipeerde Bybelverhale is in die Skrif aangewend om medegelowiges te versterk teen deelname aan sondige praktyke en versoekings. Die

sendbriewe van Paulus aan die gemeentes van Efese, Korinthe en Galasië kan as voorbeelde dien. Die narratief-pastorale terapeut kan aan die mens-in-nood vra om sy herinnerings ten opsigte van die ontwikkeling van 'n geloofsnarratief in die vorm van 'n verhaal te vertel.

Volgens White (2002:7; Vgl. 4.4.4.5) hou die gebruik van herinnerings die volgende waarde in:

- “Evoke ‘life’ as a ‘membered’ club, ‘identity’ as an ‘association’ of life.
- “Contribute to a multi-voiced sense of identity, rather than the single-voiced sense of identity which is a feature of the encapsulated self that is the vogue of contemporary western culture”.
- Die gebruik van herinneringsgesprekke behoort aanleiding te gee tot die beskrywing van 'n ryker verhaal.
- Herinneringsgesprekke behoort nie as 'n passiewe hervorsameling van die verlede beskou te word nie maar as 'n aktiewe poging om die verlede met die hede in verband te bring (White 2000:69; Vgl. 4.4.4.5).

Uit 'n diakonologies gefundeerde epistemologie kan vanweë 'n teologiese antropologie nie geredeneer word dat lewenslidmaatskap verskraal word tot dié van 'n klublid of lewensassosiasie nie. Uit 'n verbondsperspektief is die mens koninkrykskinders met 'n ewigheidsbestemming en eskatologiese hoopverwagtings. As resultaat daarvan word herinnerings vir die doeleindes van hierdie studie in verband gebring met die hede, verlede en 'n toekoms dimensie wat heenwys na 'n eskatologiese toekoms (Vgl. 3.5.6.2).

Die onderstaande verhaal beklemtoon die waarde wat die gebruik van herinnerings uit 'n narratief-pastoraal-praktykteoretiese perspektief kan aanneem (Finesse 2000:29).

“Die skemer het in my sel begin toesak. Buite het die lappie blou lug wat deur die tralievenster sigbaar was, vinnig verkleur. Die koms van die nag was altyd die moeilikste, want dan kom ál die herinneringe, ál die vrese die eng klein sel binne. Toe hoor ek dit: die stemme van vroue wat sing. Die woorde kon ek nie begryp nie, want die vroue het in Zoeloe gesing, maar die melodie was onmiskenbaar. Dit was die melodie

van Psalm 103, wat ek soveel keer in die kerk gehoor en self gesing het. Loof die Here, o my siel, en alles wat binne-in my is, sy heilige Naam. Ek het in Afrikaans saggies begin saamsing: Loof die Here, o my siel, en vergeet geeneen van sy weldade nie.

Lank nadat die traliehekke van die binneplaas weer toegeklap het, het hul sang my nog bygebly. Só het ek op die matras op die vloer aan die slaap geraak, totdat iewers na middernag die geratel van sleutels my bevrees laat wakker word het. Hulle, die veiligheidspolisie, was wèer in die donkerste ure van die nag daar om my te ondervra. Vier mans het my bestook met vrae: Waar was jy toe? Ken jy die een of daardie een? Jou vuilgoed, praat! Ek probeer bo die warboel van vrae en vloeke in my hoof 'n stilte skep waarin ek die sang van vroeër weer kan hoor. Loof die Here, o my siel, en ...

Wap! Eers hoor ek die geluid van die vuis teen die kant van my mond en toe voel ek die pyn van been en vleis teen mekaar en toe proe ek bloed. Ek val van die stoel af. Dieselfde man wat my geslaan het, skop my in die ribbes. Vir 'n paar oomblikke kan ek sy gesig sien. Dis dieselfde een wat gewoonlik slaan. Die een met die bonkige seëlring aan sy ringvinger wat my lip oopgesny het.

Elkeen van ons het ons ervaringe van om in 'n dal van vrees en doodskaduwee te wees. As jy dan daar is, of as die herinneringe daaraan jou telkens weer daarheen terugwing by die punt waar jy wil uitroep: My God, My God, waarom het U my verlaat?, is dit dan moontlik om iewers nog die lied, die woorde, maar veral die boodskap van Psalm 103 te hoor? Loof die Here o my siel, en vergeet geeneen van sy weldade nie! Dit is die groot toets van die Blye Boodskap wat Christus bring. Om in pyn en rou die boodskap van God se genadige en liefdevolle, vertroostende vergifnis te behou. Om selfs in die diepste beproewing vas te hou aan die wete: Hy sal ons sonde nie bly toereken en nie vir ewig toornig bly nie. Hy handel met ons nie volgens ons sondes nie, vergeld ons nie vir ons ongeregthede nie (Ps. 103:9-10). Dit is 'n hoopvolle boodskap, maar kan ons werklik ten volle begryp wat dit beteken as Christus uitroep: My God, My God waarom het U my verlaat?, en dat Hy ook gebid het: Vader, vergeef hulle, want hulle weet nie wat hulle doen nie.

Jare nadat, ek uit die gevangenis vrygelaat is, lui die telefoon. Ek herken die stem onmiddellik. Hy vra of hy my kan sien, ek huiwer en sê dat ek tyd nodig het om daaroor

na te dink. Die volgende dag skakel hy weer en ek stem in om hom te sien. Dieselfde gesig en die bonkige seëlring aan sy regterhand. Maar dit is nie meer dieselfde man nie. Hy het gewig verloor, sy woorde is onseker, sy hande bewe. Hy kan nie meer saamleef met sy gewete nie, hy wil vertel wat hy gedoen het. Ons praat oor my aanhouding, maar hy wil vertel van al die verskriklike ander dinge wat hy gedoen het. Hoe hy mense doodgemartel het. Hy vra of ek hom kan vergewe. Al wat ek kan antwoord, is dat ek nog nie daartoe in staat is nie, maar dat ek sal probeer .....

En daarmee was ek sedertdien nog elke dag besig .... Sedert my terugkeer na Suid-Afrika drie maande gelede is ek weer met hierdie uitdaging gekonfronteer. Een van die eerste briewe wat my in my nuwe kantoor ingewag het, was van die Amnestiekomitee van die Waarheids- en Versoeningskommissie. Die brief het my meegedeel dat die amnestie-aansoek van die man wat my gemartel het in September aangehoor word en het my versoek om aan te dui of ek dit wil teenstaan. Die twee gesigte van daardie man: die een, die vertrekte gesig in die martelkamer en die ander, die huiwerige natgeswete gesig van die gebroke man, het in die nagte na die brief soos twee beelde wat bo-oor mekaar afgedruk is, aanhoudend voor my kom verskyn.

In dieselfde tyd het my vader ernstig siek geword. Hy moes drie groot operasies ondergaan. Met die laaste operasie het ons gevrees vir sy lewe en ek het voor die operasie by my ouers gaan woon om hulle te ondersteun. Die herinneringe aan die verlede het teruggestroom. Ons het gepraat oor hoe verskriklik dit vir hulle was toe ek en my vrou na die gevangenis gestuur is. Hoe hulle nie die politieke ideale wat ons aangevuur het, kon verstaan nie en hulself verwyt het dat hulle gefaal het in my opvoeding.

Die aand voor my vader moes terugkeer na die hospitaal vir die operasie, het ek in die middel van die nag opgestaan en na hul kamer gegaan. Die jare van lief en leed het diep lyne gelaat. My vader se een hand het bo die lakens gelê, met die vingers half toegevou - asof hy iets vashou.

Dit was dieselfde hand wat jare gelede, ná die uitspraak van die regter dat ek tot vyftien jaar gevangenisstraf gevonnissen is, oor die houtbalustrade gereik het en 'n stukkie papier in my hand gedruk het waarop geskryf was: Ou maat, ons staan by jou. Pappa het nie

wakker geword nie, maar toe ek aan sy hand raak, het sy vingers rondom myne gevou. Soos vele male in sy lewe, het hy my selfs in sy swakste fisieke moment opgetel en gedra. Net soos toe ek nog 'n klein kind was en hy my opgetel het wanneer ek geval het.

Op 'n stuk papier in die laai van die bedkassie langs my bed het ek 'n kort briefie aan die Sekretariaat van die Amnestiekomitee geskryf, waarin ek verduidelik het dat ek nie die aansoek vir amnestie sal teenstaan nie. Ek het nie geskryf dat ek bereid is om te vergewe nie. Ek wou dit skryf, maar ek kan nog steeds nie. Tog, toe ek my vader se hand in myne voel, het ek besef dat die voorbeeld van sy lewe, en veral sy onbegryplike liefde, my nie kan toelaat om die moontlikheid van vergifnis uit te sluit nie. Ek moes aanhou probeer.

Iewers in die stilte van die nagskemering voor 'n nuwe dagbreek hoor ek weer huiwerig, maar al hoe sterker, daardie lied wat bó 'n gevangenis-binneplaas uitreis: Loof die Here o my siel, en alles wat binne-in my is, sy heilige Naam! Loof die Here, o my siel en vergeet geeneen van sy weldade nie!”

Die verteller meld aan die einde van sy verhaal dat hy steeds na aanleiding van sy herinnerings met die volgende vrae worstel:

- Hoe kom ons daarby uit om diegene wat ons die verskriklikste dinge aangedoen het, te vergewe?
- Is ons daartoe in staat?
- Is versoening moontlik?

Die narratief-pastorale terapeut sou deur die gebruikmaking van eksternalisering (Vgl. 4.4.4.2) aansluiting kon vind by die vrae van die kliënt met die gesamentlike doel om 'n nuwe verhaal te skryf (Vgl. 4.4.4.3).

Vervolgens word die terug-neem-aksie uit 'n narratiewe praktyk-teoretiese perspektief bespreek.

## 5.8 Die terug-neem-aksie

In aansluiting by die basisteorie waar die die narratiewe perspektief wat oor die terug-neem-aksie handel (Vgl. 4.4.4.6) bespreek is, word voorts aandag aan die invloed van narratiewe terapie op die lewens van die kliënt en die terapeut gegee. In sy boek Reiseselskap: Die Kuns van Verhalende Pastorale Gesprekvoering, verduidelik Müller (2000:18-24) dat narratiewe terapie op hom as 'n pastorale terapeut so 'n invloed gehad het dat hy 'n behoefte ervaar het om sy eie storie te kookonstrueer en te vertel. Deur die verhalende benadering kon hy sy eie storie fasiliteer en opnuut as 'n blanke, manlike Afrikaner sy identiteit vind. Hy voel vrygemaak omdat hy deur die gebruikmaking van die verhalende benadering met sy eie verhaal van skuld na vore kon kom deur dit in die vorm van 'n vertelling met ander te deel.

In 'n diakonologiesgefundeerde narratief-pastorale benadering is die kliënt en die terapeut voortdurend daarvan bewus dat die mens as medemens tot 'n eenheid in Christus saamgebind word onder die leiding van die Heilige Gees. Kliënt en terapeut word voortdurend deur mekaar beïnvloed na mate die verhaal ontvou en dit meer en meer in ooreenstemming met God se verhaal vir die mens vorm aanneem. Die vrymaking van sonde en die nuutgevinde hoop in Christus, vorm die basis van 'n nuwe verhaal wat deur middel van 'n terug-neem-aksie met ander gedeel word ter geloofsversterking (Vgl. 6.17).

## 5.9 Samevatting

In hierdie hoofstuk is gepoog om praktykteoretiese perspektiewe vir 'n diakonologiesgefundeerde narratief-pastorale benadering in maatskaplike werk te formuleer.

Die praktykteoretiese benadering word begrens tot die formulering van perspektiewe aangesien dit nie die doel van hierdie studie is om 'n klinkklare model of riglyne te ontwikkel nie.

Verder is daar in aansluiting by narratiewe teorie gefokus op gespreksvrae wat deurlopend in die narratiewe siklus benut kan word ten einde die kliënt se storie op 'n sinvolle terapeutiese manier te beluister.

Ter aanvang van die gesprek word gepoog om 'n vertrouensverhouding en luisterende atmosfeer te skep. Tydens die aanvangsfase van die gesprek word hoofsaaklik van sirkulêre “wat-” en “wie” vrae gebruik gemaak.

Aansluiting word by dekonstruksie as 'n narratief-terapeutiese perspektief gevind ten einde die los boublok in die storie te vind. Sodra die storie voldoende deur middel van dekonstruerende vrae verken is word van eksternalisering gebruik gemaak om die probleem en die kliënt van mekaar te skei asook om dit in 'n groter kultuurverband te plaas.

Volgende is aandag aan die herskryf van stories gegee deur te soek na moontlike unieke uitkomst. Om dit moontlik te maak is aandag aan die uiteensetting van die storie ten opsigte van landskap van aksie en/of feitelike gebeure gegee. Daar kan van verskillende gesprekstegnieke gebruik gemaak word in die soeke na unieke uitkomst waarvolgens die storie herskryf kan word. Die volgende gesprekstegnieke is vir die doeleindes bespreek: Spirituele genogramme, verhale uit die kinderjare, gelykenisse, dubbelstories en scenario's, tekeninge, asof – besprekings, dagdrome, vrye assosiasie, toekomsvisioene en metafore uit 'n diakonologiese praktykteoretiese perspektief. Aandag is ook aan die uiteensetting van die storie ten opsigte van betekenisgewing gegee.

In pastoraal-narratiewe terapie word altyd op 'n tydskaal van hede, verlede en toekoms (insluitende die eskatologiese dimensie) gewerk. 'n Volledige verkenning van die verhaal verbind daarom die verlede met die hede asook met toekomsgerigte stories. Geloof in Christus en sy wederkoms bied aan die Christen toekoms hoop.

Bevestigingsremonies en rituele ter bevestiging van die nuut gevinde identiteit as 'n resultaat van die herskrywing van die storie word bespreek. Die taak en respons van die getuienisgroep sluit aan by die doel van die bevestigingsremonie naamlik die verlening van erkenning aan die kliënt vir die invloed wat hy op die probleem uitoefen. Erkenningssertifikate kan ter bevestiging van die vertel van die nuwe verhaal oorhandig word.

Aandag is ook aan die gebruik van godsdienstige rituele gegee. In aansluiting daarby is die benutting van liturgiese handelings as geloofsversterkende instellings ter ondersteuning van 'n nuwe verhaal van hoop in Christus verken.

Die invloed van herinneringsgesprekke in die saam soek na antwoorde uit 'n diakonologiese narratiewe perspektief, toon aan dat herinnerings dikwels direk verband hou met die kern van die verhaal.

In poststrukuralistiese narratiewe terapie word verwys na die invloed wat die verhaal op die terapeut gehad het as 'n terug-neem-aksie. Gefundeer in 'n diakonologiese epistemologie ervaar narratief-pastorale terapeute die terug-neem-aksie as die versterkende leiding van die Heilige Gees wat voortdurend in mense se harte werk. 'n Storie is eers klaar vertel as jy dit met ander vir wie dit van belang is, gedeel het.

## HOOFSTUK 6

### FENOMENOLOGIESE VERKENNING

In die voorgaande literatuurhoofstukke is basisteoretiese perspektiewe na aanleiding van die navorsingsvrae waardeur die studie gerig word, bespreek. In hierdie verband word verwys na Hoofstuk 2 vir 'n antropologiese beskouing in maatskaplike werk, Hoofstuk 3 vir interdisiplinêre samewerkingsmoontlikhede tussen maatskaplike werk en pastorale benaderings, Hoofstuk 4 vir 'n perspektiwistiese narratief-pastorale basisteorie vir maatskaplike werk en Hoofstuk 5 vir 'n bespreking van 'n perspektiwistiese narratief-pastorale basisteoretiese praktykteorie vir maatskaplike werk.

In hierdie hoofstuk word ooreenkomstig die begrensing van die studie en in aansluiting by die navorsingsvrae, 'n fenomenologiese verkenning van die maatskaplikewerkpraktyk gedoen ten einde die perspektiwistiese narratief-pastorale literatuurbevindings met praktykperspektiewe te vergelyk as deel van 'n teorievormingsproses waarvolgens maatskaplike werkers aansluiting by die verrekening van die geestelike dimensie kan vind (Vgl. 1.2; 6.1 ). Verskillende faktore speel 'n rol in keuse van die benadering wat in die navorsingsproses gevolg word. Babbie en Mouton (2001:33) omskryf fenomenologiese navorsing soos volg: "For the phenomenologist and other similar viewpoints (hermeneutics, symbolic interactionism, ethnomethodology) the aim of social sciences is primarily directed towards the understanding of individuals in terms of their own interpretations of reality and understanding of society in terms of the meanings which people ascribe to the social practices of society". Metodologies beskou is 'n fenomenologiese ondersoek kwalitatief, dialekties en interpretatief van aard omdat daar hoofsaaklik van onderhoudvoering gebruik gemaak word vir die doeleindes van data-insameling. Meningvormende interpretasies word tydens interaksie tussen die navorser en die deelnemers aan die studie gemaak (Schurink 1998:246).

Maatskaplikewerknavorsing kan hoofsaaklik in twee groot kategorieë verdeel word, te wete kwantitatiewe- en kwalitatiewe navorsing (Levering 2002:5; De Vos, Schurink, Strydom 1998:15; Packer 1999:3; Grinnell 1993:9). Grinnell (1993:9) verduidelik kwantitatiewe navorsing as 'n benadering waar positivistiese uitgangspunte gebruik word om data te kwantifiseer, te versamel en te analiseer ten einde 'n voorafbepaalde hipotese te toets of te verifieer. Kwalitatiewe navorsing hierteenoor word volgens Grinnell (1993:9) met naturalistiese uitgangspunte geassosieer "... which relies on descriptive methods of data

collection and generates hypotheses and generalisations as a part of the process". Schurink (1998:241) beklemtoon die verskil tussen die twee vorme van navorsing deur daarop te wys dat kwantitatiewe navorsers 'n deduktiewe beredenering met breë veralgemenings van die fenomeen onder bespreking as vertrekpunt gebruik. Induktiewe beredenerings word in kwalitatiewe navorsing gebruik om die navorsingsfenomeen binne 'n bepaalde konteks te verstaan en kwalitatiewe data-insamelings- metodes wat aansluiting vind by die doel van die navorsing word aangewend. Die antwoord op die soeke na antwoorde vir die navorsingsvrae lê as 't ware in die data opgesluit (Schurink 1998:243). Voorbeelde van data-insamelingsmetodes wat deur kwalitatiewe navorsers gebruik word is persoonlike- en fokusgroeponderhoude, deelnemende navorsing, aksienavorsing, stories en gevallestudies (Cohen & Daniels 2001:2; Lester 1999:1; Packer 1999:8). Voorts wys Ganzevoort (2000:284) daarop dat die verhalende wyse waarop inligting ooreenkomstig narratiewe teorieë bekom word, 'n geskikte data-insamelingsmetode vir kwalitatiewe navorsing is. Volgens Babbie en Mouton (2001:80) is dit toelaatbaar om die data van 'n fenomenologiese studie in 'n narratief-beskrywende of verbatimformaat weer te gee (Vgl. 6.3).

Vir die doeleindes van die onderhawige studie word van 'n fenomenologies-kwalitatief-gefundeerde benadering gebruik gemaak omdat die fenomeen onder bespreking (die verkenning en verrekening van die rol wat die geestelike dimensie in maatskaplike gedrag speel), 'n ontologiese dimensie impliseer wat binne 'n bepaalde konteks van die werklikheid verstaan kan word (Mouton & Marais 1988:12). Die ontsluiting van die data deur middel van hermeneutiese navorsingsprosesse is uiteindelik kwalitatiewe navorsers se bydrae tot nuwe wetenskapsvorming.

Dit is belangrik om daarop te let dat die onderhawige studie interdisiplinêr van aard is, omdat die navorsingsdomein uit twee studieverdele, naamlik teologie en maatskaplike werk bestaan. Ganzevoort (1994:10) beskryf die benutting van maatskaplike werk en sielkunde as sosiale wetenskappe binne teologie as 'n brugverskynsel. *Brug* as metafoer binne 'n interdisiplinêre benadering bevestig die onderlinge interafhanklikheid van vakwetenskappe (Vgl. 3.5.2.1).

Ooreenkomstig die nuutste tendens in kwalitatiewe navorsing word geredeneer dat kwalitatiewe navorsers in hul soeke na antwoorde op navorsingsvrae meer objektief te werk gaan as hul persoonlike epistemologiese keuses verklaar word (Schurink 2004:10(a);

Groenewald & Schurink 2003:9). Die epistemologiese raamwerk waarbinne die huidige fenomenologiese bespreking geskied, is diakonologies van aard, aangesien die navorser as 'n Christelike maatskaplike werker saam met mede Christelike maatskaplikewerkpraktisyns na moontlike unieke intervensie-uitkomst soek waarvolgens kliënte hul stories in ooreenstemming met God se storie vir hul kan bring. Die ontologiese raamwerk van die studie is die vakkundige mening van maatskaplikewerkpraktisyns op die voorgestelde narratief-pastoraal perspektiwistiese benadering wat aanvullend tot reeds bestaande intervensiemodelle nuwe kennis in maatskaplike werk kan skep.

In hierdie hoofstuk word aandag geskenk aan die volgende: Eerstens word die navorsingsvrae en doel van die studie bespreek. Tweedens word die metodologiese benadering, te wete, kwalitatiewe metodologie toegelig. Derdens word die fokusgroeponderhoude asook die empiriese operasionalisering daarvan uiteengesit. Laastens word die bevindings wat die fokusgroeponderhoude gegenerer het, geïnterpreteer.

## **6.1 Navorsingdoelstelling en -vrae**

Die doel van hierdie studie is om na te gaan of die verrekening van die geestelike dimensie tot die daarstelling van hoop vir mense wat maatskaplike probleme ervaar, sal lei. In die fenomenologiese studie word naamlik na verdere antwoorde ter verheldering hiervan gesoek (Vgl. 13). Die keuse van 'n fenomenologiese benadering hou verband met die fenomeen (verrekening van die geestelike dimensie van die mens-in-nood) wat bestudeer word asook met die teologiese perspektief van empiriese metodologieë waarvolgens die werking van die geestelike dimensie nie in menslike terme meetbaar is nie. Die verskynsel (funksionering van die geestelike dimensie) kan waargeneem en kwalitatief beskryf word maar nie eksak gemeet word nie (Maher 2003:1).

Die sentrale navorsingsvraag van hierdie studie is tweeledig: Eerstens behels die vraag of maatskaplike werkers deur die narratief-pastorale metode te gebruik, 'n bydrae tot die verligting van die geestelike moedeloosheid wat kliënte as gevolg van samelewingsomstandighede ervaar, kan maak. Tweedens behels die vraag of maatskaplike werkers oor teoretiese kennisraamwerke beskik waarvolgens 'n bydrae tot die verrekening van die geestelike dimensie tydens hulpverleningsprosesse gemaak kan word.

Groenewald en Schurink (2003:8) verwys na Bentz en Shapiro (1998:39) wat van mening is dat wanneer 'n navorser werklik "fenomenologie wil doen", sy vrae van so 'n aard moet wees dat die verkenning daarvan 'n bydrae tot sinvolle beskrywings van die fenomeen en die konteks kan maak. In hierdie studie is die volgende vrae met die doel om die navorsingsvrae (Vgl. 1.2) verder te ontsluit dan ook direk aan die fokusgroepeelneemers gestel:

"Dink u maatskaplike werkers behoort aandag aan die verrekening van die geestelike dimensie tydens maatskaplikewerkintervensies te gee?"

"Watter rol speel antropologie in Christelike maatskaplike werk?"

"Is u van mening dat 'n narratief-pastorale benadering perspektiewe bied waarvolgens aansluiting by die verrekening van die geestelike dimensie in maatskaplike werk gevind kan word?"

"Is maatskaplike werkers opgelei om aandag aan die verrekening van die geestelike dimensie te gee?"

"Sal maatskaplike werkers deur die geestelike dimensie te verreken tot die skep van hoop in vasgeloopte lewensverhale kan bydra?"

Die voorgaande vrae lei tot die daarstelling van 'n duidelike binding met die ondersoekvrae waardeur die studie gerig word. Die antwoorde wat gegenerer is, toon duidelike ooreenkomste en verskille tussen die praktyk en teorie aan. Voortvloeiende gevolgtrekkings, kan kwalitatief verantwoord word, deur die resultate interpretatief te beskryf (McNamee 1992:191; Parry 1991:39).

## **6.2 'n Kwalitatiewe navorsingsbenadering**

Die tipe metodologiese benadering waarop 'n navorser besluit, word beïnvloed deur die bepaalde studie se navorsingsontwerp (De Vos & Fouchè 1998:76). In die empiriese gedeelte van hierdie studie is 'n kwalitatiewe benadering gekies daar 'n navorsingsontwerp wat geleidelik ontvou namate die navorsingsproses vorder, benodig is. Dit staan in skrilte kontras met kwantitatiewe metodes waarin die navorsingsproses van die begin af stap vir stap beskryf word (Lester 1999:2; Cohen & Daniels 2001:2; De Vos & Fouchè 1998:76).

Verskillende metodes kan in die kwalitatiewe studies benut word te wete, etnografie, fenomenologie, biografie, historiese, toegepaste en aksie navorsing, kliniese en simboliese interaksie (Lester 1999:2; Cohen & Daniels 2001: 2; De Vos & Fouchè 2000:80).

Soos reeds aangedui, is die strategie wat vir die doeleindes van die studie gekies is, fenomenologies van aard, omdat dit as 'n kwalitatiewe navorsingsmetode, 'n raamwerk bied waarvolgens die hermeneutiese interpretasies uit mense se ervaringsveld induktief en subjektief, ge-orden kan word (Louw 1999: 563; Cohen & Daniels 2001:3).

### **6.2.1 Fenomenologie**

Volgens De Vos en Fouchè (1998:80) is die hoofsaak van 'n fenomenologiese navorser om die mening en betekenis wat die subjek aan sy lewêreld gee, te verstaan en te interpreteer. Die navorser moet as 't ware in die skoene van die kliënt (subjek) kan staan om te voel en te ervaar hoe die kliënt dinge beleef. Die taak van die navorser behels nie net interpretasie van die verskynsel nie maar ook 'n akkurate beskrywing van die bevindings (Cohen & Daniels 2001:1). Vir die doeleindes van hierdie fenomenologiese studie word fokusgroepe en die aanhoor van stories wat tydens die sessies vertel word, gebruik om data in te samel.

Sosiaal-wetenskaplikes wat narratiewe teorieë in kwalitatiewe ondersoeke gebruik, fokus op die stories en lewenservarings van mense en sluit by induktiewe interpretatiewe kwalitatiewe navorsingsmetodes aan (Alvermann 2002: 1; Ollerenshaw 2002: 1). Heelwat kritiek word teen postmodernistiese strategieë van narratiewe navorsing uitgespreek as gevolg van hul miskenning van die bestaan van waarheidsbeginsels. Hierdie ontkenning kan teruggevoer word na die postmodernistiese beskouing dat stories in taal uitgedruk word en vanweë die verskillende waardes wat aan sulke interpretasies geheg word, meebring dat daar nie 'n waarheid kan wees nie (Alvermann 2002:8; Delanty 2000:8; Vgl. 1.1.3; 3.1.6.3.2; 4.3.3).

Binne die diakonologies gefundeerde narratief-pastorale epistemologie van die huidige studie, word narratiewe metodes soos volg vertolk: vir navorsingsdoeleindes

dui 'n narratiewe metode op die strategie waarvolgens data deur storievertellings ingesamel word en aan die hand van 'n kwalitatiewe metodologie so werklikheidsgetrou moontlik, heraangebied word (Ganzevoort 2001:3; Ollerenshaw 2002:1; Vgl. 4.4.1). Die navorser en die deelnemers word toegelaat om tydens onderhoude/ gesprekke hul eie verstaan, interpretasie, toepassing en evaluering van die praktyk te ontwikkel deurdat hulle gesamentlik betekenis bied aan die stories wat vertel word (Gardiner 1999: 13; Ollerenshaw 2002:3). Die primêre uitkoms van navorsing lê in die unieke uitkomstegesluit wat uit die interpretasies van die stories gekonstrueer word (Ganzevoort 2001: 4; Ollerenshaw 2002:4). Ten einde sinvolle hermeneutiese interpretasies en vergelykings tussen die fenomenologiese waarnemings te verseker, is dit noodsaaklik om die data aan die hand van homogene narratiewe data eenhede en/of temas te orden (Ganzevoort 1998:20; de Vos et al. 1998:271; Vgl. 4.3.1)

### **6.2.2 Navorsingsparadigma**

Dit is belangrik om kennis te neem dat hierdie kwalitatiewe studie oor twee vakterreine te wete maatskaplike werk en teologie strek. Die studie vind aansluiting by inter- en intradissiplinêre wetenskapsmoontlikhede en paradigmaskuiwe omdat dit nuwe moontlikhede vir maatskaplike werk daarstel deur die gebruikmaking van 'n pastoraal-narratiewe epistemologiese fundering (Vgl. 1.4.1).

### **6.2.3 Inter- en intradissiplinêre samewerking**

Verskillende skrywers (Vgl. Louw 1999:515, 562; Janse van Rensburg 2000: 79,80; Peterson & Martin 2000:7; Memmot, Kevin & Both 2001: 8; Tarpay 2000: 2; Van Dyk 2001: 292) beklemtoon die noodsaaklikheid van inter- en intradissiplinêre benaderings vir huidige praktyksituasies, maar met 'n duidelike voorbehoud dat die oorspronklike basisteorie van teologie as wetenskap onaangeraak bly. Rosnow en Rosenthal (1998:434) beskryf interdissiplinêre navorsing as 'n metode waarvolgens die metodologie van verskillende dissiplines in 'n navorsingstudie gekombineer word ten einde 'n meer volledige en geheelbeeld van die subjek wat bestudeer word, te vorm. Intradissiplinêre benaderings daarenteen dui op 'n in-diepte ondersoek in een spesifieke navorsingsterrein soos maatskaplike werk (Vgl. 1.4.1; 3.6).

Die huidige studie word binne 'n interdisiplinêre benadering geposisioneer om sodoende 'n geleentheid vir die maatskaplikewerkprofessie te skep om 'n potensieel nuwe praktykteoretiese perspektief te ontwikkel waarvolgens maatskaplike werkers op 'n interdisiplinêre wyse aandag aan die verrekening van die geestelike dimensie kan gee.

Samevattend blyk dit dat 'n fenomenologiese strategie met die hulp van 'n kwalitatiewe metode, wat ruimte bied vir die insameling van data deur middel van narratiewe teorieë, onderhoudvoering (fokusgroeponderhoude) en die induktiewe interpretasie van die gegewens, die ware situasie van die subjek kan beskryf wat in hierdie studie nagevors word. Christelike geloofservarings kan sodoende nie net beter verstaan en vertolk word nie, maar ruimte word ook gelaat om die storie van die mens (geloofservarings/geestelike dimensie) en die kruisgebeure, (Christus se storie vir die mens) hermeneuties te interpreteer.

Vervolgens word die gebruik van die fokusgroepe as 'n kwalitatiewe data-insamelingstegniek in die studie bespreek.

### **6.3 Die fokusgroep as kwalitatiewe data-insamelingstegniek**

Die metode van data-insameling wat vir die doeleindes van hierdie navorsing gekies is, hou verband met die doel daarvan. Aanvullend tot die literatuurstudie is dit noodsaaklik dat verseker word dat die studie se fenomenologiese metodologie tot die verheldering van sy navorsingsvrae bydra (Lester 1999:1). Die epistemologie van die navorser vorm die basiese teoretiese raamwerk waarvolgens besluit word hoe 'n ondersoek uitgevoer moet word (Lester 1999:1).

In aansluiting by die navorser se diakonologiesgefundeerde epistemologie geld die volgende kriteria in die huidige studie: (a) die data wat benodig word, lê opgesluit in die perspektiewe van maatskaplike werkers wat Christelike maatskaplikewerkbenaderings ondersteun en wat besef dat die verrekening van die geestelike dimensie 'n holistiese benadering impliseer wat tot die daarstelling van Christelike hoop kan bydra. (b) Christelike maatskaplike werkers beskik oor bepaalde data wat benodig word en daarom word hulle ervarings en sienswyses gevra en benut tydens die proses van data-

insameling. Hierdie voorveronderstellings impliseer dat die navorsing tydens die uitvoering van die ondersoek nie van die navorsingsdeelnemers se maatskaplike werklikheidskonstruksie losgemaak kan word nie (Cohen & Daniels 2001:1; Packer 1999:3).

Fokusgroepe vind die beste aansluiting by die doelstellings en die epistemologie van die onderhawige fenomenologiese studie omdat 'n betreklik homogene groep deelnemers (Christelike maatskaplike werkers) se ervarings van die praktiese manifestering van die rol wat die geestelike dimensie tydens maatskaplikewerkintervensies speel, benodig word. Verder kan uit die bydraes van die deelnemers as praktiserende maatskaplike werkers aan die fokusgroepe hermeneutiese interpretasies gemaak word, tussen hulle belewenisse en die inhoud uit die literatuur, ten einde praktykteoretiese leemtes in die maatskaplikewerkprofessie aan te toon.

Die hermeneutiese interpretasieproses word in hierdie studie deur middel van 'n narratiewe leesmetode uitgevoer. Dié metode impliseer dat die navorsingsbevindings na afloop van die dokumentering van die gesprekke deur die navorser uit 'n navorsingsperspektief gelees word. Tydens hierdie leesproses maak die navorser as riglyn van narratiewe teorieë en perspektiewe gebruik. Hiervolgens kan die navorser die volgende narratiewe dimensies identifiseer: die waardes wat deur die deelnemers aan die dominante kernverhale toegeken word, homogene temas, storielyne, konstruksionele gedragpatrone en unieke uitkomstes (Ganzevoort 2001:45; Ollerenshaw 2002:3; Vgl 6.8). Tydens die proses maak die navorser nie alternatiewe interpretasies van die deelnemers se bydraes nie. Op dié wyse word die oorspronklike bydraes van die fokusgroepdeelnemers deel van die navorsing (Burr 1995:181). Hierdie werkswyse verhoog die geloofwaardigheid van kwalitatiewe navorsing (Schurink 2004:11).

Die konsep *fokusgroep* as 'n data-insamelingsmetode word vervolgens bespreek.

### **6.3.1 Omskrywing van 'n fokusgroep**

'n Fokusgroep kan omskryf word as 'n beplande onderhoud met die doel om persepsies van 'n bepaalde gedefinieerde onderwerp te bekom (McNamara 1999:2). In hierdie

verband beklemtoon Schurink et al. (1998:314) die bestaan van 'n onderlinge onderskeibare interaksiepatroon tussen die fokusgroepeelneemers. “Onderhoud” dui op die teenwoordigheid van 'n opgeleide moderator (navorsers) wat deur die gebruikmaking van fasilitering die groepbespreking tot so 'n mate lei dat die nodige inligting rakende die onderwerp van bespreking gegeneer word. “Fokus” impliseer dat die fokusgroep tydens die bespreking konsentreer op een sentrale tema wat ondersoek word (Schurink et al. 1998:314).

Verbale en nie-verbale kommunikasiepatrone word tydens die verloop van die fokusgroepbyeenkoms verreken. Die vrae wat gevra word is oop van aard sodat soveel moontlik deelname tot die bespreking gestimuleer kan word. Fokusgroepelede mag tydens die fokusgroepbyeenkoms aan mekaar vrae stel. Op dié wyse word verseker dat 'n induktiewe benadering uitgevoer word (Schurink et al. 1998:314).

Voorts word die beplanningsfases vir die uitvoering van die beplande fokusgroeponderhoude bespreek.

#### **6.4 Beplanning vir die uitvoering van die fokusgroeponderhoude**

Die **eerste stap** in die beplanningsfase is die ontwikkeling van 'n teoretiese raamwerk waarvolgens die fokusgroeponderhoude as deel van die fenomenologiese ondersoek uitgevoer kan word omdat teorie en praktyk op hierdie manier geïntegreer word.

##### **6.4.1 Ontwikkeling van 'n teoretiese raamwerk**

Dit is noodsaaklik om noukeurig na te dink oor wat presies ten doel gestel word met die fenomenologiese ondersoek.

Die 5XW1XH – vrae strategie: *wie, wat, waar, wanneer, waarom* en *hoe* bied 'n teoretiese riglyn waarvolgens die fenomenologiese ondersoek uitgevoer kan word (Vgl. Figuur 1.1). Die *wat*-vraag bepaal wat die doel van die fenomenologiese ondersoek is en sluit aan by die oorkoepelende doelstelling van die onderhawige studie naamlik die soeke na 'n benadering waarvolgens maatskaplike werkers op 'n inter- en

intradisziplinêre manier aandag aan die verrekening van die geestelike dimensie kan skenk (Vgl. 1.4). Die hoofdoel van die fenomenologiese ondersoek is om aanvullend tot die literatuurstudie te bepaal of die voorgestelde narratief-pastorale benadering aan die vereistes van 'n geheelbenadering voldoen, waarin die totale probleem van die kliënt deur maatskaplike werkers verreken kan word.

Die tweede vraag wat hieruit voortvloei, is *hoe* die doel bereik moet word. Die leidinggewende prinsipe in hierdie opsig is die kwalitatief-interpreterende aard van die studie. Fokusgroepe werk as gevolg van die gebruik van "oop vrae" wat aan die deelnemers gestel word 'n kwalitatief interpreterende benadering in die hand (Schurink et al. 1998:319).

Die volgende vraag hou verband met *wie* by die ondersoek betrek moet word. In aansluiting by die vereistes van fokusgroepe moet die persone wat aan die gesprekke deelneem, oor die nodige kundigheid van die onderwerp waarop gefokus word, beskik ten einde die oorhoofse doelstelling van die navorsing te kan verstaan (Schurink et al. 1998:317; Gibbs 2000:7; Vgl. 1.3). In die onderhawige studie moes die fokusgroep deelnemers: (a) opleiding in maatskaplike werk hê, (b) volgens 'n Christelike epistemologie praktiseer en (b) kennis van narratiewe terapie dra.

In die besluit oor die grootte van fokusgroepe behoort rekening gehou te word met die doel van die navorsing (Stewart & Shamdasani 1990:137; Vgl. 1.3). Wanneer verlang word dat deelnemers in-diepte kennis oor die onderwerp van bespreking met mekaar moet deel, is Kreuger (1988:94) van mening dat voorkeur aan fokusgroepe van 4 tot 6 lede gegee moet word. In aansluiting by die doel van hierdie studie word, soos reeds genoem, 'n in-diepte bespreking oor die verrekening van die geestelike dimensie in maatskaplike werk voorsien. Die identifisering van deelnemers wat aan die vereiste kriteria voldoen, is uitgevoer by wyse van informele gesprekke met maatskaplike-werkpraktisyns wat aan die navorser bekend is en aan die bepaalde kriteria voldoen. Hulle is ook gevra om meerdere maatskaplikewerkpraktisyns te identifiseer wat aan die vereiste kriteira voldoen. In totaal is sewe maatskaplike werkers wat aan die vereiste kriteria voldoen het genooi om deel te neem aan die fokusgroepe.

Die oorblywende twee vrae van die 5XW1XH –strategie naamlik *waar* en *wanneer* is nodig omdat dit help om te besluit waar die fokusgroepe aangebied word en wanneer dit moet geskied. Die deelnemers is individueel geskakel en genooi om aan die fokusgroepe deel te neem. ‘n Ope uitnodiging tot vrywillige deelname is aan hulle gerig. Die uitnodiging is formeel bevestig deur e-pos kennisgewings van die groepsessies aan die deelnemers te stuur (Vgl. Bylae D). Die beginsel van vertroulikheid is beklemtoon deur die versekering te gee dat deelnemers se identiteit onder geen omstandighede bekend gemaak sal word nie en dat alle bydraes slegs vir navorsingsdoeleindes gebruik sal word. Ten einde reëlins te tref vir ‘n video- en oudiobandopname is ‘n datum, tyd en lokaal vir die byeenkoms met die deelnemers ooreengekom. Die keuse van die lokaal en die tyd van die byeenkoms is bepaal deur die beskikbare tyd, toeganklikheid en bereikbaarheid van die lokaal vir alle deelnemers. Verdere aspekte wat in ag geneem was, is ‘n rustige omgewing waar ongestoord aan die fokusgroeponderhoude deelgeneem kon word.

‘n Medemoderator is aangewys om tydens die groepsessies met die neem van notas, en met die hantering van die band- en video opnemer te help (Vgl. Bylae B).

Die **tweede beplanningsfase** hou verband met die uitvoering van die groepsessies wat vervolgens bespreek word.

Volgens die literatuur word die groeps gesprek deur middel van die stel van vrae geaktiveer (Schurink 1998:319; Gibbs 1997:5). In aansluiting by die narratiewe fundering van hierdie studie en Suter (2000: 4) se gebruik om aan deelnemers te vra om ‘n storie rondom die betrokke vrae wat gevra word, te vertel, is daar tydens die fokusgroepe hiervan gebruik gemaak.

Dit is belangrik om kennis te neem dat daar in die literatuur ‘n meningsverskil bestaan oor hoe fokusgroepe op vaste formate na aanleiding van gespreksgidse gestruktureer moet word. Schurink et al. (1998:318) is van mening dat ‘n onderhoudsgids, met vooraf geformuleerde vrae, gebaseer op die basiese konsepte waarvoor die navorsing handel, ‘n belangrike bydra tot die gestruktureerdheid van die fokusgroepegesprek en latere interpretasie van die data, kan lewer (Vgl. Bylae A).

Schurink et al. (1998:319) stel voor dat vrae in die volgende kategorieëse volgorde gestel kan word om te verseker dat meer sensitiewe aangeleenthede aan die einde bespreek word:

- (a) Openingsvrae wat benut word om feitelike gegewens te bekom en om te bepaal watter gemeenskaplike waardes deur die groeplede gedeel word.
- (b) Inleidende vrae wat dien om die onderwerp van bespreking aan die deelnemers te verduidelik.
- (c) Oordragvrae wat 'n logiese binding tussen inleidende en sleutelvrae vorm.
- (d) Meestal word twee tot vyf sleutelvrae gebruik om die onderwerp onder bespreking te eksplorieer. Die korrekte aanwending van sleutelvrae mag 'n bydrae tot sinvolle generering van data bied.
- (e) Vrae wat verband hou met die afsluiting van die gesprek en wel in die vorm van 'n samevatting met die beëindiging van 'n groepsessie of na afloop van die bespreking van 'n bepaalde konsep.

Gibbs (1997:4), Suter (2000:3), en Shafritz en Roberts (1994:4) is egter van mening dat wanneer die groeps gesprek deur middel van vaste voorafgeformuleerde vrae, te gestruktureerd benader word, dit aanleiding kan gee tot die verlore gaan van waardevolle deelnemerbydraes. Uit 'n narratiewe perspektief behoort gewaak te word teen oormatige gestruktureerdheid en word data eerder deur storievertellings ingesamel en aan die hand van 'n kwalitatiewe metodologie heraan gebied (Ganzevoort 2001:3; Ollerenshaw 2002:1). 'n Vraegids (Vgl. Bylae A) met vrae gebaseer op die hoof temas van hierdie studie is saamgestel as 'n potensiële hulpmiddel vir gebruik tydens die groepsessies.

Vir die doeleindes van hierdie studie, word in die uitvoering van die fokusgroeponderhoud van gestruktureerde vrae sowel as van storievertellery gebruik gemaak om die nodige data te bekom. Die voorgestelde benadering vind aansluiting by die ondersoekvrae waardeur die studie gerig word, naamlik of die verrekening van die geestelike dimensie sal bydra tot die skep van hoop, en/of narratief-pastorale perspektiewe 'n geskikte benadering vir die doel bied (Vgl.1.2).

Ten einde te verseker dat die fokusgroep aan die doel waarvoor dit saamgestel is beantwoord, is basiese temas uit die literatuurstudie waarvoor 'n mening gevorm moet word, vooraf geïdentifiseer (Vgl. 1.1; 1.2). Die kerneïdentifiseerde temas is die volgende:

- Waarnemings wat deur maatskaplike werkers van die getraumatiseerde samelewing gemaak word.
- Intervensiemetodes wat deur maatskaplike werkers gebruik word in antwoord op die behoeftes van die getraumatiseerde kliënt.
- Die rol wat teoretiese kennisraamwerke vervul.
- Die geskiktheid, al dan nie, van 'n diakonologiesgefundeerde narratief-pastorale benadering vir die verrekening van die geestelike verhaal in maatskaplike werk.

In die literatuur word gewaarsku dat wanneer te veel groepsessies aangebied word, die groeplede belangstelling kan verloor en selfs van die sentrale fokuspunt kan wegbeweeg. Twee tot drie groepsessies word as 'n gewenste getal groepsessies beskou (Suter 2000:4; Schurink et al. 1998:317). In die huidige studie is bogenoemde sentrale temas in twee groepsessies bespreek (Vgl. Bylae C vir 'n verbatim verslag van die verloop van die fokusgroeponderhoude en/of die ingeslote videoband).

Groepsessies word meestal deur moderators of navorsers ingelei deur 'n kort inleidende oorsig oor die onderwerp van bespreking te gee en die formulering van doelstellings wat met die sessie beplan word (Gibbs 2000:7; Schurink et al. 1998:321; Shafritz & Roberts 1994:81). Die groepsessies in hierdie studie is ingelui met toepaslike openingsvrae, verwant aan die tema onder bespreking.

Die derde fase in die uitvoering van die ondersoek is die analise van die ingesamelde data. Die vernaamste stappe tydens die fase van data-analise word vervolgens bespreek.

#### 6.4.2 Data-analise

Wat data-insameling betref, het die volgende aksies plaasgevind: (a) waarnemings ten opsigte van die interaksiepatrone tussen groeplede, (b) opstel van notas deur 'n medemoderator oor die verloop van die fokusgroep, (c) die vaslegging van die fokusgroepproses op videoband, (d) die hermeneutiese interpretasie en beskrywing van die data (Schurink et al. 1998:329), en (e) die aanwending van 'n narratiewe leesmetode (Vgl. 6.3).

Silverman (2000:8) beskryf die prosessering van die data en persepsies van fokusgroeplede as 'n vorm van reflektoring en is van mening dat dit die basis vir die ontwikkeling van nuwe kennis vorm. In aansluiting by hierdie standpunt wys Schurink et al. (1998:330) daarop dat indien 'n induktiewe "oop"-analisebenadering gebruik word, kan uit die data wat op 'n videoband vasgelê word, spesifieke gedragpatrone waargeneem word as gedragseenhede wat dienooreenkomstig beskryf kan word (Vgl. 1.4.3.1). Nuwe vrae kan selfs tydens die interpretasieproses geïdentifiseer word.

Die **laaste fase** in die fenomenologiese ondersoek is die boekstaving van die navorsingsbevindings. Hierdie fase word vervolgens bespreek.

#### 6.4.3 Samestelling van 'n verslag waarin die fenomenologiese ondersoek beskryf word

Na afloop van die fokusgroepproses is die bevindings op 'n samevattende manier in 'n verslag geboekstaaf. Dit het geskied met behulp van die medemoderator se notas en deur die video- en oudiobande wat tydens die proses gemaak is, te analiseer. Die notas van die medemoderator was hoofsaaklik beskrywings van wat tydens die fokusgroeponderhoude waargeneem is. Die notas is sistematies en metodologies opgeteken (Schurink 2003:8) en verskyn in Bylae (B).

In navolging van die uitgangspunt in sommige kwalitatiewe kringe dat 'n betreklik volledige uiteensetting van die verloop van empiriese studies verskaf word, word die verloop van die fokusgroeponderhoude verbatim weergegee.

- (i) Sewe maatskaplike werkers is genooi om aan die fokusgroepbespreking deel te neem. Twee lede wat die uitnodiging aanvaar het, kon ongelukkig nie die afspraak nakom nie. Gevolglik het net vyf maatskaplike werkers aan die fokusgroeponderhoude deelgeneem. (Vgl. Bylae D).
- (ii) Twee fokusgroeponderhoude het plaasgevind. Tydens die eerste onderhoud is die vrae wat aan die deelnemers gevra is met nie-navorsingsvrae waardeur die studie gerig word, in verband gebring (Vgl. 6.1 vir 'n bespreking van die navorsings- en ondersoekvrae en Bylae A vir 'n vraegids in die verband). In die tweede fokusgroeponderhoud is die bruikbaarheid van narratief-pastorale perspektiewe in maatskaplike werk verken. (Sien Bylae C vir 'n verbatim beskrywing van die verloop van beide die fokusgroeponderhoude.)
- (iii) Met die oog op die bewaring/stoor van data asook om dit later vir analitiese doeleindes te kon gebruik, is video- en oudiobandopnames van die fokusgroepe gemaak. Ten einde die video-opname op rekenaardiskette te stoor is van rekenaar-tegnologie gebruik gemaak<sup>1</sup>.
- (iv) Die navorsingsdeelnemers het toestemming verleen dat 'n video-opname van fokusgroepe vir die doeleindes van die navorsing gemaak word<sup>2</sup>.

Vervolgens word aandag aan die interpretering van die sentrale temas wat uit die fokus- groepbespreking voortgevloei het gegee.

## **6.5 'n Hermeneuties kwalitatiewe interpretering van die fokusgroep-resultate**

Met verwysing na die literatuurhoofstukke word die data wat deur die fokusgroepbespreking gegenereer is, deur middel van kwalitatiewe hermeneutiese interpretasie met mekaar geïntegreer.

Soos reeds aangedui, is die data en van die literatuurinhoud kwalitatief-hermeneuties geïnterpreteer en geïntegreer.

---

<sup>1</sup> Die bepaalde rekenaardiskette ("CD's") waarop die verloop van die fokusgroeponderhoude vasgelê is, word vir eksamineringdoeleindes saam met die navorsingsverslag ingedien.

<sup>2</sup> Let op die instemming van die deelnemers tydens die aanvangsfase van die gesprek op die rekenaardiskette.

Uit die literatuur blyk dat epistemologiese keuses bepaalde kriteria vir praktyk implementering voorskryf. Die kriteria wat vir die gekose epistemologie geld, geld uiteraard ook vir die uitvoering van die metodologie wat in die studie gevolg word (Lester 2004:2; Packer 1999:8). In aansluiting by die literatuurstudie, waar telkens na die verskille tussen diakonologies- en post-modernistiesgefundeerde epistemologieë verwys is (Vgl.4.1), word die verskil in navorsingsmetodiek tussen postmodernistiese- en diakonologiesgefundeerde narratief-pastorale benaderings kortliks bespreek.

Narratiewe benaderings word meestal met postmoderne epistemologieë geassosieer en as gevolg daarvan word die korrektheid asook die betroubaarheid van data-insamelingsmetodes dikwels deur nie-postmodernistiese navorsers bevestig. Die rede daarvoor is tweerlei en hou verband met (a) die rol wat aan taal toegeken word en (b) die afwesigheid van 'n vaste waardestruktuur by postmodernisme (Ganzevoort 1998:26; Delanty 2000:143; Vgl. 3.1.6.2).

Müller (2002:1) verwys na navorsing op die terrein van postmodernistiese narratiewe intervensies as "Fiction writing as metaphor for research: a narrative approach", gebaseer op 'n model wat deur Anne Lamott vir dié doel benut is. Hier word gefokus op die "hier-en-nou" deur daarna te verwys as die "aksie" wat tydens die verloop van die navorsingsproses plaasvind. Die navorser en die deelnemers in navorsing werk gesamentlik aan die identifisering van die konteks waarbinne die navorsing begrens word ten einde die "hier-en-nou" binne 'n bepaalde raamwerk te plaas. Die navorser en die deelnemers werk ook gesamentlik aan die ontwikkeling van 'n storielyn totdat dit 'n bepaalde klimaks (ontknoping) bereik. Na die bereiking van die klimaks word na 'n eindfase beweeg waartydens die navorser en deelnemers gesamentlik kennis neem van wat in die navorsingsproses gebeur het. Daar word op die betekenis van die gebeure wat van belang vir die "hier-en-nou"-situasie is, gelet (Vgl. 4.2.2.1).

In teenstelling met die voorgaande standpunt merk Ganzevoort (1998:24) uit 'n diakonologiese narratief-pastorale navorsingsperspektief op: "we focus on the present construction of the subject in which past and future are used". Ten einde betekenis binne hierdie raamwerk aan die navorsingsproses te verleen, omskryf Ganzevoort (1998:25) *narratief* as 'n storiëvormige struktuur waarin die mens volgens sy eie perspektiewe en ervarings rolverwysings aanneem waarmee hy gemaklik voel en

waarvolgens hy in alle ander verbandhoudende relasies uit die verlede, hede en toekoms selfhandhawend kan optree (Vgl. 4.2.1). Sodanige definiëring gee aanleiding tot die volgende dimensies: struktuur, perspektief, ervaring, roltoekenning, relasionele posisionering asook die rol van betekenisvolle *ander persone* in die lewe van die mens-in-nood (Vgl. 4.2.2.1). Die dimensies bied aan die navorser verskeie moontlikhede om die narratiewe proses waar te neem en te analiseer. Die algemeenste metode word deur Ganzevoort (1998:26) as 'n "leesmetode" beskryf. Volgens die metode word die narratiewe bydraes van die deelnemers tydens die fenomenologiese verkenning so volledig moontlik gedokumenteer waarna die navorser dit lees met die doel om bogenoemde narratiewe dimensies te identifiseer. Die resultate van die dimensies wat in homogene temas en dominante storielyne gegroepeer word, word afgelei uit die lees van die data (Vgl. 1.4.1). Die eindresultaat van die navorsingsproses is waar die geïnterpreteerde resultate met die navorsingsdoel vergelyk word.

Uit die voorgaande blyk dat in 'n postmodernistiese epistemologie op die "hier-en-nou"-situasie gefokus word en dat fiksie 'n rol kan speel terwyl in 'n diakonologiese epistemologie op 'n volledige tydlyn van verlede, hede en toekoms gefokus word en na feitlike inligting beweeg word. In beide gevalle word narratiewe dimensies benut om die narratief te verken en te beskryf. Die gebruik van terugvoer as metode waarvolgens die navorsingsresultaat verken word, kom in beide epistemologieë voor, naamlik of in die vorm van interpretatiewe leesmetodes of deur middel van terugvoeringsgesprekke. In die onderhawige navorsing is die "leesmetode" as 'n terugvoertegniek gebruik ten einde die navorsingsbevindings so getrou moontlik te kon interpreteer.

Meervoudige data-insamelingsmetodes geskied in fenomenologiese studies ooreenkomstig die bepaalde tipe kwalitatiewe navorsing en navorsingsontwerp (Packer 1999:3; Campbell 2002:6). In die bereiking van 'n bepaalde navorsingsdoel is 'n kombinasie van tegnieke moontlik om die optimale doelbereiking van die studie te bevorder (Groenewald & Schurink 2003:8).

Die verifieerbaarheid van data vir die doeleindes van hierdie fenomenologiese studie, waarin van narratiewe metodes gebruik gemaak is, word vervolgens bespreek.

### 6.5.1 Data verifieerbaarheid in narratiewe metodes

Ten einde die betroubaarheid van die data-insamelingsproses wat in hierdie studie gevolg is bo verdenking te plaas, is dit noodsaaklik om die kwalitatiewe strategieë waarvolgens die navorsing uitgevoer is, te verklaar.

- **Konstruktiewe Tipologie** verwys na die konseptuele raamwerk waarvolgens die fenomeen in terme van gemeenskaplike data-elemente geklassifiseer word. Konstruktiewe tipologie word in twee kategorieë verdeel te wete, “*emic*” en “*etic*”. *Emic* verwys na betekenisvolle eerste-orde datakategorieë van die fenomeen wat bestudeer word. *Etic* verwys na die navorser se eie konsepte en/of tipologieë, na die konsepte wat in die literatuur aangetref word asook na tweede-orde-data (Schurink 2003:18). Die geldende *emic* tipologie wat in hierdie fenomenologiese verkenning geld, is dié wat verband hou met die mens se verhaal wat gerekonstrueer word, ooreenkomstig God se verlossingsverhaal vir die mens. Bybelse riglyne en waarhede dien as die raamwerk waarvolgens die mens se stories geïnterpreteer en gerekonstrueer word (Van der Watt 2000:6). Ten einde die navorser en die deelnemers aan die fokusgroeponderhoude se aannames te akkommodeer geld ‘n *etic* tipologie omdat dit tweede-orde-konsepte is wat op eie praktykervarings en die literatuurstudie berus.
  
- **Benutting van homogene hoofdatemas.** Ten einde sinvolle hermeneutiese interpretasies en vergelykings tussen die fenomenologiese waarnemings te verseker, is die data ge-orden aan die hand van homogene data- eenhede en/of temas wat uit die fokusgroeponderhoude na vore gekom het (Ganzevoort 1998:20; de Vos et al. 1998:271).
  
- **Identifisering van belangrike onderwerpe (subdatemas)** voortspruitend uit die homogeen- gegroepeerde temas is ’n verdere stap van verfyning in die data-analitiese proses wat gevolg is (Ganzevoort 1998:20).
  
- **Die rol van narratief-konstruksionele patrone.** Narratief-konstruksionele patrone dui op vaste patrone waarvolgens sekere gedragshandelinge herhaaldelik uitgevoer

word en bied kriteria waarvolgens interpretasies gemaak kan word (Ganzevoort 1998:20). Konstruksionele datapatrone toon volgens Schurink (2003:18) die volgende kenmerke: Dit het 'n herhaalde/tipiese voorkoms, die manifestering daarvan neem oor 'n langtermyn vorm aan en dit word in 'n meervoudige situasie aangetref. Aanvullend tot die narratiewe leesmetode het inductiewe beredenering plaasgevind na aanleiding van die bydraes van die deelnemers op "oop"-vrae tydens die eerste fokusgroepsessie.

In 'n poging om die toepasbaarheid van narratiewe terapie in Christelike maatskaplikewerk-praktyk te illustreer, is die inligting tydens die tweede fokusgroepsessie aan die hand van stories wat oor kliënte vertel is, ingesamel.

Deur die gebruik van die voorgaande riglyne en die narratiewe leesmetode is unieke en algemeen-geldende temas uit die fokusgroeponderhoude saamgestel. Goeie fenomenologiese navorsing behels meer as net 'n weergawe van die ingesamelde data. In aansluiting by die gebruik van narratiewe teorieë vereis dit 'n in-diepte verstaan van die fenomeen en die ontwikkeling van kreatiewe idees om noukeurig oor te dra wat die deelnemers in hul bydraes met mekaar en die navorser gedeel het (Campbell 2000:3). Voorts is sinvol aandag aan individuele bydraes gegee ter voorkoming van 'n algemeen-geldende gevolgtrekking van die fenomeen onder bespreking (Groenewald & Schurink 2003:14).

Vervolgens word die navorsingsbevindings bespreek.

## **6.6 Navorsingsbevindings**

Die navorsingsbevindings reflekteer uiteraard die beskouings van vyf maatskaplikewerkpraktisyns (Vgl. Tabel 6.1). Ter inleiding word 'n kort, opsommende oorsig van die navorsingsbevindings gegee.

Die deelnemers aan die fokusgroeponderhoude is dit eens dat die maatskaplikewerkpraktik 'n behoefte aan 'n benadering (die *hoe*) toon waarvolgens aandag aan die verrekening van die geestelike dimensie tydens maatskaplikewerkintervensies gegee kan word. Verder blyk dat kliënte toenemend uit eie beweging aspekte van die geestelike dimensie soos wanhoop en moedeloosheid

tydens maatskaplikewerkintervensies openbaar, terwyl dit nie vroeër in so 'n groot mate voorgekom het nie. Maatskaplike werkers en kliënte kan nie die eise van die samelewing ontsnap nie. Gevolge van armoede, misdaad, vigs, werkloosheid, drankmisbruik, verval van waardesisteme en die nie-onderhouding van Bybelse gebaseerde norme word daaglik opgemerk. Nuwe beradingsvaardighede word benodig om te voorsien in behoeftes van kliente met geestelike nood (Vgl. 1.1.4; 1.1.5).

Vervolgens word 'n beskrywing gegee van die deelnemers wat aan die fokusgroeponderhoude deelgeneem het asook die getal sessies wat plaasgevind het.

### 6.6.1 Beskrywing van deelnemers en getal fokusgroeponderhoude wat gehou is

'n Oorsig van die sosio-kenmerke van die deelnemers word in Tabel 6.1 aangebied. Hoof-alfabetiese letters word gebruik om die verskillende deelnemers se identiteit ooreenkomstig etiese vereistes te beskerm.

**Tabel 6.1 Deelnemersprofiel**

<b>Deelnemers</b>	<b>Deelnemersprofiel</b>
<b>A</b>	Deelnemer A – het sy maatskaplikewerkopleiding aan opleidingsinstansie <b>A</b> ontvang. Hy is reeds 20 jaar in 'n privaatspraktyk. Hy maak hoofsaaklik van Christelike berading gebruik.
<b>B</b>	Deelnemer B – het haar maatskaplikewerkopleiding aan opleidingsinstansie <b>B</b> ontvang en het 15 jaar dienservaring as 'n maatskaplike werker by staatsinstellings sowel as nie-regeringsorganisasies. Sy gee voorkeur aan 'n Christelike benadering in maatskaplike werk.
<b>C</b>	Deelnemer C – het sy maatskaplikewerkopleiding aan opleidingsinstansie <b>C</b> ontvang. Hy gee voorkeur aan Christelike berading. Hy werk al vir ongeveer 20 jaar in kinderhuise.
<b>D</b>	Deelnemer D – het ook haar maatskaplikewerkopleiding aan opleidingsinstansie <b>A</b> ontvang en sy werk ooreenkomstig Christelike beginsels in haar beradingsessies. Sy is in diens van 'n nie-regeringsorganisasie.
<b>E</b>	Deelnemer E – vervul die funksie van die medemoderator. Sy is 'n maatskaplike werker en het ook haar maatskaplikewerkopleiding aan opleidingsinstansie <b>A</b> ontvang. Sy neem ook aan die fokusgroeponderhoud deel.
<b>Navorsers</b>	Die navorsers het ook haar opleiding aan opleidingsinstansie <b>C</b> ontvang.

\* Ten einde die identiteit van die deelnemers te beskerm word hoof alfabetiese letters gebruik om die opleidingsinstansies waar hulle gestudeer het aan te dui. Geslagsonderskeid word aangedui deur na hy en sy onderskeidelik te verwys.

Uit die voorafgaande profiele van die onderskeie deelnemers blyk dit onder meer dat:

- Al die deelnemers voorkeur gee aan Christelike beginsels in hul terapeutiese-praktyke.
- Die deelnemers almal tussen 15 en 20 jaar ervaring van die maatskaplike-werkpraktyk het en is met verskillende maatskaplikwerkintervensiemodelle vertrouwd. Hul deelname in die fokusgroeponderhoude getuig van diepgaande ervaring van die verrekening van die geestelike dimensie in narratief-pastorale maatskaplike werk.

Die onderstaande foto reflekteer die strukturering van die fokusgroep-deelnemers. Die medemoderator sit ver regs terwyl die navorser sentraal in die middel geplaas is. Die fokusgroepeelneemers, die navorser en die medemoderateur kon sodoende gemaklik oogkontak maak. Die gesigte van die fokusgroepeelneemers is ter beskerming van hul identiteit verdoof.



Tydens die byeenkoms van die twee fokusgroeponderhoude is die verloop van die proses op video- en oudiokassetbande vasgelê met die doel om dit na afloop van die fokusgroepebyeenkomste te transkribeer. Die bande is direk na die fokusgroepebyeenkomste deur die navorser in 'n verbatimformaat getranskribeer met die doel om 'n geskrewe teks, vir gebruik as deel van die narratiewe “leesmetode” wat in die uitvoering van hierdie studie geïmplementeer is, daar te stel.

Die gebruik van video- en oudiobande dien ook as 'n datastoringsmeganisme vir die doeleindes van kwalitatiewe navorsing (Schurink 2004:6). Dit verhoog ook die geloofwaardigheid van die kwalitatiewe navorsingsproses deurdat die videokasset (of CD-rekenaardisket) weer en weer “herlees” kan word ten einde die navorsingsbevindings te kontroleer en/of te staaf (Schurink 2004:2).

Vervolgens word die hoof-, subtemas en konstruksionele datapatrone wat in die studie geïdentifiseer is, bespreek.

### 6.6.2 Hoof-, subtemas en konstruksionele datapatrone

Die omvang van die data wat tydens die data-insamelingsproses ingesamel is, word in Tabel 6.2 aangedui. Die resultaat van die data wat weergegee word, is verkry deur na die video-opnames te kyk, uit gesprekke wat met die medemoderator gevoer is, en die narratiewe lees van die verbatim geskrewe teks. Met die oog op data-ordening word die data in die vorm van hoof-, verbandhoudende subtemas en konstruksionele data-patrone verdeel. Al vyf die deelnemers het bydraes ten opsigte van die verskillende data-elemente gelewer.

**Tabel 6.2 Omvang van die kwalitatiewe data wat ingesamel is**

<b>Hooftemas</b>	<b>Verbandhoudende subtemas</b>	<b>Konstruksionele data-elemente</b>
Getraumatiseerde samelewing	Waar is God? Verval in waardes en norme Reddelose eensaamheid Afwesigheid van rolmodelle	Pyn Moedeloos Soekend
Die rol van die maatskaplike werker in 'n getraumatiseerde samelewing	Soeke na moontlike antwoorde op pyn Soeke na waardestrukture	Empatiese meelewing Onvoorwaardelike aanvaarding Kyk na die kliënt soos Christus Vind aansluiting en aanvaar dat die goeie inherent in elke mens geskape is. 'n Terapeutiese verhouding het tyd nodig om te groei Deel onvoorwaardelik die liefde van Christus met die kliënt
Die invloed van opleiding in Christelike maatskaplike werk	Verskillende metodes Maatskaplikewerkkennis-raamwerke Dogmatiese vraagstukke Verskillende werkswyses Hantering van geloofsvrae Multikulturele benaderings Inter- en intradissiplinêre werkswyses.	Waardes en beginsels Religieuse vrae “Hoe moet dit gedoen word?” Dogma teenoor vrae van die lewe Holistiese benaderings

Die kliënt as die ekspert van sy geestelike verhaal	Epistemologiese keuses van die maatskaplike werker Postmoderne en/of diakonologiese benaderings	Geestelike verhaal Bo verhaal Geloofsverhaal Een verhaal (bo- en geestelike verhaal) Holistiese benadering Verlede, hede en toekoms dimensies Skepping van die mens – wie is die mens
Vereistes waaraan voldoen moet word vir die toetreding tot 'n Christelike beradingspraktyk	Onvoorwaardelike liefde Christelike empatie Nie direkte benadering Nie veroordelende houding Erken die potensiaal van Christus in elke mens	Leef die liefde van Christus teenoor die kliënt. Bind met die diep innerlike van die kliënt Werk onder leiding van die Heilige Gees
Die rol wat die Heilige Gees tydens berading vervul	Geestelike volwassenheid	Hoop in Christus God se beloftes vir die mens
Hantering van die ongelowige kliënt	God se genade geld vir almal	Dra die liefde van Christus oor
Christelike hoop	Eskatologiese toekomsdimensie	Hoop in Christus God se beloftes vir die mens Krag van God
Geskiktheid van 'n narratiewe pastorale benadering in maatskaplike werk	Narratiewe vertrekpunt – onvoorwaardelike aanvaarding Invloed van die probleem op kliënt Invloed wat kliënt op probleem uitoefen Verhoorspanne Terugneemaksie	Vergifnis Hoop Skanse Verlede, hede en toekoms Verhaal moet volledig vertel word

Die verskillende data-elemente soos aangedui in die onderskeie kategorieë (hoof temas, sub-temas en konstruksionele datapatrone) word vervolgens hermeneuties interpretatief bespreek.

Die eerste hoof-, subtema en konstruksionele datapatrone wat bespreek word, is 'n getraumatiseerde samelewing.

## 6.7 Hoof tema: Getraumatiseerde samelewing

In aansluiting by Hoofstuk 1 waarin die voorkoms van die maatskaplike samelewing uit 'n maatskaplikewerkspektief teen 'n agtergrond van negatiwiteit, pessimisme, wanhoop en 'n toenemende verval van Christelike waardesisteme in teenstelling met

positiwiteit, hoop en optimisme geskets word (Vgl. 1.1), beleef die fokusgroeplede die samelewing as getraumatiseerd.

Die fokusgroeplede se maatskaplike konstruksies van ‘n getraumatiseerde samelewing word vervolgens verbatim weergegee:

**Deelnemer D:**

“Dit is ‘n getraumatiseerde samelewing waarin ons lewe, en met getraumatiseerde mense wat op die ou end wonder wat is hulle identiteit”.

**Deelnemer A:**

“Hoekom is ook ‘n vraag wat baie voor te staan kom. As daar pyn is, hoekom, wat is die sin van gebeure asook van myself. Hulle is verward, en mense vra soos jy nou eintlik sê, waar is God en hou hierdie wêreld in beheer?”

**Deelnemer C:**

“Ek dink ‘n verdere aspek wat ons op die tafel kan sit, is gesinne, wat as gevolg hiervan, totaal uitmekaar geskeur word, en dat jy met ‘n geslag jongmense sit wat geen fondament en geen riglyne het nie. Dit is skrikwekkend as ‘n mens daarna kry”.

### **6.7.1 Subtemas voortspruitend uit ‘n getraumatiseerde samelewing**

Verval in waardesisteme lei tot die verdwyning van grense. Buite-egtelike verhoudings is nie meer vreemd of verkeerd nie. Die deelnemers aan die fokusonderhoud huldig die volgende menings in dié verband:

**Deelnemer B:**

*“Ek wil aansluit by deelnemer C want ek vind ook dat die mense het nie meer waardes en norme wat hulle gedrag vir hulle rig nie. Daar is vir my ‘n losheid. Ek dink verder, veral as dit by ons jongmense in die samelewing kom en waar hulle in ‘n werk instap waar daar goeie geld is, hulle die Bybel, as ‘n stel waardes en norme wat hulle rig, vergeet, m.a.w. jy kan maar ‘n “affair” hê, jy kan maar ‘n buite-egtelike verhouding hê, want niks rig my nie, en dit is nogal vir my, hierdie opkomende geslag wat sê ons doen wat ons wil, ons doen wat vir ons gemaklik is. Daar is niks wat my rig nie, en uit die aard van die saak as hulle probleme kry, wat*

*rig hulle dan, daar is nie grense nie, en dit bring vir my baie verwardheid en deurmekaarheid”.*

Die bydrae van deelnemer B verteenwoordig al die ander deelnemers se standpunt rakende die verval in waardesisteme in die samelewing.

’n Verdere subtema voortspuitend uit ’n getraumatiseerde samelewing is die ontkenning van die werklikheid waarin geleef word. Die verteenwoordigende ervarings en beskouings van die fokusgroeplede in hierdie verband lui soos volg:

**Deelnemer A:**

*“Daar is ’n verskeidenheid van wyses, waarop ’n mens probeer om jou situasie of jouself te handhaaf, so is daar ontkenning, of ons probeer maar om goed onder die tafel in te vee of om dit nie regtig in die oë te kyk nie of soek ontvlugting, in aktiwiteit, of gedrag, of substans of raak net eenvoudig reddeloos en alleen en eensaam”.*

**Deelnemer D:**

*“In aansluiting by Deelnemer A is ek van mening dat hulle dink hulle kan maklike oplossings kry om uit hierdie situasies te ontsnap en dis waarom verslawing en buite-egtelike verhoudings as maklike “escapes” uit die situasies voorkom”.*

’n Volgende subtema wat geïdentifiseer kan word, is dat die mens in krisistye hulp soek. Deelnemer D se siening hieroor is verteenwoordigend van dié van die fokusgroeplede:

*“Dit is partykeer hoe die mens eventueel in die praktyk beland wanneer jy regtig nie meer weet, waarnatoe of hoe nou, in die letterlike sin van die woord. Hulp word benodig en die mens is, soekend na iemand wat kan help...*

*Gewoonlik kom die mens by jou uit omdat hy nood het en dit beteken hy wil nie meer wees waar hy is nie. Dit maak dit eintlik ’n baie positiewe geleentheid, waar mens kan werk met hierdie mense en ek dink dit is ’n ongelooflike verantwoordelijkheid as hierdie ou tot by jou gekom het en gekies het om te sê, jy kan my met iets help om iets beter te word. Ek word partykeer so oorweldig. Dit is ’n ongelooflike verantwoordelijkheid wat ’n mens het teenoor hulle wat voor jou sit”.*

**Deelnemer A:**

*“Ja, dit is ‘n geweldige verantwoordelikheid, ek sal net byvoeg by wat gesê is, dat hierdie hele klemverskuiwing van die mens wat sentraal staan, die mens wat verantwoordelikheid neem vir sy lewe, die mens wat argitek is van sy lewe, meebring dat selfs in terapeutiese behandeling waar hy sit met pyn en daar nie meer waardes of norme, of ‘n Hoër gesag bestaan nie, ‘n mens dan self binne ‘n terapeutiese opset, maar versigtig moet wees. Die klem lê in terme van verantwoordelikheid en waarteen meet jy, dat daar meer is as net verantwoordelikheid dat daar ‘n normatiewe basis is en dat ‘n mens deel is van ‘n groter groep en die verantwoordelikheid nie net teenoor jouself is nie, maar ook teenoor mense rondom jou, so daar tree Hoëre beginsels in werking. Dis ‘n probleem wat ek self en seker maar julle ook het, en dit is selfgesentreerdheid in baie opsigte, m.a.w. elke ou vir homself, ons leef vir vandag en ons sal maar môre kyk wat gebeur en dis hierdie goed saam met dinge soos verbrokkeling, onsekerheid. Julle ken dit, die vraag is ‘n mens kan uiteraard nie net passief daarmee handel nie, dit is die realiteit. Dit is die wêreld waarin ons sit, dit is die mens wat in daardie realiteit staan en as terapeut kan jy dan vra wat is jou verantwoordelikheid, wat bied jy aan en wat is jou toetrede tot die situasie, jy weet mens kan dit nie net waarneem nie en erkenning daaraan gee nie, jy moet daarmee handel, daarmee werk”.*

**Die verdwyning van positiewe rolmodelle** is ‘n uitvloeisel van ‘n getraumatiseerde samelewing.

**Deelnemer C** som die navorsingsdeelnemers se opvatting hieroor soos volg op:

*“Ek het nou onlangs in die praktyk te doen gekry met kinders wat dit duidelik uitgestippel het dat hulle nie meer rolmodelle het nie en dit het my aan die dink gesit. Waar kom dit vandaan al hierdie onsekerheid, al die faktore wat ons nou al genoem het hier teenoor mekaar dra dit by dat die ouers van kinders nie meer die rolmodel is vir die kind waarna hulle kan opkyk nie? Die kinders het in baie gevalle nie meer ouers waarna hulle kan opkyk. Hulle moet hulle eie weg vind en ongelukkig is mens altyd geneig tot die negatiewe kant, want as jy nie ‘n rolmodel het nie is jy onseker. Ek dink vir ons wat met hierdie sake werk is dit belangrik dat êrens weer rigting gegee sal moet word. Kinders wil nie praat oor byvoorbeeld die*

*geestelike nie, want dan is hulle nie “cool” nie, die groepsdruk is negatief, so my belewenis is net dat ons in ‘n samelewing is waar rolmodelle ‘n baie klein rol speel, negatiewe rolle ja, maar nie positiewe rolle nie. Ek dink as ek dit so kan uitdruk, as jy die media lees, dis al wat jy sien en hoor, die negatiewe rolmodelle, daar is nie meer positiewe rolmodelle wat na opgekyk kan word en agter wie hulle kan aanleef nie”.*

### **6.7.2 Konstruksionele datapatrone**

Uit die voorafgaande data kom die onderstaande konstruksionele datapatrone herhaaldelik na vore:

Pyn, hartseer en verwardheid

Waarom-vrae betreffende die sin van die lewe

Waar is God en wie hou die wêreld in beheer

Ontvlugting in die misbruik van dwelmmiddels

Die mens raak reddeloos, eensaam, soekend en hulpbehoewend

Die verval van waardes en norme

Die mens beleef dat hy nie meer ‘n fondament het nie

Verval in waarde- en normestrukture

Krisistye word in ‘n vakuum aangepak

‘n Afwesigheid van positiewe rolmodelle

Soek hulp by beraders en dit bring groot verantwoordelikhede vir beraders mee

### **6.7.3 Hermeneutiese interpretasie van ‘n getraumatiseerde samelewing**

In die soeke na antwoorde vir die intense pyn wat deur kliënte ervaar word, wend hulle hulle na maatskaplike werkers en ander hulpverleningsprofessies vir hulp. Kliënte gee as ’t ware hiermee te kenne dat hulle hulp nodig het, en nie langer deel wil wees van die negatiewe maatskaplike omstandighede en die pyn waarin hulle verkeer nie.

Die rol wat maatskaplike werkers in ‘n getraumatiseerde samelewing kan speel, word vervolgens bespreek.

## **6.8 Hooftema: Die rol van die maatskaplike werker in ‘n getraumatiseerde samelewing**

In die onderstaande bespreking word aandag aan die bydraes wat maatskaplike werkers tydens maatskaplikewerkintervensies lewer om die moedeloosheid wat kliënte ervaar te verreken gegee.

### **6.8.1 ‘n Subtema voortspruitend uit die rol van die maatskaplike werker in ‘n getraumatiseerde samelewing**

‘n Verbandhoudende subtema wat na vore kom uit die bespreking van die rol wat die maatskaplike werker kan speel, hou verband met die behoefte aan ‘n pastorale beradingsmodel in maatskaplike werk. **“Hoe moet dit gedoen word en watter invalshoeke moet gebruik word?”**

Die deelnemers se sienings word goed deur die vertellings van **deelnemers A en D** weerspieël:

#### **Deelnemer A :**

*“Die hoe is moeilik en ek dink ‘n mens kan lank praat oor die verskeie invalshoeke en prosesse. Ek sou tog dink dat die eerste beginsel is eintlik empatie. Voor jy kan dink daaraan wat jy wil oordra en wat jy wil bereik, is empatie na my mening die eerste stap. Om werklik begrip te hê vir daardie mens vanuit ‘n Christelike perspektief dit leer ons, het die Heer vir ons, maar sonder empatie, sonder om daardie mens aan te raak en om daardie mens te laat ervaar: ek verstaan nie noodwendig nie, maar ek voel en ek is saam met jou daar, ek dink dit is vir my belangrik. Ek sal graag wil hoor wat julle sê, maar dit is na my mening die eerste stap. Die kliënt moet onvoorwaardelike aanvaarding ervaar“.*

#### **Deelnemer D:**


*“Ek hoor wat jy sê. Ek sal graag wil sê, dat as daai ou wat hier voor jou sit wat nie vreeslik lekker lyk nie, en hy ervaar ek het nie eintlik baie lus vir hom nie, en as ek nie kan regkry om daai ou te sien soos Christus hierdie gebroke mens sien nie, en dat daar is nie ‘n moedswilligheid en nie ‘n “vicious”-heid in hierdie ou se situasie is nie, maar dat daar ‘n baie gebroke, seer mens daarbinne sit en as ek kan uitreik en daai ou se binnekant kan aanraak met onvoorwaardelike liefde en aanvaarding, voel dit altyd vir my*

*dis my eerste hoek wat ek sal by inval, en uit daai onvoorwaardelike liefde en daai aanklank wat die een binnekant met die ander binnekant kry, kom die ander goed vir my vanself. Die onwrikbare geloof van die goedheid binne in 'n mens, niemand wil 'n buite-egtelike verhouding “viciously” hê nie, of niemand wil vanself op “drugs” wees nie, of niemand wil sy vrou aanrand nie, en dit help vir my om te weet dat daar 'n onvoorwaardelike goedheid binne in daai mens deur Christus ingebou is. Die gedrag wat hy wys is nie omdat hy dit wil doen nie, dit is die gevolg van 'n klomp goeters wat verkeerd gegaan het en nie ingebou is nie, of buite hom verkeerd gegaan het. Elke keer as 'n kliënt voor my sit, moet ek weet die mens wil eintlik die regte en die goeie doen, maar dat hy dikwels nie as gevolg van 'n klomp omstandighede in staat is om dit te doen nie”.*

### **6.8.2 Konstruksionele datapatrone in die rol van die maatskaplike werker in 'n getraumatiseerde samelewing**

- Empatiese meeleving
- Onvoorwaardelike aanvaarding
- Kyk na die kliënt soos Christus
- Aanvaar dat die goeie inherent in elke mens ingeskape is – vind daarby aansluiting
- 'n Terapeutiese verhouding het tyd nodig om te groei
- Deel onvoorwaardelik die liefde van Christus met die kliënt

Figuur 6.1 gee 'n samevattende oorsig van die rol wat die epistemologiese keuse by die Christelike maatskaplike werker, in 'n getraumatiseerde samelewing, na aanleiding van die geïdentifiseerde konstruksionele datapatrone tydens die fokusgroepgesprek speel.



**Figuur 6.1 Rolspelende konstruksionele datapatrone by Christelike maatskaplike werkers in ‘n getraumatiseerde samelewing.**

Volgens Figuur 6.1 blyk dit dat die Christelike maatskaplike werker in ‘n getraumatiseerde samelewing uitreik na die mens-in-nood ooreenkomstig sy epistemologiese fundering.

### **6.8.3 Hermeneutiese interpretasie van die maatskaplike werker se rol in ‘n getraumatiseerde samelewing**

Die fokusgroepe deelnemers se mening dat kliënte hul hoop vir hulpverlening op die maatskap-likewerkprofessie vestig, is positief in die opsig dat dit op vertroue in die maatskaplikewerkprofessie dui (Vgl. 6.10). Die besef dat maatskaplike werkers gevra

word om saam met kliënte na moontlike antwoorde vir pynbelaaide verhale te soek, behoort maatskaplike werkers uit eerbied vir die mens-in-nood as skepsel van God, tot nederigheid te stem (Vgl. 2.3). Die rol wat die geestelike dimensie speel, vorm deel van die pynbelaaide verhaal. Die fokusgroeplede beskryf die rol van die geestelike verhaal as die inwerkingtree van “Hoëre beginsels” waaraan maatskaplike werkers aandag moet gee (Vgl. 1.61.1; 3.5.5; 3.5.6).

Volgens die fokusgroeplede bring ‘n benadering waarvolgens aandag aan die verrekening van die geestelike dimensie gegee word ‘n klemverskuiwing in die terapeutiese situasie na vore. Dit kan nie geïgnoreer word nie omdat kliënte dit as deel van die pyn wat hulle ervaar op die tafel plaas. Van maatskaplike werkers word verwag om daarop te reageer of om daarmee te handel en as gevolg van ‘n klaarblyklike leemte in maatskaplike werk se teoretiese kennisraamwerk oor die verrekening van die geestelike dimensie, weet hulle tans nie hoe om dit te doen nie (Vgl. 3.2; 3.3; 3.3.4.4).

Uit die voorgaande literatuurhoofstukke blyk dat die praktykwaarnemings van die fokusgroep-lede as dienslewerende maatskaplike werkers in Suid-Afrika met dié van hul buitelandse eweknieë ooreenstem vir sover dit oor die behoefte aan aandag vir die verrekening van die geestelike dimensie gaan. Christelike maatskaplike werkers begin toenemend besef dat die mens se gedragswyses met betrekking tot alternatiewe leefstyle gerig word deur die keuses wat hul na aanleiding van voorkeur lewens- en wêreldperspektiewe maak en dat dit nie langer tydens maatskaplikewerkintervensies onaangeraak verby kan gaan nie (Vgl. 1.1.3; 3.3.4).

Vervolgens word die invloed van opleiding in Christelike maatskaplike werk bespreek.

## **6.9 Hooftema: Die invloed van opleiding in Christelike maatskaplike werk en die hantering van godsdienstige dimensies**

Die deelnemers aan die fokusgroeponderhoud het spontaan oor die invloed van die opleiding wat hulle in maatskaplike werk, rakende die hantering van die godsdienstige dimensie ontvang het, begin gesels.

Die fokusgroeplede verduidelik vervolgens die rol wat hul opleiding in maatskaplike werk speel in die hantering van godsdienstige dimensies.

**Deelnemer A:**

*“Realiteit is ook, daar is hoop en daar is sin en dit is wat die mens voor jou nie het nie, en nie ervaar nie en die realiteit is ook, daar is ‘n antwoord, en as Christenberader is dit wat inherent aan elke mens behoort gestel te word, wie is ek en hoekom is ek hier, en waarnatoe gaan ek, en, en, en ... . Daar is ‘n besef en ‘n wete, want dit is waaroor dit gaan en wat jy aan die mens wil oorbring want dit is sy nood, maar dit is net belangrik dat mens ook die mens moet kans gee om homself aan jou te openbaar en om aan jou aan te bied, want jy kan nie, jy sit met ‘n gevolg, met ‘n resultaat, hoekom is hy hier vandag, dit kom oor maande, dit kom oor jare, dit kom oor ‘n lewe, mens kan nie net instap en sê, nee ons skuif nou oor na ‘n ander baan toe nie, jy moet ook deurwerk ongedaan maak, voordat jy kan rangeer, en eintlik die antwoord te kry, deels hier in myself met die leiding van ‘n terapeut en ook insigte wat uit myself uitkom wat dan gefundeer is op vaste en basiese beginsels, en norme wat daardie mense voorheen nie gehad het nie...*

*Dit is dieselfde in die skole, daar mag geen godsdiens vooropgestel word nie, maar my teenargument is, ek het nie ‘n probleem met jy mag jouself nie aanbied nie, maar aan die einde van die dag of die stelling wat ek wil maak is, sit elke mens voor jou met sekere vrae en sekere behoeftes, en as jy, kliënt of pasiënt of hoe jy dit wil sien, ‘n behoefte het aan Christelike begeleiding, waarom mag ek hom dan nie akkommodeer nie?. Dit is sy behoefte en ek dwing myself nie aan hom op nie... As jou kliënt in jou as terapeut vrede en kalmte waarneem of dat daar ‘n sekerheid in jou is, dink julle nie dit sal ook die kliënt prikkel om te vra waarom dit so is nie en as hy daarna vra, kan jy dit sekerlik verduidelik. Maar jy is reg as jy sê dat dogma is verkeerd”.*

**Deelnemer B:**

*“Ek wil amper sê, toe ons begin het as maatskaplike werkers, was dit nogal, jy mag nie godsdiens inbring nie, ek meen dit is soos ons geleer het, en ek dink daardie dae is verby, jy sal nooit godsdiens op ‘n kliënt afdruk nie. Maar ek dink wanneer jy deur al jou stadiums van aanvaarding en empatie gaan, en jy begin werk volgens jou model, dink ek dis net reg teenoor die kliënt, waar dit nie vroeër so was nie. Om vir*

*hom die holistiese te gee, kan jy nie net fokus op die probleem en sy omstandighede nie, hy het 'n geestelike sy ook en waar staan hy in die geestelike sy, jy hoef nie noodwendig te probeer om hom tot bekering te bring nie, maar om die goed vir hom in perspektief te sit, om hom aan die dink te sit en te laat beseef, ek is 'n totale mens en daarom is die geestelike ook daar, maar ek dink dit is voorheen, nooit aangespreek nie, en is baie in die proses verloor. As ek ook nou dink aan Marijeng se huweliksmodel, waar sy stap vir stap gaan, en waar sy praat van kamers, wat jy deurgaans en dan kom jy ook by jou geestelike kamer en watter invloed dit op jou totale lewe het, dink ek dis waar 'n ou as ek aan terapie dink, jou perspektief anders is, as jare terug. Ek dink dat die tyd en die samelewing is op so 'n punt dat dit tyd is dat die geestelike ingebring moet word want dit is die realiteit - jy is 'n totaliteit... Ons het ook geleer, jy bring nooit jou eie opinie in nie, ek het nie 'n probleem daarmee nie, aan die einde van die dag is dit ons elkeen se behoefte en betekenis om waarde en om geluk te ervaar. As daar 'n antwoord is, dan dwing ek nie my siening op jou af nie, ek bevredig jou behoefte en ek help dat jy 'n dieper betekenis kry”.*

**Navorsers:** Daar is nou twee interessante opmerkings wat julle nou beide gemaak het, Deelnemer B het aan opleidingsinstansie B gestudeer, en Deelnemers A en D, E het aan opleidingsinstansie A gestudeer, die navorsers en deelnemer C het aan opleidingsinstansie C gestudeer. Miskien kan Deelnemer C vir julle verduidelik, wat is die raamwerk waarvolgens ons aan die betrokke opleidingsinstansie gestudeer het.

**Deelnemer C:**

*“'n Christelike raamwerk wat al hierdie vrae antwoord, van wie is ek en dan waarheen is ek op pad. Dit is ook die teorie of die invalshoek waaruit ons gestudeer het, juis dit het vir ons as studente te opleidingsinstansie C geleer dat jy as terapeut nie kan loskom van dit wat jy glo nie. As jy 'n Christen is dan dra jy dit in jou terapie ook oor, maar nou sluit ek by jou aan, jy moet jou losmaak in jou terapeutiese situasie en geen godsdiens bybring nie, maar jy kan nie anders as om hierdie religieuse vrae by te bring in jou terapie nie, want dis tog waarheen jy met 'n persoon op pad is, om hom te laat ontdek wie is hy, waar kom hy vandaan, en waar is hy nou en waarheen gaan hy in die toekoms. Uit 'n Christelike benadering is baie klem daarop gelê maar die praktyk maak dit moeilik om dit te integreer. Ek dink*

*miskien, kan ek met eerlikheid sê, daar is nie altyd metodes waarvan jy kan gebruik maak om jou te help om juis dit waarin jy glo, as terapeut te kan oordra nie”.*

**Deelnemer A:**

*“Ek wil by jou aansluit, as ‘n mens dogma in terapie sou inbring, dan is dit problematies en persoonlik het ek dit na ‘n klompie jare, begin agterkom, maar dis eintlik wat ons geleer het in ons studies. Moenie dogma inbring nie, maar daar is religieuse vrae wat tog deel van terapie vorm, en dis vrae soos, wie is ek en waarheen is ek op pad. Dit kom in alle godsdienste na vore. Jy kan nie dit ignoreer as ‘n terapeut nie. Jy kan dogma maar uitskakel en jy kan die vrae van die lewe antwoord as deel van jou oplossing om ‘n heelmaakproses te vorm. Dit is wat ek glo, en as ek dit nie kan doen nie, hoe moet ek ‘n terapeut wees, want ek doen terapie uit my Christelike verwysingsraamwerk oor hoe ek glo en wat ek glo, anders het ek nie hoop om sukses te bereik nie...*

*Ek wil net ook iets sê, ek dink dit is die volste reg van ‘n terapeut om teenoor sy kliënt of die mense met wie hy ‘n pad stap te kan sê, dit is wat ek glo, as jy nie kans sien dat ek saam met jou die pad stap nie, is dit jou keuse om dan liewers ‘n ander terapeut te kies om saam met jou die pad te stap. Jy kan nooit vir ‘n terapeut sê hy mag nie volgens sy Christelike raamwerk leef nie. Dit bly die kliënt se keuse, vind hy aanklank of vind hy baat by die pad wat ek met hom stap. Kinders is so bietjie anders maar ook nie heeltemal nie, met kinders het jy ook ‘n opvoedingsproses wat daarmee gepaard gaan en hulle is ook meer beïnvloedbaar en jy moet versigtig wees, hoe jy hulle benader om nie uiteindelik ‘n kind in sy vormingsjare in ‘n blik te probeer druk met terapie, sodat hy kan wees soos jy wil hê hy moet wees nie, maar dat hy kan wees wie hy is en hoe hy geskep is. Jy moet help om die stukkendheid heel te maak...*

*Wanneer jy met individuele terapie besig is, het jy dalk die geleentheid om dit te kan doen, maar as jy groepterapie doen, dan is dit moeilik, want jy sit met ‘n verskeidenheid van mense binne een groep. Uit ‘n Christelike benadering is die pad waarheen jy op pad is, presies dieselfde. Ek dink daar is ‘n problematiek met metodiek, “hoe” kom ‘n mens uit by dit wat gedoen moet word”.*

**Deelnemer E:**

*“Ek dink dit hang ook af van waar ‘n mens werk, watter organisasie mens voor werk, ek het vir die staat gewerk en hulle sê jy verkondig nie godsdiens nie, alhoewel jy ‘n*

*Christen is en jy sit oorkant hierdie kliënt, ek kan dink dit kan anders wees as wat jy vir 'n kerkorganisasie werk, waar die benadering heeltemal anders is, maar die staat is baie klinies”.*

### **6.9.1 Subtemas**

Verbandhoudende subtemas wat uit die voorgaande bespreking geïdentifiseer word, word soos volg deur deelnemers A, B en C vertolk:

#### **Deelnemer A:**

*“Soms vind ek dat daardie verhaal somer vinnig op die tafel geplaas word, ek is baie kwaad want die Here het dit aan my gedoen, die Here is nie meer lief vir my nie. Dit is eintlik die Here se skuld dat my kind of my man dood is of watter ramp my ookal getref het. Dit is 'n baie skewe verhouding met die Here en dat daardie verhouding word soms vreeslik vinnig op die tafel gesit as die sondebok, dis nou die rede, dis hoekom ek hier sit, maar meerendeels is dit iets wat nie so maklik gebeur nie. Skuldgevoelens, skaamte, onvermoëns, vrees, ek weet nie eintlik wat die rede is nie, want wat gaan jy nou vir my sê as ek vir jou sê hoe ek geestelik voel”.*

#### **Navorsers merk op:**

“Deelnemer A het nou 'n paar baie groot goed gesê, as hy praat van skuldgevoelens en ek is kwaad vir God en ek hou hom verantwoordelik vir wat met my gebeur het, dink julle ons as maatskaplike werkers het voldoende opleiding om op 'n geeslike vlak hierdie aspekte met 'n kliënt deur te gaan, dis een kant en aan die ander kant, het ons spesiale opleiding nodig om dit te kan hanteer?”

#### **Deelnemer B:**

*“Kyk, ek wil nou dadelik vir jou sê, nee ons het nie die nodige opleiding daarvoor nie, by die opleidingsinstansie (B) waar ek studeer het word dit nie aangeraak in jou studies nie, dit hang absoluut af van jou eie geestelike sy en situasie, van waar jy is, hoe belangrik is dit vir jou, hoe beleef jy dit en hoe jy dit kan uitleef. Ek dink ook nie ons is ten volle toegerus in die maatskaplike beroep om dit te kan doen nie, ek dink nie dit ontbreek aan die wil om dit doen nie, maar die hoe, ontbreek”.*

**Deelnemer C:**


*“Ons het nou baie oor die hoe gepraat. Hoe bring jy, dit wat jy glo en as jy met iemand ‘n pad saamstap wat jy weet, as jy na die skeppingsverhaal gaan kyk, dat dit die uiteinde is waar heengegaan word. Hoe bring jy dit na vore? Ek dink dit is waar die gebrek aan ons toerusting as maatskaplike werksters dalk lê, ons moet meer toegerus word om dit te kan doen. Omstandighede en situasies het ook verander. Ek dink terug aan die tyd toe ons studeer het en waar ons nou in die praktyk staan, het ons ook in die praktyk, goed bygeleer. Maar, jy kom telkens terug na die posisie toe, dat jy vra, is daar nie erêns ‘n metodiek, wat jy hierdie saak op ‘n beter of meer effektiewe manier kan hanteer nie...*

*Ek dink nogal in my wêreld waarin ek leef, is dit nogal die vraag wat op al die maatskaplike werkers se lippe is, help ons net, die nood word al groter, hierdie verhale wat vertel word, kom by ‘n punt waar ons nie verder die geestelike blokkasies kan hanteer nie”.*

**6.9.2 Konstruksionele datapatrone voortspruitend uit die gesprek oor opleiding in Christelike maatskaplike werk en die hantering van godsdienstige dimensies**

- Waardes en beginsels
- Religieuse vrae
- “Hoe moet dit gedoen word”
- Dogma teenoor vrae van die lewe
- Holistiese benaderings
- Geestelike dimensie
- Verskillende metodes in maatskaplike werk
- Die rol wat maatskaplikewerkkennisraamwerke behoort te vervul
- Dogmatiese vraagstukke teenoor die uitlewing van Christelike liefde
- Verskillende werkswyses by kerkorganisasies en staatsdepartemente
- Hantering van geloofsvrae by die kind
- Multikulturele benaderings
- Inter- en intradissiplinêre werkswyses

In Figuur 6.2 word 'n samevattende oorsig gegee, gebaseer op die konstruksionele datapatrone wat tydens die fokusgroepgesprek na vore gekom het rakende die rol wat opleiding in Christelike maatskaplike werk ten opsigte van die godsdienstige dimensie speel.



**Figuur 6.2 Die rol van 'n Christelike epistemologiese keuse in maatskaplike-werkopleiding**

Ooreenkomstig Figuur 6.2 blyk dit dat maatskaplike werkers wat 'n Christelike epistemologie voorstaan, 'n behoefte daaraan het om uit 'n holistiese benadering tot die leefwêreld van die mens-in-nood toe te tree. Dit weerspieël ook duidelik dat die maatskaplike werker se lewens- en wêreldbeskouing nie van sy wetenskapsbeskouing losgemaak kan word nie.

### **6.9.3 Hermeneuties interpretatiewe bespreking van die hooftema: opleiding in Christelike maatskaplike werk en die hantering van godsdienstige dimensies**

Die fokusgroeplede is van mening dat die huidige getraumatiseerde samelewing 'n sambreelbegrip vorm vir die tyd waarin tans geleef word. Dit stel nuwe eise aan die maatskaplikewerkprofessie. Maatskaplike werkers beskik oor onvoldoende teoretiese kennis om aansluiting by die geestelike dimensie van die mens-in-nood te vind. Die fokusgroeplede verteenwoordig drie groot maatskaplikewerkopleidingsinstansies (Vgl. Tabel 6.1). Daar is eenstemmigheid onder die fokusgroeplede dat die rol wat godsdienste en die verrekening van die geestelike dimensie speel, nie deel van hul basiese maatskaplikewerkopleiding gevorm het nie.

Die opleidingsbehoefte van maatskaplike werkers aan die hand van breë teoretiese kennisraamwerke is reeds bespreek (Vgl. 3.2; Figuur 3.2). Hieruit blyk dat die maatskaplikewerkprofessie oorspronklik uit 'n behoefte tot die lewering van naastediens ontstaan het. Die behoefte tot dienslewering het vir Christene met 'n goddelike roeping en die verkondiging van hoop gepaard gegaan. Met die verwetenskapliking van die professie is algaande van die oorspronklike goddelike roepingsbewustheid en Bybelse waardes en norme as funderingsprinsipes wegbeweeg. In die proses het maatskaplike werkers geleer dat godsdienstige aangeleenthede nie deel van die werksterrein van die maatskaplike werker vorm nie (Vgl. 3.1). Christelike maatskaplike werkers beleef egter tans 'n behoefte om opnuut erkenning aan Christelike beginsels en die gebruik daarvan in maatskaplikewerkberading te verleen (Vgl. 3.3.4). Die geldende nasionale kwalifikasieraamwerk vir maatskaplike werk in Suid-Afrika akkommodeer hierdie behoefte deur voorsiening vir die insluiting van holistiese benaderings en religieuse studies in die kurrikulum van maatskaplike werk te maak (Vgl 3.2.).

Die volgende beginsels word deur die fokusgroeplede geïdentifiseer:

Christelike empatie soos wat die Here dit teenoor die mens in die gestalte van aanvaarding en onvoorwaardelike liefde geopenbaar het. Onvoorwaardelike liefde impliseer dat die kliënt gesien word soos wat Christus hom sien, hy moet geensins 'n

gevoel van verwerping ervaar nie. Aansluiting moet by die diepste pyn en hartseer wat die kliënt binne-in hom/haar ervaar, gevind word (Vgl. 4.4.3; 5.2).

Die rol van Christelike waardes in terapie. Hierdie invalshoek het tot gevolg dat die liefde van Christus wat binne-in beide maatskaplike werker en kliënt aangetref word as 't ware tot 'n binding met mekaar, in Christus lei. Hierdie benadering skep ruimte vir die kliënt om makliker oor die pynvolle episodes in sy lewensverhaal te praat (Vgl. 4.3.1.5).

'n Nie-direktiewe benadering. Deur hierdie benadering bied die maatskaplike werker ruimte aan die kliënt om self met sy verhaal na vore te kom teenoor 'n direktiewe benadering waar die kliënt se gevoelens aan dié van 'n terapeut ondergeskik gestel word (Vgl. 3.3).

Tyd. Die ontwikkeling van 'n sinvolle terapeutiese verhouding benodig tyd (Vgl. 3.5.6.3).

Nie-veroordelende houding. 'n Terapeut moet verkieslik 'n akkommoderende-empatiëse liefdegedrewe houding inneem (Vgl. 4.3.7; 5.2 ).

Verleen erkenning aan die potensiaal waarmee Christus die mens geskep het. Kliënte moet benader word met die onwrikbare geloof dat daar 'n ingeskape goedheid in die mens bestaan en dat die mens eintlik die regte en goeie wil doen. Sy hartseer en pyn is waarskynlik die resultaat van faktore wat buite om hom/haar verkeerd gegaan het. In der waarheid bring dit ook mee dat die einddoelwit wat met die terapeutiese sessies beoog word, 'n diepere eindresultaat impliseer (Vgl. 2.3.3).

Gestruktureerde stilte. Die benutting van gestruktureerde stiltes met die doel om die kliënt as 't ware tyd te gee vir geestelike nadenke oor die verskil tussen sy bo-verhaal en sy geestelike verhaal, kan baie tot die verdieping in die verhouding tussen berader en kliënt bydra.

Die voorgaande temas, hou verband met die aanvangsfase van 'n terapeutiese gesprek ooreenkomstig beradingsvereistes waarin 'n diakonologiese epistemologie

erken word (Vgl 4.4). 'n Duidelike ooreenkoms tussen die literatuur- en praktykbevindings kan waargeneem word met betrekking tot al die beginsels wat deur die fokusgroeplede aangehaal is.

Daar kan egter ook geargumenteer word dat 'n bewuste beleving van Christelike liefde vir die mens-in-nood slegs een kant van 'n munt verteenwoordig. Die anderkant van die munt kan beskou word as 'n terapeutiese benadering waarvolgens Christelike beginsels as't ware gekommunikeer kan word. Die fokusgroeplede kom telkens doelgerig terug na die noodsaak van 'n kommunikasie-benadering waarvolgens die geestelike dimensie as 'n integrale deel van die aangebode maatskaplikewerkproblematiek bespreek behoort te word. Vrae na "hoe" die geestelike dimensie in die maatskaplikewerkprofessie benader moet word, word wêreldwyd gehoor (Vgl. 1.1; 3.4; 4.1).

Uit 'n verkenning van die domein van pastorale terapie blyk dat pastorale terapie meer as net 'n Christelike benadering verteenwoordig. Dit is 'n toestand van heling, verandering en groei as uitvloeisel van die kommunikasie van die evangelie. Dit verteenwoordig die helende dimensie van herstel en groei wat sy oorsprong in die gees van die mens het. In samehang met die hoop wat die Christelike geloof bied kan pastorale terapie omskryf word as "promissioterapie: die transformerende effek van die vervulde heilsbeloftes in Christus wat deur die Heilige Gees die toekoms ontsluit en hoop wek" (Louw 1999: 28; Vgl. 3.5).

Die identifisering van die klemverskil tussen maatskaplike werk en pastorale terapie: In maatskaplike werk word van Christelike beginsels gebruik gemaak om die mens-in-nood aanvaarding te laat beleef teenoor pastorale terapie waar die heilsboodskap op 'n doelbewuste manier met die mens-in-nood gekommunikeer word. Die doel om religieuse vrae voortspruitend uit die geestelike dimensie te verreken, dui waarskynlik op die leerbehoefte van maatskaplike werkers aan 'n benadering om Christelike beginsels verder te voer deur middel van die aktiewe kommunisering van die heilsboodskap aan die kliënt wat uitloop op promissioterapie.

Die fokusgroeplede verwys telkens na aspekte soos: bitterheid, vergifnis, kwaad vir God en vrae betreffende waarom God sekere dinge toelaat. Op 'n vraag deur die

navorsers of die groeplede van mening is dat maatskaplike werkers oor voldoende teoretiese vakkennis beskik om vrae van hierdie aard te hanteer, was die antwoord *nee*. Die fokusgroeplede huldig eenparig die mening dat aanvullende opleiding vir dié doel benodig word (Vgl. 3.3.4.4).

Uit die voorafgaande blyk dat wanneer maatskaplike werkers volgens interdisiplinêre metodes deur die gebruikmaking van teologiese basisteorieë aansluiting by die verrekening van die geestelike dimensie wil vind, toepaslike aanvullende opleiding nodig is (Vgl. 3.6.3.1).

## **6.10 Hoofitema: Die kliënt as ekspert van sy geestelike en bo-verhaal**

‘n Tweeledige vraag ontstaan onder die fokusgroeplede deelnemers naamlik: Eerstens of alle kliënte oor geestelike verhale beskik en tweedens, of die kliënt as die *ekspert* van sy geestelike verhaal beskou kan word.

Die fokusgroeplede deelnemers se menings betreffende die geestelike verhaal van die kliënt en die kliënt as *ekspert* van sy eie geestelike verhaal, blyk uit die volgende grepe uit die fokusgroepe:

### **Deelnemer D:**

*“Ken hy dit regtig die beste?”*

### **Deelnemer A:**

*“Hy ken die realiteit van dit wat sy lewe is of was, hy weet wat gebeur het. Hy verstaan en het miskien nie insig, in die hoekoms en waaroms in die dinamika nie. Maar daardie persoon voor jou kan tog vir jou sê, dit is waarvan ek vandaan kom en dit is wat met my gebeur het, die terapeut kan dinamika daar sien van hoekom en waarom, want aan die einde van die dag, dit is my lewe, dit is my ouers wat geskei is, dit is ek wat in ‘n weeshuis grootgeword het, dit is ek wat gemolesteer is, dit is ek wat met niemand oor hierdie goed kan praat nie. Dis ek wat teleurgesteld is, wat pyn ervaar, of so en ek dink ek is heeltemal in ooreenstemming dat die dieper vlakke en die hoekoms en waaroms en die goeters. Dis waarom ons almal studeer het om hopelik ‘n klein insiggie daarin te kry. Die realiteit van dit wat hier om my is, is jou kliënt die beste persoon om dit met jou te kan deel, want hy is daar, hy is in sy omstandigheid, hy weet hoe dit voel. Hy weet wat het gebeur. Jy*

*moet dit kan akkommodeer en verder neem met dieper betekenis en dimensies, hy ken sy verhaal die beste. Dit is vir hom sy verhaal. Dit is hoekom hy hier sit, en as terapeut besef jy daar is ander vlakke, daar is ander dimensies, daar is ander dinamika, maar hy is jou kliënt. Ek is net 'n mens, dis my lewe, dis wat ek doen, en dis wat ek ervaar en dis wat ek voel en dis wat my gebring het tot hiertoe waar ek is en dit is wat maak dat ek kom hulp soek het by jou as kundige om vir my te help”.*

*“Ek dink 'n mens kan amper sê dat, ongeag watter spesifieke situasie of spesifieke omstandigheid of spesifieke rede, sit elkeen van ons, elke dag waar mense of 'n mens voor jou sit, in 'n doodloopstraat, want as ek nie in 'n doodloopstraat gestaan het nie, was ek nie hier, en as daar vir my nou nog ander opsies was, dan was ek nie nou hier nie, so ek het die einde van my pad bereik. Ek dink die vraag was net van die navorser se kant af, nou wie is die ekspert oor my pad en ek wil dan graag sê, my kliënt is. Ek kan inkom met verduidelikings en verstaan en hoekom maar hy is die ekspert, en wat van hieraf vorentoe gaan gebeur, daaroor kan ons gesels. Daar kom my rol as terapeut in, maar nog steeds, die kliënt weet hy is die ou wat sy omstandighede, sy verhaal, die beste ken”.*

#### **Deelnemer D:**

*“Ons sal kan dink ons skep 'n vertrouensverhouding vanuit ons liefde as Christene vir die kliënt, hy voel veilig, hy kom daar as die ekspert met sy verhaal ons moet nou verder dink: maar hoe sal ons hom kry om hierdie verhaal met ons te deel, dan die bo-verhaal, maar kom ons sê dan nou maar die Christelike onder verhaal wat die moeiliker deel is om te vertel, baie maal miskien uit skaamheid of miskien omdat jy 'n skuldgevoel het teenoor die Here, bring jy dit nie so maklik na die tafel toe nie, en 'n mens moet eintlik by die punt kom dat jy hierdie twee verhale saam vertel om te sien watter invloed het die een op die ander in die werklike lewe, want dit is in der waarheid nie twee verhale nie, dit moet dieselfde verhaal wees. Hoe sal ons daarvoor redeneer?”*

#### **6.10.1 Subtemas**

- **Kliënt as die ekspert van sy verhaal:** Ooreenkomstig 'n Bybelse benadering aanvaar al die deelnemers dat dit wat die kliënt vertel, gedekonstrueer word om in ooreenstemming met Bybelse waardes te wees. Nie een van die deelnemers bevraagteken die rol wat Bybelse waardes in die gerigtheid van menslike gedrag speel

nie, teenoor 'n postmodernistiese uitgangspunt waar dit wat in taal uitgedruk word as die waarheid beleef word en die bestaan van een sentrale norm van waarheid nie erken word nie.


- **Die rol wat 'n Christelike epistemologiese keuse** in die maatskaplikewerkpraktyk speel, word ook deur hierdie bydraes beklemtoon.

- **Beskik die maatskaplike werker oor voldoende teoretiese vakkennis** om byvoorbeeld vrae betreffende die toelatinge wil van God te antwoord, indien kliënte meer daarvoor wil weet.

### 6.10.2 Konstruksionele datapatrone

- Geestelike verhaal
- Bo-verhaal
- Geloofsverhaal
- Een verhaal (bo- en geestelike verhaal)
- Holistiese benadering
- Verlede, hede en toekomsdimensies
- Skepping van die mens – wie is die mens?

Figuur 6.3 gee 'n samevattende oorsig van die voorkoms van konstruksionele datapatrone tydens die bespreking van kliënt as *ekspert* van sy geestelike verhaal.



**Figuur 6.3 Die kliënt as ekspert van sy geestelike verhaal.**

Ooreenkomstig Figuur 6.3 blyk dit dat die kliënt as die ekspert van sy geestelike verhaal gesien kan word, omdat hy sy verhaal die beste ken.

### **6.10.3 Hermeneuties interpretatiewe bespreking van die hooftema “geestelike verhaal”**

Na aanleiding van narratief-terapeutiese beginsels word gestel dat ‘n kliënt die *ekspert* van sy lewensverhaal is (Vgl. 4.3.6). Die vraag ontstaan egter of aanvaar kan word dat die kliënt of die mens ook oor ekspertkennis van sy geestelike verhaal beskik. In die soeke na ‘n antwoord op hierdie vraag, ontstaan ‘n aanverwante vraag, naamlik: “Beskik alle mense oor geestelike verhale?”.

Laasgenoemde vraag word eerstens bespreek. Die fokusgroeplede is van mening dat die mens as 'n psigosomatiese wese en as deel van God se skepping oor geestesverhale beskik. Verder word geredeneer dat alle mense nie Christene is nie en nie in God glo nie, maar wel in die bestaan van 'n "krag" groter as hulself. Van die vroegste tye reeds is filosowe besig om hierdie aspek te verken. In hoofstuk 2 word aandag gegee aan die antropologiese oorsprong van die mens (Vgl. 2.1). Die slotsom waartoe gekom word (Vgl. 2.2) is dat alle mense, ook die ongelowige, oor 'n geestelike dimensie beskik. Die liefdevolle hantering van 'n kliënt deur 'n Christelike terapeut kan bydra tot 'n lewensveranderende keuse, waarvolgens die Christelike geloof aanvaar kan word (Vgl. 2.3.1).

Met die wete dat alle mense oor geestelike verhale beskik redeneer die fokusgroeplede dat die mens as sodanig as die *ekspert* van sy geestesverhaal beskou kan word. Hy weet waarin of wat hy glo. Hy ken sy sonde. Hy ken sy ongeloof maar ook sy geloof. Hy weet waaroor hy bitterheid beleef en vir wie hy kwaad is en waarom hy nie tot vergifnis oor sekere sake kan kom nie. Hy weet watter verhale in 'n geestelike sin onvoltooid is. Dié argumentering sluit by die narratief-terapeutiese beginsel aan waarvolgens in die uiteensetting van die storie, betekenis aan die kognitiewe dimensie gegee word. Hiervolgens kan die mens morele keuses maak en hy kan die impak daarvan op sy lewensverhaal verreken (Vgl. 4.3.4.1; 4.3.6).

Volgens die navorsingsdeelnemers is daar tans 'n bewustheid dat 'n holistiese benadering benodig word. Met die begrip "holistiese" verwys die fokusgroeplede na al die syndimensies van die mens: die fisiese, die psigiese en die geestelike. Die veronderstelling is nie dat maatskaplike werkers voortaan moet poog om mense te bekeer nie, maar om aansluiting by die rol wat die geestelike dimensie as 'n geloofsversterkende prinsipe vervul te vind (Vgl. 2.3). Die fokusgroeplede is verder van mening dat ten einde die geestelike dimensie te kan verreken, kennis ten opsigte van die volgende aspekte benodig word:

#### Mensbeskouings

Die mens geskape na die beeld van God

Skeppingsverhaal

Filosofiese denke soos: “Wie is ek?”, “Waar kom ek vandaan?”, en “Waar gaan ek heen?”.

Die verlede, hede en toekoms van die mens

Die oordrag van Christelike hoop

Die belangrikheid van die rol wat mensbeskouings, die geskiedenis van die mens na die beeld van God, die skeppingsverhaal, filosofiese denke soos: “Wie is ek?”, “Waar kom ek vandaan?”, en “Waar gaan ek heen?” asook die tydspanne van verlede, hede en toekoms speel, word in Hoofstuk 2 beklemtoon. Die behoefte van die fokusgroeplede aan meerdere kennis rakende ‘n teologiese antropologiese fundering, dui die noodsaak van ‘n eenvormige verstaan van die oorsprong van die mens aan (Vgl. 2.1; 2.2; 2.3; 2.4).

Die behoefte aan ‘n wetenskaplik verantwoordbare metodiek waarvolgens aandag aan die verrekening van die geestelike dimensie gegee kan word, word telkens deur die fokusgroeplede na vore gebring in opmerkings soos: *Hoe moet maatskaplike werkers aansluiting vind by die Hoëre beginsels, waardes en normatiewe raamwerke waarvolgens kliënte leef?* Die navorsings-deelnemers is dit eens dat maatskaplike werkers nie oor voldoende wetenskaplike kennis van hierdie aspekte beskik nie. In die verrekening hiervan in die praktyk word op eie praktykervaring en persoonlike geloofsvolwassenheid staatgemaak. Hierdie soeke na ‘n geskikte metodiek waarvolgens die geestelike dimensie verreken kan word, word ook in die literatuurhoofstukke teëgekem (Vgl. 3.3.4.4).

Voorts word aandag aan die rol wat die Heilige Gees in berading speel, gegee.

### **6.11 Hoofstema: Die rol wat die Heilige Gees in Christelike berading vervul**

Die fokusgroeplede is van mening dat ooreenkomstig ‘n Christelike epistemologiese benadering ‘n bewuste teenwoordigheid van die Heilige Gees ervaar word en wanneer na die kliënt se storie geluister word, dit met spesiale sensitiwiteit gepaard moet gaan sodat in ooreenstemming met die leiding van die Heilige Gees, gehandel kan word.

**Deelnemer B:**

*“Dit glo ek met my hele hart. Daar is nie ‘n manier wat ek kan terapie doen as ek dit nie in afhanklikheid van die Here doen nie. Om met mense ‘n gesprek te hê of dit die eerste keer of die tiende keer is wat hulle voor my sit, ek moet ‘n geestelike aanvoeling hê, al het ek al die professionele vaardighede, kan ek sonder ‘n geestelike bewustheid nie in die mens voor my iets kry wat aanklank vind waardeur ‘n mens kan verder beweeg as ek nie geestelik met hom bind nie. So in my eie terapeutiese situasies is ek ongelooflik afhanklik van die Gees van die Here wat my sal lei en sensitief maak en wat die krag gee, want as ons kyk wat is die Heilige Gees, is dit eintlik alles wat God het, wat binne-in my is. Dit gee my terselfdertyd ‘n ongelooflike gevoel, ek is okay eintlik met hierdie verantwoordelikheid want ek sit nie net met my eie vermoëns en met my eie krag daar nie, as hierdie dikbek kliënte voor my sit en hulle wil nie praat nie en hulle mompel so deurmekaar, en jy weet jy moet uitreik na hierdie mense, bid ek dat hulle sal begin oopmaak, en weet ek daar is nie ‘n manier wat ek dit kan doen as die Gees van God nie deur my werk nie, maar dis omdat ek uit ‘n gelowige perspektief daarna kyk”.*

**Deelnemer A:**

*“Ek stem 100% daarmee saam, en dit vind aansluiting by wat ek vroeër gesê het: die terapie waarby ek betrokke is of wat ek beskikbaar stel aan iemand anders is vanuit daardie geloofsperspektief, anders gaan ek dit nie maak nie. Want as ek nie weet wie ek is as terapeut nie en waar my krag lê nie of waarheen ek op pad is nie, gaan ek dit nie in my terapeutiese situasie maak nie. Dis wat ek glo, dit is waar ‘n Christenterapeut se sterkte lê. As ‘n mens rustig is en vrede ervaar en weet waar dit vandaan kom al word dit nie in dieselfde woorde aan die mense wat voor jou sit oorgedra nie, moet jy uiteindelik by die geestelike verhaal kan uitkom want anders het jy nie gedoen wat jy veronderstel was om te doen nie”.*

**Deelnemer C:**

*“Baie keer gebeur dit dat daar mense voor jou sit en as jy na hulle storie luister wonder jy wat is die invalshoek van hierdie spesifieke storie. Dis dan wat ek bewus is van daardie sensitiewe luister binne-in my vir leiding van die Heilige Gees. Ons het ‘n klomp tegniese vaardighede aangeleer wat baie keer glad nie aanklank vind by wat besig is om te gebeur nie”.*

**Deelnemer D:**

*“Dit het al gebeur dat ek tydens ‘n terapeutiese sessie begin wonder wat se stukkies hoop kan ek vir my kliënt gee as hy vandag hier uitloop sodat hy net kan ervaar en voel iewers gaan hier darem iets aan. Ek gebruik dikwels Russiese poppies wat in mekaar pas en vra dan dat my kliënt dit uitmekaar moet haal en vir my na aanleiding daarvan hul verhale moet vertel. Sê vir my wie is jy, en as daai ou met daardie kleinste poppie begin dan kan jy begin om te sê wie is daardie mens, en as hy begin om sy storie te vertel maar hy sit die poppie eenkant omdat die storie te pynlik is, kan ek nie anders as om te sê, ek is ongelooflik afhanklik van wat sê die Here hier binne in my, want dis Sy skepping wat hier voor my sit”.*

**Deelnemer C:**

*“Die kinders waarby ons betrokke is op hierdie stadium, vertrou glad nie grootmense nie. So om die verhaal te laat ontvou is nog moeiliker en dis eintlik miskien omdat ek uit my eie ervaringsveld praat. Jy het tyd nodig om saam met ‘n kind ‘n pad te stap want hy wil nie met jou praat nie want hy vertrou jou nie. Jy moet saam met hom goed doen sodat hy uiteindelik kan leer om sy verhaal vir jou te kan vertel. So in die wêreld waarbinne ons huidiglik beweeg is dit moeilik om toegang tot ‘n kind te kry. Maar ons ervaar nou aan die ander kant baie van hulle sit sommer hulle verhaal vir almal op die tafel. Daar is geen grense nie. Die gedeelte waar hulle hulself moet beskerm bestaan net nie meer nie. Ons ervaring is ook dat jy met verskillende kultuurgroepe verskillende prosesse moet handhaaf, wat dit moeilik maak om ‘n kind te bring om ‘n verhaal vir jou te vertel sodat jy kan verstaan wat hy vir jou vertel. Dan kry jy dit ook dat die kind die verhaal op die tafel gooi en sê maak julle met dit wat julle wil, ek distansieer my van die verhaal, ek gee hom vir julle, dit is nie my verantwoordelikheid nie”.*

**Deelnemer A:**

*“Dit raak baie moeilik. Ek het gewonder of jy iets gaan sê oor stilte, wat ‘n baie moeilike begrip is in ‘n terapeutiese verhouding. Stilte is ‘n aspek wat ‘n mens baie, baie selfbewus kan maak. Jy voel ongemaklik. Jy voel en jy weet hier moet nou iets gebeur. Maar aan die anderkant is stilte ‘n baie wonderlike tegniek. Na aanleiding van wat jy nou gesê het oor die poppies, kom dit nou maar by my op. Ek wil graag ‘n klip in die bos gooi: gestruktureerde stilte kan baie waardevol wees veral met jou jonger kind. Kom ons dink, kom ons raak stil, ons gaan nie nou bid nie, ons raak net stil. Dit is vir my baie keer*

*verbasend hoe 'n aanvaardende, koesterende en geborge stilte jou kan verlos van allerlei malende gedagtes".*

**Deelnemer D:**

*"Kan ek net iets daaroor sê: as daar stilte heers voel dit in my maatskaplike hart, ek wil daai ou "rescue". Dit voel vir my ek wil hierdie ongemak van hom "rescue" en dan speel ek nie my rol nie. Dit is vir my 'n moeilike ding om te leer om stilte te kan gebruik".*

**Deelnemer A:**

*"Jy hoef nie hier 'n "rescue" rol te speel nie. Stilte het ongelooflike waarde. Stilte bring beweging waar ons dit nie verwag het nie".*

**Deelnemer D:**

*"Ja, dit is waar. Baie waar".*


**6.11.1 Subtemas**

-Beklemtoon die **verskil tussen 'n Christelike benadering versus 'n pastorale benadering**. Religieuse vrae voortspruitend uit die verrekening van die geestelike dimensie word doelbewus verreken ooreenkomstig die leiding wat die terapeut van die Heilige Gees ontvang.

**6.11.2 Konstruksionele datapatrone**

- Innerlike afhanklikheid van die Heilige Gees en 'n geestelike sielebinding met mekaar
- Krag van God

Figuur 6.4 gee 'n oorsig van die deelnemers aan die fokusonderhoud, se vertolking van die rol wat die Heilige Gees tydens maatskaplikewerkintervensies speel.



**Figuur 6.4 Die rol van die Heilige Gees tydens maatskaplikewerkintervensies**

Ooreenkomstig die deelnemers se bydraes blyk dit dat die bindendgewende “krag” tussen die terapeut en die mens-in-nood, die Heilige Gees is. Uit hierdie binding word die verlede, hede en toekomstige verhaal gerekonstrueer.

### **6.11.3 Hermeneuties-interpretatiewe bespreking van die hooftema die rol wat die Heilige Gees in berading vervul**

Die mening van die fokusgroeplede is ooreenstemmend met die bevinding van die literatuurstudie waarin bevestig word dat die Heilige Gees ‘n rol in pastoraal-terapeutiese benaderings speel (Vgl. 4.4.3.).

Voorts word die hantering van die ongelowige kliënt deur maatskaplike werkers bespreek.

## **6.12 Hoofitema: Hantering van die ongelowige kliënt**

‘n Verdere aspek wat tydens die fokusgroepbespreking na vore gekom het, hou verband met die hantering van ongelowige kliënte wat vir beradingshulp by Christelikgefundeerde maatskaplikewerkpraktyke aanmeld. Die fokusgroeplede huldig die volgende menings in hierdie verband:

### **Deelnemer D:**

*“Ek sit nou en dink gaan julle van die veronderstelling af uit dat almal ‘n geestelike storie het, en dat ons by almal se geestelike storie moet uitkom, maar nie almal het ‘n geeslike storie nie, so ons het nie vir almal die metodiek nodig om by die geestelike storie uit te kom nie? Vir party mense, is daar geen God in hulle lewe, vandat hulle klein is nie, maar as jy kyk na die skeppingsverhaal, weet ek dat elke mens ‘n geskape mens is uit God se storie, maar daai ou het geen bewustheid dat hy ‘n geestelike storie eintlik het nie. So ek sit nogal met die vraag, om te sê, het ons ‘n metodiek nodig om hierdie ou bewus te maak jy het eintlik ‘n geestelike storie al weet hy dit nie of is dit om die metodiek te gebruik om die ou te help wat wel ‘n geestelike storie het. Ek het ‘n spiritualiteit waarbinne ek opgevoed is en gelei is en grootgeword het en moet ek nou hierdie metodiek gebruik om daai ou te help om dit te ontdek of is my benadering anders as ek werk met ‘n totale ongelowige wat uit ‘n huis kom waar hy die Here nooit geken het nie, daarom het hy geen skuldgevoelens oor ‘n buite-egtelike verhouding nie of vir hom is dit nie sonde om VIGS te hê nie, want hy weet nie dat die Here dalk sy lewe anders wou hê nie”.*

**Navorsers:** Dit is ‘n skitterende vraag, kom ons gesels ‘n bietjie daaroor.

### **Deelnemer C :**

*“As ek in kort net ‘n opmerking van my kant af kan maak, ons woordkeuse is ook belangrik geestelike verhale, en dis nou wat ek hoor wat Deelnemer A ook vra, elke mens het ‘n geloofsvraag. Kom ek sê wat ek daardeur verstaan, daar is geen mens wat nie leef wat hy glo nie, want jy kan nie leef as jy nie iets glo nie, maak nie saak in wat nie. Dis irrelevant in wat jy glo, vir ons vanuit ‘n Christelike perspektief, as ons*

*na die skeppingsverhaal kyk, dan is dit wat ons glo en dit is wat ons graag wil hê iemand anders moet ontdek in hierdie groot skeppingsverhaal van 'n Skepper God wat geskep het en wat met die mens en Sy skepping êrens heen oppad is en wat jy ookal glo, jou verhaal pas êrens hier in, want jy glo en jy leef vir wat jy glo, uit jou geloof, maak nie saak wat dit is nie. Ek sou graag wou by iets kon uitkom en meer metodes wou hê om vir ons te help as terapeute, om juis die mens te help om sy verhaal wat hy glo, uit te leef en te ontdek binne-in die groter verhaal van God vir die mens. Ek weet nie mooi of jy hoor wat ek sê nie. Elke mens glo iets, want jy kan nie leef as jy nie iets glo nie”.*

**Deelnemer A:**

*“Ek dink daar is ‘n tweede ding wat ek by wil aansluit benewens die glo. Almal van ons wat kindertjies grootgemaak het weet van die frustrasie oor hoekoms, hoekoms, hoekoms .....dat jy die mure wil uitklim, en daardie vrae is daar van dag een af in die mens, dit is die besef dat daar is meer as wat ek sien. Ons kan uit ons vakgebied praat van identiteit en outoriteit om dit in baie mooi Afrikaans te sit, maar daar is ‘n besef in elke mens tensy daar ‘n gestremdheid is met respek gesê, wat dit is weet ek nou nie, maar ek soek maar daarna. Julle kinders, ons kinders, almal het gevra hoekom en deur die geskiedenis van die mens van die vroegste tye af het die filosowe gaan sit en geredeneer en antwoorde gesoek, so ek wil graag aansluit by wat Deelnemer C daar sê, daar is ‘n wete in elke mens of ek dit bêre, of ontken, of nie wil glo nie, of dit onderdruk, mag seer sekerlik so wees, maar ‘n wete is daar dat daar is meer as ek en my lewe. Dit is wat ek bedoel by ‘n geestelike storie - iets van ‘n religieuse of spirituele storie. Dit is nie dogma wat ‘n ou hier inbring om te sê goed ‘n godsbegrip noodwendig nie, maar ‘n besef van iets meer. Dit wat ek besef, is die geestelike storie”.*

**Deelnemer B:**

*“Ja, as ek ook iets kan byvoeg, ek het nou so ‘n geval waar die vrou sê, maar die Bybel sê jy mag nie ‘n buite-egtelike verhouding hê nie, en die man sê ek lees nie die Bybel so nie. Wat maak jy in so ‘n geval, want ons het dit nie in ‘n reël aangespreek nie?”.*

**Deelnemer A:**

*“Nou vra ek eerstens hoe oud is hulle, want êrens het hierdie twee mense bymekaar uitgekom en êrens het hierdie twee mense besluit ons gaan die res van ons lewe nou saamleef. Êrens was daar ‘n aanvaarding vir mekaar en ‘n liefde vir mekaar, al het mev X nou verlede week die Bybel begin studeer of in die verlede, dit is nou vir Mnr X ‘n groot probleem want hy het geen aanvoeling meer nie of is Mev X al van lankal af besig met die Bybel en waar was Mnr X toe?”.*

**Deelnemer B:**

*“Ja nee, dit is, maar as hy nou vir jou sê, nee, hulle het eintlik maar godsdiens gespeel tot die krisis gekom het en sy het saam met hom gespeel en toe het sy nou teruggetrek en sy het nou haar geestelike drade opgetel en haar hoop daar gekry binne hierdie krisis, hy speel hom nog steeds. So my vraag as terapeut is nou, want dis waarna ons terugkom na ons samelewing se waardes en norme wat nie meer in plek is nie. So wat is die norme en waarde waarteen jy hom gaan speel om te sê, dit wat jy doen is verkeerd, want dis ons geestelike waarde wat sê, dit wat jy doen is verkeerd. By die werk, werk hy in ‘n ‘n ryk sekulêre wêreld wat sê dis okay, dis reg so, doen wat jy wil en so raak dit al moeiliker om jou Christelike waardes uit te leef”.*

**Deelnemer A:**

*“Die feit dat jou vrou pyn ervaar, die feit dat jou vrou hartseer is, die feit dat jou vrou ongelukkig is, die feit dat jou vrou vervreemd voel van jou, hoe laat dit jou voel, voel hy sy is selfsugtig of wat?”.*

**Deelnemer D:**

*“Maar die probleem is nie die buite-egtelike verhouding nie en dan wil ons dit regstel met godsdienstige beginsels. Die probleem lê eerder daarin, wat het aanleiding gegee tot die buite-egtelike verhouding en dit is vir my waar die geestelike verhaal baie sterk moet inkom. Ek dink dit is wat ons vroeër geleer het: om op die normatiewe beginsels te konsentreer en dan kyk ons met ‘n kritiese houding na die mens. Teenoor ‘n gesindheid van vertel vir my wat is jou behoefte en kom ons kyk of ons nie daardie behoeftes kan beantwoord nie. Wat was jou emosionele verwagtings in hierdie verhouding? Dan gaan ‘n mens terug en dink wat is jou emosionele verwagtings van die mens in sy geheel en dan uiteindelik kan ‘n mens dalk by die punt uitkom: ek voel*

*so verlate en so alleen diep binne-in my terwyl dit wat jy nodig het binne-in jou is, naamlik God. Vir my kom daardie antwoord eers baie verder, en dit gaan nie vir my oor die waarde en norme op die einde nie”.*

**Deelnemer B:**

*“So jy gaan eers in diepte daarop terugwerk en dan kom jy op die ou einde weer daarby uit”.*

**Deelnemer D:**

*“Ja, as my vrou vir my wil voorsê wat in die Bybel staan, dan sal ek nog meer rebelleer, want dan sê dit vir my sy verstaan nog minder wat my behoefte is, so wat neuk sy nou met die Bybel hier rond”.*


### **6.12.1 Subtemas**

- God se liefde en genade geld vir sy totale skepping, ook die ongelowiges. (Vgl. 2.2).

### **6.12.2 Konstruksionele datapatrone**

- Christelike waardes en norme
- Erken die werking van die Heilige Gees
- Opregte liefde
- Onvoorwaardelike aanvaarding
- Empatie
- Vergifnis
- Die skeppingsverhaal van God
- Die mens geskape na God se beeld
- Die bestaan van ‘n God-mens-relasie (geestelike geloofsverhaal)
- Die bestaan van medemenslike verhoudings
- Die bewuste leef en deel van God se opregte liefde met mekaar

In Figuur 6.5 word ‘n samevattende oorsig aangebied van die beskouing van die deelnemers oor die hantering van die ongelowige kliënt.



**Figuur 6.5 Die hantering van die ongelowige kliënt**

Indien die inhoudelike van Figuur 6.5 met die van Figuur 6.4 vergelyk word, is dit opmerklik dat die Christelike epistemologiese fundering veroorsaak dat daar geen verskil in benadering teenoor die ongelowige en die gelowige kliënt na vore kom nie. Beide gelowige en ongelowige kliënte word met die onvoorwaardelike liefde van Christus benader.

### **6.12.3 Hermeneuties-interpretatiewe bespreking van die hooftema “hantering van die ongelowige kliënt”**

Die mening van die fokusgroeplede met betrekking tot die hantering van ongelowige kliënte kan samevattend in die volgende opmerkings aangedui word:

Alle mense, gelowiges en ongelowiges is skepsele van God en behoort as sodanig met dieselfde onvoorwaardelike liefde en aanvaarding ontvang en hanteer te word.

Die moontlikheid om die evangelie-boodskap van geloof, hoop en liefde met 'n ongelowige kliënt te deel is 'n realiteit waarmee rekening gehou moet word, ooreenkomstig pastorale werkswyses.

Indien ongelowige kliënte nie aanpas by die beginsels van Christelike berading nie, staan dit die kliënt vry om gebruik te maak van ander beraders.

Christelike beraders kan hul nie losmaak van hul epistemologiese keuses nie. Hulle terapeutiese handelings word daardeur gerig.

Die argumentering in hoofstukke 1 en 3 rakende die hantering van ongelowige kliënte vind aansluiting by die uitgangspunte van die fokusgroeplede (Vgl. 1.1; 2.2).

### **6.13 Hooftema: Christelike hoop**

Tydens die fokusgroepbyeenkoms verwys die deelnemers by herhaling na verhale van hoop, soeke na hoop of kortweg na hoop. Die volgende bydraes gee 'n oorsig van hul menings in dié verband:

#### **Deelnemer D:**

*“Dit blyk dat net soos ons glo dat die Gees ons lei wanneer ons met kliënte werk, net so werk die Gees ook in daardie kliënt. Ons is daarvan bewus en die kliënt waarskynlik nie en daarom is dit belangrik om in gebed en in geloof te werk sodat wanneer die kliënt bewus raak van die werking van die Gees ons met hom daarvoor in gesprek kan tree. Dit is waar stilte ook vir my aansluiting vind sodat hierdie kliënt weer in voeling kom met sy binnekant en dit dink ek, is amper vir ons die uitdaging”.*

**Navorsers:** Verlede Saterdag het ek na 'n verhaal geluister wat ook op 'n stadium op televisie was en wat ons almal seker ook met groot angs aangehoor het en dit was die verhaal van Callie en Monique Strydom. Hulle het redelik betrokke geraak by liefdadigheidswerk, en hulle vertel dan vir verskillende gehore hulle verhaal. Monique vertel die verskriklike verhaal van wat hulle daar in die Filippyne ervaar het en hoe hulle op die ou einde besef het, wat hulle kan laat oorleef in daardie situasie is hulle geloof in God. Eendag het hulle mortiere na hulle gegooi en sy sê toe sy het heeltyd

bly glo hulle sal daar uitkom maar daardie dag het haar man vir haar gesê, ons moet hier probeer uitkom en hulle het platgeval en hy het bo-op haar geval. Hy was destyds in die weermag en hy weet hoe om so 'n situasie te hanteer. Weet jy vandag mag ons altwee se einde wees en toe sy met daardie besef gekonfronteer is, toe kon sy onmiddellik met die Here praat en sê dankie vir U genade en as sy moes gaan dan kon sy dit ook in vrede doen. Teenoor die rebelle wat hulle daar rondgejaag het, die heelyd as hulle na daardie mense gekyk het, het hulle op hulle gesigte vrees gesien, en ek dink dit is iets hiervan wat ons weer moet terugbring in die samelewing. Dis nie net so dat 'n klomp aardse rykdom en goed vir 'n mens sekuriteit gee nie. Jou vreugde is 'n baie dieper vreugde. As jy in balans leef met die verhouding van die Here in jou, om soos deur die bril van Christus na die hele situasie te kyk, dan het ons nog hoop, of eskatologiese hoop. Hoe sal julle daarvoor voel?

**Deelnemer D:**

*“Wat is hoop anders, as jy 'n storie het om te vertel wat sê ons, as ons sê, ons hoop, dit beteken ek het 'n storie, 'n geloofsverhaal om te vertel en wat ek moet bly vertel. Ek het aanmekaar 'n storie wat ek moet bly vertel”.*

**Deelnemer B:**

*“Ja, Christus gee vir 'n mens die genade om te vergewe en heel te maak. Dan leef jy met hoop”.*

**Deelnemer A:**

*“Hoop is vir my die derde hoofstuk van die verhaal. Die eerste is die verlede, die tweede is die huidige en die derde verhaal is die toekoms wat hoop insluit. Die ideaal is om die derde hoofstuk te gee en te kan terugkyk en te weet die storie gaan aan. Wat verby is, is water onder deur die brug. Nuwe uitdagings lê nou voor”.*

**Deelnemer B:**

*“Jy loop 'n pad saam met jou kliënt om by hoop uit te kom. Jy kan dalk vir die kliënt 'n boek voorskryf om te lees waarin 'n verhaal van hoop vertel word. Dit kan as motivering dien om te sien dat ander mense in soortgelyke omstandighede met die hulp van Christus kon oorwin. Christene word nie van trauma gevrywaar nie. So 'n boek bring die besef ek moet hierdeur werk, daar is hoop”.*

**Deelnemer A:**

*“Of jy kan aan die kliënt vra om letterlik sy verhaal se hoofmomente te skryf en vra maar dat hulle dit struktureer anders kan jy honderde blaaie ontvang. Net die hoofmomente in 5 tot 10 blaaie. Net soos wat stilte ‘n moeilike begrip is, vind ek dat party mense moeilik oor hulself kan skryf. Hulle weet net wat ander oor hulle sê”.*

**Navorsers:** ‘n Mens sou ook uit die narratiewe terapie kon aansluit by die gebruik van verhoorspanne om as ‘n geloofsversterkende groep mekaar te ondersteun tot groei in die nuwe hoop wat ondek is. Hoe voel julle daarvoor?

**Deelnemer D:**

*“Ja, ek het so ‘n groep wat ek Saterdagmiddae hanteer. Ek dink veral aan die verhaal van een vrou vir wie dit baie beteken. Sy is nou so 44 jaar oud. Sy het siek geword en is binne ‘n jaar van kop tot tone verlam. Haar kinders moes ook ernstige operasies kry en haar een seun was in ‘n baie ernstige motorongeluk en haar man het net besluit hy neem ‘n ander vrou. Hy gaan nie vir die res van sy lewe met ‘n verlamde vrou sukkel nie. Al die mense in die groep het sulke hartseer ervarings en al wat hulle doen is om vir mekaar hul verhale te vertel en weer te vertel, soos wat elke week nuwe verhale meebring, deel hulle dit met mekaar. Hulle sê ook dat hulle nie kan wag vir Saterdag nie om met mekaar hul verhale te deel nie. Dit is al wat hulle in die week staande hou”.*

**Deelnemer C:**

*“Een manier waarop jy die kind kan help om sy verhaal te skryf is deur fisies dinge saam met hom te doen. Ek persoonlik is nou by ‘n fietsryaktiwiteit betrokke wat ons gebruik as terapie, waar ons kinders wat baie erge trauma belewe het, betrokke maak by die fietsry en in die hele proses fokus om goed saam met die kind te doen. Terwyl jy fietsry, gesels jy met die kind en haak so by sy verhaal aan, sodat jy hom kan help om sy verhaal uiteindelik te kan voltooi en vir hom te vertel van Christelike hoop wat vir hom voorlê sodat hy anders kan dink, en hy moet weet dat hy vorentoe kan gaan en dat daar ander maniere is om dinge te kan doen. Ek wil ‘n ander voorbeeld gebruik. Van ‘n seun wat in ‘n motorongeluk betrokke was, en breinskade opgedoen het, maar nog baie goed funksioneer. Maar partykeer haak sy naald vas, dan moet jy hom eers*

*op 'n ander stasie kry, om hom te laat aangaan. Die enigste manier hoe ons dit kon regkry, as hy aggressief raak, en as jy hom nie van daardie stasie af kry nie, skep jy iets anders. Selfmoordpogings wat hy aanwend in sy aggressie, 'n praktiese voorbeeld, eendag het ek saam met hom gaan stap en sy rol oorgeneem en gemaak asof ek hy is. Ek doen toe alles wat hy altyd doen en ek maak of ek in die pad voor 'n vragmotor inspring, want ek gaan selfmoord pleeg, maar nou moet ek dit net gou doen, voordat hy dit wil doen. In hierdie aktiwiteit wat jy sy rol oorgeneem het, is jy besig om hierdie kind se verhaal ook vir hom te skrywe om hom af te kry van daardie situasie af, en hom dan te laat onthou daar is ander maniere van doen. Volgende keer weet hyself daar is ander maniere om dinge te doen”.*

### **6.13.1 Subtemas**


Die volgende subtemas vind aansluiting by Christelike hoop:

- Die verbondsbeloftes waarin God se ewige trou aan die mens bevestig word.
- 'n Eskatologiese toekoms hoop, waarin die wete dat die mens nie 'n tydelike wese is nie, beklemtoon die wederkoms.
- Die kruisgebeure waarin God se liefdesverhaal vir die mens beskryf word.
- Ondersteuning deur medegelowiges bied hoop in krisistye.

### **6.13.2 Konstruksionele datapatrone**

- Christelike hoop is die enigste werklike hoop wat daar is.

In Figuur 6.6 word 'n samevattende oorsig aangebied van die fokusgroepdeelnemers se mening van Christelike hoop.



**Figuur 6.6 Christelike hoop**

Uit die bydraes van die fokusgroepeelneemers blyk dit dat hoop in Christus die enigste antwoord is wat troos en motivering bied om voort te gaan met die uitdagings van die lewe.

### **6.13.3 Hermeneuties-interpretatiewe bespreking van die hooftema “Christelike hoop”.**

Die deelnemers verwys telkens na verhale van hoop, soeke na hoop of slegs na hoop. Dit blyk volgens die verhale wat deur die deelnemers vertel is, dat kliënte in hul soeke na moontlike antwoorde vir hul pynbelaide verhale na maatskaplike werkers vir hulp gaan. Christelike maatskaplike werkers besef toenemend dat deel van die soeke na moontlike antwoorde vir die pynbelaide verhale, die verrekening van die geestelike

verhaal insluit en dat dit as 't ware die enigste ware hoop is wat gegee kan word (Vgl. 3.5.5; 4.3.3).

Vervolgens word 'n samevattende oorsig rakende die bruikbaarheid van narratief-pastorale terapeutiese perspektiewe in maatskaplike werk verskaf.

#### **6.14 Hooftema: Geskiktheid van narratiewe terapie as 'n pastorale benadering in maatskaplike werk**

Die fokusgroeplede word gevra om elkeen 'n verhaal te vertel waarin die gebruik van narratiewe terapie geïllustreer word. Aangesien die gebruik van metafore algemeen in narratiewe werk voorkom, word die deelnemers gevra om die verhale wat hulle vertel met 'n skulp te assosieer. Die skulp is as 'n assosiasie simbool gekies omdat die navorser dit vry algemeen tydens maatskaplikewerkintervensies gebruik en gevind het dat mense-in-nood die stukkendheid van hul lewens, wat as 't ware in skerwe lê, simbolies met die stukkies van 'n gebreekte skulp kan identifiseer. 'n Bak vol stukkende skulpe word tot die lede se beskikking gestel. Elkeen kies 'n skulp. Die volgende verhale word in assosiasie met die skulpe, wat deur die deelnemers gekies is, vertel:

##### **Deelnemer D se verhaal:**

*“Moet ek hom 'n naam gee? kom ek sê hy is Dawid en hy is 21, en hy moes alleen vlieg in die lewe met sy twee vlerkies. Hy het die eerste keer by my gekom want daar was 'n ongelooflike 'sadness' in hom. Hy is 'n eerste jaar student, en sy pa en ma is geskei toe hy 'n klein seuntjie was, en sy pa het 'n baie sterk rol in sy lewe gespeel, sy ma was 'n alkoholis, maar sy was ook 'n advokaat, en sy pa was 'n Jood, en ek het verskriklik lief vir hom geword. Ek dink ek het dalk so bietjie die grens oorspeel, maar ek voel altyd dis ook oraait, omdat hy vir my so spesiaal was. Hierdie jong ou, wat alleen moes vlieg, het my vreeslik aangespreek en ek dink ons het onmiddellik 'n konneksie gehad, want wat hy eintlik gesoek het, was iemand wat net vir hom kon sê jy mag maar moedeloos word en jy mag maar val, maar binne in jou is daar 'n ongelooflike mens wat uiteindelik sal kan leer om regtig te vlieg. Sy pa het teruggekeer Israel toe. Hy was regtig alleen en daar was niemand wat na hom gekyk het, asook na sy emosionele behoeftes omgesien het nie. Wat hy eintlik gesoek het was 'n tipe mentor wat vir hom kon sê, weet jy wat, wat jy doen is ongelooflik en kyk wat kry jy reg. Iemand wat eintlik sy pa se rol kon speel. Sy pa het altyd met hom*

*hierdie rol gespeel, hy het met sy pa gepraat en by sy pa gesit, en dan het hy sy mentorinsette gegee. Nou is hy so ongelooflik alleen. Vir my was die enigste ding om te doen om hom te laat voel hy is “ok” met sy binnekant want ek kan nie altyd daar wees nie, en sy pa kan nie altyd daar wees nie, en sy ma is in London en sy is ‘n alkoholis, en sy sal nie omsien na sy behoeftes nie, en dan kom hy na my toe. In die begin was hy ongelooflik depressief. So aan die begin het ek vir hom ‘n gevoel gegee, jy is nie heeltemal alleen nie, hier is iemand. Ek sal luister na jou, en hy het net elke keer sy lewensverhaal vertel en ek het saam met hom deur ‘n rouproses gegaan oor die verliese wat hy gehad het. Ek het in die begin net vir hom gesê, wat jy voel en hoe jy voel is oraaait, want kyk wat het jy alles verloor. Om op die ou einde ook te kon sê wat het jy, dit is wat jy verloor het, maar wat het jy om mee aan te gaan in die lewe en wie dink jy het vir jou die vermoë gegee om te kan aangaan? Dan gaan hy terug en dan kom hy weer en dan sê hy, ek het weer heeltemal opgeneuk, alles is verkeerd, want hy het by ‘n meisie geslaap nadat hy gedrink het. So het hy elke keer versterking buite homself gesoek. Later het hy besef dat hy op sy eie kan regkom want ‘n ongelooflike liefdevolle Hemelse Vader kyk na hom sonder kritiese oë. Hy sien hoe swaar hy kry, en hoe swaar hy vlieg en hoe moeilik dit vir hom is, maar Hy gee daardie versterking al maak jy droog.*

*Toe op ‘n dag het hy vir my kom sê ek is nou klaar met jou want ek het geleer wat is binne-in my, ek kan nou alleen “cope” in die lewe. Dit was vir my so wonderlik dat hierdie kind kon sê, al het ek niemand anders nie, het ek die liefdevolle God wat na my kyk. Al het hy eintlik as ‘n Jood grootgeword, het hy Christus in sy lewe aanvaar en die Gees van God in hom. My skulpie lyk soos vlerkies – hy kan nou self vlieg”.*

**Deelnemer B se verhaal:**

*“Ja, ek het nogal ‘n verhaal en dan kan ek hom afspeel teenoor ‘n ander verhaal om die teendeel te kan bewys, wat nie ‘n vreeslike probleem was nie, maar dit was maar ‘n geval van kom ons sê, dis ‘n man wat, as gevolg van werk baie afwesig was vir die grootste deel van hulle huweliksjaar daar was ‘n goeie verhouding, maar die man was as gevolg van werksdruk baie afwesig, hy was net nie daar nie. So die huwelik het gegaan tot op ‘n punt en toe dit verander en alles normaliseer, moes alles reg wees, maar toe sit die vrou met baie verliese. Hulle het baie ingeboet, hulle kon eintlik nooit veel herinnerings bou nie. Wat interessant was, nadat deur die hele terapieessie gewerk is om te sê, eintlik was hy nie verantwoordelik vir jou behoeftes*

*nie en jy is daar om na sekere goed self te kyk, wat dan nog bly haper, was die bitterheid en kwaad wat ons nie deur die terapie sessie kon uitkry nie totdat ons, met haar toestemming, deur 'n vergewingsproses gegaan het, waar sy vir God vergifnis vra en dat sy haar man en haarself vergewe vir wat sy voel sy gemis het en verloor het en toe die proses klaar is, toe is die bitterheid verby. Selfs toe kon sy en haar man terugkyk en sê ja, dit was baie "bad," dit was baie sleg, dit het ons verloor, maar die basis was toe weer gelyk. Hulle kon groei en hulle kon werk. Dit teenoor die verskil van 'n ander egpaar waarmee gewerk is. Ek het nie met die mense gewerk nie, maar wat ek weet is dat die vrou "baggage" gehad het, en sy was by 3 of 4 verskillende terapeute. Sy wil nie meer na 'n terapeut toe gaan nie, maar sy raak nie ontslae van die bitterheid en kwaad nie. Dis amper vir my 'n simboliek van wat op die ou einde kan gebeur as jy regtig nie kan loskom van jou verlede nie en as jy nie die geestelike bygetrek het nie, en regtig nie deur die vergewingsproses is nie. Sy sit in haar tweede huwelik en die huwelik is ook besig om te vou. Dis so al so of sy nie kan klaarmaak met dit wat agter is nie, en dat nie een terapeut die geestelike vir haar inbring en sê maak dit met God klaar nie. Dit is vir my die verskil in die heelmaakproses waar die geestelike dimensie 'n rol speel".*

**Deelnemer A se verhaal:**

*"Daar is twee dinge wat my skulp my aan herinner omdat beide kante van die skulp oop is. Dit laat my dink en dank die Vader, deur die genade, dat van bo af is daar 'n inwerking van die Gees. Dan ten tweede het ek al my probleme en is die skulp se rante soos mure wat my beskerm. Die mure is maar net 'n bevestiging van die pyn en al die ongemak wat ek het, so elke keer as ek my deurtjie toesluit dan is daar maar 'n stukkie eie waarde en selfvertroue wat weggaan. So hierdie mure kerker my toenemend in en beskerm my eintlik nie regtig nie. Maar danksy die opening is daar 'n ander oog wat na my kyk en dat die antwoord op die einde van die dag by hierdie oog (van God) lê".*

**Deelnemer C se verhaal:**

*"Ja, ek het 'n skulp gekies met 'n buitekant wat redelik grof is en met baie punte en as jy dit 'n end van jou af weghou vertoon dit mooi. As jy hom omdraai is dit 'n skulp met klomp letsels aan die binnekant maar ook 'n mooi kant wat gesond is, wat heel is, maar die letsels sit aan die ander kant, en dit laat my aan 'n verhaal dink van 'n jong*

vrou wat so 10 jaar gelede nog 'n skooldogter was, wat gelyk het soos die skulp aan die buitekant lyk. Haar moeder is oorlede (vermoor) en sy het in ons hande beland om 'n pad met haar saam te stap, en die kind het gelyk soos die skulp van ver af. Sy was mooi en ons het hanteer wat hanteer kon word, maar ons het nie diep genoeg, dink ek, gegrawe nie, om uit te vind wat regtig aangaan nie. Die kind is naweke en vakansies terug na haar stiefpa toe, en elke keer as sy terugkom is daar skerper punte, en ons het nie geweet waaroor dit gaan nie, en die kind het nie gepraat nie. Haar verhaal was nie vertel nie, en nou onlangs het die jong vrou weer met my kontak gemaak. Ons het gedink alles was goed. Sy het gerebelleer maar uiteindelik het sy haar skanse behou en as jong vrou stap sy weer by my in en vertel haar verhaal vir my klaar. Dan baie keer ontdek jy dat jy as terapeut 'n baie groot aandeel aan 'n terapieessie kan hê, waar jy nie heelmaak nie, maar afbreek. Teruggestuur na stiefpa toe, wat haar seksueel misbruik het, wat veroorsaak het dat haar hele lewe drasties verander het en dat sy so 'n renons in die mansfiguur gekry het, dat sy in lesbiese verhoudinge betrokke geraak het en uiteindelik het die Here haar in 'n hoek gedruk en haar voorgekeer. Toe sy weer by my instap en vir my kom sê: "Oom ek wil my verhaal vir jou klaar vertel, van die heelmaakproses wat met my gebeur het. Die letsels is daar maar ek wil vir jou kom sê as terapeut, jy het deel aan my letsels maar ek vergewe jou. Dis hoekom ek dit vir jou kan kom vertel vir die eerste keer na soveel jare. Dit is waaraan die skulp my laat dink. Aan 'n verhaal wat ongelooflik is, maar dat daar vrede kon kom ten spyte van die letsels wat daar is".

**Navorsers:** En mag ons vra, wat het jy daarop geantwoord?

**Deelnemer C:**

*"Niks, want ek moes in stilswye en skaamte sê ons het baie goed misgekyk. Maar die vergifnis was ongelooflik en ek vergewe julle wat na my moes omsien as kind en dit nie gedoen het nie, ek is nie kwaad vir julle nie, maar ek wou vir jou kom sê, en ek het jou vermy vir baie jare, maar nou kom sê ek dit vir jou, want daar het iets in my lewe gebeur wat alles weer nuut gemaak het en my weer hoop gee sodat ek weer kan aangaan".*

**Deelnemer B:**

*"So sonder vergifnis kan ons mekaar nie vergewe nie en raak 'n mens nie van die*

*bitterheid ontslae nie”.*

**Deelnemer C:**

*“Ja, sy moes eers haar storie klaar kom vertel”.*

**Deelnemer D:**

*“Soms maak ons terapeute foute maar die Here kom voltooi die proses op sy eie tyd en manier. So daar is ook hoop vir terapeute”.*

**Deelnemer D:**

*“Kan ek nog een inset lewer, van ‘n jong man wat ‘n soortgelyke verhaal gehad het, en by die punt gekom het van vergifnis. Sy eerste reaksie was: wat van my ouers? Hy wou nou terug na hulle toe, en vir hulle sy verhaal van vergifnis gaan vertel. Ek aanvaar dat dit heeltemal te doen met die narratiewe benadering, van iemand wat sy verhaal vertel en dit wil klaarmaak deur dit nie net vir homself te hou nie, maar wil teruggaan en dit vertel aan die mense met wie hy die verhaal eintlik moes gedeel het”.*

### **6.14.1 Subtemas**

Uit die verhale wat vertel is, kon die volgende narratiewe strategieë geïdentifiseer word:

Narratiewe vertrekpunt – onvoorwaardelike aanvaarding

Invloed van die probleem op kliënt

Invloed wat kliënt op probleem uitoefen

Verhoorspanne

Terugneemaksie

In Hoofstuk 4 (Vgl. 4.4.1 – 4.4.4) word ‘n volledige bespreking van die geïdentifiseerde narratief -teoretiese perspektiewe aangebied. In Hoofstuk 5 (Vgl. 5.2 – 5.6) word ‘n volledige praktyk-teoretiese bespreking ten opsigte van praktykgerigte perspektiewe waarvolgens die genoemde strategieë in die praktyk inwerking gestel kan word, aangebied. Dit dui op die “hoe” waarna die deelnemers so dikwels tydens die onderhoude verwys het.

### 6.14.2 Konstruksionele datapatrone

Die volgende konstruksionele datapatrone is tydens die vertel van die verhale geïdentifiseer:

Vergifnis

Bybelse waardes

Geloofsvertroue


Hoop

Skanse

Verlede, hede en toekoms

‘n Verhaal moet volledig vertel word

In Figuur 6.7 word ‘n samevattende oorsig aangebied van die deelnemers aan die fokusgroeponderhoude se bydraes met betrekking tot die geskiktheid van narratief-pastorale benaderings in maatskaplike werk vir die verrekening van die geestelike dimensie.



**Figuur 6.7 Die geskiktheid van ‘n narratiewe-pastorale benadering vir die verrekening van die geestelike dimensie in maatskaplike werk**

Ooreenkomstig die fokusgroepdeelnemers se bydraes blyk dit dat ‘n narratiewe benadering binne ‘n diakonologiese fundering ‘n geskikte epistemologie bied waarvolgens aansluiting, op ‘n interdisiplinêre werkswyse, in maatskaplike werk gevind kan word, vir die verrekening van die geestelike dimensie tydens maatskaplikewerkintervensies.

### **6.14.3 Hermeneuties interpretatiewe bespreking van die hooftema “narratiewe terapie”**

Uit die voorgaande verhaalaanbiedinge blyk dat diakonologiesgefundeerde narratiewe teorieë ‘n geskikte benadering bied waarvolgens pastorale perspektiewe in maatskaplike werk geoperasionaliseer kan word, en wel om die volgende redes:

Die verhalende aard van narratiewe teorieë vind aansluiting by die verhalende konteks van die Bybel. Net soos wat 'n mens 'n lewensverhaal het, het die Bybel ook 'n verhaal om te vertel. Die maatskaplike werker kan van terapeutiese vaardighede gebruik maak om die twee verhale in ooreenstemming met mekaar te bring (Vgl. 4.4; 5.2 ).

Die mens se verhaal bestaan uit 'n verlede, hede en toekoms. Die Bybelse verhaal is by uitstek 'n verhaal van verlede, hede en toekoms.

In die gebruik van gelykenisse illustreer Jesus hoe die invloed van die probleem op die kliënt (sondige gedragswyses) manifesteer, asook watter invloed die kliënt op die probleem kan uitoefen (Vgl. 5.3).

In die uitvoering van 'n terugneemaksie waar die verhaal met medegelowiges gedeel word, word die kliënt se geloof versterk om met die nuutaanvaarde lewenskeuses voort te gaan (Vgl. 4.4.1; 5.6).

Die gebruik van verhoorspanne of ondersteuningsgroepe bestaande uit mede-Christene wat vir mekaar voorbidding doen en mekaar tydens byeenkomste bemoedig deur verhale van nood en hoop met mekaar te deel, bring nuwe perspektiewe van ewige hoop na vore (Vgl. 4.4; 5.6).

### **6.15 Voorkoms van konstruksionele datapatrone in die hoofemas**

In Tabel 6.3 word 'n oorsig van die konstruksionele datapatrone soos wat dit in al die hoofemas voorkom, verskaf met die doel om die interafhanklikheid tussen die kern data-elemente aan te toon.

**Tabel 6.3 Voorkoms van konstruksionele datapatrone in die hooftemas**

Getraumatiseerde samelewing	Rol van maatskaplike werk in getraumatiseerde samelewing	Die kliënt as die ekspert van sy geestelike verhaal	Vereistes vir toetrede tot 'n Christelike beradingspraktyk	Die rol wat die Heilige Gees vervul tydens berading	Hantering van die ongelowige kliënt	Christelike hoop
Pyn Moedeloos Soekend Geen waardes en norme		Bo-verhaal				
	Onvoorwaardelike aanvaarding		Bind met diep innerlike in kliënt	Bind met diep innerlike in kliënt	Onvoorwaardelike aanvaarding	
	Ingebore goedheid in die mens	Geloofsverhaal			Ingebore goedheid in die mens	Ingebore goedheid in die mens
	Terapeutiese tydsverloop				Terapeutiese tydsverloop	
	Deel Christus se liefde	Een verhaal Bo – en geestelike	Deel Christus se liefde		Deel Christus se liefde	Deel Christus se liefde
	Empatie				Empatie	
		Geestelike verhaal				
		Holistiese				
			Leiding van Heilige Gees	Leiding van Heilige Gees	Leiding van Heilige Gees	Leiding van Heilige Gees
						Verlede, hede, toekoms
						God se verbondsbeloftes
			Krag van God			Krag van God

Die verspreiding van dieselfde data-elemente in die verskillende hooftemas illustreer die interaksionele afhanklikheid van die geestelike dimensie as 'n integrale geheel van menslike funksionering. Kennisname van hierdie praktyk en 'n teoretiese werklikheid bring die Christelike maatskaplike werker onwillekeurig te staan voor die vraag of die verrekening van die geestelike dimensie uit 'n pastorale perspektief tydens maatskaplikewerkintervensies nagelaat kan word in 'n samelewing wat 'n behoefte daaraan toon.


Tydens die tweede fokusgroeponderhoud is aandag aan die bruikbaarheid van narratiewe terapie binne 'n diakonologiesgefundeerde epistemologie vir maatskaplike werk gegee. Tabel 6.4 illustreer die voorkoms van konstruksionele datapatrone uit die vertelde verhale waarin deur middel van interdisiplinêre narratief-pastorale perspektiewe in maatskaplike werk, te werk gegaan is.

**Tabel 6.4 Voorkoms van konstruksionele datapatrone uit die verhale wat vertel is in die tweede fokusgroeponderhoud**

No. Deelnemers en Verhaal	Data	Data	Data	Data	Data	Data	Data
<b>D - Dawid</b>	Rou	Pyn	Treur	Soek na antwoorde	Eie krag	Nuwe insigte aanvaar God se liefde en <b>vergifnis</b>	Toekoms <b>hoop God se krag</b>
<b>B - Huwelike</b>	Rou	Verbitter	Kwaad	Soek na antwoorde	Eie krag	Nuwe insigte aanvaar God se liefde en <b>vergifnis</b> . Vergewe huweliksmaat	Toekoms <b>hoop God se krag</b>
<b>A - Skanse</b>	Rou	Maak toe	Eensaam	Soek na antwoorde	Eie krag	Nuwe insigte altyd 'n opening na God toe	<b>Hoop in Christus</b> volle verhaal
<b>C - Letsels</b>	Rou	Ruwe Skerp punte	Punte al skerper	Meer letsels	Eie krag	Aanvaar Jesus se liefde <b>vergifnis</b> en selfaanvaarding	Nuwe lewe <b>vry</b> van sondes en haat lei tot vrede
<b>C - Jong man</b>	Rou	Pyn	Treur	Soek na antwoorde	Eie krag	Aanvaar Jesus se liefde <b>vergifnis</b> en selfaanvaarding	Gaan deel <b>Christelike hoop</b> met ander

In Tabel 6.4 word die interaksionele retoriek van homogene data-elemente aan die hand van die vertelde verhale tydens die fokusgroeponderhoude geïllustreer. Dit is opvallend dat Christelike hoop deur sondevergifnis teenoor mekaar, voorafgegaan word. Die aanvaarding van Christus se vergifnis lei daartoe dat die mens se verhaal aansluiting by Christus se verhaal vir die mens vind.

Hiervolgens blyk ook dat 'n perspektiwistiesgefundeerde narratief-pastorale benadering moontlikhede vir die verrekening van die geestelike dimensie tydens maatskaplikewerkintervensies bied.



**Figuur. 6.8** Gebruik van ‘n narratief-pastorale benadering in maatskaplike werk

### 6.16 Bespreking van die resultaat van die fenomenologiese verkenning

In aansluiting by die ondersoekvrae waardeur die studie gerig word, blyk uit die resultaat van die literatuurstudie en die fenomenologiese verkenning dat maatskaplike werkers tans, as gevolg van ‘n getraumatiseerde samelewing, met nuwe uitdagings gekonfronteer word.

Een van die uitdagings is die soeke na moontlike antwoorde op vrae wat verband hou met die mens se soeke na ‘n diepere sin en betekenis as die tydelike dimensie van die hier en nou.

‘n Tweede uitdaging hou met die verval van waardes en norme en ‘n postmodernistiese lewenswyse verband waarvolgens die bestaan van waardes en norme irrelevant raak.

‘n Derde uitdaging hou met ‘n gebrek aan kennis van pastorale benaderings in die maatskaplikewerkprofessie verband waarvolgens vroe voorspruitend uit die geestelike dimensie verreken kan word.

### **6.17 Samevatting**

In hierdie hoofstuk is eerstens ‘n oorsig van die gebruik van fokusgroepe as ‘n data-insamelingstegniek binne kwalitatiewe navorsing gegee. Die doel van fokusgroepe en die toepaslike gebruikswaarde daarvan binne die konteks van die studie is bespreek. Verdere aspekte wat bespreek is, is die rol van die navorser, die grootte van die fokusgroep, die seleksie van die fokusgroeplede, die grootte van die steekproef asook die metode waarvolgens die ingesamelde data ge-analiseer is.

Tweedens is ‘n samevattende oorsig oor die verloop van die fokusgroeponderhoude gegee. Oopvrae en opmerkings is meestal benut om die nodige respons van die deelnemers te bekom. ‘n Voorafopgestelde vraegids het as ‘n breë raamwerk gedien om die nodige struktuur aan die fokusgroebyeenkomste te gee. Die hoofmomente waaraan aandag gegee is, is die benutting van Christelike waardes in maatskaplike werk, veranderde behoeftes by kliënte as gevolg van die getraumatiseerde samelewing, gesprekstegnieke waarvolgens aansluiting by die geestelike verhaal van ‘n kliënt gevind kan word, die rol van waardes en norme as rigtingwysers vir gedrag speel, die skep van Christelike hoop, aanvullende opleidingsbehoefte vir die maatskaplikewerk-professie en ten slotte, die tydskonsep van verlede, hede en toekoms.

Laastens is die bevindings van die fokusgroeponderhoude deur middel van ‘n kwalitatiewe interpretatiewe bespreking met die inhoudelike van die literatuurhoofstukke geïntegreer.

Die gebruikmaking van fokusgroeponderhoude as 'n data-insamelingstegniek het voldoende inligting gegenereer om antwoorde op die navorsingsvrae, waardeur die studie gerig word, te bied.

In hoofstuk 7 word volledige gevolgtrekkings en aanbevelings aangebied.

## HOOFSTUK 7

### GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS

Vir die doeleindes van hierdie studie, is aanvanklik 'n literatuurstudie gedoen waartydens die rol van teologiese antropologie as 'n basiese bousteen vir 'n narratief-pastorale benadering in maatskaplike werk verken en beskryf is (Vgl. Hoofstuk 2). Voorspruitend uit die teologiese fundering is verkennend aandag gegee aan die oorspronklike beweegredes wat aanleiding gegee het tot die ontstaan van maatskaplike werk en pastorale sorg. Die ontwikkelingsgeskiedenis in beide professies dui aan dat dit menslike nood wil verlig. In maatskaplike werk word hoofsaaklik op fisiese- en psigiese behoeftes gekonsentreer terwyl pastorale benaderings voorsiening maak vir die verrekening van die geestelike dimensie (Vgl. Hoofstuk 3). Ten einde Christelike maatskaplike werkers in staat te stel om die geestelike dimensie op 'n pastoraal-wetenskapsverantwoordbare wyse te verreken, soos gefundeer in 'n diakonologies-narratief-pastorale benadering, word basisteoretiese perspektiewe vir die doel in Hoofstuk 4 bespreek.

Ter aanvulling van die literatuurstudie, is 'n beperkte fenomenologiese ondersoek onderneem. Vir die doeleindes van die fenomenologiese ondersoek, is van 'n kwalitatiewe metode gebruik gemaak. Vir die doeleindes van die data-insameling is van 'n fokusgroepbespreking gebruik gemaak. Deur middel van 'n hermeneuties interpretatiewe benadering is die inligting wat tydens die fokusgroepsessies bekom is, met die literatuurbevindings geïntegreer. Voortvloeiend uit die hermeneutiese interpretasies is narratief-pastoraal praktykteoretiese perspektiewe geformuleer (Vgl. Hoofstuk 5).

Deur middel van die literatuurstudie en die beperkte fenomenologiese ondersoek, is gepoog om narratief-pastorale benaderings te verken en te beskryf sodat dit aan maatskaplike werkers 'n pastorale perspektief kan bied waarvolgens die geestelike dimensie tydens maatskaplikewerkintervensies verreken kan word. Gevolgtrekkings en aanbevelings na aanleiding van sowel die literatuurstudie as die fenomenologiese ondersoek, word vervolgens aangebied.

## 7.1 Navorsingsprobleem, -vrae en die doel van die studie

Die navorsingsprobleem (Vgl.1.3) waardeur die studie gerig word, is die waargenome gevoel van wanhoop in die samelewing wat bestaan uit 'n maatskaplike- en geestelike dimensie en die afwesigheid van 'n geheelbenadering in maatskaplike werk waarvolgens die geestelike dimensie met die oog op eskatologiese hoop tydens maatskaplikewerkintervensies verreken kan word.

Vanuit die navorsingsprobleem vloei 'n aantal navorsingsvrae met die doel om die navorsingsprobleem te ontsluit en om te bepaal watter gebruikswaarde 'n narratief-pastorale benadering vir maatskaplike werk inhou.

Die studie is deur die volgende navorsingsvrae gerig:

- Wat is die aard van die relevante literatuur oor 'n narratief-pastorale benadering in maatskaplike werk?
- Wat is die relevansie van 'n teologiese antropologie vir intervensies in pastorale maatskaplike werk?
- Wat is die implikasies van inter- en intra dissiplinêre samewerking tussen maatskaplike werk en teologie vir die doeleindes van pastorale maatskaplike werk?
- Wat behels die aard en inhoud van perspektiewe op 'n teoretiesgefundeerde basisteorie vir narratief-pastorale maatskaplike werk?
- Wat behels die aard en inhoud van praktykteoretiese perspektiewe vir narratief-pastorale maatskaplike werk?
- Wat is die mening van praktiserende maatskaplike werkers oor die verrekening van die geestelike dimensie tydens intervensies in maatskaplike werk ten einde 'n bydrae tot hoop te lewer?

Ten einde die navorsingsvrae te beantwoord geld die volgende oorkoepelende doelstelling (Vgl. 1.4.1) die uitvoering van 'n verkennende en beskrywende ondersoek uit basis- en praktykteoretiese pastorale teorieë met die doel om 'n inter- en intradissiplinêre narratief-pastorale praktykteoretiese perspektief te formuleer wat aan

maatskaplike werkers 'n geheelbenaderde beskouing bied vir die verrekening van die geestelike dimensie tydens maatskaplikewerkintervensies.

Na aanleiding van die gestelde navorsingsprobleem, navorsingsvrae en navorsingsdoel waardeur die studie gerig word, word vervolgens aandag aan die gevolgtrekkings voortspruitend uit die navorsing gegee.

## **7.2 Gevolgtrekkings**

'n Aantal gevolgtrekkings word gemaak, ten einde vas te stel of die doel van die studie verwesenlik is

### **7.2.1 Pastoraal antropologiese funderingsbeginsels in maatskaplike werk**

Christelike maatskaplike werkers wat die behoefte ervaar om aansluiting by die geestelike dimensie van kliënte te vind deur die gebruikmaking van pastorale benaderings kan daaraan uitvoering gee deur te begin met 'n besinning oor wie die mens as 'n skepsel van God is. As aanvaar word dat die mens beelddraer van God is en dat die mens alleenlik volledig mens kan wees as hy God ken, kan die Christelike maatskaplike werker nie nalaat om hierdie waarheid met die kliënt te deel nie. In God se verhaal vir die mens staan die mens in 'n bepaalde verhouding tot God, homself, sy medemens en sy omgewing (Vgl. 2.3.3). Die verhouding waarin die mens tot God staan, word as die sentraal-regulerende verhouding waarvolgens alle gedragswyses van die mens gerig word beskou. As die God-mens-verhouding deur die invloed van sondige gedragswyses versteur word, leef die mens nie in ooreenstemming met God se verhaal vir die mens nie. Pastoraalgefundeerde benaderings het die herstel van verhoudings ten doel. Versoening kom primêr deur die heil van Christus tot stand. Die pastorale gesprek word eers voltooi as God se verhaal vir die mens en die mens se verhaal een verhaal vorm (Vgl. 3.5.6.3).

'n Bewuste erkenning en aanvaarding van teologiesgefundeerde antropologie as 'n basiese boublok vir 'n narratief-pastorale benadering in maatskaplike werk het gevolglik verreikende implikasies vir die maatskaplikewerkpraktyk. Vervolgens

word van die implikasies as gevolgtrekkings ooreenkomstig ‘n pastorale benadering vir maatskaplike werk bespreek.

### **7.2.1.1 Die verrekeningsvereistes van die geestelike dimensie in ‘n pastoraal-teologiesgefundeerde antropologie in maatskaplike werk**

Ooreenkomstig pastoraal-antropologiese uitgangspunte word erkenning verleen aan ‘n Bybelse grondmotief waarvolgens die mens as ‘n totale eenheid funksioneer. Die fokus tydens pastorale gesprekke, is op die *mens-in-verhouding-met-God*, waarvolgens alle ander verhoudings gerig word. Die bewuste aanvaarding van die *mens-in-verhouding-met-God* as ‘n pastoraal-antropologiese funderingsbeginsel in maatskaplike werk, bring mee dat maatskaplike werkers as gevolg van die beginsel, eksplisiet aandag aan die geestelike dimensie van die kliënt behoort te gee. Die Koninkryk van God word nie verdeel tussen gelowige en ongelowige mense nie. Die kern van die evangelie dui daarop dat die genade van God vir alle mense, gelowiges en ongelowiges genoeg is. God het vir almal gesterf. Alle mense word uitgenooi om God se verhaal vir die mens as ‘n genade-aanbod te aanvaar. ‘n Pastoraalgefundeerde maatskaplikewerkbenadering word sodoende nie begrens tot dienslewering slegs aan gelowiges nie (Vgl. 2.3; 6.15; Fig.6.5).

### **7.2.1.2 Die mens as verbondswese**

Erkenning van die verbond as ‘n pastoraal-antropologiese beginsel in maatskaplike werk het tot gevolg dat die genadebeloftes van die verbond tydens maatskaplike-werkintervensies gekommunikeer behoort te word. Die mens is onwillekeurig deel van die genadeverbond. Die verbond word beskryf as die doel van God se skeppingswerk. Kommunikering van die verbondsbeloftes tydens pastorale gesprekke konkretiseer God se genadeplan vir die mens (Vgl. 2.3; 3.5; 4.3.4; 6.12.3).

### **7.2.1.3 ‘n Eskatologiese toekomsdimensie**

Aanvaarding van ‘n eskatologiese toekomsdimensie as ‘n pastoraal-antropologiese beginsel in maatskaplike werk bring mee dat die mens se verhaal nie net aan die aardsgebonde verlede, hede en ‘n toekoms verbind word nie maar ook aan ‘n ewige

toekoms wat in verband met eskatologiese hoop gebring kan word (Vgl. 2.3.31; 6.16; Fig. 6.6).

#### **7.2.1.4 Die kommunisering van God se verhaal vir die mens as ‘n boodskap van hoop**

God se verlossingsverhaal vir die mens as ‘n basiese pastoraal-antropologiese beginsel in maatskaplike werk impliseer dat geglo word in God se verlossingsplan of heil vir die mens. Die kommunisering van God se genade, sondevergiftig en versoenende liefde lei tot die skep van hoop, troos en ‘n versterkende geloofskrag vir mense in nood (Vgl. 1.2.2; 2.3.3.5; 6.16; Fig.6.6).

#### **7.2.1.5 Geloof**

Die rol van geloof as ‘n pastoraal antropologiese beginsel in maatskaplike werk, kan gesien word as die geestelike binding, waardeur die fusie tussen die verhaal van God en die mens se verhaal onder die leiding van die Heilige Gees, plaasvind. Die mens se geestelike verhaal word as ‘t ware deur middel van geloof in werking gestel en kan ook verwys word na die mens se geloofsverhaal (Vgl. 2.3.2.2.3; 1.2.2; Fig. 4.2; 5.4; 6.13). In maatskaplike werk geskied aansluiting by die geloofsverhaal van die mens-in-nood, ter bevestiging van God se alomteenwoordige liefde vir die mens (Vgl. 3.4.6; 6.13.3).

#### **7.2.1.6 Die verrekening van Christelike normatief-etiese prinsipe in maatskaplike werk**

Gebruikmaking van ‘n diakonologiesgefundeerde pastorale benadering in maatskaplike werk vereis dat erkenning verleen word aan Bybelsgebaseerde normatief-etiese prinsipes. Daar word ook aanvaar dat die mens oor ‘n religieuse keusevermoë beskik en dat die keuses wat Christene maak deur die Bybelse normatief-etiese beginsels waarin hulle glo beïnvloed word. Normatief-etiese keuses wat in stryd is met Bybelse beginsels gee aanleiding tot sondige gedragswyses. Die afwyking van Bybelse normatief-etiese waardes in die uitlewing van maatskaplike verhoudings is meestal as gevolg van sondige gedragswyses en vorm dikwels die

inhoud waaroor dit in die maatskaplikewerkgesprek handel, byvoorbeeld kindermis-handeling (Vgl. 2.3.2.2.4; 4.1.1).

Aanvaarding van Bybelsgefundeerde normatief-etiese prinsipes in maatskaplike werk beteken dus by implikasie dat die afwyking daarvan in die uitlewing van die daaglikse maatskaplikewerkpraktyk tydens maatskaplikewerkintervensies bespreek moet word omdat dit 'n bepaalde invloed het op die geloofsverhaal van die mens.

Die verrekening van die normatief-etiese prinsipe in maatskaplike werk dui daarop dat die postmodernistiese betekenis wat aan dekonstruksie teorie verleen word, nie ondersteun word nie omdat die beginsel van *differance* waarvolgens die bestaan van vaste waarhede ontken word, verwerp word (Vgl. 4.1.1; 4.3.3; 6.12; 7.2.2).

Samevattend is dit duidelik dat die insluiting van pastoraal-antropologiese beginsels soos geloof, hoop, sonde, die verbond, die mens as skepping van God en normatief-etiese prinsipes in maatskaplike werk, 'n aansluitingsmoontlikheid bied waarvolgens maatskaplike werkers erkenning kan verleen aan die verrekening van die geestelike dimensie tydens maatskaplikewerkintervensies. Ten opsigte van die verrekening van materiële en geestelike nood is dit duidelik dat die twee dimensies ooreenkomstig 'n narratief-pastorale benadering nie tydens hulpverlening geskei behoort te word nie (Vgl. 2.3; 3.4; 3.5; 6:13).

## **7.2.2 Die gevaar van postmodernistiesgefundeerde benaderings vir maatskaplike werk**

Ten opsigte van die etiese ontwikkelingsvlak van die mens, word tot die gevolgtrekking gekom dat die mens in 'n postmoderne samelewing anders as voorheen benader behoort te word, omdat die mens nie die invloed van postmoderne denke kan ontvlug nie. Die essensie waarvan in onderhoudvoering kennis geneem moet word, is die wegbeweeg van vaste waardes en vaste interpretasies. Daar word geredeneer dat daar geen absolute waarhede is nie en dat geen vaste waardes geld nie en as gevolg daarvan word 'n *beginsel van verskil* gehandhaaf (Vgl. 1.2; 1.7.1; 4.6.4; Fig. 6.7). Daar word algemeen onder postmodernistiese denkers aanvaar dat onderwerpe 'n ongestruktureerde karakter het en dat dit 'n finale analise van die realiteit onmoontlik maak. Daar moet verder onthou word dat wanneer

postmodernisme en dekonstruksie onder bespreking is, dit altyd verband hou met die filosofie van 'n taal. *Taal word beskou as die metafoor van die lewe*. Net soos die betekenis van woorde in taal nie vaste waardes het nie en die interpretasie van 'n onderwerp afhang van die *konteks (omgewingsverband)* waarbinne dit plaasvind, is die onderwerp van die lewe konstant in 'n proses van verandering. Dit behoort geïnterpreteer te word want daar is geen vaste waarhede en waardes in die lewe nie. Die lewe is soos 'n onderwerp wat weer en weer gelees moet word. Dit is duidelik dat postmodernisme die grondslag of wêreldbeskouing aan elke mens as sy eie waarheid verleen. Hiermee word die bestaan van vaste waarhede ontken. Alle pogings om waarheid te skep word gedekonstrueer. Die bestaan van die Bybel en dat dit God se Woord is en dat dit 'n transendente karakter het, word by implikasie hiermee verwerp (Vgl. 3.1.6.3.1; 4.3.4). Dit word beskou as persoonlike of kulturele ervarings (Vgl. 3.1.6.3.3).

In 'n diakonologiesefundeerde pastorale benadering kan hierdie standpunt nie gehandhaaf word nie en vir die Christen gelowige is dit eties onaanvaarbaar en in stryd met 'n Christelike lewens- en wêreldbeskouing. Volgens 'n diakonologiese narratiewe epistemologie word die Bybel steeds aanvaar as normatief korrek en word gepoog om by wyse van rekonstruering die mens te begelei om sy persoonlike narratief in ooreenstemming te bring met God se storie vir die mens (Vgl. 1.7.1; 4.1.1; 5.5; 6.2). Hierdie uitgangspunt werk normatief versterkend en dra by tot die maatskaplike opbou van die breër samelewing (Vgl. 3.1.6.1).

### **7.2.3 Die gebruikswaarde van 'n narratief-pastorale basisteoretiese perspektief in maatskaplike werk**

Die verskil tussen maatskaplike werk en pastorale terapie ontstaan as gevolg van die teologiese aard van pastorale sorg as 'n teologiese vak. Die bron van kennis vir teorievorming in teologie is die Skrif. Bestaande metafore oor God wat in die Bybel voorkom word gebruik om interpretasies oor God se trou en sorg te maak. In die uitvoering van die interpretasies word erkenning verleen aan ander wetenskappe soos maatskaplike werk en sielkunde wat 'n invloed op die teorievorming kan uitoefen. Teorievorming geskied deur middel van 'n hermeneutiese wetenskapsbenadering. Sodoende word pastorale hulpverlening gekoppel aan die sosiale konteks waarin die

mens hom bevind. 'n Hermeneutiese benadering waarin gebruik gemaak word van 'n diakonologiese fundering, skep vir 'n pastorale terapeut die ruimte om nie slegs sosiaal kontekstueel te werk te gaan nie maar om die aangebode probleem hermeneuties, in die lig van Gods Woord, te verken. Die dinamiese proses van die werking van die Heilige Gees en God se Woord word so aanmekaar verbind. Die kliënt is deurentyd in die gesprek betrokke en beweeg van verstaan tot verandering (Vgl. 4.1.2; 4.3.1.4; 4.3.1; 6.14)

Die gevolgtrekking waartoe gekom word, is dat die erkenning aan en gebruikmaking van 'n hermeneutiesgefundeerde narratief-pastorale basisteorie deur maatskaplike werkers aan die professie, die geleentheid bied om deur middel van 'n pastorale benadering aansluiting by die geestelike dimensie van die mens-in-nood te vind (Vgl. 3.6; 6.17).

#### **7.2.4 Die gebruikswaarde van 'n narratief-pastorale praktykteoretiese perspektief in maatskaplike werk**

Teorie en praktyk vorm inderwaarheid 'n gedeelde geheel. 'n Praktykteorie beskryf die werking van 'n basisteorie in die praktyk. Nuwe praktykteorieë word, wetenskaplik gesproke, gevorm deur die hermeneutiese wisselwerking tussen 'n basisteorie enersyds en 'n bestaande praktyksituasie andersyds (Vgl. 4.1). Die oorhoofse doel van praktykteorieë is 'n kritiese beoordeling van 'n bestaande teorie met die doel om 'n nuwe teorie te ontwikkel. Teoriekritiek en teorie-ontwikkeling vind plaas uit die perspektief van 'n bepaalde basisteoretiese en metateoretiese visie (Vgl 4.1).

Dit is belangrik om daarop te let dat 'n praktykteorie nie resepmatigheid of vaste riglyne ten doel het nie, maar wel basisteoretiese praktiese perspektiewe waarvolgens in maatskaplike werk op 'n interdisiplinêre manier aansluiting by die geestelike dimensie gevind kan word. Die bedoeling is eerder die bevordering van die verrekening van die geestelike dimensie as 'n integrale deel van menswees en die skep van 'n verstaanproses vir maatskaplike werkers deur die gebruikmaking van die basisteoretiese perspektiewe. Tydens die fokusgroep-besprekings is telkens melding gemaak van die feit dat maatskaplike werkers nie weet hoe om aansluiting te vind by die verrekening van die geestelike dimensie nie (Vgl. 6.17.1).

Die gevolgtrekking waartoe gekom word, is dat die benadering wat gevolg is om praktykteoretiese perspektiewe te formuleer, suksesvol was omdat dit kon beantwoord in die vraag van die maatskaplikewerkprofessie na “hoe” aansluiting gevind behoort te word by die verrekening van die geestelike dimensie van die mens-in-nood. Die praktykteoretiese perspektiewe wat geformuleer is, kan in die praktyk in samehang met narratiewe teorieë benut word om die mens se verhaal in ooreenstemming met God se verhaal te bring. Met inagneming van die voorafgaande verskille in wetenskapsmetodiek, epistemologieë, paradigmaskuiwe, inter- en intradissiplinêre samewerkingsmoontlikhede, asimmetrie en hermeneutiese interpretasies, word uitvoering gegee aan die duidelike voorbehoud dat die oorspronklike basisteorie van teologie as wetenskap onaangeraak bly (Vgl 2.1; 2.6; 3.1.4; 3.5)

### **7.2.5 Inter- en intradissiplinêre samewerkingsooreenkomste tussen pastorale terapie en maatskaplike werk**

Die vraag of praktiese teologie nie sy eiesoortige karakter sal verloor indien daar van metodes van die sosiale wetenskappe in die pastoraat gebruik gemaak word nie is deur navorsing weerlê. Die teendeel is bevind, naamlik dat dit die praktiese teologie verryk (Vgl 3.5.1; 3.5.2). Die kennisverryking uit die sielkunde, sosiologie en maatskaplike werk het daartoe bygedra dat terapeute beter assesserings van persoonlikheidsprobleme kon maak. Daar kan geredeneer word dat die gebruikmaking van praktiese teologie in die maatskaplikewerkprofessie dieselfde verrykende invloed vir die beroep sal meebring. 'n Asimmetriese benadering bied aan die professie die geleentheid om die totale problematiek van die kliënt op 'n holistiese wyse te verreken (Vgl. 3..4.6.6; 6.16).

Inter- en intradissiplinêre samewerking tussen maatskaplike werkers en pastorale beraders word verder moontlik gemaak in 'n perspektiwistiese hermeneutiese benadering omdat daar erken word dat God en die menslike subjek nie van mekaar geskei kan word nie (Vgl.3.5). Uit 'n Christelike maatskaplikewerkperspektief sou dit onverantwoordelik wees indien die geestelike dimensie nie verreken word nie. Volgens 'n hermeneutiese werkswyse, is interaksie moontlik, sonder die aantasting van die outonomieit van pastorale benaderings.

Teologie en die menswetenskappe besit vanweë hul “objek” van studie elk 'n eiesoortige identiteit. Ooreenkomstig 'n interdissiplinêre benadering, is die uitgangspunt dat

differensiasie sonder vermenging in maatskaplike werk sowel as teologie geld. Die ontmoeting tussen God en mens veronderstel 'n korrelasie wat samewerking tussen verskillende wetenskappe noodsaaklik maak (Vgl. 3.5.3; 6.10.3).

Integrasie sal slegs aanvaarbaar wees as maatskaplikewerkbeginsels (beide vir teorie en praktyk) aan die van 'n Bybelsgefundeerde teologie onderwerp word. "Teologie is die spreuke oor God en wanneer die gebruik van vakkundige kennis van die sosiale wetenskappe daartoe lei dat hierdie beginsel nie tot sy reg kom nie, kan die naam praktiese teologie nie meer toepaslik wees nie" (Vgl. 3.5.2). Sosiale wetenskappe kan 'n bydrae lewer om die weg tot ontmoeting tussen God en mens voor te berei. Jesus het in sy pastorale erbarming die heling van die totale mens in die oog gehad, dit het vir Hom om meer as net geestelike hulpverlening gegaan (Vgl. 3.5; 6.11.1).

#### **7.2.6 Die geskiktheid van narratief-pastorale perspektiewe as 'n geheelbenadering in maatskaplike werk**

In die uitvoering van maatskaplike werk word die maatskaplike werker gekonfronteer met 'n verskeidenheid van terapeutiese hulpverleningsaksies byvoorbeeld die verlening van voedselhulp, die verwydering van kinders en hul plasing in alternatiewe vorme van sorg en huweliksberading. Hierdie praktiese daede is as 't ware die vergestaltung van Christus se liefde in die uitvoering van Christelike maatskaplike werk. Die Christelike maatskaplike werker se taak impliseer gevolglik 'n holistiese benadering wat sinvol aansluiting vind by die herder-, wysheid-, paraklese- en diensknegmetafoor sonder die aantasting van die outonomie van pastorale benaderings. Vergelyk 6.17 vir die verhale wat deur die fokusgroepeledeelnemers vertel is.

Dit gaan eerstens om die wesenlike aard van die mens as skepsel van God en tweedens gaan dit om die wesenlike kwaliteite van die mens, as skepsel van God, dit wil sê na die doel, rigting bestemming en sin van menslike bestaan. Die basiese elemente van 'n antropologiese basisteorie kan soos volg saamgevat word:

- Die mensbeeld van die Bybel gaan uit van die sentrale veronderstelling dat die mens van God afhanklik is. Die mens moet altyd verstaan word binne 'n konteks van God

en medemens. Liefde as genade van God is die grondtrek vir die samesyn tussen God en mens.

- Die Skrif spreek die mens eerstens aan, nie op grond van sonde en skuld nie, maar op grond van die mens se skepselmatige gerigtheid op God en genade: die feitlikheid van die nuwe syn in Christus. Hier is veral die eskatologiese beloftes van hoop van wesenlike belang.
- Die Bybelse mensbeeld is realisties. Die mens kan bely, “ek is skuldig”. Erkenning van skuld en sondigheid geskied in terme van God se genade. Daarom kan die mens verder sê “Ek glo”. Hierdie geloofswerklikheid loop oor in ‘n loflied, daarom kan die mens verder sê, “Ek loof God”.
- Skepselmatigheid impliseer ‘n verantwoordelike reaksie en afhanklikheid van God in alle relasies waarin die mens staan. Dit dui ook op die sedelikheid van die mens, wat keuses kan uitoefen as ‘n charismatiese wese.
- Geloof is die middel waardeur die pastoraat, antropologies gesproke, werk.
- Die elemente geloof, hoop, liefde, dankbaarheid en blydschap is fundamenteel in ‘n teologiese antropologie. Die elemente geloof, hoop, liefde, dankbaarheid en blydschap versterk die mens se skepselmatige- en strukturele gerigtheid op God.
- Die mens is ‘n geestelike wese. ‘n Mens word waarlik mens en kom tot ‘n nuwe selfaanvaarding en die ontdekking van sy identiteit deur die werk van die Heilige Gees.

Die voorafgaande antropologiese samevatting dui daarop dat die mens 'n verhoudingswese is en dat die sentraal oorkoepelende verhouding, waarvolgens die mens as sedelike- en etiese wese gerig word, die verhouding met God is. Hiervolgens is dit duidelik dat die verrekening van die geestelike dimensie nie 'n eensydige benadering is nie maar ‘n geheelbenadering impliseer. Dit dien as die basiese vertrekpunt waarvolgens alle ander maatskaplike verhoudinge gerig word. Die verrekening van die geestelike dimensie as die pneumatologiese, bring 'n fusie tussen die verhaal van die mens en die verhaal van God vir die mens mee (Vgl. 2.2; 6.11; Fig. 6.2).

### **7.2.7 Die geskiktheid van narratiewe terapie in samehang met ‘n diakonologies-gefundeerde pastorale perspektief vir die verrekening van die geestelike dimensie in maatskaplike werk**

In die alledaagse maatskaplike omgang van mense word van storievertelling gebruik gemaak as ‘n manier waarvolgens kennis met mekaar gedeel word. Op dieselfde wyse word in die Bybel ook gebruik gemaak van stories om die verlossingsverhaal van God met mekaar te deel. Daar word na narratiewe terapie verwys as ‘n verhalende terapie omdat daar tydens terapeutiese sessies aansluiting by die lewensverhale of stories van mense gevind word. Die benutting van stories vir die oordrag van inligting staan dus sentraal in die drie veranderlikes waarna verwys word naamlik: die mens se verhaal wat tydens sy sosiale omgang vertel word, die vertel van Bybelverhale aan mekaar as ‘n leerervaring van God se verhaal vir die mens en die verhaal wat tydens terapie vertel word (Vgl 4.2; 6.13).

Tydens narratief-pastoraal-terapeutiese sessies word saam met die kliënt, na aanleiding van wat vertel word, gesoek na moontlike oplossings vir die probleemversadigde verhaal met die doel om ‘n nuwe hoopgerigte verhaal te ontwikkel. In die terapeutiese proses word gebruik gemaak van die teorie van narratiewe terapie soos dekonstruksie, eksternalisering, herskryf van stories, seremoniële praktyke en terugneemaksies (Vgl. 4.4.4.3; 6.17).

*Promissioterapie* vind aansluiting by die narratiewe perspektief waarvolgens die mens se storie herskryf word, omdat dit die herstel van die mens se verhaal ten doel het, in so ‘n mate dat dit uitloop op eskatologiese hoop (Vgl. 3.4; Vgl. 6.16; 6.17). Aandag word veral aan disfunsionele stories gegee wat moontlik die proses van eskatologiese hoop kan blokkeer. Narratief-pastorale terapeute, benut dekonstruksie as ‘n perspektief om disfunsionele toekomsgerigte stories te dekonstrueer. Betekenis word aan dekonstruksie gegee deur sommige stories as fiksie en ander as faksie te klassifiseer. Fiktiewe stories word onderskei van feitlike (faksie) stories ten einde by die waarheid uit te kom. Toekomsgerigte stories is dikwels soos fiksie, maar dit moet binne die raamwerk van faksie (die werklikheid) geplaas word om sin aan die lewe te gee. Terapeuties word dan gepoog om die twee wêrelde met mekaar te versoen (Vgl. 5.4). Die terapeut en mens-in-nood soek saam na die aspekte wat groei

tot geloofsvolwassenheid binne 'n Christelike lewens- en wêreldbeskouing blokkeer. Hierdie proses kan vergelyk word met die werkswyse wat deur Jesus in die Nuwe Testament gebruik is tydens die vertelling van gelykenisse (Joh. 4). Die kliënt word uitgenooi om sy storie deur middel van 'n hoopgerigte toekomsstorie, te herkonstrueer deur 'n sondige leefwyse te verruil vir 'n leefwyse van geestelike groei in wat in der waarheid 'n verlede- en toekomsdimensie insluit.

Die gebruik van narratiewe terapie, diakonologiesgefundeerd, word as 'n geskikte terapeutiese benadering bevind waarvolgens maatskaplike werkers aansluiting by die verrekening van die geestelike dimensie en die geloofsverhaal van die mens-in-nood kan vind.

### **7.2.8 Besikbaarheid van literatuurbronne vir die uitvoering van die studie**

Voldoende literatuurbronne met betrekking tot pastorale benaderings en narratiewe terapie, postmodernistiesgefundeerd, bestaan. Die inligting betreffende narratief-pastorale perspektiewe gefundeer in 'n diakonologiese epistemologie moes vir die doeleindes van die studie op 'n hermeneutiese interpretatiewe manier saamgestel word. Voldoende literatuur is gevind vir die samestelling van die praktyk-perspektiewe (Vgl. 5.5).

### **7.2.9 Geslaagdheid en doelbereiking**

Die doel van hierdie studie, naamlik 'n ondersoek na die gebruiksmoontlikhede van narratief-pastorale benaderings in maatskaplikewerkintervensies kan grootliks as geslaag beskou word omdat:

- aan die maatskaplikewerkprofessie narratief-pastorale perspektiewe gebied word waarvolgens die geestelike dimensie op 'n wetenskaplike verantwoorde wyse as deel van die maatskaplike problematiek verreken kan word.

Die geslaagdheid van die doel is verder bereik deur die uitvoering van die volgende primêre doelstellings:

- Die verkenning van teologiese basisteorieë ten einde die onbekende en transendente faktor van ons bestaan te verstaan. Hiervolgens is dit baie duidelik dat die mens 'n geestelike dimensie en ewige bestemming het waarvolgens lewenskeuses gemaak word.

- Die tweede primêre doelstelling is die verkenning van 'n teologiese antropologie wat uitgaan van die veronderstelling dat die mens 'n etiese wese is, waarvolgens gedrag en lewenswaardes gerig word. 'n Diepgaande verkenning van antropologiese beskouinge het aangetoon dat die antropologiese beskouing van beraders en persone in nood as 't ware die vertrekpunt is waarvolgens die pastorale gesprek gerig word. Ten einde gehoor te gee aan etiese waardes volgens Bybelse riglyne, is dit noodsaaklik vir pastorale beraders om klaarheid in hul eie gemoed te hê oor die gesag van die Skrif rakende etiese kwessies. Daarsonder sal verwarrende leiding aan persone in nood gebied word.

- Die derde primêre doelstelling is die verkenning van 'n narratief-pastorale benadering waarvolgens die dialoog tussen God en mens ge-operasionaliseer word. In die verkenning van narratiewe werkswyses is gevind dat daar 'n verskil bestaan in die gebruik van narratiewe benaderinge wat gefundeer is in 'n postmodernistiese epistemologie, teenoor narratiewe benaderinge wat gefundeer is in 'n diakonologiese epistemologie. Maatskaplike werkers wat uit 'n Christelike benadering werk kan hulle vereenselwig met 'n diakonologiese gefundeerde narratiewe epistemologie. 'n Postmodernistiese epistemologie gee aanleiding tot etiese vraagstukke omdat daar van die beginsel uitgegaan word dat daar geen vaste waardes en waarheid bestaan nie (Vgl. 1.7; 4.3.3).

- In pastorale beraad word 'n hermeneutiese narratiewe benadering gebruik. Hiervolgens word die mens se storie gesien binne die groter raamwerk van God se storie vir die mens. Die belofte van ewige hoop en 'n eskatologiese perspektief bied die nodige ruimte waarvolgens die liefde, vergifnis en verlossingsplan van Jesus Christus gekommunikeer kan word op 'n holistiese wyse. In sekulêre benaderinge gaan dit grootliks om die hier en nou met klem op dekonstruksionisme. Uit 'n narratief-pastorale perspektief lê daar 'n wesenlike gevaar in die benaderingswyse van "die kliënt is die *expert*", as dit nie losgemaak word van 'n postmodernistiese

oorsprong nie. Die postmodernistiese fundering plaas 'n beperking op die normatiewe leiding wat in pastorale berading gebied word (Vgl. 4.3.5).

Deur middel van die beantwoording van die navorsingsvrae is die navorsingsprobleem ontsluit, deurdat 'n bepaling gedoen kon word van die implikasies wat die verrekening van die geestelike dimensie vir maatskaplikewerkhulpverlening inhou.

### 7.3 Aanbevelings

Aanbevelings wat gedoen word, word in ooreenstemming en met inagneming van die huidige ontwikkelings, die paradigmaterskuiwing, beperkte beskikking oor finansiële bronne en die bestaande infrastruktuur van die maatskaplikewerkprofessie, gedoen. Die aanbevelings wat gemaak word, het betrekking op die maatskaplikewerkpraktyk, -teorie, -opleiding, -navorsing en -beleid.

#### 7.3.1 Praktyk

'n Narratiewe-pastorale benadering kan vir gebruikstoepassing in alle primêre maatskaplikewerkmetodes aanbeveel word.

- **Gevallewerkintervensies** kan uitgebrei word om voorsiening te maak vir die verrekening van die geestelike dimensie deur die mens se verhaal in ooreenstemming met God se verhaal te bring.

- Tydens **groepwerkbyeenkomste** kan die verrekening van die geestelike dimensie geïnkorporeer word as deel van die groepwerkgesprek deur aan die groeplede te vra om die betekenis en of ontwikkeling van hul geestelike ervarings met mekaar te deel. Groepwerkgroepe kan ook dien as 'n gehoor ("audience") om versterking te verleen aan 'n persoon wat 'n persoonlike narratiewe met hulle wil deel.

- Narratiewe-pastorale benaderings kan in **gemeenskapswerk** aangewend word as gevolg van die interkulturele fundering daarvan. Gemeenskappe kan deur die gebruik van die metode geestelik versterk word wat kan lei tot 'n hoopskeppende ervaring.

- **Maatskaplikewerkbestuurders** kan narratief-pastorale benaderings benut as 'n strategie in veranderingsbestuursmetodiek. Maatskaplike werkers kan gevra word om te vertel hoe hul die aanpassings in werksverband, vanweë die nuwe politieke beleid, ervaar. Vanuit die narratiewe kan 'n hoopnarratief geskep word deur die bewusmaking van 'n toekomsgerigte hoop dimensie wat setel in Jesus Christus.

### **7.3.2 Teorie**

- Kennis moet by wyse van verslaggewing aan die sosiale wetenskappe gegee word van die feit dat daar slegs na 'n holistiese benadering verwys kan word as die geestelike dimensie deel vorm van die terapeutiese proses. Indien dit nie gedoen word nie sal maatskaplike werk ontwikkel in 'n humanistiese benadering waarin gekonsentreer word op rasionalisme en menseregte. Christelike maatskaplike werkers sal toenemend ongemaklik voel met die implementering daarvan omdat hul wetenskapsfundering en hul mensbeskouing verskil.

### **7.3.3 Opleiding**

- Christelike maatskaplike werkers behoort by wyse van nagraadse opleiding en seminare toegerus te word om gebruik te maak van diakonologiesgefundeerde narratief-pastorale benaderings vir die verrekening van die geestelike dimensie op 'n inter- en intradissiplinêre samewerkingsooreenkoms met teologie.
- Die insluiting van basiese opleiding in praktiese teologie behoort deel te vorm van die kurrikulum van die maatskaplike werker.

### **7.3.4 Navorsing**

- Daar word aanbeveel dat maatskaplike werk as 'n professie evaluerend, by wyse van verdere navorsing, moet bepaal of die humanistiese basisteorieë waarin dit gefundeer is, implementeerbaar is in 'n Christelik benaderde praktyk.

- 'n Indiepte ondersoek moet deur kerkgemeenskappe geloods word ten einde te bepaal waarom kerklidmate nie doelbewus leef volgens 'n eskatologiese toekomsverwagting nie.
- Die eindresultaat van hierdie studie bied 'n perspektiwistiese raamwerk waarvolgens 'n narratief-pastorale benaderingsmodel in maatskaplike werk ontwikkel kan word. Die raamwerk kan deur verdere kwalitatiewe verklarende navorsing ontwikkel word tot 'n volwaardige narratief-pastorale beradingsmodel.
- Uitgebreide navorsing, rakende die rol wat die geestelike dimensie in verskillende kultuurgroepe en godsdienste speel, is noodsaaklik vir die ontwikkeling van 'n multidissiplinêre intervensiemodel in maatskaplike werk.

### **7.3.5 Beleid**

- Daar word aanbeveel dat die maatskaplikewerkkurrikulum aangepas moet word om maatskaplike werkers te sensiteer vir die invloed van humanistiese politieke ideologieë soos byvoorbeeld postmodernisme, aangesien dit etiese implikasies inhou vir die maatskaplikewerkprofessie.
- Christelike maatskaplike werkers en kerkgemeenskappe moet bewus gemaak word van die belangrike ondersteunende rol wat lidmate het om te vervul by wyse van omgee vir mekaar. Die omgeebeginsel moet gebaseer wees op opregte liefde vir mekaar, soos wat Christus sy kinders lief het.
- Die Suid-Afrikaanse Raad vir Maatskaplike Diensteberoep (SARMD) maak voorsiening vir die registrasie van pastorale sielkundiges as beraders. Daar word egter nie voorsiening gemaak vir maatskaplike werkers wat oor die nodige kwalifikasies beskik, om byvoorbeeld as 'n pastorale maatskaplike werker, te registreer nie. Daar word aanbeveel dat indien Suid-Afrikaanse universiteite kursusse in pastorale berading vir maatskaplike werkers sou aanbied, die SARMD versoek moet word om voorsiening te maak vir die registrasie van so 'n spesialiteitskategorie.
- Die nuutgestelde teoretiese kennisraamwerk deur die Suid-Afrikaanse Raad vir Kwalifikasies en die Nasionale Standaardliggaam vir Maatskaplike Werk maak voorsiening vir interdissiplinêre benaderings en religieuse studies. In aansluiting by hierdie

moontlikheid kan voorsiening gemaak word vir die insluiting van pastorale modules by maatskaplikewerkopleidingsinstansies.

#### **7.4 Slot**

Ten slotte word aanbeveel dat 'n diakonologiesgefundeerde narratief-pastorale benadering in die maatskaplikewerkpraktyk in gebruik geneem behoort te word omdat dit die beginsel van eskatologiese hoop bied, in antwoord op die gevoelens van moedeloosheid wat tans in die samelewing heers. Die gebruik van narratief-pastorale perspektiewe in maatskaplike werk vestig die aandag op die noodsaaklikheid van inter- en intradissiplinêre samewerkingsmoontlikhede tussen teologie en maatskaplike werk. Dit is 'n proses wat uit 'n geheel-benadering gesamentlik aangespreek behoort te word en die perspektiewe van hierdie studie lê 'n basis in die verband.

## BRONNELYS

Adams, J.E. 1976. **Competent to counsel**. Presbyterian and Reformed Publishing Company: USA.

Allen, J. 2000. **Soos 'n mens dink**. CUM: Vereeniging.

Alvermann, D.E. 2002. **Narrative approaches**. Handbook of Reading Research: Volume III [Http://www.readingonline.org/articles/handbook/alvermann](http://www.readingonline.org/articles/handbook/alvermann)

Anderson, H. and Goolishian, H. 1992. **The client is the expert: A not-knowing approach to therapy. Therapy as social construction**. McNamee and Gergen, K.J. (eds.) Sage: London.

Anderson, N.T. 2000. **The Bondage Breaker**. Concorde House, Mill Hill: London.

Anderson, H. 1995. **Collaborative language systems: Toward a postmodern therapy**. Integrating family therapy: Family psychology and systems theory. Mikesell, R. Lusterman, D and McDaniel, S. (eds.) American Psychological Association: Washington DC.

Atwood, R.A. 1998. **Calvinist sins and the reformation of the social sciences**. Institute for Reformational Studies. Study pamphlet Nr. 370: 1-8, October.

Babbie, E. and Mouton, J. 2001. **The practice of social research**. Oxford University Press: Belmont: Wadsworth.

Barnard, A. 1997. **Die hartseer en die hoop**. CUM: Vereeniging.

Barnes, J. 2002. **Reform of social work education and training**. [www.doh.gov.uk/swqualification/newrequirements.htm](http://www.doh.gov.uk/swqualification/newrequirements.htm).

Barry, K.L., Zeber, J.E., Blow F.C. and Valenstein, M. 2003. Effect of strengths model versus community treatment model of participant outcomes and utilisation. **Psychiatric Rehabilitation Journal**. [Http://www.bu.edu/prj](http://www.bu.edu/prj)

Basson, P.J. 1971. **Die geskiedenis van maatskaplike sorg**. Maatskaplike Werk I, Hugenate Kollege: Wellington.

Becvar, D.S. and Becvar, R.J. 2000. **Family Therapy**. (4<sup>th</sup> Edition). Allyn and Bacon: USA.

Behan, C. 1999. **Linking lives around shared themes: narrative group therapy with gay men**. [Http://www.dulwichcentre.com.au](http://www.dulwichcentre.com.au)

Berkhof, H. 1969. **De mens onderweg, een christelike mensbeskouwing**. Kerk en Wêreldreeks No. 5. (Vyfde Druk). Boekencentrum, N.V: Gravenhage.

Bertrando, P. 2000. Text and context: narrative, postmodernism and cybernetics. **Journal of Family Therapy**, 22 (1): 83 -103, February.

Besley, T. 2001. Foucauldian influences in narrative therapy: An approach for schools. **Journal of Educational Enquiry**, 2 (2): 72 - 93.

Bingle, P. 2000. **Sien sonkant eerder as sondekant**. Die Kerkbode, 165(7):1, Oktober.

Bisman, C. 2004. Social work values: The moral core of the profession. **British Journal of Social Work** Vol. 34, 109-123

Blackaby, H.T. en King, C.V. 2001. **Beleef God. Hoe om God se wil te ken en te doen**. NDB Drukkers: Goodwood.

Blanton, G. 2002. **Family therapy**. Asheville, NC 28805.

Blow, K.E. and Daniel, G. 2002. Frozen narratives. Post-divorce processes and contact disputes. **Journal of Family Therapy**, 23(1):85-104, February.

Boje, D. 1999. **Narrative therapy**. [Http://cbae.nmsu.edu/dboje/narrativetherapy.html](http://cbae.nmsu.edu/dboje/narrativetherapy.html)

Bosman, Van der Merwe & Hiemstra – sien woordeboeke

Botella, L. 2002. **Constructivism and narrative psychology**. Ramon Llull University. [Http://www.informed.es/constructivism/documsweb/andreas.html](http://www.informed.es/constructivism/documsweb/andreas.html)

Bowpitt, G. 2000. Working with creative creatures: Towards a christian paradigm for social work theory, with some practical implications. **British Journal of Social Work**. Vol. 30 (3) June ISSN 0045-3102.

Bradley, S. 2000. **Interdisciplinary studies-social science**. Social Science Inquiry, Internet ISSS 120.

Brammer, L.M. 1985. **The helping relationship: Process and skills** (3<sup>rd</sup> Edition). Prentice-Hall Inc: New Jersey.

Brammer, L.M. and Shostrom, E.L. 1968. **Therapeutic psychology**. (2<sup>nd</sup> Edition). Prentice-Hall Inc: New Jersey.

Brandt, H. and Skinner, K.L. 1999. **The word of the wise - Making scripture the heart of your counseling ministry**. Broadman and Holman Publishers: Nashville, Tennessee.

Bratcher, D. 2001. **Guidelines for interpreting biblical narrative**. Christian Resource Institute. [Http://www.cresourcei.org/narrguide.html](http://www.cresourcei.org/narrguide.html)

Burger, C. 2004. Gesoek: Werkbare planne. **Kruispunt**. (13) 25/26/27 Maart.

Burger, C. 1998. **Wenvroue in Christus**. CUM: Goodwood.

Burr, V. 1995. **An introduction to social constructionism**. Routledge: London.

- Buyts, J. 2004. Tien jaar van demokrasie – waarheen nou? **Kruispunt**. (13) 25/26/27 Maart.
- Bush, L. 1997. **Interprofessional education initiatives**. Faculty of Medicine. Vol.5(39) June.
- Campbell, B. 2002. **Phenomenology as research method**. Victoria University of Technology: Australia.
- Canda, E.R. 2002. A Worldwide view on spirituality and social work: Reflections from the USA experience and suggestions for internationalization. **Currents: New Scholarship in the Human Services**, 1 (1). [Http://fsw.ucalgary.ca/currents/canda1/canda.html](http://fsw.ucalgary.ca/currents/canda1/canda.html)
- Canda, E.R. 2000. Review of spirituality in social work: new directions (1998). Families in society: **The Journal of Contemporary Human Services** 81 (1), 105 -106.
- Canda, E.R. 1988. Spirituality and social work practice. Social case work: **The Journal of Contemporary Social Work Practice**, 69, 238-247.
- Carey, M. and Russel, S. 2002. **Externalising: Commonly asked questions**. The Dulwich Centre Website. [Http://www.dulwichcentre.com](http://www.dulwichcentre.com)
- Carkhuff, R.R. 1969. **Helping and human relations: a primer for lay and professional helpers**. Holt, Rinehart and Winston: New York
- Carstens, C. 2000. Algemene Sinodale Kommissie van die NG Kerk praat reguit oor Landman, Spangenberg se uitsprake. **Die Kerkbode**, 165(6): 7-8, September.
- Cascio, T. 1998. Incorporating spirituality in social work practice: a review of what to do. Families in Society: **The Journal of Contemporary Human Services**, 523 - 531.
- Catteral, M. and Maclaran, P. 1997. Focus group data and qualitative analysis programs: Coding the moving picture as well as snapshots. **Sociological Research Online Journal**, Vol. 2, No. 1. [Http://www.socresonline.org.uk](http://www.socresonline.org.uk).

Clarke-Mcleod, P.G. and Coughlan, F.J. 1995. In search of accountability: An exploration of the use of theory in practice. **Die maatskaplikewerknavorser-Praktisyn/The Social Work Practitioner-Researcher**, 8 (4): 268 - 278, December.

Clinebell, H.J. 1984. **Basic types of pastoral care and counselling: resources for the ministry of healing and growth**. Abingdon: Nashville, USA.

Cohen, A. and Daniels, V. 2001. **Review of literature: Responses to empirical and hermeneutic approaches, phenomenological research in psychology: a comparison**. Gestalt, Vol. 5 (2) 2001. ISSN 1091 1766

Collins, G.R. 1988. **Christian counselling**. (Revised edition). London. Word Publishing: USA.

Congress, E.P. 1994. The Use of culturagrams to assess and empower culturally diverse families. Families in society: **The Journal of Contemporary Human Services**. 75(7) 531 – 538. November.

Cooper, J. 1999. **Wandering, arriving and remembering: tales from the Jewish tent**. Narrative therapy and community work. A conference collection. Dulwich Centre Publications: Adelaide, South Australia. ISBN 0 958667888

Crabb, L. 1997. **Connecting, a radical new vision**. Word Publishing: Nashville, USA.

Crabb, L. 1977. **Effective biblical counselling**. Zondervan Publishing House: Nashville, USA.

Crabb L. 1999. **The safest place on earth. Where people connect and are forever changed**. Word Publishing: Nashville, USA.

Crafford, D. 1994. **Godsdienstige perspektiewe in die heropbou van die gemeenskap**. Sentrum vir Voortgesette Teologiese Opleiding (SEVTO): Universiteit van Pretoria.

Creswell, J.W. 1994. **Research design - Qualitative and Quantitative Approaches**. SAGE Publications: London.

Damianakis, T. 2001. Postmodernism, spirituality and the creative writing process: Implications for social welfare practice. **Families in Society**, 82(1):23-34, Jan-Feb.

De Beer, P. 2004. Christus die antwoord. **Kruispunt**. (13) 25/26/27 Maart.

Definitions, 2001. **Humanisme**. [Http://www.humanist.net](http://www.humanist.net)

De Jongh Van Arkel, J.T. 1988. Die pastoraat: noodsaaklike onderskeidings. 'n Posisiebepaling na 25 jaar. **Praktiese Teologie in Suid-Afrika**, 5.

De Klerk, J.C. 2000. Situating biblical narrative studies in literary theory and literary approaches. UNISA - **Online Journals: Religion and Theory**.

Delanty, G. 2000. **Social science. Beyond constructivism and realism**. (2<sup>nd</sup> Edition). London. St. Edmundsbury Press Ltd: Great Britain.

DEPARTEMENT van Arbeid, kyk SUID-AFRIKA (Republiek) Departement van Arbeid.

De Vos, A.S. 1998. **Research at grass roots**. (2<sup>nd</sup> Edition). Van Schaik Publishers: Pretoria.

De Vos, A.S., Schurink, E.M., and Strydom H. 1998. The nature of research in the caring professions. **Research at grass roots**. A.S. De Vos (Ed.). (2<sup>nd</sup> Edition). Van Schaik Publishers: Pretoria.

De Vos, A.S. and Fouche, C.B. 1998.. **General introduction to research design, data collection methods and data analysis**. De Vos, A.S. 2000 (Ed.) (2<sup>nd</sup> Edition). Research at grass roots. Van Schaik Publishers: Pretoria.

**Die Bybel**, 1983. Nasionale Boekdrukkery: Goodwood.

Dobson, L. 2000. **Hou vas aan geloof selfs ...wanneer God nie sin maak nie.** (Tweede Uitgawe, Eerste druk). CUM: Vereeniging.

Dreyer, J.S. 1997. Praktiese teologie, refleksiewe verwetenskapliking en die verhouding tussen wetenskaplike kennis en praktiese handeling. **Praktiese Teologie in S.A.** (12)1:13-28

Dreyer, J.S. 1998. The research and the researched: methodological challenges for practical theology. **Praktiese Teologie in S.A.** 13(1):14-24

Du Plessis, M.J.M. 2000. **Die ontwerp van 'n gemeenskapsontwikkelingsmodel: 'n maatskaplikewerk-perspektief.** Ongepubliseerde Proefskrif, Departement Maatskaplike Werk, Universiteit van die Vrystaat, Bloemfontein.

Du Preez, M.S.E. 1972. **Maatskaplike groepwerk.** McGraw-Hill Boekmaatskappy: Elsiesrivier.

Du Rand J.A. 1986. **Bybelstudie oor Openbaring.** Bybelkor: Wellington.

Du Toit, A.S., Grobler, H.D., and Schenk, S. 2001. (2<sup>nd</sup> Edition) **Person-centred communication.** Oxford University Press: London.

Du Toit, B. 2000. **God? Geloof in 'n postmoderne tyd.** CLF Uitgewers: Bloemfontein.

Du Toit, E. 2000. **Besprekingsdokument oor emosionele intelligensie.** Dameskring, 24(1):12-18, Januarie.

Du Toit, G.V. 1997. **'n Onderzoek na en beskrywing van die leefwêreld van die Bybel in 'n postmoderne konteks.** Ongepubliseerde D.Phil - Proefskrif. Fakulteit Teologie. Universiteit van Pretoria.

Engelbrecht, B. 1982. **Ter wille van hierdie wêreld: Politieke en Christelike heilsbeleving in Suid-Afrika.** Tafelberg Uitgewers Bpk: Kaapstad.

Engelbrecht, S.W.H. en Niewenhuis, F.J. 1988. Onderwysstrategieë vir die toekoms. Suid-Afrika: **Perspektiewe vir die toekoms.** H.C. Marais.(red.). Owen Burgess Uitgewers: Kaapstad.

Epstein, I. 1988. **Quantitative and qualitative methods.** Social work research and Evaluation. (3<sup>rd</sup> Edition). Grinnell, R.M. Peacock Publishers: Itasca.

Epston, D. and Roth, S. 1995. **Engaging young persons in externalizing conversations: Developing abilities and knowledge.** [Http://www.narrativeapproaches.com](http://www.narrativeapproaches.com)

Epston, D., White, M. and Murray, K. 1992. **A proposal for re-authoring therapy. Therapy and social construction.** S.McNamee and K.J. Gergen (eds.), Sage: London.

Estes, R.J. 2003. **Models, social modeling and models of international social work education.** University of Pennsylvania. [Http://casterssw.upenn.edu/~restes/isw/chapter2.html](http://casterssw.upenn.edu/~restes/isw/chapter2.html)

Faculty of Medicine, 1997. Interprofessional education initiatives. University of Toronto. **Journal of Medicine.** June 1997. Vol. 5/39.

Faver, C.A. and Cox, M.A. 2001. **Spiritual experiences and spiritual well-being: An exploratory study.** University of Tennessee, College of Social Work. [Http://sswr.org.papers2001/249.htm](http://sswr.org.papers2001/249.htm)

Feenstra, J.G. 1972. **Leer en Lewe.** SACUM: Bloemfontein.

Fernandez. M. 2003. **A Case study using narrative therapy to rewrite the nonconforming reputation of a high school student.** Sacred Heart College: America

Fields, M.D. 1995. War of Worldviews. **PREMISE**, 2(8) 2-3, September.

- Finesse Tydskrif. 2000. 'n **Herinneringsverhaal**. Oktober (1).
- Fouche, C.B. en De Vos, A.S 1998. Selection of a researchable topic. De Vos, A.S. 2000.(red.). **Research at Grass Roots**. (2<sup>nd</sup> Edition). Van Schaik Publishers: Pretoria.
- Francis, P.C. 2001. **Introduction to marriage and family therapy genograms**. Texas A and M University, Department of Counseling.
- Freedman, J. 1981. **Techniques of family therapy**. Jason Aronson: New York.
- Freedman, J. and Combs, G. 1996. **Narrative therapy: The social construction of preferred realities**. Guilford Press: New York.
- Freedman, J., Epston, D. and Lobovits, D. 1997. **Playful approaches to serious problems: Narrative therapy with children and their families**. Norton: New York.
- Frye, J.W. 2000. **Jesus as the Pastor**. Zondervan Publishing House: Michigan.
- Ganzevoort, R.R. 1994. **Sociale wetenschappen binnen theologie als brug-verschijnsel**. U.U. Faculteit: Utrecht.
- Ganzevoort, R.R. 1998. Reading by the lines. Narrative analysis in empirical theology. **Journal of Empirical Theology** 11(2), 23-44.
- Ganzevoort, R.R. 2000(a). Investigating life-stories. Personal narrative in pastoral psychology. **Journal of Psychology and Theology** 21(4), 227-287, January.
- Ganzevoort, R.R. 2000(b). Rituele topperigheid. **Kontekstueel** 14(3) 2000, 27-30.
- Ganzevoort, R.R. 2001. Religion in rewriting the story. **International Journal for the Psychology of Religion**. 11(2), 45-62.

Gardiner, E. 1999. **Narratiewe pastorale terapie met broodwinners tydens 'n rasionaliseringsproses.** Ongepubliseerde M.A. Verhandeling. Fakulteit: Teologie. Universiteit van Suid Afrika.

Gaum, F. 1978. **So glo ek.** Bybelkor NG Kerk-Uitgewers.

George, E. 2000. **The Lord is my sheperd.** Harvest House Publishers: Eugene, Oregon. USA.

George, E. 2001. **A woman after God's own heart.** Christian Art Publishers: Vereeniging.

Gerkin, C.V. 1997. **An introduction to pastoral care.** Abington Press: Nashville.

Gibbs, A. 1997. **Focus groups. Social research update.** University of Surey, Guildford GU7 5XH, England.

Gilbert, M.C. 2000. Spirituality in social work groups: Practitioners speak out. **Social Work with Groups, 22(4),67.**

Gouws, I. 2003. **Verootmoedigingsdiens.** Moot Voortrekkerkorps, Pretoria.

Grassie, W. 1997. Postmodernism: What one needs to know. Zygon: **Journal of Religion and Science.** March 1997.

Grinnell, R.M. (Jr). 1993. **Social work research and evaluation.**(4<sup>th</sup> Edition). Peacock Publishers, Inc., Itasca: Illinios.

Grinnell, R.M. and Siegel, D.H. 1988. The place of research in social work. In Grinnell R.M. (Jr). **Social Work Research and Evaluation.** (3<sup>rd</sup> Edition). Peacock Publishers, Inc., Itasca: Illinios.

Grobbelaar, S.W.P en Louw, S. 1990. Ekologie as metafoor vir gemeenskapswerk en gemeenskapsontwikkeling. **Die Maatskaplikewerknavorsers-Praktisyn/The Social Work Practitioner-Researcher.** Volume 3 (2): 15 -22 Junie.

Groenewald, T. and Schurink, W. 2003. **The contribution of co-operative education in the growing of talent in South Africa: A qualitative phenomenological exploration.** Case Study 5: Groenewald and Schurink: RAU.

Hall, D.W. 1994. **Welfare reformed: Biblical principles. Toward a post-statist theological analysis of poverty.** PR Publishing, Phillipsburg: New Jersey.

Hall, C.S. and Lindzey, G. 1970. **Theories of personality.** (2<sup>nd</sup> Edition). John Wiley & Sons Inc: New York.

Haralambos, M. and Holborn, M. 1991. **Sociology: Themes and Perspectives.** Harper Collins Publishers: London.

Hawkins, R.E. 1997. Marriage and family counselling. **Totally Sufficient.** Hindson, E. and Eyrich, H. (eds.) Harvest House Publishers: Oregon

**Heidelbergse Kategismus.** 1962. Calvyn-Jubileum-Boekefonds: Potchefstroom.

Healy, K. and Meager, G. 2004. The reprofessionalization of social work: Collaborative approaches for achieving professional recognition. **British Journal of Social Work.** Vol. 34, 243 –260.

Heitink, G. 1977. **Pastoraat as hulpverlening: Inleiding in die pastorale teologie en psychologie.** 3<sup>rd</sup> Edition). Kok: Kampen.

Heitink, G. 2000. **Pastorale zorg. Teologie differentie praktijk. Handboek praktiese teologie.** (2<sup>nd</sup> Edition). Kok:Kampen.

Heltzer, K. 2003. **Narrative story theory.** Department of Social Work. [Http://www.d.udm.edu](http://www.d.udm.edu)

Heyns, J.A. 1970. **Die nuwe mens onderweg.** Tafelberg-Uitgewers Bpk.:Kaapstad.

Heyns, J.A. 1974. **Die mens. Bybelse en buite-bybelse mensbeskouing.** SACUM: Bloemfontein.

Hiltner, S. 1954. **Preface to pastoral theology.** Abingdon: Nashville.

Hindson E. and Eyrich H. 1997. The Bible and Christian counseling. **Totally Sufficient.** Harvest House Publishers: Oregon.

Hodge, D.R. 2001. Spiritual genograms: A generational approach to assessing spirituality. **Families in Society**, 82(1):35-48, Jan-Feb.

Hodnett, G. 2001. **A.A. van Ruler's doctrine of the messianic intermezzo and it's implications for understanding the Old Testament.**

[Http://althusius.net/theology/Messianic](http://althusius.net/theology/Messianic)

Hoffman, A. 2004. Oor die heiligheid en eenheid van die kerk en een kerkverband. **Kruispunt.** (13) 25/26/27 Maart.

Hofmeyr, L. 1972. **Die groeps gesprek in maatskaplike groepwerk.** McGraw-Hill Boekmaatskapy. Elsiesrivier.

Hugenate Kollege, 2003. **Reglement vir die Hugenate Kollege.** [Http://www.ngkerk.org.za](http://www.ngkerk.org.za)

Hugen, B. 1998. Calling: A spirituality model for social work practice. **Institute for Reformational Studies**, Study Pamphlet 370:1-8, October.

Huges, S. 1995. **If Jesus were your counsellor.** CWR Publishing: Colorado Springs.

Humanist 2001. [Http://www.humanist/definitions](http://www.humanist/definitions)

Internetsoektog, 2001. **Insluiting van pastorale beraad by maatskaplikewerkkursusse.** [Http://luc-edu/scholars/socialwork](http://luc-edu/scholars/socialwork)

[Http://www.ai.edu/origrams/academic](http://www.ai.edu/origrams/academic)

[Http://www.renison.uwaterloo.ac](http://www.renison.uwaterloo.ac)

[Http://www.plater.ac.uk/courses](http://www.plater.ac.uk/courses)

[Http://www.careers.ox.ac.uk](http://www.careers.ox.ac.uk)

[Http://bc.edu.bc](http://bc.edu.bc)

[Http://acu.edu.au](http://acu.edu.au)

Intergovernmental Fiscal Review. 2003. See SOUTH AFRICA (Republic) National Treasury.

Jaarbeplanner 2000. **My Dagboek 2000**. CUM: Vereeniging.

Janse van Rensburg, J (a). 2000. **The paradigm shift. An introduction to postmodern thought and its implications for theology**. Van Schaik Publishers: Pretoria.

Janse van Rensburg, J (b). 2000. Theology and economics - Pastoral care and poverty. **Theological Forum Issue**, XXVIII (1 & 2), May.

Janse van Rensburg, J 1987. **‘n Kritiese ondersoek na die moontlike gebruik van hipnose in die psigo-pastorale arbeid**. Ongepubliseerde Doc. Th - verhandeling, Fakulteit van Teologie, Universiteit van Suid-Afrika.

Janse van Rensburg, J. 1998. Regterbrein-strategieë vir pastorale terapie. **Ned. Geref. Teologiese Tydskrif**, XXXIX (1 & 2), 65-78, Maart en Junie.

Janson, M. 1991 (a). **Die kuns om werklik te lewe**. Van Schaik (Edms) Bpk: Pretoria.

Janson, M. 1991 (b). **Oorwin - Spanning, pyn en ‘n swak selfbeeld**. Aktupers, Nasionale Drukkery: Goodwood.

Jonker, W.D. 1974. **Die Bybel en Gods wil vir ons lewe**. N.G. Kerk Uitgewers.

Kelly, T.L. 2000. **Towards a common sense - Deconstruction in narrative therapy.** Dept. of Conflict Resolution, Portland State University.

Kitching, A. 2000. **Die 4 X 4 - avontuur van ouerskap.** Lux Verbi: Goodwood.

König, A. 2001. **Sleutelbegrippe van die Christelike geloof.** Lux Verbi: Goodwood.

Kreuger, R.A. 1988. **Focus groups: A practical guide for applied research.** Sage: London.

Kritzinger, D. 1994. Die hantering van armoede - Historiese perspektiewe. Sentrum vir Voortgesette Teologiese Opleiding (SEVTO): Universiteit van Pretoria.

Kruger, S.P. 1997. Assessering as basis vir gesinsinstandhoudingsdienste. **Social Work/Maatskaplike Werk**, 33(4): 297-309, September.

Landman, C. 2000. Teoloog skok met d- woord. Skoolmeisies kla oor preek in NG Kerk. **Beeld**, 2 September.

Lauer, R.H. 1998. **Social problems and the quality of life.** (7<sup>th</sup> Edition). Mc Graw Hill: USA.

Lawler, M.G. 2000. Comments on G. Heitink - Practical theology: history, theory, action domains. **Journal of Religion and Society**. Vol.2:2000

Lax, B. 1999(a). **Towards a common sense - Deconstruction in narrative therapy.** [Http://web.pdx.edu](http://web.pdx.edu)

Lax, B. 1999(b). **Definition of narrative therapy.** "Dulwich Centre Conference on Narrative". February 1999.

Leedy, P.D. and Ormrod, J.E. 2001. **Practical Research. Planning and Design.** (7<sup>th</sup> Edition). Merrill Prentice Hall: Upper Saddle River.

Le Roux, P.O. 1970. **Maatskaplike gevallewerk. 'n Christelik wetenskaplike benadering.** Hugenote Kollege, Wellington.

Lester, A.D. 1995. **Hope in pastoral care and counseling.** John Knox Press: Louisville, Kentucky.

Lester, S. 1999. **An introduction to phenomenological research.** [Http://www.devtsdemon.co.uk](http://www.devtsdemon.co.uk)

Levering, B. 2002. Concept analysis as empirical method. **International Journal of Qualitative Research Methods.** 1 (1) Article 2.

Liebenberg, N. 2000. **Kleipot, wie is jou God.** Equity: Pretoria.

Locke, D.C. 1992. **A model of multicultural understanding.** Sage: London.

Loewenberg F.M., Dolgoff, R. and Harrington, D. 2000. **Ethical decisions for social work practice.** F.E. Peacock Publishers: Inc. Itasca, Illinois.

Lombard, A. 1991. Gemeenskapswerk se plek in en bydrae tot gemeenskapsontwikkeling. **Perspektiewe op mensontwikkeling.** Lombard, A., Weyers, M.L. en Schoeman, J.H. (red.). HAUM: Pretoria.

Lombard, E. 1981. **Jou naaste soos jouself.** Bybelkor, Wellington.

Lombaard, S.F. 1980. Benaderings in maatskaplike werk. **Die Christelike mensbeskouing en die implikasies daarvan vir die beoefening van maatskaplike werk as profesie.** Grobbelaar, S.W.P. en Schoeman, J.H. (red.). Academica: Pretoria.

Louw, D.A., Gerdes, L.C. en Meyer, W.F. 1985. **Menslike ontwikkeling.** HAUM: Pretoria

Louw, D. J. 1999. **Pastoraat as vertolking en ontmoeting.** (Nuwe hersiene uitgawe) Lux Verbi: Pretoria.

Louw, D.J. 1997. Diakonaat in skeppingsperspektief: Die ekologiese aspek van pastorale sorg. **Praktiese Teologie in S.A.** 12(1) 52-62

Lucado, M. 1998. **Just like Jesus.** Word Publishing: Nashville.

Lutzer, E. 1998. **Pastor to Pastor.** (Revised and expanded). Kregel Publications: USA.

Madtes, P. and Hyndman, A. 1997. What about biomedical research? **The Bible and Christian Counseling Today: Totally Sufficient.** Hindson, E. and Eyrich, H. (eds.). Harvest House Publishers: Oregon.

Maher, M. 2003. The potential role of spirituality in conducting field research: Examination of a model and a process. **The Qualitative Report.** Volume 8, No. 1

Manual, T. 2003. Kyk SUID-AFRIKA (Republiek). Nasionale Tesourie.

Marton, F. 1994. **Phenomenography as a research approach.** The International Encyclopedia of Education. (2<sup>nd</sup> Edition). Vol. 8. Tosten Husen and T. Neville Postlethwaite (eds). Pergamon. Pp 4424 - 4429.

Marr, R. 1982. **Spiritual dynamite.** Whitaker House: USA.

McNamee, S. 1992. Reconstructing identity: The communal construction of crisis. McNamee, S. and Gerken, K.J. (eds.) **Therapy as social construction.** SAGE: London.

McGill, D.W. 1992. The cultural story in multicultural family therapy. **The Journal of Contemporary Human Services.** Pp. 339 - 349. Family Service America. Inc.

McKendrick, B. 1998. Social work education and training: from preparing for apartheid society to training for a developing democracy. **Maatskaplike Werk/Social Work,** 34(1): Special Edition 99-111, January.

McLeod, J. 2000. **Narrative processes in experiential therapy: Stories as openings.** Paper delivered to the British Association for Counseling Annual Research Conference, University of Manchester, 20 May 2000.

McWilliams, B. 2000. **Discerning the story structures in the narrative literature of the Bible.** [Http://www.seanet.com](http://www.seanet.com)

Mearns, D. and Thorne, B. 2001. **Person - centered counseling in action.** (2<sup>nd</sup> Edition). SAGE Publications Ltd.: London.

Memmott, R.M., Kevin, M. and Both, R.L. 2001. Use of the Neuman systems model for interdisciplinary teams. **Online Journal of Rural Nursing and Health Care.** 1(2). <http://www.rno.org/journal>

Meyer, W.F., Moore, L. en C. Viljoen, H.G. 1992. **Persoonlikheidsteorieë van Freud tot Frankl.** (Tweede druk). Lexicon Uitgewers: Johannesburg.

Meyer, W.F., Moore, L. en C. Viljoen, H.G. 1997. **Personology: From individual to ecosystem.** Heinemann: Johannesburg.

Meyer, J. 1996. **Die weg tot nuwe denke.** VG Uitgewers: Springs.

Midgley, J. 1995. **Social development: The development perspective in social welfare.** Sage Publications: London.

Moon, G.W. 2002. Spiritual Direction: Meaning, purpose and implications for mental health professionals. **Journal of Psychology and Theology.** Vol. 30 No. 4. 264-275.

Morgan, A. 2000. **What is narrative therapy?** Dulwich Centre Publications: Adelaide, South Australia.

Morris, C.R. 1996. **Christian mission in an interreligious world.** Report to the 122<sup>nd</sup> Diocesan Convention of the Diocese of Newark.

Mostert, W. C. 1982. **Die benutting van die Carkhuff-Model vir die opleiding van maatskaplikewerk-studente in terapeuties-bevorderlike kommunikasievaardighede.** Ongepubliseerde - D. Phil. Proefskrif, UOVS, Fakulteit, Maatskaplike Werk. Bloemfontein.

Mouton, J. en Marais, H.C. 1988. **Metodologie van die geesteswetenskappe: Basiese begrippe.** Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing, Pretoria.

Müller, J. 2002. Fiction writing as metaphor for research: A narrative approach. [Http://www.julianmuller.co.za](http://www.julianmuller.co.za)

Müller, J. 2000 (a). **Reis-geselskap, die kuns van pastorale gesprekvoering.** Lux Verbi: Pretoria.

Müller, J. 2000 (b). **Worstel met die verlede is bou aan die toekoms.**

[Http://www.julianmuller.co.za](http://www.julianmuller.co.za)

Müller, J. 2000 (c). **Spirituality and the Narrative.** Referaat gelewer by 'n nasionale kongres vir die pastorale assosiasie vir pastorale werk. [Http://www.julianmuller.co.za](http://www.julianmuller.co.za).

Müller, J. 2000 (d). **Tweede en Derde Orde Kubermetiek.** [Http://www.julianmuller.co.za](http://www.julianmuller.co.za)

Munroe, M. 1997. **In pursuit of purpose.** Destiny Image, Publishers, Inc: U.S.A.

NASW, 1999. **National Association of Social Workers.**

[Http://www.naswdc.org/Code/ethics.html](http://www.naswdc.org/Code/ethics.html)

Naude, P. 2001. Hoop. **Die Kerkbode**, 166(1):1, Februarie

Nederduitse Gereformeerde Kerk - Sinode Uitsprake 2002. **Die Kerkbode**. 169 (10):2, November

Nel, A. 2002. **Uit die Beek.** NBD Drukkers: Kaapstad.

Neethling, K. en Rutherford, R. 1999. **Oopkop ouers - Skep 'n opwindende toekoms vir kinders en tieners**. Carpe Diem Boeke: Vanderbijlpark.

Neuman, W.L. 2000. **Social research methods**. (4<sup>th</sup> Edition). Allyn and Bacon: USA.

Nooney, G. 1999. **You have entered narrative space**. Dulwich Centre Publications: Adelaide, South Australia.

Nouwen, H.J.M. 1969. **Essays in pastoral psychology**. Harper & Row, Publishers: San Francisco.

Nouwen, H.J.M. 2000. **Drie minute stiltetyd**. Lux Verbi, BM: Parow.

Oosthuizen, J. 2003. Regering se plan met godsdiens in skole. **Kerkbode** Deel 170 No.5 (1).

Ollerenshaw, J. 2002. **A narrative: Science stories by native American teachers-in-training**. Institution: Nebraska-Lincoln. [Http://www.ehr.nsf.gov/rec/survey/report](http://www.ehr.nsf.gov/rec/survey/report)

Olthuis, J.H. 1975. **I pledge you my troth. A Christian view of marriage, family, friendship**. Harper & Row Publishers: London.

Ogilvie, L.J. 1994. **The greatest counselor in the world**. Vine Books. Servant Publications: Ann Arbor, Michigan.

O'Neil, M. 1995. Can people be developed? **Die Maatskaplikewerknavorser-Praktisyn/The Social Work Practitioner-Researcher**. 8(4):289-296, December.

Osmer, R.M. 1997. Rationality in practical theology. **IJPT**, Vol. 1 pp. 11-40

Osmer, R.M. 1990. **Transforming rituals**. [Http:// www.alban.org](http://www.alban.org).

Ozrovech, S. 1993. **Die rykdom van Sy genade**. CUM: Goodwood.

- Packer, M. 1999. **Hermeneutic phenomenology**. [Http://www.mathcs.duq.edu/packer](http://www.mathcs.duq.edu/packer)
- Parry, A. 1991. A universe of stories. **Family Process**. 30(1) 30-37.
- Patel, L. 1998. Social work and the service delivery challenge. **Maatskaplike Werk/Social Work**, 34(1) Special Edition:112-123, January.
- Paul, P. Hussey, T. and Arnsberger, P. 2002. Meeting the mental health needs of Christians in a rural maine county: A survey of clergy and their congregations. **Social Work & Christianity**. Fall 2002. Volume 29, Number 3. ISSN 0737-5778
- Peterson, C.L and Martin, C. 2000. A new paradigm in general practice research towards trans disciplinary approaches. **New Paradigms in Practice Research** 1(1):1-14, December.
- Pescitelli, D. 1996. **Rogerian Therapy**. [Http://www.wynja.com/personality/rogerst.html](http://www.wynja.com/personality/rogerst.html)
- Pieterse, J.E. 1973. **Maatskaplike werk: 'n Algemene inleiding**. Academica: Pretoria.
- Pilgrim, D. 2000. The real problem for postmodernism. **Journal of Family Therapy**. 2000 (22): 6-23, June.
- Postmodern terms from N - Z**. 2001. [Http://www.california.com](http://www.california.com)
- Potchefstroomse Universiteit: 2003. **Jaarboek maatskaplike werk – Kursusinhoud**.
- Potgieter, P. 2000. Kerk nie nog 'n instelling nie. **Die Kerkbode**, 165 (9) 2-3, September 2000.
- Praglin, P.J. 2003. **Spirituality, religion and social work: An effort toward interdisciplinary conversation**. University of Northern Iowa.

Prescott, B. 1999. **Dead head leads SBC family**. Mainstream Messenger. Vol.2. No. 2. April 1999.

Pruis S.E. 1980. Benaderings in maatskaplike werk. **Die kliënt-gesentreerde benadering**. Grobbelaar S.W.P. en Schoeman J.H (red.). Pretoria.

Rebel, J.J. 1981. **Pastoraat in pneumatologiese perspektief**. Een teologiese verantwoording vanuit het denken van A.A. van Ruler. Kok: Kampen.

Roberts, R.W. and Nee, R.H 1970. **Theories of social casework**. The University of Chicago Press: Chicago and London.

Rojas, R., Montgomery, P. and Tovar, J. 2000. **Reflections on language, power, culture and spirituality**. Narrative therapy and community work. A Conference Collective. Dulwich Centre Publications: South Australia.

Roode, C.D. 1971. **Inleiding tot die sosiologie**. A.A. BALKEMA: Kaapstad.

Rosnow, R.L and Rosenthal, R. 1998. **Beginning behavioral research. A conceptual primer**. (3<sup>rd</sup> Edition). Prentice Hall: Upper Saddle River.

Rossouw, P.J. 1983. **Grondlyne van 'n pastorale model: Gerben Heitink**. NGKB. Tvl: Pretoria.

Roth, S. and Epston, D. 1989. **The process of questioning: A therapy of literary merit**. In The Selected Papers of Michael White, Dulwich Centre Publications: Australia.

Roux, J.P. en Kotze, D.J. 1997. Die koinoniale konstruksie van 'n toerustingsprogram vir narratiewe pastorale sorg. **Acta Theologica** 1:51-80

Ryan, M. 2002. **Client-centered therapy**. British Association for the Person Centered Approach. London, WCIN 3 XX.

Ryke, E.H. 1998. 'n Christelike benadering tot maatskaplike werk in 'n nuwe Suid-Afrika. **Institute for Reformational Studies**. Study pamphlet 370: 22-34, October.

SACSSP, 2001. See South African Council for Social Service Professions.

Schoeman, J.H. 1980. **Die sisteemteorie**. Benaderings in maatskaplike werk. S.W.P. Grobbelaar en J.H. Schoeman (red.). Academica: Pretoria.

Schoeman, H.P. 2000. **Maatskaplikewerknavorsing: Kom ons raak prakties**. Kernaantekening UOVS, Bloemfontein.

Schurink, E.M. en Schurink W.J. 1988. Developing practice wisdom into theory: The use of qualitative methodology in social work. **Die Maatskaplikewerknavorsing-Praktisyn/ Social Work Practitioner-Researcher** 1(2): 27-37, April.

Schurink, E.M. 1998. Deciding to use a qualitative research approach. **Research at Grass Roots**. A.S. de Vos (ed.), Van Schaik Publishers: Pretoria.

Schurink, E.M., Schurink, W.J en Poggenpoel, M. 1998. Focus group interviewing and audio-visual methodology in qualitative research. **Research at Grass Roots** A.S. de Vos (ed.), Van Schaik Publishers: Pretoria.

Schurink, W.J. 2003 (a). **Analysing qualitative data**. Lecture Six: Models of Qualitative Methodology. Training Course, RAU: Johannesburg.

Schurink W.J. 2003 (b). **Analysing and storing qualitative data**. Lecture Three: Models of Qualitative Methodology. Training Course, RAU: Johannesburg.

Schurink, W.J. 2004. Qualitative Research: Introducing key features of a humanistic approach to social science research. Lecture Twelve: **Qualitative research report writing**. Department of Human Resource Management, RAU: Johannesburg.

Schurink, W.J. 2004 (a) Qualitative Research: Introducing key features of a humanistic approach to social science research. Lecture Thirteen: **Evaluating qualitative research.** Department of Human Resource Management, RAU: Johannesburg.

Shafritz, L.B. and Roberts, A. 1994. The value of focus-group research in targeting communication strategies: An immunization case study. **Health Transition Review** Vol. 4 No. 1, 1994. USA.

Shapiro, J. and Ross, V. 2002. **Applications of narrative theory and therapy to the practice of family medicine.** Department of Family Medicine, University of California.

Sheridan, M.J. 2002. Spiritual and religious issues in practice. In A. Roberts and G. Greene (eds.). **Social Worker's Desk Reference**, New York: Oxford Univ. Press, 567 -571.

Silverman, G. 2000. **How to get beneath the surface in focus groups.** [Http://www.mnav.com/bensurf.htm](http://www.mnav.com/bensurf.htm)

Shores, S. 2003. **Stress and life's story.** [Http://www.chrstiancounsellor.com](http://www.chrstiancounsellor.com)

Smale, G., Tuson, G. and Statham, D. 2000. **Social work and social problems, working towards social inclusion and social change.** Campling, J. (ed.) Macmillian Press: London.

Smit, J. 1999. **Met God op reis, na 'n nuwe millenium.** CTP Boekdrukkery: Parow.

Smit, J. 2000. **Ontdek die lewe met 'n glimlag.** Struik Christelike Boeke: Kaapstad.

Smit, G.J. 1983. **Navorsingsmetodes in die gedragswetenskappe.** HAUM Opvoedkundige Uitgewers: Pretoria.

Smit, W.A. 1974. **Antropoterapie: 'n Dinamiese afgeleide relasiewyse vir toepassing in Christelike dienswerk.** Ongepubliseerde referaat gelewer tydens 'n praktykleierskursus van die AKDB van die Nederduitse Gereformeerde Kerk te Wellington.

- Smit, W.A. 1975. **Mens en persoonlikheid**. SACUM: Bloemfontien.
- Smith, R. 1997. **Tussen mense**. Human en Rossouw: Kaapstad.
- Snyder, C.S. 2000. Generating a mutually informing dialogue: Collaboratively constructed grounded theory and testing a priori psycho social theory. Smith College: **Studies in Social Work**, 70 (2):329-353, March.
- Social Development Review, 1999. **International Council on Social Welfare**. 3 (3) ISSN 1026-3950. September.
- Spangenberg, I. 2000 (a). **Teoloog van storms. Moenie volstaan met ja en amen, lees die Bybel ook krities**. Beeld, 2 September.
- Spangenberg, I. 2000 (b). Nie verskillende godsdienste nie maar God se veelkleurige genade? **Kerkbode** 164(4): 8-9, September.
- Spier, J.M. 1972. **Oriëntering in die Christelike wysbegeerte**. SACUM: Bloemfontein.
- Sproul, R.C. and Sproul, R.C. Jr. 1994. Welfare reformed: Biblical principles. **Statism: Land of the Free?** Hall D.W. (ed.). PR Publishing, Phillipsburg: New Jersey.
- Stanford **Encyclopedia of Philosophy**. 2003. Phenomenology. [Http://plato.stanford.edu](http://plato.stanford.edu)
- Strauss, D.F.M. 1994. **Wysgerige perspektiewe op die 20 ste eeu**. Tekskor BK: Bloemfontein
- Strauss, D.F.M. 1998. **Being human in God's world**. Tekskor BK: Bloemfontein.
- Stewart, D.W. and Shamdasani, P.N. 1990. **Focus groups: Theory and practice**. Sage: London.

Stone, H.W. 2001. The congregational setting of pastoral counseling: A study of pastoral counseling theorists from 1949 - 1991. **The Journal of Pastoral care**, Summer 2001, Vol. 55, No. 2

South African Council for Social Service Professions (SACSSP), 2001. Finally Here, International Definition for Social Work. **Newsletter** 20(2):1, September.

South African Council for Social Service Professions (SACSSP), 2003. Education and Training. **Newsletter** 22(1):7, April.

SOUTH AFRICA (Republic). Department of Social Development. 2000. Zkweyiya, Z.S.T. **Mobilising for a caring society, people first for sustainable development**. Government Printers: Pretoria.

SOUTH AFRICA (Republic). National Treasury. 2003. **Financing services in provinces and municipalities**. Intergovernmental Fiscal Review. ISBN: 0-621-33611-4. Government Printers: Goodwood.

**South African Facts/Suid-Afrika Feite Jaarboek: 2002/2003.**

[Http://www.gov.za/yearbook/2002/landpeople.htm](http://www.gov.za/yearbook/2002/landpeople.htm)

Statistiek, Suid-Afrika 2001. Kernstatistieke. Statistiekdiens Suid-Afrika, Pretoria.

SUID-AFRIKA (Republiek). Departement van Arbeid. 2001. **Inleiding tot die ontwikkeling van 'n vaardigheid strategie**. Staatsdrukker: Pretoria.

SUID-AFRIKA (Republiek). **Witskrif vir Maatskaplike Welsyn**. 1994. Staatskoerant, Vol. 35323 No.16085

SUID-AFRIKA (Republiek). Nasionale Tesourie. 2003. **Begrotingsoorsig tydens begrotingsdebat Manual, T**. Staatsdrukker: Goodwood.

Suid-Afrikaanse Polisie Statistiekburo 2002:2003. Misdaad statistiek in Suid-Afrika.

Suter, E.A 2000. **Focus groups in ethnography of communication: Expanding topics of inquiry beyond participant observation.** The Qualitative Report. Volume 5, No 1 & 2, May 2000. [Http://nova.edu.ssss/QR/QR5-1/suter.html](http://nova.edu.ssss/QR/QR5-1/suter.html)

Switzer, D.K. 1990. **The minister as crisis counsellor.** Abingdon Press: Nashville, USA.

Tarpy, D. 2000. Student-Initiated Learning Communities. **Student Cohorts Within Disciplines.** [Http://trc.ucdavis.edu/learningcommunities](http://trc.ucdavis.edu/learningcommunities)

Thielicke, H. 1975. **Die lewe kan weer begin.** Tafelberg Uitgewers: Kaapstad.

Trepper, T. 2002. **A conversation about spirituality and marriage and family therapy: Exploring the possibilities.** Special Edition of the Journal of Family Psychotherapy, Vol. 14.

Trevillion, S. 1999. **Theorising social work research.** E.S.R.C - Seminar Series. Seminar 1, 26.5.99.

Thurman, C. 1997. True confessions of a professional psychologist. **Totally Sufficient.** Hindson, E. and Eyrich, H (eds.). Harvest House publishers: Oregon.

Thurneysen, E. 1962. **A theology of pastoral care.** John Knox Press: Richmond Virginia.

Van Delft, W. 1980. Psigo-sosiale terapie. **Benaderings in maatskaplike werk.** Grobbelaar, S.W.P. en Schoeman, J.H. (reds.). Academica: Pretoria.

Van der Colf, A. 1980. **Daadchristene gevra.** Bybelkor, Hugenate Kollege: Wellington.

Van der Ven, J., Dreyer, J.S. and Pieterse, H.J. 1997. Religious consciousness in a transformative perspective. **IJPT**, vol. 1, pp. 110-135

Van Dyk, A. 2001. **HIV/AIDS care and counseling. A Multidisciplinary approach.**(2<sup>nd</sup> Edition). Pearson Education, South Africa. Part of Maskew Miller: Cape Town.

Van Dyk, S.D. 1993. **Die terapeutiese waarde van rituele rondom die begrafnis.** Ongepubliseerde werkstuk, Magister Graad, Universiteit van Stellenbosch.

Van der Watt, J. 2000. **Die Christen, die Bybel en die toekoms.** CUM: Vereeniging.

Van der Watt, J. en Joubert, S. 1997. **Die Boodskap.** Die Nuwe Testament in hedendaagse Afrikaans. CUM: Goodwood.

Van Hook, M., Hugen, B., and Aguilar, M. 2001. **Spirituality within religious traditions in social work practice.** Brooks/Cole: Pacific Grove, CA.

Van Jaarsveld, F.J. 2001. **Die rol van Godskonsepte vir pastorale terapie: 'n Konstruktiewe benadering.** Ongepubliseerde proefskrif. Fakulteit Teologie, Departement Praktiese Teologie, Universiteit van die Vrystaat. Bloemfontein.

Van Niekerk, A.A. 1998. Values, transformation and social work in South Africa. **Social Work/Maatskaplike Werk**, Spesiale Uitgawe, 34(1): 60-69, Januarie.

Van Niekerk, A. 2001. Versoening, armoede en morele herstel - armes en rykes. **Die Kerkbode**, 166(1): 3-4, Februarie.

Van Schalkwyk, J. 1995 (a). **Leef jou droom.** CUM: Vereeniging.

Van Schalkwyk, J. 1995 (b). **Toegewy aan God.** CUM: Vereeniging.

Van Wyk, A. 2004. Na tien jaar. **Kruispunt.** (13) 25/26/27 Maart 2004

Van Wyk, D. 1989. **Die verhouding tussen ouer en kind.** Human & Rossouw: Kaapstad.

Venter, E.A. 1970. **Wysgerige temas.** (2 de Uitgawe). Nasionale Handelsdrukkery Beperk: Elsiesrivier.

- Venter, E.A. 1972. **Die gelowige in die samelewing**. SACUM: Bloemfontein.
- Venter, E.A. 1973. **Die ontwikkeling van die westerse denke**. SACUM: Bloemfontein.
- Venter, C. 1996. **Uitkringende liefdesbetoon**. RGN-studies in Praktiese Teologie. RGN: Pretoria.
- Verster, P. 1997. **Wie het die waarheid beet?** CUM: Vereeniging.
- Viljoen, D. 1976. **Hoe lief het ek U wet**. Bybelkor: Wellington.
- Viljoen, H. 2003. **Die Heilige Gees maak nuut**. Die Skakel. NGK HQ. Jaargang 28/7.
- Walker, S. 2001. Tracing the contours of postmodern social work. **British Journal of Social Work**, 31(1):29-39, February.
- Wayne, A.M. 1997. **What is Biblical counseling?** Totally Sufficient. Harvest House Publishers: Oregon.
- Weingarten, K. 1999. **The politics of illness narratives: Who tells, who listens and who cares?** Narrative Therapy and Community Work - A Conference Collection. Dulwich Centre Publications: Adelaide, South Australia.
- Wendland, B. and Easterling, L.W. 2001. **Spiritual family trees: Finding your faith community roots**. Washington. Alban Books.
- Wessels, D. 2002. Verbeter verhoudings. **Die Kerkbode**. 169 (9):4, Oktober
- White, M. 1995. **Re-authoring lives: Interviews and essays**. Adelaide: Dulwich Centre Publications: Adelaide, South Australia.
- White, M. 1997. **Narratives of therapists' lives**. Dulwich Centre Publications: Adelaide, South Australia.

White, M. 2000. **Reflections on Narrative Practice**: Essays and Interviews. Dulwich Centre Publications: Adelaide, South Australia.

White, M. 2001. **Narrative therapy**. Dulwich Centre [Http://www.massey.ac.nz](http://www.massey.ac.nz)

White, M. 2002. **Workshop notes on narrative therapy**. Dulwich Centre .  
[Http://www](http://www.dulwichcentre.com.au). Dulwichcentre.com.au

William, M.K. 1999. **Research methods knowledge base**. (2<sup>nd</sup> Edition). Trochim.

Wingard, B. 1999. Telling our stories in ways that make us stronger. **Narrative Therapy and Community Work - A Conference Collection**. Dulwich Centre Publications: Adelaide, South Australia.

Willard, D. 1998. Spiritual disciplines, spiritual formation and the restoration of the soul. **Journal of Psychology and Theology**. Vol.26. No.1. 101-109.

Wilkinson, B. 2001. **Die geheimenis van die wingerdstok**. CUM: Vereeniging.

Wilson-Benton, W. 1999. **The Biblical basis of pastoral ministry**. Hindsson, E. and Eyrich, H. (eds). Harvard House Publishers: Eugene, Oregon.

Wolters, J.B. 1960 – Sien Woordeboeke

Wong, P.T.P. 2002. **Transformative narrative therapy**. Trinity Western University. Canada.

Zastrow, C. 2000. **Introduction to social work and social welfare**. (7<sup>th</sup> Edition). Wadsworth Publishing Company: USA.

Zeeman, M.T.S. 1957. **Die armesorgwerk van die Ned. Geref. kerk in S.A.** SACUM: Bloemfontein.

Zeeman, M.T.S. 1975. **Kan ek seker wees.** SACUM: Bloemfontein

Zeeman, M.T.S. 2002. Coenie Burger se boek is baie tydlig. **Kerkbode** 168 (5) 12 Maart.

Zerfass, R. 1974. **Praktische Theologie als Handlungswissenschaft.** (In Klostermann, F. en Zerfass, R. *Praktische Theologie Heute*). 164-177. Kaiser: Munchen.

Ziebertz, H.G. 1997. Reviews - G. Heitink. *Praktische Theologie, Geschiedenis, Theorie, Handelingsvelden.* **IJPT**, Vol. 1, Pp. 173-174

Zohar, D. and Marshall, M. 2000. **Spiritual intelligence - The ultimate intelligence.** Bloomsbury: Clays Ltd.: St. Ives Place.

Zkweyiya, Z.S.T. 2000. See SOUTH AFRICA (Republic). Department of Social Development.

### **Woordeboeke**

**Postmodern terms from N - Z.** 2001. [Http://www.california.com](http://www.california.com)

**Nuwe Woordeboek vir Maatskaplike Werk.** 1995. Hersiene en uitgebreide uitgawe. Vaktaalkomitee vir Maatskaplike Werk. CTP Bookprinters: Kaapstad.

Bosman D.B., Van Der Merwe I.W. en Hiemstra L.W. 1984. **Tweetalige Woordeboek. English -Afrikaans.** Tafelberg Uitgewers: Kaapstad.

Wêreldspektrum **Verklarende Woordeboek** No. 27. 1982. Afrikaanse Ensiklopedie. Perskor: Johannesburg.

**Woordeboek vir Maatskaplike Werk.** 1971. Staatsdrukker: Pretoria.

Wolters, J.B. 1960. **Theology Dictionary.** Zondervan Publishers: Netherlands.

**Afrikaans - Engelse Woordeboek.** 1994. Reader's Digest.

## Onderhoude

Janse van Rensburg, J. 2003. **Rituele**. Bloemfontein.

**BYLAE A**  
**VRAELYSGIDS GEBRUIK TYDENS FOKUSGROEPONDERHOUE**

<b>Sessie</b>	<b>Doel van sessie</b>	<b>Vraagtype</b>	<b>Gespreksvrae</b>
<b>1</b>	<b>Verwelkoming en Bekendstelling</b> <b>Vertroulikheid</b> <b>Video-opname</b>  <b>Bepaal hoe die fokusgroeplede die gegewe maatskaplike situasie van die dag ervaar en hoe kliënte volgens hulle daarop reageer.</b>	<b>Openingsvrae</b>	Vra aan die deelnemers om kortliks te vertel hoe hulle tans die maatskaplike samelewing ervaar?
		<b>Inleidende vraag</b>	Vra vir die deelnemers om deur middel van praktykervarings te vertel hoe kliënte daarop reageer.
		<b>Oordragvrae</b>	Nooi deelnemers om deur middel van 'n praktykvoorbeeld te vertel hoe hulle die waarnemings in die praktyk hanteer
		<b>Sleutelvrae</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Beskik maatskaplike werkers oor 'n praktykbenadering waarvolgens aandag aan die aangebode maatskaplike en geestelike nood van die dag soos kliënte dit ervaar, gegee kan word?</li> <li>• Watter rol speel Christelike waardes van maatskaplike werkers in hul benadering tot kliënte?</li> <li>• Hoe sou 'n mens 'n geheel terapeutiese benadering kon omskryf?</li> <li>• Watter rol speel die Heilige Gees in terapeutiese verhoudings?</li> </ul>
		<b>Afsluitingsvrae</b>	Vra een van die deelnemers om 'n kort interpreterende opsomming te maak na aanleiding van die besprekings. Vra of die ander saamstem met die resultaat van die opsomming en of daar iets is wat hulle wil byvoeg. Pouse vir 15 minute Dink na oor die moontlikhede van narratiewe terapie.

Sessie	Doel van die sessie	Vraagtype	Gesprekvrage
2	<b>Bied narratiewe terapie  'n geskikte benadering vir die implementering van pastorale perspektiewe in maatskaplike werk?</b>	<b>Inleidende vraag</b>	Gebruik 'n skulp en verduidelik dat party mense se lewens soms letterlik net so stukkend breek soos die skulp. Net soos wat die skulp 'n unieke verhaal het wat hy sou kon vertel, so ook het elke mens 'n unieke lewensverhaal. Vra aan die groeplede om elkeen 'n skulp wat hulle herinner aan die verhaal van 'n anonieme kliënt, te kies en die verhaal met die groep te deel.
		<b>Oordragvrage</b>	Vra aan die goeplede om met mekaar hul praktykervarings van die gebruik van narratiewe terapie te deel.
		<b>Sleutelvrage</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Kan narratiewe terapie as 'n geskikte pastorale intervensiemetode vir alle maatskaplikewerkprobleme beskou word?</li> <li>• Is daar spesifieke voordele verbonde aan die gebruik van narratiewe terapie?</li> <li>• Is daar bepaalde nadele verbonde aan die gebruik van narratiewe terapie?</li> <li>• Is narratiewe terapie by uitstek geskik vir die hantering van sekere probleme soos huweliksprobleme of trauma-ontlonting?</li> </ul>
		<b>Afsluitingsvrage</b>	Vra een van die deelnemers om op 'n samevattende manier uit die voorafgaande bespreking 'n mening oor die gebruik van narratiewe terapie as 'n intervensiemetode in maatskaplike werk te formuleer.

**BYLAE B**  
**AANTEKENINGE VAN DIE MEDEMODERATOR VAN DIE VERLOOP VAN DIE**  
**FOKUSGROEPSSESSIES**

**Sosio-demografiese kenmerke van die medemoderateur**

Die medemoderateur is 'n afgetrede maatskaplike werker. Sy het 35 jaar ervaring as 'n maatskaplike werker in die privaat en publieke sektor.

**Kennis en ervaring van maatskaplike werk**

Die medemoderateur het vir tien jaar by nie-regeringsorganisasies wat aan die kerk verwant is, gewerk. Daarna het sy diens aanvaar in die publieke sektor as 'n proefbeampte by die Department van Volkswelsyn en Pensioene. Die laaste 15 jaar van haar dienslewering het sy die uitvoerende sekretariaatpos in die Ministerie van die Nasionale Departement van Maatskaplike Ontwikkeling bekleed. As sodanig was sy verantwoordelik vir die neem van notules en notas tydens Ministeriële vergaderings. As gevolg van hierdie ervaring en kundigheid is sy gevra om as medemoderateur op te tree in die fokusgroepsessies.

**Die rol van en metodiek waarvolgens die medemoderateur notas saamgestel het**

Die medemoderateur het deur die gebruikmaking van audio- en videobande die verloop van die fokusgroeponderhoude vasgelê. Die lokaal waarin die fokusgroep bymekaargekom het, is so gestruktureer dat die medemoderateur by 'n tafel kon sit vir die neem van notas. Die audiobandopnemer is op die tafel geplaas vir die opname van die gesprek, indien daar probleme met die klankgehalte van die video-opname sou wees. Die video-opnemer is vooraf opgestel en in fokus geplaas. (Vgl. foto van die opset in Hfs. 6).

Skriftelike aantekeninge is ook van die bydraes wat deur die fokusgroeplede gelewer is, gemaak. Sy het ook aan die fokusonderhoude deelgeneem deur die lewering van insette oor die onderwerpe wat bespreek is. Samevattinge van die verloop van die sessies is ook gemaak.

Die eerste fokusgroepsessie het om 9h30 'n aanvang geneem en teen 11h15 geëindig. Die tweede fokusgroepsessie het om 11h45 begin en teen 13h00 geëindig.

Na afloop van die byeenkoms het die medemoderateur haar aantekening in 'n getikte verslag (sien onderstaande notas) saamgestel.

**Bespreking van die verslag**

Die navorser en die medemoderateur het die verslag bespreek en die bydraes van die fokusgroepe deelnemers geïnterpreteer (Vgl. Hoofstuk 6). Die gesamentlike gevolgtrekking waartoe gekom is, is dat die fokusgroep in sy doel geslaag het omdat die literatuurbevindings en die bydraes van die maatskaplike werkers uit hul praktykervarings aanvullend tot mekaar staan.

## Inhoud van die verslag van die medemoderateur gebaseer op die aantekeninge wat tydens die verloop van fokusgroeponderhoude gemaak is:

### Verwelkoming en verloop van die eerste fokusgroeponderhoud

Die vyf teenwoordige lede word welkom geheet en stel hulself bekend.

Persoonlike profiel van die deelnemers	Opleidingsinstansie	Beskrywing van praktykervarings
A	A	22 Jaar in 'n privaatpraktyk
B	B	15 Jaar in 'n nie-regerings organisasie
C	C	18 Jaar te kinderhuise
D	A	15 Jaar in 'n nie-regerings organisasie
E	A	30 Jaar in die privaat- en staatsektor
Navorser	C	25 Jaar in die privaat- en staatsektor

Ter oriëntering word, die volgende beginsels met die groeplede gedeel:

**Vertroulikheid.** Versekering word aan die lede gegee dat die doel van die gesprek suiwer op navorsing gerig is en dat hul bydraes as vertroulik hanteer sal word.

**Video- en audio-opnames.** Die opname van die fokusgroepgesprek op 'n videoband word aan die groeplede verduidelik as deel van 'n kwalitatiewe navorsingsmetode, waarvolgens die bande na afloop van die byeenkoms teruggespeel word ten einde interpretatiewe menings na aanleiding van die bydraes wat gemaak is, te vorm.

**Doel van die fokusgroepbyeenkoms.** Met die oog op die begrensing van die doel van die fokusgroepbyeenkoms en in aansluiting by die uitnodigingsgesprek tot deelname aan die fokusgroepbyeenkoms word die doel van die fokusgroepbyeenkoms verduidelik as die vorming van nuwe wetenskapsteorie, na aanleiding van die bydraes wat deur die groeplede gemaak word. Die bydraes sal aanvullend tot die bevindings in die literatuurstudie rakende narratief-pastorale perspektiewe in maatskaplike werk geïnterpreteer word ten einde nuwe perspektiwistiese kennis aan die maatskaplikewerkberoep beskikbaar te stel. Daar word beplan om twee fokusgroeponderhoude te hou.

Ter inleiding van die fokusgroepgesprek verwys die navorser na die getraumatiseerde samelewing waarin tans geleef word. Die volgende bydraende faktore: motorkapings, roof, misdaad, werkloosheid, huwelik- en gesinsverbrotte is enkele voorbeelde van sosiale gedragswyses wat meewerk tot die omskrywing van 'n getraumatiseerde samelewing. As die algemeen geldende norm het dit 'n bepaalde rolspelende invloed op die gedragswyses van mense.

In antwoord op die voorafgaande inleidende opmerking huldig die groeplede die volgende menings:

Die mens van die nuwe millenium ervaar intense pyn (hartseer) en verwardheid as resultaat van die getraumatiseerde samelewing waarin geleef word. As gevolg daarvan word gewerk met mense wat getraumatiseer is en wat wonder oor hulle identiteit.

Toenemende waarom-vrae betreffende die sin en pyn van die lewe en vrae soos waar is God en wie hou die wêreld in beheer, word gehoor.

Maatskaplikewerkkliënte reageer in antwoord op die getraumatiseerde samelewing met gedragswyses wat gekenmerk word deur ontkenning, en die mens soek ontvlugting in die misbruik van dwelmmiddels. Die mens raak reddeloos en eensaam. In werklikheid is hul soekend hulpbehoewend in die ware sin van die woord.

‘n Verval van waardes en norme kom veral by jongmense voor. Hulle leef asof hulle nie ‘n fondament het nie. Daar is geen waarde en normestruktuur wat hul gedrag rig nie. Dit is nie meer verkeerd om buite-egtelike verhoudings aan te knoop nie. Hulle doen wat hulle wil. Daar is nie grense nie. In krisistye weet hulle nie waarop om terug te val nie.

‘n Afwesigheid van positiewe rolmodelle met wie in ‘n opbouende sin geïdentifiseer kan word, kom voor.

In aansluiting by die voorafgaande bydraes van die fokusgroeplede wil die navorser weet: “Hoe kan maatskaplike werkers in die praktyk tydens terapeutiese intervensies aansluiting vind by die manifesterende temporêre behoeftes van die kliënt?” Die fokusgroeplede is van mening dat wanneer kliënte vir terapie na maatskaplike werkers gaan, hulle daarmee te kenne gee dat hulle hulp nodig het; hulle wil as ‘t ware nie meer deel wees van die negatiewe maatskaplike omstandighede waarin hulle hul bevind nie en dit is ‘n positiewe geleentheid wat deur maatskaplike werkers benut kan word in die hulpverleningsproses. Dit bring egter ook ‘n groot verantwoordelikheid vir maatskaplike werkers mee as beseef word dat die kliënt kom vra dat iemand asseblief moet help dat iets aan sy omstandighede gedoen moet word, sodat hy net weer “beter” kan leef. Dit is eintlik ‘n oorweldigende gevoel om te dink dat die maatskaplike werker gevra word om saam met die kliënt te soek na oplossings vir sy pynbelaaide verhaal. Hoëre beginsels tree in werking. Maatskaplike werkers is nie altyd seker uit watter raamwerk of beginselgedrewe agtergrond kliënte funksioneer nie en teen watter norme kliënte se gedrag behoort gemeet te word nie. Dit kan egter nie geïgnoreer word nie. Kliënte plaas dit as deel van die pyn op die tafel en daarom moet maatskaplike werkers daarop reageer of daarmee handel. Dit bring ‘n klemverskuiwing in die terapeutiese situasie na vore.

In antwoord op ‘n vraag oor hoe maatskaplike werkers aansluiting by die “hoëre” beginsels, waardes en norme raamwerke waarvolgens kliënte leef, gevind kan word, antwoord die fokusgroeplede soos volg:

Dit is nie ‘n maklike taak nie maar daar is sekere basiese beginsels wat gevolg kan word. Die toon van opreg bedoelde Christelike empatie soos wat die Here dit teenoor die mens openbaar, onvoorwaardelike aanvaarding en liefde, dien as voorbeelde. Onvoorwaardelike liefde impliseer dat die kliënt gesien word soos wat Christus hom sien. Hy moet geensins ‘n gevoel van verwerping ervaar nie. Aansluiting moet by die diepste pyn en hartseer wat die kliënt binne-in hom ervaar, gevind word.

Die maatskaplike werker moet poog om by daardie pyn aansluiting te vind met die onvoorwaarlike aanvaarding en liefde van Christus. Sodoende speel Christelike waardes ‘n rol in terapie. Dit dra by tot die skep van ‘n warm verhouding. Hierdie invalshoek het tot gevolg dat die liefde van Christus wat in beide die maatskaplike werker en die kliënt teenwoordig is, as ‘t ware lei tot ‘n binding met mekaar, in Christus. Hierdie benadering skep ruimte vir die kliënt om makliker oor die pynvolle episodes in sy lewensverhaal te praat. Die maatskaplike werker bied deur die gebruikmaking van hierdie benadering ruimte aan die kliënt om self met sy verhaal na vore te kom teenoor ‘n direkte benadering waar die kliënt

se gevoelens ondergeskik aan die van 'n terapeut sin gestel word. Die ontwikkeling van 'n sinvolle terapeutiese verhouding het tyd nodig.

'n Terapeut moet verkieslik 'n akkommoderende empatiese liefdegedrewe houding inneem teenoor 'n veroordelende houding. Kliënte moet benader word met die onwrikbare geloof dat daar 'n ingeskepe goedheid in die mens bestaan en dat hy eintlik die regte en goeie wil doen. Die mens se hartseer en pyn is waarskynlik die resultaat van faktore wat buite om hom verkeerd gegaan het. In der waarheid bring dit ook mee dat die einddoelwit wat met die terapeutiese sessies beoog word, 'n diepere eind- resultaat in gedagte het.

Die deelnemers is dit eens dat hulle in maatskaplikewerkopleiding geleer het dat maatskaplike werkers nie godsdienste deel van die terapeutiese situasie behoort te maak nie. Godsdienste moet nie op die kliënt afgedwing word nie. Dit moet binne die regte perspektief op 'n terapeutiese manier deel van die behandelingsplan gemaak word. Tye het verander. Die verrekening van die geestelike dimensie bring mee dat daar op 'n holistiese manier aansluiting by die kliënt gevind word. Die totale mens is betrokke by die terapeutiese situasie en die geestelike dimensie vorm deel daarvan. Die maatskaplike werker het nie die bekering van die kliënt ten doel nie maar wel die daarstelling van perspektiewe oor die rol wat die geestelike dimensie in menslike gedragpatrone speel. Die kliënt kan sodoende gevra word om die rol wat sy geestelike oortuigings speel, deel van die vertelling van sy verhaal te maak. Die weglating van die verrekening van die geestelike dimensie in maatskaplike werk in die verlede het bygedra tot 'n verlies aan 'n unieke bydrae wat deur maatskaplike werk gemaak kon word. Sommige maatskaplike werkers volg 'n benadering waarin hulle die verskillende dimensies met kamers vergelyk. Die voorkoms van elke kamer word bespreek. Die geestelike dimensie word ook as een kamer beskou en word doelbewus met die kliënte bespreek. Die realiteit van 'n holistiese benadering bring 'n besef van hoop mee. Daar is 'n antwoord op vrae en daar is sin in die bestaan van die mens. Dit is Christelike hoop van hierdie aard wat die maatskaplike werker met die kliënt in die terapeutiese situasie wil deel. Die maatskaplike werker moet 'n wagtende houding inneem, tot waar die kliënt homself op so 'n manier openbaar dat sinvolle aansluiting by die verrekening van die geestelike dimensie gevind kan word. Die maatskaplike werker moet nooit op 'n geforseerde manier te werk gaan en eie standpunte of opinies op kliënte afdwing nie.

In aansluiting by die opmerking dat “maatskaplike werkers geleer is om nie godsdienste deel van die maatskaplike werk domein te maak nie”, word aan die fokusgroeplede gevra hoe hulle dit aan die verskillende opleidingsentra waar hulle studeer het, ervaar het. Al die lede is eenstemmig dat die boodskap wat hulle tydens maatskaplikewerk-opleiding ontvang het daarop gedui het dat hulle nie persè aandag aan die verrekening van die geestelike dimensie moes gee nie.

Aangesien die opleidingsinstansie C hoofsaaklik fokus op die opleiding van Christelike maatskaplike werkers, word aan die deelnemer wat daar gestudeer het, gevra om sy ervaring van die opleiding met die groep te deel. Hy vertel die volgende: “Maatskaplike werkers kan hulself nie losmaak van dit waarin hulle glo nie en jy dra dit tydens intervensies aan die kliënt oor, maar jy mag nie godsdienstige aangeleenthede met die kliënt bespreek nie. Vandag vra ek: maar hoe kan ek as maatskaplike werker werklik 'n verskil maak sonder die aansluiting by die religieuse vrae van die kliënt as ek nie daarop reageer nie? Dit moet nie 'n dogmatiese reaksie wees nie maar soos wat ons tot hier toe bespreek het 'n verhouding waarin saam met die kliënt gesoek word na antwoorde op vrae soos wie is ek, waarheen is ek oppad, wat gebeur tans met my? Verdermeer word 'n leemte ervaar aan 'n model of metode waarvolgens aansluiting by die religieuse vrae van kliënte gevind kan word”. Religieuse vrae oor wie is ek en waarheen is ek op pad kom in alle godsdienste na vore. 'n Terapeut kan daarom nie vrae in dié verband ignoreer nie. Dogmatiese gesprekke moet vermy word.

Antwoorde op vrae van die lewe moet beantwoord word omdat dit deel uitmaak van die antwoorde op die soeke na oplossings.

Die deelnemers is verder van mening dat die organisasie waarvoor gewerk word bepaalde reëls neerlê waarbinne gewerk moet word. Maatskaplike werkers in diens van die staatsdiens gee meestal nie aandag aan godsdienstige aspekte nie aangesien die aard van hul werk meer statutêr van aard is. Die uitgangspunt waarmee die fokusgroeplede hulself kan vereenselwig vind sy oorsprong in die behoefte van die kliënt. As die kliënt pyn en hartseer ervaar en 'n behoefte openbaar om oor die rol wat die geestelike dimensie speel, te gesels, kan 'n terapeut dit nie ignoreer nie, ongeag opleidingsraamwerke en regulatoriese voorskrifte.

Kliënte neem waarskynlik die vrede en rustigheid waarmee Christelike beraders werk waar. Dit is die volste reg van die kliënt om daarvoor vrae te vra. Netso kan die beraders antwoord dat dit moontlik is omdat Christus dit vir hulle moontlik maak. Beraders kan met kliënte deel waarin en wat hulle glo, dit is die kliënt se keuse of hy ook so 'n pad wil loop. Die keuse om deel van 'n Christelike beradingsproses te wees berus by die kliënt. As hy ongemaklik voel daarmee, kan hy inskakel by 'n ander berader.

Die deelnemers huldig die mening dat Christelike beraders nie verbied kan word om volgens Christelike beginsels te werk nie. Dit is die enigste manier waarvolgens hoop aan kliënte oorgedra kan word. Die tema is hoop en die enigste manier om hoop oor te dra is om die geestelike dimensie te verreken. Aansluiting moet by die behoeftes van die kliënt gevind word. Hy ken die realiteit van sy lewe die beste. Hy verstaan waarom sy lewe tans deurmekaar is en hy weet waarskynlik waarheen hy oppad is, maar benodig die ondersteunende leiding van 'n terapeut omdat hy hom vasgeloop het in sy lewensomstandighede. Uit 'n narratiewe perspektief kan geredeneer word die kliënt oor kundige of (ekspert) kennis van sy lewensverhaal beskik. Die vraag ontstaan nou of die kliënt ook die ekspert is van sy geestelike lewe. Daar word via 'n teenvraag gewonder of die kliënt kennis dra van 'n geestelike verhaal? Die mening word uitgespreek dat die kliënt sy geestelike verhaal ken. Hy ken die realiteit van sy lewe, hy weet hoekom dinge gebeur, hoe dit voel en hy weet waarheen hy oppad is. Hy is ook die ekspert oor sy geestelike lewe. Hy soek hulp by 'n kundige terapeut omdat die pyn in sy verhaal te veel geword het. Die terapeut moet hom help om weer koers te kry – want hy is 'n doodloopstraat en daarom is hy by die terapeut.

In aansluiting by die bespreking word gevra hoe die terapeut aansluiting by die kliënt kan vind om sy bewuste lewensverhaal en onbewuste geestelike verhaal as een verhaal te leef. In antwoord wys die deelnemers daarop dat kliënte soms die geestelike verhaal baie vinnig op die tafel plaas. Geestelike kwessies word as die sondebok voorgehou waarom die persoon by die terapeut is, beskou. Byvoorbeeld in gevalle soos die dood van 'n huweliksmaat word die volgende opmerkings gemaak: “Ek is kwaad vir die Here”, “Hy is nie meer lief vir my nie” of “Ek ervaar skuldgevoelens”. Nogtans huldig die deelnemers die mening dat kliënte moeiliker oor die geestelike dimensie praat as oor algemeen geldende lewensprobleme.

Uit die voorafgaande ontstaan die vraag of maatskaplike werkers oor voldoende opleiding beskik om vrae soos die woede wat kliënte teenoor die Here ervaar te hanteer en of spesiale opleiding nodig is om dit wel te kan doen. Die deelnemers is van mening dat maatskaplike werkers nie oor voldoende opleiding beskik om sodanige vrae te beantwoord nie. Antwoorde geskied meestal gebaseer op eie kennis en ervarings in die verband. Melding word gemaak van 'n behoefte aan 'n “Hoe” -metodiek waarvolgens die geestelike dimensie verreken kan word. Samelewingsomstandighede het verander en dit stel nuwe eise aan teoretiese

maatskaplikewerkkennisraamwerke. Een daarvan is 'n metodiek waarvolgens maatskaplike werkers die volle verhaal (geestelik en nie-geestelik) kan verreken.

Die deelnemers is van mening dat alle mense geestelike stories het. Die vraag ontstaan by die deelnemers of daar by almal se geestelike storie uitgekom moet word, want sommige mense, alhoewel deel van die skeppingsverhaal, het nog nooit God se storie gehoor nie. Behoort daar 'n metodiek te wees om die ongelowige kliënt bewus te maak dat hy eintlik ook 'n Godgerigte geestelike storie het, of is dit om 'n metodiek te vind waarvolgens aansluiting by Christelike kliënte gevind kan word sodat hulle weer in ooreenstemming met God se storie vir hul kan leef? Ongelowiges ooreenkomstig die Christelike godsdiens het nie skuldgevoelens oor anti-normatiewe gedrag soos vigs-babas wat verwek word nie omdat hulle nie kennis dra van Bybelse waardes en norme nie. Die deelnemers is van mening dat woordkeuse in hierdie verband belangrik is. Geestelike verhale kan dalk verwarrend wees. Geloofsverhale stel dalk duideliker wat eintlik bedoel word. Alle mense het geloofsverhale want alle mense het een of ander vorm van geloof. Al word in 'n afgod, of 'n godheid of iets geglo.

Vir Christene gaan geloof oor God se skeppingsverhaal waarby skepping, sondeval en verlossing ingesluit is. Die Christenmens se verhaal moet daarom in ooreenstemming met God se geloofsverhaal vir die skepping gebring word. 'n Metodiek om hierdie twee verhale een verhaal te maak is 'n behoefte in die maatskaplikewerkpraktyk. Hoekom vrae is van dag een af deel van menswees. Die besef is van kleins af in elke mens teenwoordig dat daar meer is as net die hier en nou. Van die vroegste tye het filosowe hulle besig gehou op soeke na antwoorde tussen die hier en nou en 'n hoë geestelike synsdimensie. In elke mens is daar 'n bewussyn van 'n geestelike en/of spirituele dimensie al is dit nie noodwendig die van 'n lewende God nie. Die deelnemers vertolk dus 'n geestelike verhaal as die bindingslyn tussen die mens en dit waarin geglo word. In die Christelike godsdiens is geloof in God byvoorbeeld die bindingslyn en word die geestelike verhaal van die gelowig beïnvloed deur sy geloofsverhouding met God.

'n Verdere voorbeeld ter verheldering van die vraag of "dit nou 'n geloofs- of 'n geestelike verhaal is" word deur een van die deelnemers aangehaal deur te verwys na 'n situasie waar 'n egpaar verskillende interpretasies heg aan Bybelse waardes ten opsigte van buite-egtelike verhoudings. Ten spyte van die man se afsydige houding teenoor Bybelse waardes, dra hy in hom die wete dat sy beskouing nie in ooreenstemming is met sy innerlike geestelike religieuse keuses nie. Hy speel godsdiens, hy leef dit nie, terwyl die huwelikskrisis as 't ware meewerk tot 'n geestelike verdieping in die vrou se geloofslewe. Hy ignoreer sy vrou se hartseer en pyn oor sy huweliksontrouheid. Uit die aard van maatskaplike werkers se teoretiese opleiding word aansluiting by die emosionele behoeftes gevind en word dit bespreek. Die soeke na antwoorde oor die rol wat God speel kom dikwels eers baie laat in die terapeutiese situasie na vore, indien wel. Die vraag is, wat lê aan die wortel van die pyn wat ervaar word? Om die werking van die innerlike geestelike dimensie waarin die mens staan te demonstreer kan na 'n varkoorplant gekyk word. As 'n blaarstingel afgebreek word van die hoofplant is klein porieuse spoortjies waarin water vloei waarneembaar. Die afgebreekte blaar se voedingsaar word afgesny. Net so is dit met 'n mens, as die innerlike kragbron van die geestelike dimensie nie beleef word nie word wegbeweeg van die waardes en norme waarin uit 'n Bybelse perspektief geglo word. Die deelnemers kom tot 'n gevolgtrekking dat alle mense oor een of ander vorm van 'n geestelike verhaal beskik en dat geloof in der waarheid die aktiewe wilsdaad vorm waarvolgens 'n geestelike verhaal in werking gestel word omdat alle mense in iets of iemand glo.

In aansluiting by die voorafgaande bespreking gee die deelnemers aandag aan die rol wat die Heilige Gees in 'n geloofsverhouding speel en die rol wat die terapeut daarin vertolk. Waar begin of eindig die taak van die terapeut as instaatsteller en watter rol speel die werking van die Heilige Gees? Die deelnemers vind aansluiting by die gedagte dat 'n terapeut 'n instaatsteller is. Sy terapeutiese toetrede geskied in diepe afhanklikheid van God. Terapie geskied uit 'n geloofsperspektief omdat Christene weet waar hulle krag lê, al word dit nie in woorde aan die kliënt oorgedra nie. As jy na die kliënt se storie luister, word met 'n spesiale sensitiwiteit geluister, ook na wat die Heilige Gees sê. Aansluitingsmoontlikhede deur 'n terapeut by die kliënt se storie en God se storie vir die mens, word deur die bemiddeling van die werking van die Heilige Gees, in 'n gelowige terapeut se hart bewerk. Tegnieiese gespreksvaardighede alleen is nie voldoende wanneer ooreenkomstig pastorale benaderings gewerk word nie.

Een van die deelnemers vertel hoe dat sy Russiese poppies as voorwerpe benut om aansluitingsmoontlikhede te skep vir die verkenning van die verhaal. Soms word wonderlike verhale vertel as die poppies inmekaar en uitmekaar gehaal word en pyn gedeel word. In die gesamentlike soekproses na hoe die verskillende verhaalfases by mekaar inpas, staan die terapeut nederig en afhanklik van God se leiding in die wete dat hoop vir hierdie verhaal opgesluit in God se verhaal vir die mens lê.

In die hantering van kinders word 'n baie spesiale sensitiwiteit gevra om die verhaal te ontvou. Kinders in kinderhuise vertrou volwassenes dalk moeiliker omdat hul so dikwels deur volwassenes teleurgestel word. Gesamentlike fisiese aktiwiteite tussen terapeute en kinders bevorder gespreksmoontlikhede. Soms vertel kinders hulle verhale en nadat dit gedeel is, distansieer hulle hul daarvan, menende dat die terapeut verder daarvoor verantwoordelikheid moet aanvaar. Sommige kinders handhaaf weer geen persoonlike ruimte nie en deel hul totale verhaal met almal. Die verskillende kultuurgroepe wat tans in kinderhuise onder een dak saamgegroepeer word maak dit nog moeiliker.

In die voorafgaande bespreking is verwys na die belangrikheid van wedersydse vertroue binne 'n terapeutiese konteks. 'n Voorstel dat stilte as 'n gestruktureerde terapeutiese tegniek benut kan word om vertroue te skep, word vervolgens bespreek. Stilte as 'n terapeutiese tegniek kan benut word om aan die kliënt-in-nood tyd te verleen om na te dink oor sy gedragshandelings. Een van die deelnemers merk op dat "God ook in die stilte van die aandwindjie kom" en dat stilte op dieselfde manier binne 'n terapeutiese konteks benut kan word. Selfs met die jonger kind kan 'n koesterende geborge stilte baie bydra tot die skep van 'n geleentheid vir 'n geestelike gesprek. Die gelowige stilgebed van 'n Christen terapeut kan in die lewe van 'n kliënt 'n geestelike herlewing laat ontwaak. Dit is belangrik om kennis te neem van die gejaagde tempo van die samelewing. Soms word die mens so oorheers deur samelewingsgebeure en oorvol persoonlike dagboek verantwoordelikhede dat 'n oomblik van stilte 'n pynlike ervaring word. Sommige mense vlug doelbewus weg van stilte omdat hulle daardeur herinner word aan onafgehandelde pynlike ervarings. Stilte as tegniek moet sodoende met groot omsigtigheid aangewend word.

Ter samevatting is aan die volgende aspekte in die eerste sessie aandag gegee:

Die rol wat Christelike waardes in terapie speel

Wat is die eindresultaat wat ten doel gestel word in Christelike berading

Hoe moet Christelike waardes aan die kliënt oorgedra word

Die rol wat terapeute se waardestelsels in terapie behoort te speel

Die hantering van Godsdienstige aspekte tydens terapie en die rol van teoretiese kennisraamwerke

Invalshoeke wat gebruik kan word om aansluiting by die geestelike en/of geloofsdimensie van die mens-in-nood te vind

Die hantering van ongelowige kliënte

Die rol van die Heilige Gees in terapeutiese gesprekke

Die waarde van stilte in Christelike terapie en die benutting van 'n "interne" luister na die Heilige Gees

Hierna is sessie een afgesluit en die fokusgroeplede verdaag vir 20 minute.

### **Verloop van die tweede fokusgroeponderhoud**

Die tweede en laaste sessie neem 'n aanvang met 'n bespreking oor die bruikbaarheid van narratiewe terapie as 'n benadering waarvolgens in maatskaplike werk aansluiting by die verrekening van die geestelike dimensie gevind kan word.

Ter inleiding van die fokusgroeppesprek vra die navorser aan die deelnemers of hulle die gebruik van Christelike narratiewe terapie aan die hand van 'n verhalende gevallestudie wil bespreek en of hulle eerder verhale uit praktykvoorbeelde met mekaar wil deel. Die deelnemers verkies om verhale uit praktykvoorbeelde met mekaar te deel. Die navorser nooi die deelnemers om elkeen 'n skulp te kies uit 'n groot bak skulpe op die tafel en om dan die verhaal wat vertel word met die skulp as 'n voorwerp te assosieer. Die deelnemers kies elkeen 'n skulp en benut vyf minute as tyd vir voorbereiding vir die verhale wat hulle wil vertel. Na afloop van die voorbereiding word die volgende vier verhale vertel.

### **Die verhaal van Dawid, 'n 21 jarige student**

Die eerste verhaal wat vertel word is die van Dawid, 'n 21 jarige student. Die skulp wat met sy verhaal geassosieer word, lyk soos die vlerke van 'n voëltjie. Dawid se moeder is 'n alkoholis. Sy moeder praktiseer as 'n advokaat. Sy vader is 'n Jood. Dawid het altyd 'n goeie verhouding met sy vader gehandhaaf maar ongelukkig het sy vader na Israel geëmmigreer. Sy moeder woon tans in London. Dawid ervaar 'n intense behoefte aan ondersteuning en 'n mentor in die afwesigheid van sy ouers. Net iemand wat vir hom sal kan sê, maar hy is "ok". Hy voel baie alleen en gaan deur 'n intense rouproses as gevolg van die verliese aan beide sy ouers. Hy soek na oplossings vir sy verhaal. Hy slaap rond met meisies en hy misbruik alkohol.

Die terapeut het akkommoderend teenoor hom opgetree en hom met warmte Christelike liefde en empatie ontvang. Sy het hom toegelaat om telkens sy soekende storie te vertel. Die invloed wat sy probleem op hom uitoefen is verreken en stelselmatig is oorbeweeg om aandag te gee aan die invloed wat hy op die probleem uitoefen deur te fokus op die dinge wat hy reg doen. Op 'n dag het hy teruggekom en vir die terapeut kom vertel hy hoef haar nou nie meer te besoek nie, omdat hy nou nie meer na oplossings buite homself soek nie. Hy het die oplossing binne homself gevind. Hy leef nou in ooreenstemming met God se verhaal vir hom. Al het hy as 'n Jood grootgeword, aanvaar hy die liefde van Jesus Christus. Hy het vlerke gekry, hy kan nou self vlieg.

### **'n Vergelykende vertelling oor die hantering van huweliksonenigheid deur twee verskillende egpare**

Die tweede verhaal handel oor twee verhale van twee verskillende egpare. Die eggenoot was in die geval van die eerste egpaar as gevolg van werksdruk meestal uithuisig. Mettertyd het die situasie genormaliseer. In plaas daarvan dat die huweliksverhouding versterkend beleef

is, het die vrou baie verbittering en verwyrt beleef as gevolg van alles wat sy meen haar ontnem is in die fase van haar eggenoot se afwesigheid. Hulle het nie saam herinnerings gebou of dinge saam gedoen nie. Die egpaar het toe na 'n berader gegaan waartydens die vrou daarop gewys is dat sy 'n eie identiteit en persoonlikheid het en dat sy self verantwoordelikheid vir haar gedragshandelinge behoort te aanvaar en dat sy nie haar man daarvoor verantwoordelik kan hou nie. Ten spyte van die terapeutiese sessies het bitterheid en 'n gebrek aan vergifnis 'n rol bly speel. Met die toestemming van die vrou is toe deur 'n direkte vergifnisproses gegaan waartydens sy haarself moes vergewe en aanvaar, God se vergifnis is gevra en in die proses moes die vrou leer om haarself en haar man te vergewe. Eers na hierdie verrekeningsproses van die geestelike dimensie was die bitterheid weg. Die egpaar kon toe saam terugkyk na wat hulle verloor het. Wat van belang is, is die wete dat die toekomsbasis waarop hul staan, gelyk is. Sodoende is nuwe ruimte geskep waarbinne hulle gesamentlik aan die herstelproses van 'n stukkende huweliksverhouding kon werk.

By die tweede egpaar wat simbolies met die verhaal van die eerste egpaar vergelyk word, kan die vrou net nie van haar bagasie ontslae raak nie. Waarskynlik omdat daar nie in terapie by die bagasie en gepaardgaande geestelike behoeftes wat sy ervaar, aangesluit is nie. Die vrou is nou betrokke in 'n tweede huweliksverhouding wat ook besig is om te misluk. Die deelnemer wat die verhale vertel is van mening dat die verskil in sukses wat met die verskillende terapeutiese benaderings behaal word, geleë is in die verrekening van die rol wat die geestelike dimensie speel. In opvolging tot die deelnemer se bydrae wil die navorser weet of, in aansluiting by narratief terapeutiese teorie, geredeneer kan word dat die invloed wat die probleem op die kliënt uitoefen asook die invloed wat die kliënt op die probleem het, waargeneem kan word. Die fokusgroeplede is dit eens dat in ooreenstemming met die narratiewe teorie die nodige waarnemings gemaak kan word. Volgens 'n Bybelse narratiewe perspektief kan geredeneer word dat die verrekening van die geestelike dimensie 'n bydraende of versterkende krag bied ten opsigte van die invloed wat 'n kliënt op die probleem kan uitoefen as deel van die oplossing van die maatskaplike probleem.

### **'n Oop deur verhaal**

In die derde verhaal wat vertel word, word die verhaal geassosieer met die boonste oop sirkelgedeelte van 'n skulp. Die sirkel is 'n geslote eenheid. Dit simboliseer die skanse wat mense om hulle bou. Hulle bou die mure of skanse om hulle om 'n gevoel van veiligheid te skep. Eintlik is dit nie veiligheid nie, dit is net 'n toemaak van ongemak en pyn. Elke keer as die deurtjie toegemaak word, word die pyn groter en word die mens meer en meer ingekerker. Dit bied nie werklik beskerming nie. Die sirkelgedeelte van die skulp laat 'n opening wat simbolies die swakheid van die skanse vertoon. 'n Ander moontlikheid wat met die opening ge-assosieer kan word, is die sienende oog van God wat spreekwoordelik van bo-af binne-in 'n mens kan sien. Die mens kan God nie ontvlug nie. Die verhouding of verbinding met God bied binne hierdie metafoer 'n opening. Die terapeut moet die kliënt so begelei dat hy sy lewe uit die perspektief van God se verhaal vir hom sien. Soms word kliënte so geabsorbeer deur hul probleme dat hul nie die openinge sien nie en moet die terapeut die kliënt help om die skanse te identifiseer en oop te breek.

### **'n Verhaal van ruwe letsels en vergewing**

Die vierde deelnemer het 'n goot plat skulp met skerp rante gekies om die verhaal wat hy wil vertel, te illustreer. Die skulp is aan die eenkant grof en ru en aan die binnekant is dit fyn afgewerk maar ten spyte daarvan vertoon dit tog letselmerke. Die skulp herinner die deelnemer aan 'n verhaal van 'n jong skoolmeisie wat mooi en rebels voorgekom het en wie met skerp veroordelende woorde gereageer het op gebeure rondom haar. Haar moeder is

vermoor en skoolvakansies het sy by haar stiefpa deurgebring. Sy het nooit gepraat nie, nooit haar verhaal vertel nie. Heelwat later stap die jong skoolmeisie as 'n jong vrou weer by die terapeut in en vra of sy asseblief haar verhaal klaar aan hom kan vertel. Sy vertel toe dat sy eintlik net kom sê dat sy hom (as terapeut) vergewe vir wat hy aan haar gedoen het, want hy het haar vakansies na haar stiefpa toe gestuur waar sy seksueel gemolesteer is en in lesbiese verhoudings betrokke geraak het. Sy was verbitterd en kwaad vir almal. As terapeut het hy deel aan haar letsels, maar sy het vrede gevind en daarom kom sy om aan hom te sê sy vergewe hom vir wat hy aan haar gedoen het. Ten spyte van die letsels het sy deur die genade van God vrede gevind. As terapeut kon hy niks antwoord op die belydenis nie. Dit was 'n aangrypende ervaring om die vrymakende gevoel wat sy ervaar, as gevolg van die vergifnis wat sy bied, waar te neem. Die belangrikheid van vergifnis en die losmaking van verbittering word opnuut onderstreep asook die belangrikheid van die voltooiing van die verhaal. Ten spyte van die verkeerde keuses van terapeute onder sekere omstandighede, maak God heel en kan terapeute as instrumente in Sy hand beskou word. Ten einde die belangrike verband tussen vergifnis en die vertelling van die voltooide verhaal te beklemtoon, verwys die deelnemer aanvullend na 'n jongman wat ook tot die punt van vergifnis gekom het en toe onmiddellik daarop aangedring het om na sy ouers te gaan om aan hulle sy volle verhaal te gaan vertel. 'n Belangrike narratiewe beginsel word in hierdie vertelling geïllustreer, naamlik die behoefte aan goedkeuring van die kultuurgemeenskap waarin die kind grootgeword het. Die vertel van die storie van vergifnis help met die heelmaakproses.

By wyse van 'n samevatting benut die navorser die verhaal van Callie en Monique Strydom wat deur rebellemagte op die Phillipynse eilande aangehou is. Hulle het menige dae doodsangs ervaar. Hulle het daagliks besef dat hulle totaal afhanklik is van God en in die mees vreesaanjaende oomblikke kon hulle as gevolg van hul geloof in God, Sy kalmte ervaar teenoor die onophoudelike angste en vrees in die oë van die rebellemagte. Hierdie verhaal bevestig net soos die verhale wat deur die deelnemers vertel is, dat geloof in God hoop gee.

In opvolging van die gedagte dat geloof in God hoop bied is die deelnemers van mening dat: As 'n mens hoop sou moes beskryf kan 'n mens sê hoop is sinoniem met 'n storie wat ek kan vertel. Wat is hoop anders, die mens sê, "hy hoop dit reën, maar wat word werklik bedoel". Dit beteken die mens het 'n geloofspad en daarom 'n storie van hoop om te vertel. Die storie moet oor en oor vertel word. Die mens se verhaal eindig alleenlik as hy hoop gevind het en hoop is net moontlik as die vrymakende liefde en vergifnis van God aanvaar en teenoor mekaar geleef word. Hoop kan simbolies as die derde hoofstuk in die mens se verhaal gesien word. Die eerste hoofstuk is wat agter lê, die tweede hoofstuk is waar die mens tans is en die derde hoofstuk is die toekoms wat met hoop verbind word. Die ideaal is om aan die kliënt 'n hoofstuk 3 – as hoop en afhandeling te gee en daarmee ook 'n vaardigheid om toekomstige lewensprobleme te kan hanteer.

Een van die deelnemers is van mening dat aan kliënte wat deur traumatiese gebeure gaan, boeke voorgeskryf kan word waarin die verhale van hoop deur mense vertel word wat in soortgelyke traumatiese omstandighede was en dit oorwin het. Sodoende kan hulle leer dat Christene nie van trauma onthef word nie. As 'n verdere manier waarop aansluiting by die geestelike dimensie gevind kan word, word voorgestel dat kliënte gevra kan word om hul verhale neer te skryf. Dit opsigsself is 'n terapeutiese ervaring. Dikwels kan mense dit nie doen nie. Nogtans bied dit moontlike aanknopingspunte wat benut kan word in terapeutiese sessies vir die verrekening van die geestelike dimensie.

Die navorser vra aan die deelnemers hul mening oor die gebruik van verhoorspanne of ondersteunende groepe wat in narratiewe terapie benut word om na die verhale wat vertel word, te luister. Die deelnemers wat wel van sodanige groepe gebruik maak, is van mening

dat dit 'n groot sukses is omdat kliënte wat hulle verhale van hartseer en hoop op hierdie manier deel versterking in geloof beleef vanweë die groeplede se ondersteuning en voorbedding vir mekaar.

Verdermeer is die deelnemers van mening dat die terapeut die kliënt help om hoop in te oefen terwyl hy besig is om sy verhaal te skryf. Byvoorbeeld in die uitvoering van aktiwiteite saam met kinders soos om saam met hulle fiets te ry. Sodoende sien kinders praktiese voorbeelde van hoe werklike lewensituasies hanteer word. Soms neem die terapeut die rol van die kind aan en tree op soos 'n kind om by die kind insig te bewerkstellig ten opsigte van moontlike oplossings wat 'n wending in sy verhaal kan bring as hy byvoorbeeld voor 'n trok sou inspring om selfmoord te pleeg.

Samevattend is die groeplede van mening dat narratiewe terapie sinvol benut kan word om aansluiting by Bybelse hoop gerigte perspektiewe te vind. Erkenning aan die verrekening van die geestelike dimensie is eintlik die enigste metode wat binne Christelike berading gebruik behoort te word. Die fokusgroep verdaag.

**BYLAE - C**  
**VERBATIMVERSLAG VAN DIE FOKUSGROEPONDERHOUE**  
**FOKUSGROEPONDERHOUD NO. 1**

**Die donker getikte dele dui op die bydraes/ vrae van die navorser.**

**Baie welkom by vanoggend se bespreking, ek het vir julle almal ‘n e-pos uitnodiging gestuur. Kom ons stel ons net so bietjie aanmekaar voor en vertel vir mekaar waar ons elke dag werk. Deelnemer (A) sal jy asseblief begin?**

Ek is deelnemer (A), soos julle kan sien, al ‘n paar jaar in privaatpraktyk in Pretoria, omtrent al 22 jaar. Ek is deelnemer (C), ek is betrokke by kinderhuise vir ongeveer 18 jaar. Ek is deelnemer (D) en ek doen berading by ‘n nie-regerings organisasie. Ek is deelnemer (B) en ek is ook aan ‘n nie-regerings organisasie verbonde. Ek is Deelnemer (E), ek is ‘n gepensioeneerde maatskaplike werker wat tot onlangs in die staatsdiens gewerk het.

**Ek is die navorser, julle ken my nou al van die gesprekke wat ons gehad het. Soos ek vir julle in die uitnodiging gesê het, moet ons bietjie saamgesels oor verskillende onderwerpe. Die eerste een, waarna ons gaan kyk, is om met mekaar te deel hoe ervaar ons die samelewing waarin ons lewe, as ons dink aan die misdaad wat voorkom en al die mense wat gekaap word, al die mense wat hulle werk verloor. Watter effek het dit op ons as maatskaplike werkers in die beroep, hoe sou ons dit beskryf?**

Deelnemer D: “Dit is ‘n getraumatiseerde samelewing waarin ons lewe, en met getraumatiseerde mense wat op die ou end wonder wat is hulle identiteit”

**Dis reg .....**

Deelnemer A: “Hoekom is ook ‘n vraag wat baie voor staan, as daar pyn is, hoekom? Wat is die sin van gebeure asook van myself. Hulle is verward, en mense vra soos jy nou eintlik sê, waar is God wie hou hierdie wêreld in beheer”.

Deelnemer C: “ Ek dink ‘n verdere aspek wat ons op die tafel kan sit is gesinne, wat as gevolg hiervan, totaal uitmekaar geskeur word, en dat jy met ‘n geslag jongmense sit wat geen fondament het nie, geen riglyne nie. Dit is skrikwekkend as ‘n mens daarna kyk”.

Deelnemer A: “Daar is ‘n verskeidenheid van wyses, waarop ‘n mens probeer om jou situasie of jouself te handhaaf, so is daar ontkenning, of ons probeer maar om goed onder die tafel in te vee of om dit nie regtig in die oë te kyk nie of soek ontvlugting in aktiwiteit, of gedrag, of substans of raak net eenvoudig reddeloos en alleen en eensaam”.

Deelnemer D: “Dit is partykeer hoe die mens eventueel in die praktyk beland wanneer jy regtig nie meer weet, waarnatoe of hoe nou, in die letterlike sin van die woord. Hulp word benodig. Die mens is, soekend na iemand wat kan help.

Deelnemer B: Ek wil aansluit by deelnemer C want ek vind ook dat die mense het nie meer waardes en norme wat hulle gedrag vir hulle rig nie. Daar is vir my ‘n losheid. Ek dink verder, veral as dit by ons jongmense in die samelewing kom en waar hulle in ‘n werk instap waar daar goeie geld is, hulle die Bybel, as ‘n stel waardes en norme wat hulle rig, vergeet, m.a.w. jy kan maar ‘n “affair” hê, jy kan maar ‘n buite- egtelike verhouding hê, want niks rig my nie, en dit is nogal vir my, hierdie opkomende geslag wat sê ons doen wat ons wil, ons doen wat vir ons gemaklik is. Daar is niks wat my rig nie, en uit die aard van die saak as hulle probleme kry, wat rig hulle dan, daar is nie grense nie, en dit bring vir my baie verwardheid en deurmekaarheid”.

Deelnemer D: “Ek dink, om daarby aan te sluit, hulle kry soms maklike oplossings om uit hierdie situasies te ontsnap en dis waarom verslawing en buite-egtelike verhoudings as maklike “escapes” uit die situasies voorkom”.

Deelnemer C: “Ek het nou onlangs in die praktyk te doen gekry met kinders wat dit duidelik uitgestippel het dat hulle nie meer rolmodelle het nie en dit het my aan die dink gesit. Waar kom dit vandaan al hierdie onsekerheid, al die faktore wat ons nou al genoem het hier teenoor mekaar dra dit by dat die ouers van kinders nie meer die rolmodel is vir die kind waarna hulle kan opkyk nie? Die kinders het in baie gevalle nie meer ouers waarna hulle kan opkyk. Hulle moet hulle eie weg vind en ongelukkig is mens altyd geneig tot die negatiewe kant, want as jy nie ‘n rolmodel het nie is jy onseker. Ek dink vir ons wat met hierdie sake werk is dit belangrik dat êrens weer rigting gegee sal moet word. Kinders wil nie praat oor byvoorbeeld die geestelike nie, want dan is hulle nie “cool” nie, die groepsdruk is negatief, so my belewenis is net dat ons in ‘n samelewing is waar rolmodelle ‘n baie klein rol speel,

negatiewe rolle ja, maar nie positiewe rolle nie. Ek dink as ek dit so kan uitdruk, as jy die media lees, dis al wat jy sien en hoor, die negatiewe rolmodelle, daar is nie meer positiewe rolmodelle wat na opgekyk kan word en agter wie hulle kan aanleef nie”.

So ons kan dan so redeneer: dat maatskaplike werkers nie uit die negatiwiteit van die samelewing kan ontsnap nie, ons is deel daarvan, maar die vraag is nou, ons neem dit waar en ons sê dit vir mekaar. Wat maak ons daarmee in beradingsituasies, spreek ons dit aan of neem ons dit net waar?

Deelnemer D: “Gewoonlik kom die mens by jou uit omdat hy nood het en dit beteken hy wil nie meer wees waar hy is nie. Dit maak dit eintlik ‘n baie positiewe geleentheid, waar mens kan werk met hierdie mense en ek dink dit is ‘n ongelooflike verantwoordelijkheid as hierdie ou tot by jou gekom het en gekies het om te sê, jy kan my met iets help om iets beter te word. Ek word partykeer so oorweldig. Dit is ‘n ongelooflike verantwoordelijkheid wat ‘n mens het teenoor hulle wat voor jou sit”.

**Dit is reg, deelnemer (A) ervaar jy dit ook so?**

Deelnemer A: “Ja, dit is ‘n geweldige verantwoordelijkheid. Ek sal net byvoeg by wat gesê is, dat hierdie hele klemverskuiwing van die mens wat sentraal staan, die mens wat verantwoordelijkheid vat vir sy lewe, die mens wat argitek is van sy lewe meebring dat selfs in terapeutiese behandeling waar hy sit met pyn en daar nie meer waardes of norme, of Hoër gesag bestaan nie, ‘n mens dan self binne ‘n terapeutiese opset maar versigtig moet wees. Die klem lê in terme van verantwoordelijkheid en waarteen meet jy dat daar meer is as net verantwoordelijkheid, dat daar ‘n normatiewe basis is en dat ‘n mens deel is van ‘n groter groep en die verantwoordelijkheid nie net teenoor jouself is nie, maar ook teenoor mense rondom jou, so daar tree Hoëre beginsels in werking. Dis ‘n probleem wat ek self en seker maar julle ook het, en dit is selfgesentreerdheid in baie opsigte, m.a.w. elke ou vir homself, ons leef vir vandag en ons sal maar môre kyk wat gebeur en dis hierdie goed saam met dinge soos verbrokkeling, onsekerheid. Julle ken dit, die vraag is ‘n mens kan uiteraard nie net passief daarmee handel nie, dit is die realiteit. Dit is die wêreld waarin ons sit, dit is die mens wat in daardie realiteit staan en as terapeut kan jy dan vra wat is jou verantwoordelijkheid, wat bied jy aan en wat is jou toetrede tot die situasie, jy weet mens kan dit nie net waarneem nie en erkenning daaraan gee nie, jy moet daarmee handel, daarmee werk”.

**Nou die groot vraag is dan, as jy sê ons moet daarmee werk, hoe werk ons daarmee, ons as Christene besef dit, ek het nogal gevind dat ons baie maal wonder, hoe moet jy by die mens aansluiting vind dat hy besef maar daar is 'n stel waardes, daar is 'n normatiewe raamwerk en hy't nou soort van wegbeweeg van die normatiewe raamwerk wat daar vir ons gestel is en nou moet ons die mens weer kry om binne hierdie raamwerk te leef en dit is daardie vraag wat 'n mens jou baie maal mee kan besig hou. Soos deelnemer C sê, die gaping tussen om nie "cool" te wees nie, of die drukgroep wat gevorm word maar as jy lewe volgens hierdie waardes dan is jy nie meer aanvaarbaar vir die res van die groep nie. Het julle nie ook 'n vraag rondom die 'hoe' nie?**

Deelnemer A : 'Die hoe is moeilik en ek dink 'n mens kan lank praat oor die verskeie invalshoeke en prosesse. Ek sou tog dink dat die eerste beginsel is eintlik empatie. Voor jy kan dink daaraan wat jy wil oordra en wat jy wil bereik, is empatie na my mening die eerste stap. Om werklik begrip te hê vir daardie mens vanuit 'n Christelike perspektief dit leer ons, het die Heer vir ons, maar sonder empatie, sonder om daardie mens aan te raak en om daardie mens te laat ervaar: ek verstaan nie noodwendig nie, maar ek voel en ek is saam met jou daar, ek dink dit is vir my belangrik. Ek sal graag wil hoor wat julle sê, maar dit is na my mening die eerste stap. Die kliënt moet onvoorwaardelike aanvaarding ervaar'.

Deelnemer D: "Ek hoor wat jy sê. Ek sal graag wil sê, dat as daai ou wat hier voor jou sit wat nie vreeslik lekker lyk nie, en hy ervaar ek het nie eintlik baie lus vir hom nie, en as ek nie kan regkry om daai ou te sien soos Christus hierdie gebroke mens sien, nie en dat daar is nie 'n moedswilligheid en nie 'n "vicious"-heid in hierdie ou se situasie is nie, maar dat daar 'n baie gebroke, seer mens daarbinne sit en as ek kan uitreik en daai ou se binnekant kan aanraak met onvoorwaardelike liefde en aanvaarding, voel dit altyd vir my dis my eerste hoek wat ek sal by inval, en uit daai onvoorwaardelike liefde en daai aanklank wat die een binnekant met die ander binnekant kry, kom die ander goed vir my vanself".

Deelnemer A: "Mens moet baie versigtig wees om nie verwerping te gee deur dit wat jy aanbied nie. Dit is eintlik 'n baie belangrike fase waar jy 'n geleentheid het dat 'n mens homself kan uitdruk, kan meedeel en bekendstel en dit is 'n proses waarby jy nie net moet gaan indons nie, met 'n direkte benadering nie, anders gaan jy die geleentheid verloor. So empatie, begrip, tyd en ek dink 'n proses waar daar 'n verhouding gestig word met al die elemente wat jy daar het. Ek sien dit amper dat die terapeut moet akkommoderend nie

goedkeurend, of afkeurend nie, maar akkommoderend en begrypend staan, voordat insette of invalshoeke gegee word”.

Deelnemer D: “Die onwrikbare geloof van die goedheid binne in ‘n mens, niemand wil ‘n buite eglike verhouding “viciously” hê nie, of niemand wil op “drugs” wees vanself nie, of niemand wil sy vrou aanrand nie, en dit help vir my om te weet dat daar ‘n onvoorwaardelike goedheid binne in daai mens ingebou is deur Christus. Die gedrag wat hy wys is nie omdat hy dit wil doen nie, dit is die gevolg van ‘n klomp goeters wat verkeerd gegaan het en nie ingebou is nie, of buite hom verkeerd gegaan het. Elke keer as ‘n kliënt voor my sit, moet ek weet die mens wil eintlik die regte en die goeie doen, maar dat hy dikwels nie as gevolg van ‘n klomp omstandighede, in staat is om dit te doen nie”.

**Kom ons sê dan ons Christelike waardes, soos wat ons dit vertolk, speel onlosmakend in terapie ‘n rol wanneer ons na mense kyk deur die liefde van Christus. Die kliënt kry nie ‘n gevoel van veroordeling of verwerping nie, maar ons skep ‘n terapeutiese verhouding binne die raamwerk van Christus se liefde, en dit bring dan warmte en dat die mens dan daarop sal reageer, en as mens dan ook dink aan die gedagte van, dat diep binne in hierdie mens is die behoefte om sy verhouding weer reg te maak met Christus, en as mens dit vanuit hierdie vertrekpunt benader en dit doelbewus sou kommunikeer, dan het mens mos, ‘n ander eindresultaat in gedagte as wat mens suiwer net sou fokus op die hier en nou op wat die kliënt kom aanbied.**

Deelnemer B: “Ek wil amper sê, toe ons begin het as maatskaplike werkers, was dit nogal, jy mag nie Godsdien inbring nie, ek meen dit is soos ons geleer gewees het, en ek dink daardie dae is verby, jy sal nooit Godsdien op ‘n kliënt afdruk nie. Maar ek dink wanneer jy deur al jou stadiums van aanvaarding en empatie gaan, en jy begin werk volgens jou model, dink ek dis net reg teenoor die klient, waar dit nie vroeër so was nie. Om vir hom die holistiese te gee, kan jy nie net fokus op die probleem en sy omstandighede nie, hy het ‘n geestelike sy ook en waar staan hy in die geestelike sy. Jy hoef nie noodwendig te probeer om hom tot bekering te bring nie, maar om die goed vir hom in perspektief te sit, om hom aan die dink te sit en te laat besef, ek is ‘n totale mens en daarom is die geestelike ook daar. Maar ek dink dit is voorheen nooit aangespreek nie, en is baie verloor in die proses. As ek ook nou dink aan Marijeng se huweliksmodel, waar sy stap vir stap gaan, en waar sy praat van kamers wat jy deurgaen en dan kom jy ook by jou geestelike kamer en watter invloed dit op jou totale lewe het, dink ek dis waar ‘n ou, as ek aan terapie dink, jou perspektief anders is, as jare terug.

Ek dink dat die tyd en die samelewing is op so 'n punt dat dit tyd is dat die geestelike ingebring moet word want dit is die realiteit: jy is 'n totaliteit”.

Deelnemer A: “Realiteit is ook, daar is hoop en daar is sin en dit is wat die mens voor jou nie het nie en nie ervaar nie. Die realiteit is ook daar is 'n antwoord, en as Christen berader is dit wat inherent aan elke mens behoort gestel te word: wie is ek en hoekom is ek hier, en waarnatoe gaan ek, en, en, en ..... Daar is 'n besef en 'n wete, want dit is waaroor dit gaan en wat jy aan die mens wil oorbring want dit is sy nood, maar dit is net belangrik dat mens ook die mens moet kans gee om homself aan jou te openbaar en om hom aan jou aan te bied, want jy kan nie, jy sit met 'n gevolg, met 'n resultaat, hoekom is hy hier vandag. Dit kom oor maande, dit kom oor jare, dit kom oor 'n lewe, mens kan nie net instap en sê, nee ons skuif nou oor na 'n ander baan toe nie, jy moet ook deurwerk ongedaan maak, voordat jy kan rangeer, en eintlik die antwoord te kry, deels hier in myself met die leiding van 'n terapeut en ook insigte wat uit myself uitkom wat dan gefundeer is op vaste en basiese beginsels, en norme wat daardie mense voorheen nie gehad het nie”.

Deelnemer B: “Ons het ook geleer, jy bring nooit jou eie opinie in nie, ek het nie 'n probleem daarmee nie, aan die einde van die dag is dit ons elkeen se behoefte en betekenis om waarde en om geluk te ervaar. As daar 'n antwoord is, dan dwing ek nie my siening op jou af nie, ek bevredig jou behoefte en ek help dat jy 'n dieper betekenis kry”.

Deelnemer C: “'n Christelike raamwerk wat al hierdie vrae antwoord, van wie is ek en dan waarheen is ek oppad. Dit is ook die teorie of die invalshoek waaruit ons gestudeer het. Juis dit het vir ons geleer dat jy as terapeut nie kan loskom van dit wat jy glo nie. As jy 'n Christen is dan dra jy dit in jou terapie ook oor, maar nou sluit ek by jou aan, jy moet jou losmaak in jou terapeutiese situasie en geen Godsdiens bybring nie, maar jy kan nie anders as om hierdie religieuse vrae by te bring in jou terapie nie, want dis tog waarheen jy met 'n persoon op pad is: om hom te laat ontdek wie is hy, waar kom hy vandaan, en waar is hy nou en waarheen gaan hy in die toekoms. Vanuit 'n Christelike benadering is baie klem daarop gelê maar die praktyk maak dit moeilik om dit te integreer. Ek dink miskien kan ek met eerlikheid sê, daar is nie altyd metodes waarvan jy kan gebruik maak om jou te help om juis dit waarin jy glo, as terapeut te kan oordra nie”.

Deelnemer C: “Wanneer jy met individuele terapie besig is, het jy dalk die geleentheid om dit te kan doen, maar as jy groepterapie doen, dan is dit moeilik want jy sit met 'n

verskeidenheid van mense binne een groep. Vanuit 'n Christelike benadering is die pad waarheen jy oppad is, presies dieselfde. Ek dink daar is 'n problematiek met metodiek: "hoe" kom 'n mens uit by dit wat gedoen moet word".

Deelnemer E: "Ek dink dit hang ook af van waar 'n mens werk, watter organisasie mens voor werk. Ek het vir die staat gewerk en hulle sê jy verkondig nie Godsdienste nie, alhoewel jy 'n Christen is en jy sit oorkant hierdie klient. Ek kan dink dit kan anders wees as wat jy vir 'n kerkorganisasie werk, waar die benadering heeltemal anders is, maar die staat is baie klinies".

Deelnemer A: "Dit is dieselfde in die skole, daar mag geen godsdienste vooropgestel word nie, maar my teenargument is: ek het nie 'n probleem met jy mag jouself nie aanbied nie, maar aan die einde van die dag, of die stelling wat ek wil maak is: sit elke mens voor jou met seker vrae en sekere behoeftes, en as jy, kliënt of pasiënt of hoe jy dit wil sien, 'n behoefte het aan Christelike begeleiding, waarom mag ek hom dan nie akkommodeer nie? Dit is sy behoefte, ek dwing myself nie aan hom op nie".

Deelnemer C: "Ek wil by jou aansluit. As 'n mens in terapie dogma sou inbring, dan is dit problematies en persoonlik het ek dit na 'n klompie jare begin agterkom, maar dis eintlik wat ons geleer het in ons studies. Moenie dogma inbring nie, maar daar is religieuse vrae wat tog deel van terapie vorm, en dis vrae soos wie is ek en waarheen is ek oppad. Dit kom in alle godsdienste na vore. Jy kan nie dit ignoreer as 'n terapeut nie. Jy kan dogma maar uitskakel en jy kan die vrae van die lewe antwoord as deel van jou oplossing om 'n heelmaakproses te vorm. Dit is wat ek glo, en as ek dit nie kan doen nie, hoe moet ek 'n terapeut wees want ek doen terapie uit my Christelike verwysingsraamwerk oor hoe ek glo en wat ek glo, anders het ek nie hoop om sukses te bereik nie".

Deelnemer A: "As jou kliënt in jou as terapeut vrede en kalmte waarneem of dat daar 'n sekerheid in jou is, dink julle nie dit sal ook die kliënt prikkel om te vra waarom dit so is nie en as hy daarna vra, kan jy dit sekerlik verduidelik. Maar jy is reg as jy sê dat dogma is verkeerd".

Deelnemer C: "Ek wil net ook iets sê, ek dink dit is die volste reg van 'n terapeut om teenoor sy klient of die mense met wie hy 'n pad stap te kan sê, dit is wat ek glo, as jy nie kans sien dat ek saam met jou die pad stap nie, is dit jou keuse om dan lievers 'n ander terapeut te kies

om saam met jou die pad te stap. Jy kan nooit vir 'n terapeut sê hy mag nie volgens sy Christelike raamwerk leef nie. Dit bly die kliënt se keuse, vind hy aanklank of vind hy baat by die pad wat ek met hom stap. Kinders is so bietjie anders maar ook nie heeltemal nie. Met kinders het jy ook 'n opvoedingsproses wat daarmee gepaard gaan en hulle is ook meer beïnvloedbaar en jy moet versigtig wees. Hoe jy hulle benader om nie uiteindelik 'n kind in sy vormingsjare in 'n blik te probeer druk met terapie, sodat hy kan wees soos jy wil hê hy moet wees nie, maar dat hy kan wees wie hy is en hoe hy geskep is. Jy moet help om die stukkendheid heel te maak”.

### **Nog iemand wat daarvoor iets wil sê?**

Deelnemer D: “Vir my is die tema hoop en daar is nie 'n ander manier waarop jy vir iemand by hoop kan uitbring nie”.

### **Ek dink as 'n mens uit die narratiewe terapie hier sou kan aansluit met die gedagte dat die kliënt die ekspert is van sy eie lewenssituasie omdat hy dit die beste ken, sou ons kan redeneer dat die klient ook die ekspert is van sy geestelike verhaal?**

Deelnemer D: “Ken hy dit regtig die beste?”

Deelnemer A: “Hy ken die realiteit van dit wat sy lewe is of was, hy weet wat gebeur het. Hy verstaan en het miskien nie insig, in die hoekoms en waaroms in die dinamika nie. Maar daardie persoon voor jou kan tog vir jou sê, dit is waarvan ek vandaan kom en dit is wat met my gebeur het, die terapeut kan dinamika daar sien van hoekom en waarom, want aan die einde van die dag, dit is my lewe, dit is my ouers wat geskei is, dit is ek wat in 'n weeshuis grootgeword het, dit is ek wat gemolesteer is, dit is ek wat met niemand oor hierdie goed kan praat nie. Dis ek wat teleurgesteld is, wat pyn ervaar, of so en ek dink ek is heeltemal in ooreenstemming dat die dieper vlakke en die hoekoms en waaroms en die goeters. Dis waarom ons almal studeer het om hopelik 'n klein insiggie daarin te kry. Die realiteit van dit wat hier om my is, is jou kliënt die beste persoon om dit met jou te kan deel, want hy is daar, hy is in sy omstandigheid, hy weet hoe dit voel. Hy weet wat het gebeur. Jy moet dit kan akkommodeer en verder neem met dieper betekenis en dimensies, hy ken sy verhaal die beste. Dit is vir hom sy verhaal. Dit is hoekom hy hier sit, en as terapeut besef jy daar is ander vlakke, daar is ander dimensies, daar is ander dinamika, maar hy is jou kliënt. Ek is net 'n mens, dis my lewe, dis wat ek doen, en dis wat ek ervaar en dis wat ek voel en dis wat my

gebring het tot hiertoe waar ek is en dit is wat maak dat ek kom hulp soek het by jou as kundige om vir my te help”.

“Ek dink ‘n mens kan amper sê dat, ongeag watter spesifieke situasie of spesifieke omstandigheid of spesifieke rede, sit elkeen van ons, elke dag waar mense of ‘n mens voor jou sit, in ‘n doodloopstraat, want as ek nie in ‘n doodloopstraat gestaan het nie, was ek nie hier, en as daar vir my nou nog ander opsies was, dan was ek nie nou hier nie, so ek het die einde van my pad bereik. Ek dink die vraag was net van die navorser se kant af, nou wie is die ekspert oor my pad en ek wil dan graag sê, my kliënt is. Ek kan inkom met verduidelikings en verstaan en hoekom maar hy is die ekspert, en wat van hieraf vorentoe gaan gebeur, daarvoor kan ons gesels. Daar kom my rol as terapeut in, maar nog steeds, die kliënt weet hy is die ou wat sy omstandighede, sy verhaal, die beste ken”.

Ons sal kan dink ons skep ‘n vertrouensverhouding vanuit ons liefde as Christene vir die kliënt, hy voel veilig, hy kom daar as die ekspert met sy verhaal ons moet nou verder dink: maar hoe sal ons hom kry om hierdie verhaal met ons te deel, dan die bo verhaal, maar kom ons sê dan nou maar die Christelike onder verhaal wat die moeiliker deel is om te vertel, baie maal miskien uit skaamheid of miskien omdat jy ‘n skuldgevoel het teenoor die Here, bring jy dit nie so maklik na die tafel toe nie, en ‘n mens moet eintlik by die punt kom dat jy hierdie twee verhale saam vertel om te sien watter invloed het die een op die ander in die werklike lewe, want dit is in der waarheid nie twee verhale nie, dit moet dieselfde verhaal wees. Hoe sal ons daarvoor redeneer?

Deelnemer A: “Soms vind ek dat daardie verhaal sommer vinnig op die tafel geplaas word: ek is baie kwaad want die Here het dit aan my gedoen, die Here is nie meer lief vir my nie. Dit is eintlik die Here se skuld dat my kind of my man dood is of watter ramp my ookal getref het. Dit is ‘n baie skewe verhouding met die Here en daardie verhouding word soms vreeslik vinnig op dit tafel gesit as die sondebok dis nou die rede, dis hoekom ek hier sit. Merendeels is dit iets wat nie so maklik gebeur nie. Skuldgevoelens, skaamte, onvermoëns, vrees, ek weet nie eintlik wat die rede is nie, want wat gaan jy nou vir my sê as ek vir jou sê hoe ek geestelik voel”.

Deelnemer A het nou ‘n paar baie groot goed gesê, as hy praat van skuldgevoelens en ek is kwaad vir God en ek hou Hom verantwoordelik vir wat met my gebeur het, dink julle ons as

maatskaplike werkers het voldoende opleiding om op 'n geeslike vlak hierdie aspekte met 'n kliënt deur te gaan, dit is die een kant en aan die ander kant het ons spesiale opleiding nodig om dit te kan hanteer?

Deelnemer B: “Kyk, ek wil nou dadelik vir jou sê, nee ons het nie die nodige opleiding daarvoor nie. By opleidingsinstansie B waar ek gestudeer het, word dit nie aangeraak in jou studies nie, dit hang absoluut af van jou eie geestelike sy en situasie, van waar jy is, hoe belangrik is dit vir jou, hoe beleef jy dit en hoe jy dit kan uitleef. Ek dink ook nie ons is ten volle toegerus in die maatskaplike beroep om dit te kan doen nie. Ek dink nie dit ontbreek aan die wil om dit doen nie, maar die “hoe” ontbreek.

Deelnemer C: “Ons het nou baie gepraat oor die “hoe”. Hoe bring jy dit wat jy glo(en as jy met iemand 'n pad saamstap wat jy weet, as jy na die skeppingsverhaal gaan kyk, dat dit die uiteinde is waar jy heengaan) hoe bring jy dit na vore? Ek dink dit is waar die gebrek in ons toerusting as maatskaplike werkers dalk lê: ons moet meer toegerus word om dit te kan doen. Omstandighede en situasies het ook verander. Ek dink terug aan die tyd toe ons studeer het. Waar ons nou in die praktyk staan, het ons ook in die praktyk, goed bygeleer. Maar jy kom telkens terug na die posisie toe, dat jy vra, is daar nie iewers 'n metodiek waarmee jy hierdie saak op 'n beter of meer effektiewe manier kan hanteer nie”.

Deelnemer C: “Ek dink nogal in my wêreld waarin ek leef, is dit nogal die vraag wat op al die maatskaplike werkers se lippe is: help ons net, die nood word al groter. Hierdie verhale wat vertel word kom by 'n punt waar ons nie verder die geestelike blokkasies kan hanteer nie”.

Deelnemer D: “Ek sit nou en dink: gaan julle van die veronderstelling af uit dat almal 'n geestelike storie het, en dat ons by almal se geestelike storie moet uitkom, maar nie almal het 'n geestelike storie nie, so ons het nie vir almal die metodiek nodig om by die geestelike storie uit te kom nie? Vir party mense is daar geen God in hulle lewe, vandat hulle klein is nie, maar as jy kyk na die skeppingsverhaal, weet ek dat elke mens 'n geskape mens is uit God se storie maar daai ou het geen bewustheid dat hy eintlik 'n geestelike storie het nie. So ek sit nogal met die vraag om te sê, het ons 'n metodiek nodig om hierdie ou bewus te maak jy het eintlik 'n geestelike storie al weet hy dit nie of is dit om die metodiek te gebruik om die ou te help wat wel 'n geestelike storie het. Ek het 'n spiritualiteit waarbinne ek opgevoed is en gelei is en groot geword het en moet ek nou hierdie metodiek gebruik om daai ou te help

om dit te ontdek of is my benadering anders as ek werk met 'n totale ongelowige wat uit 'n huis kom waar hy die Here nooit geken het nie, daarom het hy geen skuldgevoelens oor 'n buite egtelike verhouding nie of vir hom is dit nie sonde om VIGS te hê nie, want hy weet nie dat die Here dalk sy lewe anders wou hê nie”.

Deelnemer D, dit is 'n skitterende saak, kom ons gesels 'n bietjie daaroor.

Deelnemer C : ‘As ek in kort net 'n opmerking van my kant af kan maak, ons woord keuse is ook belangrik geestelike verhale, en dis nou wat ek hoor wat Deelnemer A ook vra, elke mens het 'n geloofsvraag, kom ek sê wat ek daardeur verstaan, daar is geen mens wat nie leef wat hy glo nie, want jy kan nie leef as jy nie iets glo nie, maak nie saak in wat nie. Dis irrelevant in wat jy glo, vir ons vanuit 'n Christelike perspektief, as ons na die skeppingsverhaal kyk, dan is dit wat ons glo en dit is wat ons graag wil hê iemand anders moet ontdek in hierdie groot skeppingsverhaal van 'n Skepper God wat geskep het en wat met die mens en Sy skepping êrens heen oppad is, en wat jy ookal glo, jou verhaal pas êrens hier in want jy glo en jy leef vir wat jy glo, uit jou geloof maak nie saak wat dit is nie. Ek sou graag wou by iets kon uitkom en meer metodes wou hê om vir ons te help as terapeute om juis die mens te help om sy verhaal wat hy glo uit te leef en te ontdek binne die groter verhaal van God vir die mens. Ek weet nie mooi of jy hoor wat ek sê nie. Elke mens glo iets, want jy kan nie leef as jy nie iets glo nie”.

Deelnemer A: “Ek dink daar is 'n tweede ding wat ek by wil aansluit benewens die glo. Almal van ons wat kindertjies groot gemaak het weet van die frustrasie oor hoekoms, hoekoms, hoekoms .....dat jy die mure wil uitklim, en daardie vrae is daar van dag een af in die mens, dit is die besef dat daar is meer as wat ek sien. Ons kan uit ons vakgebied praat van identiteit en outoriteit om dit in baie mooi Afrikaans te sit, maar daar is 'n besef in elke mens tensy daar 'n gestremdheid is met respek gesê, wat dit is weet ek nou nie, maar ek soek maar daarna. Julle kinders, ons kinders, almal het gevra hoekom en deur die geskiedenis van die mens van die vroegste tye af het die filosowe gaan sit en geredeneer en antwoorde gesoek, so ek wil graag aansluit by wat Deelnemer C daar sê, daar is 'n wete om elke mens of ek dit bêre, of ontken, of nie wil glo nie, of dit onderdruk, mag seer sekerlik so wees, maar 'n wete is daar dat daar is meer as ek en my lewe. Dit is wat ek bedoel by 'n geestelike storie - iets van 'n religieuse of spirituele storie. Dit is nie dogma wat 'n ou hier inbring om te sê goed

‘n Godsbegrip noodwendig nie, maar ‘n besef van iets meer. Dit is wat ek besef, is die geestelike storie.

Deelnemer B: “Ja, as ek ook iets kan byvoeg, ek het nou so ‘n geval waar die vrou sê, maar die Bybel sê jy mag nie ‘n buite-egtelike verhouding hê nie, en die man sê ek lees nie die Bybel so nie. Wat maak jy in so ‘n geval want ons het dit nie in ‘n reël aangespreek nie?”.

Deelnemer A: “Nou vra ek eerstens hoe oud is hulle, want êrens het hierdie twee mense bymekaar uitgekom en êrens het hierdie twee mense besluit ons gaan die res van ons lewe nou saam leef. Êrens was daar ‘n aanvaarding vir mekaar en ‘n liefde vir mekaar, al het mev X nou verlede week die Bybel begin studeer of in die verlede, dit is nou vir Mnr X ‘n groot probleem want hy het geen aanvoeling meer nie of is Mev X al van lankal af besig met die Bybel en waar was Mnr toe?”.

Deelnemer B: “Ja nee, dit is, maar as hy nou vir jou sê, nee, hulle het eintlik maar Godsdienste gespeel tot die krisis gekom het en sy het saam met hom gespeel, en toe het sy nou teruggetrek en sy het nou haar geestelike drade opgetel en haar hoop daar gekry binne hierdie krisis, hy speel hom nog steeds. So my vraag as terapeut is nou, want dis waarna ons terugkom na ons samelewing se waardes en norme wat nie meer in plek is nie. So wat is die norme en waarde waarteen jy hom gaan speel om te sê, dit wat jy doen is verkeerd, want dis ons geestelike waarde wat sê, dit wat jy doen is verkeerd. By die werk, werk hy in ‘n ‘n ryk sekulêre wêreld wat sê dis okay, dis reg so, doen wat jy wil en so raak dit al moeiliker om jou Christelike waardes uit te leef”.

Deelnemer A: “Die feit dat jou vrou pyn ervaar, die feit dat jou vrou hartseer is, die feit dat jou vrou ongelukkig is, die feit dat jou vrou vervreemd voel van jou, hoe laat dit jou voel, voel hy sy is selfsugtig of wat?”.

Deelnemer D: “Maar die probleem is nie die buite-egtelike verhouding nie en dan wil ons dit regstel met Godsdienstige beginsels. Die probleem lê eerder daarin, wat het aanleiding gegee tot die buite-egtelike verhouding en dit is vir my waar die geestelike verhaal baie sterk moet in kom. Ek dink dit is wat ons vroeër geleer het: om op die normatiewe beginsels te konsentreer en dan kyk ons met ‘n kritiese houding na die mens. Teenoor ‘n gesindheid van vertel vir my wat is jou behoefte en kom ons kyk of ons nie daardie behoeftes kan

beantwoord nie. Wat was jou emosionele verwagtings in hierdie verhouding? Dan gaan ‘n mens terug en dink wat is jou emosionele verwagtings van die mens in sy geheel en dan uiteindelik kan ‘n mens dalk by die punt uitkom: ek voel so verlate en so alleen diep binne-in my terwyl dit wat jy nodig het binne-in jou is, naamlik God. Vir my kom daai antwoord eers baie verder, en dit gaan nie vir my oor die waarde en norme op die einde nie”.

Deelnemer B: “So jy gaan eers in diepte daarop terugwerk en dan kom jy op die ou einde weer daarby uit”.

Deelnemer D: “Ja, as my vrou vir my wil voorsê wat in die Bybel staan, dan sal ek nog meer rebelleer, want dan sê dit vir my sy verstaan nog minder wat my behoefte is, so wat neuk sy nou met die Bybel hier rond”.

**Vroeg vanoggend het ek in die tuin ‘n varkooer en ‘n blaar gaan pluk en as ‘n mens die varkooer sou oopmaak dan sien ‘n mens binne in hom is daar sulke slotjies waardeur die water of vog van onder af gevoer word sodat hy kan lewe. Ek wil dit vergelyk met die werking van die Heilige Gees in ons lewe. Vir ons as Christene wat in ‘n lewendige verhouding met God staan, is daar ‘n vloei van krag in ons lewe en as ons afgesny word van God, word ons geestelike verhaal daardeur beïnvloed. Vanoggend het ek toevallig in my stiltetyd gelees die Here maak die skepping maar dis die Woord wat Hy vir ons gegee het wat ons in die skepping laat lewe. Moontlik het ons terapeute die funksie van ‘n instaatsteller in aansluiting by die werk van die Heilige Gees. Hoe voel ons oor so ‘n gedagte dat ons eindelijk half net ‘n instaatsteller is op die pad van die verhaal?**

Deelnemer B: “Dit glo ek met my hele hart. Daar is nie ‘n manier wat ek kan terapie doen as ek dit nie in afhanklikheid van die Here doen nie. Om met mense ‘n gesprek te hê of dit die eerste keer of die tiende keer is wat hulle voor my sit, ek moet ‘n geestelike aanvoeling hê, al het ek al die professionele vaardighede, kan ek sonder ‘n geestelike bewustheid nie in die mens voor my iets kry wat aanklank vind waardeur ‘n mens kan verder beweeg as ek nie geestelik met hom bind nie. So in my eie terapeutiese situasies is ek ongelooflik afhanklik van die Gees van die Here wat my sal lei en sensitief maak en wat die krag gee, want as ons kyk wat is die Heilige Gees, is dit eintlik alles wat God het, wat binne-in my is. Dit gee my terselfdertyd ‘n ongelooflike gevoel, ek is okay eintlik met hierdie verantwoordelikheid want ek sit nie net met my eie vermoëns en met my eie krag daar nie, as hierdie dikbek kliënte

voor my sit en hulle wil nie praat nie en hulle mompel so deurmekaar, en jy weet jy moet uittrek na hierdie mense, bid ek dat hulle sal begin oopmaak, en weet ek daar is nie 'n manier wat ek dit kan doen as die Gees van God nie deur my werk nie, maar dis omdat ek uit 'n gelowige perspektief daarna kyk”.

Deelnemer B: “Ek stem 100% daarmee saam, en dit vind aansluiting by wat ek vroeër gesê het: die terapie waarby ek betrokke is of wat ek beskikbaar stel aan iemand anders is vanuit daardie geloofsperspektief, anders gaan ek dit nie maak nie. Want as ek nie weet wie ek is as terapeut nie en waar my krag lê nie of waarheen ek oppad is nie, gaan ek dit nie in my terapeutiese situasie maak nie. Dis wat ek glo, dit is waar 'n Christen terapeut se sterkte lê. As 'n mens rustig is en vrede ervaar en weet waar dit vandaan kom al word dit nie in dieselfde woorde aan die mense wat voor jou sit oorgedra nie, moet jy uiteindelik by die geestelike verhaal kan uitkom want anders het jy nie gedoen wat jy veronderstel was om te doen nie”.

Deelnemer D: “Baie keer gebeur dit dat daar mense voor jou sit en as jy na hulle storie luister wonder jy wat is die invalshoek van hierdie spesifieke storie. Dis dan wat ek bewus is van daardie sensitiewe luister binne-in my vir leiding van die Heilige Gees. Ons het 'n klomp tegniese vaardighede aangeleer wat baie keer glad nie aanklank vind by wat besig is om te gebeur nie”.

Deelnemer D: “Dit het al gebeur dat ek tydens 'n terapeutiese sessie begin wonder wat se stukkie hoop kan ek vir my kliënt gee as hy vandag hier uitloop sodat hy net kan ervaar en voel iewers gaan hier darem iets aan. Ek gebruik dikwels Russiese poppies wat in mekaar pas en vra dan dat my kliënte dit uitmekaar moet haal en vir my na aanleiding daarvan hul verhale moet vertel. Sê vir my wie is jy, en as daai ou met daardie kleinste poppie begin dan kan jy begin om te sê wie is daardie mens, en as hy begin om sy storie te vertel maar hy sit die poppie eenkant omdat die storie te pynlik is, kan ek nie anders as om te sê, ek is ongelooflik afhanklik van wat sê die Here hier binne in my, want dis Sy skepping wat hier voor my sit”.

Deelnemer B: “Die kinders waarby ons betrokke is op hierdie stadium, vertrou glad nie grootmense nie. So om die verhaal te laat ontvou is nog moeiliker en dis eintlik miskien omdat ek uit my eie ervaringsveld praat. Jy het tyd nodig om saam met 'n kind 'n pad te stap

want hy wil nie met jou praat nie want hy vertrou jou nie. Jy moet saam met hom goed doen sodat hy uiteindelik kan leer om sy verhaal vir jou te kan vertel. So in die wêreld waarbinne ons huidiglik beweeg is dit moeilik om toegang tot 'n kind te kry. Maar ons ervaar nou aan die ander kant baie van hulle sit sommer hulle verhaal vir almal op die tafel. Daar is geen grense nie. Die gedeelte waar hulle hulself moet beskerm bestaan net nie meer nie. Ons ervaring is ook dat jy met verskillende kultuurgroepe verskillende prosesse moet handhaaf, wat dit moeilik maak om 'n kind te bring om 'n verhaal vir jou te vertel sodat jy kan verstaan wat hy vir jou vertel. Dan kry jy dit ook dat die kind die verhaal op die tafel gooi en sê maak julle met dit wat julle wil, ek distansieer my van die verhaal, ek gee hom vir julle, dit is nie my verantwoordelikheid nie”.

Deelnemer A: “Dit raak baie moeilik. Ek het gewonder of jy iets gaan sê oor stilte, wat 'n baie moeilike begrip is in 'n terapeutiese verhouding. Stilte is 'n aspek wat 'n mens baie, baie selfbewus kan maak. Jy voel ongemaklik. Jy voel en jy weet hier moet nou iets gebeur. Maar aan die anderkant is stilte 'n baie wonderlike tegniek. Na aanleiding wat van jy nou gesê het oor die poppies, kom dit nou maar by my op. Ek wil graag 'n klip in die bos gooi: gestruktureerde stilte kan baie waardevol wees veral met jou jonger kind. Kom ons dink, kom ons raak stil, ons gaan nie nou bid nie, ons raak net stil. Dit is vir my baie keer verbasend hoe 'n aanvaardende, koesterende en geborge stilte jou kan verlos van allerlei malende gedagtes.

Deelnemer D: “Kan ek net iets daarvoor sê: as daar stilte heers voel dit in my maatskaplike hart, ek wil daai ou “rescue”. Dit voel vir my ek wil hierdie ongemak van hom “rescue” en dan speel ek nie my rol nie. Dit is vir my 'n moeilike ding om te leer om stilte te kan gebruik.

Deelnemer A: “Jy hoef nie hier 'n “rescue” rol te speel nie. Stilte het ongelooflike waarde. Stilte bring beweging waar ons dit nie verwag het nie”.

Deelnemer D: “Ja, dit is waar. Baie waar”.

**In aansluiting by Deelnemer D blyk dit dat as ons glo dat die Gees ons lei wanneer ons met kliënte werk, net so werk die Gees ook in daardie kliënt. Ons is daarvan bewus en die kliënt waarskynlik nie en daarom is dit belangrik om in gebed en in geloof te werk sodat wanneer die kliënt bewus raak van die werking van die Gees, ons met hom**

**daaroor in gesprek kan tree en dit is waar stilte ook vir my aansluiting vind sodat hierdie kliënt weer in voeling kom met sy binnekant en dit dink ek is amper vir ons die uitdaging.**

Deelnemer A: “Ek wil regtig vir jou sê, ‘n mens kan oor hierdie konsep baie meer gesels en dis ook waar as jy daaraan dink hoe het ons almal in die wêreld gekom deur ‘n tydperk van groot stilte. ‘n Mens is deesdae te besig. Ons moet tyd maak om stil te raak met onself. Ons het dit nodig, ons moet afskakel”.

Deelnemer C: “Ek stem met jou saam: dit is ‘n wonderlike tegniek”.

**Kom ons sê dan, dit waaroor ons nou gesels het, was sessie een, sal die medemoderator Deelnemer E dit asseblief vir ons saamvat.**

“Dit het gehandel oor watter rol Christelike waardes in ons terapie speel en watter eindresultaat ons in gedagte het, en hoe ons dit aan ons kliënte oordra as hulle na ons toe kom. ‘n Mens het die persepsie dat ons kliënte nie ‘n agtergrond of verhouding of waardestelsel het nie. Ek wil eintlik sê, as ek nou sommer so vinnig kan sê by wat uitgekom is: ‘n mens sit met jou eie waardestelsel maar ons het in maatskaplike werk geleer jy begin by jou kliënte en deur dit te doen, neem jy hom saam met jou op die pad, sodat daar nie twee verhale is nie, maar een verhaal waarmee jy na ‘n eindpunt toe beweeg. Ek dink dis ‘n dilemma waarin ‘n mens sit en om te bepaal uit watter invalshoek benader jy nou die kliënt wat voor jou sit, en as ‘n mens nie werklik luister wat die Heilige Gees sê nie, dan gaan dit die situasie kompliseer.

“Iets wat vir my baie belangrik is en wat ons nou laaste oor gesels het is die waarde van stilte. Ek weet dit laat mens partykeer ongemaklik voel, maar is dit nie eintlik wanneer die Heilige Gees praat met ons nie en as jy as terapeut of maatskaplike werker jou interne ore oophou, dan is ek seker gaan jy optree soos wat die Gees in jou werk en gaan Hy deur jou in die kliënt werk”.

**Wil iemand nog iets byvoeg? Goed, dan is dit die einde van sessie een. Kom ons drink bietjie tee of hou bietjie “stiltetyd” voordat ons verder gaan met sessie twee.**

## **Fokusgroeponderhoud No 2.**

**Op ‘n humoristiese noot, noudat ons ‘n stiltetyd gehad het kan ons nou weer aangaan met die bespreking. Die tweede deel van die bespreking wil ek graag hê, moet ons bietjie kyk na hoe ons narratiewe terapie, en veral narratiewe terapie binne ‘n Bybelse perspektief, sou kon gebruik om aansluiting te vind by die geestelike behoefte van die mens in nood, wat voor ons kom sit. Ek het gedink dat ons vir die doel óf van ‘n gevallestudie gebruik kan maak óf dat ons met mekaar verskillende verhale van verskillende kliënte kan deel. ‘n Manier waar-volgens ek dikwels werk as ek vir kliënte vra om vir my hul stories te vertel is, om vir die kliënt te vra om vir hom ‘n skulp te kies en dan assosiasies te maak na aanleiding van die voorkoms van die skulp en sy verhaal op die manier met my te deel. Kom ons maak ook gebruik van hierdie benadering. Hier sien julle ‘n bak met stukkende skulpe en twee bakke met heel skulpe, want mense het ook heel verhale. Kies vir jul elkeen ‘n skulp en dan dink julle watter kliënt se verhaal sal daarmee saam gaan, en dan deel ons die verhale met mekaar. Neem so ‘n tydjie vir voorbereiding en dan gaan ons voort.**

**Wie wil eerste vir ons sy storie vertel?**

Deelnemer D: ‘Ek het ‘n baie spesiale storie’.

**Ons luister graag na jou storie.**

“Moet ek hom ‘n naam gee? kom ek sê hy is Dawid en hy is 21, en hy moes alleen vlieg in die lewe met sy twee vlerkies. Hy het die eerste keer by my gekom want daar was ‘n ongelooflike ‘sadness’ in hom. Hy is ‘n eerste jaar student, en sy pa en ma is geskei toe hy ‘n klein seuntjie was, en sy pa het ‘n baie sterk rol in sy lewe gespeel, sy ma was ‘n alkoholis, maar sy was ook ‘n advokaat, en sy pa was ‘n Jood, en ek het verskriklik lief vir hom geword. Ek dink ek het dalk so bietjie die grens oorspeel, maar ek voel altyd dis ook oraait, omdat hy vir my so spesiaal was. Hierdie jong ou, wat alleen moes vlieg, het my vreeslik aangespreek en ek dink ons het onmiddellike ‘n konoktasie gehad, want wat hy eintlik gesoek het, was iemand wat net vir hom kon sê jy mag maar moedeloos word en jy mag maar val, maar binne in jou is daar ‘n ongelooflike mens wat uiteindelik sal kan leer om regtig te vlieg. Sy pa het teruggekeer Israel toe. Hy was regtig alleen en daar was niemand wat na hom gekyk het, asook na sy emosionele behoeftes omgesien het nie. Wat hy eintlik gesoek het was ‘n tipe

mentor wat vir hom kon sê, weet jy wat, wat jy doen is ongelooflik en kyk wat kry jy reg. Iemand wat eintlik sy pa se rol kon speel. Sy pa het altyd met hom hierdie rol gespeel, hy het met sy pa gepraat en by sy pa gesit, en dan het hy sy mentor insette gegee. Nou is hy so ongelooflik alleen. Vir my was die enigste ding om te doen om hom te laat voel hy is “ok” met sy binnekant want ek kan nie altyd daar wees nie, en sy pa kan nie altyd daar wees nie, en sy ma is in London en sy is ‘n alkoholis, en sy sal nie omsien na sy behoeftes nie, en dan kom hy na my toe. In die begin was hy ongelooflik depressief. So aan die begin het ek vir hom ‘n gevoel gegee, jy is nie heeltemal alleen nie, hier is iemand. Ek sal luister na jou, en hy het net elke keer sy lewensverhaal vertel en ek het saam met hom deur ‘n rouproses gegaan oor die verliese wat hy gehad het. Ek het in die begin net vir hom gesê, wat jy voel en hoe jy voel is oraait, want kyk wat het jy alles verloor. Om op die ou einde ook te kon sê wat het jy, dit is wat jy verloor het, maar wat het jy om mee aan te gaan in die lewe en wie dink jy het vir jou die vermoë gegee om te kan aangaan? Dan gaan hy terug en dan kom hy weer en dan sê hy, ek het weer heeltemal opgeneuk, alles is verkeerd, want hy het by ‘n meisie geslaap nadat hy gedrink het. So het hy elke keer versterking buite homself gesoek. Later het hy beseef dat hy op sy eie kan regkom want ‘n ongelooflike liefdevolle Hemelse Vader kyk na hom sonder kritiese oë. Hy sien hoe swaar hy kry, en hoe swaar hy vlieg en hoe moeilik dit vir hom is, maar Hy gee daardie versterking al maak jy droog.

Toe op ‘n dag het hy vir my kom sê ek is nou klaar met jou want ek het geleer wat is binne-in my, ek kan nou alleen “cope” in die lewe. Dit was vir my so wonderlik dat hierdie kind kon sê, al het ek niemand anders nie, het ek die liefdevolle God wat na my kyk. Al het hy eintlik as ‘n Jood grootgeword, het hy Christus in sy lewe aanvaar en die Gees van God in hom. My skulpie lyk soos vlerkies – hy kan nou self vlieg.

**Dankie. Dat jy dit met ons gedeel het.**

Deelnemer B se verhaal: ‘Ja, ek het nogal ‘n verhaal en dan kan ek hom afspeel teenoor ‘n ander verhaal om die teendeel te kan bewys, wat nie ‘n vreeslike probleem was nie, maar dit was maar ‘n geval van kom ons sê, dis ‘n man wat, as gevolg van werk baie afwesig was vir die grootste deel van hulle huweliksjaar daar was ‘n goeie verhouding, maar die man was as gevolg van werksdruk baie afwesig, hy was net nie daar nie. So die huwelik het gegaan tot op ‘n punt en toe dit verander en alles normaliseer, moes alles reg wees, maar toe sit die vrou met baie verliese. Hulle het baie ingeboet, hulle kon eintlik nooit veel herinnerings bou nie. Wat interessant was, nadat deur die hele terapieessie gewerk is om te sê, eintlik

was hy nie verantwoordelik vir jou behoeftes nie en jy is daar om na sekere goed self te kyk, wat dan nog bly haper, was die bitterheid en kwaad wat ons nie deur die terapieessie kon uitkry nie totdat ons, met haar toestemming, deur 'n vergewingsproses gegaan het, waar sy vir God vergifnes vra en dat sy haar man en haarself vergewe vir wat sy voel sy gemis het en verloor het en toe die proses klaar is, toe is die bitterheid verby. Selfs toe kon sy en haar man terugkyk en sê ja, dit was baie “bad,” dit was baie sleg, dit het ons verloor, maar die basis was toe weer gelyk. Hulle kon groei en hulle kon werk. Dit teenoor die verskil van 'n ander egpaar waarmee gewerk is. Ek het nie met die mense gewerk nie, maar wat ek weet is dat die vrou “baggage” gehad het, en sy was by 3 of 4 verskillende terapeute. Sy wil nie meer na 'n terapeut toe gaan nie, maar sy raak nie ontslae van die bitterheid en kwaad nie. Dis amper vir my 'n simboliek van wat op die ou einde kan gebeur as jy regtig nie kan loskom van jou verlede nie en as jy nie die geestelike bygetrek het nie, en regtig nie deur die vergewingsproses is nie. Sy sit in haar tweede huwelik en die huwelik is ook besig om te vou. Dis so al so of sy nie kan klaarmaak met dit wat agter is nie, en dat nie een terapeut die geestelike vir haar inbring en sê maak dit met God klaar nie. Dit is vir my die verskil in die heelmaakproses waar die geestelike dimensie 'n rol speel”.

**Wat ook vir my interessant is, as ons dink aan narratiewe terapie en die invloed wat die kliënt op die probleem het en die invloed wat die probleem op die kliënt het, kan jy duidelik die twee verskille sien in benadering. Soos in Dawid se storie het jy daarby aangesluit om vir hom erkenning te gee vir wat hy reg doen om daardie gedrag te versterk en dan om hom te laat nadink oor die invloed van die probleem op hom en het jy saam met hom deur die rouproses gegaan tot waar hy self kon vlieg en dat hy sterker is saam met God. Dink jy dat hierdie narratiewe konsep werk?**

Deelnemer D: “Ek dink so. Ons is as mense baie bewus van ons probleme en ons kan vasgevang raak daarin. Dit is ek en dit is my probleem en ek dink wat wonderlik is om te dink, ek is meer as die probleem, en dit gee vir my half daardie perspektief, ek is baie meer as 'n probleemmens, want ek is 'n gelowige”.

Deelnemer A se storie: “Daar is twee dinge wat my skulp my aan herinner omdat beide kante van die skulp oop is. Dit laat my dink en dank die Vader, deur die genade, dat van bo af is daar 'n inwerking van die Gees. Dan ten tweede het ek al my probleme en is die skulp se rante soos mure wat my beskerm. Die mure is maar net 'n bevestiging van die

pyn en al die ongemak wat ek het, so elke keer as ek my deurtjie toesluit dan is daar maar 'n stukkie eie waarde en selfvertroue wat weggaan. So hierdie mure kerker my toenemend in en beskerm my eintlik nie regtig nie. Maar danksy die opening is daar 'n ander oog wat na my kyk en dat die antwoord op die einde van die dag by hierdie oog (van God) lê.

Ons besef nie watter verskriklike mure ons om ons bou nie en hoe geweldig moeilik dit is om deur hierdie mure te kom nie. Die gedagte kom nou by my op. Die kommunikasiekanaal na God is altyd oop en dis waar die wonder daarvan inkom as mens by God se kommunikasie aansluiting vind.

Deelnemer B: "Partykeer word 'n kliënt so geabsorbeer deur wat met hom gebeur, dat hy nie kan sien nie, tot jy weer spreekwoordelik die mure saam met hom oopbreek om hom te laat besef wat die impak daarvan is".

**So amper asof 'n mens sou sê, waar die skulp stukkend is, is dit oop en as dit oop is kan jy daarna kyk, maar as jy dit toehou soos 'n heel skulp, dan kan jy nie kyk daarna nie. Deelnemer D, wat het jy in gedagte? Jy het 'n ander soort skulp as die ander deelnemers gekies.**

Deelnemer D se storie: "Ja, ek het 'n skulp gekies met 'n buitekant wat redelik grof is en met baie punte en as jy dit 'n end van jou af weghou vertoon dit mooi. As jy hom omdraai is dit 'n skulp met klomp letsels aan die binnekant maar ook 'n mooi kant wat gesond is, wat heel is, maar die letsels sit aan die ander kant, en dit laat my aan 'n verhaal dink van 'n jong vrou wat so 10 jaar gelede nog 'n skool dogter was, wat gelyk het soos die skulp aan die buitekant lyk. Haar moeder is oorlede (vermoor) en sy het in ons hande beland om 'n pad met haar saam te stap, en die kind het gelyk soos die skulp van ver af. Sy was mooi en ons het hanteer wat hanteer kon word, maar ons het nie diep genoeg, dink ek, gegrawe nie, om uit te vind wat regtig aangaan nie. Die kind is naweke en vakansies terug na haar stiefpa toe, en elke keer as sy terugkom is daar skerper punte, en ons het nie geweet waarom dit gaan nie, en die kind het nie gepraat nie. Haar verhaal was nie vertel nie, en nou onlangs het die jong vrou weer met my kontak gemaak. Ons het gedink alles was goed. Sy het gerebelleer maar uiteindelik het sy haar skanse behou en as jong vrou stap sy weer by my in en vertel haar verhaal vir my klaar. Dan baie keer ontdek jy dat jy as terapeut 'n baie groot aandeel aan 'n terapieessie kan hê, waar jy nie heelmaak nie, maar afbreek. Teruggestuur na stiefpa toe, wat haar

seksueel misbruik het, wat veroorsaak het dat haar hele lewe drasties verander het en dat sy so 'n renons in die mansfiguur gekry het, dat sy in lesbiese verhoudinge betrokke geraak het en uiteindelik het die Here haar in 'n hoek gedruk en haar voorgekeer. Toe sy weer by my instap en vir my kom sê: “Oom ek wil my verhaal vir jou klaar vertel, van die heelmaakproses wat met my gebeur het. Die letsels is daar maar ek wil vir jou kom sê as terapeut, jy het deel aan my letsels maar ek vergewe jou. Dis hoekom ek dit vir jou kan kom vertel vir die eerste keer na soveel jare. Dit is waaraan die skulp my laat dink. Aan 'n verhaal wat ongelooflik is, maar dat daar vrede kon kom ten spyte van die letsels wat daar is”.

### **En mag ons vra, wat het jy daarop geantwoord?**

Deelnemer C: “Niks, want ek moes in stilswye en skaamte sê ons het baie goed misgekyk. Maar die vergifnis was ongelooflik en ek vergewe julle wat na my moes omsien as kind en dit nie gedoen het nie, ek is nie kwaad vir julle nie, maar ek wou vir jou kom sê, en ek het jou vermy vir baie jare, maar nou kom sê ek dit vir jou, want daar het iets in my lewe gebeur wat alles weer nuut gemaak het en my weer hoop gee sodat ek weer kan aangaan”.

Deelnemer B: “So sonder vergifnes kan ons mekaar nie vergewe nie en raak 'n mens nie van die bitterheid ontslae nie”.

Deelnemer C: “ Ja, sy moes eers haar storie klaar kom vertel”.

Deelnemer D: “Soms maak ons terapeute foute maar die Here kom voltooi die proses op Sy eie tyd en manier. So daar is ook hoop vir terapeute”.

Deelnemer D: “Kan ek nog een inset lewer, van 'n jong man wat 'n soortgelyke verhaal gehad het, en by die punt gekom het van vergifnes. Sy eerste reaksie was wat: van my ouers? Hy wou nou terug na hulle toe, en vir hulle sy verhaal van vergifnis gaan vertel. Ek aanvaar dat dit het heeltemal te doen met die narratiewe benadering, van iemand wat sy verhaal vertel en dit wil klaarmaak deur dit nie net vir homself te hou nie, maar wil teruggaan en dit vertel aan die mense met wie hy die verhaal eintlik moes gedeel het”.

**Verlede Saterdag het ek na 'n verhaal geluister wat ook op 'n stadium op televisie was en wat ons almal seker ook met groot angs aangehoor het en dit was die verhaal van**

**Callie en Monique Strydom. Hulle het redelik betrokke geraak by liefdadigheidswerk, en hulle vertel dan vir verskillende gehore hulle verhaal. Monique vertel die verskriklike verhaal van wat hulle daar in die Fillipyne ervaar het en hoe hulle op die ou einde besef het, wat hulle kan laat oorleef in daardie situasie is hulle geloof in God. Eendag het hulle mortiere na hulle gegooi en sy sê toe sy het heeltyd bly glo hulle sal daar uitkom maar daardie dag het haar man vir haar gesê, ons moet hier probeer uitkom en hulle het platgeval en hy het bo-op haar geval. Hy was destyds in die weermag en hy weet hoe om so situasie te hanteer. Weet jy vandag mag ons altwee se einde wees en toe sy met daardie besef gekonfronteer is, toe kon sy onmiddelik met die Here praat en sê dankie vir U genade en as sy moes gaan dan kon sy dit ook in vrede doen. Teenoor die rebelle wat hulle daar rondgejaag het, die heeltyd as hulle na daardie mense gekyk het, het hulle op hulle gesigte vrees gesien, en ek dink dit is iets hiervan wat ons weer moet terugbring in die samelewing. Dis nie net so dat 'n klomp aardse rykdom en goed vir 'n mens sekuriteit gee nie. Jou vreugde is 'n baie dieper vreugde. As jy in balans leef met die verhouding van die Here in jou, om soos deur die bril van Christus na die hele situasie te kyk, dan het ons nog hoop, of eskatologiese hoop. Hoe sal julle daarvoor voel?**

Deelnemer D: “Wat is hoop anders, as jy 'n storie het om te vertel wat sê ons, as ons sê, ons hoop, dit beteken ek het 'n storie, 'n geloofsverhaal om te vertel en wat ek moet bly vertel. Ek het aanmekaar 'n storie wat ek moet bly vertel”.

**Goed, wil iemand nog iets sê oor hierdie gedagtes? Het ons iets vergeet waaraan ons moes dink wat belangrik is vir hierdie onderwerp. So daar is twee dinge wat ons kon uitmaak, die een is hoop en die ander een is dit gaan oor vergifnes en aanvaarding van Christus se heelmakende liefde, maar dan moet ons by die punt kom om te kan vergewe.**

Deelnemer B: “Ja, Christus gee vir 'n mens die genade om te vergewe en heel te maak. Dan leef jy met hoop”.

Deelnemer A: “Hoop is vir my die derde hoofstuk van die verhaal. Die eerste is die verlede, die tweede is die huidige en die derde verhaal is die toekoms wat hoop insluit. Die ideaal is om die derde hoofstuk te gee en te kan terugkyk en te weet die storie gaan aan. Wat verby is, is water onder deur die brug. Nuwe uitdagings lê nou voor”.

Deelnemer B: “Jy loop ‘n pad saam met jou kliënt om by hoop uit te kom. Jy kan dalk vir die kliënt ‘n boek voorskryf om te lees waarin ‘n verhaal van hoop vertel word. Dit kan as motivering dien om te sien dat ander mense in soortgelyke omstandighede met die hulp van Christus kon oorwin. Christene word nie van trauma gevrywaar nie. So ‘n boek bring die besef ek moet hierdeur werk, daar is hoop”.

Deelnemer A: “Of jy kan aan die kliënt vra om letterlik sy verhaal se hoofmomente te skryf en vra maar dat hulle dit struktureer anders kan jy honderde blaaie ontvang. So net die hoofmomente in 5 tot 10 blaaie. Net soos wat stilte ‘n moeilike begrip is, vind ek dat party mense moeilik oor hulself kan skryf. Hulle weet net wat ander oor hulle sê”.

**‘n Mens sou ook uit die narratiewe terapie kon aansluit by die gebruik van verhoorspanne om as ‘n geloofsversterkende groep mekaar in die vind van die nuwe hoop te ondersteun. Hoe voel julle daaroor?**

Deelnemer D: “Ja, ek het so ‘n groep wat ek Saterdag middag hanteer. Ek dink veral aan die verhaal van een vrou vir wie dit baie beteken. Sy is nou so 44 jaar oud. Sy het siek geword en is binne ‘n jaar van kop tot tone verlam. Haar kinders moes ook ernstige operasies kry en haar een seun was in ‘n baie ernstige motorongeluk en haar man het net besluit hy neem ‘n ander vrou. Hy gaan nie vir die res van sy lewe met ‘n verlamde vrou sukkel nie. Al die mense in die groep het sulke hartseer ervarings en al wat hulle doen is om vir mekaar hul verhale te vertel en weer te vertel, soos wat elke week nuwe verhale meebring deel hulle dit mekaar. Hulle sê ook dat hulle nie kan wag vir Saterdag nie om met mekaar hul verhale te deel nie. Dit is al wat hulle in die week staande hou”.

Deelnemer C: “Een manier waarop jy die kind kan help om sy verhaal te skryf is deur fisies dinge saam met hom te doen. Ek persoonlik is nou by ‘n fietsryaktiwiteit betrokke wat ons gebruik as terapie, waar ons kinders wat baie erge trauma belewe het, berokke maak by die fietsry en in die hele proses fokus om goed saam met die kind te doen. Terwyl jy fietsry, gesels jy met die kind en hak so by sy verhaal aan, sodat jy hom kan help om sy verhaal uiteindelik te kan voltooi en vir hom te vertel van Christelike hoop wat vir hom voorlê sodat hy anders kan dink, en hy moet weet dat hy vorentoe kan gaan en dat daar ander maniere is om dinge te kan doen. Ek wil ‘n ander voorbeeld gebruik. Van ‘n seun wat in ‘n

motorongeluk betrokke was, en breinskade opgedoen het, maar nog baie goed funksioneer. Maar partykeer hak sy naald vas, dan moet jy hom eers op 'n ander stasie kry, om hom te laat aangaan. Die enigste manier hoe ons dit kon regkry, as hy aggressief raak, en as jy hom nie van daardie stasie af kry nie, skeep jy iets anders. Selfmoordpogings wat hy aanwend in sy aggressie, 'n praktiese voorbeeld, eendag het ek saam met hom gaan stap en sy rol oorgeneem en gemaak asof ek hy is. Ek doen toe alles wat hy altyd doen en ek maak of ek in die pad voor 'n vragmotor inspring, want ek gaan selfmoord pleeg, maar nou moet ek dit net gou doen, voordat hy dit wil doen. In hierdie aktiwiteit wat jy sy rol oorgeneem het, is jy besig om hierdie kind se verhaal ook vir hom te skrywe om hom af te kry van daardie situasie af, en hom dan te laat onthou daar is ander maniere van doen. Volgende keer weet hyself daar is ander maniere om dinge te doen.

**So kan ons nou samevattend sê, daar is ruimte vir so 'n benadering in maatskaplike werk of sosiale wetenskappe.**

Deelnemer D: "Definitief".

Deelnemer A: "Definitief. Ek dink nie daar is net ruimte daarvoor nie, maar daar is ook 'n groot behoefte daarvoor".

**En 'n narratiewe benadering, dink julle dit is 'n geskikte manier om aansluiting te vind vir die verrekening van die geestelike dimensie?**

Deelnemer A: "Dit is definitief 'n geskikte metode". Die ander deelnemers knik bevestigend.

**Nou ja, nou moet ek vir julle baie dankie sê vir julle tyd, so op 'n Saterdagoggend, ek waardeer dit baie, ek sal vir julle dankie sê deur vir julle die tesis te gee aan die einde. Ek dink ook dat ons 'n gesprek begin het wat ons nie moet eindig nie.**

**Baie dankie**

**BYLAE D**  
**EPOS UITNODIGINGBRIEF AAN DEELNEMERS VAN DIE**  
**FOKUSGROEPONDERHOUDE**

Beste .....

Hiermee word jy vriendelik uitgenooi om deel te neem aan 'n fokusgroeponderhoud vir die doeleindes van kwalitatiewe navorsing oor die onderwerp narratief-pastorale perspektiewe in maatskaplike werk.

Vir die doel van die byeenkoms geld die volgende logistieke reëlings:

Datum van die fokusgroeponderhoud: 4 Oktober

Tyd: 9h00 - 14h00

Plek: Eileenstraat 9, Kilnerpark.

Wees verseker dat u bereidwilligheid tot deelname waardeer word.

Met vriendelike groete

Die Navorser

## TERMINOLOGY

**Despondency or downheartedness** - In low spirits from loss of hope or courage. Become dejected and lose confidence. To give up hope and lose courage.

**Hope** - is the driving force, the underlying dynamic that pulls humans into the future. The essence of the journey is the process of moving towards a more authentic expression of human existence, which involves progression towards transcendence. The final destiny of the journey is participation in the transcendent being of God.

**Eschatological hope** - Hope is rooted in the past because of the mighty acts of God and personal encounters in the transcendent. Hope is empowered from the future from where it receives its vision. Finally, hope is active in the present as it energizes and motivates the human being to live so that God's will be done on earth as it is in heaven.

**Pastoral Theology** - To be pastorally effective, intellectual formation is to be integrated with a spirituality marked by a personal experience of God. In this way a purely abstract approach to knowledge is overcome in favor of that intelligence of heart which knows how "to look beyond," and then is in a position to communicate the mystery of God to the people.

### **Diaconology based Narratives**

Narrative practical theology is, an ongoing hermeneutic process within the immediate storied context of ministry. The intention of the process is the transformation of the human story, both individual and corporate, in ways that open a future story to creative possibilities. By faith this means nesting the individual and corporate human story finally within the biblically grounded narrative of the God who is both transcendent of the human story (God's "otherness") and active within that ongoing story (God's suffering, gracious, redemptive "presence").

**Christian social work** - The depth of the faith of the Christian worker matters as much as professional ability. The Christian who can help others is not usually the one who accepts his faith blindly, but one who has the capacity to look at reality and to face the truth without evasion. The whole of the truth has never been revealed to an individual and each person has

to discover it for himself and in the process gains greater insights as to the needs of others who may be passing along the same road. It is the firm conviction that the Christian interpretation of life represents the truth, however mysterious and imperfectly understood it may be, which counts in helping others, for it offers a security and sense of purpose which can not be found elsewhere.